Ellen G. White Estate

# DIE GROOT STRYD



ELLEN G. WHITE

# Die Groot Stryd

**Ellen G. White**

**1981**

**Copyright © 2014**
**Ellen G. White Estate, Inc.**

# Information about this Book

## Overview

This eBook is provided by the Ellen G. White Estate. It is included in the larger free Online Books collection on the Ellen G. White Estate Web site.

## About the Author

Ellen G. White (1827-1915) is considered the most widely translated American author, her works having been published in more than 160 languages. She wrote more than 100,000 pages on a wide variety of spiritual and practical topics. Guided by the Holy Spirit, she exalted Jesus and pointed to the Scriptures as the basis of one's faith.

## Further Links

A Brief Biography of Ellen G. White
About the Ellen G. White Estate

## End User License Agreement

The viewing, printing or downloading of this book grants you only a limited, nonexclusive and nontransferable license for use solely by you for your own personal use. This license does not permit republication, distribution, assignment, sublicense, sale, preparation of derivative works, or other use. Any unauthorized use of this book terminates the license granted hereby.

## Further Information

For more information about the author, publishers, or how you can support this service, please contact the Ellen G. White Estate at mail@whiteestate.org. We are thankful for your interest and feedback and wish you God's blessing as you read.

# Voorwoord

HIERDIE boek, geagte leser, is nie uitgegee om ons te vertel dat daar sonde, droefheid, en ellende in die wêreld is nie. Ons weet dit maar le goed.

Hierdie boek is nie uitgegee om ons mee te deel dat daar n onversoenlike stryd aan die gang is tussen duistemis en lig, sonde en geregtigheid, goed en kwaad, dood en lewe nie. In die diepste van ons wese weet ons dit, en ons weet dat ons deelnemers, die spelers, in die stryd is.

Maar met tye ontstaan daar ‘n begeerte by elkeen van ons om meer van hierdie groot stryd te weet. Hoe het dit begin? Was dit maar altyd daar? Wat alles is verbonde daaraan? Wat is my verhouding daarteenoor? Wat is my verantwoordelikheid? Ek is in hierdie wêreld sonder my eie keuse; beteken dit vir my goed of kwaad?

Walter groot beginsels is daar op die spel? Hoe lank sal die stryd aanhou? Hoe sal dit eindig? Sal hierdie aarde wegsink, soos sommige wetenskaplikes beweer, in die dieptes van n sonlose, bevrore, ewige nag; of is daar ‘n beter toekoms, stralende van lig en lewe, verwarm deur die ewige liefde van God?

Maar die vraag raak ons nog dieper: Hoe kan die stryd in my eie hart, die stryd tussen selfsug en liefde, beëindig word in oorwinning van die goeie en eens en vir altyd voleindig word? Wat leer die Bybel? Wat leer God ons oor hierdie vraag wat van sulke groot belang vir elke siel is?

Aan alle kante kom ons vrae teë soos hierdie. Gedurig ontstaan
[4] hulle in die dieptes van one eie hart. Hulle eis ‘n be- paalde antwoord. Die God wat in ons die verlange na beter dinge geskep het, en ‘n begeerte vir die waarheid, sal seker tog nie die antwoord op al hierdie vrae terughou nie: ..Want die Here Here doen niks tensy dat Hy eers Sy geheimems aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.”

Dit is die doel van hierdie boek, leser, om die verontruste siel te help tot ‘n regte oplossing van hierdie vraagstukke. Dit is geskrywe deur iemand wat ondervind het dat God goed is, wat in gemeenskap met

God en deur ondersoek van Sy woord gevind het dat die geheimenis van die Here met diegene is wat Hem vrees en dat Hy Sy verbond aan hulle sal openbaar.

Sodat ons die beginsels van hierdie allerbelangrikste stryd waarin die lewe van 'n heelal betrokke is, beter kan verstaan, het die skryfster aan ons die groot aanskoulike lesse van die afgelope vierentwintig eeue geopenbaar.

Die boek begin met die treurige slottonele van die geskiedenis van Jerusalem, die stad van Gods uitverkore volk, nadat hulle die Man van Golgota, wat gekom het om hulle te verlos, verwerp het. Daarvandaan gaan dit voort op die grootpad van die volke; dit beskryf die vervolgings van Gods kinders in die eerste eeu; die groot afval wat daar in die kerk ontstaan het, die wêreldwekkende Reformasie waarin die groot beginsels van die stryd duidelik geopenbaar is; die vreeslike les wat daar vir ons is in die verwerping van regte beginsels deur Frankryk; die herlewing en die verheffing van die Skrifte, en hulle goeie, reddende invloed; die godsdienstige opwekking van die laaste dae; die opening van die verligtende fontein van Gods woord, met sy wonderbare openbarings van lig en kennis om die skadelike dwalings van die duisternis aan die kaak te stel.

Die huidige groot stryd, waarin daar so baie dinge van lewensbelang op die spel is, en waarin niemand neutraal kan wees nie, word eenvoudig, duidelik en kragdadig uiteengesit.

En eindelik word ons vertel van die ewige en heerlike oorwinning van goed oor kwaad, reg oor onreg, lig oor duisternis, vreugde oor droefheid, hoop oor wanhoop, heerlikheid oor skande. lewe oor dood, en ewige, lankmoedige liefde oor wraaksugtige haat.

Hierdie boek het al baie siele na die Troue Herder gebring; en dit is die bede van die uitgewers dat hierdie uitgawe in Afrikaans net so geseënd mag wees.

DIE UITGEWERS.

# Inleiding

VOOR die koms van die sonde het Adam regstreekse omgang met Sy Maker gehad; maar nadat die mens homself deur sy oortreding van God afgeskei het, het hy nie meer hierdie groot voorreg gehad nie. Deur die verlossingsplan, egter, is daar ‘n weg geopen waardeur die bewoners van die aarde weer verbinding met die hemel kon hê. Deur Sy Heilige Gees het God in verbinding getree met die mens, en goddelike lig is aan die wêreld gegee deur middel van openbarings aan Sy uitverkore diensknegte. “Deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.” 2 Petrus 1: 21.

Die Bybel wys daarop dat dit deur God ingegee is; maar nogtans is dit deur mense geskrywe; en in die afwissellende styl van die verskillende boeke word die karaktereienskappe van die verskillende skrywers geopenbaar. Hierdie waarhede is almal “deur God ingegee” (2 Tim. 3: 16); maar nogtans is hulle in die woorde van mense uitgedruk.

Die tien gebooie is deur God self gespreek, en met Sy eie hand geskryf. Hulle is deur God en nie deur die mens opgestel nie. Maar in die Bybel, met sy deur-God-gegewe waarhede in menslike taal uitgedruk, het ons ‘n verbinding van die goddelike met die menslike. Hierdie verbinding het ons ook in die natuur van Christus, wat die Seun van God én die Seun van die mens is. Net soos van Christus, is dit ook van die Bybel waar: die “Woord het vlees geword en het
[6] onder ons gewoon.” Joh. 1: 14.

God het in Sy woord aan mense die kennis toevertrou wat nodig is vir die saligheid. Die Heilige Skrifte moet aangeneem word as ‘n gesaghebbende, onfeilbare openbaring van Sy wil. Hulle is die maatstaf van karakter, die openbaarder van leerstellings en die toets van die geestelike lewe. “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot wcderlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.’ 2 Tim. 3: 16, 17.

Maar die feit dat God Sy wil aan die mens deur Sy woord geopenbaar het, het nie die gedurige teenwoordigheid en leiding van die Heilige Gees oorbodig gemaak nie. Inteendeel, die Gees is deur Ons Heiland belowe om die woord aan Sy diensknegte te openbaar, en om die leerstellings daarvan te verduidelik en toe te pas. En aangesien dat dit die Gees van God is wat die Bybel ingegee het, is dit onmoontlik vir die Gees om ooit in stryd met die Woord te wees.

Die Gees is nie gegee, en kan nooit gegee word, om die Bybel oorbodig te maak nie; want die Skrifte leer duidelik dat die woord van God die maatstaf is waarvolgens alle leer en lewe getoets moet word. (1 Joh. 4: 1; Jes. 8: 20.)

Die Here Jesus het aan Sy dissipels die volgende belofte gemaak: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, Hy sal julle in die hele waarheid lei; . . . en die toekomstige dinge aan julle verkondig." Joh. 16: 13. Die Skrifte leer duidelik dat hierdie beloftes nie tot die apostoliese tydperk beperk was nie, maar van toepassing is op die kerk van Christus in alle eeue. Die Heiland het Sy navolgers verseker. "Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Matt. 28: 20. En Paulus sê dat die gawes en openbarings van die Gees aan die kerk gegee is "Om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man en die mate van die voile grootte van Christus." Efe. 4: 12, 13.

Na die wonderbaarlike openbaring van die Heilige Gees op Pinksterdag, het Petrus die volk vermaan om hulle te bekeer en te laat doop in die naam van Christus, vir die vergifnis van sonde; en [7]
hy het gesê: "En julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang, want die belofte is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom toe sal roep." Hand. 2: 38, 39.

Deur die verligting van die Heilige Gees, is die tonele van hierdie langdurige stryd tussen goed en kwaad aan die skryfster van hierdie bladsye geopenbaar. Van tyd tot tyd is ek toegelaat om die werking in die verskillende eeue te sien, van die groot stryd tussen Christus, die Vors van die lewe en die bewerker van ons saligheid, en Satan, die vors van duisternis en die bewerker van die sonde — die eerste oortreder van Gods heilige wet. Satan se vyandigheid teenoor

Christus word teen Sy navolgers geopenbaar. Dieselfde haat teen die beginsels van Gods wet, dieselfde beleid van bedrog waardeur dwaalleer voorgestel word as waarheid, en waardeur menslike wette in die plek van Gods wet gestel word, en waardeur mense gelei word om die skepsel liewer as die Skepper te aanbid, kan nagespoor word in die geskiedenis van die verlede.

In hierdie oorkondes kan ons n voorafskaduing sien van die stryd voor ons. Deur hulle in die lig van Gods woord en van Sy Heilige Gees te beskou, sal ons die strikke van die bose sien, asook die gevare wat diegene moet vermy wat onberispelik voor die Here wil staan by Sy koms.

Die groot gebeurtenisse wat die vooruitgang van hervorming in die verlede gekenmerk het, is welbekend en algemeen erken deur die Protestantse wêreld. Dit is feite wat niemand kan ontken nie. Hierdie geskiedenis het ek korlliks voorgestel, ooreenkomstig die bestek van hierdie boek en die bondigheid wat desnoods nodig was; die feite is so kortliks moontlik opgestel, maar op so ‘n wyse dat hulle toepassing darem duidelik is. In sommige gevalle waar die geskiedskrywer feite so gegroepeer het om ‘n bondige dog volledige beskrywing van die onderwerp te gee, of waar hy besonderhede gerieflik opgesom het, is sy woorde aangehaal; maar in ander gevalle is die bron nie spesiaal erken nie, aangesien die woorde nie aangehaal is met die doel om daardie skrywer as gesaghebbende aan te haal nie, maar omdat sy woorde die onderwerp op treffende en kragtige wyse beskryf het. In die beskrywing van die ervarings en sienswyses
[8] van diegene wat die werk van hervorming in ons tyd voortsit, is daar op dergelike wyse uit hulle boeke aangehaal.

Dit is nie soseer die doel van hierdie boek om nuwe waarhede voor te stel aangaande die stryd van die verlede nie, as om feite en beginsels te beklemtoon wat in verband staan met komende gebeurtenisse. Maar, beskou as deel van die stryd tussen die magte van lig en duisternis, neem al hierdie oorkondes van die verlede ‘n nuwe betekenis aan; en deur hulle word daar lig gewerp op die toekoms, wat die pad verlig van diegene wat, soos die hervormers van die verlede, geroep sal word om selfs teen die grootste gevaar te getuig vir die “woord van God en die getuienis van Jesus Christus.”

Om die tonele te beskryf van die groot stryd tussen waarheid en dwaalleer; om die liste van Satan te openbaar en die wyse waarop

hy met sukses bestry kan word; om ‘n bevredigende oplossing te gee van die groot vraagstuk van die sonde; om genoeg lig op die oorsprong en die uiteindelike vernietiging van sonde te werp, sodat die regverdigheid en goedheid van God in al Sy handelwyse met Sy skepsels duidelik geopenbaar word: en om die heiligheid en euwigdurendheid van Gods wet aan te toon — dit is die doel van hierdie boek. Die vurige bede van die skryfster is dat siele deur die invloed daarvan verlos mag word van die mag van duisternis, “Om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig,” tot lof van Hom wat ons liefgehad het en Homself vir ons oorgegee het.

E. G. W.

[9]

# Inhoud

# Inhoudsopgawe

Information about this Book . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . i
Voorwoord . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . ii
Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . iv
Inhoud . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . viii
Hoofstuk 1—Die Lotgevalle van die Wêreld Voorspel . . . . . . . . 11
Hoofstuk 2—Vervolging In Die Eerste Eeue . . . . . . . . . . . . . . . . 30
Hoofstuk 3—Die Vroee Christelike Kerk . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 39
Hoofstuk 4—Die Waldense . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 50
Hoofstuk 5—John Wyeliff . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 66
Hoofstuk 6—Huss en Hieronimus . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 82
Hoofstuk 7—Luther se Afskeiding van Rome . . . . . . . . . . . . . . 103
Hoofstuk 8—Luther Voor Die Ryksdag . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 126
Hoofstuk 9—Die Switserse Hervormer . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 150
Hoofstuk 10—Vooruitgang van die Hervorming in Duitsland . 162
Hoofstuk 11—Die Protes van die Prinse . . . . . . . . . . . . . . . . . . 173
Hoofstuk 12—Die Franse Hervorming . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 186
Hoofstuk 13—Die Nederlande en Skandinawie . . . . . . . . . . . . . 211
Hoofstuk 14—Later Engelse Hervormers . . . . . . . . . . . . . . . . . . 219
Hoofstuk 15—Die Bybel en die Franse Rewolusie . . . . . . . . . . 238
Hoofstuk 16—Die Pelgrimvaders . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 260
Hoofstuk 17—Tekens van Christus se koms . . . . . . . . . . . . . . . 270
Hoofstuk 18—‘n Lang Tyd-Profesie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 286
Hoofstuk 19—Lig in die Duisterni . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 310
Hoofstuk 20—‘n Groot Godsdienstige Opwekking . . . . . . . . . . 321
Hoofstuk 21—‘n Waarskuwing Verwerp . . . . . . . . . . . . . . . . . . 339
Hoofstuk 22—Profesiee Vervul . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 354
Hoofstuk 23—Wat Is Die Heiligdom? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 370
Hoofstuk 24—Die Allerheiligste Plek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 383
Hoofstuk 25—Die Tien Gebooie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 392
Hoofstuk 26—‘n Hervormingswerk . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 408
Hoofstuk 27—Ware Bekering Absoluut Nodig . . . . . . . . . . . . . 420
Hoofstuk 28—Die OndersoekeDde Oordeel . . . . . . . . . . . . . . . 436
Hoofstuk 29—Waarom is die Sonde Toegelaat ? . . . . . . . . . . . . 447
Hoofstuk 30—Vyandskap Tussen die Mens en Satan . . . . . . . . 459

Hoofstuk 31—Die Werk van Bose Geeste . . . . . . . . . . . . . . . . . 465
Hoofstuk 32—Die Strikke van Satan . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 471
Hoofstuk 33—Die Eerste Groot Bedrog . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 482
Hoofstuk 34—Spiritisme . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 500
Hoofstuk 35—Gewetensvryheid Bedreig . . . . . . . . . . . . . . . . . . 510
Hoofstuk 36—Die Dreigende Stryd . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 527
Hoofstuk 37—Die Skrifte 'n Bron van Veiliglieid . . . . . . . . . . . 537
Hoofstuk 38—Die Finale Waarskuwing . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 546
Hoofstuk 39—"Die Tyd van Benoudheid" . . . . . . . . . . . . . . . . . 555
Hoofstuk 40—Gods Yolk Yerlos . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 574
Hoofstuk 41—Die Verwoesting van die Aarde . . . . . . . . . . . . . 590
Hoofstuk 42—Die Stryd Beeindig . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 598
AANHANGSEL . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 613
Algemene Opmerkings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 614

# Hoofstuk 1—Die Lotgevalle van die Wêreld Voorspel

"As jy tog maar geweet het, ja ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom, dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opgooi en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie. omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie." Lukas 19: 42-44.

Van die top van die Olyfberg het Jesus neergekyk op Jerusalem. Vredevol en skoon was die toneel wat voor Hom uitgestrek het. Dit was tydens die Pasga, en uit alle lande het die kinders van Jakob daar vergader om hierdie groot volksfees te vier. Tussen die tuine en die wingerde en die groen berghellings waar pelgrimstente orals gestaan het, het die berge op gerys, en was die pragtige paleise en massiewe [16]
bolwerke van Israel se hoofstad te sien. Dit het geskyn of die dogter van Sion in haar hoogmoed gesê het: "Ek sit as koningin . . . en droefheid sal ek nooit sien nie;" toe was sy nog net so lieflik, en het sy haar nog net so die gunsteling van die hemel beskou as eeue tevore, toe die koninklike digter gesing het, "Skoon deur sy verhewendheid, die vreugde van die hele aarde is die berg Sion, ... die stad van die groot Koning!" Ps. 48: 3. Die pragtige tempelgeboue was duidelik te sien. Die strale van die ondergaande son het die wit marmermure verlig en strale weerkaats van die goue poort en die toring. So het dit gestaan. "die volkomenheid van skoonheid" en die trots van die Joodse volk. Watter kind van Israel kon daardie toneel aanskou sonder vreugde en bewondering! Maar daar het heeltemal ander gedagtes in Jesus omgegaan. "En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween." Lukas 19: 41. Te midde van die algemene vreugde en die triomfantlike intog, terwyl palmtakke geswaai is en blye Hosannas deur die berge weergalm het, en duisende stemme Hom as Koning uitgeroep het, was die Verlosser van die wêreld oorweldig deur 'n skielike en geheimsinnige droefheid. Hy, die Seun

van God, die Beloofde van Israel, wie se mag die dood oorwin het en die gevangenes uit die graf bevry het, was in trane; nie trane van gewone droefheid nie, maar van die grootste lyding.

Sy trane was nie vir Homself nie, hoewel Hy geweet het wat Hom voorlê. Voor Hom was Getsemane, die plek waar Hy so bitter sou ly. Die Skaapspoort, waardeur die slagoffers vir eeue gelei is na die offerplek, kon Hy sien; dit het nou oopgestaan vir Hom, en daardeur sou Hy gelei word "Soos 'n lam wat na die slagplek gelei word." Jes. 53: 7. Nie ver daarvandaan nie was Golgota, die plek van kruisiging. Op die pad wat Christus eerlank sou betree, sou groot duisternis val wanneer Hy Sy siel sou uitstort as n slagoffer vir die sonde. Maar dit was nie die oorpeinsing van hierdie tonele wat die skaduwee op Hom gewerp het in hierdie uur van vreugde nie. Geen voorbode van Sy eie bomenslike lyding het Sy onselfsugtige gees benewel nie. Hy het geween vir die gedoemdes van Jerusalem — oor
[17] die blindheid en onboetvaardigheid van diegene wat Hy gekom het om te seën en te red.

[18] Voor Sy geestesoog het Jesus die spesiale guns en sorg wat vir meer as 'n duisend jaar deur Gods uitverkore volk geniet is, gesien. Daar was die Berg Moria, waar die seun van belofte as gewillige slagoffer op die altaar gebind is n' sinnebedd van die Seun van God. (Gen. 22: 9, 16-18.) Dit is daar waar die verbondseën, die heerlike Messiasbelofte, bevestig is aan die vader van die gelowiges. Daar het die vlamme van die offerande van die dorsvloer van Oman ten hemel gestyg en die swaard van die doodsengel afgeweer (1 Kron. 21)—'n gepaste sinnebeeld van die Heiland se offerande en middelaarskap vir skuldige mense. Jerusalem is die stad wat deur God vereer is bo alle stede van die aarde. Die Here het Sion uitgekies. en ,.Hy het dit as woonplek vir Hom begeer." Ps. 132: 13. Dáár het heilige profete vir eeue hulle waarskuwings geuiter. Dáár het die priesters hulle wierookbakke geswaai, en die wolk van wierook—die gebede van die aanbidders—het tot God opgestyg. Dáár is die bloed van die lammers daeliks geoffer wat vooruitgewys het na die Lam van God. Dáár het Jehova Sy teenwoordigheid geopenbaar in die wolk van heerlikheid bokant die versoendeksel. Dáár het die voetenent van die mistiese leer gestaan wat die aarde met die hemel verbind het (Gen. 28: 12)—die leer waarlangs die engele van God op en neer geklim het, en wat vir die wêreld die weg geopen het tot die

allerheiligste plek. As Israel, as volk, getrou gebly het aan die hemel, sou Jerusalem vir ewig blystaan het, die uitverkorene van God. (Jer. 17: 21-25.) Maar die geskiedenis van daardie bevoorregte volk was 'n beskrywing van afvalligheid en opstand. Hulle het die genade van die hemel weerstaan, hulle voorregte misbruik, en hulle kanse laat verbygaan.

Hoewel Israel "die boodskappers van God uitgelag en Sy woorde verag en met Sy profete gespot het" (2 Kron. 36: 16), het die Here Hom nogtans aan hulle geopenbaar as die "Here, 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou;" en Sy genade het nog met hulle gepleit nieteenstaande hulle herhaaldelike verwerping daarvan nie. (Exod. 34. 6.) Met 'n liefde groter as die van 'n vader vir sy seun, het die Here "vroeg en laat [19]
na hulle gestuur deur Sy boodskappers; want Hy het medelyde met Sy volk en met Sy woning gehad." 2 Kron. 36: 15. Toe vermaning, smeking, en bestraffing geen uitwerking meer gehad het nie, het Hy aan hulle die hemel se grootste gawe gestuur; ja, Hy het die hele hemel leeggemaak in daardie een Gawe.

Die Seun van God self is gestuur om met die onboetvaardige stad te pleit. Dit was Christus wat Israel soos 'n wingerdstok uit Egipte gebring het. (Ps. 80: 9.) Hy Self het die heidene voor hulle uitgewerp. Hy het die wingerdstok geplant op 'n vrugbare heuwel. (Jes. 5: 1-4.) Sy beskerming was soos 'n muur om hulle. Hy het Sy diensknegte gestuur om hulle te voed. "Wat is daar meer te doen aan My wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie?" het Hy gevra. (Jes. 5: 1-4.) En toe Hy verwag het "dat dit druiwe sou dra," het dit "wilde druiwe voortgebring." Jes. 5: 2. Maar nog hopende op vrugbaarheid. het Hy persoonlik na Sy wingerd gekom om dit, indien moontlik, te red van verwoesting. Hy het dit omgespit; Hy het dit gesnoei en met liefde bejeen; Hy was onvermoeid in Sy pogings om hierdie wingerd, wat Hy Self geplant het, te red.

Vir drie jaar het die Here van lig en heerlikheid onder Sy volk gearbei. Hy het die land deurgegaan "goedgedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was." Hand. 10: 38. Hy het die wat verbryseld van hart was, genees; aan die gevangene vrylating verkondig en aan blindes die herstel van gesig; Hy het die kreupeles herstel, die dowes laat hoor, die melaatse gereinig, die dode opgewek, en die evangelie aan die armes verkondig. (Lukas 4: 18, 19; Matt.

11: 5.) Aan alle mense is die uitnodiging gegee, “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.” Matt. 11: 28.

Hoewel die Here beloon is met kwaad vir goed, en haat vir Sy
liefde ontvang het, het Hy steeds voortgegaan met Sy werk van ge-
nade. Nooit is diegene afgewys wat om Sy genade gesoek het nie.
Sonder tuiste, met verwyt en armoede as Sy daelikse lot, het Hy ge-
lewe om in die behoeftes van die mensdom te voorsien, hulle lyding
[20] te lenig, en met hulle te pleit om die gawe van die lewe aan te neem.
[21] Die strome van seen, teruggedryf deur daardie weerstrewige harte,
het steeds sterker gevloei in ontfermende liefde. Maar Israel het sy
rug gekeer op sy beste \‘riend en enigste Helper. Die smeking van
Sy liefde is verag, Sy raadgewings versmaai, en Sy waarskuwings
bespot.

Die uur van hoop en vergifnis het vinnig verbygesnel; die beker van Gods lankuitgestelde grimmigheid was byna vol. Die wolke wat deur die eeue van afvalligheid en opstand saamgepak het, was nou swart en onheilspellend; die storm het op die punt gestaan om los te bars oor die skuldige volk; en Hy, die enigste een wat huile kon red van hulle dreigende lot, is verag, versmaad. verwerp, en sou binnekorl gekruisig word. Wanneer Christus aan die kruis van Golgota sou hang, sou Israel se dag, as die gesecnde en begunstigde volk van God, beëindig wees. Die verlies van een siel is ‘n ramp wat al die voordeel en skatte van die wêreld ver oortref; maar toe Chistus so op Jerusalem neerkyk. was die ondergang van die stad, die hele volk, voor Horn — daardie stad en daardie volk wat eenmaal die uitverkorenes van God was, Sy spesiale eiendom.

Profete het geween oor die afval van Israel en die vreeslike verwoesting wat hulle sonde as gevolg gehad het. Jeremia het gewens dat sy oë fonleine van trane kon wees, en dat hy dag en nag kon ween vir die verslaandes van die dogter van sy volk, en vir die kudde van die Here wat gevanklik weggevoer is. (Jer. 9: I; 13: 17.) Hoe groot moes die droefheid dan nie gewees het van Horn wat met sy profetiese blik, nie net oor die jare nie, maar oor die eeue gesien het! Hy het die engel van ver-woesting gesien met opgehefde swaard teen die stad wat vir soveel jare die woonplek van Jehova was. Van die rug van die Olyfberg, die juiste plek wat later deur Titus en sy leër beset is, het Hy oor die kloof gekyk op die heilige geboue, en

met betraande oë het Hy gesien hoedat die mure van die stad deur die leërskare van die vyand omring is. Hy het gehoor hoedat die leërs marsjeer, gereed vir oorlog. Hy het moeders en kinders hoor huil om brood in die beleërde stad. Hy het gesien hoedat die heilige geboue, die paleise en torings, die prooi van vlamme word; waar hulle eenmaal gestaan het, was nou net smeulende puinhope te sien. [22]

Met Sy blik ver in die toekoms, het Hy die verbondsvolk gesien in alle lande verstrooi, "soos wrakke op 'n verlate kus." In die tydelike vergelding wat oor die volk sou kom, het Hy die eerste teug gesien uit die beker van grimmigheid wat tot die bodem toe geledig sou word tydens die oordeel aan die einde. Goddelike barmhartigheid, verlangende liefde, het uiting gevind in hierdie treurige woorde: "Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig die wat na jou gestuur is hoe dikwels wou ek jou kinders bymekaarmaak net soos n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie. Matt. 23: 37. 0 volk, bevoorreg bokant alle ander, as jy tog maar die dag van jou besoeking geken het, en die dinge wat tot jou vrede dien! Ek het die engel van geri i verbied, Ek het jou tot bekering geroep, maar tevergeefs. Dit is nie slegs diensknegte, afgevaardiges. en profete wat jy geweier het nie, maar die Heilige van Israel, jou Verlosser. As jy vernietig word dan is dit jou eie skuld alleen. "Julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie." Joh. 5: 40.

Christus het in Jerusalem 'n sinnebeeld van die wêreld gesien, verhard in ongeloof en opstand, vinnig op weg na die vergeldende oordele van God. Die ellendes van 'n gevalle volk, drukkende op Sy siel, het daardie bittere woorde van Sy lippe gepers. Hy het die sonde gesien, geskrywe in ellende, trane, bloed; Sy hart is bewoë met ewige ontferming oor die beproefdes en lydendes van die aarde; Hy het verlang om hulle almal te verlos. Maar selfs Sy hand kon nie die vloedgolf van menslike ellende keer nie; maar min sou hulle enigste bron van hulp opsoek. Hy was gewillig om Sy siel in die dood uit te stort ten einde verlossing binne hulle bereik te bring; maar hoe min wou na Hom toe kom sodat hulle die lewe kon hê.

Die Majesteit van die hemel in trane! Die Seun van die Ewige God bedroef in Sy gees en neergebuig deur angs! Hierdie toneel het die ganse hemel met bewondering vervul. Dit openbaar aan ons die uitermate sondigheid van die sonde; dit wys hoe swaar dit is, selfs vir oneindige krag, om die skuldiges te red van die gevolge van

oortreding van Gods wet. Jesus, die laaste geslag van die aarde in
[23] Sy gees siende, het die wêreld gesien vol bedrog soos die wat die verwoesting van Jerusalem veroorsaak het. Die groot sonde van die Jode was hulle verwerping van Christus; die groot sonde van die Christelike wêreld is hulle verwerping van Gods wet, die grondslag van Sy regering in die hemel en op die aarde. Die gebooie van Jehova sou verag en kragteloos gemaak word. Miljoene in die slawerny van sonde, slawe van Satan, gedoem tot die tweede dood, sou weier om te luister na die woorde van waarheid in die dag van hulle besoeking. Hoe vreeslik die blindheid! Hoe vreemd die versotheid!

Twee dae voor die Pasga, toe Christus vir die laaste maal die tempel verlaat het. nadat Hy die huigelary van die Joodse owerstes bestraf het, is Hy weer met Sy dissipels na die Olyfberg waar hulle teen die berghelling op die gras gesit het met die stad daaronder. Weer het Hy die stadsmuur, die torings, en die paleise gesien. Weer het Hy die skitterende prag van die tempel aanskou soos 'n sierlike kroon op die heilige berg.

Duisend jaar tevore, het die psalmis God geloof vir Sy guns aan Israel deur Sy woonplek te maak in hulle heilige huis: "Ook het in Salem Sy tent verrys en Sy woning in Sion." Hy het "die stam van Juda uitverkies, die berg van Sion wat Hy lief het. En Hy het Sy heiligdom soos hemelhoogtes gebou." Ps. 76: 3; 78: 68, 69. Die eerste tempel is gebou in die voorspoedigste tydperk van Israel se geskiedenis. Groot hoeveelhede skatte is vir die doel bymekaargemaak deur Koning Dawid, en die plan vir die geboue is deur goddelike ingewing opgestel. (1 Kron. 28: 12, 19.) Salomo, die wysste van Israel se vorste, het die werk klaargemaak. Die tempel was die pragtigste gebou wat die wêreld nog ooit gesien het. En nogtans het die Here deur die profeet Haggai, aangaande die tweede tempel gesê, "die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter wees as van die vroeëre." "Al die nasies sal Ek laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul, sê die Here van die leërskare." Haggai 2:9, 7.

Na die verwoesting van die tempel deur Nebukadnesar, is dit omtrent vyfhonderd jaar voor die geboorte van Christus weer herbou deur 'n volk wat uit lewenslange ballingskap teruggekeer het na
[24] 'n verwoeste en byna verlate land. Onder hulle was daar destyds grysaards wat die heerlikheid van Salomo se tempel gesien het, en

wat geween het met die legging van die fondament van die nuwe gebou, omdat dit so minderwaardig was vergeleke met die vorige. Die heersende gevoelens word kragtig deur die profeet as volg uitgedruk: “Wie is onder julle nog oor wat hierdie huis in sy vroeëre heerlikheid gesien het? En hoedanig sien julle dit nou? Lyk dit nie na niks in julle oë nie?” Haggai 2:3; Esra 3: 12. Toe is die belofte gemaak dat die heerlikheid van hierdie gebou die vorige een ver sou oortref.

Maar die tweede tempel was nie gelyk aan die eerste wat prag betref het nie; ook is dit nie geheilig deur daardie sigbare tekens van goddelike teenwoordigheid wat in die eerste tempel gesien is nie. By die inwyding daarvan was daar geen openbarings van bonatuurlike krag nie. Geen wolk van heerlikheid het hierdie nuwe heiligdom vervul nie. Geen vuur uit die hemel het neergedaal om die offerande op die altaar te verteer nie. Die heerlike glans tussen die gerubs in die allerheiligste plek was nie meer daar nie; die verbondsark, die versoendeksel, en die tafels van die wet was nie daar nie. Geen stem is uit die hemel gehoor wat die wil van Jehova aan die priesters bekend gemaak het nie.

Vir eeue het die Jode tevergeefs getrag om aan te toon in watter opsigte die belofte van God deur Haggai vervul is; maar hoogmoed en ongeloof het hulle verblind vir die ware betekenis van die profeet se woorde. Die tweede tempel is nie vereer met die wolk van Jehova se heerlikheid nie, maar met die lewende teenwoordigheid van Een in vvie die volheid van die godheid liggaamlik gew’oon het — naamlik God self in die vlees geopenbaar. Die “Skatte van al die nasies” het werklik na Sy tempel gekom toe die Man van Nasaret in die heilige voorhowe geleer en genees het. In die teenwoordigheid van Christus, en hierin alleen, het die tweede tempel die eerste in heerlikheid oortref. Maar Israel het die aangebode Gaw!e van die hemel verwerp. Met die nederige Leraar wat daardie dag deur die goue poort gegaan het, het die heerlikheid vir ewig van die tempel gewyk. Toe reeds is die Heiland se woorde vervul, “Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!” Matt. 23: 38.

Die dissipels is met vrees en bewondering vervul deur Christus se [25]
voorspelling van die verwoesting van die tempel en hulle het ‘n voile [26]
verklaring van Sy woorde verlang. Rykdom, arbeid, en boukundige
vernuf is vir nicer as veertig jaar gewy aan die versiering van die

tempel. Herodes die Grote het beide Romeinse en Joodse skatte daaraan bestee, en selfs die keiser van die wêreld het dit verryk met sy gifte. Massiewe blokke uit marmer, van byna ongelooflike grootte, wat uit Rome gestuur is, het deel uitgemaak van die gebou; dit is hierop wat die dissipels die aandag van hulle Meester gevestig het, hulle gesê het, "Meester, kyk watter klippe en watter geboue 1" Maikus 13: 1.

Op hierdie woorde het Jesus die plegtige en verrassende antwoord gegee, "Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie heeltemaal afgebreek sal word nie." Matt. 24: 2.

Met die verwoesting van Jerusalem het die dissipels Christus se wederkoms verbind, wanneer Hy volgens hulle mening die troon van 'n wêreldryk sou bestyg, om die onboetvaardige Jode te straf en die Romeinse juk van die volk af te werp. Die Here het aan hulle bekendgemaak dat Hy die tweedemaal sou kom. Toe daar dus sprake was van die oordele wat oor Jerusalem sou kom, het hulle dadelik aan daardie koms gedink, en toe hulle daar rondom die Heiland op die Olyfberg sit, het hulle gevra, "Vertel ons wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van U koms en van die voleinding van die wêreld?" Matt. 24: 3.

Die toekoms was genadiglik vir hulle verberg. As hulle die twee vreeslike feite, naamlik die Heiland se lyding en dood en die verwoesting van die stad en die tempel ten voile besef het, sou hulle met vrees oorweldig gewecs het. Christus het vir hulle die hooftrekke gegee van die belangrike gebeurtenisse wat sou plaasvind voor die einde van tyd. Sy woorde is toe nie ten voile begryp nie; maar hulle betekenis sou duidelik word namate Sy volk behoefte sou hê daaraan. Die profesie wat Hy gegee het, het n tweevoudige betekenis gehad: terwyl die verwoesting van Jerusalem daarin voorspel was, het hulle ook betrekking gehad op die verskrikkinge van die laaste groot dag.

Jesus het aan Sy dissipels die oordele verduidelik wat oor die af-
[27] vallige Israel sou kom, en veral die vergeldende wraak wat hulle sou tref as gevolg van hulle verwerping en kruisiging van die Messias. Onmiskenbare tekens sou hierdie vreeslike gebeurtenis voorafgaan. Die gevreesde uur sou plotseling en skielik kom. En die Heiland het Sy navolgers gewaarsku: "Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniel, sien

staan in die heiligdom — laat hy wat lees, oplet — dan moet die wat in Judea is, na die berge vlug.” Matt. 24: 15, 16; Lukas 21: 20. 21. Wanneer die afgodiese vaandels van die Romeine op die heilige grond wapper, die grense waarvan vir ‘n distansie buitekant die mure van die stad gestrek het, moes die navolgers van Christus vir veiligheid vlug. Wanneer die waarskuwende tekens gesien word, moes diegene wat wou ontvlug nie aarsel nie. Deur die hele land van Judea, asook in Jerusalem, moes die teken om te vlug dadelik gehoorsaam word. Die een wat miskien op die dak was, moes nie eers sy huis binnegaan selfs om sy grootste skatte te red nie. Diegene wat op die lande of in die wingerde was, moes geen tyd verkwis om die klere te gaan haal wat hulle uitgetrek het op die hitte van die dag nie. Hulle moes vir geen oomblik aarsel nie, sodat hulle nie slagoffers van die groot verwoesting word nie.

Tydens die regering van Herodes, is Jerusalem nie alleen verfraai nie, maar deur die oprigting van torings en mure en vestings. wat die natuurlike sterkte van die stad vergroot het, is die stad byna oninnecmbaar gemaak. Enige persoon wat destyds in die openbaar die verwoesting van die stad sou voorspel het, sou soos Noag in sy dag, as ‘n alarmis beskou gewees het. Maar Christus het gese, “die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My woorde sal nooit verbygaan nie.” Matt. 24: 35. Weens sy sondes, is die wraak teen Jerusalem uitgespreek, en sy hardnekkige ongeloof het sy verdoemenis verseker.

Deur die profeet Miga het die Here gesê: “Hoor tog dit, hoofde van die huis van Jakob, en owerstes van die huis van Israel! Julle wat van die reg ‘n afsku het en al wat reg is verdraai; julle wat Sion bou met bloed en Jerusalem met onreg! Sy hoofde spreek vonnisse uit vir ‘n geskenk, en sy priesters gee onderrig vir loon, en sy profete is waarsêers vir geld. Xogtans steun hulle op die Here en sê: Is die Here nie by ons nie? Geen onheil sal ons wedervaar nie!” Miga 3:9-11 [28]

Hierdie woorde is ‘n getroue beskrywing van die bedorwe en eiegeregtige bewoners van Jerusalem. Terwyl hulle voorgegee het dat hulle die wet van God getrou nagekom het, het hulle al die beginsels daarvan oortree. Hulle het Christus gehaat omdat Sy reinheid en heiligheid hulle sondes geopenbaar het; en hulle het Horn beskuldig dat Hy die oorsaak was van al die moeilikhede wat oor hulle gekom

het as gevolg van hulle sondes. Hoewel hulle geweet het dat Hy sondeloos was, het hulle verklaar dat Sy dood nodig was vir hulle veiligheid as volk. “As ons Horn so laat begaan,” het die Joodse leiers gesê, ,.Sal almal in Hom glo; en die Romeine sal kom en ons land en ons nasie albei afneem.” Joh. 11:48. As hulle Christus opoffer, mag hulle weer ‘n sterk en verenigde volk word. So het hulle geredeneer. en hulle het die besluit van hulle hoëpriestiI keur, naamlik dat dit beter sou wees vir een man om te sterf as dat die hele volk vergaan.

Op hierdie manier het die Joodse leiers “Sion gebou met bloed en Jerusalem met onreg.” En nogtans, terwyl hulle hulle Heiland om die lewe gebring het omdat Hy hulle sondes bestraf het. was hulle so eiegeregtig dat hulle hulleself beskou het as Gods uitverkore volk, en hulle het verwag dat die Here hulle sou verlos van hulle vyande. “Daarom,” het die profeet voortgegaan “sal Sion om julle ontwil soos ‘n land omgeploeg en Jerusalem puinhope word en die tempelberg bosrante.” Miga 3: 10, 12.

Vir sowat veertig jaar na Christus die verwoesting van Jerusalem voorspel het, het die Here Sy oordele oor die stad en die volk vertraag. Wonderbaarlik was die lankmoedigheid van God teenoor die verwerpers van Sy evangelie en die moordenaars van Sy Seun. Die gelykenis van die onvrugbare boom was ‘n sinnebeeld van Gods handelinge met die Joodse volk. Die bevel is gegee, “Kap hom uit. Waarom maak hy die grond nog onvrugbaar?” Lukas 13: 7. Maar goddelike genade het dit nog langer gespaar. Daar was nog vele onder die Jode wat onkundig was aangaande die karakter en werk van Christus. En die kinders het nie die voorregte of die lig gehad wat hulle ouers versmaai het nie. Deur die prediking van die apostels en hulle medewerkers, sou God die lig op hulle laat skyn; hulle
[29] sou sien hoedat die profesie vervul is, nie alleen in die geboorte en lewe van Christus nie, maar ook in Sy dood en opstanding. Die kinders is nie veroordeel weens die sonde van die ouers nie; maar wanneer die kinders, met al die lig wat aan hulle ouers gegee is, ook die bykomstige lig verwerp wat aan hulle gegee is, word hulle deelgenote van hulle ouers se sondes en vul hulle die beker van hulle ongeregtigheid.

Die lankmoedigheid van God tenoor Jerusalem het die Jode maar net laat volhard in hulle onboetvaardigheid. In hulle haat en wreed-

heid teenoor die dissipels van Jesus, het hulle die laaste aanbod van genade verwerp. Nou het God Sy beskerming aan hulle onttrek, Sy mag het Satan en sy engele nie langer weerhou nie, en die volk is oorgegee in die mag van die leier wat hy gekies het. Sy kinders het die genade van Christus wat hulle in staat sou gestel het om hulle bose drifte in bedwang te hou, versmaai; en nou het hierdie dinge hulle heersers geword. Satan het die kwaaiste en die laagste drifte van die hart opgewek. Die mense het nie hulle verstand gebruik nie; hulle was verby die stadium om te dink, beheers deur blinde woede. Hulle het satanies geword in hulle wreedheid. In die huisgesinne en onder die volk, by die hoogste sowel as die laagste klasse, het daar agterdog. afguns, haatdraendheid, stryd, opstand. en moorddadigheid geheers. Daar was nêrens veiligheid nie. Vriende en familiebetrekkinge het mekaar verraai. Ouers het hulle kinders doodgeslaan en kinders hulle ouers. Diegene wat oor die volk geheers het, kon hulle self nie beheers nie. Onbeteulde drifte het van hulle tiranne gemaak. Die Jode het valse getuienis aangeneem ten einde die onskuldige Seun van God te veroordeel. Xou het valse beskuldigings hulle eie lewens onseker gemaak. Lank reeds het hulle deur hulle handelwyse gesê, "Laat die Heilige van Israel voor ons aangesig verdwyn!" Jes. 30: 11. Hierdie begeerte is toegestaan. Hulle het nie meer die Here gevrees nie. Satan was nou aan die hoof van die volk en die vernaamste burgelike en godsdienstige leiers het onder sy mag gestaan.

Soms het die leiers van teenstrydige partye saamgewerk in die plundering en marteling van hulle ongelukkige slagoffers; soms het hulle weer mekaar aangeval in 'n genadelose slagting. Selfs [30]
die heiligheid van die tempel kon hulle verskriklike woede nie in bedwang hou nie. Aanbidders is voor die altaar doodgeslaan, en die heiligdom is besoedel deur die dooie liggame. En nogtans het die godslasterende aanmatiging van die opstokers van hierdie helse werk openlik verklaar dat hulle geen vrees gehad het dat Jerusalem ooit sou verwoes word nie, omdat dit Gods eie stad was. Om hulle mag nog verder uit te brei, het hulle valse profete omgekoop om te verklaar, selfs toe die Romeinse leërs reeds die tempel beleër het, dat die volk op die verlossing van God I wag. Menigtes het, tot die laaste toe, volhard in hulle geloof dat die Allerhoogste tussenbei sou tree om hulle vyande te verslaan. Maar Israel het die goddelike

beskerming versmaai, en nou was daar niemand om hom te verdedig nie. Ongelukkige Jerusalem! geskeur deur inwendige stryd, met strate rooi van die bloed van sy kinders deur eie hande vergiet, terwyl vyandige leërs besig was om sy vestings te vernietig en sy soldate te dood!

Al die voorspellings van Christus aangaande die verwoesting van Jerusalem is letterlik vervul. Die Jode het die waarheid van Sy woorde ondervind, "Met die maat waarmee julle meet sal weer vir julle gemeet word." Matt. 7: 2.

Tekens en wonders is gesien — voorbodes van rampe en verdoemenis. In die middel van die nag het daar 'n onnatuurlike lig geskyn bokant die tempel en die altaar. Met sononder is daar op die wolke oorlogswaens en manne gesien wat saamtrek vir 'n geveg. Die priesters wat snags in die heiligdom besig was, is verskrik deur geheimsinnige geluide; die aarde het gebewe, en daar is 'n menigte stemme gehoor wat uitroep, "Laat ons die plek verlaat." Die groot oosterpoort, wat so swaar was dat dit skaars deur twintig man kon beweeg word, en wat gesluit was deur groot ysterstawe wat diep in die soliede rots ingelaat is, het te middernag oopgegaan sonder dat daar iemand gesien is. (Milman, "History of the Jews," boek 13.)

Vir sewe jaar lank het 'n man op-en-af geloop in die strate van Jerusalem, en hy het die ellendes uitgeroep wat oor die stad sou kom. Dag en nag het hy die klaagsang uitgeroep: "'n Stem uit die ooste! 'n stem uit die weste! 'n stem uit die vier winde! n stem
[31] teen Jerusalem en teen die Tempel! 'n stem teen bruide- goms en bruide! 'n stem teen die hele volk!"—Idem. Hierdie sonderlinge man is in die gevangenis gewerp en gegesel, maar nooit het hy gekla nie. Op al die hoon en mishandeling het hy slegs uitgeroep, "Wee, wee Jerusalem! Wee, wee die inwoners daarvan!" Sy waarskuwende stem is eers stilgemaak toe hy omgekom het in die beleering wat hy voorspel het.

Maar nie een Christen het in die verwoesting van Jerusalem omgekom nie. Christus het Sy dissipels gewaarsku, en almal wat Sy woorde geglo het, het gewag op die beloofde teken: "Wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingel sien," het Jesus gesé, "dan moet julle
[32] weet dat sy verwoesting naby is. Dan moet die wat in Judea is, na die berge vlug; en die wat in die stad is, moet uitgaan; en die wat in die buitewyke is, moet nie daar inkom nie." Lukas 21: 20. 21. Nadat die

Romeine onder Cestius die stad omsingel het. het hulle onverwags weer teruggetrek juis toe alles gunstig was vir 'n onmiddellike aanval. Die beleërdes. wat al hoop opgegee het op suksesvolle weerstand, was op die punt van oorgawe toe die Romeinse generaal sy magte teruggetrek het sonder enige skynbare rede. Maar hierdie dinge het deur Gods genadige voorsienigheid geskied vir die welsyn van Sy eie volk. Dit was die beloofde teken aan die wagtende Christene; en daar was geleentheid vir almal wat wou. om die Heiland se waarskuwing te gehoorsaam. Dinge het so gebeur dat nog Jode ncg Romeine die ontvlugting van die Christene sou verhinder. Met die terugtog van Cestius, het die Jode uit Jerusalem sy terugtrekkende leer agtervolg; en terwyl beide kante dus besig was, het die Christene geleentheid gekry om die stad te verlaat. In hierdie tyd ook, was die land vry van vyande wat hulle miskien kon onderskep. Tydens die beleëring was die Jode almal in Jerusalem vergader vir die Huttefees; dit het die Christene deur die hele land in staat gestel om onverhinderd te ontvlug. Sonder verwyl het hulle na 'n veiligheidsoord gevlug — die stad Pella in Perea, oorkant die Jordaan.

Die Joodse magte wat Cestius en sy leër agternagesit het. het hulle met sulke woede aangeval dat dié bedreig is met totale vernietiging. Dit was met groot moeite dat die Romeine in hulle aftog geslaag het. Onder die Jode was daar byna geen verliese nie, en met hulle buit het hulle triomfantlik na Jerusalem teruggekeer. Maar hierdie sukses het net onheil oor hulle gebring. Dit het hulle besiel met 'n gees van hardnekkige weerstand teen die Romeine wat spoedig die grootste ellende oor die gedoemde stad gebring het.

Vreeslik was die rampe wat Jerusalem getref het toe Titus die beleëring hervat het. Die stad is beleër tydens die Paasfees, toe miljoene Jode daar vergader het. Hulle kosvoorrade, sou. as dit verstandig bestee was, die inwoners vir jare kon voed: maar dit is vernietig deur die jaloesie en wraaksugtigheid van teenstrydige partye, en nou moes hulle al die ellende van hongersnood ondervind. [33]
'n Maat koring is vir 'n talent verkoop. So verskriklik was die honger dat mans hulle leergordels, hulle sandale, en die leer wat hulle skilde bedek het, gekou het. Menigtes het snags die stad verlaat om wilde plante te versamel wat buitekant die stad gegroei het, ten spyte van die feit dat baie van hulle gevange geneem en op die wreedste manier doodgemartel is; en dikwels is diegene wat die stad weer

in veiligheid bereik het, beroof van die plante wat hulle teen so groot gevaar gaan haal het. Die gesaghebbendes het oorgegaan tot die onmenslikste marteling om die skamele voorrade wat ander weggesteek het, in hande te kry. En dikwels is hierdie wreedhede begaan deur manne wat self goed gevoed was en wat maar net meer voedsel wou hê om weg te bêre vir die toekom:

Duisende het omgekom van honger en siekte. Dit het geskyn of natuurlike liefde gewyk het. Mans het hulle vrouens beroof, en vrouens hulle mans. Kinders het die voedsel weggegryp voor die mond van hulle bejaarde ouers. Die vraag van die profeet, ..Kan 'n vrou haar suigeling vergeet?" (Jes. 49: 15) is binne die mure van die gedoemdc stad beantwoord. "Die hande van teerhartige vroue het hulle eie kinders gekook; dit het hulle voedsel geword in die verbreking van die dogter van My volk." Klaag. 4: 10. Weer is die profesie vervul wat veertien eeue gelede gegee is: "Die vertroetelde en verwende vrou by jou wat van verwendheid en weekheid nooit probeer het om haar voetsool op die grond neer te sit nie haar oog sal die man wat sy liefhet en haar seun en haar dogter skeef aankyk, . . . en haar kinders wat sy baar; want sy sal dit stilletjies eet by gebrek aan alles in die beleëring en in die benoudheid waarin jou vyand jou in jou poorte sal bring." Deut. 28: 56, 57.

Die Romeinse leiers het probeer om die Jode die skrik op die lyf te ja en hulle dus tot oorgawe te dwing. Diegene wat weerstand gebied het by hulle gevangeneming, is gegesel, gemartel, en voor die stadsmuur gekruisig. Honderde is daeliks op hierdie manier om die lewe gebring, en hierdie vreeslike dade het aangehou totdat daar in die dal van Josafat en op Golgota so baie kruise gestaan het dat mens skaars tussen hulle kon beweeg. Só verskriklik was die oordeel
[34] wat die Jode oor hulleself uitgespreek het voor die regterstoel van
[35] Pilatus toe hulle gesê het: "Laat Sy bloed op ons en ons kinders kom!" Matt. 27: 25.

Titus sou maar baie graag die vreeslike toneel tot 'n einde gebring het, en dus Jerusalem 'n groot deel van die ellende bespaar het. Hy is met afsku vervul toe hy die liggame van die dooie op hope sien lê het in die valleie. Soos een in 'n droom het hy van die Olyfberg neergekyk op die pragtige tempel, en hy het bevel gegee dat geen steen daarvan aangeraak moes word nie. Vóór sy poging tot die verowering van hierdie vesting, het hy 'n emstige beroep op die

Joodse leiers gedoen om hom nie te dwing om die heilige plek met bloed te besoedel nie. As hulle sou uitkom om op enige ander plek le veg, sou geen Romein die heiligheid van die tempel skend nie. Josefus self het hulle, in 'n emstige oproep, gesmeek om oor te gee, om hulleself hulle stad, en hulle plek van aanbidding te red; maar sy woorde is begroet met bittere vloeke. Tenwyl hy, hulle middelaar, besig was om hulle te smeek, is daar met spiese na hom gegooi. Die Jode het die smekinge van die Seun van God verwerp en nou het die vermaning en smeking hulle net meer vasberade gemaak om tot die uiterste toe weerstand te bied. Tevergeefs was die pogings van Titus om die tempel te red; Iemand groter as hy het verklaar dat nie een steen op die ander gelaat sou word nie.

Die blinde hardnekkigheid van die Joodse leiers en die afskuwelike misdade wat binne die beleërde stad gepleeg is, het die Romeine met afsku en verontwaardiging vervul; en eindelik het Titus besluit om die tempel te bestorm. Hy het egter besluit om dit, indien moontlik, van verwoesting te red; maar sy bevele is veronagsaam. Ma hy vir die nag na sy tent gegaan het, het die Jode wat binne-in die tempel was, uitgestorm en die soldate aangeval. In die worsteling is 'n brandende fakkel deur een van die soldate deur 'n opening in die poort gegooi, en onmiddellik het die kamers rondom die tempel, wat met sederhout uitgevoer was, aan die brand geslaan. Titus het daarheen gehaas, gevolg deur generaals en soldate, en bevel is gegee aan die soldate om die vlamme te blus. Sy woorde was tevergeefs. In hulle woede het die soldate brandende fakkels in die kamers langsaan die tempel gegooi, en toe het hulle menigtes wat daar skuiling gesoek het met hulle swaarde om die lewe gebring. Bloed het van die [36]
tempeltrappe soos water afgevloei. Duisende en duisende Jode het daar omgekom. Bokant die gedruis van die stryd, is stemme gehoor wat geskree het, "Ikabot"—weg is die heerlikheid.

"Titus het dit onmoontlik gevind om die woede van die soldate in bedwang te hou; met sy offisiere het hy die binnekant van die heilige gebou gaan besigtig. Die heerlikheid het hulle met bewondering vervul; en daar die vlamme nog nie die heilige plek binnegedring het nie, het hy 'n laaste poging gemaak om dit te red; hy het die soldate toegeroep om die brand te blus. Die hoofman Liberalis het 'n poging gemaak om die soldate met die staf van sy amp tot gehoorsaamheid te dwing; maar selfs respek vir die keiser moes

wyk voor hulle vurige haat teen die Jode, die opwinding van die stryd, en die onversadigbare hoop op plunder. Die soldate het gesien dat alles rondom hulle blink van goud wat geskitter het in die lig van die vlamme; hulle het gemeen dat daar onberekenbare skatte in
[37] die heiligdom gebêre was. ‘n Soldaat het onopgemerk ‘n brandende fakkel tussen die skarniere en die deur gesteek: dadelik was die hele gebou in ligte laai. Die verblindende rook en vlamme het die offisiere gedwing om te vlug, en die pragtige gebou is aan sy lot oorgelaat.

“Vir die Romeine was dit ‘n ontsettende skouspel — wat moes dit nie vir die Jode gewees het nie? Die hele top van die berg bokant die stad het soos n vulkaan gebrand. Een na die ander het die geboue ingestort, met ‘n vreeslike slag, en is hulle deur die vlamme opgeswelg. Die plafonne van sederhout was die ene vlamme; die vergulde torings het geblink in die rooi lig; die toring by die poorte het lang kolomme vlamme en rook laat opstyg. Die berge in die nabyheid was verlig; en groepe mense het die verwoesting in vreeslike angs aanskou. Die mure en die hoogtes van die bo-stad was vol mense, sommige bleek van verdriet en wanhoop, en ander vol wraaksugtigheid. Die geskree van die Romeinse soldate soos hulle heen en weer gehardloop het, en die gekerm van diegene wat in die vlamme omgekom het, is vermeng met die geraas van vlamme en die donderslae van vallende timmerwerk. Die berge het weergalm van die krete van die mense op die hoogtes; orals op die mure is hulle geskree gehoor; mense wat byna uitgehonger was, het met hulle laaste krag probeer om ‘n angskreet te uiter.

“Die slagting binnekant was nog ontsettender as die skouspel daarbuite. Manne en vroue, oud en jonk, opstandelinge en priesters, diegene wat geveg het en almal wat om genade gesmeek het, is tesame neergevel in ‘n slagting voor die voet. Die getal van dooies het die lewendes oortref. Die soldate moes oor hope dooies klim om hulle slagting voort te sit.” Milman, “History of the Jews,” boek 16.

Na die verwoesting van die tempel, was die stad sommer gou in die hande van die Romeine. Die Joodse leiers het hulle oninneembare torings verlaat, en Titus het hulle verlate aangetref. Hy het hulle met verbasing aanskou en verklaar dat God hulle in sy hande oorgegee het; want geen oorlogstuig, hoe magtig ook, kon daardie sterk vestings inneem nie. Beide die stad en die tempel is tot

hulle fondamente toe verwoes, en die grond waar die tempel gestaan het, is "soos 'n land omgeploeg." Jer. 26: 18. In die beleëring en [38] slagting wat daar gevolg het, het meer as n miljoen mense omgekom; die oorlewendes is as gevangenes weggevoer, as slawe verkoop, na Rome gesleep as bewys van die veroweraar se triomf, vir die wilde diere gegooi in die amfiteater, of hulle het daklose omswerwers op die aarde geword.

Die Jode het hulle eie kettings gesmee; hulle het self hulle beker van grimmigheid volgemaak. In die totale verwoesting wat hulle getref het as volk, en in al die ellendes wat hulle agtervolg het in hulle verstrooiing, het hulle slegs die oes ingesamel van wat hulle self gesaai het. Die profeet het gesê, "Dit is jou verderf, o Israel;" "want jy het gestruikel deur jou ongeregtigheid." Hosea 13: 9; 14: 2. Hulle lyding is dikwels beskryf as straf wat regstreeks op bevel van God oor hulle gekom het. Dit is op hierdie manier dat die groot bedrieër trag om sy eie werk te bedek. Deur hulle hardnekkige verwerping van goddelike liefde en genade, was die Jode oorsaak dat die beskerming van God aan hulle onttrek is, en Satan is toegelaat om na willekeur oor hulle te heers. Die verskriklike wreedhede [39] tydens die verwoesting van Jerusalem is 'n voorbeeld van Satan se wraaksugtige mag oor diegene wat hulle aan hom oorgee.

Ons sal nooit weet wat ons aan Christus verskuldig is vir die vrede en beskerming wat ons geniet nie. Dit is die weerhoudende krag van God wat die mensdom bewaar dat hulle nie heeltemal onder die mag van Satan kom nie. Die ongehoorsames en ondankbares het baie stof tot dankbaarheid vir Gods genade en Sy lankmoedigheid waar Hy die wrede, kwaadwillige mag van die bose in bedwang hou. Maar wanneer die mens die perke van goddelike verdraagsaamheid oorskry, word Sy weerhoudende krag teruggetrek. God staan nie teenoor die sondaar as laksman om die vonnis op sy oortreding te voltrek nie; maar Hy laat die verwerpers van Sy genade aan hulleself oor, om in te oes wat hulle gesaai het. Elke ligstraal wat verwerp is. elke waarskuwing wat veronagsaam is, elke drif waaraan toegegee is, elke oortreding van die wet van God, is saad wat gesaai is en wat gewis 'n oes sal oplewer. Die Gees van God, steeds weerstaan, word eindelik aan die sondaar onttrek, en dan is daar geen mag om die bose drifte van die siel in bedwang te hou, en daar is geen beskerming teen die kwaadwilligheid en vyandigheid van Satan

nie. Die verwoesting van Jerusalem is 'n vreeslike waarskuwing aan almal wat die aanbod van goddelike genade en die smeking van goddelike barmhartigheid lig opneem. Xog nooit is daar sterker bewys gegee van Gods haat teen die sonde, en van die gewisse straf wat die skuldiges sal tref nie.

Die Heiland se profesie aangaande die straf op Jerusalem sal nog 'n ander vervulling hê, waarvan daardie eerste verwoesting slegs 'n floue skaduwee was. In die lot wat die uitverkore stad getref het, moet ons die verdoemenis van 'n wêreld sien wat Gods genade verwerp en Sy wet vertrap het. Vreeslik is die beskrywings van menslike ellende wat op die aarde plaasgevind het gedurende die lang eeue van misdaad. Mens hart beswyk as jy daaroor dink. Vreeslik was die gevolge van die verwerping van die gesag van die hemel. Maar in die openbarings aangaande die toekoms word daar nog ontsettender tonele geskilder. Die oorkondes van die verlede, — die oproer, die
[40] stryd, die om- wentelings — wat is hierdie dinge vergeleke met die verskrikkinge van daardie dag wanneer die weerhoudende Gees van God heeltemal aan die goddelose onttrek is, en nie langer meer die uitbarsting van menslike drifte en sataniese woede in bedwang hou nie! Dan sal die wêreld, soos nog nooit tevore nie, die uitwerking van Satan se regering sien.

Maar in daardie dag, net soos tydens die verwoesting van Jerusalem, sal Gods volk verlos word — almal wat onder die lewendes is. Christus het verklaar dat Hy vir die tweede maal sal kom om Sy getroues te versamel: "En dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met grote krag en heerlikheid. En Hy sal Sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal Sy uitverkorenes bymekaarmaak uit die vier windstreke, en van een end van die hemel tot by die ander end daarvan." Matt. 24: 30, 31. Dan sal diegene wat die evangelie nie gehoorsaam het nie, met die asem van die Here en deur die verskyning van Sy wederkoms verdelg word. (2 Thess. 2: 8.) Soos die Israeliete vanouds, sal die goddelose hulleself vernietig;
[41] hulle sal omkom weens hulle eie sonde. Deur 'n lewe van sonde, het hulle hulleself van God verwyder, en is hulle so deur die sonde verlaag dat Sy verskyning en heerlikheid vir hulle soos 'n verterende vuur is.

Laat almal oppas dat hulle nie die les vergeet wat in die woorde van Christus bevat is nie. Xet soos Hy Sy dissipels gewaarsku het aangaande die verwoesting van Jerusalem, en hulle n teken gegee het van die aanstaande ramp sodat hulle kon vlug; so ook het Hy die wêreld gewaarsku van die uiteindelike verwoesting, en Hy het hulle tekens gegee wat die nabyheid daarvan sou aandui, sodat hulle kan vlug vir die komende grimmigheid. Jesus het gesê, "Daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies." (Lukas 21:25; Matt. 24: 29; Markus 13: 24-26; Openb. b: 12-17.) Diegene wat hierdie tekens van Sy koms sien, moet weet "dat dit naby is, voor die deur." Matt. 24: 33. "Waak dan," het Hy hulle vermaan. Diegene wat agslaan op hierdie waarskuwing sal nie in duisternis gelaat word nie, sodat daardie dag nie onverwags oor hulle kom nie. Maar op diegene wat nie waak nie, sal die "dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag." 1 Thess. 5: 2-5.

Net so min as die Jode die Heiland se waarskuwing aangaande Jerusalem wou aanneem, net so min wil die wêreld vandag die boodskap vir hierdie tyd aanneem. Wanneer dit ookal kom, sal die dag van die Here onverwags op die goddelose kom. Terwyl die lewe soos gewoonlik voortgaan, terwyl die mense in beslaggeneem is deur plesier, hulle besigheid, handel, en geldmakery; terwyl godsdienstige leiers die vooruitgang en verligting van die wêreld besing, en die mense in 'n valse gerustheid sus — dan, net soos die dief te middernag stilletjies die onbewaakte woning binnesluip, sal skielike verderf kom oor die onverskilliges en goddelose, "En hulle sal nie ontvlug nie." 1 Thess. 5: 3. [42]

[43]

## Hoofstuk 2—Vervolging In Die Eerste Eeue

TOE Jesus die lot van Jerusalem en die tonele van Sy tweede koms aan Sy dissipels geopenbaar het, het Hy ook die wedervarings van Sy volk voorspel, van Sy hemelvaart tot by Sy wederkoms in krag en heerlikheid om hulle te verlos. Van die Olyfberg het die Heiland die storms gesien wat die apostoliese kerk sou tref; en waar Hy nog dieper in die toekoms gekyk het, het Sy oë die verwoestende storms gesien wat sou woed teen Sy navolgers in die komende eeue van duisternis en vervolging. In 'n paar kort sinne van die grootste betekenis, het Hy die beker voorspel wat die regeerders van hierdie wêreld aan die kerk van God sou gee om te drink. (Matt. 24: 9, 21, 22.) Die navolgers van Christus sou dieselfde weg van vernedering, verwyt, en lyding bewandel as hulle Meester. Die vvandigheid wat teen die verlosser van die wereld losgebars het, sou ondervind word
[44] deur almal wat in Sy naam glo.

Die geskiedenis van die vroeë kerk het die waarheid bewys van die Heiland se woorde. Die magte van die aarde en die hel het teen Christus opgetree deur Sy navolgers te vervolg. I'aganisme het besef dat as die evangelie die oorwinning sou behaal, sy tempels en altare weggeveeg sou word; daarom het hy al sy kragte aangemonster om die Christendom te vernietig. Die vuur van vervolging is aangesteek. Christene is beroof van hulle besittings, en is van hulle huise verdryf. Hulle het ..groot lydensworsteling deurstaan." Heb. 10: 32. Hulle moes ..die proef van bespottinge en geselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis. Heb. 11: 36. Menigtes het hulle belydenis verseël met hulle bloed. Edelman en slaaf, ryk en arm, geleerd en ongeleerd, almal is sonder genade om die lewe gebring.

Hierdie vervolgings, wat 'n aanvang geneem het onder Nero omtrent die tyd toe Paulus die marteldood gesterf het, het vir eeue met minder of meerder woede voortgeduur. Christene is vals beskuldig van die vreeslikste misdade, en hulle is beskuldig dat hulle die oorsaak was van die groot rampe soos hongersnood, pessiektes en aardbewings. Hulle was die voorwerpe van haat en agterdog,

en nuusdraers was altyd gereed om vir geld onskuldiges te verraai. Hulle is veroordeel as oproermakers teen die ryk, as vyande van die godsdiens, en as 'n pes vir die samelewing. Menigtes is vir wilde diere gegooi of lewendig verbrand in die amfiteaters. Sommige is gekruisig; ander is bedek met die velle van wilde diere en in die arena geplaas om deur honde verskeur te word. Hulle straf het dikwels gedien as die vernaamste vermaaklikheid op openbare feesdae. Groot skares het saamgedrom om die toneel te aanskou, en hulle het die doodsangs van die Christene met gelag en gejuig aanskou.

Waar hulle ookal skuiling gesoek het, is daar op die Christene jag gemaak soos op roofdiere. Hulle is geforseer om skuiling te soek in verlate en eensame plekke. "Hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel — die wêreld was hulle nie werd nie hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond." Heb. 11: 38. Die katakombes het skuiling verleen aan duisende. Onder die berge buitekant die stad van Rome, is lang gange gegrawe deur die grond en rotse; hierdie donker en ingewikkelde netwerk het [45] vir myle gestrek buitekant die stadsmure. In hierdie ondergrondse skuilplekke het die navolgers van Christus hulle dode begrawe; en hier ook, wanneer hulle verdink of in die ban gedoen is, het hulle skuiling gevind. Wanneer die Lewegewer eendag diegene opwek wat die goeie stryd gestry het, sal menige martelaar wat gesterf het vir die ontwil van Christus, voortkom uit hierdie donker plekke.

Onder die kwaaiste vervolging, het hierdie getuies van Jesus hulle geloof onbevlek bewaar. Hoewel hulle beroof is van alle geriewe. opgesluit weg van die sonlig, en hulle in die donker maar vriendelike skoot van die aarde 'n tuiste moes vind, het hulle nooit gekla nie. Met woorde van geloof, lydsaamheid, en hoop, het hulle mekaar bemoedig om die ontbering en ellende te verdra. Die verlies van alle aardse seëninge kon hulle nie dwing om hulle geloof in Christus op te gee nie. Versoekings en vervolgings was slegs dinge wat hulle nader gebring het aan hulle rus en hulle loon.

Soos Gods diensknegte vanouds is vele van hulle gefolter, en ..hulle wou geen bevryding aanneem nie om 'n beter opstanding te kan verkry." Heb. 11: 35. Hulle het gedink aan die woorde van hulle Meester, wat gest* het dat as hulle vervolg word vir Sy ontwil, moes hulle bly wees omdat hulle loon in die hemel groot sou wees; want net so ook is die profete voor hulle vervolg. Hulle was bly dat

hulle waardig geag is om vir die waarheid te ly; en te midde van die vlamme het daar oorwinningsliedere opgestyg. In geloof na omhoog sienrle, het hulle Christus en engele gesien wat hulle met die grootste belangstelling gadegeslaan en hulle standvastigheid goedgekeur het. ‘n Stem is van die troon van God gehoor, “wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.” Openb. 2: 10.

Tevergeefs was Satan se pogings om die kerk van Christus deur geweld te vernietig. Die groot stryd waarin die dissipels van Jesus hulle lewens opgeoffer het, het nie opgehou toe die getroue vaandeldraers op hulle poste geval het nie. Deur hulle neerlaag het hulle oorwin. Gods werkers is om die lewe gebring, maar Sy werk het steeds voortgegaan. Die evangelie het steeds uitgebrei. en die ge-
[46] tal gelowiges het vermeerder. Dit het deur- gedring tot plekke wat onbereikbaar was selfs vir die arend van Rome. Aan die heidense regeerders wat aangedring het op die voortsitting van die vervolging, het n Christen gesê. Julle mag “ons doodmaak, ons martel, ons veroordeel . . . julle onregverdigheid is bewys van ons onskuld . . . en julle wreedheid ... sal julle niks help nie.” Die vervolging het slegs gedien as ‘n sterker uitnodiging om ander tot die geloof oor te haal. “Hoe meer julle ons afmaai, hoe meer sal ons getalle uitbrei; die bloed van Christene is saad.”—Tertullianus se Apologie, para. 50 (Litgawe T. en T. Clark, 1869).

Duisende is in die gevangenis gewerp en om die lewe gebring; maar ander het hulle plekke ingeneem. Almal wat vir hulle geloof die marteldood gesterf het, was veilig in Christus, en hulle is deur Hom beskou as oorwinnaars. Hulle het die goeie stryd van geloof gestry, en hulle sal die kroon van die heerlikheid ontvang wanneer Christus kom. Die lyding wat hulle verduur het, het die Christene nader aan mekaar en aan hulle Yerlosser gebring. Hulle lewende voorbeeld en hulle dood was ‘n gedurige getuienis vir die waarheid; en waar dit die minste verwag was, het Satan se onderdane sy diens verlaat en hulle onder die banier van Christus geskaar.

Om hierdie rede het Satan suksesvoller strydplanne teen die regering van God gemaak, deur sy banier in die Christelike kerk op te rig. As die navolgers van Christus kon bedrieg word, en gelei word om God te mishaag, dan sou hulle krag, volharding, en standvastigheid beswyk, en sou hulle ‘n makliker prooi word.

Die groot teenstander het nou probeer om deur lis te verkry wat hy nie deur geweld kon verkry nie. Die vervolging het opgehou, en in die plek daarvan is die gevaarlike verloklikheid van tydelike voorspoed en wêreldlike eer gestel. Afgodedienaars is gelei om die Christelike geloof gedeeltelik aan te neem, terwyl hulle sommige van die vernaamste waarhede verwerp het. Hulle het voorgegee om Jesus aan te neem as die Seun van God. en om in Sy dood en opstanding te glo; maar by hulle was daar geen oortuiging van sonde nie, en hulle het geen behoefte gevoel aan bekering en verandering van die hart nie. Met sommige toegewings aan hulle kant, het hulle voorgestel dat die Christene ook toegewings moes maak, sodat hulle [47] almal kon verenig op die platform van geloof in Christus.

Nou het die kerk in die allergrootste gevaar verkeer. Die gevangenis, marteling, vuur en swaard was seëninge vergeleke hiermee. Sommige van die Christene het vasgestaan, en verklaar dat daar geen kompromis kon wees nie. Ander was ten gunste daarvan om sekere punte van hulle geloof te wysig, en om te verenig met diegene wat die Christelike geloof gedeeltelik aangeneem het; hulle het aangevoer dat dit miskien die middel kon wees tot ‘n volkome bekering. Dit was ‘n tyd van groot angs vir die getroue navolgers van Christus. Onder ‘n dekmantel van Christelikheid, het Satan die kerk op listige wyse binnegedring, om die geloof van die gelowiges te besoedel en hulle harte af te keer van die woord van waarheid.

Eindelik het meeste van die Christene ingestem om hulle standaard te verlaag. en daar het ‘n vereniging tot stand gekom tussen die Christelike geloof en Paganisme. Hoewel die aanbidders van afgode voorgegee het dat hulle bekeerd was, en by die kerk aangesluit het, het hulle nog vasgehou aan hulle afgodediens met die verskil dat hulle die voorwerpe van hulle aanbidding verander het in beelde van Jesus, en selfs van Maria en die heiliges. Hierdie besoedelende suurdeeg van afgodediens wat in die kerk ge-bring is, het sy verderflike werk voortgesit. Verkeerde leerstellings, rites van bygeloof, en afgodiese seremonies is opgeneem in sy belydenis en godsdiens. Namate die navolgers van Christus verenig het met afgodedienaars, is die Christelike geloof besoedel, en die kerk het sy reinheid en krag verloor. Daar was sommige, egter. wat nie deur hierdie dwalings mislei is nie. Hulle het steeds hulle getrouheid aan die Bewerker van die waarheid gehandhaaf, en God alleen aanbid.

Die navolgers van Christus was maar altyd in twee klasse verdeel. Terwyl die een klas die lewe van die Heiland bestudeer en ernstig trag om hulle eie lewens in ooreenstemming te bring met die Voorbeeld, verwerp die ander klas die duidelike, praktiese waarhede wat hulle dwalings openbaar. Selfs op sy beste, bestaan die kerk nooit heeltemal uit ware, reine, opregte gelowiges nie. Ons Heiland
[48] het geleer dat diegene wat moeds- willig die sonde doen nie in die
[49] kerk moes opgeneem word nie; maar nogtans het Hy Self manne aangeneem met gebrekkige karakters en hulle die voordeel gegee van Sy leerstellings en voorbeeld, sodat hulle 'n kans kon he om hulle eie foute te sien en reg te maak. Onder die twaalf apostels was daar 'n verraaier. Judas is aangeneem. nie om die gebreke in sy karakter nie, maar ten spyte daarvan. Hy was saam met die dissipels, sodat hy deur die onderrig en voorbeeld van Christus, kon leer wat 'n Christelike karakter is, om sodoende daartoe gebring te word om sy foute te sien. hom te bekeer, en deur goddelike genade sy siel te reinig "deur gehoorsaamheid aan die waarheid." Maar Judas het nie gewandel in die lig wat so genadiglik op hom geskyn het nie. Deur volharding in die sonde het hy die versoekings van Satan uitgelok. Sy sondige karaktereienskappe het die oorhand gekry. Hy het sy hart gestel onder die beheer van die magte van duisternis, en hy het kwaadgeword toe sy foute bestraf is. Op hierdie manier is hy gelei om daardie vreeslike misdaad te pleeg deur Sy Meester te verraai. So ook haat almal wat boosheid koester onder 'n dekmantel van godsdiens, diegene wat hulle sondes be-straf. As die geleentheid hom aanbied, sal hulle ook net soos Judas, diegene verraai wat hulle wou reghelp.

In die kerk het die apostels mense teëgekom wat onder 'n dekmantel van godsdiens sonde in die geheim gekoester het. Ananias en Saffira was bedreërs wat voorgegee het dat hulle al hulle besittings aan God gegee het, terwyl hulle 'n deel vir hulleself uitgehou het. Die Gees van waarheid het die ware karakter van hierdie bedrieërs aan die apostels geopenbaar, en die oordele van God het die kerk bevry van hierdie klad op sy reinheid. Hierdie merkwaardige bewys van die onderskeidende Gees van Christus wat op die kerk uitgestort is, het vrees ingeboesem by huigelaars en boosdoeners. Hulle kon nie lank bly onder diegene wat van natuur en gewoonte verteenwoordigers van Christus was nie; en namate beproewing en versoeking

oor Sy navolgers gekom het, het slegs diegene wat gewillig was om alles vir die waarheid op te gee, begeer om sy dissipels te word. Solank dus, as die vervolging aangehou het, het die kerk min of meer rein gebly; maar toe die vervolging opgehou het, is daar bekeerlinge [50] gemaak wat minder opreg en toegewyd was, en dit het vatkans aan Satan gegee.

Maar daar is geen verbintenis tussen die Vors van lig en die vors van duisternis nie, en daar kan ook geen vereniging wees tussen hulle navolgers nie. Toe die Christene ingestem het om te verenig met diegene wat maar half bekeerd was van Paganisme, het hulle 'n weg ingeslaan wat hulle steeds verder en verder van die waarheid gelei het. Satan was bly dat hy daarin geslaag het om so 'n groot aantal van die navolgers van Christus te bedrieg. Hy het toe groter krag uitgeoefen op hierdie mense, en hulle beweeg om diegene te vervolg wat getrou aan God gebly het. Niemand het so goed geweet hoe om die ware Christelike geloof te bestry as diegene wat dit eers verdedig het nie. En hierdie afvallige Christene, in vereniging met hulle halfbekeerde paganistiese broeders, het die stryd gevoer teen die belangrikste leerstellings van Christus.

Dit het 'n verskriklike stryd gekos vir diegene wat getrou wou bly om te blystaan teen die bedrog en verfoeisels wat vermom en in priesterlike gewaad en in die kerk ingevoer is. Die Bybel is nie aangeneem as die maatstaf van geloof nie. Die leerstelling van godsdiensvryheid is bestempel as kettery, en die voorstanders daarvan is gehaat en uitgewerp.

Na 'n lange en felle stryd, het die klein klompie getroues besluit om af te skei van die afvallige kerk as laasgenoemde sou weier om homself te reinig van valsheid en afgodediens. Hulle het besef dat afskeiding absoluut nodig was as hulle die woord van God wou gehoorsaam. Hulle kon nie langer dwaalleer gedoog wat noodlottig was vir hulle eie siele en wat 'n voorbeeld gestel het wat die geloof van hulle kinders en kindskinders in gevaar sou bring nie. Vir die ontwil van vrede en eenheid was hulle gewillig om enige toegewing te maak wat nie hulle getrouheid aan God aangetas het nie; maar hulle het gevoel dat vrede wat gekoop is ten koste van beginsel te duur was. As eenheid moes verkry word deur waarheid en geregtigheid te kompromitteer, dan moes daar maar verskil en selfs oorlog wees.

Dit sou baie goed wees vir die kerk en die wêreld as die beginsels
[51] wat hierdie standvastige mense besiel het, weer kon her- lewe in die harte van Gods volk. Daar is ‘n ontsettende onverskilligheid ten opsigte van die leerstellings wat as pilare van die Christelike geloof dien. Die mening vat pos dat hierdie dinge nie eintlik van lewensbelang is nie. Hierdie ontaarding versterk die hande van die werktuie van Satan, sodat valse teorieë en gevaarlike misleidings, wat deur die gelowiges in die verlede met lewensgevaar aan die kaak gestel is, nou met goedkeuring bejeën word deur duisende wat voorgee om navolgers van Christus te wees.

Die vroeë Christene was inderwaarheid ‘n eienaardige volk. Hulle onbesproke gedrag en onwrikbare geloof was ‘n gedurige bestrafhng wat die vrede van die sondaars verstoor het. Hoewel klein in getal, sonder rykdom, posisie, of eretitels, was hulle ‘n verskrikking vir boosdoeners orals waar hulle karakter en leerstellings bekend was. Daarom was hulle deur die goddelose gehaat net soos Abel deur die goddelose Kain gehaat is. Om dieselfde rede waarom Kain vir Abel doodgeslaan het, het diegene wat die weerhoudende krag van die Heilige Gees afgewerp het, ook Gods volk om die lewe gebring. Dit was om dieselfde rede dat die Jode die Heiland verwerp en gekruisig het, naamlik omdat die reinheid en heiligheid van Sy karakter ‘n gedurige bestraffing was van hulle selfsug en verdorwenheid. Van die dae van Christus tot vandag, het Sy getroue dissipels die haat en teensland opgewek van diegene wat die weë van die sonde liefhet.

Hoe dan, kan die evangelie ‘n boodskap van vrede genoem word? Toe Jesaja die geboorte van die Messias voorspel het, het hy Hom genoem “Vredevors.” Toe die engele die geboorte van Christus aan die skaapwagters bekend gemaak het, het hulle as volg bokant die vlaktes van Betlehem gesing: “Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense ‘n welbehae!” Lukas 2: 14. Daar is ‘n skynbare weerspreking tussen hierdie profetiese woorde en die woorde van Christus, “Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.” Matt. 10: 34. Maar reg verstaan, is hierdie woorde in volkome ooreenstemming. Die evangelie is ‘n boodskap van vrede. Die Christelike geloof, as dit aangeneem en gehoorsaam word, sou vrede, eensgesindheid en geluk oor die aarde versprei. Die
[52] godsdiens van Christus sal almal wat dit aanneem in ‘n broederskap verenig. Die sending van Jesus was om mense met God en met

mekaar te versoen. Maar die wêreld oor die algemeen is onder die beheersing van Satan, Christus se bitterste vyand. Die evangelie openbaar aan hulle lewensbeginsels wat heeltemal in stryd is met hulle gewoontes en begeertes, en hulle kom in opstand daarteen. Hulle haat die reinheid wat hulle sondes openbaar en veroordeel en hulle vervolg en vernietig diegene wat by hulle aandring om die evangelie aan te neem. Dit is in hierdie sin dat die evangelie 'n swaard genoem word.

Die feit dat God toelaat dat die regverdiges deur die goddelose vervolg word, is iets wat baie swakkes in die geloof nie kan verstaan nie. Sommige is selfs gereed om hulle vertroue in God te laat vaar, omdat Hy toelaat dat selfs die slegste mense voorspoedig is, terwyl die beste en reinste Christene deur hulle vervolg en getrotseer word. Hoe, vra hulle, kan Iemand wat regverdig en genadig is, en wat oneindig in mag is, sulke ongeregtigheid en verdrukking verdra? Dit is 'n vraag waarmee ons niks te doen het nie. God het ons genoeg bewyse gegee van Sy liefde, en ons moet nie Sy goedheid betwyfel omdat ons nie Sy werkinge verstaan nie. Die Heiland wat die twyfel vooruitgesien het wat hulle in die dae van beproewing en donkerheid sou oorval, het aan Sy dissipels gesê: "Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: 'n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg." Joh. 15: 20. Jesus het vir ons gely meer as enige van Sy navolgers ooit moes ly deur die wreedheid van goddelose mense. Diegene wat marteling en die marteldood moes sterf, het slegs gevolg in die voetstappe van Gods geliefde Seun.

"Die Here vertraag nie die beloftes" nie. 2 Petrus 3: 9. Hy vergeet of verwaarloos nie Sy kinders nie; maar Hy laat die goddelose toe om hulle ware karakter te openbaar, sodat niemand wat begeer om Sy wil te doen, aangaande hulle bedrieg kan word nie. En dan weer word die regverdiges in die smeltkroes geplaas, sodat hulle gereinig kan word; sodat hulle voorbeeld ander kan oortuig van die werklikheid van geloof en godsvrug; en sodat hulle standvastige lewe die goddelose en ongelowiges mag veroordeel. [53]

God laat die goddelose toe om voorspoedig te wees en hulle vyandigheid teenoor Hom te openbaar, sodat wanneer hulle beker van ongeregtigheid vol is, almal Sy regverdigheid en genade kan sien in hulle volkome vernietiging. Die dag van Sy wraak nader

spoedig, wanneer almal wat Sy wet oortree het en Sy volk verdruk het, regverdige vergelding sal ontvang vir hulle dade, en wanneer elke wrede en onregverdige daad teenoor Gods getroue kinders gestraf sal word asof dit aan Christus Self geskied het.

Daar is ‘n ander en belangriker vraag wat die aandag van die kerke vandag inbeslag moet neem. Die apostel Paulus sê: “Almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word.” 2 Tim. 3: 12. Waarom is dit dan dat dit skyn of vervolging in ‘n groot mate gestaak is? Die enigste rede is dat die kerk gelykvormig geword het aan die wêreld, en daarom geen teenstand uitlok nie. Die godsdiens wat ons vandag sien, is nie daardie reine en heilige soort wat die Christelike geloof gekenmerk het in die dae van Christus en Sy apostels nie. Dit is slegs omdat daar ‘n kompromis aangegaan is met die sonde, omdat die groot waarhede van die woord van God so veronagsaam is, en omdat daar so min ware godsaligheid in die kerk is, dat die Christelike geloof so gewild is by die wêreld. Laat daar ‘n herlewing kom van die geloof en krag van die vroeë kerk, en die gees van vervolging sal weer herleef, en die vure van die brandstapel
[54] sal weer opvlam.

[55]

# Hoofstuk 3—Die Vroee Christelike Kerk

IN sy tweede brief aan die Thessalonicense het die apostel Paulus die groot afval voorspel wat daar sou kom met die opkoms van die Pousdom. Hy het verklaar dat die dag van Christus nie sou kom aleer die groot afval gekom het nie: "Want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo elkeen wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is." 2 Thess. 2: 3, 4. En wat meer is, die apostel het sy broeders gewaarsku: "Die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk." 2 Thess. 2: 7. Selfs in daardie tyd al, het hy gesien hoedat die dwaalleer die kerk binnesluip wat die weg vir die ontwikkeling van die Pousdom sou berei.

Trapsgewyse, eers stil en sluipend, en dan openlik, namate dit in krag en beheersing oor die verstand van mense toegeneem het, sou die verborgenheid van ongeregtigheid sy bedrog en godslasterende werk voortsit. Byna ongemerk het heidense gewoontes die Christelike kerk binnegekom. Kompromis en gelykvor- migheid [56]
aan die wêreld is vir 'n tyd teengehou deur die vreeslike vervolgings wat die kerk van Paganisme verduur het. Maar namate die vervolging opgehou het, en die Christelike geloof die paleise van konings binnegedring het. het die kerk die nederige eenvoud van Christus en Sy apostels versaak vir die prag en praal van heidense priesters en heersers. In die plek van die dinge wat God beveel het, is menslike teorieë en oorlewerings aangeneem. Die sogenaamde bekering van Konstantyn in die begin van die vierde eeu, het groot blydskap verwek; en die wêreld het, geklee in 'n vorm van geregtigheid, die kerk binnegestap. Nou het die verdorwenheid vinnig toegeneem. Paganisme, terwyl dit geskyn het of dit oorwin is, het oorwinnaar geword; sy gees het die kerk beheers; sy leerstellings, seremonies, en bygeloof is opgeneem in die geloof en godsdiens van die sogenaamde navolgers van Christus.

Hierdie kompromis tussen Paganisme en die Christelike geloof het die "mens van sonde" as gevolg gehad, wat volgens die profesie homself as teenstander bokant God sou verhef. Hierdie reusestelsel van valse godsdiens is 'n meesterstuk van Satan se mag—'n monument aan sy pogings om self die troon te bestyg om die aarde volgens sy wil te regeer.

Satan het eentyd probeer om 'n kompromis met Christus aan te gaan. In die woestyn van versoeking het hy na die Seun van God gekom, en nadat hy al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid aan Hom gewys het, het hy aangebied om alles aan Hom oor te gee as Hy maar net die oppermag van die vors van duisternis sou erken. Christus het die aanmatigende versoeker bestraf en hom gedwing om weg te gaan. Maar waar Satan dieselfde versoekings aan mense bring, het hy meer sukses. Ten einde wêreldlike voordeel en eer te verkry, is die kerk daartoe gebring om die guns en ondersteuning van die groot manne van die aarde te soek; en nadat sy Christus venwerp het, is sy beweeg om haar te onderwerp aan die verteenwoordiger van Satan, die biskop van Rome.

Dit is een van die vernaamste leerstellings van die Roomse geloof dat die Pous die sigbare hoof van die algemene kerk van Christus is,
[57] beklee met oppergesag oor biskoppe en leraars in alle dele van die wêreld. En wat meer is, die titels van die Godheid is aan die Pous gegee. Hy is genoem "Here God die Pous," en word as onfeilbaar beskou. Hy maak aanspraak op die eerbetoning van alle mense. Dieselfde aanspraak wat Satan in die woestyn van versoeking gemaak het, maak hy vandag nog deur die Kerk van Rome, en menigtes is bereid om aan hom eer te bewys. (Sien Aanhangsei.)

Maar diegene wat God vrees en eer, beantwoord hierdie hemeltergende aanmatiging soos Christus die van die listige vyand beantwoord het: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." Lukas 4: 8. God het nooit iets in Sy woord gerep dat Hy 'n mens aangestel het as hoof van die kerk nie. Die leerstelling van pouslike opperheerskappv bots regstreeks met die leer van die Skrifte. Die Pous het geen mag oor die kerk van Christus behalwe die wat hy verkry het deur middel van onwettige toeëiening nie.

Die Katolieke hou vol met die beskuldiging teen Protestante, van kettery en van moedswillige afskeiding van die ware kerk; maar hierdie beskuldigings is eerder op hulleself van toepassing. Hulle is

die mense wat die banier van Christus laat sak en afgewyk het van die “Geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.” Judas 3.

Satan het goed geweet dat die Heilige Skrifte mense sou verlig om sy bedrog te sien en om sy mag te weerstaan. Dit was deur die Woord dat selfs die Verlosser van die wêreld sy aanvalle afgeslaan het. Met elke aanval het Christus die skild van ewige waarheid opgehef, en gesê, ,.Daar is geskrywe.” Elke voorstel wat die vyand gemaak het. het Hy beantwoord met die wysheid en krag van die Woord. Om sy heerskappy oor die mense te handhaaf, asook die gesag van die pouslike indringer, moet hy hulle onkundig hou aangaande die Skrifte. Die Bybel verhef God. en plaas die mens in sy ware posisie; daarom moes die heilige waarhede van die Woord bedek en onderdruk word. Dit is die logika van die Roomse Kerk. Vir honderde jare is die verspreiding van die Bybel verbied. Die mense is verbied om dit te lees of in hulle huise te hê; en gewetelose priesters en prelate het die leerstellings daarvan vertolk om hulle eie aanmatigings te staaf. As gevolg hiervan is die Pous byna algemeen [58]
erken as die plaasvervanger van God op die aarde, beklee met gesag oor kerk en staat.

Met die openbaarder van dwaalleer uit die weg geruim, kon Satan na willekeur werk. Die profesie het verklaar dat die pousdom sou probeer “om tye en wet te verander. Dan. 7:25. Hy het ook nie lang gewag om dit te probeer nie. Om aan die bekeerlinge uit die heidendom iets te gee in die plek van die afgode wat hulle aanbid het, en om hulle uiterlike aanname van die Christelike geloof te vergemaklik, is die verering van beelde en relikwieë trapsgewyse in die Christelike godsdiens ingevoer. ‘n Dekreet van ‘n algemene vergadering het eindelik hierdie stelsel van afgodery bekragtig. Om sy heiligskennis te voltooi, het Rome hom aangematig om die tweede gebod uit die wet van God te verwyder, naamlik die gebod wat die aanbidding van beelde verbied; en van die tiende gebod het hulle twee gebooie gemaak om die getal tien te bewaar. (Sien Aanhangsei.)

Hierdie gees van toegewing aan Paganisme het die weg geopen vir ‘n nog groter veronagsaming van die gesag van die Hemel. Satan, werkende deur ontoegewyde leiers van die kerk, het sy hande ook aan die vierde gebod geslaan, en probeer om die outydse Sabbat, die dag wat God geseen en geheilig het (Gen. 2: 2, 3), af te skaf, en in die plek daarvan die feesdag te verhef wat deur die heidene vereer

is as “die eerbiedwaardige dag van die son.” Hierdie verandering is in die begin nie openlik gemaak nie. In die eerste eeue is die ware Sabbat deur alle Christene gevier. Hulle was ywerig vir die eer van God, en daar hulle geglo het dat Sy wet onveranderlik is, het hulle die heiligheid van die gebooie nougeset bewaar. Maar met groot listigheid het Satan deur sy werktuie sy doel bereik. Om die aandag van die mense te vestig op Sondag, is daardie dag afgesonder as ‘n feesdag ter ere van die opstanding van Christus. Op daardie dag is godsdiensoefeninge gehou, maar dit was nogtans beskou as ‘n dag vir ontspanning, en die Sabbat was nog as heilige dag beskou.

Om die weg te berei vir die werk wat hy van plan was om te doen, het Satan Jode beweeg, voor die eerste koms van Christus.
[59] om die Sabbat te belemmer met ‘n aantal nougesette bepalings wat die viering daarvan ‘n las gemaak het. En nou, voordeeltrekkende uit die valse lig waarin hy die dag gestel het, het hy dit veragtelik bestempel as ‘n Joodse instelling. Terwyl die Christene oor die algemeen aangehou het om Sondag te vier as ‘n vreugdefees, het hy hulle gelei, ten einde hulle haat vir Judaisme te toon, om die Sabbat in ‘n vasdag te verander—‘n dag van droefheid en somberheid.

Aan die begin van die vierde eeu, het Keiser Konstantyn ‘n dekreet uitgevaardig wat Sondag as openbare feesdag deur die hele Romeinse Ryk verklaar het. (Sien Aanhangsei.) Die dag van die son is deur sy heidense onderdane vereer, en deur Christene geëerbiedig; dit was die keiser se beleid om die teenstrydige elemente in die heidendom en die Christendom te verenig. Hy het dit op aandrang van die biskoppe van die kerk gedoen, wat, besiel met ambisie en ‘n dors na mag, gesien het dat as dieselfde dag deur beide Christene en heidene sou vereer word, dit die uiterlike aanname van die Christelike geloof deur die heidene sou vergemaklik; daardeur sou die mag en heerlikheid van die kerk toeneem. Maar hoewel baie godvresende Christene trapsgewyse daartoe gebring is om Sondag te beskou as n dag met ‘n sekere mate van heiligheid, het hulle nog getrou gebly aan die Sabbat as die heilige dag van die Here, en in gehoorsaamheid aan die vierde gebod het hulle dit gehou.

Maar die aartsbedrieër het nog nie sy werk klaar gehad nie. Hy was vasbeslote om die Christendom onder sy banier te skaar. en om sy mag te laat geld deur sy plaasvervanger, die trotse Pous wat aanspraak gemaak het daarop dat hy die verteenwoordiger van Christus

is. Deur middel van halfbekeerde heidene, eersugtige prelate, en wêreldliewende kerkmanne, het hy sy doel bereik. Groot vergaderings is van tyd tot tyd gehou waar die waardigheidsbekleërs van die kerk uit alle dele van die wêreld saamgekom het. Op byna elke vergadering is die Sabbat wat God ingestel het, steeds laer en laer afgedruk terwyl die Sondag in dieselfde mate verhoog is. As gevolg hiervan is die heidense feesdag eindelik vereer as 'n goddelike instelling, terwyl die Bybelse Sabbat bestempel is as 'n oorblyfsel van Judaisme, en diegene wat dit gevier het, is vervloek. [60]

Die groot afvallige het eindelik daarin geslaag om homself te verhef "bo elkeen wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is." 2 Thess. 2:4. Hy het dit gewaag om die enigste gebod van die heilige wet te verander wat die mensheid op onmiskenbare wyse gewys het op die ware en lewende God. In die vierde gebod is God geopenbaar as die Skepper van die hemele en die aarde, en dit onderskei Hom van alle valse gode. Dit was as gedenkteken van die skepping dat die sewende dag geheilig is as rusdag vir die mensdom. Die doel daarvan was om die Lewende God altyd aan die mense voor te hou as die bron van die lewe en die voorwerp van verering en aanbidding. Satan is daarop uit om mense af te lok van hulle getrouheid aan God en gehoorsaamheid van Sy wet; daarom is sy pogings veral gemik op daardie gebod wat God aanwys as die Skepper.

Protestante voer nou aan dat die opstanding van Christus op Sondag, daardie dag die Christelike Sabbat maak. Maar daar is geen skriftuurlike bewys daarvoor nie. Christus en Sy apostels het daardie dag nie so vereer nie. Die viering van Sondag as 'n Christelike instelling het sy oorsprong in die "verborgenheid van ongeregtigheid" (2 Thess. 2: 7) wat selfs in Paulus se tyd reeds aan die werk was. Waar, en w7anneer, het die Here hierdie kind van die Pousdom aangeneem? Watter grondige rede kan daar aangevoer word vir 'n verandering w?at nie deur die Skrifte gestaaf word nie?

In die sesde eeu is die Pousdom ten voile bevestig. Sy setel was gevestig in die keiserlike stad, en die biskop van Rome was as hoof van die ganse kerk verklaar. (Sien Aanhangsei.) Paganisme is vervang deur die Pousdom. Die draak het aan die dier "sy krag gegee en sy troon en grote mag." Openb. 13: 2. Xou het die 1260 jaar van pouslike vervolging, soos voorspel in die profesieë van

Daniel en Openbaring, ‘n aanvang geneem. (Dan. 7: 25; Openb. 13: 5-7.) Christene is gedwing of om hulle getrouheid te laat vaar en die pouslike seremonies en godsdiens aan te neem, of weg te kwyn in die gevangenisse, te sterf op die pynbank, die brandstapel, of deur die laksman se byl. Die volgende woorde van Jesus het nou in vervulling getree: “Julle sal oorgelewer word ook deur ouers en
[61] broers en bloedverwante en vriende; en hulle sal van julle doodmaak. En julle sal gehaat wees van almal terwille van My Naam.” Lukas 21: 16, 17. Met groter woede as ooit tevore is die gelowiges vervolg, en die wêreld het ‘n groot slagveld geword. Vir honderde jare moes die kerk van Christus skuiling vind in eensaamheid en onbekendheid. Daarom het die profeet gesê: ..En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy ‘n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar kan onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank.” Openb. 12:6.

Die bevestiging van die mag van die Roomse Kerk was die begin van die Donker Eeue. Xamate sy krag toegeneem het, het die duistemis vermeerder. Geloof in Christus. die ware fondament. is oorgeplaas op die Pous van Rome. Pleks van vertroue op die Seun van God vir verpifnis van sonde en die verlossing, het die mense opgesien na die I’ous. en na die priesters en prelate aan wie hy sy gesag meegedeel het. Hulle is geleer dat die Pous hulle aardse middelaar is, en dat niemand tot God kon nader behalwe deur hom nie: en wat meer is. dat hy vir hulle in die plek van God gestaan het en daarom stip gehoorsaam moes word. Afwyking van sy bevele was genoeg om die verskriklikste straf te bring op liggaam en siel van die oortreders. Op hierdie manier is die harte van die mense afgekeer van God na feilbare, dwalende, wrede mense; nee. nog meer, na die vors van duistemis self, wat sy mag deur hulle uitgeoefen het. Sonde was verander in ‘n mantel van heiligheid. Wanneer die Skrifte onderdruk word, en die mens homself beskou as oppermagtig, kan ons slegs bedrog, valsheid, en verlagende sondigheid verwag. Met die verheffins van menslike wette en tradisies, is die verderf geopenbaar wat altyd volg op die tersydestelling van die wet van God.

Dit was dae van gevaar vir die kerk van Christus. Die getroue vaandeldraers was min in getal. Hoewel die waarheid nie sonder getuies gelaat is nie, het dit tog soms geskyn of dwaalleer en bygeloof sou oorwin, en dat ware godsdiens van die aarde verban sou word.

Die evangelie is uit die oog verloor, maar godsdienstige vorms is vermenigvuldig, en die mense was belas met swaar eise.

Nie alleen is hulle geleer om na die Pous op te sien as hulle [62] middelaar nie, maar hulle is ook geleer om op hulle eie werke te vertrou om versoening te doen vir hulle sonde. Lang bedevaarte, boetedoening, die aanbidding van relikwieë, die oprigting van kerke, heilige grafte, en altare, die betaling van groot somme geld aan die kerk — dit, en dergelike dinge, is voorgeskryf om die wraak van God tevrede te stel of om Sy guns te verkry; nes of God soos die mense was, wat kwaadgemaak word deur nietighede en dan weer gepaai kan word met gifte en boetedoening!

Nieteenstaande die feit dat sonde geheers het, selfs onder die leiers van die Roomse Kerk nie, het die invloed van die kerk steeds vermeerder. Omtrent die einde van die agste eeu het die Katolieke daarop aanspraak gemaak dat die biskoppe van Rome in die eerste eeue van die geskiedenis van die kerk, dieselfde geestelike krag gehad het wat hulle nou aanvaar het. Om hierdie eis te staaf, moes die een of ander middel gevind word om daaraan 'n skyn van gesag te gee; en dit is geredelik aan die hand gedoen deur die vader van leuens. Ou geskrifte is deur die monnike vervals. Dekrete van kerkvergaderings waarvan nooit tevore gehoor is nie, is ontdek, waarin die algemene oppersag van die Pous van die vroegste tye af bevestig is. En 'n kerk wat die waarheid verwerp het, het hierdie bedrog gretig aangeneem. (Sien Aanhangsel.)

Die paar getroues wat voortgebou het op die ware fondament (1 Kor. 3: 10, 11) was verslae en lastig geval namate die vuilgoed van valse leerstellings hulle werk verhinderd het. Soos die bouers van die muur van Jerusalem in Nehemia se dae, was sommige gereed om te sê, "Die krág van die lasdraers beswyk, en die puinhoop is groot, sodat ons nie aan die muur kan bou nie." Neh. 4: 10. Afgemat deur die gedurige stryd teen vervolging, bedrog, sonde, en al die ander struikelblokke wat Satan kon uitdink om hulle te verhinder, het sommige van die getroue bouers ontmoedig geword; en vir die ontwil van vrede, en veiligheid, vir hulle eiendom sowel as hulle lewens, het hulle die ware fondament verlaat. Ander, nie afgeskrik deur die teenstand van hulle vyande nie, het onverskrokke verklaar, „Julle moet nie bang wees vir hulle nie: dink aan die grote en ge-

dugte Here;" en hulle het met hulle werk voortgegaan, elkeen met
[63] sy swaard aan sy sy gegord. (Neh. 4: 14; Efe. 6: 17.)

Dieselfde gees van haat en teenstand van die waarheid het die vyande van God in elke eeu besiel, en dieselfde waaksaamheid en getrouheid word van Sy diensknegte verwag. Die woorde van Christus aan Sy dissipels is van toepassing op al Sy navolgers tot die einde toe: "En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: waak!" Markus 13: 37.

Dit het geskyn of die duistemis erger word. Beeldediens het toegeneem. Kerse is voor die beelde gebrand, en daar is tot hulle gebid. Die belaglikste gebruike en die grootste bygeloof het geheers. Die verstand van die mense is so volkome beheers deur bygeloof dat dit geskyn het of alle rede weg was. Omdat priesters en biskoppe self plesier nagejaag het, wellustig en bedorwe was, kon mens niks anders verwag nie as dat die mense wat tot hulle opgesien het vir leiding, ook in onkunde en sonde sou verval.

'n Ander stap in pouslike aanmatiging is geneem toe Pous Gregorius VII in die elfde eeu verklaar het dat die Roomse Kerk volmaak was. Onder die aansprake wat gemaak is, het een gelui dat die kerk nog nooit gedwaal het, en volgens die Skrifte nooit sou dwaal nie. Maar skriftuurlike bewyse vir hierdie bewering het ontbreek. Die trotse Pous het ook aanspraak gemaak op mag om keisers te onttroon, en hy het verklaar dat geen uitspraak van hom deur enige persoon kon herroep of verander word, en dat dit sy prerogatief was om die uitsprake van alle ander te verander. (Sien Aanhangsei.)

'n Treffende voorbeeld van die tiranniese karakter van hierdie voorstander van onfeilbaarheid sien ons in sy behandeling van die Duitse keiser Hendrik IV. Omdat hy gedurf het om die gesag van die Pous te veronagsaam, is hierdie monarg in die ban gedoen en onttroon. Met vrees bevange as gevolg van die dreigemente en verlating van sy eie vorste, wie se opstand teen hom aangemoedig is deur die pouslike mandaat, het Hendrik besef dat hy vrede moes maak met Rome. Vergesel van sy vrou en 'n getroue dienskneg, het hy die Alpe in die hartjie van die winter oorgesteek, om hom voor die Pous te gaan verneder. Toe hy by die kasteel kom waar Gregorius toe vertoef het, is hy sonder 'n lyfwag in die buitenste
[64] voorhof gebring, en daar, in die bittere koue, met ontblote hoof en
[65] kaalvoet en skamel gekleed, het hy gewag op toestemming van die

Pous om in sy teenwoordigheid te verskyn. Nie aleer hy vir drie dae lang gevas en belydenis gedoen het. het die Pous ingewillig om hom te vergewe nie. Selfs toe is die voorwaarde gestel dat die keiser moes wag op toestemming van die Pous voordat hy weer sy koninklike kleed kon dra en sy gesag kon uitoefen. En Gregorius, juigende oor sy oorwinning, het daarmee gespog dat dit sy plig was om die trotsheid van konings te verneder.

Hoe groot is die teenstelling tussen hierdie trotse en opgeblase Pous, en die nederigheid en sagmoedigheid van Christus, wat Homself voorstel as voor die deur van die hart staande, smekende om toegang, sodat Hy mag binnekom om vergifnis en vrede te bring, en wat Sy dissipels geleer het, “Elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees!” Matt. 20: 27.

Met verloop van die eeue het die dwalings van Rome toegeneem. Selfs voor die bevestiging van die pousdom, het die leerstellings van heidense filosowe aandag geniet en invloed uitgeoefen op die kerk. Baie wat voorgegee het dat hulle bekeerd was, het vasgeklem aan die geloofsartikels van hulle heidense filosowe: nie alleen het hulle self voortgegaan met die studie daarvan nb, maar hulle het ook by ander aangedring om dit aan te neem as ‘n middel om hulle invloed onder die heidene te vermeerder. Op hierdie manier is daar skadelike dwaalleer in die Christelike kerk ingebring. Vernaamste onder hierdie dwalings was die geloof dat die mens van natuur onsterflik is en dat hy sy bewussyn behou in die dood. Hierdie leerstelling het die grondslag gelê waarop Rome die gebede aan afgestorwe heiliges en die verering van die Maagd Maria ingevoer het. Hieruit het die dwaalleer van ewige pyniging van sondaars ontstaan, iets wat vroeg reeds in die pouslike geloofsbelydenis opgeneem is.

Toe is die weg berei vir nog ‘n ander fabrikasie van Paganisme, naamlik die vaevuur van Rome, wat gebruik is om die liggelowige en bygelowige massas mee bang te maak. Deur hierdie dwaalleer is daar beweer dat daar ‘n plek van pyniging is, waarin die siele van diegene wat nie die ewige verdoemenis verdien het nie, sou gestraf word vir hulle sondes, en waaruit hulle, nadat hulle gereinig is, in [66]
die hemel sou toegelaat word. (Sien Aanhangsel.)

Daar was nog iets anders nodig sodat Rome kon voordeel trek uit die vreesagtigheid en sondes van sy aanhangers. Dit is voorsien deur die leerstelling van aflaatbriewe. Volle vergifnis van sonde — ver-

lede, sowel as teenwoordige en toekomstige son des en vrystelling van die straf daarop, is belowe aan almal wat sou deelneem aan die Pous se oorloë om sy tydelike heerskappy uit te brei, om sy vyande te straf, of om diegene te verdelg wat sy geestelike opperheerskappy loën. Die mense is ook geleer dat hulle kwytskelding kon kry vir hulle sondes deur die betaling van geld aan die kerk, en dat hulle die siele van afgestorwe vriende deur betaling kon bevry uit die pynigende vlamme van die vaevuur. Deur hierdie middels het Rome sy skatkis gevul, en kon die prag en weelde en bedorwenheid voortduur van die sogenaamde verteenwoordigers van Hom wat gesê het dat Hy geen plek gehad het om Sy hoof neer te lê nie. (Sien Aanhangsei.)

Die skriftuurlike sakrament van die Here se Avondmaal is vervang deur die afgodiese offerande van die mis. Die priesters het deur hulle gedoentes voorgegee dat hulle die brood en die wyn kon verander in die werklike "liggaam en bloed van Christus." —Cardinal Wiseman's Lectures on "The Real Presence," Lesing 8, ajd. 3, para. 26. Met godslasterende aanmatiging het hulle openlik aanspraak gemaak op die mag om God, die Skepper van alle dinge, te herskep. Daar is van Christene geëis, op straf van die dood, dat hulle hulle geloof in hierdie verskriklike, hemeltergende dwaalleer moes betuig. Menigtes wat geweier het om dit te doen, is aan die vlamme oorgegee. (Sien Aanhangsei.)

In die dertiende eeu is die vreeslikste van alle werktuie van die pousdom ingestel, naamlik die Inkwisisie. Die vors van duisternis het saamgewerk met die leiers van die pouslike hiërargie. In hulle geheime vergaderings, het Satan en sy engele die harte van bose mense beheers, terwyl die engel van God, onsigbaar, ook daar teenwoordig was en aantekenings gemaak het van die bose dekrete en die geskiedenis van dade wat te vreeslik was vir menslike oë. "Die groot Babilon" was "dronk met die bloed van die heiliges." Die verminkte
[67] liggame van miljoene martelare het tot God geroep om wraak teen daardie afvallige mag. Die pousdom het die dwingeland van die wêreld geword. Konings en keisers het berus in die dekrete van die Roomse Pous. Dit het geskyn asof die lot van mense, beide vir tyd en ewigheid, in sy hande was. Vir honderde jare is die leerstellings van Rome algemeen aangeneem, sy rites eerbiedig uitgevoer, en sy feesdae algemeen gevier. Sy geestelikes is geëer en mildelik on-

dersteun. Nog nooit sedert daardie tyd het die Roomse Kerk groter waardigheid, prag, en mag bereik nie.

Maar ..die middag van die pousdom was die middernag van die wêreld.” (Wylie, „.History oj Protestantism,” boek I, hoojstuk 4.) Die Heilige Skrifte was byna onbekend, nie alleen aan die leke nie, maar ook aan die priesters. Soos die Fariseërs van ouds, het die pouslike leiers die lig gehaat wat hulle sondes sou openbaar maak. Met Gods wet, die maatstaf van geregtigheid, uit die weg geruim. het hulle onbeperkte mag gehad, en sonder weerstand goddeloosheid bedryf. Bedrog, gierigheid, en losbandigheid het geheers. Die mense het vir geen misdaad teruggedeins waardeur hulle rykdom of aansien kon verkry nie. Die paleise van pouse en prelate was plekke van die grootste uitspatting en losbandigheid. Sommige van die pouse was skuldig aan misdade so ontsettend dat burgerlike heersers probeer het om hierdie waardigheidsbekleërs van die kerk uit die weg te ruim as monsters te vuil om gedoog te word. Vir eeue het Europa geen vordering gemaak in geleerdheid, die kunste, of die beskawinp nie. Die Christendom het gely aan ‘n sedelike en verstandelike verlamming.

Die toestand van die wêreld onder die Roomse mag was ‘n treffende vervulling van die woorde van die profeet Hosea: “My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, . . . omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.” “Want die Here het ‘n regsaak met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van God in die land is nie. Hulle sweer en lieg en moor en steel en pleeg owerspel, hulle breek in, sodat bloedskuld aan bloedskuld raak.” Hosea 4: 6, 1, 2. Dit was die gevolge van die verbanning van die woord van God. [68]

[69]

# Hoofstuk 4—Die Waldense

IN die duistemis wat oor die aarde gekom het gedurende die lang tydperk van pouslike opperheerskappy, kon die lig van die waarheid nie heeltemal uitgedoof word nie. In elke eeu was daar getuies vir God — manne wat in Christus geglo het as die enigste middelaar tussen God en mens, wat die Bybel beskou het as die enigste maatstaf van die lewe, en wat die ware Sabbat geheilig het. Hoeveel die wêreld aan hierdie manne verskuldig is, sal die nageslag nooit weet nie. Hulle is bestempel as ketters, hulle motiewe is verdink, hulle karakters beklad, en hulle geskrifte onderdruk, vals voorgestel, en vernietig; maar nogtans het hulle pal gestaan; en van eeu tot eeu het hulle hulle geloof in sy reinheid gehandhaaf as 'n heilige erfdeel aan die nageslag.

Die geskiedenis van Gods volk gedurende die donker eeue wat
[70] gevolg het op Rome se opperheerskappy, is in die hemel beskrywe; daar kom min daarvan voor in menslike geskrifte. Behalwe in die beskuldigings van hulle vervolgers, kan daar min spoor van hulle bestaan gevind word. Dit was die beleid van Rome om alle spore van afkeur van sy leerstellings of dekrete, uit te wis. Alles wat ketters was, of dit mense of geskrifte was, het Rome probeer vernietig. Die openbaring van twyfel, of enige vrae aangaande die gesag van die pouslike leerstellings, kon maklik die lewe kos van ryk of arm, hoog of laag. Ook het Rome getrag om alle bewys van sy wreedheid teenoor andersdinkendes, te vernietig. Pouslike dekrete het beveel dat boeke en geskrifte waarin sulke bewyse voorkom, verbrand moes word. Voor die ontdekking van die drukkuns was daar maar min boeke, en hulle was in 'n onbestendige vorm; daarom kon die Roomsgesindes maklik hulle doel bereik.

Geen kerk onder die jurisdiksie van Rome is lank ongehinderd gelaat om vryheid van gewete te geniet nie. Sodra die pousdom mag verkry het, het hy almal verpletter wat geweier het om sy opperheerskappy te erken; en die een na die ander moes die kerke buig onder sy heerskappy.

Die Christelike geloof het baie vroeg in Engeland wortelgeskiet. Die evangelie wat aan die Britte in die eerste eeue verkondig is, was toe nog onbesoedel deur die Roomse afval. Yervolging deur heidense keisers, wat selfs tot daardie ver lande deurgedring het, was die enigste gawe wat die eerste kerke van die Britse Eilande van Rome ontvang het. Baie van die Christene wat weens vervolging uit Engeland moes vlug, het skuiling gevind in Skotland; daarvandaan is die waarheid geneem na Ierland, en in al hierdie lande is dit met blydskap aangeneem.

Toe die Saksers Engeland binnegedring het, het die heidendom die oorhand gekry. Die veroweraars het minagtend geweier om deur hulle slawe geleer te word, en die Christene moes in die berge en die heiveld gaan skuil. Maar die lig, vir 'n tyd verberg, het aangehou skyn. 'n Eeu later, in Skotland, het dit helder opgevlam en tot verre lande geskyn. Uit Ierland het die vrome Columba en sy medewerkers gekom; en nadat hulle die verstrooide gelowiges op die eensame eiland Iona vergader het, het hulle dit die middelpunt van hulle sendingwerk gemaak. Onder hier- die evangeliste was daar een wat [71]
die Bybelse Sabbat gehou het, en hierdie waarheid is dus aan die mense bekendgemaak. Op Iona is daar 'n skool gestig vanwaar sendelinge uitgestuur is, nie alleen na Skotland en Engeland nie, maar ook na Duitsland, Switserland, en Italië.

Maar Rome het sy oë op Brittanje gehad, en het besluit om daardie land te onderwerp. In die sesde eeu het sy sendelinge onderneem om die heidense Saksers te bekeer. Hulle is welwillend ontvang deur die trotse barbare, en hulle het duisende oorgehaal om die Roomse geloof te bely. Xamate die werk vooruitgegaan het, het die pouslike leiers en hulle bekeerlinge in aanraking gekom met die eerste Christene. Die teenstelling was opvallend. Laasgenoemdes was eenvoudig, en nederig; en hulle karakter, leer, en gewoontes was volgens die Skrifte, terwyl eersgenoemdes die bygeloof, prag, en verwaandheid van die pousdom geopenbaar het. Die afgesant van Rome het geëis dat hierdie Christelike kerk die gesag moes erken van die opperpriester. Hierop het die Britte gedwee geantwoord dat hulle graag alle mense wou liefhê, maar dat die Pous nie geregtig was op opperheerskappy in die kerk nie, en dat hulle aan hom slegs die onderwerping kon gee waarop elke navolger van Christus geregtig was. Herhaaldelike pogings is gemaak om hulle gehoorsaamheid

aan Rome te verkry; maar hierdie sagmoedige Christene, verbaas oor die hoogmoed van die afgesante, het volgehou dat hulle geen ander meester geken het behalwe Christus nie. Toe is die ware gees van die pousdom geopenbaar. Die Roomse leier het gesê: "As julle nie broeders wil ontvang wat vrede aan julle bring nie, sal julle vyande ontvang wat oorlog bring. As julle nie met ons wil saamwerk om die weg van die lewe aan die Saksers te openbaar nie, sal julle van hulle die doodslag ontvang."— D'Aubigne, "History of the Reformation oj the Sixteenth Century," b. 17, hoolstuk 2. Dit was nie sommer ydele bedreigings nie. Oorlog, lis, en bedrog is gebruik teen hierdie getuies vir 'n Bybelse geloof, totdat die kerke in Engeland vernietig of gedwing is om hulle te onderwerp aan die gesag van die Pous.

In lande buite die jurisdiksie van Rome het daar vir baie eeue
[72] groepe Christene bestaan wat byna geheel vry was van pous- like verdorwenheid. Hulle was omring deur heidene. en met verloop van die eeue het hulle van die dwaalleer oorgeneem; maar hulle het volgehou om die Bybel te beskou as die enigste maatstaf van geloof, en hulle het vasgehou aan baie van die waarhede daarvan. Hierdie Christene het geglo aan die ewigdurendheid van die wet van God, en hulle het die Sabbat van die vierde gebod gehou. Kerke wat hierdie geloof en praktyk gehandhaaf het, het bestaan in Abessinië en onder die Armeniërs in Asië.

Onder diegene wat die uitbreiding van die pouslike mag weerstaan het, het die Waldense vooraan gestaan. In elke land waar die pousdom sy setel gevestig het, was valsheid en korrupsie op standvastige wyse weerstaan. Yir eeue het die kerke van Piedmont hulle onafhanklikheid gehandhaaf; maar eindelik het die tyd aangebreek toe Rome aangedring het op hulle onderwerping. Na vrugtelose pogings teen sy tirannie, het die leiers van hierdie kerke onwillig die oppergesag van die mag erken waaraan die hele wêreld geskyn het om hulde te betoon. Daar was sommige, egter, wat geweier het om te buig onder die gesag van pous of prelaat. Hulle was vasberade om hulle getrouheid aan God te handhaaf, en om die reinheid en eenvoud van hulle geloof te bewaar. Daar het 'n skeiding plaasgevind. Diegene wat vasgehou het aan die ou geloof het hulle nou onttrek; sommige, het vaarwel gesê aan hulle geboorteland in die Alpe, en hulle het die banier van die waarheid in vreemde lande opgehef;

ander het gaan skuiling soek in afgeleë valleie en rotsvestings in die berge, en daar het hulle hulle vryheid gehandhaaf om God te dien.

Die geloof wat vir baie eeue deur die Waldensiese Christene bewaar en geleer is, het ‘n groot teenstelling gevorm met die valse leerstellings deur Rome verkondig. Hulle geloof was gegrond op die geskrewe woord van God, en die ware stelsel van die Christendom. Maar hierdie nederige landbouers, daar in hulle verborge skuilhoeke, afgesluit van die wêreld, besig met hulle daelikse werk, met hulle kuddes en hulle wingerde, het nie vanself tot die waarheid gekom wat die dogmas en ketterye van die afvallige kerk weerlê het nie. Hulle geloof was nie iets wat hulle nuut ontvang het nie; dit was ‘n erfdeel van hulle vaders. Hulle het gestry vir die geloof van die [73]
apostoliese kerk, naamlik ..die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.” Judas 3. “Die kerk in die woestyn,” en nie die trotse hiërargie wat op die troon in die hoofstad van die wêreld gesit het nie, was die ware kerk van Christus, die bewaarders van die skatte van die waarheid wat God toevertrou het aan Sy volk om aan die wêreld te gee.

Onder die vernaamste oorsake wat gelei het tot die skeiding tussen die ware kerk en die kerk van Rome, was die haat wat laasgenoemde gekoester het teenoor die Sabbat van die Bybel. Soos in die profesie voorspel is, het die pouslike mag die waarheid neergewerp; die wet van God is in die stof vertrap, terwyl die oorlewerings en gebruike van mense verhef is. Die kerke wat onder die heerskappy van die pousdom gestaan het, is vroeg gedwing om Sondag as heilige dag te vereer. In die dwaling en bygeloof van daardie tyd, het vele, selfs onder die getroue volk van God, so verward geraak dat hulle, terwyl hulle die Sabbat gevier het, nie op Sondag gewerk het nie. Maar dit het die pouslike leiers nie tevrede gestel nie. Hulle het geëis dat Sondag nie alleen geheilig moet word nie, maar dat die Sabbat verontheilig moes word; en in die sterkste taal het hulle diegene veroordeel wat dit gedurf het om die Sabbat te eerbiedig. Dit was alleen deur weg te vlug van die mag van Rome dat hulle Gods wet in vrede kon gehoorsaam.

Die Waldense was onder die eerste volke van Europa wat in besit was van ‘n vertaling van die Heilige Skrifte. (Sien Aanhangsei.) Eeue voor die Reformasie het hulle ‘n handskrif van die Bybel gehad in hulle eie taal. Hulle het die onvervalste waarheid gehad, en

dit het hulle die spesiale voorwerp gemaak van haat en vervolging. Hulle het verklaar dat die kerk van Rome die afvallige Babilon van Openbaring was, en met lewensgevaar het hulle sy verdorwenheid weerstaan. Hoewel sommige, onderdruk deur lang vervolging, hulle geloof gekompromitteer het, en bietjiesgewyse die onderskeidende beginsels daarvan versaak het, het ander vasgehou aan die waarheid. Gedurende die eeue van duistemis en afval, was daar sommige onder die Waldense wat die oppermag van Rome geloën het, wat afgodeen
[74] beeldediens verwerp het, en wat die ware Sabbat gehou het. Onder
[75] die kwaaiste storms van teenstand het hulle hulle geloof gehandhaaf. Ofskoon hulle deur die spies van die Savojaarde deursteek is, en deur die Roomse brandstapel verbrand is, het hulle onwrikbaar gestaan vir Gods woord en Sy eer.

Agter die skanse van hoë berge — in al die eeue die toevlugsoord van die vervolgdes en verdruktes — het die Waldense 'n wegkruipplek gevind. Hier is die lig van die waarheid te midde van die duistemis van die middeleeue brandende gehou. Hier, vir 'n duisend jaar, het getuies vir die waarheid hulle outydse geloof bewaar.

God het vir Sy volk 'n ontsagwekkende heiligdom voorsien wat gepas het by die magtige waarhede wat Hy aan hulle toevertrou het. Vir hierdie getroue bannelinge was die berge 'n sinnebeeld van die onveranderlike geregtigheid van Jehova. Hulle het hulle kinders gewys op die hoë bergtoppe in hulle onveranderlike majesteit, en van Hom gepraat by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie, en wie se woord net so ewigdurend as die ewige berge is. God het die berge gegrondves, en hulle met krag omgord; geen arm, behalwe die van die Ewige, kan hulle uit hulle plekke versit nie. Op dieselfde wyse het Hy Sy wet bevestig. die grondslag van Sy regering in die hemel en op die aarde. Die arm van die mens mag sy medemens bykom en hom vernietig; maar net so min as hulle die berge kan losskeur en in die see werp, kan hulle een gebod van die wet van Jehova verander of een van Sy beloftes kragteloos maak aan diegene wat Sy wil doen. In hulle getrouheid aan Sy wet, moet Gods diensknegte net so onwrikbaar wees as die onveranderlike berge.

Die berge wat hulle valleie omgord het, het gedurig aan hulle getuig van Gods skeppende krag, en dit het hulle steeds verseker van Sy bewarende sorg. Daardie pelgrims het geleer om hierdie stille

sinnebeelde van Jehova se teenwoordigheid lief te hê. Hulle het nie gekla oor die hardheid van hulle lot nie; daar, in die eensaamheid van die berge, was hulle nooit eensaam nie. Hulle het God gedank omdat Hy vir hulle 'n toevlugsoord voorsien het van die wraak en die wreedheid van die mens. Hulle het hulle verbly in hulle vryheid om Hom te aanbid. Dikwels, wanneer hulle deur hulle vyande vervolg [76]
is, was die berge vir hulle n veilige beskutting. Van menige hoë krans het hulle God geloof, en die leers van Rome kon nie hulle dankliedere stilmaak nie.

Rein, eenvoudig, en vurig was die vroomheid van hierdie navolgers van Christus. Hulle het die beginsels van die waarheid gewaardeer meer as huise en lande, vriende, bloedverwante, en selfs as die lewe. Hulle het emstige pogings gemaak om hierdie beginsels op die harte van die jeug te druk. Van hulle vroegste jeug af is die kinders onderrig in die Skrifte, en geleer aangaande die heilige aansprake van Gods wet. Daar was maar min eksemplare van die Bybel; daarom het hulle die kosbare woorde uit die hoof geleer. Baie van hulle was in staat om groot gedeeltes van sowel die Nuwe as die Ou Testament op te sê. Die verhewe natuurtonele, asook die seëninge van die alledaagse lewe het hulle aan God laat dink. Kinders is geleer om met dankbaarheid aan God te dink as die gewer van elke guns en elke gerief.

Ouers, teer en liefdevol soos hulle was, het hulle kinders te verstandig liefgehad om hulle gewoond te maak aan 'n lewe van selfbevrediging. Voor hulle was 'n lewe van beproewing en ontbering — miskien 'n martelaarsdood. Van kindsbeen is hulle geleer om swaar te kry en onderdanig te wees, maar om nogtans vir hulleself te dink en te handel. Baie vroeg is hulle geleer om verantwoordelikheid te dra, om versigtig te wees in hulle woorde, en om die wysheid van stilswye te besef. Net een onverstandige woord gespreek in die teenwoordigheid van hulle vyande, mag nie alleen die lewe van die spreker in gevaar bring nie, maar ook die lewens van honderde van sy broeders; want net soos wolwe wat op hulle prooi jagmaak, het die vyande van die waarheid diegene agtervolg wat gedurf het om aanspraak te maak op geloofsvryheid.

Die Waldense het hulle wêreldlike voorspoed opgeoffer vir die waarheid, en met volhardende geduld het hulle vir hulle daelikse brood gewerk. Elke stukkie beboubare grond tussen die berge is

sorgvuldig bewerk; die valleie, en die mindervrugbare berghellings moes hulle oeste oplewer. Spaarsaamheid en strenge selfverloëning was deel van die opvoeding wat die kinders as hulle enigste erfdeel ontvang het. Hulle is geleer dat dit Gods plan was dat daar dissi-
[77] pline in die lewe moet wees, en dat hulle alleen deur persoonlike arbeid. bedagsaamheid, sorgsaamheid, en geloof kon voorsien in die behoeftes van die lewe. Die proses was swaar en vermoeiend, maar dit was heilsaam, en net wat die mens in sy gevalle toestand nodig gehad het, het die skool van God vir hom voorsien in sy opvoeding en ontwikkeling. Terwyl die jeug gewendgemaak is aan werk en swaarheid, was die ontwikkeling van die verstand nie verwaarloos nie. Hulle is geleer dat hulle kragte aan God behoort en dat alles ontwikkel en verbeter moes word vir Sy diens.

Die gemeentes van die Vaudois, in hulle eenvoud en reinheid. was soos die kerk in apostoliese tye. Die oppergesag van pous en prelaat verwerpende, het hulle aan die Bybel vasgehou as die hoogste en onfeilbare gesag. Hulle leraars, anders as die trotse priesters van Rome, het die voorbeeld van hulle Meester gevolg, wat gekom het, "nie om gedien te word nie, maar om te dien." Hulle het die kudde van God gevoed, en hulle gelei na die grasige weivelde en lewende fonteine van Sy heilige woord. Ver weg van menslike prag en hoogmoed, het die mense vergader, nie in pragtige kerke of grootse katedrale nie, maar in die skaduwees onder die berge, in die Alpevalleie, of, in tye van gevaar, in die een of ander rotsvesting om te luister na die woorde van waarheid verkondig deur die diensknegte van Christus. Nie alleen het die leraars die evangelie verkondig nie, maar hulle het die siekes besoek, die kinders gekatkiseer, die dwalendes vermaan, en hulle het hulle beywer om geskille op te los en eensgesindheid en broederliefde te bevorder. In tye van vrede is hulle onderhou deur die vrywillige offergawes van die volk, maar, soos Paulus die tentmaker, het elkeen die een of ander ambag of beroep geleer waardeur hy, indien nodig, 'n eie bestaan kon maak.

Die jongmense is onderrig deur hulle leraars. Terwyl daar aandag geskenk is aan 'n algemene opvoeding, is die Bybel veral gestudeer. Die Evangelies van Mattheus en Johannes is uit die hoof geleer, asook baie van die Sendbriewe. Ook is hulle gebruik om afskrifte van die Skrifte te maak. Sommige van die handskrifte het die hele Bybel bevat, terwyl ander net sekere dele bevat het, waarby eenvoudige

verklarings van die teks gevoeg is deur diegene wat bekwaam was om die Skrifte uit te lê. Op hierdie ma- nier is die skatte van die [78] waarheid wat solank bedek was deur diegene wat hulleself bo God wou verhef het, te voorskyn gebring.

Deur geduldige, onvermoeide arbeid, soms in die diep, donker spelonke van die aarde, by die lig van fakkels, is die Heilige Skrifte uitgeskryf, teks vir teks, hoofstuk vir hoofstuk. Op hierdie manier het die werk voortgegaan en het die geopenbaarde wil van God geblink soos louter goud; en hoeveel helderder, duideliker, en heerliker dit geblink het weens die beproewings wat vir die ontwil daarvan gely is, het alleen diegene besef wat die werk gedoen het. Engele uit die hemel het by hierdie getroue werkers gestaan.

Satan het die Roomse priesters en prelate aangehits om die Woord van waarheid te bedek onder die vuilis van dwaalleer, kettery, en bygeloof; maar op die wonderbaarlikste manier is dit onbesoedeld bewaar in die donker eeue. Dit het die stempel gedra, nie van die mens nie, maar van God. Mense was onvermoeid in hulle pogings om die duidelike, eenvoudige betekenis van die Skrifte te verduister, en om hulle hulle eie getuienis te laat weerspreek; maar soos die ark op die onstuimige waters, het die woord van God die storms wat getrag het om dit te vernietig, getrotseer. Soos ‘n myn ryk goud en silwer are het wat onder die oppervlakte bedek is, sodat mens moet indelf as jy die skatte wil ontbloot, net so ook het die Heilige Skrifte skatte van waarheid wat geopenbaar sal word alleen aan die ernstige, nederige, biddende soeker. God het die Bybel bestem as ‘n lesboek vir die hele mensheid in sy kinderjare, jeug, en manlike jare, en om gedurig ondersoek te word. Hy het Sy woord aan mense gegee as ‘n openbaring van Homself. Elke nuwe waarheid wat gesien word, is ‘n nuwe openbaring van die karakter van die Skrywer. Die ondersoek van die Skrifte is die deur God ingestelde middel om die mens in nouer aanraking met Sy Skepper te bring, en om hom ‘n duideliker begrip van Sy wil te gee. Dit is die omgangsmedium tussen God en mens.

Hoewel die Waldense die vrees van die Here beskou het as die beginsel van wysheid, was hulle nie blind vir die belangrikheid van aanraking met die wêreld en ‘n kennis van mense en die lewe om die verstand te ontwikkel en die begripsvermoë te versterk nie. Van hulle [79] skole in die berge is sommige van die jongmense gestuur na die

opvoedingsinrigtings van Frankryk of Italië, waar daar beter geriewe was vir studie, bepeinsing, en waarneming, as in hulle geboorteland in die Alpe. Die jongmense wat op hierdie manier uitgestuur is, is blootgestel aan versoeking; hulle het sonde en losbandigheid gesien, en hulle het in aanraking met Satan se listige werktuie gekom wat aan hulle die listigste ketterye en die gevaarlikste bedrog opgedring het. Maar hulle opvoeding in hulle kinderjare was van so 'n aard dat hulle hierteen gewaarsku is.

In die skole waarheen hulle gestuur is, moes hulle niemand in hulle vertroue neem nie. In hulle klere was die bêreplek vir hulle grootste skat, naamlik die kosbare afskrifte van die Skrifte. Hierdie afskrifte, die vrug van maande en jare se werk, het hulle saam met hulle gedra, en orals waar hulle dit kon doen sonder om agterdog te verwek, het hulle versigtig 'n deel daarvan in die weg geplaas van harte wat oop was om die waarheid te ontvang. Van kindsbeen af is die Waldensiese jeug opgelei met hierdie doel voor oë; hulle het hulle werk verstaan en getrou gedoen. In hierdie opvoedingsinrigtings is daar bekeerlinge tot die waarheid gewen, en dikwels is daar bevind dat die beginsels van die waarheid die hele skool deurtrek het; en die pouslike leiers kon nie, selfs deur die sorgvuldigste ondersoek, die bron van die sogenaamde verderflike kettery opspoor nie.

Die Gees van Christus is 'n sendinggees. Die eerste begeerte van 'n wedergebore hart is om ook ander tot die Heiland te bring. Dit was die gees van die Vaudois Christene. Hulle het gevoel dat God meer van hulle verwag het as om net die waarheid rein te bewaar in hulle eie kerke, en dat daar 'n plegtige verantwoordelikheid op hulle gerus het om hulle lig te laat skyn op diegene wat in duistemis was. Deur die groot krag van Gods woord het hulle getrag om die slawerny te verbreek wat Rome ingestel het.

Die Yaudois predikante is opgelei as sendelinge; enigeen wat predikant wou word, moes eers ondervinding opdoen as evangelis. Elkeen moes drie jaar in die sendingveld dien voordat hy 'n gemeente tuis kon bedien. Hierdie diens, wat sommer uit die staan-
[80] spoor opoffering en selfverloëning gekos het, was 'n geskikte voorbereiding vir die herderslewe in daardie dae van beproewing. Die jongmense wat tot die heilige amp georden is, het 'n lewe tegemoetgegaan, nie van aardse rykdom en heerlikheid nie, maar van arbeid, gevaar, en moontlik 'n marteldood. Die sendelinge het twee-twee

uitgegaan, net soos Jesus Sy dissipels uitgestuur het. Elke jongman was vergesel van 'n ouer man met ondervinding; die jongman het onder leiding gestaan van sy metgesel wat verantwoordelik was vir sy opleiding, en aan wie hy gehoorsaamheid verskuldig was. Hierdie medewerkers was nie altyd saam nie, maar hulle het dikwels saamgekom vir gebed en raadpleging, en sodoende het hulle mekaar se geloof versterk.

Om die doel van hulle sending bekend te maak, sou mislukking beteken het; daarom het hulle die ware aard van hulle werk sorgvuldig bedek. Elke predikant is opgelei in die een of ander amp of beroep, en die sendelinge het hulle werk voortgesit onder die dekmantel van hulle aardse beroep. Gewoonlik het hulle uitgegaan as handelaars of smouse. "Hulle het sy, juweliersware en ander artikels — dinge wat nie maklik verkrybaar was nie — verkoop; waar hulle as sendelinge verag sou gewees het, is hulle as handelaars verwelkom."—Wylie, b. 1, hoofstuk 7. Maar al die tyd was hulle harte tot God opgehef om wysheid hoe om 'n skat veel kosteliker as goud en edelgesteentes aan die mense voor te stel. Hulle het heimelik eksemplare van die Bybel saamgedra —of dele daarvan; en waar die geleentheid hom voorgedoen het, het hulle hierdie geskrifte aan die mense voorgestel. Op hierdie manier is daar dikwels belangstelling opgewek om Gods woord te lees, en aan diegene wat dit wou hê, is daar geredelik 'n deel van die Skrifte gegee.

Die werk van hierdie sendelinge het in die vlaktes aan die voet van hulle eie berge begin, waarvandaan dit ver uitgebrei het. Kaalvoet en met klere van growwe materiaal net soos die van hulle Meester, het hulle deur die groot stede gereis en verre lande binnegedring. Orals het hulle die kosbare saad gesaai. Kerke het in hulle pad verrys, en die bloed van martelare het getuig vir die waarheid. In die dag van die Here sal 'n ryk oes van siele ingesamel word as gevolg van die arbeid van hierdie getroue manne. Stil en bedek, het die woord van God voortgegaan, en dit is met blydskap ontvang in [81]
die huise en harte van die mense.

Vir die Waldense was die Skrifte nie slegs 'n beskrywing van Gods handelinge met die mense in die verlede en 'n openbaring van pligte vir die hede nie, maar dit was ook 'n openbaring van die gevare en heerlikhede van die toekoms. Hulle het geglo dat die einde van alle dinge nie meer ver was nie; en namate hulle die Bybel

biddend en met trane ondersoek het, het hulle nog meer onder die indruk gekom van sy kosbare gesegdes, en van hulle plig om die reddende waarhede daarvan aan ander bekend te maak. In die heilige bladsye het hulle die verlossingsplan duidelik gesien, en hulle het vertroosting, hoop, en vrede gevind deur geloof in Jesus. Namate die lig hulle verstand verlig en hulle harte bly gemaak het, het hulle verlang om die strale daarvan te laat skyn op diegene wat in die duistemis van pouslike dwaalleer verkeer het.

Hulle het gesien dat menigtes tevergeefs probeer het om onder leiding van pous en priesters vergifnis te verkry, deur hulle liggame te pynig vir die sondes van hulle siele. Geleer om op hulle goeie werke te vertrou om hulle te red, was hulle oë gedurig op hulleself gevestig en het hulle aan hulle sondige toestand gedink; hulle het hulleself gesien, oorgegee aan die wraak van God; hulle het siel en liggaam gekwel maar geen verligting verkry nie. Op hierdie manier is ernstige siele gebind deur die leerstellings van Rome. Duisende het vriende en bloedverwante verlaat en hulle lewens in kloosterselle deurgebring. Deur gedurig te vas, deur wrede pynigings, deur middernagtelike gebede en vir ure op die koue, klam stene van hulle treurige verblyfplek te lê, deur lang bedevaarte, deur vernederende boetedoening en verskriklike marteling, het duisende tevergeefs getrag om gewetensvrede te verkry. Temeergedruk deur ‘n besef van sonde, en agtervolg deur ‘n vrees van Gods vergeldende wraak, het vele voortgely totdat hulle uitgeputte liggame beswyk het, en sonder een ligstraal en met geen hoop het hulle weggesink in die graf.

Die Waldense het verlang om aan hierdie hongerige siele die brood van die lewe te gee, om aan hulle die boodskappe van vrede en die beloftes van God te openbaar, en om hulle op Christus te
[82] wys as hulle enigste hoop op verlossing. Hulle het die leer- stelling as vals beskou dat mens deur goeie werke versoening kon doen vir die oortreding van Gods wet. Vertroue op menslike verdienste bedek die oneindige liefde van Christus. Jesus het as slagoffer vir die mens gesterf omdat die gevalle mensdom niks kon doen om hulle by God aan te beveel nie. Die verdienste van ‘n gekruisigde en verrese Heiland is die grondslag van die Christen se geloof. Die siel se afhanklikheid van Christus is net so werklik, en sy verbinding met Hom moet net so innig wees as die van ‘n ledemaat aan die liggaam of ‘n rank aan die wynstok.

Die leerstellings van pouse en priesters het die mense daartoe gebring om die karakter van God, en selfs van Christus, te beskou as stroef, duister, en afstotend. Die Heiland is voorgestel

as iemand wat so min medelyde met die mens in sy gevalle toestand het, dat die tussenkoms van priesters en heiliges ingeroep moet word. Diegene wie se harte verlig is deur die woord van God het verlang om hierdie siele op Jesus te wys as hulle ontfermende, liefdevolle Verlosser, wat met uitgestrekte arms staan en almal uitnooi om na Hom toe te kom met hulle sondelas, hulle sorge en vermoeienis. Hulle het verlang om die struikelblokke uit die weg te ruim wat Satan opgehoop het om te belet dat mense die beloftes sou sien om regstreeks na God te kom, hulle sondes te bely, en om vergifnis en vrede te ontvang.

Met gretigheid het die Vaudois-sendeling die kosbare waarhede van die evangelie geopenbaar aan soekende siele. Versigtig het hy die geskrewe dele van die Skrifte te voorskyn gehaal. Dit was sy grootste vreugde om hoop te bring aan die emstige, sondige siel, wat slegs 'n God van wraak gesien het, wagtende om geregtigheid te laat geskied. Met bewende lippe en betraande oë het hy, dikwels op sy knieë, aan sy broeders die heerlike beloftes gewys wat die sondaar se enigste hoop openbaar. Op hierdie manier het die lig van die waarheid deurgedring tot menige donker hart, en die wolk van duistemis is verdryf, totdat die Son van Geregtigheid in daardie hart geskyn het met genesing in sy strale. Dit het dikwels gebeur dat 'n sekere skrifgedeelte oor en oor gelees is, omdat die hoorder dit begeer het om homself te verseker dat hy reg gehoor het. Veral moes die volgende woorde herhaal word: "Die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde." 1 Joh. 1: 7. "Soos Moses die [83]
slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Joh. 3: 14, 15.

Baie se oë is geopen ten opsigte van die aansprake van Rome. Hulle het gesien hoe nutteloos die middelaarskap van mense of engele is ten behoewe van die sondaar. Namate die ware lig in hulle harte opgegaan het, het hulle in vreugde uitgeroep: "Christus is my priester; Sy bloed is my offerande; Sy altaar is my biegstoel." Hulle het hulleself heeltemal op die verdienstes van Jesus verlaat, en die woorde herhaal, "Sonder geloof is dit onmoontlik om God te

behaag.” Heb. 11:6. “Want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.” Hand. 4: 12.

Die versekering van die Heiland se liefde was te veel vir sommige van hierdie arme, geteisterde siele om te besef. So groot was die verligting wat dit gebring het, so ‘n vloed van lig het op hulle geskyn, dat dit geskyn het asof hulle na die hemel gevoer is. Vertrouelik is hulle hande in die hand van Christus gelê; en hulle voete gevestig op die Rots van die Eeue. Alle vrees vir die dood was weg. Nou kon hulle die gevangenis en die brandstapel begeer as hulle daardeur die naam van hulle Verlosser kon vereer.

Op hierdie manier is die woord van God in geheime plekke tevoorskyn gehaal en gelees, soms aan ‘n enkele siel, en soms aan ‘n groep wat verlang het na lig en waarheid. Dikwels is die hele nag op hierdie manier deurgebring. So groot was die verbasing en verwondering van die hoorders soms, dat die boodskapper van genade dikwels verplig is om op te hou lees totdat die verstand die boodskap van verlossing kon vat. Dikwels is die volgende vrae gestel: “Sal God regtig my offerande aanneem? Sal Hy teenoor my glimlag? Sal Hy my vergewe?” Op hierdie vrae is die volgende antwoorde gelees: “Kom na My toe. almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.” Matt. 11: 28.

Geloof het die belofte aangeneem, en die volgende blye woorde is gehoor: “Nie meer lang bedevaarte om te maak nie; nie meer
[84] vermoeiende reise na heilige grafte nie. Ek kan na Jesus kom net soos ek is, sondig en onheilig, en Hy sal nie die boetvaardige gebed verag nie. Jou sondes is vergewe.’ Myne, ja ook myne, kan vergeef word!”

‘n Gloed van heilige vreugde het die hart vervul, en die naam van Jesus is grootgemaak deur lof en danksegging. Daardie gelukkige siele is na hulle huise terug om die lig te versprei; en om so goed as hulle kon hulle nuwe ervaring aan ander te vertel, naamlik dat hulle die ware en lewende Weg gevind het. Daar was ‘n wonderlike en plegtige krag in die woord van die Skrif wat regstreeks tot die harte gespreek het van diegene wat na die waarheid verlang het. Dit was die stem van God, en dit het diegene wat dit gehoor het, oortuig.

Die boodskapper van waarheid het sy weg verder voortgesit, maar sy nederige voorkoms, sy opregtheid, sy erns en sy vurigheid,

is dinge wat dikwels oor gepraat is. In baie gevalle het sy hoorders hom nooit gevra vanwaar hy gekom het en waarheen sy reis was nie. Hulle was so oorweldig, ten eerste met verbasing, en later met vreugde en dankbaarheid, dat hulle nooit daaraan gedink het om hom te ondervra nie. Toe hy gevra is om hulle te vergesel na hulle huise, het hy geantwoord dat hy die verlore skape van die kudde moes opsoek. Sou hy 'n engel van die hemel wees? het hulle gevra.

In baie gevalle is die boodskapper van waarheid nie meer gesien nie. Hy het na ander lande gegaan, of hy het sy lewe geslyt in die een of ander onbekende gevangenis, of miskien het sy gebeente gelê waar hy getuig het vir die waarheid. Maar die woorde wat hy agtergelaat het, kon nie vernietig word nie. Hulle het hulle werk in die harte van mense voortgesit; en hulle geseënde uitwerking sal in die oordeelsdag eers ten voile bekend word.

Die Waldensiese sendelinge het die koninkryk van Satan binnegedring, en die magte van duistemis is opgewek tot groter waaksaamheid. Elke poging ter bevordering van die waarheid is deur die vors van boosheid gadegeslaan, en hy het die vrees van sy werktuie opgewek. Die pouslike leiers het 'n teken van gevaar vir hulle saak gesien in die werk van hierdie nederige rondreisers. As hulle die lig van die waarheid sou toelaat om onverhinderd te skyn, sou dit [85]
die dik wolke van dwalleer wat die volk omhul het, verdryf; dit sou die harte van mense vestig op God alleen, en dit sou eindelik die oppermagtigheid van Rome vernietig.

Die bestaan van hierdie mense, wat vasgehou het aan die geloof van die vroeë kerk, was 'n gedurige getuienis teen Rome se afval. en daarom het dit die bitterste haat en felste vervolging verwek. Hulle weiering om die Skrifte op te gee was ook 'n misdaad wat Rome nie kon gedoog nie. Hy het besluit om hulle van die aarde te verdelg. Nou het die vreeslikste kruistogte begin teen Gods volk in hulle bergwonings. Inkwisiteurs is op hulle spoor gesit, en die moordtoneel van die onskuldige Abel deur die moorddadige Kain is dikwels herhaal.

Keer op keer is hulle vrugbare lande verwoes, en hulle woonhuise en kerke vernietig, sodat waar daar eers vrugbare landerye en die wonings van die onskuldige, hardwerkende mense ge- sien is, daar [86]
net 'n woesteny oorgebly het. Soos 'n verskeurende dier wat steeds wreder word as hy bloed proe, is die woede van pousgesindes steeds

aangevuur deur die lyding van hulle slagoffers. Baie van hierdie getuies vir die reine geloof is oor die berge verjaag en in die valleie agtervolg waar hulle weggekruip het, of in die bosse of tussen die rotse.

Geen beskuldiging kon ingebring word nie teen die sedelike karakter van hierdie mense wat voëlvry verklaar is. Selfs hulle vyande het verklaar dat hulle vredeliewend, stil, en vroom mense was. Hulle groot misdaad was dat hulle geweier het om God te aanbid volgens die wil van die Pous. Vir hierdie misdaad, is elke vernedering, belediging, en marteling wat deur mense of duiwels kon uitgedink word, op hulle gehoop.

Toe Rome eentyd besluit het om hierdie gehate sekte te verdelg, het die Pous 'n bul uitgevaardig wat hulle veroordeel het as ketters, en hulle aan slagting oorgelewer het. (Sien Aanhangsei.) Hulle is nie beskuldig dat hulle lui, oneerlik, of wanordelik was nie; maar daar is aangevoer dat hulle 'n skyn van vroomheid en heiligheid gehad het, wat "die skape van die ware kudde" verlei het. Daarom het die Pous beveel dat "hierdie kwaadwillige en afskuwelike sekte van kwaaddoeners," as hulle "weier om hulle geloof af te sweer, vergruis moes word soos giftige slange."— Wylie, b. 16, hoojstuk 1. Het hierdie trotse potentaat verwag om hierdie woorde ooit weer te hoor? Het hy geweet dat hulle in die boeke van die hemel opgeskryf is, om voor hom gebring te word in die oordeel? "Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My" het Jesus gesê, "het julle dit aan My gedoen." Matt. 25: 40.

Hierdie bul het 'n beroep gedoen op al die lede van die kerk om deel te neem aan 'n kruistog teen die ketters. As aansporing vir die mense om aan hierdie wrede werk deel te neem, het die bul "almal vrygespreek van kerklike straf en marteling, spesiaal of algemeen; dit het almal wat aangesluit het by die kruistog vrygestel van enige eed wat hulle geneem het; dit het hulle die wettige eienaars gemaak van alle goed wat hulle op onwettige wyse verkry het; en dit het die kwytskelding van alle sondes belowe aan diegene wat enige ketter
[87] doodmaak. Dit het alle kon- trakte wat aangegaan is ten gunste van die Yaudois nietig verklaar; hulle diensknegte is gelas om hulle te verlaat, alle mense is belet om hulle enige bystand te verleen, en alle persone is gemagtig om hulle besittings af te neem."—Wylie, b. 16, hoofstuk 1. Hierdie dokument het die gees agter alles duidelik

geopenbaar. Dit was die gebrul van die draak, en nie die stem van Christus, wat daarin gehoor is nie.

Die pouslike leiers wou nie hulle karakters in ooreenstemming bring met die maatstaf van Gods wet nie, maar hulle het hulle eie maatstaf opgestel, en hulle was vasbeslote om almal te dwing om daarvolgens te lewe omdat Rome dit so gewil het. Die verskriklikste tragedies is afgespeel. Yerdorwe en godslasterende priesters en pouse het die werk gedoen wat Satan aan hulle gegee het. Genade het geen plek in hulle natuur gehad nie. Dieselfde gees wat Christus gekruisig en Sy apostels om die lewe gebring het; dieselfde gees wat die bloeddorstige Nero besiel het in sy tyd, was nou aan die werk om diegene uit te roei wat God liefgehad het.

Die vervolgings wat hierdie godvresende volk vir baie eeue geteister het, is deur hullé verduur met ‘n geduld en onwrikbaarheid wat hulle Verlosser vereer het. Nieteenstaande die kruistogte teen hulle, en die onmenslike slagting waaraan hulle onderwerp is, het hulle steeds hulle sendelinge uitgestuur om die kosbare waarheid te versprei. Daar is jag gemaak op hulle tot die dood toe; maar hulle bloed het die saad benat en dit het nie opgehou om vrugte voort te bring nie. Op hierdie manier het die Waldense vir Christus getuig eeue voor die geboorte van Luther. Verstrooi in baie lande, het hulle die saad van die Hervorming geplant wat begin het in die tyd van Wycliffe, wat opgewas en diep wortel geskiet het in die dae van Luther, en wat voortgesit moet word tot die einde toe deur diegene wat gewillig is om ook alle dinge te ly vir “die woord van God en die getuienis van Jesus Christus.” Openb. 1: 9. [88]

[89]

# Hoofstuk 5—John Wyeliff

VOOR die Reformasie was daar tye dat daar maar min eksemplare van die Bybel bestaan het; maar God het nie toegelaat dat Sy woord heeltemal vernietig word nie. Die waarhede daarvan sou nie vir altyd bedek bly nie. Net so maklik as wat Hy gevangenisse en ysterpoorte kon opmaak, om Sy diensknegte vry te laat, kon Hy ook die woorde van die lewe in omloop bring. In die verskillende Europese lande is manne deur die Gees van God beweeg om na die waarheid te soek soos na verborge skatte. Deur die Voorsienigheid na die Heilige Skrifte gelei, het hulle die gewyde bladsye met die grootste belangstelling ondersoek. Hulle was gewillig om die lig aan te neem al sou dit hulle ook wat kos. Alhoewel hulle nie alles duidelik gesien het nie, is hulle in staat gestel om waarhede wat lank bedolwe was, te sien. Soos hemelse boodskappers het hulle voortgegaan, die kettings van dwaalleer en bygeloof verbreek, en diegene wat so lank verslaaf was, toegeroep om op te staan en hulle [90] vryheid te handhaaf.

Behalwe onder die Waldense, was die woord van God vir eeue opgesluit in tale wat alleen deur die geleerdes verstaan is; maar die tyd het aangebreek vir die Skrifte om vertaal en aan die mense van die verskillende lande gegee te word in hulle eie taal. Die middernag van die wêreld was verby. Die ure van duisternis het haas verbygegaan, en in baie lande is die tekens gesien van die dageraad.

In die veertiende eeu het die "morester van die Hervorming" — John Wycliffe in Engeland — verrys. Hy was die boodskapper van hervorming, nie alleen vir Engeland nie, maar vir die hele Christendom. Die sterk protes teen Rome wat hy gemaak het, is nooit stilgemaak nie. Hierdie verset het die stryd aangebind wat as gevolg sou hê die vrystelling van indiwidue, van kerke, en van volke.

Wycliffe het 'n goeie opvoeding geniet, en by hom was die vrees van die Here die beginsel van wysheid. Op kollege was hy bekend vir sy vroomheid sowel as vir sy wonderbaarlike talente en vir sy deeglike studie. In sy dors na kennis het hy getrag om op

hoogte te kom van alle takke van geleerdheid. Hy is onderrig in die skolastiese filosofie, in die kerkwette, in die burgerlike regte, veral van sy eie land. In sy later lewe het die waarde van sy vroeër opleiding duidelik geblyk. 'n Deeglike kennis van die spekulatiewe filosofie van sy tyd het hom in staat gestel om die dwalinge daarvan aan die kaak te stel; en deur sy studie van burgerlike en kerkwette is hy voorberei vir die groot stryd vir burgerlike en godsdiensvryheid. Terwyl hy die wapens uit Gods woord verkry, kon gebruik, is hy ook verstandelik geoefen in die skole, en hy het die taktieke van die geleerdes verstaan. Die krag van sy genie en die uitgestrektheid en deeglikheid van sy kennis het die respek afgedwing van beide vriende en vyande. Sy navolgers het met tevredenheid gesien dat hulle kampvegter vooraan gestaan het onder die leiers van die volk; en sy vyande kon dus onmoontlik die saak van die hervorming in veragting bring deur te wys op die onkunde of swakheid van die voorstander daarvan.

Terwyl Wycliffe nog op kollege was, het hy begin met 'n ondersoek van die Skrifte. In daardie vroeë tye, toe die Bybel slegs in die ou tale bestaan het, kon die geleerdes hulle weg na die fontein van [91]
waarheid vind—'n weg wat gesluit was vir die ongeleerde klasse. Toe reeds was die weg geopen vir Wycliffe se toekomstige werk as Hervormer. Geleerdes het die woord van God ondersoek en hulle het die groot waarheid van Sy vrye genade ontdek. In hulle leer het hulle die kennis van hierdie waarheid versprei, en hulle het ander gelei om na die lewende orakels te gaan.

Toe Wycliffe se aandag op die Skrifte gevestig is, het hy hulle begin ondersoek met dieselfde deeglikheid as dié wat hom in staat gestel het om die ander vakke te bemagtig. Tot dusver het hy 'n groot behoefte gevoel wat nóg sy skolastieke studies en nóg die leer van die kerk kon bevredig. In die woord van God het hy gevind wat hy so lank tevergeefs gesoek het. Hier het hy die verlossingsplan ontdek, en gesien dat Christus die enigste voorspraak van die mens is. Hy het homself oorgegee aan die diens van Christus, en hy het besluit om die waarhede wat hy ontdek het, te verkondig.

Soos die Hervormers na hom, het Wycliffe nie aan die begin van sy werk gesien waarheen dit hom sou lei nie. Hy het homself nie met voorbedagte rade in opstand teen Rome verset nie. Maar getrouheid aan die waarheid kon nie anders as hom in botsing bring

met valsheid nie. Hoe duideliker hy die dwalinge van die pousdom gesien het, hoe vuriger het hy die leer van die Bybel verkondig. Hy het gesien dat Rome die woord van God versaak het vir menslike oorlewering; onverskrokke het hy die priesters beskuldig dat hulle die Skrifte verban het, en hy het geëis dat die Bybel aan die volk moes herstel word en dat die gesag daarvan in die kerk moes gehandhaaf word. Hy was ‘n bekwame en ernstige onderwyser, asook ‘n vloeiende prediker, en sy daelikse lewe was ‘n demonstrasie van die waarhede wat hy verkondig het. Sy kennis van die Skrifte, die krag van sy argumente, die reinheid van sy lewe, en sy onwrikbare moed en opregtheid, het vir hom algemene agting en vertroue gewin. Baie van die mense, toe hulle die boosheid sien wat in die Roomse kerk geheers het, het ontevrede geword met hulle godsdiens, en hulle het met onbedekte vreugde die waarhede verwelkom wat deur Wycliffe geopenbaar is; maar toe die pouslike leiers sien dat hierdie Hervormer groter invloed as hulle verkry het, is hulle met woede
[92] vervul.

[93] Wycliffe was skerp om dwaalleer te ontdek, en hy het heftige slae toegedien aan die baie misbruike wat op gesag van Rome toegelaat is. Terwyl hy as kapelaan vir die koning opgetree het, het hy sterk opgetree teen die betaling van die belasting wat die Pous van die Engelse koning gevorder het, en hy het daarop gewys dat die pouslike aanmatiging van gesag oor wêreldlike heersers teenstrydig was met gesonde verstand en die Bybel. Die eise van die Pous het groot verontwaardiging uitgelok, en Wycliffe se leer het die vooraanstaandes onder die volk beïnvloed. Die koning en die edelliede het saamgestaan in hulle ontkenning van die Pous se aanspraak op wêreldlike gesag en in die weiering om die belasting te betaal. Op hierdie manier is die pouslike oppergesag in Engeland ‘n gevoelige slag toegedien.

Nog ‘n euwel waarteen die Hervormer ‘n lang en vasberade stryd gevoer het, was die instelling van die orcde van bedelmonnike. Hierdie monnike het in swerms na Engeland gekom en skade aan die grootheid en voorspoed van die volk gedoen. Nywerheid, opvoeding, sedes — alles het die nadelige invloed gevoel. Die luie bedelaarslewe van die monnike het nie alleen die sakke van die volk leeggemaak nie, maar dit het nuttige arbeid in minagting gebring. Die jongmense het sedelik agteruitgegaan en versleg. Onder die invloed van die

monnike is baie oorgehaal om hulle tot 'n kloosterlewe te begewe; en dit nie alleen sonder die toestemming van hulle ouers nie, maar ook sonder hulle kennis en teen hulle bevele. Een van die ou vaders van die Roomse Kerk, wat die eise van die monnikelewe bo die liefde en plig van kinders teenoor hulle ouers gestel het, het verklaar: "A1 sou jou vader voor jou ween, en jou moeder haar liggaam aan jou toon waaruit jy gebore is en die borste wat jou gesoog het, vertrap hulle maar onder jou voete, en gaan voort op jou weg na Christus." Deur sulke "monsteragtige onmenslikheid," soos Luther dit later uitgedruk het, "wat meer soos die aard van die wolf en die tiran was as van die Christen en die mens," is die harte van die kinders teen hulle ouers verhard.—*Sears, Barnas, "Life oj Luther," bls. 70, 69.*Aldus het die pouslike leiers net soos die Fariseërs vanouds, die gebod van God tot niet gemaak deur hulle instelling. Op hierdie wyse is huise verwoes en ouers beroof van die geselskap van hulle seuns en dogters. [94]

Selfs die studente aan die universiteite is deur die valse voorstellings van die monnike verlei en beweeg om by hulle ordes aan te sluit. Vele het later berou gehad oor die stap wat hulle gedoen het, aangesien hulle hulle eie lewens verwoes en hulle ouers verdriet aangedoen het; maar as hulle eenmaal in die strik was, was dit vir hulle onmoontlik om weer hulle vryheid terug te kry. Vele ouers het, uit vrees vir die invloed van die monnike, geweier om hulle seuns na die hoërskole te stuur. By die groot sentrums van geleerdheid was daar 'n aansienlike vermindering in die getal studente waargeneem. Die skole het gekwyn en onkunde het die oorhand gekry.

Die Pous het aan hierdie monnike die mag gegee om die bieg af te neem en vergifnis van sonde te skenk. Dit het die bron van 'n groot euwel geword. Daar hulle slegs aan hulle eie voordeel gedink het, was hierdie monnike so gereed om kwytskelding te gee dat misdadigers van alle soorte na hulle gekom het, met die natuurlike gevolg dat die ergste sondes vinnig toegeneem het. Die siekes en armes is aan hulle lot oorgelaat; terwyl die gifte wat in hulle behoeftes moes voorsien het, in die sakke van die monnike beland het, wat met dreigemente aalmoese van die mense geëis het en die slegtigheid veroordeel het van diegene wat dit gewaag het om nie aan hulle ordes te gee nie. Nieteenstaande hulle voorgegewe armoede het die rykdom van die monnike steeds toegeneem, en

langs hulle pragtige geboue en goeie spyse het die aangroeiende armoede van die volk steeds meer en meer afgesteek. En terwyl hulle hulle tyd in weelde en genot deurgebring het, het hulle in hulle plek onkundige manne uitgestuur wat niks anders geken het as om wonderbaarlike verhale en legendes op te dis en grappe te maak om die volk te amuseer en hulle nog meer en meer onder die invloed van die monnike te bring. Steeds het die kloosterbroeders hulle houvas op die bygelowige skares gehandhaaf, en hulle daartoe gebring om te glo dat alle godsdienstige pligte inbegrepe was in die erkenning van die oppermag van die Pous, die aanbidding van heiliges, gifte aan die monnike, en dat hierdie dinge genoeg was om vir hulle ‘n plek in die hemel te verseker.

Vroom en geleerde manne het tevergeefs getrag om ‘n hervor-
[95] ming te bewerkstellig in hierdie kloosterordes; maar Wycliffe, wat sake duideliker ingesien het, het die wortel van die kwaad aangepak en verklaar dat die stelsel self vals was en afgeskaf behoort te word. Daar het besprekings oor die saak ontstaan en die mense het begin navraag doen. Onderwyl die monnike die land deurreis het om pouslike aflate te verkoop, het baie mense begin twyfel aan die moontlikheid om vergifnis met geld te koop, en hulle het hulleself afgevra of dit nie beter sou wees om vergifnis by God te soek as by die Roomse opperpriesters nie. (Sien Aanhangsel.) Vele het onrustig geword oor die geldgierigheid van die kloosterbroeders wie se inhaligheid nooit bevredig kon word soos dit geskyn het nie. “Die Roomse priesters en monnike,” het hulle gesê, “verteer ons soos ‘n kanker. God moet ons verlos of ons sal vergaan.”—D’Aubigne, boek 17, hoojstuk 7. Om hulle geldgierigheid te bedek, het hierdie bedelmonnike voorgegee dat hulle die voorbeeld van die Heiland gevolg het, en het verklaar dat Jesus en Sy dissipels onderhou is deur die liefdegawes van die volk. Hierdie verklaring het hulle saak benadeel, omdat baie mense toe na die Bybel gegaan het om self ondersoek in te stel — iets wat deur Rome die minste van alles begeer was. Die harte van die mense is gevestig op die bron van alle waarheid, juis wat Rome hom ten doel gestel het om te verberg.

Wycliffe het traktate geskryf en uitgegee teen die kloosterbroeders, nie soseer, egter, om ‘n redetwis met hulle te soek nie, as om die aandag van die volk te vestig op die leer van die Bybel en die Skrywer daarvan. Hy het verklaar dat die Pous die mag om sonde

te vergeef of om mense in die kerkban te doen, in geen groter mate besit het as die priesters nie, en dat niemand werklik uit die kerk geban kan word tensy hy eers die oordeel van God op homself gebring het nie. Hy kon op geen kragdadiger wyse onderneem het om daardie kolossale weefsel van geestelike en wêreldlike oorheersing af te breek wat die Pous geweef het en waarin die siele en liggame van miljoene gevange gehou is nie.

Weer is Wycliffe geroep om die regte van die Engelse kroon teen die aanmatigings van Rome te verdedig; hy is aangestel as die afgesant van die koning, en hy het twee jaar in Nederland deurgebring in onderhandeling met die afgesante van die Pous. Daar het hy in aanraking gekom met geestelikes uit Frankryk, Italië en Spanje, en hy het geleentheid gekry om agter die skerms te sien en kennis [96]
te verkry van baie dinge wat in Engeland vir hom verborge sou gebly het. Hy het baie geleer wat sy latere arbeid doeltreffend sou maak. In hierdie verteenwoordigers van die pouslike hof het hy die ware karakter en wensenlike oogmerke gelees van die hiërargie. Hy het na Engeland teruggekeer om sy vorige leerstellings meer in die openbaar en met groter ywer te herhaal, verklarende dat gierigheid, trotsheid, en bedrog die gode van Rome was.

In een van sy traktate, sprekende oor die Pous en sy insamelaars, het hy gesê: "Hulle neem uit ons land die lewensbestaan van die arm man, asook duisende guide van die koning se geld vir sakramente en geestelike dinge; dit is die vervloekte kettery van simonie, en hy laat die hele Christendom instem en die kettery handhaaf. En voorwaar, al sou ons Ryk 'n groot berg van goud besit, en niemand sou daarvan neem behalwe die insamelaar van hierdie trotse, wêreldlike priester nie, sou hierdie berg met verloop van tyd verdwyn; want hy hou nooit op om geld uit ons land te neem nie en hy stuur niks in die plek daarvan terug nie behalwe Gods vervloeking vir sy simonie."—Lewis, Eerw. John, "History oj the Life and Sufferings of J. Wiclij," bl. 37 (ed. 1820).

Kort na sy aankoms in Engeland is Wycliffe deur die koning aangestel as predikant van Lutterworth. Dit was vir hom 'n versekering dat die koning nie in die minste ontevrede was omdat hy so reguit gepraat het nie. Wycliffe se invloed is gesien in die wyse waarop die hof gehandel het, sowel as in die vorm wat die volksgeloof aangeneem het.

Die pouslike donders het spoedig teen hom losgebars. Drie bulle is na Engeland gestuur — na die universiteit, die koning, en die prelate — in elkeen is daar geëis dat daar onmiddellike stappe gedoen moes word om die swye aan hierdie ketterse leraar op te lê. (Sien Aanhangsel.) Maar nog voor die aankoms van hierdie dokumente het die biskoppe in hulle ywer Wycliffe voor hulle gedaag om verantwoording te doen. Twee van die magtigste prinse in die ryk het hom na die regbank vergesel; maar die volk, wat die gebou omsingel en na binne gestroom het, het die regters so die skrik op die lyf gejaag, dat die verrigtings voorlopig gestaak en hy toegelaat is om
[97] in vrede te gaan. 'n Bietjie later het Eduard III, wat die prelate in sy ouderdom teen die Hervormer wou beïnvloed, gesterf, en Wycliffe se vroeër beskermheer het regent van die koninkryk geword.

Die aankoms van die pouslike bulle het aan die ganse Engeland 'n bevel gegee om die ketter in hegtenis te neem en op te sluit. Hierdie maatreëls het onmiddellik na die brandstapel gewys. Dit was byna seker dat Wycliffe binne kort die prooi sou word van die wraak van Rome. Maar Hy, wat in die dae vanouds verklaar het, "Vrees nie, Ek is vir jou 'n skild" (Gen. 15: 1), het nogeens Sy hand uitgestrek om Sy dienskneg te beskerm. Die dood het gekom, dog nie die Hervormer nie, maar die opperpriester, wat gelas het dat Wycliffe uit die weggeruim moes word, is daardeur getref. Gregorius XI, het gesterf, en die geestlikes wat vir die verhoor van Wycliffe saamgekom het, is uiteen.

Die voorsienigheid van God het die gebeurtenisse nog verder bestier om die hervorming geleentheid te gee om uit te brei. Die dood van Gregorius is gevolg deur die verkiesing van twee wedywerende pouse. Twee teenstrydige magte, albei waarvan voorgegee het dat hulle onfeilbaar was, het toe gehoorsaamheid geëis. (Sien Aanhangsel.) Elkeen van hulle het die getroues opgeroep om hom te help om oorlog te maak op die ander, en hy het sy bevele bekragtig met vreeslike vervloekings op sy teenparty en beloftes van hemelse loon aan sy ondersteuners. Hierdie voorval het die mag van die pousdom baie verswak. Die teenstrydige partye het hulle hande vol gehad om mekaar aan te val, en vir 'n tyd het Wycliffe rus gehad. Vervloekings en teenbeskuldigings is deur die een pous teen die hoof van die ander geslinger, en die teenstanders het strome bloed vergiet om hulle eise te verdedig. Misdade en skandale het die kerk

soos 'n vloed binnegestroom. In die tussentyd was die Hervormer, in die stille afsondering van sy pastorie te Lutterworth, ywerig aan die werk om die mense se aandag van die strydende pouse op Jesus, die Vredevors te vestig.

Die skeuring, met al die stryd en korrupsie wat dit veroorsaak het, het die weg berei vir die Reformasie, daar dit die mense in staat gestel het om te sien wat die pousdom werklik was. In een traktaat wat hy uitgegee het oor "die skeuring tussen pouse," het Wycliffe die volk opgeroep om te oorweeg of die twee pries- ters nie die waarheid [98]
praat wanneer hulle mekaar die antichris noem nie. "God," het hy gesê, "wil die duiwel nie langer in één priester laat regeer nie, maar ... het die skeuring tussen die twee laat ontstaan sodat die mense, in die naam van Christus, hulle gemakliker kan oorwin."—*Neander, "History oj the Christian Religion and Church," tydperk 6, ajd. 2, Deel I, para. 8.*

Soos sy Meester, het Wycliffe die evangelie aan die armes verkondig. Nie tevrede om die lig te versprei in hulle eie nederige wonings in sy gemeente van Lutterworth nie, het hy besluit dat dit na elke deel van Engeland geneem moes word. Om hierdie doel te verwesenlik het hy 'n aantal predikers georganiseer, eenvoudige, toegewyde, manne wat die waarheid liefgehad het en niks meer begeer het as om dit te versprei nie. Hierdie manne het orals gegaan, lerende op die markte, op die strate van die groot stede, en op die platteland. Hulle het die siekes, die oue van dae, en armes opgesoek en aan hulle die blye tyding van die genade van God gebring.

As hoogleraar in die teologie by Oxford, het Wycliffe die woord van God verkondig in die sale van die universiteit. So getrou het hy die waarheid aan die studente verkondig dat hulle aan hom die titel gegee het van "Die Evangelie-Doktor." Maar die grootste werk van sy lewe wat hy sou onderneem, was die vertaling van die Skrifte in Engels. In 'n werk getitel "On the Truth and Meaning of Scripture," het hy so voorneme tekenne gegee om die Bybel te vertaal, sodat elke persoon in Engeland die wonderbare werke van God in sy eie moedertaal kon lees.

Plotseling moes hy sy werk staak. Hoewel hy nog nie sestig jaar oud was nie, het aanhoudende werk, studie, en die aanvalle van sy vyande, sy krag aangetas en hom voor sy tyd oud gemaak. Hy is deur 'n gevaarlike siekte aangetas. Hierdie tyding het groot

vreugde laat ontstaan onder die monnike. Nou, het hulle gedink, sal hy bitter berou hê oor die kwaad wat hy die kerk aangedoen het, en hulle het na sy siekekamer gehaas om sy belydenis aan te hoor. Verteenwoordigers van die vier geestelike ordes, vergesel van vier burgelike beamptes, het hulle om die sterwende man geskaar. "Jy is op sterwe," het hulle gesê; "wees jammer oor jou foute en herroep in ons teenwoordigheid alles wat jy tot ons skade gesê het."
[99] Die Hervormer het in stilte geluister; toe het hy sy oppasser gevra om hom in sy bed op te lig, en met sy oë op hulle gerig terwyl hulle daar gestaan het, wagtende op sy herroeping, het hy met 'n ferme, sterk stem wat hulle so dikwels laat beef het, gesê: "Ek sal nie sterf nie, maar leef; en weer sal ek die bose dade van die monnike verkondig." — *D'Aubigne, boek 17, hoojstuk 7*. Verbaas en verslae het die monnike die kamer vinnig verlaat.

Wycliffe se woorde is vervul. Hy het gelewe om die sterkste van alle wapens teen Rome in die hande van sy landgenote te plaas, naamlik die Bybel, die hemelse werktuig tot bevryding, verligting, en evangelisasie van die mense. Om hierdie werk uit te voer, moes daar baie en groot struikelblokke uit die weg geruim word. Wycliffe het gely aan liggaamlike gebreke; hy het geweet dat daar vir hom nog net 'n paar jaar oorgebly het om in werk; hy het die teenstand gesien wat hy sou teëkom; maar, bemoedig deur die beloftes van Gods woord, het hy onverskrokke voortgegaan. Met voile verstandelike kragte, verryk deur ervaring, is hy deur die voorsienigheid van God bewaar en gespaar vir sy grootste werk. Terwyl die hele Christenheid in oproer verkeer het, het die Hervormer hom in sy pastorie op Lutterworth, sonder om hom aan die storm te steur wat buite gewoed het, aan sy gekose taak gewy.

Eindelik was die werk voltooi, naamlik die eerste vertaling van die Bybel in Engels. Die woord van God is aan Engeland geopen. Die Hervormer het nou nie meer die gevangenis of die brandstapel gevrees nie. Hy het aan die Engelse volk 'n lig gegee wat nooit uitgedoof sou word nie. Deur die Bybel aan sy landgenote te gee, het hy meer gedoen om die bande van onkunde en sonde te verbreek en om sy land te bevry en te verhef, as daar ooit deur die skitterendste oorwinnings op die slagveld teweeggebring is.

Die drukkuns was nog onbekend, en dit was slegs deur langsame en vermoeiende arbeid dat afskrifte van die Bybel gemaak kon word.

So graag wou die mense die boek hê, dat baie gewillig die werk onderneem het om dit af te skryf; maar dit het moeilik gegaan vir die skrywers om in die aanvraag te voorsien. Sommige van die ryker kopers wou graag die hele Bybel hê. Ander het gedeeltes daarvan gekoop. In baie gevalle het verskillende gesinne saam 'n afskrif [100]
gekoop. Op hierdie manier het Wycliffe se Bybel spoedig sy weg gevind tot die huise van die volk.

Die beroep op die redelike verstand van die mense het hulle gewek uit hulle lydelike onderwerping aan die pouslike leerstellings. Wycliffe het nou die kenmerkende leerstellings van Protestantisme verkondig, naamlik verlossing deur geloof in Christus, en die onfeilbaarheid van die Skrifte. Die predikers wat hy uitgestuur het, het die Bybel asook die geskrifte van die Hervormer met sulke groot sukses versprei dat die nuwe geloof deur byna die helfte van die bevolking van Engeland aangeneem is.

Die verskyning van die Skrifte het ontsteltenis laat ontstaan by die owerstes van die kerk. Nou het hulle te kampe gehad met 'n werktuig magtiger as Wycliffe -—'n werktuig waarteen hulle wapens tevergeefs sou wees. Daar was destyds in Engeland geen wet om die verspreiding van die Bybel te belet nie, want die Bybel is nog nooit in die volkstaal uitgegee nie. Sulke wette is later gemaak en streng toegepas. In die tussentyd was daar geleentheid vir die verspreiding van Gods woord, ondanks die pogings van die priesters.

Weer het die pouslike leiers planne gesmee om die Hervormer se stem stil te maak. Hy is voor drie geregshowe gedaag, maar dit het niks gehelp nie. Eerstens het 'n sinode van biskoppe verklaar dat sy geskrifte ketters was, en nadat hulle die jong koning, Richard II, aan hulle kant gekry het, het hulle 'n koninklike bevel verkry wat almal tot gevangenisstraf veroordeel het wat Wycliffe se leerstellings geglo het.

Wycliffe het hom op die parlement beroep; onbevrees het hy die hiërargie voor die volksverteenwoordiging gedaag, en 'n hervorming geëis van die verskriklike wangebruike wat deur die kerk goedgekeur word. Met oortuigende krag het hy die aanmatigings en korrupsie van die pouslike setel geskilder. Dit het sy vyande in verwarring gebring. Die vriende en ondersteuners van Wycliffe was tot onderwerping gedwing, en daar is verwag dat die Hervormer self, op sy ou dag, alleen en sonder vriende, sou buig voor die gesag van die kroon en

die myter. Maar in stede hiervan het die pousgesindes gevind dat hulle verslaan is. Die parlement, wakker geskud deur Wycliffe se
[101] hartroerende beroep, het die bevel tot vervolging herroep, en weer was die Hervormer vry.

Vir 'n derde maal is hy verhoor, en hierdie keer voor die noogste geestelike regbank in die ryk. Hier kon geen genade verleen word aan kettery nie. Hier, eindelik, sou Rome seëvier en die Hervormer se werk stopgesit word. So het die pousgesindes gedink. As hulle maar hulle doel kan bereik, sou Wycliffe geforseer word om sy leerstellings af te sweer, of hy sou die hof verlaat net om verbrand te word. Maar Wycliffe het niks herroep nie; hy sou nie huigel nie. Sonder vrees het hy sy leerstellings verdedig, en die beskuldigings van sy vervolgers weerlê. Hy het homself, sy posisie, en die okkasie vergeet, en hy het sy hoorders voor die regterstoel van die hemel gedaag; hy het hulle drogredes en hulle misleidende leerstellings in die weegskaal van ewige waarheid geweeg. Die kiag van die Heilige Gees is in die raadsaal gevoel. 'n Krag van God was op die hoorders. Dit het geskyn of hulle geen mag gehad het om die plek te verlaat nie. Die pyle uit die Here se pylkoker, naamlik die Hervormer se woorde, het hulle harte getref. Die beskuldiging van kettery wat hulle teen hom ingebring het, het hy met oortuigende krag op hulle teruggewerp. Waarom, het hy gevra, versprei hulle hulle dwaalleer? Terwille van winsbejag het hulle handel gedryf met die genade van God.

"Teen wie, dink julle," het hy ten slotte gevra, "stry julle? Teen 'n ou man op die randjie van die graf? Nee! teen Waarheid — Waarheid is sterker as julle en sal julle oorwin."—Wylie, boek 2, hoofstuk 13. Met hierdie woorde het hy die vergadering verlaat, en nie een van die teenstanders het 'n poging gemaak om hom te belet nie.

Wycliffe se werk was byna afgedaan; die banier van die waarheid wat hy so lank omhoog gehou het, sou eerlank uit sy hand val; maar nogeens sou hy getuig vir die evangelie. Die waarheid sou verkondig word uit die vesting self van die koninkryk van dwaling. Wycliffe is gedaag om voor die pouslike geregshof in Rome te verskyn, waar die bloed van die heiliges so dikwels vergiet is. Hy was nie blind vir die gevaar wat hom bedreig het nie, maar nogtans sou hy gegaan
[102] het as dit nie was dat 'n aanval van beroerte dit vir hom onmoontlik gemaak het om die reis te onderneem nie. Maar hoewel sy stem nie

in Rome sou gehoor word nie, kon hy nog deur middel van 'n brief spreek, en dit het hy ook besluit om te doen. Van sy pastorie het die Hervormer 'n brief aan die Pous geskryf, wat, hoewel dit hoflik en in 'n Christelike gees was, tog 'n bestraffing was van die prag en praal van die pouslike stoel.

"Ek verheug my inderwaarheid," het hy gesê, "om aan alle mense die geloof wat ek huldig, te open en te verklaar, veral aan die biskop van Rome wat, omdat ek meen dat hy waaragtig en gesond van leer is, glo maar te gewillig sou wees om my geloof te bevestig, of as ek sou dwaal, om dit te verbeter.

"Ten eerste neem ek aan dat die evangelie van Christus die hele wet van God omvat . . . ek glo dat die biskop van Rome, aangesien hy die plaasvervanger van Christus op aarde is, meer as alle mense gebonde is aan die wet van die evangelie. Want die grootheid onder die dissipels van Christus het nie bestaan uit wêreldse waardigheid of eer nie, maar uit 'n nougesette navolging van Christus in Sy lewe en handelwyse. . . . Christus, tydens sy pelgrimstog hier, was 'n baie arm man, wat alle wêreldse magsoefening en eer van die hand gewys het. . . .

"Geen gelowige behoort óf die Pous self óf enige van die heilige mense na te volg behalwe op die punte waarin hulle die Here Jesus Christus navolg nie; want Petrus en die seuns van Sebedeus, deur wêreldse eer te begeer, in stryd met die voorbeeld van Christus, het aanstoot gegee, en daarom moet hulle nie in daardie dwalings nagevolg word nie. . . .

"Die Pous behoort alle tydelike heerskappy en magsoefening aan die aardse magte oor te laat, en daartoe behoort hy ook al sy geestelikes te beweeg en te vermaan; want so het Christus gedoen veral deur Sy apostels. As ek op enige van hierdie punte dwaal, wil ek myself nederig onderwerp aan teregwysing, of selfs die dood as dit absoluut nodig is; en as ek kon handel volgens my wil en begeerte sou ek myself sekerlik in eie persoon voor die biskop van Rome gestel het; maar die Here het my andersins besoek en het my geleer om God eerder te gehoorsaam as die mens." [103]

Ten besluite het hy gesê: "Laat ons tot God bid dat hy ons Pous Urbanus VI, sal opwek soos Hy begin het, dat hy met sy geestelikes die Here Jesus Christus in lewe en sedes mag navolg; dat hulle die volk kragdadig mag onderwys, sodat laasgenoemdes hulle ook ge-

trou daarin mag navolg."—*Foxe, "Acts and Monuments" (geredigeer deur Eerw. J. Pratt), Deel III, bls. 49, 50.*

Op hierdie manier het Wycliffe aan die Pous en sy kardinale die nederigheid en sagmoedigheid van Christus voorgehou; en nie alleen aan hulle nie, maar aan die hele Christendom die teenstelling laat blyk tussen hulle en die Meester van wie hulle voorgee om verteenwoordigers te wees.

Wycliffe het stellig verwag dat hy met sy lewe sou moes boet vir sy getrouheid. Die koning, die Pous, en die biskoppe het saamgespan om sy ondergang te bewerk, en dit het gelyk of dit 'n uitgemaakte saak was dat hy binne 'n paar maande na die brandstapel sou gaan. Maar hy was onwrikbaar. "Waarom dink julle om die martelaarskroon daar ver te gaan soek?" het hy gesê. "Verkondig die evangelie van Christus aan trotse prelate, en die marteldood sal gewis wees. Wat! Moet ek lewe en stilbly? . . . Nooit nie! Laat die slag kom, ek
[104] wag dit af."— *D'Aubigne, boek 17, hoojstuk 8.*

Maar Gods voorsienigheid het nog Sy dienskneg beskerm. Die man wat vir sy hele leeftyd die waarheid onverskrokke verdedig het, in daelikse gevaar van sy lewe, sou nie die slagoffer word van die haat van sy vyande nie. Wycliffe het nooit getrag om homself te beskerm nie, maar die Here was sy beskermer; en nou, toe sy vyande seker was van hulle prooi, het Gods hand hom buite hulle bereik gestel. In sy kerk op Lutterworth, terwyl hy besig was om die avondmaal te bedien, het hy 'n aanval van beroerte gekry, en nie lank daarna nie is hy dood.

Wycliffe se werk was deur God aangewys. Hy het die woord van Waarheid in sy mond gelê, en Hy het hom bewaar sodat hy die woord aan die volk kon verkondig. Sy lewe is beskerm, en sy werktyd verleng, totdat die grondslag gelê is vir die groot werk van Hervorming.

Wycliffe het uit die duisternis van die Donker Eeue gekom. Daar was niemand voor hom uit wie se werk hy kon put vir sy stelsel van Hervorming nie. Net soos Johannes die Doper verwek is om 'n spesiale werk te doen, was hy die voorloper van 'n nuwe tydperk. In die stelsel van waarheid wat hy verkondig het, was daar 'n eenheid en volledigheid wat nie oortref is deur dié van die Hervormers wat hom opgevolg het nie, en wat sommige selfs 'n honderd jaar later nie eens bereik het nie. So breed en diep was die fondament wat hy

gelê het, so heg en waar was die raamwerk daarvan, dat diegene wat na hom gekom het nie nodig gehad het om die werk oor te doen nie.

Die groot beweging wat deur Wycliffe op tou gesit is, wat die gewete en verstand sou vrymaak, en die volke sou bevry wat so lank gebind was aan die segewa van Rome, het sy bron in die Bybel gehad. Hier was die bron van daardie stroom van seën, wat, soos die water van die lewe, sedert die veertiende eeu steeds gevloei het. Wycliffe het die Heilige Skrifte met 'n onwrikbare geloof aangeneem as die openbaring van Gods wil, as 'n onfeilbare maatstaf van geloof en lewe. Hy is opgevoed om die Kerk van Rome te beskou as die onfeilbare gesag van God, en om die leerstellings en gebruike van 'n duisend jaar aan te neem met onvoorwaardelike eerbied; maar van al hierdie dinge het hy hom afgewend om te luister na Gods heilige woord. Dit was die gesag wat hy die volk aangeraai het om te erken. Hy het verklaar dat die enigste ware gesag die stem van [105]
God was wat deur Sy woord spreek, en nie die van die kerk deur die Pous nie. Verder het hy geleer dat die Bybel nie alleen 'n volmaakte openbaring van Gods wil was nie, maar dat die Heilige Gees die enigste uitlegger daarvan is, en dat elke persoon deur 'n ondersoek van sy leerstellings sy eie plig vir homself moes leer. Op hierdie manier het hy die aandag van die mense van die Pous en die Kerk van Rome afgetrek en op die woord van God gevestig.

Wycliffe was een van die grootste Hervormers. In verstand, helderheid van gedagte, standvastigheid in die handhawing van die waarheid en stoutmoedigheid in die verdediging daarvan, het hy maar min gelykes gehad in diegene wat na hom gekom het. Reinheid van lewe, onvermoeide ywer in studie en werk, onomkoopbare opregtheid, Christelike liefde en getrouheid in diens, dit was die karaktertrekke van hierdie eerste Hervormer — en dit nieteenstaande die verstandelike duisternis en sedelike verwording van sy tyd nie.

Die karakter van Wycliffe is 'n getuienis vir die opvoedende, veranderende krag van die Heilige Skrifte. Dit is die Bybel wat [106]
hom gemaak het wat hy was. Die inspanning om die groot waarhede te verstaan wat die Bybel openbaar, verkwik en versterk al die verstandelike vermoëns. Dit verdiep die verstand. verskerp die waarnemingsvermoë, en gee rypheid van oordeel. n Ondersoek van die Bybel sal elke gedagte veredel, asook die gevoelens en strewes, soos geen ander studies dit kan doen nie. Dit gee vasberadenheid,

geduld, moed, en volharding; dit verfyn die karakter, en heilig die siel. ‘n Ernstige, eerbiedige ondersoek van die Skrifte, wat die verstand van die student regstreeks in aanraking bring met die goddelike verstand, sal aan die wêreld manne gee van groter en sterker intellek, en van edeler beginsels as wat daar geproduseer kan word deur die beste opvoeding wat menslike filosofie kan aanbied. “Die opening van U woorde gee lig”; sê die psalmis, “dit maak die eenvoudiges verstandig.” Ps. 119: 130.

Die leerstellings van Wycliffe is vir ‘n tyd versprei; sy navolgers, bekend as Wycliffiete en Lollarde, het nie alleen Engeland deurreis nie, maar ook ander lande waar hulle ‘n kennis van die evangelie gebring het. Maar noudat hulle leier dood was, het die predikers met nog groter ywer as ooit tevore gewerk, en groot skares het na hulle preke kom luister. Sommige van die edelliede, waaronder ook die koningin, was onder die bekeerlinge. Op baie plekke het daar ‘n opmerklike verandering gekom in die gewoontes van die mense, en die afgodiese sinnebeeld van Romanisme is uit die kerke verwyder. Maar baie gou het die meedoënlose storm van vervolging losgebars op diegene wat gedurf het om die Bybel aan te neem as hulle gids. Die Engelse konings, gretig om hulle mag te versterk deur die bystand van Rome, het nie geaarsel om die Hervormers op te offer nie. Vir die eerste maal in die geskiedenis van Engeland is die dissipels van die evangelie tot die brandstapel veroordeel. Die marteldood was aan die orde van die dag. Die voorstanders van die waarheid, verban en gemartel, kon slegs roep tot die Here van die leërskare. Vervolg as vyande van die kerk en verraaiers van die staat, het hulle in verborge plekke aangehou preek en so goed as hulle kon, skuiling gevind in die eenvoudige wonings van die armes, en dikwels moes hulle wegkruip in holle en spelonke.

[107] Nieteenstaande die woede van die vervolging, is daar vir eeue op stille, ernstige, geduldige, en vrome wyse geprotesteer teen die heersende verdorwenheid van die godsdiens. Die Christene van daardie vroeë tyd het slegs ‘n gedeeltelike kennis van die waarheid gehad, maar hulle het geleer om Gods woord te gehoorsaam en lief te hê, en hulle het geduldig daarvoor gely. Soos die dissipels in die tyd van die apostels, het baie hulle wêreldse besittings opgeoffer vir die saak van Christus. Diegene wat nog in hulle huise kon woon, het blymoedig herberg verleen aan hulle verbande broeders; en waar

hulle self verjaag is, het hulle sonder klagte die lot van ‘n verworpeling aanvaar. Wel was daar duisende, afgeskrik deur die woede van hulle vervolgers, wat hulle vryheid gekoop het ten koste van hulle geloof; en wat uit die gevangenisse vrygelaat is en in boetelingsklere die versaking van hulle geloof bekend gemaak het. Maar daar was ‘n groot aantal, waaronder ook edelliede, wat onverskrokke getuig het vir die waarheid in kerkers, die Lollardetorings, in marteling en in die vlamme, juigende dat hulle waardig geag was om te deel “in Sy lyde.”

Die pousgesindes kon nie hulle sin kry met Wycliffe gedurende sy leeftyd nie, en hulle wraaksugtigheid kon nie tevrede gestel word solank as sy liggaam rustig in die graf gerus het nie. Kragtens ‘n dekreet van die Konsilie van Constans, is sy bene sowat veertig jaar na sy dood opgegrawe en in die openbaar verbrand, en die as is in ‘n riviertjie in die buurt gegooi. “Hierdie stroompie,” het ‘n ou skrywer gesê, “het die as na die Avon gevoer, die Avon na die Severn, die Severn in die enge see, en die weer na die groot oseaan. En so het die as van Wycliffe ‘n sinnebeeld van sy leer geword wat nou in die hele wêreld versprei is.”—*Fuller T., “Church History oj Britain,” boek 4, ajd. 2, para. 54.*Min het sy vyande die betekenis van hulle kwaadwillige daad besef.

Dit is deur die geskrifte van Wycliffe dat Johannes Huss van Boheme, gelei is om die baie dwalings van Romanisme op te gee en die werk van hervorming aan te pak. Op hierdie wyse is die saad gesaai in hierdie twee lande wat sover van mekaar verwyder is. Van Boheme het die werk uitgebrei tot ander lande. Die aandag van die mense is gevestig op die woord van God wat so lank vergeet was. ‘n Goddelike hand was besig om die weg te berei vir die Groot Hervorming. [108]

[109]

## Hoofstuk 6—Huss en Hieronimus

REEDS in die negende eeu het die evangelie wortelgeskiet in Boheme. Die Bybel is vertaal, en die openbare godsdiens is beoefen, in die taal van die volk. Maar namate die mag van die Pous vermeerder het, is die woord van God bedek. Gregorius VII, wat dit op homself geneem het om die trots van konings te verbreek, was nie minder vasberade om die volk te verslaaf nie; derhalwe is 'n bul uitgevaardig wat verbied het dat die openbare godsdiens in die Boheemse taal sou geskied. Die Pous het verklaar "dat dit vir God behaaglik is dat Sy diens in 'n onbekende taal sou geskied, en dat baie euwels en ketterye ontstaan het omdat hierdie reel nie toegepas is nie."—Wylie, boek 3, hoojstuk 1. Also het Rome verorden dat die lig van Gods woord uitgedoof, en die volk in duisternis opgesluit moes word. Maar die Hemel het ander werktuie voorsien vir die bewaring van die kerk. Baie van die Waldense en Albigense, van hulle wonings verdryf in Frankryk en Italië, het na Boheme verhuis. Hoewel hulle nie gedurf het om in die openbaar te leer nie, het hulle
[110] dit ywerig in die geheim gedoen. Op hierdie manier is die ware geloof van eeu tot eeu bewaar.

Voor die tyd van Huss, was daar manne in Boheme wat openlik die verdorwenheid van die kerk en die losbandigheid van die mense veroordeel het. Hulle werk het groot belangstelling verwek. Die hiërargie is ontstel, en daar is vervolging op tou gesit teen die dissipels van die evangelie. Verjaag, sodat hulle in die bosse en die berge hulle godsdiens moes beoefen, is hulle deur die soldate agtervolg, en baie is om die lewe gebring. Later is daar bevel uitgevaardig waarin verorden is dat almal wat van die Roomse godsdiens afgewyk het, verbrand moes word. Maar terwyl die Christene hulle lewens opgeoffer het, het hulle vooruitgesien na die oorwinning van hulle saak. Een van die wat "geleer het dat verlossing alleen kon verkry word deur geloof in die gekruisigde Heiland," het op sy sterfbed verklaar: "Die woede van die vyande van die waarheid het nou die oorhand, maar dit sal nie vir ewig so wees nie; daar sal een onder die volk

opstaan, sonder swaard en sonder gesag, en hulle sal nie teen hom kan bestaan nie."—Wylie, boek 3, hoojstuk 1. Die koms van Luther was nog ver in die verskiet; maar alreeds het daar iemand opgestaan wie se getuienis teen Rome die volke in beroering sou bring.

Johannes Huss is uit 'n nederige huis gebore, en met die afsterwe van sy vader het hy vroeg wees geword. Sy vrome moeder, wat opvoeding en die vrees van God beskou het as die waardevolste besittings, het getrag om hierdie erfdeel aan haar seun te gee. Huss het in 'n provinsiale skool geleer, en later is hy na die universiteit van Praag, waar hy as arm student opgeneem is. Sy moeder het hom daarheen vergesel; as arm weduwee het sy geen wêreldlike rykdom gehad om aan haar seun te gee nie; maar toe hulle naby die groot stad kom, het sy langs die weeskind neergekniel, en die seen van hulle Hemelse Vader op hom afgesmeek. Weinig het sy vermoed hoe haar gebed beantwoord sou word.

Aan die universiteit het Huss homself gou onderskei deur sy onvermoeide ywer en vinnige vooruitgang, terwyl sy onbesproke lewe en sagmoedige, innemende gedrag algemene agting afgedwing het. [111]
Hy was 'n opregte aanhanger van die Roomse Kerk, en 'n ernstige soeker na die geestelike seëninge wat daardie kerk voorgegee het om te gee. Tydens een van die jaarfeeste, het hy gaan bieg en het hy sy laaste paar geldstukkies betaal; hy het by die optog aangesluit sodat hy ook kon deel in die beloofde vergifnis. Na hy sy kollegekursus voltooi het, het hy priester geword. en daar hy gou vir homself naam gemaak het, het hy 'n plek gekry aan die hof van die koning. Ook is hy aangestel as professor, en later as rektor van die universiteit waar hy sy opvoeding geniet het. Binne 'n paar jaar was die behoeftige student die trots van sy land, en sy naam was deur die ganse Europa bekend.

Maar dit was in 'n ander veld waar Huss sy hervormingswerk begin het. Etlike jare na hy priester geword het, is hy aangestel as prediker by die kapel van Betlehem. Die stigter van hierdie kapet het, as 'n baie belangrike saak, voorgestaan dat die Skrifte in die volkstaal moes gepredik word. Nieteenstaande Rome se verbod hierteen, was hierdie gewoonte nie heeltemal in Boheme gestaak nie. Daar was groot onkunde aangaande die Bybel, en die ergste sondes het onder alle stande van die samelewing geheers. Hierdie dinge het Huss ongenadig bestraf, en homself op die woord van God

beroep om die beginsels van waarheid en reinheid wat hy geleer het, te bekragtig.

'n Burger van Praag, Hieronimus, wat later 'n medewerker van Huss geword het, het die geskrifte van Wycliffe met hom saamgebring uit Engeland. Die koningin van Engeland, wat 'n bekeerling van Wycliffe was, was 'n Boheemse prinses; deur haar invloed is die geskrifte van die Hervormer wyd versprei in haar geboorteland. Huss het hierdie werke met belangstelling gelees; het hy geglo dat die skrywer daarvan 'n opregte Christen was, en hy was geneig om die hervormings wat Wycliffe voorgestaan het, gunstig te beskou. Alhoewel hy dit nie geweet het nie, was Huss alreeds op die pad wat ver weg van Rome sou lei.

In hierdie tyd het daar twee vreemdelinge uit Engeland in Praag aangekom, manne van geleerdheid, wat lig ontvang het en gekom het om dit in hierdie verafgeleë land te versprei. Hulle het begin
[112] met 'n openlike aanval op die oppergesag van die Pous, en hulle is gou stilgemaak deur die owerheid. Maar onwillig om van hulle doel af te sien, het hulle hulle toevlug geneem tot ander middels. Daar hulle ook kunstenaars sowel as predikers was, het hulle hulle kuns beoefen. In 'n plek waartoe die publiek toegang gehad het, het hulle twee skilderye geteken. Die een was 'n voorstelling van Christus se intog in Jerusalem, "sagmoedig, sittende op 'n esel," gevolg deur Sy dissipels in verslete klere en kaalvoet. Die ander skildery was 'n voorstelling van 'n pouslike optog; die Pous was uitgedos in sy pragtige klere en sy drievoudige kroon, sittende op 'n pragtigversierde perd, met kardinale en prelate in skitterende tooisel aan die voorpunt.

Hier was 'n preek wat die aandag van alle klasse getrek het. Skares het na die skilderye kom kyk. Almal het die sedeles gesien, en baie het diep onder die indruk gekom van die kontras tussen die sagmoedigheid en nederigheid van Christus, die Meester, en die prag en grootsheid van die Pous, Sy sogenaamde dienskneg. Daar het groot beroering in Praag ontstaan, en die vreemdelinge het dit na 'n tyd nodig geag om veiligheidshalwe te vertrek. Maar die les wat hulle geleer het, is nie vergeet nie. Die skilderye het 'n diep indruk op Huss gemaak, en hom gelei tot 'n dieper studie van die Bybel en die geskrifte van Wycliffe. Ofskoon hy nie bereid was om toe al, al die hervormings aan te neem wat Wycliffe voorgestaan het

nie, het hy die ware karakter van die pousdom duideliker gesien, en met groter ywer het hy die hoogmoed, die eersugtigheid, en die verdorwenheid van die hiërargie veroordeel.

Van Boheme het die lig na Duitsland versprei; want onluste aan die Universiteit van Praag het as gevolg gehad dat honderde Duitse studente hulle onttrek het. Baie van hulle het van Huss hulle eerste kennis van die Bybel gekry, en, terug in hulle vaderland, het hulle die evangelie verkondig.

Rapporte aangaande die werk in Praag het na Rome gegaan, en Huss is gou voor die Pous gedaag. Om te gehoorsaam sou vir hom 'n gewisse dood beteken. Die koning en koningin van Boheme, die universiteit, lede van die adelstand, regeringsbeamptes — almal het saam 'n beroep op die Pous gedoen om Huss toe te laat om in Praag te bly, en om deur middel van 'n plaas- vervanger in Rome [113]
verantwoording te doen. In stede van hierdie versoek toe te staan het die Pous met die verhoor voortgegaan en Huss veroordeel, ook het hy die stad Praag in die ban gedoen.

In daardie tyd het so 'n vonnis, waar ook al uitgespreek, algemene ontsteltenis veroorsaak. Die seremonies waarmee dit gepaard gegaan het, het die volk, wat die Pous beskou het as die verteenwoordiger van God, in besit van die sleutels van die hemel en hel, asook van mag, om tydelike sowel as geestelike straf op te lê, die skrik op die lyf geja. Daar is geglo dat die poorte van die hemel gesluit word teen die plek wat deur die banvloek getref word; en solank as die Pous die ban nie herroep nie, sou die dode uitgesluit bly van die oord van saligheid. As 'n teken van hierdie vreeslike onheil, word alle godsdiensoefeninge gestaak. Die kerke word gesluit. Huwelike word in die kerkhof ingeseën, daar word geweier om die dode in gewyde grond te begrawe, en hulle word sonder 'n lyksrede, sommer op die veld of in 'n sloot gegooi. Op hierdie manier het Rome, deur maatreëls wat op die verbeelding van die volk gewerk het, die gewetens van die mense beheers.

Die stad Praag was in oproer. 'n Groot menigte het Huss veroordeel as die oorsaak van hulle onheile, en hulle het geëis dat hy aan die wraak van Rome oorgelewer moes word. Om die storm te stil, het die Hervormer homself vir 'n tyd in sy geboortedorp teruggetrek. In 'n brief aan vriende in Praag het hy geskryf: "As ek my uit julle midde teruggetrek het, is dit om die gebod en die voorbeeld van

Jesus Christus na te volg, sodat daar geen geleentheid sal gegee word aan kwaadgesindes om die ewige veroordeling op hulle hals te haal nie, en sodat ek nie die oorsaak sal wees dat die vromes sal ly en vervolg word nie. Ook het ek my teruggetrek uit vrees dat goddelose priesters die verkondiging van die woord van God onder julle nog langer sal verbied; maar ek het julle nie verlaat om die goddelike waarheid, waarvoor ek met die hulp van God gewillig is om te sterf, op te gee nie."—*Bonnnechose, "The Reformers Before the Reformation," Deel I, bl. 87 (ed. 1844).* Huss het nie sy werk gestaak nie, maar het deur die omliggende lande gereis waar hy vir gretige skares gepreek het. Die maatreëls, dus, wat die Pous getref het om die evangelie te onderdruk, was oorsaak dat dit meer verbrei
[114] het. "Want ons kan niks doen teen die waarheid nie maar wel vir die waarheid." 2 Kor. 13: 8.

"Op hierdie stadium van sy loopbaan skyn dit of daar 'n groot stryd in die hart van Huss gewoed het. Hoewel die kerk daarop uit was om hom te oorweldig deur donderslae, het hy nie die gesag daarvan verwerp nie. Die Roomse Kerk was vir hom nog die bruid van Christus, en die Pous nog die verteenwoordiger en plaasvervanger van God. Huss se stryd was nie teen die beginsel van gesag nie, maar teen die misbruik daarvan. Dit het hom in 'n vreeslike stryd gewikkel tussen sy verstandelike oortuigings en die inspraak van sy gewete. As die gesag reg en onfeilbaar was, soos hy geglo het, hoe is dit dan dat hy gedwonge gevoel het om dit ongehoorsaam te wees? Om dit te gehoorsaam, het hy gesien, was sonde; maar waarom sou gehoorsaamheid aan 'n onfeilbare kerk hom dan voor hierdie vraag bring? Dit was die vraagstuk wat hy nie kon oplos nie; dit was die twyfeling wat hom uur na uur gemartel het. Die naaste wat hy aan 'n oplossing kon kom, was om aan te neem dat daar 'n herhaling was van toestande soos in die dae van die Verlosser, toe die priesters van die kerk bose manne was wat hulle wettige gesag gebruik het vir onwettige doeleindes. Dit het hom daartoe gebring om dit as rigsnoer vir sy eie lewe aan te neem, en dit ook aan ander voor te hou, dat die voorskrifte van die Woord, deur die verstand aangeneem, die gewete moet beheers; met ander woorde, dat God deur die Bybel sprekende, en nie die kerk wat deur die priesterskap spreek, die enigste onfeilbare gids is."—*Wylie, boek 3, hoojstuk 2.*

Toe die opwinding in Praag na ‘n tyd bedaar het, het Huss na sy kapel van Betlehem teruggekeer, om die woord van God met nog groter ywer te verkondig. Sy vyande was baie en bedrywig, maar die koningin en baie van die edelliede was sy vriende, en groot getalle van die volk was aan sy kant. Sy reine en verhewe leerstellings en heilige lewe vergelykende met die verlagende dogmas wat die Roomsgesindes verkondig het, en die gierigheid en losbandigheid van hulle lewe, het vele dit as ‘n eer beskou om aan sy kant te staan.

Tot dusver het Huss alleen gestaan in sy werk; maar nou het [115] Hieronimus, wat die leerstellings van Wycliffe aangeneem het terwyl hy in Engeland was, ook aangesluit by die hervormingswerk. Van nou af was die twee verenig in hulle lewens, en in die dood is hulle nie geskei nie. Genie, welsprekendheid, en geleerdheid — gawes wat mens in die guns van die volk bring —is dinge wat Hieronimus in ‘n groot mate besit het; maar in die eienskappe wat bydra tot ‘n sterk karakter, het Huss uitgeblink. Sy kalme oordeel het die voortvarende gees van Hieronimus ‘n bedwang gehou, wat met ware nederigheid die waarde van Huss besef, en geluister het na sy raad. Deur hulle gesamentlike arbeid het die hervormingswerk vinnig vooruitgegaan.

God het groot lig laat skyn in die harte van hierdie uitverkore manne, en baie van die dwalinge van Rome aan hulle geopenbaar; maar hulle het nie al die lig ontvang wat aan die wêreld sou gegee word nie. Deur hierdie diensknegte het God die volk uit die duisternis van Romanisme gelei; maar daar was groot struikelblokke wat hulle moes oorkom, en Hy het hulle voortgelei, stap vir stap, namate hulle dit kon verduur. Hulle was nie bereid om al die lig meteens te ontvang nie. Xet soos die voile glans van die middagson mense wat in die duisternis gewoon het, sou laat terugdeins, sou die voile lig hulle ook laat wegdraai het. Daarom het Hy die lig bietjiesgewyse aan die leiers geopenbaar, namate dit deur die volk kon verduur word. Van eeu tot eeu sou getroue werkers hulle opvolg, om die volk nog verder voort te lei op die pad van hervorming.

Die skeuring in die kerk het steeds voortgeduur. Drie pouse het nou onder mekaar gestry om die oppergesag, en hulle stryd het die Christendom vervul met misdaad en oproer. Nie tevrede om mekaar te vervloek nie, het hulle na die wapen gegryp. Elkeen van hulle het begin rond kyk om wapens te koop en soldate te verkry. Hierdie middels moes hulle hê; en om hulle te verkry, is die gawes,

betrekkings, en seëninge van die kerk te koop aangebied. (Sien Aanhangsel.) Ook die priesters het hulle meerderes nageaap, en hulle begeef tot simonie en oorlog om hulle teenstanders te verneder en hulleself te versterk. Met toenemende onverskrokkenheid, het Huss te velde getrek teen die gruwels wat in die naam van die godsdiens
[116] toegelaat is; en die volk het die Roomse leiers openlik beskuldig
[117] dat hulle die oorsaak was van die ellendes wat die Christendom oorweldig het.

Weer het dit geskyn of die stad Praag op die randjie van 'n bloedige botsing was. Soos in vorige tye is Gods dienskneg beskuldig dat hy "die beroerder van Israel was." 1 Kon. 18: 17. Weer is die stad in die ban gedoen, en het Huss teruggetrek na sy geboortedorp. Die getuienis wat hy so getrou gegee het in sy geliefde kapel van Betlehem, is beëindig. Voordat hy sy lewe neergelê het as getuie vir die waarheid, sou hy tot die hele Christendom spreek op 'n ruimer toneel.

Om die onheile uit die weg te ruim wat Europa in beroering gebring het, is daar 'n algemene konsilie belê om saam te kom op Constans. Hierdie konsilie is saamgeroep, op aandrang van die keiser Sigismund, deur een van die drie wedywerende pouse, naamlik Johannes XXIII. Hierdie aandrang op 'n konsilie was baie onwelkom vir Pous Johannes, wie se karakter en beleid nie ondersoek kon deurstaan nie, selfs nie deur prelate nie wat net so los van sedes was soos die kerkmanne van daardie tyd. Hy kon egter nie weier om te voldoen aan die versoek van Sigismund nie. (Sien Aanhangsel.)

Die hoofdoel van die vergadering was om die skeuring in die kerk te heel, en kettery uit te roei. Daarom is die twee antipouse voor die vergadering gedaag sowel as die vernaamste verkondiger van die nuwe opinies, naamlik Johannes Huss. Eersgenoemdes het, met die oog op hulle eie veiligheid, nie die vergadering persoonlik bygewoon nie, maar is verteenwoordig deur hulle afgevaardigdes. Pous Johannes, hoewel hy oënskynlik die sameroeper van die vergadering was, het met slegte voorgevoelens daarheen gegaan, verwagtende dat dit die keiser se geheime doel was om hom te onttroon, en ook was hy bang dat hy verantwoording sou moes doen vir die sondes wat die tiara onteer het sowel as die misdade waardeur hy dit verkry het. Maar nogtans het hy na die stad Constans gekom met groot prag en praal, vergesel van geestelikes van die hoogste rang, en gevolg deur

‘n stoet van howelinge. A1 die geestelikes en waardigheidsbekleërs van die stad, met ‘n groot skare burgers, het uitgegaan om hom te verwelkom. Bokant sy kop was ‘n goue kanopie, opgehou deur vier van die hoofmagistrate. Die hostie is voor hom gedra, en die prag- [118]
tige tooisel van die kardinale en edelliede het ‘n indrukwekkende vertoning gemaak.

In die tussentyd was daar ‘n ander reisiger op weg na Constans. Huss het die gevare besef wat hom bedreig het. Hy het afskeid geneem van sy vriende asof hy hulle nooit weer sou sien nie, en hy het sy reis aanvaar met ‘n gevoel dat hy op weg was na die brandstapel. Maar nieteenstaande dit nie, het hy ‘n vrygeleide gekry van die koning van Boheme, en ook een van die keiser Sigismund terwyl hy op weg was. Hy het alle reelings getref met die oog op die moontlikheid dat hy sou sterf.

In ‘n brief aan vriende in Praag het hy geskryf: “My broeders . . . ek vertrek met ‘n vrygeleide van die koning om my talryke en dodelike vyande te gaan ontmoet. . . . Ek vertrou volkome op die almagtige God, en op my Heiland; ek vertrou dat Hy u vurige gebede sal verhoor; dat Hy Sy versigtigheid en wysheid in my mond sal lê sodat ek hulle sal kan weerstaan; en dat Hy my Sy Heilige Gees sal skenk om my te sterk in Sy waarheid, sodat ek moedig versoeking, gevangenis, en indien nodig, ‘n wrede dood in die aangesig sal kan sien. Jesus Christus het vir Sy geliefdes gely; moet ons dan verbaas wees dat Hy ons Sy voorbeeld nagelaat het, sodat ons met geduld alles sou kan verdra vir ons eie saligheid? Hy is God en ons is Sy skepsels; Hy is die Here en ons is Sy diensknegte; Hy is die Meester van die wêreld en ons is veragtelike sterwelinge. En nogtans het Hy gely! Waarom dan sou ons nie ook ly nie, veral daar lyding vir ons loutering is? Daarom, geliefdes, as my dood Hom moet verheerlik, bid dat die spoedig mag kom, en dat Hy my in staat mag stel om alles wat my sal oorkom met standvastigheid te verduur. Maar as dit beter sou wees dat ek tot julle moet terug kom, laat ons God dan bid dat ek sonder blaam terugkom — dit wil sê, dat ek nie een titteltjie van die evangeliewaarheid sal terughou nie, sodat ek aan my broeders ‘n navolgenswaardige voorbeeld kan nalaat. Heel moontlik sal julle my nooit weer in Praag sien nie; maar as dit die almagtige God behaag om my aan julle terug te gee, laat ons dan voortgaan met ‘n

standvastiger hart in die kennis en liefde van Sy wet."—Bonnechose,
[119] Deel 1, bls. 147, 148.

In 'n ander brief, aan 'n priester wat 'n dissipel van die evangelie geword het, het Huss met groot nederigheid van sy eie dwalings geskryf en hy het homself aangekla "dat dit hom genoeë verskaf het om kostelike klere te dra, en dat hy ure verkwis het met ydele arbeid." In die brief het hy die volgende roerende vermanings gegee: "Mog die heerlikheid van die Here en die redding van jou siel jou gedagtes besig hou, en nie die besit van kerklike ampte en goed nie. Waak daarteen om nie jou huis meer te versier as jou siel nie; en bo alles, versorg jou geestelike gebou. Wees vroom en nederig teenoor die armes, en verteer nie jou goed met feesviering nie. As jy nie jou lewe verbeter en oordaad versaak nie, is ek bevrees dat jy swaar gekasty sal word net soos ekself. . . . Jy is bekend met my leer, want ek het jou onderrig van kindsbeen af; dit sou dus nutteloos vir my wees om nog meer te skryf. Maar ek besweer jou, deur die genade van die Here, om my nie na te volg in enige van die ydelhede waarin jy gesien het dat ek geval het nie." Op die koevert het hy verder geskryf, "ek besweer jou my vriend om hierdie brief nie oop te maak voordat jy seker is van my dood nie."—Bonnechose, Deel 1, bls. 148, 149.

Op sy reis het Huss orals bewyse gesien van die verspreiding van sy leerstellings, asook die welgevalle waarmee sy saak bejeën is. Die mense het toegestroom om hom te ontmoet, en in sommige dorpe het die magistrate hom vergesel deur die strate.

By sy aankoms op Constans het Huss alle vryheid geniet. By die vrygeleide van die keiser het die Pous hom ook die versekering gegee van beskerming. Dog hierdie plegtige en herhaaldelike versekering is geskend, en die Hervormer is binne 'n kort tydjie gearresteer op bevel van die Pous en die kardinale, en hy is in 'n vieslike kerker opgesluit. Later is hy oorgeplaas na 'n sterk kasteel oorkant die Ryn, en daar is hy gevangene gehou. Die Pous het maar min voordeel uit sy verraad getrek, en kort daarna is hy self in dieselfde gevangenis opgesluit.—Idem., bl 247. Op die vergadering is daar bewys dat hy aan die laagste misdade skuldig was, behalwe nog moord, simonie, en owerspel —"sondes wat nie genoem kan word nie." Dit was die verklaring van die vergadering; en hy is eindelik onttroon en in die
[120] gevan- genis gewerp. Die anti-pouse is ook onttroon, en daar is 'n

[121]

nuwe Pous gekies.

Ofskoon die Pous self skuldig was aan erger misdade as die waarvan Huss die priesters beskuldig het, en waarteen hy op hervorming aangedring het, het dieselfde vergadering wat die Pous verneder het, voortgegaan om die Hervormer te vernietig. Die opsluiting van Huss het groot verontwaardiging in Boheme veroorsaak. Invloedryke edelliede het sterk by die vergadering geprotesteer teen hierdie gruweldaad. Die keiser, wat nie gewillig was om die skending van vrygeleide te gedoog nie, het hom verset teen die wyse waarop Huss behandel is. Maar die vyande van die Hervormer was wraagsugtig en gedetermineerd. Hulle het hulle beroep op die keiser se vooroordeel, op sy vrees, en op sy ywer vir die kerk. Hulle het languitgerekte argumente aangevoer om te bewys dat "beloftes aan ketters en aan persone wat van kettery verdenk is, nie nagekom behoort te word nie, alhoewel hulle voorsien is van vrygeleides van keisers en konings."*—Lenjant, "History of the Council oj Constance," Deel I, bl. 516.*En so het hulle hulle doel bereik.

Verswak deur siekte en gevangenis — want die klam, slegte lug van die kerker het 'n koors laat ontstaan waaraan hy byna dood is — is Huss eindelik voor die vergadering gebring. Met kettings gebind, het hy in die teenwoordigheid van die keiser gestaan wat sy eer en trou verpand het om hom te beskerm. Gedurende sy lang verhoor, het hy pal gestaan vir die waarheid, en in die teenwoordigheid van die waardigheidsbekleërs van kerk en staat, het hy plegtig en getrou geprotesteer teen die verdorwenheid van die priesterskap. Toe hy moes kies tussen die herroeping van sy leer en die dood, het hy die lot van martelaar gekies.

Die genade van God het hom staande gehou. Gedurende die weke van lyding voor sy vonnis voltrek is, het die vrede van die hemel sy siel vervul. "Ek skryf hierdie brief," het hy aan 'n vriend geskryf, "in my gevangenis en met my geboeide hand, en ek verwag my doodvonnis more. . . . Wanneer ons, met die hulp van Jesus Christus, weer sal ontmoet in die heerlike vrede van die lewe hiernamaals, sal u hoor hoe genadig God teenoor my was, en hoe kragtig [122]
Hy my ondersteun het te midde van versoeking en beproewing."—Bonnechose, Deel II, bl. 67.

In die duisternis van sy gevangenis het hy die seëviering van die ware geloof gesien. In sy drome teruggaande na die kapel in Praag

waar hy die evangelie verkondig het, het hy die Pous en sy biskoppe die afbeeldings van Christus wat hy teen die mure geskilder het, sien uitwis. "Hierdie gesig het hom baie ongelukkig gemaak; maar die volgende dag het hy baie kunsskilders gesien, besig om die figure te herstel in groter getal en in heerliker kleure. Sodra hulle klaar was, het die skilders, wat omring was van 'n groot skare, uitgeroep, ,Laat die pouse en biskoppe nou kom; hulle sal dit nooit meer kan uitwis nie!' " In sy verhaal van sy droom, het die Hervormer gesê: "Ek is oortuig daarvan, dat die beeld van Christus nooit uitgewis sal word nie. Hulle wou dit graag vernietig, maar dit sal opnuut geskilder word in alle harte deur beter predikers as ek."—*D'Aubigne, Boek 1, hoofstuk 6.*

Vir die laaste maal is Huss voor die raad gebring. Dit was 'n groot en skitterende vergadering — die keiser, die prinse van die ryk, die koninklike afgevaardigdes, die kardinale, biskoppe, priesters, en 'n groot skare wat as toeskouers gekom het van die gebeurtenisse van die dag. Uit alle dele van die Christendom het die getuies bymekaargekom van die eerste groot offer van die lang stryd waardeur gewetensvryheid verkry is.

Toe hy opgeroep is om sy laaste besluit aan die raad te gee, het Huss verklaar dat hy weier om sy geloof af te sweer, en met sy deurdringende blik op die keiser gevestig wat sy gegewe woord so skandelik geskend het, het hy verklaar "Ek het uit my eie vry wil besluit om voor hierdie raad te verskyn onder die openbare beskerming en belofte van die keiser hier teenwoordig." — *Bonnechose, Deel 11, bl. 84.* Die gelaat van Sigismund het bloedrooi geword en die oë van almal was op hom gevestig.

Nadat die vonnis uitgespreek is, is die plegtigheid van vernedering begin. Die biskoppe het die gevangene geklee in priesterlike gewaad, en toe hy die gewaad aantrek het hy gesê, "onse Here Jesus Christus is 'n blink kleed aangetrek om Hom te beledig, toe Hero-
[123] des Hom voor Pilatus ingebring het."— *Bonnechose, Deel 11, bl. 86.*Toe hy weer vermaan is om te herroep, het hy hom tot die volk gewend en geantwoord: "Hoe sou ek dan die hemele kan aansien? Hoe sou ek my aangesig kan vertoon voor die skare van manne aan vvie ek die reine evangelie verkondig het? Xee; ek ag hulle saligheid meer as hierdie arme liggaam, nou tot die dood veroordeel." Een vir een is die kledingstukke weer uitgetrek, terwyl elke biskop 'n vloek

uitgespreek het onderwyl hy sy deel van die plegtigheid uitgevoer het. Eindelik het hulle die puntige papier myter op sy hoof geplaas waarop figure van demone geskilder is, met die woord "artsketter" voorop, vir almal sigbaar. "Met blydskap," het Huss gesê, "sal ek hierdie kroon van skande dra vir U ontwil, o Jesus, wat vir my die doringkroon gedra het."

Op hierdie wyse uitgedos, het die prelate gesê, "nou gee ons jou siel aan die duiwel oor." "En ek," het Johannes Huss geantwoord, met sy oë hemelwaarts gerig, "beveel my gees in U hande, o Here Jesus, want U het my verlos."— *Wylie, Boek III, hoojstuk 7*

Hy is toe aan die wêreldlike owerheid oorgelewer, en na die plek van teregstelling gelei. 'n Groot skare het gevolg, honderde gewapende manne, priesters en biskoppe in hulle skitterende klere, en die inwoners van Constans. Xadat hy aan die brandstapel vasgebind is, en alles gereed was om die vuur aan die brand te steek, is die martelaar nogeens vermaan om homself te red deur sy dwaling af te sweer. "Watter dwalings," het Huss gevra, "moet ek opgee? Ek weet nie van een waaraan ek skuldig is nie. Ek roep tot God as getuie dat alles wat ek geskryf en gepreek het, gedoen is met die doel om siele te red van sonde en die verderf; en, daarom sal ek blymoedig die waarheid wat ek geskryf en gepreek het, met my bloed bevestig."—*Wylie, Boek III, hoojstuk 7.*Toe die vlamme rondom hom begin brand, het hy die lied aangehef, "Jesus, Seun van Dawid, wees my genadig," en so het hy aangehou tot dat sy stem vir ewig stil was.

Selfs sy vyande is getref deur sy heldhaftige gedrag. 'n Ywerige pousgesinde, in 'n beskrywing van die marteldood van Huss, en van Hieronimus wat kort daarna ook gesterf het, het gesê: "Altwee van hulle het onwrikbaar vasgestaan toe hulle laaste uur genader het. [124]
Hulle het vir die brandstapel voorberei soos vir 'n bruilofsfees. Hulle [125]
het geen smartkreet geuiter nie. Toe die vlamme opskiet, het hulle liedere begin sing; en die heftigheid van die vuur kon skaars hulle gesing stopsit."— *Wylie, Boek III, hoojstuk 7.*

Nadat die liggaam van Huss heeltemal verbrand was, is sy as, met die grond waarop dit gelê het, saamgeraap en in die Ryn gegooi wat dit na die oseaan gevoer het. Sy vervolgers het tervergeefs gehoop dat hulle die waarhede wat hy verkondig het, uitgeroei het. Min het hulle gedroom dat die as wat daardie dag na die see gevoer is, soos saad sal wees wat in alle lande van die aarde gesaai is; dat dit in lande

wat totnogtoe onbekend was, ‘n groot oes sou lewer in getuies vir die waarheid. Die stem wat gespreek het in die raadsaal van Constans, het weerklink deur al die toekomstige eeue. Huss was daar nie meer nie, maar die waarhede waarvoor hy gesterf het, sou nooit uitgedelg word nie. Sy voorbeeld van geloof en onwrikbaarheid sou menigtes bemoedig om pal te staan vir die waarheid, ten spyte van marteling en die dood. Sy teregstelling het aan die hele wêreld die skandelike wreedheid van Rome getoon. Die vyande van die waarheid, alhoewel hulle dit nie geweet het nie, het die saak aangehelp wat hulle so tevergeefs getrag het om te vernietig.

Daar sou nog ‘n ander brandstapel op Constans opgerig word. Die bloed van nog ‘n getuie moet vir die waarheid getuig. Toe Hieronimus, Huss by sy vertrek na die vergadering gegroet het, het hy hom aangemaan tot moedigheid en onwrikbaarheid, en gesê dat hy self tot sy hulp sou haas as enige gevaar hom sou bedreig. Toe hy hoor van die Hervormer se gevangenis het hierdie getroue dissipel onmiddellik klaargemaak om sy belofte na te kom. Sonder ‘n vrygeleide, en met net een metgesel, het hy vertrek na Constans. Hy sy aankoms daar was hy oortuig dat hy homself net in gevaar gebring het sonder enige moontlikheid om iets te kan doen vir die vrystelling van Huss. Hy het gevlug van die stad, maar op sy terugreis is hy in hegtenis geneem, en in boeie deur ‘n aantal soldate teruggebring. Op sy eerste verskyning voor die raad, is Hieronimus se poging om te antwoord op die beskuldigings teen hom doodgeskree met “na
[126] die vlamme met hom, na die vlamme!”—Bonnechose, Deel I, bl. 234. Hy is in die gevangenis gewerp, en op ‘n manier vasgeketting wat hom groot lyding veroorsaak het, en hy is met brood en water gevoed. Na etlike maande het die lyding in die gevangenis hom so siek gemaak dat sy lewe in gevaar was; sy vyande, vresende dat die dood hom uit hulle hande sou verlos, het hom met minder wreedheid behandel, alhoewel hy nog vir ‘n hele jaar in die gevangenis gebly het.

Die dood van Huss het nie uitgewerk soos die pousgesindes gehoop het nie. Die skending van die vrygeleide het ‘n storm van protes by die volk laat ontstaan, en as ‘n veiliger weg, het die raad besluit om Hieronimus, in stede om hom te verbrand, te forseer om te herroep, as dit moontlik was. Hy is voor die vergadering gebring, waar hy moes kies tussen afswering en die brandstapel.

Aan die begin van sy gevangenskap, sou die dood 'n seën gewees het vergeleke met die vreeslike lyding wat hy moes verduur; verswak deur siekte veroorsaak deur sy ontberings in die gevangenis en die angs en spanning, verwyder van sy vriende en ontmoedig deur die dood van Huss, het Hieronimus se kragte nou ingegee en hy het ingestem om hom aan die raad te onderwerp. Hy het belowe om vas te hou aan die Katolieke geloof, en hy het die handelwyse van die raad in die veroordeling van die leerstellings van Wycliffe en Huss goedgekeur. met uitsondering egter, van die "heilige waarhede" wTat hulle verkondig het. (Bonnechose, Deel II, bl. 141.)

Deur hierdie uitweg het Hieronimus probeer om die stem van sy gewete stil te maak en aan sy lot te ontkom. Maar in die eensaamheid van sy kerker het hy duidelik besef wat hy gedoen het. Hy het gedink aan die moed en getrouheid van Huss, in teenstelling met sy eie verloëning van die waarheid. Hy het gedink aan sy goddelike Meester wat hy belowe het om te dien en wat vir sy ontwil die kruisdood verduur het. Voor sy herroeping het hy in sy lyding troos gevind in die versekering van Gods guns; maar nou was sy siel deur twyfel en verwyt gemartel. Hy het geweet dat daar nog ander herroepings moet gemaak word voordat hy in vrede met Rome kon verkeer. Die weg wat hy ingeslaan het kon alleen eindig in volkome afval. Hy het
sy be- sluit geneem: om 'n kort tydjie van lyding te ontduik, sou hy [127]
nie sy Here verloën nie.

Hy is gou weer voor die raad gebring. Sy onderwerping het nie sy regters tevrede gestel nie. Hulle dors na bloed, verskerp deur die dood van Huss, het om meer slagoffers geroep. Alleen deur 'n onvoorwaardelike versaking van die waarheid kon Hieronimus sy lewe behou. Maar hy was vasbeslote om sy geloof te handhaaf en sy broedermartelaar na die vlamme te volg.

Hy het sy vorige terugtrekking herroep, en as 'n sterwende, het hy plegtig gevra om 'n kans om homself te verdedig. Die uitwerking van sy woorde vresende, het die prelate daarop aangedring dat hy slegs die waarheid of die onwaarheid van die klagtes teen hom moes erken. Hieronimus het teen sulke wreedheid en onreg geprotesteer. "Julie het my vir driehonderd en veertig dae in hierdie vreeslike gevangenis opgesluit," het hy gesê, "in vuilheid, vieslikheid, stank, en in die allergrootste behoefte aan alles; en nou bring julle my voor julle, en aangehits deur my dodelikste vyande, weier julle om my

te hoor. ... As julle regtig wyse manne is, en ligte in hierdie wêreld, pas op dat julle nie teen geregtigheid sondig nie. Wat my betref, ek is maar 'n swak sterweling; my lewe is nie veel werd nie; en waar ek julle vermaan om my nie oor te lewer aan 'n onregverdige vonnis nie, spreek ek minder vir myself as vir julle."—Bonnechose, Deel II, bls. 146, 147.

Sy versoek is eindelik toegestaan. In die teenwoordigheid van sy regters het Hieronimus neergekniel en gebid dat die goddelike Gees sy gedagtes en woorde mag beheers, sodat hy niks mag sê wat teenstrydig met die waarheid is of wat sy Meester onwaardig sou wees nie. Vir hom is die belofte van God aan die eerste dissipels daardie dag vervul: "Ook voor goewerneurs en konings sal julle gebring word om My ontwil. . . . Maar wanneer hulle julle oorlewer, moenie julle kwel oor hoe of wat julle sal spreek nie; want dit sal julle in daardie uur gegee word wat julle moet spreek." Matt. 10: 18-20.

Die woorde van Hieronimus het die verbasing en bewondering van selfs sy vyande verwek. Vir 'n hele jaar is hy in die kerker
[128] opgesluit, sonder om iets te kan lees of selfs te kan sien, in groot
[129] liggaamlike lyding en geestelike angs. Maar sy argumente was so duidelik en kragtig gestel asof hy alle kans op voorbereiding gehad het. Hy het sy hoorders gewys op die lang reeks heilige manne wat deur onregverdige regters veroordeel is. In byna elke geslag was daar diegene wat, hoewel hulle getrag het om die mense van hulle tyd op te hef, gesmaad en uitgewerp is, maar wat in later tye bewys is as diegene wat eer verdien. Christus Self is veroordeel as boosdoener in 'n onregverdige geregshof.

Tydens sy herroeping het Hieronimus ingestem tot die regverdigheid van die vonnis op Huss; nou het hy sy berou getuig, en hy het getuig van die onskuld en heiligheid van die martelaar. "Ek ken hom van kindsbeen af," het hy gesê. "Hy was 'n voortreflike man, regverdig en heilig; ondanks sy onskuld is hy veroordeel. . . . Ek ook, is gereed om te sterf. Ek sal nie terugdeins vir die marteling wat vir my berei is deur my vyande en valse getuies, wat eendag verantwoording sal moet doen vir hulle valsheid voor God, wat deur niemand kan bedrieg word nie."— Bonnechose, Deel II, bl. 151.

Met selfverwyt omdat hy die waarheid verloën het, het Hieronimus voortgegaan: "Van al die sondes wat ek sedert my jeug gepleeg

het, is daar nie een wat so swaar op my gemoed druk en my so bitter berou nie, as die sonde wat ek in hierdie veragtelike plek gepleeg het, naamlik my instemming met die afskuwelike vonnis op Wycliffe. en op daardie heilige martelaar Johannes Huss, my meester en my vriend. Ja, ek bely uit my hart, ek bely met afsku dat ek skandelik gebewe het uit vrees vir die dood, toe ek hulle leerstellings veroordeel het. Daarom smeek ek . . . die Almagtige God om my my sondes te vergewe, veral hierdie een, die afskuwelikste van almal." Na sy regters wysende, het hy beslis gesê: "Julle het Wycliffe en Johannes Huss veroordeel, nie omdat hulle die leerstellings van die kerk geskud het nie, maar eenvoudig omdat hulle die bandeloosheid en skanddade van die geestelikes veroordeel het — naamlik hulle praal, hulle hoogmoed, en al die sondes van die prelate en die priesters. Die dinge wat hulle gesê het, en wat onweerlegbaar is, dit dink en sê ek ook net soos hulle."

Hy is in die rede geval. Die prelate, bewende van vrees, het [130]
uitgeroep, "watter verdere bevvys het ons nodig? Hier sien ons met ons eie oë die hardnekkigste van alle ketters!" Onbeweeg deur hierdie storm het Hieronimus uitgeroep: "Wat! Dink julle ek is bang om te sterf? Julle het my vir 'n hele jaar lank in 'n vieslike tronk opgesluit, afskuweliker as die dood self. Julle het my met groter wreedheid behandel as 'n Turk, Jood, of Heiden en my vlees het letterlik lewendig van my bene afgerot; en nogtans het ek nie gekla nie, want 'n klaaglied pas nie by 'n man met 'n sterk gees en hart nie; maar nietemin kan ek nie nalaat om my verbasing uit te spreek oor sulke groot barbaarsheid teenoor 'n Christen nie."— *onnechose, Deel 11, bls. 151-153.*

Weer het hulle woede losgebars, en Hieronimus is sonder verwyl na die gevangenis teruggeneem. Maar daar was sommige onder die gehoor op wie sy woorde 'n diep indruk gemaak het, en wat sy lewe wou red. Hy is deur waardigheidsbekleërs van die kerk besoek, wat by hom aangedring het om hom aan die raad te onderwerp. Die heerlikste vooruitsigte is aan hom voorgehou as beloning indien hy sy teenstand teen Rome sou opgee. Maar soos sy meester, toe die heerlikheid van die wêreld aan hom voorgehou is, het hy palgestaan.

"Bewys my uit die Heilige Skrifte dat ek dwaal," het hy gesê, "en dan sal ek afsweer."

“Die Heilige Skrifte!” het een van sy versoekers uitgeroep, “moet alles dan deur hulle beoordeel word? Wie kan hulle verstaan totdat die kerk hulle verklaar het?”

“Is die oorlewerings van mense geloofwaardiger as die evangelie van ons Heiland?” het Hieronimus gevra. “Paulus het diegene aan wie hy geskryf het, nie vermaan om na die oorlewerings van mense te luister nie, maar het gesê, ‚Ondersoek die Skrifte.’ ” “Ketter!” is daar geskree, “ek is jammer dat ek so lank met jou gepleit het, ek sien dat jy deur die duiwel aangehits is.”—*Wylie, Boek III, hoojstuk 10.*

Eerlank is die oordeel oor hom uitgespreek. Hy is na dieselfde plek geneem waar Huss gesterf het. Hy het singende voortgegaan, sy aangesig stralende van vreugde en vrede. Sy oë was op Christus gevestig, en vir hom het die dood geen verskrikking gehad nie. Toe
[131] die laksman op die punt staan om die vuur agter hom aan die brand te steek het die martelaar uitgeroep, “Kom openlik voor my; steek die vuur voor my aan die brand. As ek bang was, sou ek nie hier wees nie.”

Sy laaste woorde, toe die vlamme rondom hom opskiet, was ‘n gebed. “Here, Almagtige Vader,” het hy geroep, “ontferm U oor my en vergewe my my sondes; want U weet dat ek U waarheid altyd liefgehad het.”—Bonnechose,*Deel II, bl. 168.*Sy stem is nie meer gehoor nie, maar sy lippe het nog beweeg in gebed. Nadat die vuur sy werk gedoen het, is die as van die martelaar asook die grond waarop dit gelê het, bymekaargemaak, en soos die van Huss is dit in die Ryn gewerp.

So het Gods getroue ligdraers gesterf. Maar die lig van die waarhede wat hulle verkondig het — die lig van hulle heldhaftige voorbeeld — kon nie uitgedoof word nie. Net so lief kon mens probeer het om die son te belet as om die koms van die dag te belet wat toe juis oor die wêreld opgegaan het.

Die teregstelling van Huss het ‘n vuur van verontwaardiging en afsku in Boheme aangesteek. Die ganse volk het gevoel dat hy die slagoffer geword het van die wraaksug van die priesters en die verraad van die keiser. Hulle het verklaar dat hy ‘n getroue leraar van die waarheid was, en dat die raad wat sy doodvonnis uitgespreek het, skuldig was aan moord. Sy leerstellings het nou groter aandag getrek as ooit tevore. Op pouslike bevel is die geskrifte van Wycliffe

verbrand. Maar die wat aan vernietiging ontkom het, is nou uit hulle wegsteekplekke gehaal, en saam met die Bybel, die beskikbare dele daarvan ondersoek, en baie mense is daartoe gebring om die hervormde geloof aan te neem.

Die moordenaars van Huss het nie stilgesit en toegelaat dat sy saak seëvier nie. Die Pous en die keiser het saamgewerk om die beweging te vernietig, en die leers van Sigismund het Boheme binnegeval.

Maar daar het 'n verlosser opgestaan. Ziska, wat kort na die verklaring van die oorlog heeltemal blind geword het, maar wat een van die bekwaamste generaals van sy tyd was, was die leier van die Bohemers. Vertrouende op God en die regverdigheid van hulle saak, het die volk die magtigste leers wat teen hulle gebring is, weerstaan. [132]
Keer op keer het die keiser, met nuwe leërs, Boheme binnegeval, om maar net weer op skandelike wyse verslaan te word. Die Hussiete het geen vrees vir die dood geken nie, en niks kon voor hulle staan nie. 'n Paar jaar na die begin van die oorlog, is die dappere Ziska dood. Dog sy plek is gevul deur Procopius, wat net so 'n dappere en bekwame generaal was, en in sommige opsigte 'n beter leier.

Die vyande van die Bohemers, wetende dat die generaal dood was, het gemeen dat dit nou hulle kans was om te herwin wat hulle verloor het. Die Pous het nou 'n kruistog uitgeroep teen die Hussiete, en weereens is daar 'n groot leër teen die Bohemers gewerp, dog net weer om 'n vreeslike neerlaag te ly. 'n Ander kruistog is uitgeroep. In al die pouslike lande van Europa, is manne, middele, en krygstuig bymekaargemaak. Menigtes het hulle onder die pouslike banier geskaar, met die versekering dat daar nou eindelik 'n einde gemaak sal word aan die Hussietketters. Oortuig dat hulle die oorwinning sou behaal, het die groot mag Boheme binnegeval. Die volk het saamgestaan om hulle terug te dryf. Die twee leers het mekaar genader totdat net 'n rivier hulle geskei het. "Die kruisvaarders was 'n baie sterker mag, maar in stede van die rivier oor te steek en slaags te raak met die Hussiete wat hulle sover gekom het om aan te val, het hulle stilswygend daardie vegters aangestaar."— *Wylie, boek III, hoojstuk 17*. Toe is daardie groot leër skielik met 'n geheimsinnige vrees bevang. Sonder om 'n slag te slaan, het daardie magtige leër opgebreek en uitmekaargegaan asof hulle deur 'n onsigbare mag uitmekaar gejaag is. Groot getalle is deur die leër van die Hussiete

gedood, wat die vlugtelinge agtervolg het, en 'n ontsaglike buit het in die hande van die oorwinnaars geval, sodat die oorlog Boheme verryk pleks van verarm het.

'n Paar jaar later, onder 'n nuwe Pous, is weer 'n ander kruistog begin. Net soos voorheen, is manne en middele uit al die pouslike lande van Europa vergader. Aantreklike lokmiddels is voorgehou aan diegene wat sou deelneem aan hierdie gevaarlike onderneming. Voile vergifnis van die vreeslikste misdade is belowe aan elke kruisvaarder. Almal wat in die oorlog sou omkom is 'n groot loon in die hemel
[133] belowe, en diegene wat die slag oor- leef, sou eer en rykdom op die slagveld verkry. Weer is 'n groot leër saamgetrek, en hulle het Boheme binnegeval. Die Hussiete het teruggeval voor hulle, en die invallers op hierdie manier al verder en verder die land binnegelok, sodat hulle reeds gereken het op die oorwinning. Eindelik het die leër van Procopius posisie ingeneem en die vyand aangeval. Die kruisvaarders, wat nou hulle lout ontdek het, het die aanval afgewag. Toe hulle die aantog van die Huissiete hoor, nog voordat hulle hulle kon sien, het paniek weer onder die kruisvaders geheers. Vorste, generaals, en soldate, het hulle wapenrusting weggegooi en in alle rigtings gevlug. Tevergeefs het die pouslike legaat, wat as aanvoerder opgetree het, probeer om sy verskrikte en verwarde mag te versamel. Ondanks sy pogings, is hy saamgevoer met die stroom vlugtelinge. Die nederlaag was volkome, en weer het 'n groot buit in die hande van die oorwinnaars geval.

So het die groot leer, gestuur deur die magtigste volke van Europa —'n leer van dappere vegsmanne, opgelei en uitgerus vir die slagveld, sonder om 'n slag te slaan, gevlug voor die verdedigers van 'n klein en swak volkie. Hier het ons 'n openbaring van goddelike krag. Die kruisvaarders is verslaan deur 'n bonatuurlike vrees. Hy wat die leërs van Farao in die Rooi See vernietig het, wat die leers van Midian voor Gideon se driehonderd op die vlug gejaag het, wat in een nag die magte van die trotse Assiriërs vernietig het, het weer Sy hand uitgestrek om die mag van die verdrukker te vernietig. "Daar het skrik hulle oorweldig sonder dat daar skrik was, want God het die bene verstrooi van hom wat jou beleër het, jy het hulle beskaamd gemaak, want God het hulle verwerp." Ps. S3: 6.

Die pouslike leiers, wat moed opgegee het om deur mag te oorwin, het hulle toevlug tot diplomasie geneem. Daar is 'n kompromis

aangegaan, wat, hoewel dit aan die Bohemers vryheid van gewete toegestaan het, hulle aan die mag van Rome oorgelewer het. Die Bohemers het vier punte opgestel as vredesvoorwaarde met Rome: Die ongehinderde prediking van die hele Bybel; die reg van al die gelowiges op die brood en wyn van die Avondmaal, en die gebruik van die moedertaal by die godsdiens, en die uitsluiting van die geestelikes van alle wêreldlike ampte en gesag; en in gevalle van misdaad, [134] moes geestelikes sowel as leke onder die jurisdiksie van die siviele hof kom. Die pouslike gesaghebbendes het eindelik "toegestem om die vier punte van die Hussiete aan te neem, maar die reg om hulle te verduidelik, dit wil sê hulle ware betekenis te verklaar, is vir die raad voorbehou—met ander woorde, die Pous en die keiser."-— *Wylie, boek III, hoojstuk 18*. Op hierdie grondslag is daar 'n ooreenkoms getref, en deur huigelary en bedrog het Rome verkry wat hy nie deur mag kon verkry nie; want deur sy eie uitleg van die vier artikels van die Hussiete, asook van die Bybel, kon hy hulle verdraai vir sy eie doeleindes.

'n Groot menigte in Boheme, beseffende dat hulle vryheid verraai is, wou nie die verdrag goedkeur nie; daar het tweedrag en skeurings ontstaan, wat tot stryd en bloedvergieting onder hulle gelei het. In hierdie stryd het die edele Procopius die lewe ingeskiet, en die vryheid van Boheme is daarmee heen.

Sigismund, die verraaier van Huss en Jerome, het nou koning van Boheme geword, en ongeag sy eed om die regte van die Bohemers te beskerm, het hy die pousdom daar bevestig. Maar hy het min gewin deur sy ondergeskiktheid aan Rome. Vir twintig jaar was sy lewe vol arbeid en gevaar. Sy leër en sy skatte is uitgeput deur 'n lang en vrugtelose stryd; en nou, na 'n regering van een jaar, het hy gesterf, met sy koninkryk op die randjie van burgeroorlog. Aan sy nakomelinge het hy 'n naam, met skande bevlek, agtergelaat.

Opstand, stryd, en bloedvergieting het voortgeduur. Weer het vreemde leërs Boheme binnegeval, en binnelandse verdeeldheid het die volk in oproer gebring. Diegene wat getrou gebly het aan die evangelie, is aan bloedige vervolging oorgegee.

Terwyl hulle vroeëre broeders, wat die verdrag met Rome aangegaan het, sy dwaalleer aangeneem het, het diegene wat aan die outydse geloof vasgehou het, hulleself tot 'n afhanklike kerk gestig onder die naam van "Verenigde Broeders." Hierdie handelwyse het

hulle die kwaadwilligheid van alle klasse op die hals gehaal; maar hulle het pal gestaan. Gedwing om skuiling te soek in die bosse en spelonke, het hulle steeds vergader om Gods woord te lees en hulle godsdiens te beoefen.

[135] Deur boodskappers wat hulle in die geheim na verskillende lande gestuur het, het hulle verneem dat daar hier en daar "afgesonderde belyers van die waarheid was; in hierdie stad 'n paar en in daardie stad 'n paar, wat net soos hulleself, die voorwerpe van vervolging was; verder het hulle verneem dat daar in die Alpe 'n outydse kerk was, gegrond op die Skrifte, wat geprotesteer het teen die afgodiese verderflikhede van Rome."— *Wylie, boek III, hoojstuk 19.*Hierdie nuus het hulle met groot vreugde ontvang, en hulle het begin briewe wissel met die Waldensiese Christene.

Onwrikbaar vir die evangelie, het die Bohemers deur hulle nag van vervolging gewag, en in die donkerste uur het hulle oë op die horison gerig soos manne wat wag vir die dagbreek. "Hulle lot het in swaar tye geval, maar . . . hulle het aan Huss se eerste woorde gedink, wat deur Jerome herhaal is, dat daar 'n eeu sou verloop voor die dag sou aanbreek. Hierdie woorde was vir die Taboriete (Hussiete) wat die woorde van Josef vir die stamme in slawery was: ‚Ek gaan sterwe, maar God sal gewis op julle ag gee en julle uit hierdie land laat optrek."— *Idem.*"Aan die einde van die vyftiende eeu is daar 'n stadige maar sekere toename van gemeentes van die Broeders bespeur. Hoewel hulle nog nie volkome vryheid geniet het nie, het hulle nogtans 'n taamlike mate van vrede gehad. Aan die begin van die sestiende eeu het hulle sowat twee honderd gemeentes in Boheme en Moravië gehad."— *Gillett, "Life and Times oj John Huss," (derde ed.), Deel II, bl. 570.* "So talryk was die oorblyfsel wat na die verwoesting van vuur en swaard oorgebly het en wat toegelaat is om die aanbreek van die dag te sien wat Huss voorspel
[136] het."— *Wylie, boek III, hoojstuk 19.*

[137]

## Hoofstuk 7—Luther se Afskeiding van Rome

VOORAANSTAANDE onder diegene wat geroep was om die kerk uit die duisternis van die pousdom tot die lig van die reine geloof te lei, was Martin Luther. Vwerig, vurig, en toegewyd, kennende geen vrees behalwe die vrees van God nie, en erkennende geen grondslag vir die geloof behalwe die Heilige Skrifte nie, was Luther die man vir sy tyd; deur hom het God 'n groot werk gedoen vir die hervorming van die kerk en die verligting van die wêreld.

Soos die eerste voorlopers van die evangelie, is Luther uit 'n armoedige gesin gebore. Sy eerste jare het hy deurgebring in die huis van 'n Duitse arbeider. Deur swaar werk in die myne, het Luther se vader die middele vir sy opvoeding verdien. Hy moes vir regsgeleerde studeer, maar dit was die doel van God om van hom 'n bouer te maak van die groot tempel wat stadig deur die eeue heen verrys het. Swaar werk. ontbering, en strenge tug, was die middels waardeur Ewige Wysheid Luther voorberei het vir die belangrike sending van sy lewe.

Luther se vader was 'n man met 'n sterk, aktiewe verstand, van sterk karakter, eerlik, vasberade, en reguit. Hy was getrou aan sy pligsoortuigings, al het wat ook gebeur. Sy gesonde verstand het hom daartoe gebring om die monnikestelsel met agterdog te bejeën. Hy was baie ontevrede toe Martin, sonder sy toestemming, in 'n klooster opgeneem is; en dit het twee jaar geneem voordat vader en [138]
seun versoen is — selfs toe het hy nie van sienswyse verander nie.

Luther se ouers het groot sorg aan die opvoeding van hulle kinders bestee. Hulle het getrag om hulle te onderrig in die kennis van God en in die beoefening van Christelike deugde. Die vader het dikwels in die teenwoordigheid van sy seun gebid, sodat die kind die naam van die Here mag onthou, en eendag mag help in die bevordering van waarheid. Elke voordeel vir sedelike en intellektuele kultuur wat moontlik was in hulle lewe van arbeid, is gretig deur hierdie ouers aan hulle kinders meegedeel. Om hulle kinders vir 'n lewe van vroomheid en bruikbaarheid op te voed, was hulle pogings

ernstig en volhardend. Met hulle strengheid en sterk karakter was hulle soms te hard; maar die Hervormer self, alhoewel hy geweet het dat hulle in sommige opsigte foute begaan het, het meer in hulle dissipline gevind om goed te keur as om te veroordeel.

In die skool waarna Luther reeds vroeg gestuur is, is hy met barsheid en soms selfs met geweld behandel. So arm was sy ouers, dat Luther, toe hy na 'n skool op 'n ander dorp gegaan het, vir 'n tyd verplig was om van deur tot deur te sing vir sy voedsel; hy het dikwels honger gely. Die sombere, bygelowige idees aangaande die godsdiens wat destyds geheers het, het hom met vrees vervul. Saans het hy gaan slaap met 'n droewige hart, en hy het die donker toekoms met bewing tegemoetgesien, in gedurige vrees aan die gedagte dat God 'n harde, meedoënlose regter en 'n wrede tiran was, liewer as 'n liefdevolle Vader.

Maar ten spyte van so baie, en sulke groot ontmoedigings, het Luther vasberade gestrewe na die hoë peil van sedelike en intellektuele voortreflikheid waartoe sy siel aangetrokke gevoel het. Hy het gedors na kennis, en die ernstige en praktiese gees wat hom besiel het, het 'n begeerte by hom geskep vir die goeie en nuttige liewer as die vertonerige en uiterlike dinge.

Toe hy op agtienjarige leeftyd na die Universiteit van Erfurt gegaan het, was sy posisie gunstiger en sy vooruitsigte beter as in sy vroeër jare. Deur hulle ywer en werksaamheid het sy ouers vermoë verwerf, sodat hulle in staat was om hom die nodige hulp te
[139] verleen. Deur die invloed van verstandige vriende is die on- gunstige gevolge van sy vroeër opleiding enigsins verminder. Hy het hom toegelê op 'n studie van die beste skrywers, hulle beste gedagtes het hy in sy hart opgeneem, en hy het die wysheid van die wyse sy eie gemaak. Selfs onder die harde tug van sy vorige leermeesters het hy vroeg reeds blyke gegee van onderskeiding; en onder die gunstige invloede het sy verstand vinnig ontwikkel. 'n Goeie geheue, lewendige verbeelding, groot redeneerkrag, en onvermoeide ywer, het hom vooraan geplaas onder sy medestudente. 'n Verstandelike dissipline het sy begripsvermoë versterk, en dit het hom 'n skerpheid van gees en 'n opvattigsvermoë gegee wat hom berei het vir die stryd van die lewe.

Die vrees van die Here was in die hart van Luther, en dit het hom vasberade, en baie nederig voor God gemaak. Hy het 'n diep

besef gehad van sy afhanklikheid van goddelike hulp, en hy het nooit nagelaat om elke dag met gebed te begin nie, terwyl daar 'n gedurige bede in sy hart was vir leiding en ondersteuning. "Om goed te kan bid," het hy dikwels gesê, "is die beste deel van studie."— [140] *D'Aubigne, "History of the Reformation of the Sixteenth Century," boek II, hoojstuk 2.*

Onderwyl hy eendag besig was om boeke deur te kyk in die biblioteek van die Universiteit, het Luther 'n Latynse Bybel ontdek. Nog nooit tevore het hy so 'n boek gesien nie. Hy het nie eens geweet dat daar so 'n boek bestaan nie. Hy het dele van die Evangelies en Sendbriewe gehoor voorlees vir die volk in hulle openbare dienste, en hy het gemeen dat dit die hele Bybel was. Nou, vir die eerste maal, het hy die hele woord van God voor hom gesien. Met eerbied en bewondering het hy die heilige bladsye omgeblaai; met 'n vinnige pols en 'n bonsende hart het hy vir homself die woorde van die lewe gelees, terwyl hy so kort-kort uitgeroep het, "0, dat God vir my so 'n boek vir myself mag gee!"—Ibid. Engele van die hemel het by hom gestaan, en ligstrale van die troon van God het die skatte van die waarheid aan hom geopenbaar. Hy was altyd bang om God te mishaag, maar soos nooit tevore het hy nou diep onder die besef gekom van sy toestand as 'n sondaar.

'n Ernstige begeerte om van sonde bevry te wees en vrede by God te hê, het hom eindelik beweeg om na 'n klooster te gaan en homself aan 'n kloosterlewe te wy. Hy moes die laagste soort werk doen, en moes van huis tot huis bedel. Hy was juis in die ouderdom waarin hy gesmag het na respek en waardering, en hierdie gemene werk het sy gevoelens diep gekwes; maar hy het die vernedering geduldig verduur in die geloof dat dit weens sy sondes nodig was.

Elke oomblik wat hy vry was van sy daelikse pligte het hy aan studie bestee; hy het homself van slaap beroof, en hom nie eens die tyd gegun wat hy aan sy skamele maaltye moes bestee nie. Bo alles het hy graag die woord van God ondersoek. In die klooster het hy 'n Bybel ontdek wat aan die muur vasgeketting was, en hy het dikwels daarheen gegaan. Namate sy oortuiging van die sonde verdiep het, het hy getrag om deur sy eie werke vergifnis en vrede te verkry. Hy het 'n baie swaar lewe gely, en hy het deur vaste, nagwake, en géseling getrag om die sondigheid van sy natuur te onderdruk — iets waarvan die kloosterlewe hom nie kon bevry nie. Geen opoffering

[141] was te groot vir hom as hy daardeur die reinheid van hart kon verkry wat hom sou in staat stel om die goedkeuring van God te bekom nie. “Ek was inderwaarheid ‘n vrome monnik,” het hy later gesê, “en ek het die reels van my orde nougesetter nagekom as wat ek ooit kan uitdruk. As ‘n monnik ooit die hemel kon verdien deur die werke van ‘n monnik, dan het ek dit seker verdien. ... As dit langer aangehou het, sou ek my selfkastyding tot die dood toe deurgevoer het.”—D’ *Aubigne, boek II, hoojstuk 3*. As gevolg van hierdie harde dissipline, het sy kragte afgeneem en hy het gely aan floutes, aan die gevolge waarvan hy later nooit heeltemal herstel het nie. Maar met al sy pogings het sy swaarbelaste siel geen verligting gevind nie. Eindelik is hy tot die randjie van wanhoop gebring.

Toe dit vir Luther geskyn het dat alles verlore was, het God aan hom ‘n vriend en helper gegee. Die vrome Staupitz het die woord van God aan Luther verduidelik, en hom gebied om sy oë van homself af te neem, en nie gedurig te peins oor die oneindige straf op die oortreding van Gods wet nie, maar om sy oë op Jesus te vestig, die Heiland wat sy sondes vergewe. “Pleks om jouself te kasty oor jou sondes, werp jou in die Heiland se arms. Vertrou op Hom, op die geregtigheid van Sy lewe, op die versoening van Sy dood. . . . Luister na die Seun van God. Hy het mens geword om jou die versekering te gee van goddelike guns. Jy moet Hom liefhê wat jou eerste liefgehad het.”— *D’Aubigne, boek II, hoojstuk 4.*So het hierdie genadeboodskapper gepraat. Sy woorde het ‘n diep indruk op Luther gemaak. Na menige worsteling met sy lankgekoesterde dwalings, is hy eindelik in staat gestel om die waarheid te begryp, en vrede het in sy verontruste gemoed gekom.

Luther is tot priester georden, en is as professor aangestel aan die Universiteit van Wittenberg. Hier het hy hom toegelê op ‘n studie van die Skrifte en die oorspronklike tale. Hy het begin lesings hou oor die Bybel; die Psalms, die Evangelies, en die Sendbriewe is aan skares van blye hoorders verduidelik. Staupitz, sy vriend en meerdere, het by hom aangedring om die kansel te bestyg en die woord van God te verkondig. Luther het geaarsel omdat hy onwaardig gevoel het
[142] om in die naam van Christus tot die volk te spreek. Eers na ‘n lang stryd het hy toegegee aan die versoeke van sy vriende. Hy was reeds magtig in die Skrifte, en die genade van God het op hom gerus. Sy welsprekendheid het sy hoorders geboei, die krag en duidelikheid

waarmee hy die waarheid verkondig het, het hulle oortuig, en sy vurigheid het hulle harte aangeraak.

Totnogtoe was Luther 'n getroue seun van die Roomse Kerk, en hy het nooit daaraan gedink om iets anders te wees nie. In die voorsienigheid van God is hy gelei om Rome te besoek. Hy het die reis te voet afgelê, en onderweg by die kloosters tuisgegaan. In 'n klooster in Italië is sy verbasing opgewek deur die rykdom, en die prag en weelde wat hy gesien het. Begiftig met 'n prinslike inkomste, het die monnike in pragtige vertrekke gewoon, gekleed in die rykste en kosbaarste klere, en hulle spyse was van die beste. Met pynlike aandoening het Luther hierdie toneel vergelyk met die selfverloëning en ontbering van sy eie lewe. Hy was verbysterd. [143]

Eindelik het hy in die verte die stad op die sewe heuwels gesien. Met diep ontroering het hy op die grond neergeval en uitgeroep, "Heilige Rome, ek begroet jou!"*—D'Aubigne, boek II, hoofstuk 6.*Hy het die stad binnegegaan, die kerke besoek, en geluister na die wonderlike verhale van priesters en monnike, en hy het deelgeneem aan al die vereiste seremonies. Orals het hy tonele gesien wat hom met verbasing en afsku vervul het. Hy het gesien dat daar verdorwenheid geheers het onder alle klasse van die geestelikes. Hy het die prelate onkuise grappe hoor vertel, en hy was erg ontstel oor hulle vreeslike ongebondenheid selfs by die mis. Namate hy met die monnike en burgers omgegaan het. het hy orals losbandigheid en onmatigheid gesien. Waar hy ook gegaan het, het hy in die plek van heiligheid, bandeloosheid gesien. "Niemand kan hom verbeel nie," het hy geskryf, "watter sondes en afskuwelike dinge daar in Rome gepleeg word nie; mens moet dit sien en hoor om dit te glo. Dit is so erg, dat die mense gewoond is om te sê, ,as daar 'n hel is, is Rome daarop gebou; dit is 'n afgrond waaruit allerhande sondes voortkom.' *—D'Aubigne, boek II, hoojstuk 6.*

Deur 'n dekreet wat die Pous toe juis uitgevaardig het, is daar aflate belowe aan almal wat "Pilatus se trap" op hulle knieë sou bestyg — dit was die trap, het hulle gesê, waarmee die Here afgekom het toe hy die Romeinse geregsaal verlaat het; dit sou op wonderbaarlike wyse van Jerusalem na Rome vervoer gewees het. Eendag, toe Luther met voile toegewydheid besig was om hierdie trap op te gaan, het dit geskyn of daar skielik 'n stem soos donder aan hom gesê het, "Die regverdige sal uit die geloof lewe." Rom. 1: 17. Hy

het opgespring, en die plek so vinnig moontlik in skaamte en afsku verlaat. Hy het daardie teks nooit vergeet nie. Van daardie tyd af het hy duideliker as ooit tevore die dwaling gesien om op menslike werke te vertrou vir verlossing, en hy het die noodsaaklikheid gesien van vertroue op die verdienstes van Christus. Sy oë is geopen, en hulle is nooit weer gesluit vir die dwalings van die pousdom nie. Toe hy sy aangesig van Rome afgewend het, het hy ook sy hart afgewend, en van daardie tyd af het die kloof steeds groter geword totdat hy
[144] alle verbinding met die Roomse kerk verbreek het.

Na sy terugkoms van Rome het Luther van die Universiteit van Wittenberg die graad van Doktor in die Godgeleerdheid gekry. Nou was hy vry om hom nog meer te wy aan die Skrifte wat hy so liefgehad het. Hy het 'n plegtige eed afgelê om solank as hy lewe die woord van God sorgvuldig te ondersoek en getrou te verkondig en nie die gesegdes en leerstellings van die pouse nie. Hy was nie langer meer 'n gewone monnik of professor nie, maar die gesaghebbende boodskapper van die Bybel. Hy is as herder geroep om die kudde van God te voed wat hongerig en dorstig was vir die waarheid. Vasberade het hy verklaar dat Christene geen ander leerstellings moes aanneem as die wat berus op die gesag van die Heilige Skrifte nie. Hierdie woorde het die fondament van die pouslike oppergesag aangeraak; en hulle was die belangrikste beginsel van die Hervorming.

[145] Luther het die gevaar ingesien van die verheffing van menslike teorieë bokant die woord van God. Onbevrees het hy die spekulatiewe ongelowigheid van die geleerdes aangeval, en hy het die filosofie en teologie wat die volk so lank beheers het, teengewerk. Hy het sulke studies veroordeel, nie alleen as waardeloos nie, maar as verderflik, en hy het getrag om die harte van sy hoorders af te wend van die redenerings van die wysgere en teoloë, en te vestig op die ewige waarhede verkondig deur die profete en die apostels.

Dierbaar was die boodskap wat hy verkondig het aan die gretige skare wat aan sy lippe gehang het. Nog nooit het hulle sulke onderwysing gehoor nie. Die blye tyding van 'n Heiland se liefde, die versekering van vergifnis en vrede deur sy versoenende bloed, het hulle harte blygemaak en hulle besiel met 'n onsterflike hoop. Op Wittenberg is daar 'n lig aangesteek waarvan die strale sou reik tot die uiterstes van die aarde, en wat in helderheid sou toeneem tot die einde van tyd.

Lig en duisternis kan nooit saamgaan nie. Tussen waarheid en dwaalleer is daar 'n onvermydelike stryd. Om die een te handhaaf en te verdedig, beteken om die ander aan te val en omver te werp. Die Heiland self het gesê, "Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard." Matt. 10: 34. 'n Paar jaar na die aanvang van die Hervorming, het Luther gesê: "God lei my nie, Hy stoot my vorentoe, Hy dra my weg. Ek is nie meester van myself nie. Ek sou graag in rus lewe; maar ek word te midde van oproer en omwentelings gewerp."—D'Aubigne, boek V, hoojstuk 2. Hy het nou op die punt gestaan om in die stryd gewikkel te word.

Die Roomse Kerk het die genade van God in handelsware verander. Die tafels van die geldwisselaars (Matt. 21: 12) het langs sy altare gestaan, en die geskree van die kopers en verkopers het deur die lug weergalm. Onder voorwendsel dat daar geld ingesamel word vir die bou van die St. Petrus Kerk te Rome, is aflate vir sonde in die openbaar te koop aangebied op gesag van die Pous. Met die prys van sonde sou 'n tempel gebou word vir die aanbidding van God—die hoeksteen sou gelê word met die loon van ongeregtigheid! Maar juis die middels wat Rome gekies het vir sy eie verheerliking, het aanleiding gegee tot die swaarste slag vir sy mag en grootheid. Dit [146]
was daarmee wat die felste en suksesvolste vyande van die pousdom gemaak is, en dit het aanleiding gegee tot die stryd wat die pouslike troon geskud het en die drievoudige kroon van die Pous se hoof laat tuimel het.

Die persoon wat amptelik aangestel is om in Duitsland die aflate te verkoop, naamlik Tetzel, was beskuldig van die vreeslikste misdade teen die samelewing en teen die wet van God. Maar nadat hy die straf op sy misdade ontduik het, is hy gebruik om die gewetenlose handelsplanne van die Pous uit te voer. Met die grootste skaamteloosheid het hy die skandelikste leuens verkondig, en hy het die wonderbaarlikste verhale vertel om die onkundige, liggelowige en bygelowige volk te bedrieg. As hulle die woord van God gehad het, sou hulle nie so mislei gewees het nie. Dit was om hulle onder die gesag van die pousdom te hou, sodat die mag en rykdom van sy eersugtige leiers nog verder uitgebrei kon word, dat die Bybel aan hulle onthou is. *(Sien Gieseler, "Ecclesiastical History," Tydperk IV, afd. 1, para. 5.)*

Waar Tetzel ‘n dorp binnegekom het, het ‘n boodskapper voor hom uitgegaan, met die aankondiging, “Die genade van God en van die heilige vader is voor julle poorte.” En die volk het hierdie godslasterende huigelaar verwelkom asof hy God Self was wat uit die hemel tot hulle neergedaal het. Hierdie gruwelike handel het in die kerk plaasgevind, en Tetzel het van die preekstoel af die aflate geprys as die kosbaarste gawe van God. Hy het verklaar dat enige sonde wat ‘n koper later mag pleeg vergewe sou word kragtens hierdie sertifikate van vergifnis, en dat “berou nie eens nodig was nie.”— *D’Aubigne, boek III, hoojstuk 1.*En wat meer is, hy het sy hoorders verseker dat die aflate nie alleen mag gehad het om die lewendes te red nie, maar ook die dode; en sodra die geld onder op die bodem van sy kis klink, sou die siel vir wie dit betaal is, uit die vaevuur ontsnap en sy weg na die hemel vind.*(Sien Hagenbach, “History oj the Reformation,” Deel I, bl. 96.*

Toe Simon die Towernaar aangebied het om die mag om wonderwerke te verrig van die apostels te koop, het Petrus aan hom gesê, “Mag jou geld saam met jou vergaan, omdat jy gedink het om die
[147] gawe van God deur geld te verkry.” Hand. 8: 20. Maar Tetzel se aanbod is deur duisende gretige siele aangeneem. Goud en silwer het in sy skatkis gevloei. ‘n Saligheid wat met geld kan gekoop word, word makliker verkry as een wat bekering, geloof, en ‘n ernstige poging om die sonde te weerstaan en te oorwin, vereis. Sien Aanhangsel.

Die leerstelling aangaande aflate is deur vrome en geleerde manne in die Roomse Kerk teengestaan, en daar was baie wat geen geloof geheg het aan die voorwendsels wat so gebots het met verstand en die openbaring nie. Geen prelaat het gedurf om sy stem te verhef teen hierdie verderflike handel nie; maar die harte van die mense was ontsteld en onrustig, en vele het met besorgdheid gevra of God nie deur die een of ander werktuig sou optree vir die reiniging van Sy kerk nie.

Luther, alhoewel hy nog ‘n strenge Katoliek was, is met afsku vervul as gevolg van die godslasterende aanmatigings van die aflaathandelaars. Baie van sy gemeentelede het vergifnissertifikate gekoop, en eerlank het hulle na hulle leraar gekom, hulle verskillende sondes bely, en kwytskeiding verwag, nie omdat hulle berou gehad en begeer het om te hervorm nie, maar op grond van die aflate. Luther het kwytskeiding aan hulle geweier, en hy het hulle gewaar-

sku dat hulle in hulle sondes sou vergaan, tensy hulle tot bekering kom en hulle lewens hervorm. Verslae het hulle na Tetzel gegaan en gekla dat hulle biegvader sy sertifikate geweier het; en sommige het hulle geld teruggeëis; hierdie monnik het woedend geword. Hy het vreeslik gevloek, en vure laat maak op die openbare pleine en hy het verklaar dat hy "bevele van die Pous gehad het om alle ketters te verbrand wat hulle sou aanmatig om sy allerheiligste aflate teen te werk."-—*D'Aubigne, boek III, hoojstuk 4.*

Luther het nou stoutmoedig opgetree as kampvegter vir die waarheid. Sy stem is van die kansel gehoor in 'n ernstige, plegtige waarskuwing. Aan die mense het hy die walglike karakter van die sonde voorgehou, en hy het geleer dat dit onmoontlik vir 'n mens is, om deur sy eie werke sy skuld te verminder of die straf te ontduik. Niks behalwe bekering tot God en geloof in Christus kon 'n sondaar red nie. Die genade van Christus kan nie gekoop word nie; dit is 'n vrye gawe. Hy het die mense aangeraai om nie aflate te koop nie, [148]
maar hulle geloof te vestig op die gekruisigde Heiland. Hy het van [149]
sy eie bittere ervaring gepraat toe hy tevergeefs getrag het om deur vernedering en boetedoening die saligheid te verkry; en hy het sy hoorders verseker dat hy vrede en vreugde gevind het deur sy oë van homself af te wend en in Christus te glo.

Terwyl Tetzel sy handel en sy goddelose bedrog voortgesit het, het Luther besluit op 'n doeltreffender protes teen hierdie gruwelike misbruike. Baie gou het hy geleentheid daartoe gekry. Die kasteelkerk van Wittenberg het baie relikwieë gehad wat op sekere heilige dae aan die volk getoon is, en voile vergifnis is toegestaan aan almal wat toe die kerk besoek en belydenis gedoen het. Gevolglik het die mense op hierdie dae in groot getalle daarheen gegaan. Een van die belangrikste van hierdie dae, naamlik "Die Fees van alle Heiliges" het genader. Op die vorige dag het Luther aangesluit by die skares wat reeds op weg was na die kerk, en op die deur daarvan het hy 'n dokument gespyker wat vyf-en-negentig stellings bevat het teen die leer van aflate. Hy het sy bereidwilligheid verklaar om hierdie stellings die volgende dag by die Universiteit te verdedig teen enigeen wat dit sou goeddunk om hulle aan te val.

Sy stellings het algemene aandag getrek. Hulle is gelees en herlees, en orals is hulle bespreek. Daar het groot opgewondenheid geheers in die universiteit sowel as in die stad. Deur hierdie stellings

is daarop gewys dat die mag om sonde te vergewe, en die straf daarop kwyt te skeld, nooit aan die Pous of aan enige ander man gegee is nie. Die hele ding was ‘n gedrog —‘n slimstreek om geld af te pers deur gebruik te maak van die bygeloof van die volk —‘n listige plan van Satan om die siele te vernietig van almal wat sou vertrou op sy leuenagtige aanmatigings. Ook is duidelik daarop gewys dat die evangelie van Christus die kosbaarste skat van die kerk is, en dat die genade van God wat daarin geopenbaar is, vryelik gegee word aan almal wat dit soek deur bekering en geloof.

Luther se stellings het bespreking uitgedaag; maar nie een het die uitdaging aangeneem nie. Die vrae wat hy geopper het, het binne
[150] ‘n paar dae deur die hele Duitsland versprei, en binne ‘n paar weke deur die ganse Christendom. Baie toegewyde Roomsgesindes, wat die vreeslike goddeloosheid wat in die kerk geheers het, gesien en betreur het, maar nie geweet het hoe om dit te bestry nie, het die stellings met groot vreugde gelees en daarin die stem van God verneem. Hulle het gevoel dat die Here genadiglik Sy hand uitgestrek het om die vinnigstygende vloedgolf van verderf wat van die stoel van Rome gevloei het, te stuit. Vorste en magistrate het hulle in die geheim verbly dat daar eindelik ‘n perk gestel sal word aan die aanmatigende mag wat die reg ontken het om appél aan te teken teen sy uitsprake.

Maar die sondeliewende en bygelowige skares was verskrik toe die valse redenasies wat hulle aan die slaap gesus het, weggeveeg sou word. Listige geestelikes, verstoor in hulle werk om misdade toe te laat, en siende dat hulle inkomste in gevaar was, was woedend, en hulle het saamgespan om hulle aanmatigings te handhaaf. Die Hervormer sou teen bitter beskuldigers te staan kom. Sommige het hom beskuldig dat hy haastig en uit drif gehandel het. Ander het hom van aanmatiging beskuldig, en verklaar dat hy nie deur God gelei is nie, maar uit hoogmoed en voortvarendheid optree. “Wie weet nie,” het hy geantwoord, “dat ‘n mens maar selde nuwe idees verkondig sonder die skyn van ‘n mate van hoogmoed en sonder die beskuldiging dat hy twis uitlok? . . . Waarom is Christus en die
[151] martelare gedood? Omdat dit geskyn het of hulle trotse veragters van die wysheid van die tyd was, en omdat hulle nuwe dinge verkondig het sonder om eers nederig die orakels van die outydse menings te raadpleeg.”

Weer het hy gesê, “Wat ek ook al doen, sal gedoen word, nie met menslike wysheid nie, maar deur die raad van God. En as dit die werk van God is, wie sal dit stopsit? As dit nie die werk van God is nie, wie kan dit voorthelp? Nie my wil nie, nóg hulle s‘n nóg ons’s’n, maar U wil O Heilige Vader, wat in die hemel is.”—D’Aubigne, boek 111, hoojstuk 6.

Alhoewel Luther deur die Gees van die Here gelei is om sy werk te begin, sou hy dit nie voortsit sonder heftige stryd nie. Die verwyte van sy vyande, hulle wanvoorstelling van sy doel, en hulle onregverdige en kwaadwillige beskuldigings teen sy karakter en motiewe, het hom getref soos ‘n oorweldigende vloed; en hulle was nie sonder uitwerking nie. Hy het seker gevoel dat die leiers van die volk, beide van die kerk en die skole, gewillig met hom sou saamwerk in sy pogings vir Hervorming. Aanmoedigende woorde van hooggeplaasdes het hom besiel met vreugde en hoop. Reeds het hy byvoorbaat ‘n heerlike dag sien aanbreek vir die kerk. Maar aanmoediging het verander in verwyt en veroordeling. Baie waardigheidsbekleërs, beide van die kerk en die staat, was oortuig van die waarheid van sy stellings; maar hulle het gou ontdek dat ‘n aanname van hierdie waarhede groot veranderings sou verg. Om die mense te verlig en te hervorm sou neerkom op die ondermyning van die gesag van Rome, wat duisende strome sou wegkeer wat nou in sy skatkis gevloei het, en dit sou dus die spandabelheid en weelde van die pouslike leiers baie inkort. En wat meer is, om die volk te leer om te dink en te handel soos verantwoordelike wesens, siende op Christus alleen om verlossing, sou die pouslike troon omverwerp, en dit sou eindelik hulle eie gesag vernietig. Om hierdie rede het hulle die kennis wat God aan hulle gestuur het, geweier, en hulle self teen Christus en die waarheid geskaar deur hulle teenstand van die man wat Hy gestuur het om hulle te verlig.

Luther het gebeef waar hy aan homself gedink het — een man teen die grootste magte op aarde. Soms het hy getwyfel of hy inderwaarheid deur God gelei is om hom teen die gesag van die kerk te verset. [152] “Wie is ek,” het hy geskryf “om die majesteit van die Pous teen te staan voor wie ... die konings van die aarde en die hele wêreld sidder? . . . Niemand sal ooit weet wat ek gedurende daardie eerste twee jaar gely het, en hoe neerslagtig — ek mag wel sê wanhopig — ek was nie.”—*D’Aubigne, boek 111, hoojstuk 6.*Maar hy is nie

alleen gelaat om heeltemal moedeloos te word nie. Toe menslike hulp hom in die steek gelaat het, het hy op God alleen gesien, en hy het geleer dat hy met die grootste veiligheid kon leun op daardie almagtige arm.

Aan 'n vriend van die Hervorming het Luther geskryf: "Ons kan nie die Skrifte verstaan deur studie of verstand nie. Jou eerste plig is om met gebed te begin. Smeek die Here om aan jou, deur Sy genade, 'n ware begrip van Sy woord te gee. Daar is geen ander verklaarder van die woord van God as die Skrywer van daardie woorde nie, soos God Self gesê het, ‚hulle sal almal deur God geleer word.' Verwag niks van jou eie arbeid, van jou eie verstand nie; vertrou op God alleen, en op die invloed van Sy Gees. Neem dit aan van 'n man wat die ondervinding deurgemaak het."—*D'Aubigne, boek III, hoojstuk 7.*Hier is 'n les van die allergrootste belang vir diegene wat voel dat God hulle geroep het om die plegtige waarhede vir hierdie tyd aan ander te verkondig. Hierdie waarhede sal die vyandigheid van Satan opwek, en van manne wat sy fabels liefhet. In die stryd met die bose magte, het ons behoefte aan iets meer as verstandelike krag en menslike wysheid.

Wanneer sy vyande hulle beroep het op gebruike en tradisie, of op bewerings en gesag van die Pous, het Luther hulle geantwoord met die Bybel en die Bybel alleen. Hier was argumente wat hulle nie kon weerlê nie; daarom het die slawe van formalisme en bygeloof geskree om sy bloed, soos die Jode geskree het om die bloed van Christus. "Hy is 'n ketter," het die Roomse yweraars geskree. "Dit is hoogverraad teen die kerk om so 'n nare ketter 'n uur langer te laat lewe. Maak dadelik die galg klaar vir hom!"—*D'Aubigne, boek III, hoojstuk 9.*Maar Luther het nie die slagoffer van hulle woede geword nie. God het 'n werk vir hom gehad, en engele van die hemel
[153] is gestuur om hom te be- skerm. Baie, egter, wat die dierbare lig van Luther ontvang het, het die voorwerpe geword van Satan se wraak, en vir die ontwil van die waarheid het hulle onbevrees marteling en die dood verduur.

Luther se leer het die aandag getrek van dinkende mense deur die hele Duitsland. Uit sy preke en geskrifte het daar ligstrale geskyn wat duisende wakker gemaak en verlig het. 'n Lewende geloof het in die plek gekom van die dooie formalisme waarin die kerk so lank verkeer het. Die volk het daeliks vertroue verloor in die

bygeloof van Romanisme. Die skeidsmure van vooroordeel het begin wyk. Die woord van God, waardeur Luther elke leerstelling en elke aanspraak getoets het, was soos ‘n tweesnydende swaard, wat sy weg gesny het tot die harte van die volk. Orals was daar ‘n begeerte vir geestelike vooruitgang. Orals was daar so ‘n honger en dors na geregtigheid soos wat vir geen eeue gesien is nie. Die oë van die volk, so lank gevestig op menslike rites en aardse middelaars, was nou met boetvaardigheid en geloof op Christus, die gekruisigde, gevestig.

Hierdie algemene belangstelling het nog meer die vrees van die pouslike outoriteite opgewek. Luther is gelas om in Rome te verskyn op aanklag van kettery. Die bevel het sy vriende met vrees vervul. Hulle het die gevaar maar te goed besef wat hom in daardie bedorwe stad bedreig het, wat reeds dronk was met die bloed van die martelare van Jesus. Hulle het beswaar gemaak dat hy na Rome sou gaan en hulle het versoek dat hy in Duitsland moes verhoor word.

Hierdie reeling is eindelik getref, en die Pous het ‘n afgesant aangestel om die saak te verhoor. In die bevele wat die Pous aan hierdie afgesant gegee het, is daar verklaar dat Luther alreeds as ketter veroordeel is. Daarom was dit aan die gesant opgedra “om hom te vervolg en sonder verwyl stil te maak.” In geval hy sou vasstaan, en die afgesant hom nie in die hande kon kry nie, is hy gemagtig om “hom in elke deel van Duitsland voëlvry te verklaar, te verban, te vervloek, en om almal in die ban te doen wat hom aanhang.”—*D’Aubigne, boek IV, hoojstuk 2.*Ten einde die verpestelike kettery wortel en tak uit te roei, het die Pous sy afgesant verder beveel, om almal te verban, ongeag hulle posisie in die kerk of die staat, behalwe [154]
die keiser, wat sou nalaat om Luther en sy aanhangers te gryp en hulle oor te lewer aan die wraak van Rome.

Hier het ons die ware gees van die pousdom. Geen spoor van Christelike beginsel, of selfs van gewone regverdigheid, was in die hele dokument te vind nie. Luther was ‘n groot afstand van Rome; hy het geen geleentheid gehad om te verduidelik of homself te verdedig nie; en nogtans voordat sy saak ondersoek is, is hy summier as ketter verklaar, en daardie selfde dag vermaan, beskuldig, verhoor, en veroordeel; en dit alles deur die heilige vader soos die homself noem, die opperste onfeilbare gesag in kerk en staat!

Gedurende hierdie tyd, toe Luther sulke groot behoefte aan die raad en medelyde van 'n troue vriend gehad het, is Melanchthon deur die Voorsienigheid van God na Wittenberg gestuur. Jonk in jare, bedeesd in houding, het Melanchthon se gesonde oordeel, uitgebreide kennis, boeiende welsprekendheid, verbind met reinheid en opregtheid van karakter, vir hom algemene agting en bewondering gewin. Sy skitterende talente was nie meer opvallend as sy sagmoedigheid nie. Hy het baie gou 'n ywerige dissipel van die evangelie geword, asook Luther se betroubaarste en beste ondersteuner. Sy sagmoedigheid, versigtigheid, en deeglikheid het gedien as aanvulling van Luther se moed en ywer. Hulle samewerking het krag aan die Hervorming verleen, en dit was 'n bron van groot bemoediging vir Luther.

Augsburg is aangewys as die plek waar die verhoor sou plaasvind, en die Hervormer is te voet daarheen. Daar was groot besorgdheid oor hom. Openlike dreigemente is gemaak dat hy op weg sou vermoor word, en sy vriende het hom gesmeek om nie te gaan nie. Hulle het hom selfs gesmeek om Wittenberg vir 'n tyd te verlaat, en skuiling te gaan soek by diegene wat hom graag sou beskerm. Maar hy wou nie die plek verlaat waar God hom geplaas het nie. Hy het gevoel dat hy die waarheid getrou moes handhaaf, nieteenstaande die storms wat teen hom gewoed het nie. Hy het gesê: "Ek is soos Jeremia, 'n man van stryd en twis; hoe meer dreigemente hulle maak, hoe blyer word ek. . .. Hulle het alreeds my eer en reputasie vernietig.
[155] Daar bly nog net een ding oor; dit is my veragtelike liggaam; laat hulle dit neem; desdoende kan hulle slegs my lewe met 'n paar uur verkort. Maar wat my siel betref, dit kan hulle nie neem nie. Hy wat die woord van Christus aan die wêreld wil verkondig moet enige oomblik die dood verwag."—*D'Aubigne, boek IV, hoojstuk 4.*

Die berig van Luther se aankoms op Augsburg het groot tevredenheid verskaf aan die pouslike afgevaardigde. Hierdie lastige ketter wat die aandag van die hele wêreld getrek het, was nou in die mag van Rome soos dit geskyn het; en die afgevaardigde was vasbeslote dat hy nie sou ontsnap nie. Die Hervormer het nagelaat om 'n vrygeleide te verkry. Sy vriende het by hom aangedring om nie voor die pouslike legaat te verskyn daarsonder nie, en hulle het dit derhalwe self van die keiser verkry. Die legaat was van plan om Luther te dwing, indien moontlik, om te herroep, of, as dit nie

geluk nie, hom na Rome te vervoer om te deel in die lot van Huss en Hieronimus. Hy het dus deur sy handlangers probeer om Luther oor te haal om sonder 'n vrygeleide te kom, op sy genade vertrouende. Die Hervormer het vasberade geweier om dit te doen. Nie alleer hy die dokument van die keiser se beskerming ontvang het nie, het hy voor die pouslike gesant verskyn.

Versigtigheidshahve het die Katolieke besluit om te probeer om Luther deur 'n skvn van sagmoedigheid te win. Die legaat, in sy gesprekke met hom het die grootste vriendelikheid betoon; maar hy het daarop aangedring dat Luther hom onvoorwaardelik aan die gesag van die kerk moes onderwerp, en elke punt moes toegee sonder argumente. Maar hy het die karakter van die man met wie hy te doen gehad het, onderskat. In sy antwoord het Luther sy agting vir die kerk betuig, sy begeerte vir die waarheid, sy gereedheid om alle besware te beantwoord teen sy leer, en om sy leerstellings te laat ondersoek deur sekere vooraanstaande universiteite. Terselfdertyd het hy beswaar gemaak teen die kardinaal se handelwyse om hom te versoek om te herroep sonder om sy dwaling te bewys.

Al antwoord wai hy gekry het, was "Herroep, herroep!" Die Hervormer het daarop gewys dat sy stelling deur die Skrifte be- wys [156]
is, en hy het vasberade verklaar dat hy nie die waarheid kon versaak nie. Die legaat, nie in staat om Luther se argumente te weerlê nie, het hom oorweldig met 'n vloed van verwyte, bespotting, en vleiery, deurvleg met aanhalings uit die oorlewerings en gesegdes van die Vaders, sonder om die Hervormer kans te gee om te praat. Toe dit geblyk het dat die konferensie, as dit op hierdie manier voortgaan, heeltemal vrugteloos sou wees, het Luther eindelik die onwillige toestemming verkry om sy repliek skriftelik in te lewer.

"Daardeur," het hy gesê, in 'n brief aan 'n vriend, "is daar vir die verdrukte 'n dubbele kans; eerstens, wat in skrif opgestel is, kan aan die oordeel van ander voorgelê word; en tweedens, het mens groter geleentheid om op die banghartigheid so nie op die gewete van 'n aanmatigende, babbelende despoot te werk, wat mens andersins sou oorweldig met sy gebiedende taal."—*Martyn, "The Life and Times of Luther," bis. 271, 272.*

By die volgende onderhoud het Luther 'n duidelike, bondige, en kragtige uiteensetting van sy sienswyse voorgelê, ten voile gestaaf deur 'n menigte aanhalings uit die Skrifte. Hierdie dokument, nadat

hy dit hardop gelees het, het hy aan die kardinaal oorhandig, wat dit egter veragtend opsy gegooi het, verklarende dat dit ‘n versameling ydele woorde en ontoepaslike aanhalings was. Luther, nou ten voile opgewek, het die trotse prelaat op sy eie grond ontmoet — naamlik die tradisies en die leer van die kerk, wat hy heeltemal omvergewerp het.

Toe die prelaat sien dat Luther se argumente onweerlegbaar was, het hy alle selfbeheersing verloor, en woedend uitgeroep: “Herroep! of ek sal jou na Rome stuur om daar te verskyn voor die regters wat aangestel is om jou saak te ondersoek. Ek sal jou en al jou aanhangers in die ban doen, asook almal wat jou te eniger tyd gedoog, en ek sal hulle uit die kerk werp.” En eindelik het hy woedend daaraan toegevoeg, “Herroep of kom nooit weer terug nie.”— *D’Aubigne, boek IV, hoojstuk 8. (Londense ed.)*

Die Hervormer het dadelik met sy vriende vertrek, wat ‘n duidelike verklaring was dat geen herroeping van hom kon verwag word nie. Dit was nie die bedoeling van die kardinaal gewees nie. Hy het homself gevlei dat hy Luther tot onderwerping kon dwing deur
[157] geweld. En nou, alleen agtergelaat met sy onder- steuners, het hy
[158] baie teleurgesteld van die een na die ander gekyk by die onverwagte mislukking van sy planne.

Luther se pogings was met hierdie geleentheid nie sonder goeie gevolge nie. Die groot skare wat teenwoordig was, het kans gehad om die twee manne te vergelyk en die gees te oordeel wat deur hulle geopenbaar is, sowel as die krag en waarheid van hulle stellings. Hoe groot was die teenstelling nie! Die Her-vormer, eenvoudig, nederig, standvastig, het in die krag van God gestaan met die waarheid aan sy kant; die Pous se verteenwoordiger, belangrik in sy eie oë, oorheersend, trots, en onredelik, was sonder ‘n enkele argument uit die Skrifte, en tog het hy heftig uitgeroep, “Herroep, of jy sal na Rome gestuur word vir straf.”

Nieteenstaande die feit dat Luther ‘n vrygeleide gehad het nie, het die Roomsgesindes nogtans planne gemaak om hom te gryp en in die gevangenis te werp. Sy vriende het by hom aangedring dat hy sonder verwyl na Wittenberg moes terugkeer en dat hy sy planne met die grootste versigtigheid bedek moes hou, want dit was nutteloos vir hom om nog langer daar te bly. Dientengevolge het hy een more vroeg, voor dagbreek, te perd van Augsburg vertrek, vergesel alleen

deur ‘n gids wat deur die magistraat tot sy beskikking gestel is. Met allerhande voorgevoelens is hy stilletjies deur die stil, donker strate van die stad. Vyande, waaksaam en wreed, was daarop uit om hom te vernietig. Sou hy die strikke vryspring wat vir hom gestel is? Dit was oomblikke van angs en ernstige gebed. Hy het by ‘n klein hekkie in die stadsmuur gekom; dit was vir hom geopen en hy en sy gids is sonder hinder nis daardeur. Eenmaal buitekant die stad, het die vlugtelinge vinnig voortgegaan, en voordat die legaat verwittig is van Luther se vertrek, was laasgenoemde al buite die bereik van sy vervolgers. Satan en sy werktuie was verslaan. Die man wat hulle in hulle mag gehad het soos hulle gedink het, was weg — hy het ontsnap soos ‘n voëltjie uit die strikke van die voëlvanger.

Toe hy verwittig is van Luther se ontsnapping. was die legaat oorweldig van verrassing en woede. Hy het verwag dat hy groot eer sou ontvang vir sy wysheid en standvastigheid in sy handeling met hierdie verstoorder van die kerk; maar sy hoop was verydel. Aan Frederick, die keurvors van Sakse, het hy in ‘n brief uit- drukking [159]
gegee aan sy woede, Luther bitter beskuldig, en van Frederick het hy geëis dat die Hervormer na Rome gestuur ofuit Sakse verban moes word.

In sy verdediging het Luther daarop aangedring dat die legaat of die Pous sy dwalings uit die Skrifte moes bewys, en hy het die plegtigste belofte gemaak dat hy sy leerstellings sou herroep as daar kon bewys word dat hulle in stryd is met die woord van God. En hy het sy dankbaarheid aan God betuig dat hy waardig geag is om te ly vir so ‘n heilige saak.

Destyds het die keurvors nie veel geweet van die hervormende leerstellings nie, maar die openhartigheid, krag, en duidelikheid van Luther se woorde het ‘n diep indruk op hom gemaak; en Frederick het besluit om as Luther se beskermer op te tree totdat dit sou bewys word dat hy verkeerd is. In antwoord op die legaat se versoek, hy het geskryf: “ ,Aangesien Doktor Martin voor jou verskyn het op Augsburg, behoort jy tevrede te wees. Ons het nie verwag dat jy sou probeer om hom te dwing om te herroep sonder om hom te oortuig van sy dwalings nie. Nie een van die geleerde manne in ons gebied het my meegedeel dat Martin se leerstellings duiwels, anti-Christelik, of ketters is nie.’ En wat meer is, die prins het geweier om Luther na

Rome te stuur, of hom uit sy staat te verban."—D'Aubigne, boek IV, hoojstuk 10.

Die keurvors het besef dat daar 'n algemene verslapping was van die bande van die maatskaplike lewe. Daar was behoefte aan 'n groot hervormingswerk. Die ingewikkelde en duur inrigtings om misdaad te verhoed en te straf, sou onnodig wees as mense maar die eise van God erken, en gehoorsaam, asook die inspraak van 'n verligte gewete. Hy het gesien dat Luther met hierdie doel voor oë gewerk het, en in die geheim was hy verheug dat daar 'n beter invloed in die kerk aan die werk was.

Ook het hy gesien dat Luther as professor aan die Universiteit baie suksesvol was. Nog skaars 'n jaar het verloop vandat Luther sy stellings op die kasteelkerk geplak het, en alreeds was daar 'n groot vermindering in die getal bedevaarders wat die kerk besoek het tydens die Fees van Alle Heiliges. Rome is beroof van aanbidders en offergawes, maar hulle plek is ingeneem deur 'n ander klas, wat
[160] nou na Wittenberg gekom het, nie as bedevaarders om die relikwieë te aanbid nie, maar as studente om sy sale van geleerdheid te vul. Die geskrifte van Luther het orals nuwe belangstelling in die Heilige Skrifte opgewek, en nie alleen uit alle dele van Duitsland nie, maar ook uit ander lande het studente toegestroom na die Universiteit. Jongmanne wat vir die eerste maal Wittenberg aanskou het, "het hulle hande opgehef na die hemel en God gedank omdat Hy toegelaat het dat die lig van die waarheid uit hierdie stad sou skyn soos uit Sion vanouds, en vanwaar dit versprei het tot die mees afgeleë lande."—*D'Aubigne, boek IV, hoojstuk 10.*

Luther was destyds nog nie heeltemal bekeer van al die dwalings van Rome nie. Maar waar hy die Heilige Skrifte vergelyk het met die pouslike dekrete en instellings, is hy met verbasing vervul. "Ek is besig om die dekrete van die pouse te lees," het hy geskryf, "en ek weet nie of die Pous die anti-Chris self is of sy apostel nie. Christus word daarin so verkeerd voorgestel en selfs gekruisig."—*Idem, boek V, hoojstuk 1.*Maar in hierdie tyd was Luther nog 'n sterk ondersteuner van die Katolieke Kerk, en hy het geen plan gehad om homself ooit van sy gerneenskap af te skei nie.

Die Hervormer se geskrifte en sy leerstellings is tot elke nasie in die Christendom versprei. Dit het versprei na Switzerland en Holland. Eksemplare van sy geskrifte het hulle weg gevind na Frankryk

en Spanje. Sy geskrifte is in Engeland aangeneem as die woord van die lewe. Ook het die waarheid ver-sprei na België en Italië. Duisende is gewek uit hulle dodelike slaap tot die vreugde en hoop van ‘n geloofslewe.

Rome het steeds woedender geword as gevolg van die aanvalle van Luther, en sommige van sy fanatieke teenstanders, selfs doktore in Katolieke universiteite het verklaar dat die een wat hierdie opstandige monnik om die lewe bring, sonder sonde sou wees. Eendag het ‘n vreemdeling, met ‘n pistool onder sy mantel weggesteek, die Hervormer genader en gevra waarom hy alleen rondgestap het. “Ek is in Gods hande,” het Luther geantwoord. “Hy is my sterkte en my skild. Wat kan ‘n mens aan my doen?”—*D’Aubigne, boek VI, hoojstuk 2* . Toe hy hierdie w’oorde hoor het die vreemdeling bleek geword, en hy het gevlug soos iemand wat vlug uit die teenwoordigheid van hemelse engele. [161]

Rome was vasberade om Luther te vernietig; maar God was sy beskutting. Sy leerstellings is orals verkondig—“in huise en kloosters, ... in die kastele van die edelliede, in die universiteite, en in die paleise van konings;” en edele manne het orals opgestaan om hom te help in sy pogings.—*Idem, boek VI, hooj-stuk 2.*

Dit was omtrent hierdie tyd dat Luther, die werke van Huss lesende, ontdek het dat die Boheemse Hervormer ook die groot waarheid van regverdigmaking deur geloof voorgehou het, naamlik die waarheid wat hyself voorgehou en geleer het. “Ons almal,” het hy gesê, “Paulus, Augustinus, en ek, is Hussiete sonder om dit te weet!” “God sal dit seker aan die wêreld besoek, naamlik dat die waarheid reeds ‘n eeu gelede verkondig is, maar verbrand is!”—*Wylie, boek VI, hoojstuk 1.*

In ‘n beroep op die keiser en die edelliede van Duitsland ten behoewe van die hervorming van die Christelike geloof, het Luther aangaande die Pous geskryf: “Dit is ‘n vreeslike iets om die man wat homself noem Christus se plaasvervanger, ‘n prag te sien vertoon ongeëwenaard deur enige keiser. Is hierdie man soos die arme Jesus, of die nederige Petrus? Hy is, sê hulle, die heer van die wêreld! maar Christus, wie se plaasvervanger hy beweer om te wees, het gesê, “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie.’ Kan die ryk van ‘n stedehouer verder strek as die van sy meerdere?”—*D’Aubigne, boek VI, hoojstuk 3.*

Hy het as volg van die universiteite geskryf: “Ek is bevrees dat die universiteite die groot poorte van die hel sal word, tensy hulle ywerig werk om die Heilige Skrifte te leer en dit op die harte van die jeug te skryf. Ek raai niemand aan om sy kind te plaas waar die Skrifte nie die eerste plek kry nie. Elke inrigting waarin mense nie onophoudelik besig is met die studie van Gods woord nie moet aan verderf blootstaan.”—*D’Aubigne, boek VI, hoojstuk 3.*

Hierdie oproep is vinnig oor die hele Duitsland versprei, en dit het ‘n magtige invloed uitgeoefen op die volk. Die hele volk is in beroering gebring, en menigtes is opgewek om hulle onder die banier van hervorming te skaar. Luther se vyande, brandende van wraaksug, het by die Pous aangedring om beslissende stappe teen hom te doen.
[162] Daar is ‘n dekreet uitgevaardig om sy leer- stellings onmiddellik te veroordeel. Sestig dae is aan die Hervormer en sy aanhangers toegestaan; as hulle in daardie tyd nie wou afsweer nie, sou almal in die ban gedoen word.

Dit was ‘n groot krisis vir die Hervorming. Vir eeue reeds het Rome se vonnis van ekskommunikasie magtige konings die skrik op die lyf gejaag; dit het magtige ryke met ellende en verwoesting vervul. Diegene wat daardeur getref is, is oor die algemeen met vrees en afsku beskou; hulle is afgeskei van gemeenskap met hulle medemens, en hulle is as voëlvry beskou om uitgeroei te word. Luther was nie blind vir die storm wat op die punt gestaan het om oor hom los te bars nie; maar hy het onwrikbaar gestaan, vertrouende op Christus as sy steun en skild. Met die geloof en moed van ‘n
[163] martelaar het hy geskryf: “Wat op die punt staan om te gebeur weet ek nie, ook wil ek nie weet nie. . . . Laat die slag val waar hy wil, ek is nie bevrees nie. Nie een blaartjie val, sonder die wil van ons Vader nie. Hoeveel meer sal Hy nie vir ons sorg nie! Dit is nie so vreeslik om vir die Woord te sterf nie, aangesien die Woord wat vlees geword het, self gesterf het. As ons met Hom sterf, sal ons met Hom lewe; en waar ons die weg betree wat Hy betree het voor ons, sal ons ook wees waar Hy is, en vir ewig by Hom woon.”— *D’Aubigne“ boek VI, hoojstuk 9 (derde Londense ed., Walther,1840).*

Toe Luther die pouslike bul ontvang, het hy gesê: “Ek verag dit en val dit aan as duiwels, vals. . . . Dit is Christus Self wat daarin veroordeel word. . . . Ek verheug my om hierdie dinge te ly vir hierdie goeie saak. Alreeds voel ek groter vryheid in my hart; want

nou weet ek dat die Pous die anti-Chris is, en dat sy troon die troon van Satan self is."—*D'Aubigne, boek VI, hoojstuk 9.*

Nogtans was die mandaat van Rome nie sonder uitwerking nie. Die gevangenis, marteling, en die swaard is wapens wat magtig is om gehoorsaamheid af te dwing. Die swakkes en bygelowiges het gesidder vir die dekreet van die Pous; en hoewel daar algemene medelyde met Luther was, het baie gevoel dat die lewe te kosbaar was om te waag vir die saak van hervorming. Dit het geskyn of alles daarop gewys het dat die Hervormer se werk binnekort sou afsluit.

Maar Luther was nog onverskrokke. Rome het sy vervloekings teen hom geslinger, en die wêreld het gestaan en kyk, en nie getwyfel dat hy sou omkom of gedwing sou word om in te gee nie. Maar met verskriklike krag het hy die vonnis van veroordeling teen Rome teruggeslinger, en het hy in die openbaar sy besluit bekendgemaak om die kerk te verlaat. In teenwoordigheid van 'n skare studente, doktore, en burgers van alle range, het Luther die pouslike bul verbrand saam met die kerkwette, die dekrete, en sekere geskrifte wat die pouslike gesag gehandhaaf het. Hy het gesê: "My vyande kon, deur my boeke te verbrand, die saak van die waarheid benadeel in die harte van die gewone mense, en kon hulle siele vernietig; daarom ook verbrand ek hulle boeke. 'n Ernstige stryd het nou net begin. Totnogtoe het ek maar net met die Pous gespeel. Ek het hierdie werk [164]
in Gods naam begin; dit sal sonder my en deur Sy mag beëindig word." —*D'Aubigne, boek VI, hoojstuk 10.*

In antwoord op die beskuldigings van sy vyande wat hom die swakheid van sy saak verwyt het, het Luther gesê: "Wie weet of God my nie gekies en geroep het nie, en of hulle nie liewer hoef te vrees dat deur my te verag hulle miskien God self verag nie? Met die uittog uit Egipte het Moses alleen gestaan; tydens die regering van Koning Agab het Elia alleen gestaan; Jesaja het alleen gestaan in Jerusalem; Esegiël alleen in Babilon. . . . God kies nooit 'n profeet of 'n hoëpriester of enige ander groot persoonlikheid nie; gewoonlik kies Hy onaansienlike en veragte manne, en eenmaal selfs 'n veewagter — Amos. In elke eeu moes die heiliges teen lewensgevaar, die grotes, konings, vorste, priesters, en wyse manne bestraf. . . . Ek sê nie dat ek 'n profeet is nie; maar ek sê dat hulle behoort te vrees juis omdat ek alleen staan, en omdat hulle baie is.

Hiervan is ek seker, naamlik dat die woord van God met my is en nie met hulle nie."— *D'Aubigne, boek VI, hoojstuk 10.*

Maar dit was nogtans nie sonder 'n vreeslike stryd in sy eie hart dat Luther besluit het om homself eindelik af te skei van die kerk nie. Dit was in hierdie tyd dat hy geskryf het: "Daeliks voel ek meer en meer hoe moeilik dit is om ontslae te raak van die gewetensbesware wat mens van kindsbeen af ingeboesem is. O, hoeveel pyn het dit my nie veroorsaak nie, al het ek ook die Skrifte aan my kant, om myself daartoe te bring om alleen teen die Pous op te staan en hom voor te hou as die anti-Chris! Hoeveelmaal het ek myself nie met bitterheid daardie vraag gestel wat so dikwels op die lippe van die Roomsgesindes was: ,Is jy alleen wys? Is dit moontlik dat almal verkeerd is? Wat daarvan as jy self miskien verkeerd is en baie ander siele in jou dwaling meesleep wat eindelik vir ewig vervloek sal wees?' So het die stryd in my hart en met Satan gewoed, totdat Christus, deur Sy eie onfeilbare woord, my hart versterk het teen hierdie twyfelinge."—*Martyn, "Lije and Times of Luther," bis. 372, 373.*

Die Pous het Luther bedreig met ekskommunikasie as hy sou weier om af te sweer, en daardie dreigement is nou uitgevoer. 'n
[165] Nuwe bul is uitgeskryf, waarin die Hervormer finaal uit die Roomse Kerk geban is, en waarin hy van die hemel vervloek is; in dieselfde bul ook is almal veroordeel wat sy leerstellings aangeneem het. Die groot stryd het nou in alle erns begin.

Teenstand is die lot van almal wat God gebruik om waarhede te verkondig wat spesiaal van toepassing op hulle tyd is. Daar was 'n teenwoordige waarheid in die dae van Luther—'n Waarheid wat destyds van spesiale belang was; daar is 'n spesiale waarheid vir die kerk vandag. God wat alle dinge doen volgens die raadsbesluite van Sy wil, plaas mense in verskillende omstandighede, en gee aan hulle pligte veral vir die tyd waarin hulle lewe en die toestande waarin hulle geplaas word. As hulle die gegewe lig op prys sou stel, sou hulle 'n wyer blik op die waarheid kry. Maar die meerderheid begeer die waarheid vandag net so min as die pousgesindes wat Luther teengestaan het. Daar is dieselfde neiging om die teorieë en tradisies van mense te aanvaar in stede van die woord van God, net soos in vorige eeue. Diegene wat die waarheid vir hierdie tyd verkondig, moet nie verwag om met groter guns ontvang te word as die vorige

hervormers nie. Die groot stryd tussen waarheid en dwaalleer, tussen Christus en Satan, sal heftiger word namate die einde van die wêreld se geskiedenis nader.

Jesus het aan Sy dissipels gesê: "As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle. Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: 'n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle my woord bewaar het, sal hulle julle woord ook bewaar." Joh, 15: 19, 20. Maar aan die anderkant het die Here duidelik verklaar: "Wee julle wanneer al die mense goed van julle praat, want hulle vaders het net so aan die valse profete gedoen." Lukas 6: 26. Die gees van die wêreld is vandag net so min in ooreenstemming met die gees van Christus as in vroeër tye; en diegene wat die woord van God in Sy reinheid verkondig, sal nie met groter guns ontvang word as toe nie. Die vorm van teenstand teen die waarheid mag verander, die vyandelikheid mag nie so openlik wees omdat dit listiger is; maar dieselfde vyandigheid bestaan nog, en sal aanhou bestaan tot die einde toe. [166]

[167]

## Hoofstuk 8—Luther Voor Die Ryksdag

‘n Nuwe keiser, Karel V, het die troon van Duitsland bestyg, en die afgesante van Rome het na horn gehaas met gelukwense, en om hierdie vors oor te haal om sy mag teen die Hervorming te gebruik. Maar aan die anderkant, het die keurvors van Sakse, aan wie Karel baie te danke gehad het vir sy kroon, hom gesmeek om geen stappe teen Luther te doen totdat daar eers aan hom ‘n verhoor toegestaan is nie. Dit het die keiser in groot verleentheid gebring. Die pousgesindes sou met niks minder te vrede wees as ‘n keiserlike bevel om Luther om die lewe te bring nie. Die keurvors het duidelik daarop gewys dat “nóg sy keiserlike majesteit nóg enige ander persoon bewys het dat Luther se geskrifte weerlê is nie;” daarom het hy versoek, “dat Doktor Luther van ‘n vrygeleide voorsien moes word, sodat hy kon verskyn voor ‘n hof van geleerde, vrome, en onpartydige regters.” — *D’Aubigne, boek VI, hoojstuk 11.*

Die aandag van alle partye was nou gevestig op die vergadering
[168] van die Duitse state wat kort na die troonbestyging van Karel te Worms sou plaasvind. Belangrike staatkundige vrae en belange sou deur hierdie nasionale raad bespreek word; vir die eerste maal sou die prinse van Duitsland hulle jeugdige vors op ‘n raadsvergadering ontmoet. Uit alle dele van die vaderland het waardigheidsbekleërs van kerk en staat gekom. Wêreldlike owerhede, hooggebore, magtig, en ywerig vir hulle erfregte; prinslike geestelikes, opgeblaas deur die bewussyn van hulle meerdere rang en gesag, hoflike ridders en hulle gewapende volgelinge; en gesante van vreemde en verafgeleë lande — almal het op Worms saamgekom. Maar die onderwerp wat die grootste belangstelling in hierdie groot vergadering opgewek het, was die saak van die Saksiese Hervormer.

Karel het die keurvors vooruit gevra om Luther met hom saam te bring na die Ryksdag; hy het hom verseker van beskerming, en het ‘n vrye bespreking belowe van die geskilpunte, deur bevoegde persone. Luther wou graag voor die keiser verskyn. Sy gesondheid was destyds nie van die beste nie; maar nogtans het hy aan die

keurvors geskryf: “As ek nie in goeie gesondheid na Worms kan gaan nie, sal ek my daarheen laat dra siek soos ek is. Want as die keiser my roep kan ek nie daaraan twyfel dat dit die roepstem van God Self is nie. As hulle geweld teen my wil gebruik, en dit is heeltemal waarskynlik (want dit is nie vir hulle eie onderrig dat hulle my belas het om te verskyn nie), dan plaas ek die saak in Gods hande. Hy wat die drie jongmanne in die brandende vuuroond bewaar het, leef nog. As Hy my nie red nie, maak my lewe nie eintlik saak nie. Laat ons slegs verhoed dat die evangelie blootgestel word aan die smaad van die goddelose, en laat ons ons bloed daarvoor stort, uit vrees dat hulle mag oorwin. Dit is nie vir my om te besluit wat of my lewe of my dood die meeste sou bydra tot die saligheid van almal nie. . . . U kan alles van my verwag . . . behalwe vlug en herroeping. Vlug kan ek nie, en herroep sal ek nie.”—*D’Aubigne, boek VII, hoojstuk 1.*

Toe dit op Worms rugbaar geword het dat Luther voor die Ryksdag sou verskyn, het dit groot opgewondenheid veroorsaak. Aleander, die pouslike legaat aan wie die saak spesiaal toevertrou is, was verontrus en woedend. Hy het gesien dat die gevolge noodlottig sou [169]
wees vir die pouslike saak. Om weer ‘n saak te ondersoek waarin die Pous alreeds uitspraak gegee het, sou niks minder wees as veragting van die gesag van die koninklike opperpriester nie. En wat meer is, hy was bang dat die welsprekendheid en kragtige argumente van hierdie man baie van die prinse afvallig sou maak van die saak van die Pous. Hy het defhalwe baie dringend by Karel aangedring om te belet dat Luther op Worms verskyn. Teen hierdie tyd is die bul wat Luther se ekskommunikasie gelas het, openbaar gemaak; en dit, gepaard met die vertoë van die legaat, het die keiser gedwing om in te gee. Hy het aan die keurvors geskrywe dat as Luther nie wil herroep nie, hy op Wittenberg moes bly.

Nie tevrede met hierdie oorwinning nie, het Aleander, met al die mag en listigheid waaroor hy beskik het, hom beywer om Luther se veroordeling te bewerkstellig. Met ‘n volharding wat aan ‘n beter saak kon bestee geword het, het hy die saak onder die aandag van die prinse, prelate, en ander lede van die vergadering gebring, en hy het die Hervormer beskuldig van “sedisie, rebellie, goddeloosheid en godslastering.” Maar die heftigheid en woede het te duidelik die gees geopenbaar wat hierdie legaat besiel het. “Hy is besiel met haat

en wraak," was die algemene opmerking, "veel meer as met ywer en godsvrug."—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 1.*Die meerderheid van die Ryksdag was nou meer as ooit tevore geneig om Luther se saak gunstig te beoordeel.

Met verdubbelde ywer het Aleander by die keiser aangedring om die pouslike edikte uit te voer. Maar volgens die wette van Duitsland kon dit nie gedoen word sonder die toestemming van die prinse nie; en eindelik oorwin deur die legaat se lastigheid, het Karel hom gelas om sy saak voor die Ryksdag te lê. "Dit was 'n roemvolle dag vir die afgesant. Dit was 'n groot vergadering; maar die saak was nog groter. Aleander sou pleit vir Rome . . . die moeder en hoof van alle kerke." Hy sou die vorstelike mag van Petrus voor die vergaderde hoofde van die Christendom bewys. "Hy het die gawe van welsprekendheid gehad, en die gewig van die geleentheid het hom besiel. Die voorsienigheid het dit bestem dat Rome verdedig sou word deur een van sy bekwaamste sprekers
[170] voor die deurlugtigste regbank voor- dat hy veroordeel sou word."—*Wylie, boek VI, hoojstuk 4.*Dit was nie sonder angs dat diegene wat ten gunste van Luther was, vooruitgesien het na die uitwerking van Aleander se toespraak nie. Die keurvors van Sakse was nie teenwoordig nie, maar op sy bevel het sommige van sy raadslede aantekeninge gemaak van die afgesant se toespraak.

Met al die mag van geleerdheid en welsprekendheid het Aleander onderneem om die waarheid omver te werp. Hy het beskuldiging op beskuldiging teen Luther geslinger dat hy 'n vyand van die kerk en die staat was, van die lewende en die dode, van geestelikes en leke, van rade en private Christene. "In Luther se dwalings," het hy gesê, "is daar genoeg om 'n honderd duisend ketters te verbrand."

Ten slotte het hy probeer om die aanhangers van die gereformeerde geloof veragtelik voor te stel. "Wat is al hierdie Lutherane? 'n Spul parmantige pedagoge, verdorwe priesters, losbandige monnike, onkundige wetgeleerdes, en verlaagde edelliede. gevolg deur die ongeleerdes wat hulle mislei en bederf het. Hoever bokant hulle staan die Katolieke party wat getal, bekwaamheid, en mag betref! 'n Eenstemmige dekreet van hierdie deurlugtige vergadering sal die eenvoudiges verlig, die onverstandiges waarsku, die weifelaars tot beslissing bring, en die swakkes versterk."—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 3.*

Dit is met sulke wapens dat die voorstanders van die waarheid in elke eeu aangeval is. Dieselfde argumente word nog aangevoer teen almal wat die duidelike leerstellings van Gods woord verkondig in stryd met diepgewortelde dwalings. "Wie is hierdie leraars van nuwe leerstellings?" word uitgeroep deur diegene wat die populêre godsdienste aanhang. "Hulle is ongeleerd, klein in getal, en behoort aan die arm klas. Nogtans maak hulle daarop aanspraak dat hulle die waarheid het en die uitverkorenes van God is. Hulle is onkundig en mislei. Hoever staan ons kerk nie bokant hulle wat ledetal en invloed betref nie! Hoeveel groot en geleerde manne is daar nie onder ons nie! Kyk hoe sterk is ons!" Dit is die argumente wat die wêreld beïnvloed; maar hulle is net so swak vandag as in die dae van die Hervormer.

Die Hervorming het nie, soos vele dink, met Luther geëindig nie. [171]
Dit moet voortgaan tot die einde van die geskiedenis van hierdie wêreld. Luther het 'n groot werk gehad om te doen om aan ander die lig te gee wat God aan hom gegee het; maar hy het nie al die lig ontvang wat aan die wêreld sou gegee word nie. Van daardie tyd af tot vandag, het daar steeds nuwe lig geskyn uit die Skrifte, en nuwe waarhede word gedurig geopenbaar.

Die legaat se toespraak het 'n diep indruk gemaak op die Ryksdag. Daar was geen Luther teenwoordig met die duidelike, oortuigende waarhede van Gods woord, om die pouslike kampvegter te verslaan nie. Geen poging is aangewend om die Hervormer te verdedig nie. Daar was 'n algemene gevoel, nie alleen om hom en sy leerstellings te veroordeel nie, maar indien moontlik om die ketter se leer uit te roei. Rome het die beste geleentheid gehad om sy saak te verdedig. Alles wat hy tot sy eie regverdiging kon sê, is gesê. Maar hierdie oënskynlike oorwinning was die teken van neerlaag. Van nou af sou die teenstelling tussen waarheid en dwaalleer, waar hulle die stryd teen mekaar aanbind, duideliker gesien word. Nooit weer van daardie dag af sou Rome se posisie so veilig wees nie as dit voorheen was nie.

Hoewel die meerderheid van die Ryksdaglede nie sou geaarsel het om Luther aan die wraak van Rome oor te lewer nie, het baie van hulle die heersende bederf in die kerk gesien en betreur, en gewens om die misbruike uit die weg te ruim waaronder die Duitse volk gely het as gevolg van die verdorwenheid en gierigheid van

die hiërargie. Die legaat het die pouslike regering in die beste lig gestel. Maar nou het die Here 'n lid van die Ryksdag beweeg om 'n ware uiteensitting te gee van die gevolge van pouslike tirannie. Met edele standvastigheid het die Hertog Georg van Sakse opgestaan in daardie prinselike vergadering, en met ontsettende juistheid die bedrog en gruwels van die pousdom beskryf, asook die noodlottige gevolge daarvan. Hy het gesluit met die volgende woorde:

"Dit is sommige van die skreeuende misbruike van Rome. Hulle het geen skaamte nie, en hulle enigste doel is . . . geld, geld, geld, . . . sodat die predikers wat die waarheid behoort te verkondig, niks
[172] anders as valshede verkondig nie, en nie alleen word hulle gedoog nie, maar beloon, omdat hoe groter hulle leuens, hoe groter hulle winste. Dit is uit hierdie verderflike bron waaruit sulke besoedelde waters vloei. Losbandigheid en gierigheid gaan hand aan hand. . . . Helaas, dit is die skandale van die geestelikes wat so baie arme siele in die verderf stort. Daar moet 'n algemene hervorming plaasvind."—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 4.*

'n Beter en kragtiger ontbloting van pouslike misbruike kon nie deur Luther self gegee gewees het nie; en die feit dat die spreker 'n geswore vyand van die Hervormer was, het nog groter gewig aan sy woorde gegee.

As die oë van die vergadering geopen was, sou hulle engele van God onder hulle gewaar het, wat ligstrale laat skiet het deur die duisternis van dwaling, wat die verstand en hart oopgemaak het vir die ontvangs van die waarheid. Dit was die mag van die God van waarheid en wysheid wat die teenstanders van die Hervorming in bedwang gehou het, en sodoende die weg berei het vir die groot werk wat daar gedoen sou word. Martin Luther was nie teenwoordig nie; maar die stem van Een groter as Luther is in daardie vergadering gehoor.

Daar is dadelik 'n komitee deur die Ryksdag aangestel om 'n lys op te stel van al die pouslike verdrukkings waaronder die Duitse volk so swaar gely het. Hierdie lys, wat 'n honderd-eneen sake bevat het, is aan die keiser voorgelê, met 'n versoek dat hy stappe moes doen vir die onmiddellike wegruiming van hierdie misbruike. "Wat 'n verlies van Christensiele," het die ondertekenaars gesê, "watter plundering, watter afpersings, weens die skandale waarvan die geestelike hoof van die Christendom omring is! Dit is ons plig om die ondergang

en ontering van ons volk te verhoed. Om hierdie rede versoek ons u nederig, maar baie dringend, om 'n algemene hervorming te beveel, en te sien dat dit deurgevoer word."—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 4.*

Die raad het nou die verskyning van die Hervormer voor hulle geëis. Nieteenstaande die smekings, besware, en dreigemente van Aleander, het die keiser eindelik sy toestemming gegee, en Luther is voor die Ryksdag gedaag. Met die dagvaarding was ook 'n vrygeleide gegee, wat sy terugkeer na 'n plek van veiligheid verseker het. [173] Hierdie dokumente is na Wittenberg geneem deur 'n boodskapper, wat gelas is om Luther na Worms te begelei.

Die vriende van Luther was verontrus en in die nood. Wetende van die vooroordeel en die vyandigheid teen hom, het hulle gevrees dat sy vrygeleide nie in ag geneem sou word nie, en hulle het hom gesmeek om nie sy lewe in gevaar te stel nie. Sy antwoord was: "Die pousgesindes begeer nie dat ek na Worms moet kom nie, maar hulle soek my veroordeling en my dood. Dit maak nie saak nie; moenie vir my bid nie, maar vir die woord van God. . . . Christus sal my Sy Gees gee om hierdie werktuie van dwaalleer te oorwin. Ek verag hulle in my lewe; in my dood sal ek oor hulle triomfeer. Op Worms is hulle besig om my te dwing om te herroep; dit sal my herroeping wees: Eers het ek gesê dat die Pous Christus se plaasvervanger is; nou sê ek dat hy ons Heiland se teenstander en die duiwel se apostel is."—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 6.*

Luther sou nie sy gevaarlike reis alleen aflê nie. Behalwe die koninklike boodskapper, het drie van sy trouste vriende besluit om hom te vergesel. Melanchthon wou baie graag by hulle aansluit. Sy hart was met Luther, en hy was baie begerig om hom te volg selfs tot die dood indien nodig. Maar hy is nie toegelaat om saam te gaan nie. In geval Luther omkom, sou hierdie jeugdige medewerker van hom die hoop van die Hervorming moet wees. Toe die Hervormer van Melanchthon afskeid neem, het hy aan hom gesê: "As ek nie terugkom nie, en my vyande my om die lewe bring, moet jy aanhou leer en vasstaan in die waarheid. Werk in my plek. ... As jou lewe behou word, sal my dood nie eintlik saak maak nie."— *Idem, hoojstuk 7.*Die studente en burgers wat saamgekom het om Luther te sien vertrek, was diep ontroer. 'n Groot skare wie se harte deur

die evangelie aangeraak is, het hom wenend vaarwel gesê. Daarna het die Hervormer en sy metgeselle van Wittenberg vertrek.

Onderweg het hulle opgemerk dat die mense verontrus is deur somber voorgevoelens. Op sommige dorpe is daar geen eer aan hulle bewys nie. Op een plek waar hulle die nag geslaap het, het ‘n vriendelike priester sy vrees te kenne gegee deur ‘n portret van
[174] ‘n Italiaanse hervormer wat die marteldood gesterf het, aan Luther te toon. Die volgende dag het hulle gehoor dat Luther se geskrifte te Worms veroordeel is. Boodskappers van die keiser het die keiserlike dekreet afgekondig, en ‘n beroep op die mense gedoen om die geskrifte wat in die ban gedoen is aan die magistrate te lewer. Die boodskapper wat Luther begelei het, en wat begin vrees het vir sy veiligheid op die vergadering, en menende dat hy nie meer so vasberade was nie, het hom gevra of hy nog die reis verder wou voortsit. Sy antwoord was: “Ek sal voortgaan al was ek ook by elke stad in die ban gedoen.”— *D’Aubigne, boek VII, hoojstuk 7*

Op Erfurt is Luther met eerbewyse ontvang. Omring deur bewonderende skares, het hy deur die strate gestap waarlangs hy menigmaal tevore met sy bedelsak gegaan het. Hy het sy sel in die klooster besoek, en gedink aan die stryd wat in sy siel gewoed het voordat die lig kon deurstraal wat vandag op Duitsland skyn. Daar is by hom aangedring om te preek. Hy was verbied om te preek, maar die boodskapper wat hom begelei het, het sy toestemming gegee, en toe het die monnik wat eenmaal die swaarste werk by die klooster gedoen het, die kansel bestyg.

Voor ‘n groot skare het hy gepreek na aanleiding van Christus se woorde, “Vrede vir julle.” “Wysgere, doktore, en skrywers,” het hy gesê, “het probeer om aan die mense die weg tot die ewige lewe te leer, en hulle het nie daarin geslaag nie. Ek sal dit nou aan julle verduidelik: . . . God het ‘n Man uit die dode opgewek, die Here Jesus Christus, sodat Hy die dood kon vernietig, die sonde kon uitroei en die poorte van die hel kon sluit. Dit is die werk van verlossing. . . . Christus het oorwin! Dit is die blye tyding; en ons is gered deur Sy werk, en nie deur ons eie werke nie. . . . Ons Here Jesus Christus het gesê, ‚Vrede vir julle . . . kyk na My hande.’ Dit wil sê, Kyk, o mens! Dit is Ek, Ek alleen, wat jou sonde weggeneem het, en jou vry gekoop het; en nou het jy vrede, spreek die Here.”

Hy het voortgegaan en daarop gewys dat ware geloof deur 'n 'n heilige lewe getoon word. "Aangesien God ons verlos het, laat ons so wandel dat Hy ons kan aanneem. Is julle ryk; laat julle goedere voorsien in die behoeftes van die armes. Is julle arm; laat julle dienste aanneemlik wees vir die rykes. Maar as julle net vir julle [175]
self werk, is die diens wat julle voorgee om aan God te bewys 'n bedrog."—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 7.*

Die aandag van die volk was geboei. Die brood van die lewe is gebreek vir hongerige siele. Christus was voor hulle opgehef bokant pouse, legate, keisers, en konings. Luther het nooit verwys na sy eie gevaarlike posisie nie. Hy wou nie die voorwerp van medelyde wees nie. Waar hy oor Christus gespreek het, het hy homself heeltemal vergeet. Hy het agter die Man van Golgota geskuil, en getrag om Jesus alleen as die sondaar se Verlosser voor te stel.

Op sy reis is die Hervormer met groot belangstelling bejeën. 'n Gretige skare het om hom saamgedring, en vriendelike stemme het hom gewaarsku van die doel van die pousgesindes. "Hulle sal jou verbrand," het sommige gesê; "jy sal tot as verbrand word net soos hulle met Johannes Huss gemaak het." Hierop het Luther geantwoord, "al sou hulle 'n vuur maak langs die hele pad van Worms tot by Wittenberg, en al sou die vlamme tot aan die hemel reik, sou ek in die naam van die Here daardeur loop; ek sal voor hulle verskyn; ek sal in die bek van hierdie monster inloop, sy tande verbreek, terwyl ek die Here Jesus Christus bely." *D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 7.*

Die tyding dat hy Worms nader, het groot opgewondenheid veroorsaak. Sy vriende het gesidder vir sy veiligheid; sy vyande het gevrees vir die sukses van hulle saak. Daar is ernstige pogings aangewend om hom af te raai om nie die stad binne te gaan nie. Die pousgesindes het by hom aangedring om na die kasteel van 'n goedgesinde ridder te gaan, en daar, het hulle gesê, kon die hele saak op vriendelike wyse opgelos word. Vriende wou hom bangmaak, deur die gevare te beskrywe wat hom bedreig het, maar al hulle pogings was tevergeefs. Luther, nog net so standvastig, het verklaar: "Al was daar ook net soveel duiwels in Worms as panne op die dakke van die huise, sou ek nog die stad binnegaan."— *D'Aubigne boek VII, hoojstuk 7.*

By sy aankoms op Worms het 'n groot skare na die poorte gekom om hom te verwelkom. Selfs vir die aankoms van die keiser, kon

daar nie ‘n groter skare gewees het om hom te verwelkom nie. Die
[176] opgewondenheid was groot, en onder die skare het ‘n deurdringende, klagende stem ‘n lyksang gesing om Luther te waarsku teen die lot wat hom gewag het. “God sal my beskerming wees,” het hy gesê, toe hy uit sy rytuig klim.

Die pousgesindes het nie geglo dat Luther werklik dit sou waag om na Worms te kom nie, en sy aankoms daar het hulle verontrus. Die keiser het dadelik sy raadslede saamgeroep om te besluit wat hulle te doen gestaan het. Een van die biskoppe, ‘n strenge Katoliek, het verklaar: “Ons het al lank oor hierdie saak beraadslaag. Laat u keiserlike majesteit dadelik van hierdie man ontslae raak. Het Sigismund nie Johannes Huss laat verbrand nie? Ons is nie verplig om aan ‘n ketter ‘n vrygeleide te gee nie, of ons woord te hou na ons dit gegee het nie.” “Nee,” het die keiser gesê: “Ons moet ons belofte nakom.”— *D’Aubigne, boek VII, hoojstuk 8.*Daar is toe besluit om die Hervormer te verhoor.

Die hele stad was begerig om hierdie merkwaardige man te sien, en spoedig was sy herberg vol van besoekers. Luther het nog nie
[177] mooi herstel van sy siekte nie; hy was afgemat deur die reis, wat ‘n hele twee weke geduur het; die volgende more moes hy verskyn, en hy het stilte en rus nodig gehad. So groot was die begeerte om hom te sien, dat hy maar net ‘n paar uur gerus het toe edelliede, ridders, priesters, en burgers om hom saamgedrom het. Onder hulle was baie van die edelliede wat stoutmoedig by die keiser aangedring het op ‘n hervorming van die kerklike misbruike, en wat, soos Luther gesê het, “Deur my evangelie bevry is.”—*Martyn, “Lije and Times of Luther,” bl. 393.*

Vyande sowel as vriende het na hierdie onverskrokke monnik kom kyk; hy het hulle met die grootste kalmte ontvang, en met waardigheid en wysheid op hulle vrae geantwoord. Sy houding was vasberade en moedig. Sy maer, bleek gesig, wat tekens getoon het van siekte en swaar arbeid, het ‘n vriendelike uitdrukking gehad. Die plegtigheid en diepe eras van sy woorde het hom ‘n krag gegee wat selfs sy vyande nie heeltemal kon weerstaan nie. Beide vriende en vyande is met verbasing vervul. Sommige was daarvan oortuig dat hy onder goddelike invloed gestaan het; ander het gesê, soos die Fariseërs van Christus gesê het, “hy het ‘n duiwel.”

Die volgende dag is Luther voor die Ryksdag gedaag. 'n Keiserlike offisier het hom na die gehoorsaal gebring; maar dit was met moeite dat hy die plek bereik het. Elke straat was vol toeskouers, wat graag die monnik wou sien wat dit gedurf het om die gesag van die Pous te weerstaan.

Net voordat hy in die teenwoordigheid van sy regters verskyn het, het 'n ou generaal, vriendelik aan hom gesê: "Arme monnik, arme monnik, jy het 'n stryd voor jou soos ek en menige ander kaptein nog nooit geken het, selfs in ons bloedigste veldslae nie. Maar as jou saak regverdig is, en jy daarvan seker is, gaan dan in Gods naam voorwaarts en vrees niks! God sal jou nie begewe nie."— *D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 8.*

Eindelik het Luther voor die vergadering gestaan. Die keiser het op die troon gesit. Om hom was die deurlugtigste persone in die ryk. Nog nooit het 'n man voor 'n indrukwekkender vergadering verskyn as die waarvoor Luther nou sou antwoord vir sy geloof nie. "Hierdie verskyning was op sigself 'n bepaalde oorwinning oor die [178] pousdom. Die Pous het hierdie man reeds veroordeel, en nou staan hy voor 'n regbank, wat hom deur hierdie verhoor, bokant die Pous gestel het. Die Pous het hom in die ban gedoen, en hom uit die samelewing verstoot, en nogtans is hy in betaamlike taal gedaag, en deur die hoogste vergadering in die wêreld ontvang. Die Pous het hom veroordeel tot voortdurende stilswye, en nou het hy op die punt gestaan om te praat voor duisende aandagtige hoorders, getrek uit die verste uithoeke van die Christendom, 'n Ontsettende omwenteling is dus deur die toedoen van Luther teweeggebring. Rome was reeds besig om van sy troon af te klim, en dit was die stem van 'n monnik wat hierdie vernedering veroorsaak het."—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 8.*

In die teenwoordigheid van daardie magtige en getitelde vergadering, het hierdie nederiggebore Hervormer ontsteld en verslae gestaan. Verskeie van die prinse, wat sy ontroering opgemerk het, het nader gekom en een het gefluister, "moenie hulle vrees wat die liggaam kan dood, maar die siel nie kan dood nie." 'n Ander het gesê, "Wanneer hulle julle voor goewerneurs en konings bring om My ontwil, sal julle in daardie uur gegee word wat julle moet spreek." Op hierdie manier is die woorde van Christus aangehaal deur die wêreld

se grootste manne om Sy dienskneg in die uur van beproewing te sterk.

Luther is gelei tot reg voor die keiser se troon; 'n groot stilte het in die vergadering geheers. Daarna het 'n keiserlike offisier opgestaan, en na 'n versameling van Luther se geskrifte wysende, het hy die Hervormer versoek om op twee vrae te antwoord: naamlik of hy die geskrifte erken as syne, en of hy van plan was om die menings daarin uitgespreek te herroep. Nadat die titels van die boeke aan hom voorgelees is, het Luther op die eerste vraag geantwoord en erken dat die boeke syne was. "Wat die tweede vraag betref," het hy gesê, "aangesien dit 'n vraag is wat betrekking het op geloof en die verlossing van siele, en waarin die woord van God, die grootste en kosbaarste skat in hemel en op aarde belang het, sou ek onverstandig handel as ek antwoord sonder om te dink. Ek mag minder sê as wat
[179] die omstandigheid vereis, of meer as die waarheid verg, en sodoende mag ek sondig teen hierdie gesegde van Christus: ‚Elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor My Vader wat in die hemel is.' Matt. 10: 33. Om hierdie rede smeek ek u keiserlike majesteit, in alle nederigheid, om my tyd te gee sodat ek kan antwoord sonder om teen die woord van God te sondig."—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 8.*

Toe Luther hierdie versoek gemaak het, het hy baie verstandig gehandel. Sy handelwyse het die vergadering oortuig dat hy nie uit hartstog of drif gehandel het nie. Sy kalmte en selfbeheersing, nie verwag in iemand wat so stoutmoedig en ontoegewend was soos hy homself bewys het nie, het tot sy krag bygedra, en hom in staat gestel om later verstandig, vasberade, met wysheid, en met 'n waardigheid te antwoord, wat sy teenstanders met verbasing en teleurstelling vervul het, en wat hulle parmantigheid en hovaardy bestraf het.

Die volgende dag sou hy verskyn om sy finale antwoord te gee. Vir 'n tyd het sy moed weggesink by die gedagte aan die magte wat teen die waarheid verenig was. Sy geloof het gewankel; angs en vrees het hom vervul, en hy is deur skrik oorweldig. Gevare het voor hom vermenigvuldig; dit het geskyn of sy vyande op die punt gestaan het om te triomfeer, en dat die magte van duisternis sou oorwin. Wolke het om hom saamgepak wat geskyn het of hulle hom van God geskei het. Hy het verlang na die versekering dat die Here van die leërskare met hom was. In sielsangs het hy hom met aangesig

op die aarde neergewerp en daardie hartverskeurende krete geuiter wat niemand as God alleen ten voile kan verstaan nie.

"O Almagtige en Ewige God," het hy gesmeek, "hoe vreeslik is hierdie wêreld nie! Kyk, hy maak sy mond oop om my te verswelg, en my geloof is so swak. . . . As ek slegs die krag van hierdie wêreld gehad het om op te vertrou, dan is alles verlore. . . . My laaste uur het gekom, ek is veroordeel. . . . O God, help U my teen al die wysheid van die wêreld. Doen U dit, . . . U alleen; . . . want dit is nie my werk nie, maar U werk. Ek het hier niks te doen nie, niks om oor te stry met hierdie grotes van die wêreld nie. ... Dit is U saak, . . . en dit is 'n regverdige en ewige saak. O Here, help my! Getroue en onveranderlike God, ek vertrou op geen mens nie. . . . Alles wat in [180]
die mens is, is onseker; alles wat van die mens kom, kan faal. . . . U het my gekies vir hierdie werk. . . . Staan aan my sy, vir die ontwil van U geliefde Jesus Christus, wat my beskermer, my skild, en my hoogvertrek is."— *D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 8.*

'n Alwyse Voorsienigheid het Luther daartoe gebring om sy gevaar te besef, sodat hy nie op sy eie krag sou vertrou en hom op vermetele wyse in die gevaar begeef nie. Dit was egter nie 'n vrees vir persoonlike lyding, of 'n vrees vir marteling of die dood nie, wat hom bedreig het en wat hom met verskrikking vervul het nie. Hy het die krisis bereik, en hy het sy swakheid besef. Deur sy swakheid sou die saak van die waarheid nie skade ly nie. Hy het met God geworstel, nie vir sy eie veiligheid nie, maar vir die oorwinning van die evangelie. Sy sielsangs was soos die van Israel daardie nag by die Jabbok. Soos Israel het hy oorwin. In sy algehele hulpeloosheid het hy sy geloof op Christus gevestig, die magtige Verlosser. Hy is versterk met die versekering dat hy nie alleen voor die raad sou verskyn nie. Daar het weer vrede in sy siel gekom, en hy het hom daarin verheug dat hy toegelaat was om die woord van God voor die regeerders van die volk op te hef.

Met sy vertroue op God, het Luther hom berei vir die stryd voor hom. Hy het gedink oor die antwoord wat hy sou gee; hy het gedeeltes van sy geskrifte nagegaan, en uit die Heilige Skrifte het hy bewys gehaal om sy stellings te handhaaf. En toe, met sy linkerhand op die Bybel wat voor hom oopgelê het, het hy sy regterhand na die hemel opgehef, en 'n eed geneem om "getrou te bly aan die

evangelie, en om sy geloof sonder vrees te bely, selfs al moes hy dit met sy bloed verseël."— *D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 8.*

Toe hy weer voor die Ryksdag kom, was daar geen tekens van vrees of verleentheid op sy gelaat te sien nie. Kalm en vredig. dog dapper en edel, het hy gestaan as Gods getuie voor die grotes van die aarde. Die keiserlike offisier het nou geëis dat hy sy antwoord moes gee of hy sy leerstellings sou herroep. Stil en nederig het Luther geantwoord, sonder heftigheid of drif. Hy het hom stil en eerbiedig gedra; maar hy het 'n vertroue en vreugde geopenbaar wat
[181] die vergadering verbaas het.

"Deurlugtige keiser, hoogedele vorste, genadige here," het Luther gesê, "Ek verskyn vandag voor julle, ooreenkomstig die bevel wat gister aan my gegee is, en deur die genade van God smeek ek u majesteit en u deurlugtige hooghede om goedwilliglik te luister na die verdediging van 'n saak waarvan ek oortuig is dat dit regverdig en reg is. As ek deur onwetendheid oortredings begaan wat betref die gebruike en reëls van die hof, smeek ek om u verskoning; want ek is nie opgelei in die paleise van konings nie, maar in die afsondering van 'n klooster."—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 8.*

Vervolgens, tot dit vraag komende, het hy verklaar dat sy geskrifte nie almal van dieselfde aard was nie. Sommige het gehandel oor geloof en goeie werke, en selfs sy vyande het verklaar dat hulle nie alleen onskadelik was nie, maar nuttig. Om hierdie werke te herroep, sou beteken dat waarhede veroordeel word wat deur alle partye aangeneem is. Sy ander werke het bestaan uit geskrifte wat die verdorwenheid en misbruike van die pousdom aan die kaak gestel het. Om hierdie werke te herroep, sou die versterking van die tirannie van Rome beteken, en dit sou die deur wyer oopmaak vir vele en groot goddeloosheid. In die derde klas van sy boeke het hy persone aangeval wat die bestaande euwels verdedig het. Aangaande laasgenoemde het hy openlik erken dat hy miskien heftiger opgetree het as wat paslik was. Hy maak nie daarop aanspraak dat hy self sonder foute is nie; maar selfs hierdie boeke kon hy nie herroep nie, want so 'n handelwyse sou die vyande van die waarheid nog stoutmoediger maak, en hulle sou dan gebruik maak van die geleentheid om Gods volk met nog groter wreedheid te verdruk.

"Ek is maar 'n gewone mens en nie God nie," het hy voortgegaan; "ek sal my dus verdedig soos Christus Homself verdedig het: .As ek

verkeerd gespreek het, getuig van die verkeerdheid.' . . . Deur die genade van God, versoek ek u, deurlugtige keiser, en u hoogverhewe vorste, en alle mense uit alle stande, om my uit die Skrifte van die profete en die apostels te bewys dat ek gedwaal het. So gou as ek hiervan oortuig is, sal ek onmiddellik my dwalings herroep, en die eerste wees om my boeke in die vuur te gooi. [182]

"Wat ek so-ewe gesê het toon duidelik, hoop ek, dat ek sorgvuldig die gevare oorweeg en bedink het, waaraan ek myself blootstel; maar verre van ontsteld te wees, verheug ek my om te sien dat die evangelie, nou, net soos in vorige tye, die oorsaak van moeilikheid en verdeeldheid is. Dit is die aard, dit is die bestemming van die woord van God. ‚Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard,' het Jesus Christus gesê. Die raadsbesluite van God is wonderlik en vreeslik; pas op, dat u, deur te onderneem om verdeeldheid te onderdruk nie die heilige Woord van God vervolg nie, en op uself 'n vreeslike vloek van onoorkomelike gevare, rampe, en ewige verwoesting bring nie. . . . Ek kan baie voorbeelde aanhaal uit die woord van God. Ek kan spreek van die Farao's, die konings van Babiion, en die van Israel, wie se werk meer tot hulle eie ondergang bygedra het as toe hulle deur vergaderings, iets wat oënskynlik baie verstandig was, gesoek het om hulle heerskappy te versterk. God versit berge ‚sonder dat hulle die merk.' "—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 8.*

Luther het in Duits gespreek; nou is hy versoek om dieselfde woorde in Latyn te herhaal. Hoewel hy uitgeput was deur sy eerste poging, het hy gehoor gegee, en weer sy toespraak met dieselfde helderheid en krag as die eerste herhaal. Die Voorsienigheid van God het hom in hierdie saak gelei. Die verstand van baie van die prinse was so benewel deur dwaalleer en bygeloof, dat hulle by die eerste toespraak nie die krag van Luther se redenasie besef het nie; maar die herhaling het hulle in staat gestel om duidelik die punte te sien wat hy aangevoer het.

Diegene wat hardnekkig hulle oë gesluit het vir die lig, en voornemens was om nie deur die waarheid te oortuig word nie, was woedend oor die krag van Luther se woorde. Toe hy opgehou het om te praat, het die woordvoerder van die Ryksdag kwaai gesê, "Jy het nie die vraag beantwoord wat aan jou gestel is nie. . . . Jy word

versoek om ‘n duideliker en afdoende antwoord te gee. ... Sal jy, of sal jy nie herroep nie?”

Die Hervormer het geantwoord: “Aangesien u deurlugtige majesteit en u magtige hooghede van my ‘n duideliker, eenvoudige, en
[183] afdoende antwoord eis, sal ek u een gee, en dit is as volg: Ek kan my geloof nie onderwerp óf aan die Pous óf aan die vergaderings nie, want dit is so klaar as daglig dat hulle dikwels gedwaal en mekaar weerspreek het. Tensy ek dus deur die getuienis van die Skrifte of deur heldere redenering oortuig word; tensy ek oortuig is deur die skrifgedeeltes wat ek aangehaal het, en tensy hulle my gewete bind deur die woord van God,*kan ek nie en sal ek nie herroep nie,*want dit is onveilig vir ‘n Christen om teen sy gewete te handel. Hier staan ek, ek kan nie anders nie, mag God my help. Amen.”—*Ibidem.*

So het hierdie regverdige man, palgestaan op die vaste fondament van die woord van God. Die lig van die hemel het sy aangesig verlig. Sy grootheid en reinheid van karakter, sy vrede en hartsvreugde, kon duidelik deur almal gesien word toe hy getuig het teen die krag van dwaling, en vir die voortreflikheid van daardie geloof wat die wêreld oorwin.

Vir ‘n tyd was die vergadering spraakloos van verbasing. Toe hy die eerste maal geantwoord het, het Luther op ‘n sagte toon gespreek, met ‘n eerbiedige, byna onderworpe houding. Die Katolieke het dit as bewys geneem dat sy moed hom begin begeef het. Hulle het die versoek om uitstel vertolk as die voorspel tot sy herroeping. Karel self, het half veragtelik gesê, toe hy die monnik se eenvoudige klere en afgematte liggaam gesien, en sy eenvoudige toespraak gehoor het, gesê, “Hierdie monnik sal nooit ‘n ketter van my maak nie.” Die moed en standvastigheid wat hy nou aan die dag gelê het, sowel as die krag en helderheid van sy toespraak, het alle partye met verbasing vervul. Die keiser het met bewondering uitgeroep, “Hierdie monnik spreek met ‘n onverskrokke hart en onwrikbare moed.” Baie van die Duitse prinse het hierdie verteenwoordiger van hulle volk met vreugde en trots beskou.

Die aanhangers van Rome was aan die kortste kant; hulle saak was nou in ‘n baie ongunstige lig. Hulle het getrag om hulle mag te handhaaf, nie deur hulle op die Skrifte te beroep nie, maar deur toevlug te neem tot dreigemente — Rome se onfeilbare argument. Die woordvoerder van die Ryksdag het gesê, “As jy nie herroep nie,

sal die keiser en die state van die ryk beraadslaag hoe om met 'n onverbeterlike ketter te werk te gaan." [184]

Luther se vriende, wat met groot blydskap geluister het na sy bekwame verdediging, het gesidder vir hierdie woorde; maar die doktor self het kalm gesê, "Mag God my help, want ek kan niks herroep nie."—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 8.*

Hy is gelas om die Ryksdag te verlaat terwyl die prinse raadgehou het. Daar is gevoel dat 'n groot krisis bereik is. Luther se hardnekkige weiering om hom te onderwerp, mag die geskiedenis van die kerk vir eeue in die toekoms affekteer. Daar is besluit om hom nog 'n kans te gee om te herroep. Vir die laaste maal is hy voor die vergadering gebring. Weer is hy gevra of hy sy leerstellings sou herroep. "Ek het geen ander antwoord nie," het hy gesê, "as die wat ek reeds gegee het nie." Dit was duidelik dat hy nie oorgehaal kon word, hetsy deur beloftes of dreigemente, om toe te gee aan die mandaat van Rome nie.

Die pouslike leiers was vertoorn dat hulle mag wat konings en edelliede laat sidder het, op hierdie wyse veronagsaam is deur 'n nederige monnik; hulle het verlang om hulle woede op hom te wreek deur sy lewe uit hom te martel. Maar Luther, sy gevaar beseffende, het almal aangespreek met Christelike waardigheid en kalmte. Daar was geen trotsheid, drif, of wanvoorstelling in sy woorde nie. Hy het homself, en die grootmanne rondom hom vergeet, en gevoel dat hy in die teenwoordigheid was van Een ver hoër as pouse, prelate, konings, en keisers. Christus het deur Luther se getuienis gespreek met 'n mag en grootheid wat vir 'n tyd beide vriend en vyand met vrees en bewondering vervul het. Die Gees van God was teenwoordig in daardie vergadering, en die harte van die hoofde van die ryk is aangeraak. Verskeie van die prinse het openlik die regverdigheid van Luther se saak erken. Baie is oortuig van die waarheid; maar die indrukke wat op sommige gemaak is, was nie blywend nie. Daar was 'n ander klas wat nie op die oomblik hulle oortuigings openbaar het nie, maar wat later, nadat hulle die Skrifte self ondersoek het, onverskrokke ondersteuners van die Hervorming geword het.

Die keurvors Frederick het met angs uitgesien na Luther se verskyning voor die Ryksdag, en met groot aandoening het hy geluister na sy toespraak. Met vreugde en trots het hy die doktor se moed, onwrikbaarheid, selfbeheersing, en vasberadenheid gesien, en hy het [185]

besluit om nog vaster te staan in sy verdediging. Hy het die partye in die stryd vergelyk, en hy het gesien dat die wysheid van pouse, konings, en prelate tot niet gemaak is deur die krag van die waarheid. Die pousdom het 'n nederlaag gely wat gevoel sou word onder alle volke in alle tye.

Toe die legaat die uitwerking van Luther se toespraak sien, het hy gevrees, soos nog nooit tevore nie, vir die veiligheid van die Roomse mag, en hy het besluit om alle middels tot sy beskikking te gebruik om die Hervormer omver te werp. Met al die welsprekendheid en diplomatiese behendigheid waarin hy so uitgeblink het, het hy die jeugdige keiser gewys op die dwaasheid en gevaar om die vriendskap en ondersteuning van die magtige stoel op te offer in die saak van 'n niksbeduidende monnik.

Sy woorde was nie sonder uitwerking nie. Op die dag na Luther se antwoord, het Karel, 'n boodskap aan die Ryksdag gegee, waarin hy sy voorneme te kenne gegee het om die beleid van sy voorgangers te handhaaf en die Katolieke godsdiens te beskerm. Aangesien Luther geweier het om sy dwalings te herroep, moes die strengste stappe gedoen word teen hom en sy ketterye. "Een enkele monnik, mislei deur sy eie dwaasheid, het opgestaan teen die geloof van die Christendom. Om sulke goddeloosheid stop te sit, sal ek my koninkryke, my skatte, my vriende, my liggaam, my bloed, my siel, en lewe opoffer. Ek staan op die punt om hierdie Augustynse Luther te ontslaan, en hom te belet om enige oproer onder die volke te verwek; daarna sal ek teen hom optree en teen sy aanhangers as hardnekkige ketters deur hulle in die ban te doen, voëlvry te verklaar, en deur alle middels wat hulle kan vernietig. Ek doen 'n beroep op die lede van die state om hulle te gedra soos getroue Christene."—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 9.*Maar nieteenstaande dit nie, het die keiser verklaar dat Luther se vrygeleide gerespekteer moes word, en dat hy toegelaat moes word om sy huis veilig te bereik voordat stappe teen hom gedoen sou word.

Twee teenstrydige menings was nou onder die lede van die Ryksdag geopenbaar. Die afgevaardigdes en verteenwoordigers van die Pous het weer daarop aangedring dat die vrygeleide van die
[186] Hervormer veronagsaam moes word. "Sy as," het hulle gesê, "moet in die Ryn gegooi word net soos die van Johannes Huss 'n honderd jaar gelede."— *D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 9.*Maar die prinse van

Duitsland, hoewel pousgesind en vyande van Luther, het hulle verset teen so 'n breuk van openbare vertroue, omdat dit 'n klad op die eer van die volk sou wees. Hulle het gewys op die rampe wat gevolg het op die dood van Huss, en hulle het verklaar dat hulle nie dieselfde onheile wou laat kom oor Duitsland en oor die jeugdige keiser nie.

In antwoord op die voorstel het Karel self gesê, "Al sou eer en vertroue uit die hele wêreld verban word, behoort hulle 'n skuilplek te vind in die harte van die prinse."—Ibidem. Deur sommige van die bitterste vyande van Luther is daar by hom aangedring om met die Hervormer te handel soos Sigismund met Huss — naamlik om hom oor te gee aan die genade van die kerk; maar toe hy dink aan die toneel toe Huss in die openbare vergadering na sy kettings gewys het en die keiser herinner het aan sy troubreuk, het Karel V, gesê, "Ek sou nie graag wou bloos soos Sigismund nie."*(Sien Lenjant",History oj the Council oj Constance," Deel I, bl. 422.*

Tog het Karel willens en wetens die waarhede wat Luther verkondig het, verwerp. "Ek is vasbeslote om die voorbeeld van my voorouers na te volg," het die vors geskrywe. *D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 9.*Hy het besluit om nie die pad van gewoonte te verlaat om in die weg van waarheid en geregtigheid te wandel nie. Omdat sy vaders dit gedoen het, sou hy ook die pousdom met al sy wreedheid en bedorwenheid, beskerm. Dit is die standpunt wat hy ingeneem het, en hy het geweier om enige lig aan te neem wat sy vaders nie gehad het nie, of om enige plig te vervul wat hulle nie vervul het nie.

Daar is vandag baie wat op dieselfde manier vasklem aan die gewoontes en tradisies van hulle vaders. Waar die Here aan hulle meer lig gee, weier hulle om dit aan te neem, omdat hulle vaders dit nie aangeneem het nie. Ons is nie in die posisie van ons vaders geplaas nie; daarom ook is ons pligte en verantwoordelikhede nie dieselfde as hulle s'n nie. Ons kan God nie behaag deur na die voorbeeld van ons vaders te kyk pleks om die Woord van waarheid vir onsself te ondersoek ten einde ons pligte te verstaan nie. Ons is [187] verantwoordelik vir die lig wat hulle ontvang het, en wat hulle aan ons gegee het, maar ons is ook verantwoordelik vir die bykomstige lig wat nou op ons uit die woord van God skyn.

Aan die ongelowige Jode het Christus gesê: "As Ek nie gekom en met hulle gespreek het nie, sou hulle geen sonde hê nie; maar nou het hulle geen verskoning vir hulle sonde nie." Joh. 15: 22.

Dit is daardie selfde goddelike krag wat deur Luther tot die keiser en prinse van Duitsland gespreek het. En namate die lig van Gods woord geskyn het, het Sy Gees vir die laaste maal gepleit met baie in daardie vergadering. Net soos Pilatus, eeue tevore, deur trots en om die volksguns sy hart gesluit het teen die Verlosser van die wêreld; net soos die bewende Felix aan die boodskapper van die waarheid gesê het, "Gaan vir hierdie keer heen, en as ek geleentheid vind, sal ek jou laat roep;" en soos die trotse Agrippa erken het, "jy beweeg my amper om 'n Christen te word" (Hand. 24: 25; 26: 28), en nogtans hom afgekeer het van die hemelse boodskap — so ook het Karel V, toegewende aan die stem van hoogmoed en wêreldlike beleid, besluit om die lig van die waarheid te verwerp.

Daar was allerhande gerugte van pogings teen Luther in omloop, en dit het groot opgewondenheid in die stad laat ontstaan. Die Hervormer het baie vriende gemaak, en hulle, wetende van die verraderlike wreedheid van Rome teenoor almal wat dit gedurf het om sy verdorwenheid aan die kaak te stel, het besluit dat Luther nie opgeoffer sou word nie. Honderde van die edelliede het hulle verbind om hom te beskerm. Baie van hulle het die koninklike boodskap veroordeel as 'n teken van lamlendige onderwerping aan die beheersende mag van Rome. Teen die poorte, teen huise, en op openbare plekke is daar aanplakbiljette aangebring; sommige het Luther veroordeel, terwyl ander hom ondersteun het. Op een van hierdie biljette het slegs die volgende betekenisvolle woorde van 'n wyse verskyn, "Wee jou, o land, as jou koning 'n kind is." Pred. 10: 16. Die geesdrif van die volk ten gunste van Luther oor die hele Duitsland het die keiser en die Ryksdag oortuig dat enige onreg teenoor hom gepleeg die vrede [188] van die Ryk en selfs die troon in gevaar sou bring.

Frederick van Sakse was terughoudend; hy het sy gevoelens teenoor die Hervormer verberg, maar hy het hom terselfdertyd met onvermoeide waaksaamheid beskerm, en hy het al sy bewegings sowel as die van sy vyande dopgehou. Maar daar was vele wat nie hulle simpatie vir Luther verberg het nie. Hy is besoek deur prinse, grawe, baronne, en ander vooraanstaande persone, leke sowel as geestelikes. "Die doktor se kamertjie," het Spalatinus geskryf, "kon nie al die besoekers bevat wat gekom het nie." — *Martyn, Deel I, bl. 404.*Die mense het na hom gestaan en kyk asof hy iets meer as 'n mens was. Selfs diegene wat geen geloof in sy leerstellings gehad

het nie, kon nie nalaat om die edele regskapenheid te bewonder wat hom daartoe gebring het om die dood te trotseer liewer as om sy gewete te verkrag nie.

Daar is ernstige pogings aangewend om Luther se toestemming te verkry tot ‘n kompromis met Rome. Edelliede en prinse het hom daarop gewys dat volharding in sy eie oordeel teenoor die van die kerk en die vergaderings sy verbanning uit die ryk as gevolg sou hê, en dat hy dan geen verdediging sou hê nie. Hierop het Luther geantwoord: “Die evangelie van Christus kan nie son-der aanstoot gepreek word nie . . . waarom dan sou die vrees van gevaar my afskei van die Here, en van daardie goddelike woord wat alleen die waarheid is? Nee; ek sou eerder my liggaam, my bloed, en my lewe opgee.”—*D’Aubigne, boek VII, hoojstuk 10.*

Weer is by hom aangedring om hom te onderwerp aan die oordeel van die keiser, en dan sou hy niks te vrees hê nie. “Met my hele hart stem ek in,” het hy gesê, “dat die keiser, die prinse, en selfs die eenvoudigste Christen, my geskrifte kan ondersoek en oordeel; maar hulle moet dit op een voorwaarde doen, hulle moet die woord van God as maatstaf neem. Die mens het niks te doen as om daaraan gehoor te gee nie. Moenie trag om my gewete geweld aan te doen nie, want dit is gebind en vasgeketting aan die Heilige Skrifte.”—*D’Aubigne, boek VII, hoojstuk 10.*

Op ‘n ander versoek het hy geantwoord, “Ek is gereed om my vrygeleide op te gee. Ek plaas my persoon en my lewe in die hande van die keiser, maar die woord van God — nooit!” — *Ibidem.*Hy het verklaar dat hy gewillig was om hom te onder- werp aan die [189]
uitspraak van die algemene vergadering, maar op voorwaarde dat die vergadering volgens die Skrifte moes besluit. “Wat die woord van God en die geloof betref,” het hy gesê, “is elke Christen net so ‘n goeie regter as die Pous, al is dié ook ondersteun deur ‘n miljoen konsilies.”—*Martyn, Deel I, bl. 410.*Eindelik is beide vriende en vyande oortuig dat enige verdere pogings tot versoening nutteloos sou wees.

As die hervormer op een enkele punt toegegee het, sou Satan en sy leërskare die oorwinning behaal het. Maar sy onwrikbare standvastigheid het die kerk bevry, en ‘n nuwe en beter tydperk ingelui. Die invloed van hierdie een man, wat dit gewaag het om vir homself te dink en te handel in godsdienstige sake, sou ‘n uitwerking

op die kerk en die wêreld hê, nie alleen vir sy eie tyd nie, maar in toekomstige geslagte. Sy onwrikbaarheid en getrouheid sou tot die einde van tyd almal versterk wat 'n dergelike ervaring moet deurmaak. Die mag en majesteit van God het geseëvier oor die raad van mense en die mag van Satan.

Op gesag van die keiser is Luther spoedig beveel om huis-toe te gaan, en hy het geweet dat hierdie kennisgewing dadelik gevolg sou word deur sy veroordeling. Dreigende wolke het sy pad verduister; maar met sy vertrek van Worms was sy hart vol lof en blydskap. "Die duiwel self," het hy gesê, "beskerm die vesting van die Pous; maar Christus het 'n wye breuk daarin gemaak en Satan was verplig om te erken dat die Here magtiger is as hy."—*D'Aubigne, boek VII, hoojstuk 11.*

Na sy vertrek, en nog begerig dat sy standvastigheid nie vertolk moes word as rebellie nie, het Luther aan die keiser geskryf: "God, wat die deursoeker van harte is, is my getuie dat ek gereed is om u majesteit te gehoorsaam, in eer of oneer, in lewe of in dood, en sonder uitsondering behalwe die woord van God, waardeur die mens lewe. In al die aangeleenthede van hierdie lewe sal my getrouheid onwrikbaar wees, want daarin het wins of verlies niks te doen met die saligheid nie. Maar waar ewige belange op die spel is, is dit nie Gods wil dat die mens hom aan die mens moet onderwerp nie; want sulke onderwerping in geestelike dinge is ware aanbidding, en dit
[190] behoort alleen aan die Skepper te geskied."—*Ibidem.*

[191] Op sy terugreis van Worms, was Luther se ontvangs nog vleiender as sy heenreis. Prinslike geestelikes het die verbande monnik verwelkom, en burgerlike owerhede het die man vereer wat deur die keiser veroordeel is. Hy is versoek om te preek, en nieteenstaande die keiserlike verbod, het hy weer die preekstoel bestyg. "Ek het nooit my woord gegee om die woord van God vas te ketting nie, en ek sal ook nie," het hy gesê.*(Martyn, Deel I, bl. 420.)*

Hy was nie lank weg van Worms nie, of die pousgesindes het die keiser oorgehaal om die edik teen hom te laat uitvaardig. In hierdie edik is Luther veroordeel as "Satan self in die vorm van 'n mens en gekleed in die kleed van 'n monnik."— *D'Aubigne, boek VII, hoojst. 11.*Daar is beveel dat stappe gedoen moes word om sy werk stop te sit sodra die tyd van sy vrygeleide verval het. Alle mense is verbied om aan hom herberg te verleen, voedsel of drank te gee, of hom deur

woord of daad, in die openbaar of privaat, te help of by te staan. Waar hy hom ook al mag bevind moes hy gevang, en aan die owerheid oorgelewer word. Sy aanhangers moes ook gevange geneem word en hulle eiendom moes verbeurd verklaar word. Sy geskrifte moes vernietig word, en eindelik is daar beveel, dat almal wat teen hierdie edik sou handel ook onder die veroordeling daarvan moes kom. Die keurvors van Sakse, en die prinse wat Luther goedgesind was, het Worms kort na Luther se vertrek verlaat, en die keiser se edik het die goedkeuring van die Ryksdag verkry. Nou was die Roomsgesindes juigend. Hulle het gemeen dat die lot van die Hervorming nou verseël was.

In hierdie uur van gevaar het God vir Sy dienskneg 'n uitweg voorsien. 'n Waaksame oog het Luther se bewegings gevolg, en 'n opregte en edele hart het besluit om hom te red. Dit was duidelik dat Rome met niks minder sou tevrede wees as sy dood nie; alleen deur verberging kon hy gered word uit die bek van die leeu. Aan Frederick van Sakse het God wysheid verleen om 'n plan te maak vir die Hervormer se behoud. Met die medewerking van troue vriende, is die keurvors se planne uitgevoer, en Luther is weggesteek van vriende en vyande. Op sy reis huiswaarts, is hy gevang, van sy medereisigers weggeneem, en spoedig deur die woud geneem na die [192]
kasteel van Wartburg, 'n afgeleë bergvesting. Beide sy gevangeneming en sy verberging het op so 'n geheimsinnige vvyse geskied dat selfs Frederick vir 'n lang tyd nie gevveet het waar hy was nie. Hierdie onwetendheid was nie sonder doel nie; want solank as die keurvors nie geweet het waar Luther is nie, kon hy niks openbaar nie. Hy het homself tevrede gestel dat die Hervormer veilig was, en in daardie kennis het hy berus.

Lente, somer, en die herfs het verbygegaan; die winter het gekom, en nog was Luther 'n gevangene. Aleander en sy helpers het gejuig toe dit geskyn het of die lig van die evangelie sou uitgedoof word. Maar in stede hiervan, was die Hervormer besig om sy lamp uit die skatkamer van die waarheid vol te maak; en sy lig sou voortskyn met groter helderheid.

In die vriendelike veiligheid van Wartburg, het Luther hom vir 'n tyd verbly in sy ontkoming aan die hitte en rumoer van die stryd. Maar hy kon nie lank tevredenheid vind in die stilte en rus nie. Gewoond aan 'n lewe van bedrywigheid en harde stryd, kon hy dit

nie verdra om stil te sit nie. In daardie eensame dae, het die toestand van die kerk voor sy gees gekom, en in wanhoop het hy uitgeroep, “Helaas! daar is niemand in hierdie laaste dae van sy toorn soos ‘n muur te staan voor die Here en Israel te red nie!”—*D’Aubigne, boek IX, hoojstuk 2.*Weer het hy aan homself begin dink, en hy het gevrees dat hy as ‘n lafaard sou beskou word omdat hy hom van die stryd onttrek het. Toe het hy homself verwyt oor sy luiheid en selfbevrediging. En nogtans het hy elke dag meer uitgerig as wat vir een mens moontlik geskyn het. Sy pen was nooit stil nie. Terwyl sy vyande hulle self gevlei het dat hy stilgemaak was, was hulle verwonderd en ontsteld deur tasbare bewys dat hy nog aktief was. Menigte traktate, deur hom geskryf, is in Duitsland versprei. Ook het hy ‘n groot diens aan sy landgenote bewys deur die Nuwe Testament in Duits te vertaal. Uit sy rotsagtige Patmos het hy vir byna ‘n hele jaar aangehou om die evangelie te verkondig, en om die sondes en dwalings van die tye te bestraf.

Maar dit was nie net om Luther van die woede van sy vyande te
[193] bewaar nie, en ook nie om hom ‘n tydjie van stilte te gee vir hierdie belangrike werk dat God Sy dienskneg aan die openbare lewe onttrek het. Daar was ander kosteliker resultate wat verkry moes word. In die eensaamheid en verborgenheid van sy skuilplek in die berg, was Luther verwyder van aardse hulp, en afgesluit van menslike lof. Op hierdie manier is hy gered van die hoogmoed en selfvertroue wat so dikwels die gevolg van sukses is. Deur lyding en vernedering is hy berei om veilig heen te stap op die duiselige hoogtes waartoe hy so plotseling verhef is.

Waar mense hulle verheug in die vryheid wat die waarheid bring, is hulle geneig om diegene te verhoog wat God gebruik het om die kettings van dwaling en bygeloof te verbreek. Satan trag altyd om die mens se gedagtes en liefde af te trek van God en dit te vestig op menslike werktuie; hy bring hulle daartoe om die werktuig te vereer, en om die Hand wat alle dinge bestier nie raak te sien nie. Te dikwels verloor godsdienstige leiers wat op hierdie manier geprys en geëer word hulle afhanklikheid van God uit die oog, en hulle vertrou op hulleself. Gevolglik trag hulle om die verstand en gewete van die volk te beheers, naamlik diegene wat tot hulle opsien om leiding in stede van die woord van God. Dikwels word die werk van Hervorming vertraag weens die gees van sy ondersteuners. Dit was

van hierdie gevaar dat God die Hervorming wou red. Sy begeerte was dat die werk nie die stempel van die mens nie, maar van God sou dra. Die oë van die mense was op Luther gevestig as die verklaarder van die waarheid; en nou was hy verwyder sodat hulle oë op die ewige Bron van die waarheid gevestig kon word. [194]

[195]

# Hoofstuk 9—Die Switserse Hervormer

IN die keuse van werktuie vir die hervorming van die kerk, sien ons dieselfde goddelike plan as toe die kerk gestig is. Die hemelse Leraar het die groot manne van die aarde, die rykes en getiteldes, diegene wat gewoond was om lof en eer te ontvang as leiers van die volk, verbygegaan. Hulle was so hoogmoedig en vol selfvertroue in hulle geroemde voortreflikheid dat hulle nie geleer kon word om medelyde te hê met hulle medemens, en medewerkers te word van die nederige Man van Nasaret nie. Aan die ongeleerde, swoegende vissers van Galilea het die roepstem gekom, "Kom hier agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak." Matt. 4: 19. Hierdie dissipels was nederig en onderwysbaar. Hoe minder hulle onder die invloed van die valse leerstellings van hulle tyd was, hoe beter kon Christus hulle leer en oplei vir Sy diens. So was dit ook in die dae van die Groot Hervorming. Die vooraanstaande Hervormers was nederige manne — manne wat vry was van die trots van stand, en
[196] van die in- vloed en dweepsug van die priesterskap. Dit is Gods doel om nederige werktuie te gebruik om groot resultate te verkry. Dan word die heerlikheid nie aan mense gegee nie, maar aan Hom wat deur hulle werk om te wil en Sy welbehae te doen.

'n Paar weke na die geboorte van Luther in 'n mynwerkershuisie in Sakse, is Ulrich Zwingli in 'n herdershuisie in die Alpe gebore. Zwingli se omgewing in sy kindsdae en in sy vroeë opleiding, sou hom berei vir sy toekomstige sending. Waar hy groot geword het te midde van pragtige natuurtonele en ontsaglike verhewendheid, het hy vroeg onder die indruk gekom van die grootheid, die mag, en die majesteit van God. Die geskiedenis van heldhaftige dade op die berge van sy vaderland, het sy jeugdige lewe besiel. Aan die sy van sy vrome grootmoeder het hy geluister na die paar kosbare Bybelverhale wat sy gehaal het uit die legendes en tradisies van die kerk. Met groot belangstelling het hy geluister na die grootse dade van patriarge en profete, van skaapwagters by hulle kuddes op

die berge van Palestina waar engele met hulle gepraat het, van die Kindjie van Betlehem, en die Man van Golgota.

Net soos Johannes Luther, het Zwingli se vader ook 'n opvoeding vir sy seun begeer, en reeds vroeg is die seun weggestuur uit die vallei waar hy gebore is. Sy verstand het vinnig ontwikkel, en gou het die vraag ontstaan waar om onderwysers te vind wat bekwaam sou wees om hom te onderrig. Op dertienjarige leeftyd is hy na Bern, waar die beste skool in Switserland destyds was. Hier, egter, was 'n gevaar wat sy veelbelowende lewe bedreig het. Die monnike het ywerige pogings aangewend om hom na 'n klooster te lok. Dominikaner en Franciskanermonnike het met mekaar gewedywer om die guns van die volk. Hulle het dit probeer verkry deur opsigtige versierings van hulle kerke, die prag van hulle seremonies, en die aantrekkingskrag van beroemde relikwieë en wonderwerkende beelde.

Die Dominikaners van Bern het gesien dat as hulle hierdie talentvolle jong leerling kon win, dit vir hulle 'n aanwins sowel as 'n eer sou wees. Sy jeug, en natuurlike bekwaamheid as spreker en skrywer, sy aanleg vir musiek en die digkuns, sou doeltreffender wees as al hulle prag en vertoning, om die mense na hulle dienste [197] te trek en om hulle inkomste te vermeerder. Deur bedrog en vleiery het hulle probeer om Zwingli oor te haal om na hulle klooster te kom. Luther, toe hy 'n student op skool was, het hom in 'n kloostersel gaan opsluit, en hy sou vir die wêreld verlore gegaan het as Gods voorsienigheid hom nie vrygestel het nie. Zwingli is nie aan dieselfde gevaar blootgestel nie. Gelukkig het sy vader kennis gekry van die voornemens van die monnike. Hy het geen plan gehad om sy seun toe te laat om die ledige en waardelose lewe van die monnike te deel nie. Hy het gesien dat die toekoms van sy kind in gevaar was, en hy het hom gelas om dadelik huis-toe te kom.

Die bevel is gehoorsaam; maar die jongeling was nie lank tevrede in sy geboortevallei nie, en hy het gou weer sy studies voortgesit, maar hierdie keer het hy na Basel gegaan. Dit is hier waar Zwingli vir die eerste maal van Gods vrye genade gehoor het. Wittembach, 'n leraar van ou tale, is terwyl hy Grieks en Hebreeus geleer het, tot die Heilige Skrifte gelei, en strale van goddelike lig het geskyn in die harte van die studente onder hom. Hy het verklaar dat daar 'n waarheid was, baie ouer en van veel groter waarde as die teorieë wat deur die geleerdes en filosowe opgedis word. Hierdie ou waarheid

was dat die dood van Christus alleen die sondaar vrygekoop het. Vir Zwingli was hierdie woorde soos die eerste ligstraal voor die dagbreek.

Zwingli is gou van Basel beroep om sy lewenswerk te onderneem. Sy eerste arbeidsveld was in 'n Alpegemeente nie ver van sy geboortevallei nie. Nadat hy as priester georden is, "het hy hom met hart en siel gewy aan 'n soektog na die goddelike waarheid; want hy het goed geweet," het 'n medehervormer gesê, "hoeveel iemand moet weet aan wie 'n kudde van Christus toevertrou is."— *Wylie, boek VIII, hoojstuk 5.*Hoe meer hy die Skrifte ondersoek het, hoe duideliker was die teenstelling tussen hulle waarhede en die dwalings van Rome. Hy het hom onderwerp aan die Bybel as die woord van God en enigste onfeilbare maatstaf. Hy het gesien dat die woord sy eie verklaarder moet wees. Hy het dit nie gewaag om die Skrifte te verklaar om 'n vooropgestelde teorie of leerstelling te bewys nie, maar hy het dit as sy plig beskou om die duidelike leer
[198] van die Skrifte te verstaan. Hy het getrag om gebruik te maak van alle hulp tot 'n voile, korrekte verklaring van die Skrifte, en hy het die hulp van die Heilige Gees afgesmeek wat, soos hy gesê het, alles sou verklaar aan diegene wat in opregtheid en in gebed soek.

"Die Skrifte," het Zwingli gesê, "is van God afkomstig en nie van die mens nie, en dieselfde God wat die hart verlig, sal u help om die taal te verstaan wat van God kom. Die woord van God . . . kan nie faal nie; dit skyn helder, dit leer homself, dit openbaar homself, en dit verlig die siel met alle saligheid en genade, vertroos dit in God, verneder dit, sodat dit self vergeet en opoffer, en God omhels."— *Wylie, boek VIII, hoojstuk 6.*Die waarheid van hierdie woorde het Zwingli self bewys. Sprekende van sy eie ervaring op hierdie tyd, het hy geskryf: "Toe . . . ek myself heeltemal aan 'n studie van die Heilige Skrifte, oorgegee het, het filosofie en skolastiese teologie altyd stryd aan my voorgestel. Eindelik het ek tot die punt gekom waar ek besluit het, ‚jy moet alles laat vaar, en die bedoeling van God alleen uit Sy eie eenvoudige woord leer.' Toe het ek God om lig begin vra, en die Skrifte het vir my makliker geword."— *Wylie, boek VIII, hoojstuk 6.*

Die leerstellings wat Zwingli verkondig het, het hy nie van Luther ontvang nie. Dit was die leer van Christus. "As Luther Christus verkondig," het die Switserse Hervormer gesê, "doen hy wat ek doen.

Hy het meer tot Christus gebring as ek. Maar dit maak nie saak nie. Ek sal geen ander naam dra as die van Christus alleen nie, wie se gesant ek is, en wie my enigste hoof is. Nooit het ek 'n enkele woord aan Luther geskryf nie, en ook nie Luther aan my nie. En waarom? . . . Dat dit kan aangetoon word hoe eenstemmig die Gees van God is, aangesien albei van ons, sonder enige geheime verstandhouding, presies ooreenkom met die leer van Christus."—*D'Aubigne, boek VIII, hoojstuk 9.*

In die jaar 1516 is Zwingli beroep as prediker in die klooster van Einsiedeln. Hier sou hy 'n nader blik kry op die dwalings van Rome, en van hom sou 'n invloed uitgaan as Hervormer wat gevoel sou word baie verder as sy geboorteland. Onder die vernaamste aantreklikhede van Einsiedeln was 'n beeld van die maagd Maria waarvan [199] verklaar is dat dit wonderwerke kon doen. Bokant die kloosterpoort het die volgende opskrif gestaan: "Hier kan algehele kwytskeiding van sondes verkry word."—*D'Aubigne, boek VIII, hoojstuk 5.*Op alle tye het daar pelgrims na die beeld van die heilige maagd gekom, maar tydens die jaarlikse fees het menigtes uit alle dele van Switserland gekom, en selfs uit Frankryk en Duitsland. Zwingli, grootliks aangedaan deur die skouspel, het gebruik gemaak van die geleentheid om aan hierdie slawe van bygeloof vryheid deur die evangelie te verkondig.

"Moet u nie verbeel nie," het hy gesê, "dat God in hierdie tempel is meer as in enige ander deel van Sy skepping nie. In watter land u ook woon, God is rondom u en Hy hoor u. . . . Kan nuttelose werke, lang bedevaarte, offerandes, beelde, die aanroeping van die maagd of die heiliges, vir julle die genade van God verseker? . . . Wat baat die vloed van woorde as ons bid? Watter voordeel skuil daar in 'n monnikekappie, 'n geskeerde hoof, 'n lang mantel, en met-goudborduurde pantoffels? . . . God sien die hart, en ons harte is nie ver van hom nie. Christus, wat eenmaal aan die kruis geoffer is, is die slagoffer wat voldoening gegee het vir die sondes van die gelowiges tot in alle ewigheid." — *D'Aubigne, boek VIII, hoojstuk 5.*

Vir baie hoorders was hierdie leer onwelkom. Dit was vir hulle 'n bittere teleurstelling om te hoor dat hulle vermoeiende reis tevergeefs was. Hulle kon nie die vergifnis verstaan wat vryelik aan hulle aangebied word deur Christus nie. Hulle was tevrede met die

ou pad na die hemel wat Rome vir hulle aangewys het. Hulle het teruggedeins vir die moeite om na iets beter te soek. Dit was vir hulle makliker om hulle saligheid aan die priesters en die Pous oor te laat as om na reinheid van hart te soek.

Maar daar was 'n ander klas wat die boodskap van verlossing deur Christus met blydsk?p aangeneem het. Die dinge wat Rome voorgaskryf het. het nie sielevrede gegee nie, en deur geloof het hulle die Heiland se bloed aangeneem as hulle versoening. Hierdie mense is terug huis-toe om die kosbare lig wat hulle ontvang het aan ander mee te deel. Op hierdie manier is die waarheid gedra van dorpie tot
[200] dorpie en van stad tot stad; en die aantal pelgrims na die heiligdom van die maagd het afgeneem. Ook was daar 'n vermindering in die offergawes, met die gevolg dat Zwingli se salaris ook verminder het. Maar toe hy sien dat die mag van fanatisme en bygeloof verbreek word, het dit hom vreugde verskaf.

Die owerhede van die kerk was nie blind vir die werk wat Zwingli besig was om te doen nie; maar hulle het nie dadelik stappe gedoen nie. Nog hopende om hom tot hulle kant te win, het hulle hom gevlei; maar in die tussentyd het die waarheid 'n houvas gekry op die harte van die volk.

Zwingli se werk op Einsiedeln het hom berei vir 'n groter werk, en dit sou hy spoedig aanvaar. Na hy drie jaar daar gearbei het, is hy beroep as prediker in die katedraal van Zurich. Dit was destyds die belangrikste stad van die Switserse bondgenootskap, en die invloed wat daarvandaan uitgegaan het sou algemeen gevoel word. Die geestelikes wat verantwoordelik was vir sy beroep na Zurich, het, omdat hulle alle nuwighede wou vermy, hom duidelik ingelig aangaande sy pligte.

"Jy moet jou beywer," het hulle gesê, "om alle inkomste van die kapittel in te vorder, sonder om die minste oor die hoof te sien. Jy
[201] moet die gelowiges, uit die kansel en die biegstoel ver- maan om alle tiendes en gelde te betaal, en om deur hulle offergawes hulle liefde vir die kerk te toon. Jy moet jou bes doen om die inkomste wat van die siekes en die misse verkry word, en oor die algemeen van alle geestelike verordeninge, te vermeerder." "Wat betref die bediening van die sakramente, die preekdiens, en die versorging van die gemeente — dit is almal pligte van die kapelaan; maar hiervoor mag jy 'n plaasvervanger gebruik, veral by die preekdiens. Jy moet

die sakramente bedien alleen aan vooraanstaande persone. en dit alleen op versoek; jy word verbied om te handel sonder aansien van persone."—*D'Aubigne, boek VIII, hoojstuk 6.*

Zwingli het in stilte geluister na hierdie opdrag, en in ant-woord, nadat hy sy dank betuig het vir die eer van die beroep na hierdie belangrike plek, het hy voortgegaan om te verduidelik watter weg hy van plan was om in te slaan. "Die lewe van Christus," het hy gesê, "is te lank al verberg vir die volk. Ek sal oor die hele evangelie van Mattheus preek, . . . puttende alleen uit die fontein van die Skrifte, in die dieptes daarvan afdalende, teks met teks vergelykende, met onophoudelike gebed om hulle te verstaan. Ek sal my bediening wy aan die verheerliking van God, die lof van Sy eniggebore Seun, aan die redding van siele, en aan hulle opheffing in die ware geloof."—*D'Aubigne, boek VIII, hoojstuk 6.*Hoewel sommige van die geestelikes hierdie plan afgekeur en probeer het om hom daarvan af te raai, het Zwingli vasgestaan. Hy het verklaar dat hy nie 'n nuwe metode sou inbring nie, maar die ou metode wat deur die kerk toegepas is in sy vroeër en reiner dae.

Daar was reeds belangstelling opgewek in die waarhede wat hy verkondig het, en die volk het in groot getalle kom luister na sy prediking. Baie van diegene wat nie meer kerk-toe gekom het nie, was nou onder sy gehoor. Hy het sy bediening begin met die Evangelies deur aan sy hoorders die verhaal van die lewe. die leer, en die dood van Christus voor te lees en te verklaar. Hier, net soos op Einsiedeln, het hy die woord van God voorgehou as die enigste onfeilbare gesag, en die dood van Christus as die enigste voldoende versoening. "Dit is tot Christus," het hy gesê, "wat ek begeer om julle te lei — tot Christus die ware bron van verlossing."—*D'Aubigne,* [202] *boek VIII, hoojstuk 6.*Alle klasse het hulle rondom die prediker geskaar, staatsmanne en geleerdes, ambagsmanne en gewone arbeiders. Met groot belangstelling het hulle na sy woorde geluister. Nie alleen het hy die vrye saligheid verkondig nie, maar ook onverskrokke die euwels en die bederf van die tyd bestraf. Baie is van die katedraal huis-toe God verheerlikende. "Hierdie man," het hulle gesê, "is 'n prediker van die waarheid. Hy sal ons Moses wees, om ons uit die Egiptiese duisternis uit te lei."— *D'Aubigne, boek VIII, hoojstuk 6.*

Hoewel sy werk aan die begin met groot geesdrif bejeën is, het daar later teenstand ontstaan. Die monnike het onderneem om sy

werk te verhinder en sy leer te veroordeel. Baie het hom gehoon en bespot; ander het hulle begewe tot onbeskoftheid en dreigemente. Maar Zwingli het alles geduldig verdra en gesê, "As ons die goddelose tot Jesus Christus wil win, moet ons ons oë sluit vir baie dinge."—*D'Aubigne, boek VIII, hoojstuk 6.*

Omtrent hierdie tyd het daar 'n nuwe werktuig verskyn om die hervormingswerk aan te help, 'n Sekere Lucian is na Zurich gestuur met sommige van Luther se geskrifte, deur 'n vriend van die hervormde geloof te Basel, wat gemeen het dat die verkoop van hierdie boeke 'n kragtige middel sou wees vir die verspreiding van die lig. "Stel vas," het hy aan Zwingli geskryf, "of hierdie man genoeg wysheid en verstand het; indien ja, laat hom dan van stad tot stad, van dorp tot dorp, en selfs van huis tot huis, die werke van Luther, veral sy verklaring van die ‚Onse Vader' vir die leke, onder die Switsers versprei. Hoe meer hulle bekend word, hoe meer sal hulle verkoop word."—*D'Aubigne, boek VIII, hoojstuk 6*. Op hierdie manier het die lig ingang gevind.

Wanneer God die boeie van onkunde en bygeloof begin verbreek, dan is dit dat Satan met sy grootste krag werk om mense in duisternis te hul, en om die bande nog styvver te bind. Namate daar in verskillende lande manne opgestaan het om aan die volk vergifnis en regverdigmaking deur die bloed van Christus te verkondig, het Rome met nuwe krag vergifnis vir geld aangebied.

Elke sonde het sy prys gehad, en mense kon vryheid verkry om misdade te pleeg, solank die skatkis van die kerk maar goed
[203] gevul word. So het die twee bewegings voortgegaan — die een wat vergifnis van die sonde vir geld aangebied het, en die ander wat vergifnis deur Christus voorgehou het; Rome wat vryheid geskenk het om sonde te doen en dit 'n bron van inkomste gemaak het, en die Hervormers wat die sonde veroordeel het, het die mense op Christus gewys as die enigste versoening en verlosser.

In Duitsland is die verkoop van aflate aan die Dominikaners toevertrou, en dit was voortgesit deur die skaamtelose Tetzel. In Switserland was hierdie handel in die hande van die Franciskaners, onder toesig van Samson, 'n Italiaanse monnik. Samson het reeds goeie dienste vir die kerk gelewer deur groot somme geld in te samel van Duitsland en Switserland om die pouslike skatkis te vul. Hy was nou besig om Switserland te deurreis waar hy groot skares

getrek het, die armes van hulle karige bestaan ontroof het, en ryke gifte van die gegoede klasse ontvang het. Maar die invloed van die hervorming het hom reeds laat geld in die vermindering van hierdie handel, al kon dit nie heeltemal stopgesit word nie. Zwingli was nog op Einsiedeln toe Samson, kort nadat hy Switserland binnegekom het, op 'n naburige dorp aangekom het. Verwittig van sy sending, het die Hervormer dadelik daarheen gegaan om hom teen te staan. Die twee het mekaar nie ontmoet nie, maar Zwingli het die valse voorwendsels van die monnik so goed aan die kaak gestel dat hy verplig was om na elders te vertrek.

Te Zurich het Zwingli ywerig gepreek teen die aflaatverkopers, en toe Samson daardie stad nader, is hy deur 'n boodskapper van die stadsraad ontmoet, wat hom meegedeel het dat hy maar daar kon verbygaan. Hy het eindelik geslaag om die stad deur lis binne te kom, maar hy is weggestuur sonder om 'n enkele aflaat te verkoop, en kort daarna het hy Switserland verlaat.

Die hervorming het 'n kragtige stoot vorentoe gekry deur die uitbreek van die pes, of die "swarte dood," wat Switserland in die jaar 1519 geteister het. Toe die mense die dood in die gesig moes staar, het baie gevoel hoe nutteloos die aflate was wat hulle so pas gekoop het; en hulle het verlang na 'n hegter fondament vir hulle geloof. Op Zurich het Zwingli die pes gekry, en hy was so op die randjie van die dood dat alle hoop opgegee was, en die gerug het die ronde gedoen dat hy dood was. In daardie be- proewingsvuur [204]
was sy hoop en vertroue onwrikbaar. In geloof het hy op die kruis van Golgota gesien, vertrouende op die volkome versoening vir sy sonde. Toe hy by die poorte van die dood omdraai, was dit om die evangelie met nog groter ywer as ooit tevore te verkondig. En sy woorde het buitengewone krag gehad. Die volk het hulle geliefde leraar met vreugde verwelkom wat tot hulle teruggekom het van die randjie van die graf. Hulle self het gekom van hulle werk om die siekes en sterwendes te help, en meer as ooit tevore het hulle die waarde van die evangelie besef. Zwingli het die waarhede van die evangelie beter verstaan, en hy het in homself die vernuwende krag daarvan ondervind. Die val van die mens en die verlossingsplan was die onderwerpe waarby hy stilgestaan het. "In Adam," het hy gesê, "is ons almal dood, versink in verderf en veroordeling. Christus . . . het vir ons 'n ewige verlossing gekoop. . . . Sy dood is . .

. ‘n ewige offerande wat tot in ewigheid kan genees; dit stel die goddelike regverdigheid vir ewig tevrede ten behoewe van almal wat daarop vertrou met ‘n onwrikbare geloof.”—*Wylie, boek VIII, hoojstuk 9.*“Waar daar geloof in God is, daar is God; en waar God woon, bestaan daar ‘n drang wat die mense opwek tot goeie werke.”—*D’Aubigne, boek VIII, hoojstuk 9*

So groot was die belangstelling in Zwingli se preke dat die katedraal tot oorlopenstoe gevul is. Bietjiesgewyse, namate hulle dit kon verdra, het hy die waarheid aan sy hoorders geopen. Hy was versigtig, om nie in die begin punte aan te roer wat hulle kon afskrik of wat vooroordeel kon verwek nie. Sy werk was om harte vir die leer van Christus te win, om hulle deur Sy liefde te versag, en om Sy voorbeeld steeds voor hulle te hou; en namate hulle die beginsels van die evangelie aanneem, sou hulle bygeloof gewis vernietig word.

Stap vir stap het die Hervorming voortgegaan in Zurich. Daardeur ontstel, is die vyande opgewek tot daadwerklike teenstand. ‘n Jaar tevore, het die monnik van Wittenberg “Nee” gesê aan die Pous en aan die keiser op Worms; en nou het dit geskyn of alles gewys het op ‘n dergelike teenstand van die pouslike aansprake op Zurich. Zwingli is herhaaldelik aangeval. In die pouslike provinsies
[205] is dissipels van die evangelie van tyd tot tyd tot die brandstapel gebring; maar dit was nie genoeg nie; die verkondiger van kettery moes stilgemaak word. Gevolglik het die biskop van Constans drie afgevaardigdes na die Konsilie van Zurich gestuur, wat Zwingli daarvan beskuldig het dat hy die volk geleer het om die wette van die kerk te oortree, en sodoende die vrede en goeie orde verstoor het. Daar is aangevoer dat as die gesag van die kerk verwerp word, algemene regeringloosheid sou ontstaan. Hierop het Zwingli geantwoord dat hy vier jaar reeds die evangelie in Zurich verkondig het, en “dat dit vreedsamer en stiller was as enige ander stad in die unie. Is die Christelike geloof dan nie,” het hy gesê, “die beste waarborg vir die algemene vrede nie?”— *Wylie, boek VIII, hoojstuk 11.*

Die afgevaardigdes het die raadslede vermaan om in die kerk te bly, want daar is geen verlossing buite die kerk nie, het hulle gesê. Zwingli het geantwoord: “Moenie deur hierdie beskuldiging beweeg word nie. Die fondament van die kerk is dieselfde rots, dieselfde Christus, wat aan Petrus sy naam gegee het omdat hy Hom getrou bely het. Wie ookal van enige volk met sy hele hart in die Here

Jesus glo, word deur God aangeneem. Hier, inderwaarheid, is die kerk waarbuite niemand gered kan word nie."—*D'Aubigne, boek VIII, hoojstuk 11.*As gevolg van hierdie konferensie, het een van die biskoppe se plaasvervangers die hervormde geloof aangeneem.

Die konsilie het geweier om stappe te doen teen Zwingli, en Rome het hom berei vir 'n nuwe aanval. Toe die Hervormer verwittig is van die sameswerings van sy vyande, het hy uitgeroep; "Laat hulle maar kom; ek vrees hulle net so min as wat die uitstekende rots die gedonder van die bare aan sy voet vrees." — *Wylie, boek VIII, hoojstuk 11.*Die pogings van die geestelikes het die saak wat hulle omver wou werp, slegs verder aangehelp. Die waarheid het steeds uitgebrei. Die aanhangers daarvan in Duitsland, wat ontmoedig is deur die verdwyning van Luther, het weer nuwe moed geskep toe hulle die vooruitgang van die evangelie in Switserland sien.

Namate die Hervorming in Zurich gevestig is, is die vrugte daarvan duidelik gesien in die onderdrukking van losbandigheid en die bevordering van orde en eensgesindheid. "Vrede woon in ons dorp," [206]
het Zwingli geskryf; "daar is geen twis, geen huigelary, geen nyd, [207]
en geen stryd nie. Vanwaar kan sulke eenheid kom as alleen van die Here, en van ons leer wat ons vervul met die vrugte van vrede en vroomheid?"— *Wylie, boek VIII, hoojstuk 15.*

Die oorwinnings van die Hervorming het die Roomsgesindes opgewek tot groter vasberadenheid om dit omver te werp. Toe hulle sien hoe min uitgerig is deur die vervolging en onderdrukking van Luther se werk in Duitsland, het hulle besluit om die Hervorming met sy eie wapens te bestry. Hulle sou 'n openbare disputasie met Zwingli hou, en daar die reeling van sake in hulle eie hande sou wees, sou hulle seker maak van die oorwinning deur nie alleen die plek te kies nie, maar ook die regters wat die uitspraak sou gee. As hulle Zwingli maar eenmaal in hulle mag kon kry sou hulle seker maak dat hy nie vry kom nie. As hulle die leier kon stilmaak, sou die beweging spoedig onderdruk kon word. Hierdie doel, egter, het hulle sorgvuldig bedek.

Die disputasie sou op Baden plaasvind: maar Zwingli was nie teenwoordig nie. Die raad van Zurich, wat die planne van die pousgesindes vermoed het, en wat gewaarsku is deur die brandende houtstapels wat in die pousgesinde provinsies vir die belyers van die evangelie aan die brand gesteek is, het hulle leraar verbied om

homself aan hierdie gevaar bloot te stel. Hy was gereed om al die aanhangers wat Rome mag stuur op Zurich te ontmoet; maar om na Baden te gaan, waar die bloed van die martelare vir die waarheid so pas gevloei het, sou die gewisse dood beteken. (Ecolampadius en Haller is gekies om die Hervormers te verteenwoordig, terwyl die beroemde Doktor Eck, bygestaan deur 'n menigte geleerde doktore en prelate die saak van Rome sou verdedig.

Hoewel Zwingli nie op die konferensie teenwoordig was nie, is sy invloed daar gevoel. Die sekretarisse is almal deur die pouslike party gekies, en alle ander is verbied om aantekenings te maak op straf van die dood. Maar nieteenstaande dit nie, het Zwingli daeliks 'n getroue verslag gekry van wat daar op Baden gesê is. 'n Student wat op die disputasie teenwoordig was, het elke aand 'n opsomming gemaak van die argumente wat daardie dag aangevoer is. Hierdie
[208] dokumente is deur twee ander stu- dente afgelewer aan Zwingli te Zurich, tesame met die daelikse briewe van Ecolampadius. Die Hervormer het geantwoord met raadgewing en wenke. Hy het sy briewe snags geskryf, en die studente het hulle die volgende more na Baden teruggeneem. Om die wagters by die stadspoorte te mislei, het hierdie boodskappers mandjies met pluimvee op hulle koppe gedra en hulle is toegelaat om die stad ongehinderd binne te gaan.

Op hierdie manier het Zwingli die stryd voortgesit met sy slinkse teenstanders. "Hy het meer gewerk," het Myconius gesê, "deur sy oorpeinsings, sy slaaplose nagte, en die advies wat hy na Baden gestuur het, as wat hy sou kon gedoen het as hy persoonlik die stryd met die vyande gevoer het."—*D'Aubigne, boek XI, hoojstuk 13.*

Die Roomsgesindes, geprikkel deur die vooruitsig van oorwinning, het na Baden gekom uitgedos in hulle pragtigste klere en glinsterende juwele. Hulle het weelderig gelewe, en hulle tafels was bedek met die lekkerste kos en die beste wyn. Hulle geestelike pligte is verlig deur vrolikheid en brasserye. Tussen hulle en die Hervormers, wat deur die volk beskou is as weinig beter as 'n spul bedelaars, en wie se maaltye hulle maar net 'n kort tydjie aan die tafel gehou het, was die kontras baie groot. Die gasheer van (Ecolampadius, wat hom in sy kamer dopgehou het, het hom altyd in studie en gebed gevind, en met groot verbasing het hy dit rugbaar gemaak dat die ketter ten minste baie vroom was.

Op die konferensie, "het Eck trots 'n kansel bestyg wat pragtig versier was, terwyl die nederige Ecolampadius, armoedig gekleed, verplig was om voor sy teenstander te sit op 'n ruwe ou bankie." —*D'Aubigne, boek XI, hoojstuk 13.*Eck se forse stem en sy sekerheid van homself het hom nooit in die steek gelaat nie. Sy ywer is aangespoor deur die hoop op goud sowel as beroemdheid; want die verdediger van die geloof sou met 'n baie goeie fooitjie beloon word. Waar sy argumente kort geskiet het, het hy sy toevlug geneem tot belediging en skeldwoorde.

(Ecolampadius, bedees en sonder vertroue in homself, het eers teruggedeins vir die stryd, maar dit nou aanvaar met die plegtige verklaring, "Ek erken geen ander maatstaf as die oordeel van Gods [209]
woord nie."— *D'Aubigne, boek XI, hoojstuk 13.*Hoewel hy saggeaard en hoflik was, was hy bekwaam en onbevrees. Terwyl die Katolieke, volgens gewoonte, hulle beroep het op die gebruike van die kerk, het die Hervormer standvastig aan die Heilige Skrifte vasgehou. "Gewoonte," het hy gesê, "het in Switserland geen krag nie, tensy dit volgens die konstitusie is; wat geloofsake betref is die Bybel ons konstitusie."— *D'Aubigne, boek XI, hoojstuk 13.*

Die teenstelling tussen die twee disputante was nie sonder uitwerking nie. Die kalm, duidelike redenasie van die Hervormer, so sagmoedig en bedees voorgestel, het 'n indruk gemaak op diegene wat Eck se grootpratery en lawaaierige aanmatigings verafsku het.

Die diskussie het agtien dae lank geduur. Na afsluiting daarvan, het die pouslike party met alle vertroue die oorwinning geëis. Die meeste van die afgevaardigdes het kantgekies vir Rome, en die Ryksdag het die Hervormers as verslaan verklaar, en hulle uitspraak was dat hulle, saam met hulle leier Zwingli, van die kerk afgesny was. Maar die vrugte van die konferensie het geopenbaar watter kant die voordeel behaal het. Die stryd het die Protestanse saak 'n groot stoot vorentoe gegee, en kort daarna het die belangrike stede van Bern en Basel hulle ten gunste van die Hervorming verklaar. [210]

[211]

# Hoofstuk 10—Vooruitgang van die Hervorming in Duitsland

DIE geheimsinnige verdwyning van Luther het deur die hele Duitsland ontsteltenis veroorsaak. Orals is daar aangaande hom navraag gedoen. Die ontsettendste gerugte was in omloop, en baie het geglo dat hy vermoor is. Daar was groot geweeklaag, nie alleen van die kant van sy vriende nie, maar ook deur duisende wat nie openlik vir die Hervorming uitgestaan het nie. Vele het hulle deur 'n plegtige eed verbind om sy dood te wreek.

Met vrees het die Roomse leiers aanskou hoe hoog die gevoelens onder hulle geloop het. Hoewel hulle aan die begin juigend was oor die vermoede dood van Luther, het hulle spoedig begeer om skuiling te soek van die woede van die volk. Sy moedige dade terwyl hy nog onder hulle was, het sy vyande nie so ontstel as wat sy verwydering nou gedoen het nie. Diegene wat in hulle woede getrag het om die
[212] onverskrokke Hervormer te vernietig, was nou, nadat hy 'n hulpelose gevangene geword het, met vrees vervul. "Die enigste manier om onsself te red," het een gesê, "is om fakkels aan te steek en die hele wêreld te deursoek vir Luther, sodat ons hom aan die volk wat om hom roep, kan teruggee."— *D'Aubigne, boek IX, hoojstuk 1.* Dit het ge-skyn of die edik van die keiser kragteloos was. Die pouslike legate was met verontwaardiging vervul toe hulle sien dat dit minder aandag geniet het as die lot van Luther.

Die tyding dat hy veilig was, hoewel 'n gevangene, het die gemoedere van die volk tot bedaring gebring, terwyl dit hulle ywer vir hom nog groter gemaak het. Sy geskrifte is met groter gretigheid gelees as ooit tevore. Toenemende getalle het hulle vereenselwig met die saak van hierdie dapper man, wat in so 'n ongelyke stryd die woord van God verdedig het. Die Hervorming het steeds in krag toegeneem. Die saad wat Luther gesaai het, het orals ontkiem. Sy afwesigheid het 'n werk verrig wat sy teenwoordigheid nie kon doen nie. Ander werkers het 'n nuwe verantwoordelikheidsbesef gekry noudat hulle groot leier uit die weg geruim is. Met nuwe geloof en

ywer het hulle voortgegaan om alles in hulle mag te doen, sodat die werk so goed begin, nie verhinder mag word nie.

Maar Satan het nie stilgesit nie. Hy het nou probeer wat hy nog altyd in alle hervormingsbewegings probeer het, naamlik om die volk te mislei en te vernietig deur die valse, pleks van die egte, aan hulle af te smeer. Net soos daar valse christusse was in die eerste eeu van die kerk, het daar valse profete in die sestiende eeu opgestaan.

‘n Paar manne, aangetas deur die opwinding in die godsdienstige wêreld, het hulle verbeel dat hulle spesiale openbarings van die hemel ontvang het, en hulle het daarop aanspraak gemaak dat hulle goddelike opdrag gekry het om die Hervorming te voltooi, wat, soos hulle gesê het, so swak begin is deur Luther. Inderwaarheid het hulle juis die werk afgebreek wat hy gedoen het. Hulle het die groot beginsel verwerp wat ten grondslag gelê het van die Hervorming, naamlik dat die woord van God die enigste maatstaf van die geloof en lewe is; en in die plek van daardie betroubare gids het hulle die veranderlike, onsekere standaard van hulle eie gevoelens en indrukke gestel. Deur dus die groot openbaarder van dwaalleer en valsheid [213]
tersyde te stel, is die weg vir Satan geopen om die verstand van mense te beheers soos dit horn mag behaag.

Een van die profete het daarop aanspraak gemaak dat hy deur die engel Gabriel onderrig is. ‘n Student wat sy studies opgegee en by horn aangesluit het, het verklaar dat hy van God Self wysheid ontvang het om Sy woord te verklaar. Ander wat van nature geneig was tot fanatisme, het by hulle aangesluit. Die handelinge van hierdie dwepers het groot opgewondenheid veroorsaak. Die prediking van Luther het baie mense opgewek om die nodigheid van ‘n hervorming in te sien, en nou is selfs eerlike persone mislei deur die valse bewerings van die nuwe profete.

Die leiers van die beweging het na Wittenberg gegaan met die doel om Melanchthon en sy medewerkers te oortuig. Hulle het gesê: “Ons is deur God gestuur om die volk te onderrig. Ons het [214]
‘n persoonlike onderhoud met die Here gehad; ons weet wat sal gebeur; in kort, ons is apostels en profete en ons beroep ons op Doktor Luther.”— *D’Aubigne, boek IX, hoojstuk 7.*

Die Hervormers was verbaas en verbysterd. Dit was iets wat hulle nog nooit voorheen teëgekom het nie, en hulle het nie geweet watter weg om in te slaan nie. Melanchthon het gesê: “Daar is voorwaar

buitengewone geeste in hierdie manne; maar watter geeste? . . . Aan die een kant moet ons oppas dat ons nie die Gees van God uitblus nie, en aan die anderkant dat ons nie verlei word deur die gees van Satan nie."—Ibid.

Die vrugte van hierdie nuwe leer was gou sigbaar. Die mense is gelei om die Bybel te verwaarloos en dit heeltemal tersyde te stel. Die skole is in verwarring gebring. Studente het alle bande verbreek, hulle studies opgegee, en die universiteit verlaat. Die manne wat gemeen het dat hulle bekwaam was om die werk van die Hervorming te beheers en te laat herlewe, het dit op die randjie van mislukking gebring. Die pousgesindes het weer hulle vertroue herwin, en verheug het hulle uitgeroep, "net een laaste poging en ons het die oorwinning."— *Ibid.*

Toe Luther in Wartburg hoor wat gebeur het, het hy verontrus gesê, "ek het altyd verwag dat Satan ons hierdie plaag sou stuur."— *D'Aubigne; boek IX, hoojstuk 7.*Hy het die ware karakter van hierdie gewaande profete ingesien, asook die gevaar wat die waarheid bedreig het. Die teenstand van die Pous en die keiser het hom nie so ontstel as wat hy nou was nie. Onder die sogenaamde vriende van die Hervormer het die grootste vyande nou verrys. Juis die waarhede wat aan hom sulke groot vreugde gebring het, is nou gebruik om stryd en verwarring in die kerk te veroorsaak.

In die hervormingswerk is Luther deur die Gees van God aangedryf en verder gevoer as wat hy self gemeen het om te gaan. Hy het nie vooraf besluit om die stellings in te neem wat hy nou ingeneem het nie, of om sulke verreikende veranderings te maak nie. Hy was slegs die werktuig in die hand van Ewige Mag. Maar nogtans het hy dikwels gesidder vir die gevolge van sy werk. Eenmaal het hy gesê, "as ek weet dat my leer een man, slegs een man, hoe nederig of onbekend seergemaak het — iets wat dit nie kan doen nie, want
[215] dit is die evangelie self — sou ek liewer tienmaal sterf as om dit nie te herroep nie."— *D'Aubigne, boek IX, hoojstuk 7.*

Selfs Wittenberg, die middelpunt van die Hervorming, het nou vinnig in die mag van fanatisme en wetteloosheid verval. Hierdie haglike toestand is nie veroorsaak deur die leer van Luther nie; maar deur die hele Duitsland het sy vyande die skuld op hom gepak. In bitterheid het hy soms gevra, "kan dit dan die einde van hierdie groot hervormingswerk wees."—Ibid. Maar dan weer, nadat hy met God

in die gebed geworstel het, het daar weer vrede in sy hart gekom. "Hierdie werk is nie myne nie, maar U werk," het hy gebid; "U sal nie toelaat dat dit bederf word deur bygeloof of fanatisme nie." Maar die gedagte om nog langer afsydig te bly in die stryd van hierdie krisis, was ondraaglik. Hy het besluit om na Wittenberg terug te keer.

Sonder verwyl het hy die gevaarlike reis onderneem. Hy was nog onder die ryksban. Vyande kon hom die lewe ontneem; vriende is verbied om hom te help of te herberg. Die keiserlike regering het die sterkste maatreëls getref teen sy aanhangers. Maar hy het gesien dat die werk van die evangelie in gevaar was, en in die naam van die Here het hy onverskrokke die stryd vir die waarheid aangeknoop.

In 'n brief aan die keurvors, nadat hy die doel van sy vertrek uit Wartburg verduidelik het, het Luther geskryf: "Laat dit aan u hoogheid bekend wees dat ek na Wittenberg gaan onder beskerming van Iemand ver hoër as prinse en keurvorste. Dit is nie my plan om die ondersteuning van u hoogheid te vra nie, en ook nie u beskerming nie. Ek sou u liewer beskerm. As ek sou weet dat u hoogheid my kon of wou beskerm, sou ek nie na Wittenberg gaan nie. Daar is geen swaard wat hierdie saak kan bevorder nie. God alleen moet alles doen, sonder die hulp of goedkeuring van mense. Hy wat die grootste geloof het, is die een wat beste in staat is om te beskerm."—*D'Aubigne, boek IX, hoojstuk 8.*

In 'n tweede brief het Luther geskryf: "Ek is bereid om my die mishae van u hoogheid en die toorn van die hele wêreld op die hals te haal. Is die Wittenbergers nie my skape nie? Het God hulle nie aan my sorg toevertrou nie? En is dit nie my plig om my selfs aan die dood bloot te stel vir hulle ontwil nie? En wat meer is, vrees ek [216]
dat om 'n groot oproer in Duitsland te sien waardeur God ons volk sal straf."—*D'Aubigne, boek IX, hoojstuk 7.*

Met groot versigtigheid en nederigheid, maar ook met vasberadenheid, het hy sy werk aanvaar. "Deur die Woord," het hy gesê, "moet ons omver werp en vernietig wat deur geweld tot stand gebring is. Ek sal nie geweld gebruik teen die bygelowiges en ongelowiges nie. . . . Niemand moet gedwing word nie. Vryheid is die essensie van geloof."—*D'Aubigne, boek IX, hoojstuk 8.*

Dit het spoedig in Wittenberg rugbaar geword dat Luther teruggekom het en dat hy sou preek. Uit alle rigtings het die mense

toegestroom, en die kerk was tot oorlopenstoe vol. Hy het die kansel bestyg, en met groot wysheid en sagmoedigheid die mense geleer, vermaan, en bestraf. Aangaande sommige wat geweld gebruik het by die afskaffmg van die mis, het hy gesê:

"Die mis is 'n slegte ding; God is daarteen; dit moet afgeskaf word; en ek wens dat dit deur die hele wêreld vervang kon word deur die Avondmaal van die evangelie. Maar laat niemand deur geweld daarvan losgeskeur word nie. Ons moet die saak in Gods hande laat. Sy woord moet handel en nie ons nie. En waarom vra u: omdat ek nie die harte van mense in my hand het soos die pottebakker die klei nie. Ons het 'n reg om te praat; maar ons het nie die reg om handelend op te tree nie. Laat ons preek, maar die res aan God oorlaat. Wat sou ek win as ek gew'eld sou gebruik? Grynsing, formaliteit, naäpery, menslike verordeninge, en huigelary. . . . Maar daar sou geen opregtheid van hart of liefde of geloof wees nie. Waar hierdie drie dinge ontbreek, ontbreek alles, en dit sou nie 'n pennie werd wees nie. . . . God kan meer deur Sy woord alleen doen as u en ek en die hele wêreld deur ons gesamentlike mag. God lê beslag op die hart; en wanneer die hart gewin is, is alles gewin. . . .

"Ek sal preek, bespreek, en skryf; maar ek sal niemand dwing nie, want geloof is 'n vrywillige iets. Kyk wat ek gedoen het. Ek het my verset teen die Pous, aflate, en pousgesindes, maar sonder geweld of oproer. Ek het Gods woord voorgehou; ek het gespreek en geskryf — dit is al wat ek gedoen het. En tog. terwyl ek geslaap het, . . . het die woord wat ek verkondig het, die pouslike mag omvergewerp, en
[217] prins en keiser kon dit nie soveel skade berokken het nie. As ek my toevlug tot geweld geneem het, sou die hele Duitsland miskien 'n bloedbad geword het. Maar wat sou die gevolge gewees het? Verderf en verwoesting van beide liggaam en siel. Daarom het ek stilgesit, en die Woord alleen deur die wêreld laat gaan."— *D'Aubigne, boek IX, hoojstuk 8.*

Elke dag, vir 'n hele week, het Luther vir gretige skares gepreek. Die Woord van God het die towerkrag van fanatieke opwinding verbreek. Die krag van die evangelie het die misleide volk weer in die pad van waarheid gebring.

Luther het geen begeerte gehad om in botsing te kom met die fanatieke wat soveel onheil veroorsaak het nie. Hy het geweet dat hulle manne was van onrype oordeel en onbeteuelde drifte wat, ter-

wyl hulle op spesiale lig uit die hemel aanspraak gemaak het, nie die minste teëspreking, of die beste raad sou gedoog nie. Op verwaande wyse aanspraakmakende op oppergesag, het hulle van almal verwag om sonder enige vrae hulle aansprake te erken. Maar daar hulle 'n onderhoud met hom verlang het, het hy ingestem om hulle te ontmoet; en so gou het hy daarin geslaag om hulle aanmatigings aan die kaak te stel, dat die bedrieërs Wittenberg onmiddellik verlaat het.

Die fanatisme is vir 'n tyd aan bande gelê; maar etlike jare later het dit weer uitgebreek met groter woede en onsettender gevolge. Aangaande die leiers van hierdie beweging het Luther gesê: "Vir hulle is die Heilige Skrifte 'n dooie letter, en hulle skree almal, ‚Die Gees! die Gees!' Maar sowaar, ek sal nie volg waar hulle gees lei nie. Mag God my in Sy genade behoed van 'n kerk wat net uit heiliges bestaan. Ek woon graag onder die nederiges, die swakkes, en siekes, wat hulle sondes ken en voel, en wat gedurig sug en uit die diepte van hulle harte tot God roep om Sy vertroosting en ondersteuning."— *D'Aubigne, boek X, hoojstuk 10.*

Thomas Münzer, die bedrywigste van die fanatieke, was 'n man van heelwat bekwaamheid, wat, onder regte leiding, tot baie goed in staat sou gewees het; maar hy het nie eens die eerste beginsels van ware godsdiens geken nie. "Hy was besiel met 'n begeerte om die hele wêreld te hervorm, maar soos alle dwepers "het hy vergeet dat die hervorming by homself moes begin."— *D'Aubigne, boek IX,* [218]
*hoojstuk 8.*Hy het gestrewe na posisie en invloed, en wou selfs nie onder Luther staan nie. Hy het verklaar dat die Hervormers, deur die gesag van die Skrifte in die plek te stel van die van die Pous, slegs 'n ander soort pousdom in die lewe geroep het. Hy, het hy gesê, het goddelike opdrag ontvang om die ware hervorming te begin. "Hy wat die gees het," het Múnzer gesê, "het die ware geloof, al sou hy nooit die Skrifte in sy lewe sien nie."— *D'Aubigne, boek X, hoojstuk 10.*

Die fanatieke leraars het toegelaat dat hulle deur indrukke beheers word, en hulle het elke gedagte en gemoedsdrang as die stem van God geneem; die gevolg was dat hulle tot uiterstes oorgegaan het. Sommige van hulle het selfs hulle Bybel verbrand en uitgeroep: "Die letter maak dood maar die Gees maak lewendig." Miinzer se leer het die menslike begeerte vir die buitengewone, bevredig,

asook hulle hoogmoedsgevoel, deur menslike idees en sienswyses feitelik bokant die woord van God te stel. Sy leer is deur duisende aangeneem. Baie gou het hy alle orde in die openbare godsdiens veroordeel, en hy het verklaar dat gehoorsaamheid aan prinse 'n poging was om God en Belial tegelyk te dien.

Die gemoedere van die volk, wat reeds begin het om die pouslike juk af te werp, het ook ongeduldig begin word onder die beperkings wat deur die burgerlike owerheid opgelê is. Miinzer se rewolusionêre leerstellings, wat op goddelike gesag aanspraak gemaak het, het hulle daartoe gebring om hulle van alle gesag los te skeur, en die vrye teuels te gee aan hulle vooroordele en drifte. Die vreeslikste tonele van sedisie en opstand het gevolg, en die velde van Duitsland was in bloed gedrenk.

Die sielsangs wat Luther so lank tevore te Erfurt ondervind het, het nou met verdubbelde mag op hom gedruk waar hy die resultate gesien het van die fanatisme wat nou aan die Hervorming tuisgebring is. Die pouslike prinse het verklaar — en baie was gereed om dit te glo — dat die opstand die werklike vrugte van Luther se leerstellings was. Alhoewel hierdie beskuldiging nie die minste grond gehad het nie, het dit die Hervormer nogtans groot verdriet veroorsaak. Dat die saak van die waarheid so beklad kon word dat dit op gelyke voet
[219] gestel is met die laagste soort fanatisme, was meer as wat hy kon verduur. Aan die anderkant weer, het die leiers van die opstand Luther gehaat omdat hy nie alleen hulle leer bestry en hulle aanspraak op goddelike ingewing geloën het nie, maar omdat hy hulle bestempel het as rebelle teen die burgerlike gesag. In weerwraak het hulle hom veroordeel as 'n lae bedrieër. Dit het geskyn asof hy die vyandigheid van beide prinse en die volk op sy hals gehaal het.

Die Roomsgesindes het gejuig en verwag om die spoedige val van die Hervorming te sien; en hulle het Luther geblameer, selfs vir die dwalings wat hy so ywerig getrag het om te verbeter. Die fanatieke party, deur valslik te verklaar dat hulle met groot onreg behandel is, het daarin geslaag om die medelyde van 'n groot gedeelte van die volk te win, en, soos dit dikwels gaan met diegene wat aan die verkeerde kant staan, is hulle beskou as martelaars. Op hierdie wyse is diegene wat met alle mag die Hervorming weerstaan het, bejammer en geprys as die slagoffers van wreedheid en verdrukking.
[220] Dit was die werk van Satan, ingegee deur dieselfde gees van opstand

[221]

wat in die begin in die hemel geopenbaar is.

Satan trag steeds om mense te bedrieg, en om hulle daartoe te bring om sonde geregtigheid te noem, en geregtigheid sonde. Hoe suksesvol was sy werk nie! Hoe dikwels word Gods getroue diensknegte berispe en verwyt omdat hulle onverskrokke die waarheid verdedig! Diegene wat werktuie van Satan is, word geprys en gevlei en selfs as martelaars beskou terwyl diegene wat gerespekteer en bygestaan moet word weens hulle getrouheid aan God, dikwels alleen moet staan en met agterdog bejeën word.

Valse heiligheid, onegte heiligmaking, gaan vandag nog voort met hierdie werk van bedrog. In verskillende vorms openbaar dit dieselfde gees as in die tyd van Luther; dit trek die aandag van mense af van die Skrifte, en bring hulle daartoe om hulle eie gevoelens en indrukke na te volg liewer as om Gods wet te gehoorsaam. Dit is een van Satan se suksesvolste planne om reinheid en waarheid in verdinking te bring.

Onverskrokke het Luther die evangelie beskerm teen die aanslae wat van alle kante gekom het. Die woord van God het homself bewys as 'n wapen wat magtig is in die stryd. Met daardie woord het hy die stryd gevoer teen die gesag wat die Pous homself valslik aangematig het, teen die rasionalistiese filosofie van die geleerdes, terwyl hy ook rotsvas gestaan het teen die fanatisme wat getrag het om aan te sluit by die Hervorming.

Elkeen van hierdie teenstrydige elemente het op sy eie manier probeer om die Heilige Skrifte tersyde te stel, en menslike wysheid as die bron van godsdienstige waarheid en kennis te verhef. Rasionalisme verafgood die rede en maak daarvan die maatstaf van die godsdiens. Romanisme, wat daarop aanspraak maak dat sy opperpriester 'n ingewing besit wat in 'n onafgebroke lyn van die apostels kom, wat altyd onveranderlik is, bied alle geleentheid vir alle soorte buitensporigheid en bederf wat onder die dekmantel van die heiligheid van die apostoliese opdrag skuil. Die ingewing waarop Miinzer en sy aanhangers aanspraak gemaak het, het voortgevloei uit geen hoër bron as die grille van die verbeelding nie, en die invloed daarvan het alle gesag, menslik of goddelik, verwerp. Ware Christelike godsdiens neem die woord van God aan as die groot skatkamer van [222]
ingegewe waarheid en as die toets van alle ingewing.

Na sy terugkoms van Wartburg het Luther sy vertaling van die Nuwe Testament voltooi, en kort daarna is die evangelie aan die Duitse volk gegee in hulle eie taal. Die vertaling is met groot blydskap ontvang deur almal wat die waarheid liefgehad het, maar dit is met veragting verwerp deur diegene wat menslike tradisies en menslike gebooie verkies het.

Die priesters was ontsteld deur die gedagte dat die gewone mense nou in staat sou wees om die woord van God met hulle te bespreek, en dat hulle eie onkunde aan die kaak gestel sou word. Die wapens van hulle vleeslike redenering was magteloos teen die swaard van die Gees. Rome het gebruik gemaak van al sy gesag om die verspreiding van die Skrifte te belet; maar dekrete, vervloekings en martelings -— alles was tevergeefs. Hoe meer Rome die Bybel veroordeel en belet het, hoe groter was die begeerte van die volk om te weet wat dit werklik geleer het. Almal wat kon lees was gretig om die woord van God self te ondersoek. Hulle het dit met hulle saamgedra, gelees en herlees, en hulle was nie tevrede voordat hulle groot gedeeltes van die Skrif uit hulle hoof geken het nie. Toe Luther sien hoe gunstig die Nuwe Testament ontvang is, het hy dadelik begin met 'n vertaling van die Ou Testament, en dele daarvan is uitge-gee sodra hulle voltooi was.

In die stede en in die dorpies is Luther se geskrifte ewe-eens verwelkom. "Wat Luther en sy vriende geskryf het, is deur ander versprei. Monnike, oortuig van die onwettigheid van kloosterverpligtings en begerig om 'n lang lewe van ledigheid te vervang deur 'n aktiewe lewe, maar wat te ongeleerd was om die woord te verkondig, het die provinsies deurreis, dorpies en wonings besoek waar hulle die boeke van Luther en sy vriende verkoop het. Baie gou het Duitsland gewemel van hierdie stoutmoedige kolporteurs."— *D'Aubigne, boek IX, hoojstuk 11.*

Hierdie geskrifte is met groot belangstelling gelees deur beide rykes en armes, geleerdes en onkundiges. Saans het die onderwysers van die dorpskole hardop daaruit voorgelees vir die groepies by die kaggelvuur. Met elke poging is siele oortuig van die waarheid, en,
[223] die word met blydskap ontvangende, het hulle weer op hulle beurt
[224] die goeie nuus aan ander vertel.

Die volgende skrifwoord is vervul: "Die opening van U woorde gee lig, dit maak die eenvoudiges verstandig." Ps. 119: 130: Die

ondersoek van die Skrifte het 'n groot verandering gebring in die gemoed en harte van die volk. Die pouslike regering het op die nek van sy onderdane 'n ysterjuk geplaas wat hulle in onkunde en verlaging gehou het. Bygelowige nakoming van vorms is stip gehandhaaf; maar in al hulle diens het die hart en verstand maar 'n baie klein aandeel gehad. Die prediking van Luther, wat die duidelike waarhede van Gods woord verklaar het, en die Bybel self in die hande van die gewone mense geplaas het, het hulle slapende kragte wakker gemaak, wat nie alleen hulle geestelike natuur gereinig en veredel het nie, maar aan hulle nuwe verstandelike krag gegee het.

Mense van alle range is gesien met die Bybel in hulle hande, besig om die leerstellings van die Hervorming te verdedig. Die pousgesindes wat die ondersoek van die Skrifte oorgelaat het aan priesters en monnike, het laasgenoemdes nou versoek om die nuwe leer te weerlê. Maar, onkundig wat die Skrifte en die krag van God betref, is die priesters en monnike totaal verslaan deur diegene wat deur hulle veroordeel is as ongeleerd en ketters. "Ongelukkig," het een Katolieke skrywer gesê, "het Luther sy navolgers oorgehaal om geen geloof te heg aan enige ander woord behalwe die Heilige Skrifte nie."— *D'Aubigne, boek IX, hoojstuk 11.*Skares het saamgekom om die verkondiging van die waarheid te hoor deur manne wat min opleiding gehad het, en te hoor hoedat hulle dit bespreek het met geleerde en welsprekende teoloë. Die skandelike onkunde van hierdie groot manne het duidelik geblyk wanneer hulle argumente beantwoord is deur die eenvoudige leer van Gods woord. Arbeiders, soldate, vrouens, en selfs kinders, was beter bekend met die leer van die Bybel as die priesters en die geleerde doktore.

Die teenstelling tussen die dissipels van die evangelie en die voorstanders van pouslike bygeloof was net so sigbaar in die geledere van die geleerdes as onder die gewone mense. "In teenstelling met die ou voorvegters van die hiërargie wat die aanleer van tale en die studie van literatuur verwaarloos het, . . . was edele jongeliede, toegewy aan die ondersoek van die Skrifte, besig om hulleself [225]
vertroud te maak met die letterkundige skatte van die outyd. Met 'n aktiewe verstand, 'n sieleadel en 'n onverskrokke hart, het hierdie jongmanne spoedig sulke kennis verkry dat daar vir 'n lang tyd niemand was wat teen hulle opgewasse was n;e. . . . Gevolglik het hierdie jeugdige verdedigers van die Hervorming op enige verga-

dering waar hulle met die Roomse doktors in aanraking gekom het, hulle met sulke gemak en vertroue aangeval dat hierdie onkundige manne geaarsel het, in verleentheid gebring is, en in die oë van almal aan verdiende veragting blootgestel is."— *D'Aubigne, boek IX, hoojstuk 11.*

Toe die Katolieke geestelikes sien hoedat hulle gemeentes verminder, het hulle die hulp van die magistrate ingeroep, en met alle middels tot hulle beskikking het hulle getrag om hulle hoorders terug te bring. Maar in die nuwe leerstellings het die volk juis die dinge gevind wat in die behoeftes van hulle siele voorsien het, en hulle het hulle afgekeer van diegene wat hulle so lank reeds op waardelose kaf van bygelowige rites en menslike tradisies gevoed het.

Toe die vervolging losgebreek het teen die leraars van die waarheid, het hulle gehoorgegee aan die volgende woorde .'an Christus: "Wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe." Matt. 10: 23. Die lig het orals deurgedring. Die vlugtelinge het altyd 'n ope deur gevind om hulle te herberg, en solank hulle daar gebly het, het hulle die woord van Christus verkondig, soms in die kerk, of as daardie voorreg aan hulle geweier is, in privaat huise of in die ope lug. Enige plek waar hulle 'n gehoor kon kry, was 'n heilige tempel. Die waarheid, verkondig met sulke ywer en vertroue, het met onweerstaanbare krag versprei.

Tevergeefs is die gesag van geestelike en burgerlike owerhede ingeroep om die dwaalleer te vernietig. Tevergeefs het hulle gebruik gemaak van die gevangenis, marteling, vuur, en swaard. Duisende gelowiges het hulle geloof met hulle bloed verseël, en nogtans het die werk voortgegaan. Vervolging het alleen gedien om die waarheid te verbrei; en die fanatisme wat Satan probeer het om daarmee te vermeng, het die gevolg gehad dat die teenstelling tussen die werk
[226] van Satan en die werk van God duideliker gesien is.

[227]

# Hoofstuk 11—Die Protes van die Prinse

EEN van die edelste getuienisse van die Hervorming was die Protes van die Christelike prinse van Duitsland op die Ryksdag van Spiers in 1529. Die moed, geloof, en standvastigheid van hierdie Godsmanne het vir die toekomstige eeue vryheid van gedagte en gewete verkry. Hulle protes het aan die hervormde kerk die naam Protestant gegee; die beginsels daarvan was "die essensie van Protestantisme."—D'Aubigne, boek XIII, hoojstuk 6.

Daar het 'n donker dag aangebreek vir die Hervorming. Ondanks die edik van Worms, wat Luther voëlvry verklaar en die verkondiging van sy leer verbied het, was daar nog verdraagsaamheid op godsdienstige gebied in die ryk. Deur die voorsienigheid van God is die magte wat die waarheid weerstaan het, in bedwang gehou. Karel V, was vasbeslote om die Hervorming te onderdruk, maar dikwels wanneer hy sy hand opgehef het om te slaan, is hy gedwing om die slag terug te hou. Keer op keer het dit geblyk dat die onmiddellike vernietiging van almal wat gedurf het om Rome teen te staan on-
vermydelik was; maar elke keer het die leërs van die Turke op die [228]
kritieke oomblik aan die oostelike grens verskyn, of die koning van Frankryk, en soms het selfs ook die Pous, jaloers op die uitbreidende mag van die keiser, teen hom oorlog gevoer; en dus, te midde van die stryd en oproer van die volke, kon die Hervorming uitbrei en sterker word.

Eindelik, egter, het die Katolieke vorste hulle geskille besleg, sodat hulle gemene saak kon maak teen die Hervormers. Op die Ryksdag van Spiers in 1526, is daar aan elke staat volkome vryheid gegee in godsdienstige sake totdat daar 'n algemene raadsvergadering sou wees; maar die gevare wat aanleiding gegee het tot die verkryging van hierdie konsessie was nog skaars verby of die keiser het 'n tweede Ryksdag saamgeroep wat te Spiers in 1529 gehou sou word met die doel om kettery te onderdruk. Die plan was om die prinse, op vreedsame wyse indien moontlik, oor te haal om hulle

teen die Hervorming te stel; maar ingeval hierdie poging sou misluk, was Karel bereid om na die swaard te gryp.

Die pousgesindes het gejuig. Hulle het in groot getalle na Spiers gekom, en openlik hulle vyandigheid betoon teenoor die Hervormers en almal wat hulle ondersteun het. Melanchthon het gesê, "Ons is die uitvaagsel en vuilis van die wêreld; maar Christus sal op Sy arme volk neersien en hulle bewaar."— *D'Aubigne, boek XIII, hoojstuk 5.*Die evangeliese prinse aanwesig op die Ryksdag is belet om selfs die evangelie in hulle huise te laat verkondig. Maar die mense van Spiers het gedors na die woord van God, en nieteenstaande die verbod nie, het duisende toegestroom na die dienste wat gehou is in die kapel van die keurvors van Sakse.

Dit het die krisis verhaas. 'n Keiserlike aankondiging het aan die Ryksdag bekend gemaak dat aangesien die besluit wat vryheid van gewete gegee het, groot wanordelikheid laat ontstaan het, die keiser besluit het om dit te herroep. Hierdie willekeurige daad het verontwaardiging en vrees by die evangeliese Christene laat ontstaan. Een het gesê, "Christus het weer in die hande geval van Kajafas en Pilatus." Die Roomsgesindes het woedender geword. Een Roomse dweper het verklaar: "Die Turke is beter as die Lutherane; want die Turke hou vasdae, maar die Lutherane vertrap hulle. As ons moet
[229] kies tussen die Heilige Skrifte van God en die ou dwalings van die kerk, sou ons eersgenoemde verwerp." Melanchthon het gesê, "elke dag, in die voile vergadering, gooi Faber ons evangeliegesindes met 'n nuwe klip."— *D'Aubigne, boek XIII, hoojstuk 5.*

Verdraagsaamheid op godsdienstige gebied was deur die wet bepaal, en die evangeliese state was vasbeslote om enige inbreuk op hulle regte te weerstaan. Luther, wat nog onder die ban van die edik van Worms was, is nie op Spiers toegelaat nie; maar sy plek is gevul deur sy medewerkers en die prinse wat God opgewek het om Sy saak in hierdie tyd van nood te verdedig. Die edele Frederick van Sakse, Luther se vorige beskermer, het afgesterf; maar Hertog Johannes, sy broer en opvolger, het die Hervorming verwelkom; en hoewel hy vredeliewend was, het hy groot energie en moed aan die dag gelê in belang van die geloof.

Die priesters het geëis dat die state wat die Hervorming aangeneem het hulle onvoorwaardelik moes onderwerp aan die Roomse jurisdiksie. Die Hervormers, daarenteen, het aanspraak gemaak op

die vryheid wat voorheen gegee is. Hulle kon nie toestern dat Rome weer die state onder sy beheersing sou bring wat die woord van God met sulke groot vreugde ontvang het nie.

Die volgende kompromis is eindelik voorgestel, naamlik dat die edik van Worms streng toegepas moes word op plekke waar die Hervorming nog nie gevestig was nie; en dat "op daardie plekke waar die volk daarvan afgewyk het, en waar hulle nie tot gehoorsaamheid gebring kan word sonder opstand nie, hulle geen nuwe Hervorming sou begin, geen strydpunte moes aanroer, dat hulle die viering van die mis nie moes teenstaan nie, en dat hulle geen Rooms-Katoliek sou toelaat om die leer van Luther aan te neem nie."— *D'Aubigne, boek XIII, hoojstuk 5.*Hierdie voorstel is deur die Ryksdag aangeneem tot groot blydskap van die pouslike priesters en prelate.

As hierdie edik deurgevoer word "kon die Hervorming nie uitgebrei word . . . waar dit nog onbekend was nie, en ook kon dit nie op 'n vaste fondament bevestig word . . . waar dit alreeds bestaan het me."— *Ibid.*Vryheid van die woord sou verbied word. Geen bekerings sou toegelaat word nie. Daar is van die vriende van die Hervorming geëis om hulle dadelik te onderwerp aan hierdie beperkings en verbodsbepalings. Dit het geskyn of die hoop van die [230]
wêreld uitgedoof sou word. "Die herbevestiging van die Roomse hiërargie . . . sou gewis weer die ou misbruike terugbring;" en daar sou baie maklik weer geleentheid gevind word vir "die voltooiing van die werk van verwoesting wat reeds so heftig geskud is" deur fanatisme en verdeeldheid. *D'Aubigne, boek XIII, hoojstuk 5.*

Toe die evangeliese party saamgekom het vir beraadslaging, het hulle ontsteld na mekaar gekyk. "Wat staan ons te doen?" het hulle gevra. Daar was sake van wêreldbelang op die spel. Moet die hoofde van die Hervorming hulle onderwerp en die edik aanvaar? Hoe maklik kon die Hervormers in hierdie krisis, wat voorwaar baie groot was, deur redenering 'n verkeerde weg inslaan! Hoeveel aanneemlike ekskuse en goeie redes kon daar miskien aangevoer word ten gunste van onderwerping! Die vrye beoefening van hulle godsdiens is aan die Lutheraanse prinse toegestaan. Dieselfde voorreg is ook toegestaan aan daardie onderdane van hulle wat, voor die aanname van die maatreël die hervormde geloof aangeneem het. Behoort dit hulle nie tevrede te stel nie? Hoeveel gevare sou hulle deur onderwerping kon vermy! En watter ongekende gevare en stryd sou

weerstand hulle op die hals haal! Wie weet watter geleenthede die toekoms mag bring? Laat ons die vrede aanneem; laat ons die olyftak neem wat Rome ons aanbied, en die wonde van Duitsland heel. Met sulke argumente kon die Hervormers miskien 'n weg geregverdig het wat eerlank hulle saak miskien sou vernietig het.

"Gelukkig het hulle besef dat dit 'n saak van beginsel was, en hulle het in geloof gehandel. Wat was die beginsel? Dit was die reg van Rome om die gewete te dwing en vrye ondersoek te verbied. Maar sou hulle en hulle Protestantse onderdane dan nie godsdiensvryheid geniet nie? Ja hulle sou, maar as 'n spesiale guns en nie as 'n reg nie. Buitekant daardie ooreenkoms, was die groot beginsel van gesag om te regeer; daar was nie rekening gehou met die gewete nie; Rome was die onfeilbare regter, en hy moes gehoorsaam word. Die aanname van so 'n reeling sou feitlik 'n erkening gewees het dat godsdiensvryheid beperk sou word tot die Hervormers van Sakse; en vir die res van die Christendom sou vrye ondersoek en die belydenis van die hervormde geloof 'n misdaad wees, strafbaar met
[231] gevangenis en die brandstapel. Kon hulle instem tot die beperking van vryheid wat sou beteken het dat die Hervorming sy laaste bekeerling gemaak het? en dat waar Rome ookal op daardie oomblik die heerskappy gevoer het, sy heerskappy daar bestendig sou word? Kon die Hervormers aangevoer het dat hulle nie skuldig was aan die bloed van die honderde en duisende wat as gevolg van hierdie reëling hulle lewens sou opoffer in pouslike lande nie? Dit sou in hierdie gewigtige uur die verraaiing beteken het van die saak van die evangelie en die vryheid van die Christendom."—Wylie, boek IX, hoojstuk 15. Liewer sou hulle "alles opoffer, hulle state, hulle krone, en hulle lewens."— *D'A ubigne, boek XIII, hoojstuk 5.*

"Laat ons hierdie dekreet verwerp," het die prinse gesê. "Wat die gewete betref, het die meerderheid geen mag om dit te beperk nie." Die afgevaardigdes het verklaar: "Die vrede wat die ryk geniet, het ons te danke aan die dekreet van 1526: die afskaffing daarvan sou Duitsland met moeilikhede en verdeeldheid vervul. Die Ryksdag is nie bevoeg om meer te doen as alleen godsdiensvryheid te bewaar tot tyd en wyl die konsilie vergader nie."—D'Aubigne, boek XIII, hoojstuk 5. Om die vryheid van gewete te beskerm is die plig van die staat, en dit is die perke van sy gesag in godsdienssake. Elke aardse regering wat probeer om godsdienstige gebruike te reel of

toe te pas deur middel van burgerlike gesag, sou juis die beginsel opoffer waarvoor evangeliese Christene so dapper gestry het.

Die pousgesindes het besluit om wat hulle as "moedswillige hardnekkigheid" beskou het, te onderdruk. Hulle het begin met 'n poging om verdeeldheid te saai onder die voorstanders van die Hervorming, en om almal bang te maak wat nie openlik ten gunste daarvan was nie. Die verteenwoordigers van die vrystede is eindelik voor die Ryksdag gedaag, om te verklaar of hulle die bepalings van die voorstel sou aanneem. Hulle het om uitstel gevra, maar tevergeefs. Toe dit op 'n beslissing gekom het, het byna helfte van hulle met die Hervormers saamgestaan. Diegene wat op hierdie manier geweier het om gewetensvryheid en die reg van persoonlike oordeel op te offer, het goed geweet dat hulle in die toekoms gekritiseer, veroordeel en vervolg sou word. Een van die afgevaardigdes het verklaar, "ons moet of die woord van God ontken óf verbrand [232]
word."— *D'Aubigne, boek XIII, hoojstuk 5.*

Koning Ferdinand, die keiser se verteenwoordiger op die Ryksdag, het besef dat die dekreet ernstige verdeeldheid sou bring tensy die prinse oorgehaal kon word om dit aan te neem en te handhaaf. Hy het derhalwe probeer om hulle om te praat, want hy het goed geweet dat die gebruik van geweld sulke manne net standvastiger sou maak. "Hy het die prinse gesmeek om die dekreet te aanvaar, en hulle verseker dat die keiser hoogs in sy skik met hulle sou wees." Maar hierdie getroue manne het 'n gesag erken bokant die van aardse heersers, en hulle het kalm geantwoord, "ons sal die keiser gehoorsaam in alles wat die vrede en die eer van God sal handhaaf."— *D'Aubigne, boek XIII, hoojstuk 5.*

Eindelik het die koning in die Ryksdag aan die keurvors en sy vriende meegedeel dat hulle op die punt was om die edik "op te trek in die vorm van 'n keiserlike dekreet, en dat hulle enigste uitweg sou wees om hulle aan die meerderheid te onderwerp." Nadat hy dit gesê het, het hy die vergadering verlaat sonder om die Hervormers kans te gee vir beraadslaging of repliek. "Tevergeefs het hulle 'n afvaardiging gestuur om die koning te smeek om terug te kom." Op hulle besware was sy enigste antwoord, "die saak is afgehandel; onderwerping is al wat oorbly."— D'Aubigne, boek XIII, hoojstuk 5.

Die keiserlike party was daarvan oortuig dat die Christenprinse sou vashou aan die Heilige Skrifte bokant menslike leerstellings en vereistes; en hulle het geweet dat die pousdom, orals waar hierdie beginsel aangeneem word, omvergewerp sou word. Maar, soos duisende na hulle, het hulle hulle oë gevestig net op die sigbare dinge, en hulleself daarmee gevlei dat die saak van die keiser en die Pous sterk was, en dié van die Hervormers swak. As die Hervormers alleenlik op menslike hulp gesteun het, sou hulle so magteloos gewees het as wat die pousgesindes gemeen het. Maar hoewel hulle klein in getal was, en van Rome verskil het, het hulle hulle krag gehad. "Van die verslag van die Ryksdag het hulle hulle op die woord van God beroep, en van die keiser, op Jesus Christus, Koning van konings, en
[233] Here van here."—*Idem, boek XIII, hoojstuk 6.*

Daar Ferdinand geweier het om hulle gewetensbesware in ag te neem, het die prinse besluit om hulle nie aan sy afwesigheid te steur nie, maar om hulle Protes dadelik voor die nasionale raad te bring. Daarom het hulle 'n plegtige verklaring opgetrek en aan die Ryksdag voorgelê:

"Ons protesteer hiermee voor God, ons enigste Skeppsr, Beskermer, Verlosser, en Heiland, die een wat eendag ons Regter sal wees, voor alle mense en alle skepsels, dat ons, vir ons en ons volk, die voorgestelde dekreet nie goedkeur of in enige mate aanneem nie, in alles wat teenstrydig is met God, Sy Heilige Woord, ons vrye gewete, en die redding van ons siele."

"Wat! sou ons hierdie dekreet bevestig! Moet ons toegee, dat wanneer die Almagtige 'n persoon tot sy kennis roep, daardie mens die kennis van God nie mag aanneem nie?" "Daar is geen betroubare leerstelling behalwe die wat ooreenkomstig die woord van God is nie . . . die Here verbied die verkondiging van enige ander leerstelling. . . . Die Heilige Skrifte behoort verklaar te word deur ander en duideliker tekste. . . . Hierdie heilige Boek is, in alle dinge wat vir die Christen nodig is, maklik om te verstaan, en bereken om die duisternis te verdryf. Ons is vasbeslote, om met die genade van God die reine en uitsluitlike prediking van Sy woord alleen, soos bevat in die Bybelse Boeke van die Ou en Nuwe Testamente te handhaaf, sonder enigiets wat in stryd daarmee is, by te voeg. Hierdie Woord is die enigste waarheid; dit is die betroubare maatstaf van alle leerstellings en van alle lewe. en dit kan ons nooit begewe of

bedrieg nie. Hy wat op hierdie fondament bou, sal teen al die magte van die hel staande bly, terwyl alle menslike ydelhede wat daarteen opgestel is, voor die aangesig van God sal val."

"Om hierdie rede verwerp ons die juk wat op ons geplaas is." "Terselfdertyd verwag ons dat sy keiserlike majesteit hom teenoor ons sal gedra soos 'n Christen-prins wat God bo alles liefhet; en ons verklaar onsself gereed om aan hom, sowel as aan u, genadige here, alle liefde en gehoorsaamheid te gee volgens ons regverdige en wettige plig."— *D'Aubigne, boek XIII, hoojstuk 6.*

Daar is 'n diep indruk op die Ryksdag gemaak. Die meerderheid was met verbasing en ontsteltenis vervul oor die stoutmoedigheid van die protesteerders. Die toekoms het vir hulle stormagtig en on- [234]
seker gelyk. Verdeeldheid, stryd, en bloedvergieting het vir hulle onvermydelik gelyk. Maar die Hervormers, verseker van die regverdigheid van hulle saak, en vertrouende op die Almagtige arm, was "vol moed en standvastigheid."

"Die beginsels vervat in hierdie beroemde Protes . . . bevat die essensie van Protestantisme. Hierdie Protes het twee menslike gebruike wat die geloof betref, weerstaan: die eerste was die indringing van die burgerlike magistraat, en die tweede was die arbitrêre gesag van die kerk. In die plek van hierdie misbruike, het Protestantisme die gewete bokant die magistraat gestel, en die gesag van Gods woord bokant die sigbare kerk. In die eerste plek verwerp dit burgerlike mag in goddelike sake, en verklaar dit saam met die profete en apostels, ,ons moet God meer gehoorsaam wees as die mense.' Voor die kroon van Karel V, het dit die kroon van Jesus Christus verhef. Maar dit gaan verder: dit lê die beginsel neer dat alle menslike leerstellings aan die woord van God ondergeskik moet wees."— *D'Aubigne, boek XIII, hoojstuk 6.*En ook het die protesteerders hulle reg beklemtoon om hulle oortuigings van die waarheid vryelik uit te spreek. Hulle sou nie slegs glo en gehoorsaam nie, maar ook leer wat die woord van God voorstel; en hulle het die reg van priester of magistraat om tussenbei te tree, ontken. Die Protes van Spiers was 'n plegtige getuienis teen godsdienstige onverdraagsaamheid en 'n verklaring van die reg van alle mense om God te dien volgens die inspraak van hulle eie gewete.

Die verklaring was gemaak. Dit is in die geheue van duisende geskryf, en dit is opgeteken in die boek van die hemel, waar geen

mens dit kan uitwis nie. Die hele evangeliese Duitsland het die Protes aangeneem as ‘n uitdrukking van hulle geloof. Orals het mense in hierdie verklaring die belofte van ‘n nuwe en beter tydperk gesien. Een van die prinse het aan die Protestante op Spiers gesê, “Mag die Almagtige, wat julle genade gegee het om op so ‘n kragtige, vrye, en onbevreesde wyse te getuig, julle in daardie Christelike standvastigheid bewaar tot in ewigheid.”-— *D’Aubigne, boek XIII, hoojstuk 6.*

As die Hervorming, nadat dit ‘n mate van sukses behaal het, ingestem het om toe te gee ten einde die guns van die wêreld te
[235] verkry, sou dit ontrou aan God en homself gewees het, en dit sou dus sy eie vernietiging verseker het. Die ervaring van hierdie edele Hervormers bevat ‘n les vir die toekoms. Satan se manier van optrede teen God en Sy woord het nie verander nie; hy is nog net so gekant teen die Skrifte as lewensreël, as hy in die sestiende eeu was. In ons dae is daar ‘n groot afwyking: van die Skrifte, en daar is behoefte aan ‘n terugkeer tot die Protestantse beginsel — die Bybel en die Bybel alleen as die maatstaf van geloof en plig. Satan werk steeds deur middel van alles wat hy kan beheers om godsdiensvryheid te vernietig. Hierdie anti-Christelike mag wat deur die Protesteerders van Spiers verwerp is, trag nou met hernude krag om sy verlore oppermagtigheid te herstel. Dieselfde onwrikbare handhawing van die woord van God soos in die tyd van die Hervorming geopenbaar, is die enigste hoop op hervorming vandag.

Daar was tekens van gevaar vir die Protestante; maar ook was daar tekens dat die goddelike hand uitgestrek was om die getroues te beskerm. Dit was in hierdie tyd dat “Melanchthon sy vriend Simon Grynaeus haastig deur die strate van Spiers begelei het na die Ryn en hom oor die rivier gestoot het. Laasgenoemde was verstom oor die haastigheid. ,‘n Ou man van ernstige en plegtige voorkoms, maar wat ek nie ken nie,’ het Melanchthon gesê, ,het voor my verskyn en gesê, binne ‘n minuut sal geregsdienaars deur Ferdinand gestuur word om Grynaeus te arresteer.’ ”

Daardie dag was Grynaeus in ‘n preek deur Faber, vooraanstaande pouslike doktor, aangeval; aan die einde daarvan het hy hom skrobbeer omdat hy “sekere veragtelike dwalings verdedig het.” Faber het sy toorn verberg, maar onmiddellik daarna na die koning gegaan van wie hy ‘n bevel gekry het teen hierdie lastige professor

van Heidelberg. Melanchthon het nie daaraan getwyfel dat God sy vriend gered het deur een van Sy heilige engele te stuur om hom te waarsku nie.

"Onbeweeglik het hy aan die oewer van die Ryn gestaan en wag totdat die stroom Grynaeus van sy vervolgers gered het. ‚Eindelik,' het Melanchthon uitgeroep, toe hy hom aan die oorkant sien, ‚eindelik is hy weggeskeur uit die wrede kake van diegene wat dors na sy onskuldige bloed.' Toe Melanchthon by sy huis terugkom, is aan hom bekendgemaak dat geregsdienaars sy hele huis deursoek het na [236]
Grynaeus."— *D'Aubigne, boek XIII, hoo.jstuk 6.*

Die Hervorming sou nog meer onder die aandag gebring word van die magtiges van die aarde. Koning Fredinand het geweier om verder te luister na die evangeliese prinse; maar hulle sou geleentheid kry om hulle saak voor te stel in teenwoordigheid van die keiser en die waardigheidsbekleërs van kerk en staat. Om die verdeeldheid te onderdruk wat die ryk in beroering gebring het, het Karel V, in die jaar na die Protes van Spiers, die Ryksdag van Augsburg saamgeroep waar hy in eie persoon die voorsitterstoel sou inneem. Die Protestantse leiers is daarheen gedaag.

Groot gevare het die Hervorming bedreig; maar sy voorstanders het nog hulle saak aan God toevertrou, en hulle verbind om onwrikbaar te staan vir die evangelie. Die keurvors van Sakse is deur sy raadslede versoek om nie op die Ryksdag te verskyn nie. Die keiser, het hulle gesê, verlang die teenwoordigheid van die prinse daar om hulle in 'n strik te lei. "Is dit nie om alles te waag om mens te gaan [237]
opsluit binne die mure van 'n stad saam met 'n magtige vyand nie?" Maar ander het verklaar, "Laat die prinse hulle slegs moedig gedra, en die saak van God sal gered wees." "God is getrou; Hy sal ons nie verlaat nie," het Luther verklaar.— *D'Aubigne, boek XIV, hoofstuk 2.*Die keurvors het met sy gevolg na Augsburg vertrek. Almal was bekend met die gevare wat hom bedreig het, en vele het daarheen gegaan met 'n sombere gelaat en 'n benoude hart. Maar Luther, wat hulle vergesel het sover as Coburg, het hulle sinkende geloof versterk deur die lied te sing wat hy op daardie reis geskryf het, "'n Vaste Burg is Onse God." Menige benoude voorgevoel is verban en menige beswaarde hart verlig onder die geklank van die besielende woorde.

Die Hervormde prinse het besluit om hulle menings in skriftelike vorm op te stel, met bewyse uit die Skrifte, om aan die Ryksdag voor te lê; en hierdie werk is aan Luther, Melanchthon en hulle medewerkers opgedra. Hierdie belydenis is deur die Protestante aangeneem as ‘n uiteensetting van hulle geloof, en hulle het saamgekom om hierdie belangrike dokument te onderteken. Dit was vir hulle ‘n ernstige en sware tyd. Die Hervormers was daarop gesteld dat hulle saak nie verwar sou word met politieke vraagstukke nie; hulle het gevoel dat die Hervorming geen ander invloed behoort uit te oefen as alleen die wat uit die woord van God vloei nie. Toe die Christen-prinse vorentoe gekom het om die belydenis te onderteken, het Melanchthon tussenbei gekom en gesê, “dit is vir die teoloë en predikante om hierdie dinge voor te stel; laat ons die gesag van die magtiges van die aarde bewaar vir ander sake.” “God verhoed,” het Johannes van Sakse gesê: “dat julle my sal uitsluit. Ek is vasbeslote om te doen wat reg is, sonder om my oor my kroon te bekommer. Ek wil die Here bely. My keurvorstelike hoed en kleed is nie vir my so dierbaar as die kruis van Jesus Christus nie.” Nadat hy dit gesê het, het hy sy naam geteken. Een van die ander prinse het gesê, terwyl hy die pen opgeneem het, “as die eer van my Here Jesus dit verg, is ek gereed . . . om my goed en lewe agter te laat.” “Ek sou liewer my onderdane en my state prysgee, liewer die land van my vaders met staf in die hand verlaat, as om enige leerstelling aan te neem wat nie
[238] in hierdie belydenis vervat is nie.”— *D’Aubigne, boek XIV, hoojstuk 6.*So groot was die geloof en onverskrokkenheid van hierdie manne van God.

Eindelik het die tyd aangebreek om voor die keiser te verskyn. Karel V., sittende op sy troon, en omring deur die keurvorste en prinse, het ‘n onderhoud aan die Protestantse Hervormers toegestaan. Die belydenis van hulle geloof is gelees. Op daardie hoë vergadering is die waarhede van die evangelie duidelik uiteengesit, en die dwaalleer van die pouslike kerk geopenbaar. Te reg word daardie dag genoem “die grootste dag van die Hervorming, en een van die heerlikste dae in die geskiedenis van die Christendom en die mensheid.”— *Idem, boek XIV, hoojstuk 7.*

Daar het maar slegs ‘n paar jaar verloop sedert die tyd toe die monnik van Wittenberg alleen te Worms voor die nasionale ver-
[239] gadering gestaan het. Nou het die edelste en die magtigste prinse

van die ryk in sy plek gestaan. Luther is belet om op Augsburg te verskyn, maar hy was teenwoordig deur sy woorde en gebede. “Ek is verheug,” het hy geskryf, “dat ek gespaar is tot hierdie uur, waarin Christus in die openbaar verhoog is deur sulke hoogelede belyers, en op so ‘n skitterende vergadering.” — *Idem, boek XIV, hoojstuk 7.*So is die Skrif vervul wat lui, “ook wil ek voor konings van U getuienisse spreek.” Ps. 119: 46.

In die dae van Paulus is die evangelie waarvoor hy in die gevangenis gewerp is, op hierdie manier voor die prinse en edelliede van die keiserlike stad gebring. So ook in hierdie geval, is die evangelie wat die keiser verbied het om van die kansel verkondig te word, in die paleis verkondig; wat as ongeskik beskou was selfs vir die knegte, was nou met bewondering gehoor deur die meesters en hooghede van die ryk. Konings en grootmanne het die gehoor uitgemaak, gekroonde prinse was die predikers, en die preek was oor die koninklike waarheid van God. “Sedert die tyd van die apostels,” het ‘n skrywer gesê, “was daar nie ‘n groter werk of ‘n beter belydenis nie.”— *D’Aubigne, boek XIV, hoojstuk 7.*

“Alles wat die Lutherane gesê het is waar; ons kan dit r.ie ontken nie,” het ‘n pouslike biskop gesê. Iemand het aan Doktor Eck gevra, “kan u die gesonde redes in die Belydenis wat deur die keurvors en sy bondgenote gemaak is, weerlê?” Die antwoord was, “Met die geskrifte van die apostels en profete — nee! Maar ons kan dit wel doen met die geskrifte van die Vaders en van die konsilies!” “Volgens jou verstaan ek,” het die vraer daarop gesê, “dat die Lutherane op die Skrifte staan, maar ons nie.”— *Idem, boek XIV, hoojstuk 8.*

Sommige van die prinse van Duitsland is tot die hervormde geloof gewin. Selfs die keiser het verklaar dat die Protestantse artikels maar net die waarheid was. Die Belydenis is in baie tale vertaal, en oor Europa versprei, en in die daaropvolgende geslagte is dit deur miljoene aanvaar as ‘n belydenis van hulle geloof.

Gods getroue diensknegte het nie alleen gewerk nie. Terwyl “owerhede en magte en bose geeste” saamgestaan het teen hulle, het die Here nie Sy volk verlaat nie. As hulle oë maar geopen kon gewees het, sou hulle net sulke duidelike bewyse van die goddelike teenwoordigheid en hulp gesien het as wat daar gegee is aan ‘n [240]
profeet vanouds. Toe Elisa se kneg sy meester gewys het op die vyandige leër wat hulle omsingel het, sodat daar geen kans was om

te ontsnap nie, het die profeet gebid, "Here open tog sy oë dat hy kan sien." 2 Kon. 6:17. En meteens was die berg vol perde en waens van vuur, die leër van die hemel, om die Godsman te beskerm. Net so ook het engele die werkers van die Hervorming beskerm.

Een van die beginsels wat Luther baie streng gehandhaaf het, was dat daar nie toevlug geneem moes word na wêreldlike mag om die Hervorming aan te help nie, en dat daar nie na die wapen gegryp moes word ter verdediging daarvan nie. Hy was baie bly dat die evangelie bely is deur die prinse van die ryk; maar toe hulle voorgestel het om 'n verdedigingsbondgenootskap aan te gaan, het hy verklaar dat "die evangelie alleen deur God moes verdedig word. . . . Hoe minder die mens hom met die werk bemoei, hoe meer sou God daarvoor werk. Al die politieke voorsorgsmaatreëls wat voorgestel is, was sy insiens, die gevolg van onnodige vrees en sondige gebrek aan vertroue."— *D'Aubigne, boek X, hoojstuk 14. (Londense ed.)*

Toe magtige vyande saamgespan het om die hervormde geloof omver te werp en dit geskyn het of duisende swaarde daarteen gebruik sou word, het Luther geskryf: "Satan se woede het begin; goddelose opperpriesters het saamgesweer; en ons word deur oorlog bedreig. Vermaan die volk om heldhaftig voor die troon van God te stry, deur geloof en gebed, sodat ons vyande, verslaan deur die Gees van God, tot die vrede gedwing kan word. Ons grootste behoefte, ons grootste werk, is gebed; laat die volk verstaan dat hulle nou blootgestel is aan die swaard en aan die woede van Satan, en laat hulle bid."—*D'Aubigne, boek X, hoojstuk 14.*

Later weer, verwysende na die verbond wat die hervormde prinse voornemens was om aan te gaan, het Luther verklaar dat die enigste wapen in hierdie oorlog "die swaard van die Gees" behoort te wees. Aan die keurvors van Sakse het hy geskryf: "Ons kan nie met 'n rein gewete die voorgestelde bondgenootskap goedkeur nie. Ons sal liewer tienmaal sterf as om toe te laat dat ons evangelie een druppel bloed sou vergiet. Ons deel behoort te wees soos lammers wat na
[241] die slagplek gelei word. Die kruis van Christus moet gedra word. Laat u hoogheid sonder vrees wees. Deur ons gebede sal ons meer doen as al ons vyande met hulle grootpratery. Sorg net dat u hande nie met bloed bevlek word nie. As die keiser verkies dat ons voor sy geregshowe moet verskyn, dan is ons gereed. U kan nie ons geloof

verdedig nie: Elkeen behoort op sy eie risiko te geloof." *—Idem, boek XIV, hoojstuk 1.*

Uit die binnekamer het die krag gekom wat die wêreld geskud het in die Groot Hervorming. Daar, met heilige kalmte, het die diensknegte van die Here op die rots van Sy beloftes gestaan. Gedurende die stryd te Augsburg, "het daar nie 'n dag verbygegaan sonder dat Luther drie uur in gebed deurgebring het nie, en dit was ure wat hy baie nodig gehad het vir studie." Daar, in sy binnekamer, het hy sy siel voor God uitgestort in woorde "vol aanbidding, vrees, en hoop, soos iemand wat met 'n vriend praat." "Ek weet dat U ons Vader en ons God is," het hy gesê, "en dat U die vervolgers van U kinders sal verjaag; want U Self is in gevaar saam met ons. Hierdie hele saak is U saak, en dit is alleen omdat ons deur U gedwing is dat ons dit aangepak het. Beskerm ons dan, o Vader!"— *D'Aubigne, boek XIV, hoojstuk 6.*

Aan Melanchthon, wat neerslagtig was onder die las van angs en vrees, het hy geskryf: "Genade en vrede in Christus — in Christus sê ek, en nie in die wêreld nie, Amen. Ek haat uitermate daardie oorweldigende sorge wat jou verteer. As die saak onregverdig is, gee dit op; as die saak regverdig is, waarom moet ons dan die beloftes ontken van Hom wat ons beveel om te gaan slaap sonder vrees? ... In die werk van geregtigheid en waarheid sal Christus ons nie begewe nie. Hy leef, Hy regeer; waarom moet ons dan vrees!"— *D'Aubigne, boek XIV, hoojstuk 6.*

God het die geroep van Sy diensknegte verhoor. Aan die prinse en predikante het Hy genade en moed gegee om die waarheid te handhaaf teen die heersers van die duisternis van hierdie wêreld. Die Here het gesê, "Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie." 1 Petrus 2: 6. Die Protestantse Hervormers het op Christus gebou, en die poorte van die hel sou hulle nie oorweldig nie. [242]

[243]

## Hoofstuk 12—Die Franse Hervorming

DIE Protes van Spiers en die Belydenis van Augsburg, wat die oorwinning van die Hervorming in Duitsland gekenmerk het, is gevolg deur jare van stryd en duisternis. Verswak deur verdeeldheid onder sy ondersteuners en aangeval deur magtige vyande, het dit geskyn of Protestantisme heeltemal vernietig sou word. Duisende het hulle belydenis verseël met hulle bloed. Burgeroorlog het uitgebreek; die Protestantse saak is verraai deur een van sy vooraanstaande aanhangers; die edelste onder die hervormde prinse het in die hande van die keiser geval, en hulle is as gevangenes van dorp tot dorp gesleep. Maar op die oomblik van sy skynbare oorwinning, het die keiser die neerlaag gelei. Hy het gesien hoedat sy slagoffers bevry word, en eindelik is hy geforseer om verdraagsaamheid te beveel teenoor die leerstellings wat hy so graag wou vernietig. Sy koninkryk, sy skatte, en selfs sy lewe het hy in die skaal gewerp om die ketterse leer uit te roei. Nou het hy gesien hoedat sy leers uitgeroei, sy skatkis leeggemaak, en sy baie koninkryke met opstand bedreig word, terwyl die geloof wat hy so tevergeefs probeer het om te onderdruk orals uitgebrei het. Karel V, was besig om te veg teen die Almagtige. God het gesê, "Laat daar lig wees," maar die keiser
[244] wou die duisternis laat voortduur. Hy het nie daarin geslaag nie; en, oud voor sy tyd, en uitgeput deur die lang stryd, het hy afstand gedoen van sy troon en homself in 'n klooster teruggetrek.

In Switserland, sowel as in Duitsland, het daar donker dae vir die Hervorming aangebreek. Terwyl baie van die provinsies die Hervormde geloof aangeneem het, het ander met blinde volharding vasgeklem aan die geloof van Rome. Hulle vervolging van diegene wat die waarheid voorgestaan het, het eindelik aanleiding gegee tot burgeroorlog. Zwingli, en baie wat met hom saamgestaan het in sy Hervorming, het op die bloedige slagveld van Kappel geval. Œcolampadius, oorweldig deur die vreeslike rampe, is kort daarna dood. Rome het gejuig, en op baie plekke het dit geskyn of hy alles sou terugwin wat hy verloor het. Maar Hy wie se raadsbesluite ewig

is, het nie Sy saak of Sy volk verlaat nie. Sy hand sou hulle verlos. Hy het in ander lande werkers opgerig om die Hervorming voort te sit.

In Frankryk, nog voor die naam van Luther as Hervormer gehoor is, het die dag alreeds begin breek. Een van die eerstes wat die lig gesien het, was die bejaarde Lefevre, 'n geleerde man, 'n hoogleraar aan die Universiteit van Parys, en 'n opregte en ywerige Katoliek. In sy navorsings in die ou geskrifte is sy aandag op die Bybel gevestig, en hy het die studie daarvan ingevoer onder sy studente.

Lefevre was 'n geesdriftige aanbidder van die heiliges, en hy het onderneem om 'n geskiedenis te skryf van die heiliges en die martelare, soos opgeneem is in die legendes van die kerk. Dit was 'n veeleisende taak; hy het alreeds ver daarmee gevorder, toe hy, menende dat hy goeie hulp uit die Bybel sou verkry, begin het om daardie boek te ondersoek met hierdie doel voor oë. Hier het hy inderwaarheid heiliges aangetref, maar nie soos die wat in die Roomse Kalender voorgekom het nie. 'n Vloed van goddelike lig het op hom geskyn. Met verbasing en veragting het hy sy selfopgelegde taak versaak, en hom gewy aan die woord van God. Die kosbare waarhede wat hy daar ontdek het, het hy eerlank begin verkondig.

In die jaar 1512, nog voor Luther of Zwingli met die Hervorming begin het, het Lefevre geskryf: "Dit is God wat aan ons, deur geloof, daardie geregtigheid gee wat ons alleen regverdig kan maak [245]
tot die ewige lewe."— *Wylie, boek XIII, hoojstuk 1.* Peinsende oor die verborgenhede van die verlossing, het hy uitgeroep, "o, die onuitspreeklike grootheid van daardie ruiling -— die sondelose Een is veroordeel, en hy wat skuldig is, gaan vry; die Geseënde dra die vloek, en die vervloekte kry die seen; die Lewe sterf en die dode lewe; die Heerlikheid is deur die duisternis oorweldig, en diegene wat niks as beskaamdheid ken nie, word met heerlikheid beklee."— *D'Aubigne, boek XII, hoojstuk 2.* Londense ed.

Terwyl hy geleer het dat die heerlikheid van die verlossing alleen aan God behoort, het hy ook geleer dat die plig van gehoorsaamheid aan die mens behoort. "As u 'n lid van Christus se kerk is," het hy gesê, "is u lid van Sy liggaam; as u van Sy liggaam is, dan is u vol van die goddelike natuur. ... O, as mense hierdie voorreg maar kon verstaan, hoe rein, kuis, en heilig sou hulle lewe, en hoe veragtelik sou hulle al die heerlikheid van hierdie wêreld beskou, vergeleke met

die heerlikheid binne-in hulle — die heerlikheid wat die vleeslike oog nie kan sien nie."—Idem.

Onder die studente van Lefevre was daar sommige wat gretig na sy woorde geluister het, en wat, lank na die leraar se stem stil was, sou voortgaan om die waarheid te verkondig. Een van hulle was Willem Farel. Die seun van vrome ouers, en geleer om die leerstellings van die kerk met onvoorwaardelike geloof aan te neem, kon hy, saam met die apostel Paulus van homself sê dat hy, "volgens die strengste party van ons godsdiens as Fariseër geleef het." Hand. 26: 5. 'n Toegewyde Katoliek, het hy gebrand met 'n ywer om almal te vernietig wat dit sou durf om die kerk te weerstaan. "Ek het my tande gekners soos 'n wrede wolf," het hy later gesê, sprekende van hierdie tydperk van sy lewe, "as ek enigeen hoor praat teen die Pous."— *Wylie, boek XIII, hoojstuk 2.*Hy was onvermoeid in sy ywer om die heiliges te aanbid, en saam met Lefevre het hy die ronde gedoen van Parys se kerke, by hulle altare aanbid, en die beelde van die heiliges versier met gifte. Maar hierdie gebruike kon nie vrede aan sy siel bring nie. 'n Oortuiging van sonde het hom beetgepak, en al sy boetedoening was nie in staat om dit te verban nie. Soos na 'n stem uit die hemel het hy geluister na die Hervormer se woorde:
[246] "Die saligheid is uit genade." "Die Onskuldige is veroordeel, en die misdadiger vrygespreek." "Dit is die kruis van Christus alleen wat die poorte van die hemel oopmaak en die poorte van die hel sluit."— *Wylie, boek XIII, hoojstuk 2.*

Farel het die waarheid met blydskap aangeneem. Deur 'n bekering soos die van Paulus, is hy verlos uit die slawerny van tradisie, tot die vryheid van die seuns van God. "In stede van die moordlustige hart van 'n verskeurende wolf het hy teruggekom," sê hy, "tot die stilheid van 'n sagmoedige en onskadelike lam, met 'n hart heeltemal afgewend van die Pous, en oorgegee aan Jesus Christus."— *D'Aubigne, boek XII, hoojstuk 3.*

Terwyl Lefevre voortgegaan het om die waarheid te versprei onder sy studente, het Farel, nou net so ywerig vir die saak van Christus as hy was in die van die Pous, voortgegaan om die waarheid in die openbaar te verkondig. 'n Waardigheidsbekleër van die kerk, die biskop van Meaux, het kort daarna by hulle aangesluit. Ander leraars wat hoog gestaan het vir hulle bekwaamheid en geleerdheid, het aangesluit in die verkondiging van die evangelie, en onder alle

klasse is daar bekeerlinge gemaak — uil die huise van ambagsmanne en arbeiders en selfs in die paleis van die koning. Die suster van Frans I, die regerende vors, het die hervormde waarheid aangeneem. Die koning self, en die koninginmoeder, het die geloof vir 'n tyd met guns bejeën, en met groot hoop het die Hervormers uitgesien na die tyd wanneer Frankryk tot die evangelie gewin sou word.

Maar hulle hoop sou nie verwesenlik word nie. Beproewing en vervolging het die dissipels van Christus gewag. Dit, egter, was genadiglik vir hulle verberg. Daar het 'n tyd van vrede aangebreek waarin hulle kragte sou versterk word om die storm te trotseer; en die Hervorming het spoediger vooruitgang gemaak. Die biskop van Meaux het ywerig in sy eie bisdom gewerk om geestelikes sowel as leke te onderrig. Onkundige en onsedelike priesters is verwyder, en, sover moontlik, vervang deur vrome en geleerde manne. Die biskop was baie begerig dat sy mense vir hulleself toegang sou hê tot die woord van God, en dit is eerlank bewerkstellig. Lefevre het onderneem om die Nuwe Testament te vertaal. En op dieselfde tyd toe Luther se Duitse Bybel verskyn het in Wittenberg, is die Franse Nuwe Testament op Meaux uitgegee. Die biskop het geen arbeid [247]
of koste gespaar om die Bybel onder sy gemeente te versprei nie, en die boerebevolking van Meaux was gou in besit van die Heilige Skrifte.

Soos reisigers wat op die punt staan om van dors om te kom 'n waterfontein verwelkom, so het hierdie siele die hemelse boodskap aangeneem. Die arbeiders op die lande, die ambagsmanne in die werkswinkels, het hulle daelikse arbeid ligter gemaak deur te gesels oor die heerlike waarhede van die Bybel. Saans, in stede om na die drinkplekke te gaan, het hulle in mekaar se huise vergader om Gods woord te lees, en saam te bid en lofsange te sing. In hierdie gemeenskappe het daar eerlank 'n groot verandering gekom. Hoewel hulle aan die eenvoudigste klas behoort het, 'n ongeleerde en hardwerkende boerestand, is die hervormende, opheffende krag van goddelike genade in hulle lewens gesien. Xederig, liefdevol, en heilig, het hulle getuig vir wat die evangelie kan uitrig vir diegene wat dit in opregtheid aanneem.

Die lig wat op Meaux aangesteek is, het sy strale ver uitgeskiet. Die getal bekeerlinge het daeliks vermeerder. Die woede van die hiërargie is vir 'n tyd in bedwang gehou deur die koning, wat die

enge dwepery van die monnike verag het; maar die pouslike leiers het eindelik die (.orhand gekry. Daar is brandstapels opgerig. Die biskop van Meaux, gedwing om te kies tussen die brandstapel en herroeping, het die makliker weg gekies; maar nieteenstaande die leier se val nie, het sy skape onwrikbaar gestaan. Baie het vir die waarheid getuig in die vlamme. Deur hulle moed en getrouheid op die brandstapel, het hierdie nederige Christene tot duisende gespreek wat in die dae van vrede nooit hulle getuienis gehoor het nie.

Dit was nie alleen die nederiges en armes wat te midde van die lyding en veragting vir Christus getuig het nie. In die pragtige sale van kasteel en paleis was daar koninklike siele wat die waarheid waardeer het bokant rykdom of stand of selfs die lewe. Koninklike wapenrusting het 'n edeler en getrouer hart bedek as die biskopskleed. Lodewyk de Berquin was van edele afkoms, 'n dapper en hoflike ridder, toegewy aan studie, beskaafd, en van onbesproke karakter. Van hom het 'n skrywer gesê, "hy was 'n. ywerige handhawer van die pouslike instellings, en 'n getroue bywoner van die mis en [248] die preekdienste; . . . en hy het al sy ander deugde gekroon met 'n besondere afsku van Lutheranisme." Maar soos soveel ander wat deur die Voorsienigheid tot die Bybel gelei is, was hy verbaas om daar te vind, "nie die leerstellings van Rome nie, maar die leerstellings van Luther." *Wylie, boek XIII, hoojstuk 9.* Voortaan het hy homself heeltemal gewy aan die saak van die evangelie.

"As een van die geleerdste edelliede van Frankryk," het sy genie en welsprekendheid, en onwrikbare moed en ywer, en sy invloed aan die hof — want hy was 'n gunsteling van die koning— baie beweeg om hom te beskou as die aangewese Hervormer van sy land. Van hom het Beza gesê, "as Frans I, vir hom 'n tweede keurvors kon gewees het, sou Berquin 'n tweede Luther gewees het." "Hy is erger as Luther," het die pousgesindes uitgeroep.*Ibid.* Inderwaarheid is hy meer as Luther deur die pousgesindes van Frankryk gevrees. Hulle het hom in die gevangenis gewerp as 'n ketter, maar die koning het hom weer vrygelaat. Vir jare het die stryd voortgeduur. Frans, wat gehink het tussen Rome en die Hervorming, het om die beurt die vurige ywer van die monnike geduld en teruggehou. Berquin is driemaal deur die pouslike owerhede in die gevangenis gewerp, om elke maal weer deur die koning vrygelaat te word, wat, uit bewondering

vir sy genie en edelheid van karakter, geweier het om hom op te offer aan die kwaadaardigheid van die hiërargie.

Berquin is herhaaldelik gewaarsku van die gevaar wat hom in Frankryk bedreig het, en daar is by hom aangedring om diegene te volg wat veiligheid gaan soek het in vrywillige ballingskap. Die bange en mensvresende Erasmus, wat met al die glans van sy geleerdheid die sedelike grootheid gemis het wat waarheid hoër ag as eer en die lewe, het aan Berquin geskryf: "Vra om as gesant na 'n vreemde land gestuur te word; gaan reis in Duitsland. Jy ken mos vir Beda en ander soos hy—hy is 'n duisendhoofdige monster wat gif in alle rigtings spuug. Jou vyande is legio. Al sou jy ook 'n beter saak gehad het as Jesus Christus, sou hulle nie rus totdat hulle jou op ellendige wyse om die lewe gebring het nie. Moenie te veel vertrou op die beskerming van die koning nie. Wat jy ookal doen, moet my nie in gevaar bring by die fakulteit van teologie nie."— *Wylie, boek XIII, hoojstuk 9.*

Namate die gevare vermeerder het, het Berquin se ywer groter, [249]
geword. Verre daarvandaan om die verstandige en selfsugtige raad van Erasmus aan te neem, het hy besluit op nog stoutmoediger maatreëls. Nie alleen sou hy die waarheid verdedig nie, maar hy sou dwaalleer aanval. Die beskuldiging van kettery wat die Roomsgesindes getrag het om teen hom te bewys, sou hy op hulle terugwerp. Sy bedrywigste en bitterste vyande was die geleerde doktore en monnike van die teologiese afdeling van die groot Universiteit van Parys, een van die hoogste gesagvoerende liggame in daardie stad sowel as onder die volk. Uit die geskrifte van hierdie doktore, het Berquin twaalf stellings ontleen wat hy in die openbaar verklaar het as "teenstrydig met die Bybel, en ketters;" en hy het 'n beroep op die koning gedoen om die saak te besleg.

Die koning, wat nie ongeneig was om die krag en skranderheid van die strydende partye teenoor mekaar gestel te sien nie, en ook bly oor die kans om die trots en hoogmoed van die monnike te verneder, het die Roomsgesindes beveel om hulle saak met die Bybel te verdedig. Hulle het goed geweet dat hierdie wapen hulle weinig sou baat; gevangenisstraf, marteling, en die brandstapel was wapens wat hulle baie beter kon hanteer. Nou was die bordjies verhang, en hulle het besef dat hulle op die punt gestaan het om in die put te val

waarin hulle gehoop het om Berquin te stoot. Met ontsteltenis het hulle na 'n uitweg begin soek.

, Juis in daardie tyd is 'n beeld van die Maagd op een van die straathoeke beskadig." Daar was groot opgewondenheid in die stad. Menigtes het na die plek gestroom, waar hulle hulle rou betoon en verontwaardiging uitgedruk het. Die koning was ook baie ontsteld. Hier was iets waaruit die monnike goeie munt kon slaan, en hulle het ook nie op hulle laat wag nie. "Dit is die vrugte van die leerstellings van Berquin," het die monnike uitgeroep. "Alles sal omver gewerp word — godsdiens, wette, en selfs die troon — deur hierdie Lutherse sameswering."— *Wylie, boek XIII, hoojstuk 9.*

Weer is Berquin in hegtenis geneem. Die koning het Parys verlaat, en die monnike is dus vrygelaat om te handel soos hulle wou. Die Hervormer is verhoor en tot die dood veroordeel; en om te ver-
[250] hoed dat Frans tussenbei tree om hom te red, het hulle die vonnis sommer daardie selfde dag voltrek. Berquin is op die middag na die brandstapel gelei. 'n Groot skare het saamgekom om die toneel te aanskou, en daar is baie wat met ontsteltenis gesien het dat die slagoffer geneem was uit een van die beste en dapperste adelfamilies van Frankryk. Ontsteltenis, verontwaardiging, afsku, en bittere haat het die harte vervul van daardie golwende menigte; maar daar was een gesig waarop geen skaduwee geval het nie. Die martelaar se gedagtes was ver verwyderd van hierdie oproerige toneel; hy was alleen bewus van die teenwoordigheid van sy Here.

Die ellendige kar waarop hy gery het, die fronsende gesigte van sy vervolgers, die verskriklike dood wat hy tegemoetgegaan het — op hierdie dinge het hy nie aggeslaan nie; Hy wat dood was en lewe, en wat in ewigheid sal lewe, en wat die sleutels van die dood en die hel het, was aan sy sy. Berquin se gelaat het gestraal van die lig en vrede van die hemel. Hy het homself goed aangetrek, met "'n fluweel mantel, 'n wambuis van satyn en damas, en met goudgeel kouse."— *D'Aubigne, "History oj the Reformation in the Time oj Calvin," boek II, hoojstuk 16.* Hy sou vir sy geloof getuig voor die Koning van die konings en die toeskouwende heelal, en geen teken van rou moes sy blydskap bederf nie.

Terwyl die stoet stadig deur die vol strate beweeg het, het die volk die groot vrede, en blye triomf van sy uitdrukking en gedrag met bewondering aanskou. "Hy is soos een wat in 'n tempel sit en

peins oor heilige dinge," het hulle gesê.*(Wylie, boek XIII, hoojstuk 9.)*

Op die brandstapel het Berquin probeer om die mense toe te spreek; maar die monnike, bang vir die gevolge, het begin skree, en die soldate het met hulle wapens gekletter sodat die martelaar se stem nie gehoor kon word nie. In die jaar 1529 het die hoogste letterkundige en geestelike gesag van die geleerde Parys, aan die volk van 1793 die lae voorbeeld gegee om selfs op die skavot die heilige woorde van sterwendes stil te maak.!'— *Wylie, boek XIII, hoojstuk 9.*

Berquin is verwurg, en sy liggaam is deur die vlamme verteer. Die tyding van sy dood het deur die hele Frankryk groot verdriet veroorsaak onder die vriende van die Hervorming. Maar sy voorbeeld [251] was nie tevergeefs nie. "Ons ook is gereed," het die getuies van die waarheid gesê, "om die dood blymoedig tegemoet te gaan, met ons oë gevestig op die lewe hiernamaals."— *D'Aubigne, "History oj the Reformation in the Time of Calvin," boek II, hoofstuk 16.*

Tydens die vervolging op Meaux is die predikersliksense van die leraars van die hervormde geloof weggeneem, en hulle het na ander arbeidsvelde vertrek. Na 'n tyd het Lefevre na Duitsland gegaan. Farel is na sy geboortedorp in oostelike Frankryk om die lig van die waarheid te versprei. Die mense daar het alreeds gerugte gehoor van wat op Meaux plaasgevind het, en die waarheid wat hy met sulke stoutmoedige ywer verkondig het, het baie hoorders getrek. Die owerheid het hom gou stilgemaak, en hy is uit die stad verban. Hoewel hy nie meer in die openbaar kon werk nie, het hy op die platteland in private wonings en in die dorpies geleer; en hy het skuiling gevind in die bosse en spelonke van die plekke wat hy in sy kinderjare besoek het. God was besig om hom te berei vir nog groter beproewings. "Die kruise, vervolgings, en knoeiery van Satan — dinge waarteen ek gewaarsku is — het nie uitgebly nie," het hy gesê; "hulle is selfs swaarder as wat ek uit die krag kan dra; maar God is my Vader; Hy voorsien die krag wat ek nodig het, en sal dit altyd voorsien." — *D'Aubigne, boek XII, hoofstuk 9.*

Net soos in die tyd van die apostels, het vervolging "eerder op 'n bevordering van die evangelie uitgeloop." Filip. 1: 12. Verdryf van Parys en Meaux, "het die wat verstrooi was die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig." Hand. 8: 4. Op hierdie

manier het die lig deurgedring tot baie van die afgeleë provinsies van Frankryk.

God het nog meer werkers berei om sy saak uit te brei. In een van die skole van Parys was daar ‘n stil, ernstige jongeling wat reeds blyke gegee het van ‘n sterk ondersoekende gees, en wat ook gekenmerk is sowel vir sy onbesproke lewe as vir sy studieywer en godsdienstige toewyding. Sy genie en leergierigheid het hom spoedig die trots van die kollege gemaak, en met vertroue is daar verwag dat Johannes Calvyn een van die bekwaamste en geëerdste verdedigers van die kerk sou word. Maar selfs binne die mure van die
[252] skolastiek en bygeloof het daar ‘n goddelike ligstraal deurgedring wat om Calvyn geskyn het. Met ‘n rilling het hy van die nuwe leerstellings gehoor, en hy het nie daaraan getwyfel nie dat die ketters die vuur verdien het waarvan hulle die slagoffers geword het. Maar tog is hy onwetend in aanraking gebring met die kettery, en hy is gedwing om die krag van die Roomse godsdiens te toets in die bestryding van die Protestantse leer.

‘n Neef van Calvyn, wat by die hervormers aangesluit het, was in Parys. Hierdie twee bloedverwante het mekaar dikwels ontmoet en die dinge bespreek wat die Christelike geloof in beroering gebring het. “Daar is net twee godsdienste in die wêreld” het Olivetanus, die Protestant, gesê. “Die een is die godsdiens wat deur mense uitgedink is, en in almal waarvan die mens homself red deur seremonies en goeie werke; die ander is die een godsdiens wat in die Bybel geopenbaar is, en wat die mens leer om homself uitsluitlik op die vrye genade van God te werp vir saligheid.”

“Ek wil niks van jou nuwe leerstellings hoor nie,” het Calvyn uitgeroep; “dink jy dat ek al hierdie jare gedwaal het?”— *Wylie, boek XIII, hoojstuk 7.*

Maar daar is gedagtes in hom opgewek wat hy nie so maklik kon afskud nie. Alleen in sy kamer het hy gepeins oor sy neef se woorde. Hy is oortuig van sonde; hy het homself gesien, sonder ‘n voorspraak, voor die heilige en regverdige Regter. Die middelaarskap van heiliges, goeie werke, die seremonies van die kerk, al hierdie dinge was magteloos om versoening te doen vir sy sonde. Voor hom kon hy niks sien as duisternis en ewige wanhoop nie. Tevergeefs het die doktore van die kerk probeer om sy smart te verlig. Belydenis,

boetedoening, al hierdie dinge is tevergeefs probeer; hulle kon nie die siel met God versoen nie.

Terwyl hy nog besig was met hierdie vrugtelose stryd, het Calvyn eendag toevallig een van die openbare pleine besoek, waar hy gesien het hoedat 'n ketter verbrand is. Hy is met bewondering vervul oor die uitdrukking van vrede op die martelaar se gesig. Te midde van die foltering van daardie vreeslike dood, en onder die vreeslike veroordeling van die kerk, het hy 'n geloof en moed aan die dag gelê wat die jong student met smart vergelyk het met sy eie wanhoop en [253] duisternis, terwyl hy tog in nougesette gehoorsaamheid aan die kerk geleef het. Hy het geweet dat die ketters hulle geloof op die Bybel gegrond het. Hy het besluit om dit te ondersoek, en indien moontlik die geheim van hulle vreugde te ontdek.

In die Bybel het hy Christus gevind. "0 Vader," het hy uitgeroep, "Sy offer het U toorn bevredig; Sy bloed het my onreinheid afgewas; Sy kruis het my vloek gedra; Sy dood het vir my versoening gedoen. Ons het vir onsself baie nuttelose dwaashede uitgedink, maar U het U woord voor my soos 'n fakkel geplaas, en U het my hart aangeraak, sodat ek alle verdienstes behalwe die van Jesus kan verafsku."—*Martyn, Deel III, hoojstuk 13*.

Calvyn is opgelei as priester. Toe hy slegs twaalf jaar oud was, het hy die kapelaan geword van 'n klein gemeentetjie, en sy hoof is kaalgeskeer deur die biskop ooreenkomstig die wet van die kerk. Hy is nie georden nie, en het ook nie die pligte van 'n priester vervul nie, maar hy het 'n lid geword van die geestelikes, die titel van sy amp gedra, en uit hoofde daarvan het hy 'n toelae gekry.

Daar hy nou gevoel het dat hy nooit 'n priester kon word nie, het hy wet begin studeer; maar eindelik het hy dit ook opgegee, en hy het besluit om sy lewe aan die evangelie te wy. Maar hy het geaarsel om in die openbaar op te tree as leraar. Van nature was hy skaam, en die gewig van sy verantwoordelikheid het swaar op hom gedruk; en daarby was hy begerig om nog verder te studeer. Eindelik, egter, het hy gehoor gegee aan die ernstige aandrang van sy vriende. "Wonderlik is dit," het hy gesê, "dat iemand van so 'n nederige afkoms tot sulke groot waardigheid verhef sou word."— *Wylie, boek XIII, hoojstuk 9.*

Stil het Calvyn sy werk aanvaar, en sy woorde was soos die verfrissende dou. Hy het Parys verlaat, en was nou in een van die

provinsiale dorpe onder beskerming van prinses Margaretha, wat, daar sy die evangelie liefgehad het, die volgelinge daarvan beskerm het. Calvyn was maar nog 'n jongeling met 'n sagmoedige, stil voorkomste. Hy het onder die mense by hulle huise begin werk. Omring deur die lede van die huisgesin, het hy die Bybel gelees,
[254] en die waarhede van die saligheid verduidelik. Die- gene wat die boodskap gehoor het, het die goeie tyding aan ander gebring, en gou het die leraar verder gegaan na die afgeleë dorpies. Hy het toegang gevind tot kasteel en hut, en hy het voortgegaan en die fondament van gemeentes gelê wat onverskrokke getuies vir die waarheid sou word.

Na enige maande was hy weer terug in Parys. Daar was 'n ongewone opskudding onder die geleerdes. Die studie van ou tale het mense tot die Bybel gebring, en baie wie se harte nie deur die waarhede daarvan aangeraak is nie, het hulle nogtans gretig bespreek en selfs die stryd aanvaar teen die voorvegters van die Roomse geloof. Calvyn, hoewel, 'n bekwame vegter in teologiese geskille, het 'n hoër roeping gehad as die van die luidrugtige geleerdes. Die gees van die mense is wakker geskud, en nou was dit die tyd om die waarheid aan hulle te verkondig. Terwyl die sale van die universiteite weerklink het van die geraas van teologiese twiste, het Calvyn van huis tot huis gegaan, die Bybel aan die mense geopen, en met hulle van Christus, die gekruisigde, gepraat.

In die voorsienigheid van God, sou Parys weer 'n uitnodiging kry om die evangelie aan te neem. Die oproep van Lefevre en Farel is verwerp, maar weer sou die boodskap gehoor word deur alle klasse in daardie hoofstad. Die koning, om politieke beweegredes, het tot dusver nog nie die kant van Rome gekies teen die Hervorming nie. Margaretha het nog gehoop dat Protestantisme in Frankryk sou seëvier. Sy het besluit dat die hervormde geloof in Parys moes verkondig word. In die afwesigheid van die koning het sy bevel gegee dat 'n Protestantse predikant in die kerke van die stad moes preek. Maar aangesien die pouslike waardigheidsbekleërs dit verbied het, het die prinses die paleis oopgestel vir die doel. Een van die afdelings is ingerig as kapel, en daar is aangekondig dat daar op 'n sekere tyd elke dag 'n preek gelewer sou word; en die mense van alle range en stande is uitgenooi om die dienste by te woon. Skares het na die dienste gekom. Nie alleen die kapel nie, maar die voorkamers en

sale was vol. Elke dag het daar duisende saamgekom — edelliede, staatsmanne, wetgeleerdes, koopmanne, en ambagsmanne. Die koning, pleks om die byeenkomste te verbied, het bevel gegee dat twee van die kerke in Parys geopen moes word. Nog nooit tevore is die [255] stad so deur die woord van God geaffekteer nie. Dit het geskyn of die gees van die lewe uit die hemel op die mense neergedaal het. Matigheid, reinheid, ordelikheid, en arbeid het die plek ingeneem van dronkenskap, ontug, oproer, en ledigheid.

Maar die hiërargie het nie stil gesit nie. Nog steeds het die koning geweier om die prediking te belet, en hulle het hulle toe beroep op die volk. Alle middels is gebruik om die vrees, die vooroordeel, en die fanatisme van die onkundige en bygelowige menigtes op te wek. Deur 'n blindelingse oorgawe aan sy valse leraars, het Parys, net soos Jerusalem vanouds, nie die tyd van sy besoeking of die dinge wat tot sy vrede gedien het, geken nie. Vir twee jaar is die woord van God in die hoofstad verkondig; maar terwyl daar baie was wat die evangelie aangeneem het, het die meerderheid van die volk dit verwerp. By Frans was daar maar net 'n skyn van verdraagsaamheid om sy eie belange te dien, en die pousgesindes het gou weer die oorhand gekry. Weer is die kerke gesluit, en brandstapels opgerig.

Calvyn was nog in Parys besig om hom deur studie, oorpeinsing, en gebed te berei vir sy toekomstige werk; en hy het steeds die lig versprei. Eindelik, egter, het hy onder verdinking gekom. Die owerhede het besluit om hom aan die vlamme oor te gee. Daar hy gemeen het dat hy veilig was in sy afsondering, het hy nie die minste gevaar vermoed nie totdat vriende na sy kamer gehaas het met die berig dat dienaars op weg was om hom te arresteer. Op daardie oomblik is daar hard geklop aan die buitedeur. Daar was nie 'n oomblik om te verkwis nie. Sommige van sy vriende het die dienaars by die deur besig gehou, terwyl ander die Hervormer gehelp het om deur 'n venster af te sak; daarna het hy gehaas na die buitestad. Hy het skuiling gevind in die woning van 'n arbeider wat die Hervorming goedgesind was; hy het die klere van sy gasheer aangetrek, en met 'n skoffelpik op sy skouer het hy sy reis voortgesit. Hy het suidwaarts gereis, en skuiling gevind in die gebied van Margaretha.*(Sien D'Aubigne, "History of the Reformation in the Time of Calvin," boek II, hoofstuk 30.)*

Hier het hy vir 'n paar maande gebly, onder beskerming van [256]

magtige vriende, en hy het sy studies voortgesit. Maar sy hart was op die evangelisasie van Frankryk, en hy kon nie lank stil sit nie. Sodra die storm enigsins bedaar het, het hy ‘n nuwe arbeidsveld gesoek in Poitiers, waar daar ‘n universiteit was, en waar sy nuwe leer reeds met guns bejeën is. Persone van alle klasse het blymoedig na die evangelie geluister. Daar was nie openbare dienste gehou nie, maar in die huis van die hoofmagistraat, in sy eie herberg, en soms in ‘n openbare tuin, het Calvyn die woorde van die ewige lewe verkondig aan diegene wat dit graag wou hoor. Later, namate die getal hoorders uitgebrei het, is dit veiliger geag om buitekant die stad bymekaar te kom. In ‘n spelonk in die kant van ‘n nou kloof, waar bome en oorhangende rotse die plek bedek het, is byeenkomste gehou. Klein groepies, wat die stad met verskillende paaie verlaat het, het daar vergader. In hierdie afgeleë plek is die Bybel gelees en verdui-delik. Hier, vir die eerste keer, is die Here se Avondmaal gevier deur die Protestanie van Frankryk. Van hierdie gemeentetjie is verskeie getroue evangeliste uitgestuur.

Weereens het Calvyn na Parys teruggegaan. Selfs toe nog kon hy nie die hoop opgee dat Frankryk as volk die Reformasie sou aanvaar nie. Maar hy het gevind dat byna alle deure teen hom gesluit was. Om die evangelie te verkondig sou hom reguit na die brandstapel gestuur het, en hy het eindelik besluit om na Duitsland te gaan. Hy was nog skaars van Frankryk weg toe daar ‘n storm oor die Protestante losgebars het, wat, as hy daar gebly het, gewis sy ondergang sou beteken het.

Die Franse Hervormers, begerig dat hulle land tred sou hou met Duitsland en Switserland, het besluit om die bygeloof van Rome ‘n slag toe te dien wat die hele volk sou opwek. Gevolglik is daar een nag oor die hele Frankryk aanplakbiljette aangebring waarin die mis aangeval is. In stede dat dit die Hervorming aangehelp het, het hierdie stoutmoedige dog onverstandige daad die ondergang beteken nie alleen van die leiers nie, maar ook van al die vriende van die hervormde geloof in Frankryk. Dit het aan die Roomsgesindes juis die kans gegee waarop hulle so lank gewag het — naamlik ‘n voorwendsel om die totale uitroeiing van alle ketters te eis as oproermakers wat gevaarlik is vir die bestendigheid van die troon en
[257] die vrede van die volk.

Deur ‘n geheime hand—of dit van ‘n listige vyand was of van ‘n onverstandige vriend, dit is nooit vasgestel nie—is een van die biljette aan die deur van die koning se private kamer geplak. Dit het die koning met afsku vervul. In hierdie dokument is bygelowe wat vir eeue lank geëer was, ongenadig aangeval. Die ongeëwenaarde stoutmoedigheid om hierdie duidelike en onsettende dinge aan die aandag van die koning op te dring, het sy toorn opgewek. In verbasing het hy vir ‘n tyd bewende en sprakeloos gestaan. Toe het sy woede uiting gevind in die volgende vreeslike woorde: “Laat almal wat verdink word van Luther se kettery sonder onderskeid in hegtenis geneem word. Ek sal hulle almal uitroei.” *—D’Aubigne, “History oj the Reformation in the Time oj Calvin,” boek IV, hoofstuk 10.*Die slag het geval. Die koning het besluit om hom geheelenal aan die kant van Rome te stel.

Daar is dadelik stappe gedoen om alle Lutherane in Parys te arresteer. ‘n Arm ambagsman, ‘n belyer van die hervormde geloof, wat gewoonlik die gelowiges aangesê het wanneer daar ‘n geheime diens [258] gehou sou word, is gegryp, en onder dreigement van die onmiddellike dood op die brandstapel, is hy beveel om die pouslike afgesant na die woning van elke Protestant in die stad te neem. Hy het met afsku teruggedeins vir hierdie lae werk, maar eindelik het die vrees vir die vlamme hom beweeg, en hy het ingestem om die verraaier van sy broeders te word. Voorafgegaan deur die hostie, en omring deur ‘n stoet van priesters, wierookdraers, monnike, en soldate, het Morin, die koninklike speurder, saam met die verraaier, langsaam en swygend deur die strate van die stad gestap. Die demonstrasie was skynbaar ter ere van die “heilige sakrament,” en ‘n boetedoening vir die belediging wat die mis aangedoen is deur die aanplakbiljette. Maar onder die praal van hierdie optog was daar ‘n dodelike doel verberg. Waar hulle voor die huis van ‘n Lutheraan gekom het, het die verraaier ‘n teken gegee, sonder om ‘n woord te uiter. Die optog het tot stilstand gekom, die huis is binnegegaan, en die gesin is gebind uitgesleep; daarna het die vreeslike prosessie voortgegaan op ‘n soek na verdere slagoffers. “Geen huis, groot of klein, selfs nie die kolleges van die Universiteit van Parys is oorgeslaan nie. . . . Morin het die stad laat bewe. . . . Dit was ‘n skrikbewind.” —Idem.

Die slagoffers is deur wrede marteling om die lewe gebring. Daar is bevel gegee dat hulle stadig moes verbrand word om hulle

lyding te verleng. Maar hulle het soos oorwinnaars gesterf. Hulle getrouheid was onwrikbaar en hulle vrede onbewolk. Hulle vervolgers, magteloos om hulle onwrikbare standvastigheid te laat wankel, het gevoel dat hulle die neerlaag gely het. "In alle dele van Parys is die skavotte opgerig, en die verbrandings het op agtereenvolgende dae geskied; die doel hiermee was om die verskrikking van die kettery te versprei deur dit oor 'n lang tydperk uit te rek. Die uiteindelike voordeel, egter, was aan die kant van die evangelie. Die hele Parys is in staat gestel om te sien watter soort manne die nuwe geloof kon oplewer. Daar was geen preekstoel soos die brandstapel nie. Die kalme vrede wat die aangesigte van hierdie mense verlig het op weg . . . na die plek van teregstelling, hulle dapperheid in die vlamme, hulle sagmoedige vergifnis van die leed, het in baie gevalle die toorn
[259] in jam- merte, en die haat in liefde verander, en dit het met 'n onweerstaanbare welsprekendheid vir die evangelie gepleit."— *Wylie, boek XIII, hoojstuk 20.*

Die priesters, daarop uit om die woede van die volk op die hoogte punt te hou, het die verskriklikste beskuldigings teen die Protestante versprei. Hulle is beskuldig van sameswering om die Katolieke te vermoor, die regering omver te vverp, en om die koning te vermoor. Nie die geringste bewys kon aangevoer word om hierdie bewerings te staat nie. Maar hierdie bose voorstellings sou tog in vervulling tree, dog onder omstandighede heeltemal anders en ook om teenoorgestelde redes. Die wreedhede teenoor onskuldige Protestante gepleeg dear die Katolieke, het 'n verskriklike weerwraak as gevolg gehad; en in later eeue moes die koning, sy regering, en sy onderdane, inderwaarheid die lot delf wat hulle voorspel het; maar dit is teweeggebring deur ongelowiges en deur die pousgesindes self. Dit was nie die bevestiging, maar die onderdrukking van Protestantisme wat 'n driehonderd jaar later hierdie vreeslike onheile oor Frankryk sou bring.

Agterdog, wantroue, en vrees het nou onder alle klasse geheers. Te midde van die algemene oproer is daar gesien hoe 'n sterk houvas die Lutherse leer op die gemoed van manne gekry het wat vooraan gestaan het vir hulle opvoeding, hulle invloed, en hulle voortreflike karakter. Betrekkings van verantwoordelikheid en eer was skielik vakant. Ambagsmanne, drukkers, geleerdes, professore aan Universiteite, skrywers, en selfs howelinge het verdwyn, Honderde het uit

Parys gevlug, selfgemaakte bannelinge, uit hulle geboorteland; en in baie gevalle was dit die eerste aanduiding dat hulle ten gunste van die hervormde geloof was. Die pousgesindes het verbaas gestaan by die gedagte aan die onverdagte ketters wat hulle in hulle midde gedoog het. Hulle woede is afgekoel op die menigte eenvoudige slagoffers wat binne hulle bereik was. Die tronke was vol, en selfs die lug was verduister deur die rook van die brandstapels w'aarop die belyers van die evangelie verbrand is.

Frans I, het baie trots gevoel daarop dat hy 'n leier was in die groot beweging vir die herlewing van die wetenskap wat die begin van die sestiende eeu gekenmerk het. Dit het hom groot genot ver- [260]
skaf om manne van geleerdheid uit alle lande na sy hof te nooi. Die verdraagsaamheid wat teenoor die Hervorming toegestaan is, kan ten dele toegeskryf word aan sy liefde vir geleerdheid en sy veragting van die onkunde en bygeloof van die monnike. Maar, besiel met 'n ywer om kettery te verdelg, het hierdie beskermer van die wetenskap 'n edik uitgevaardig wat die drukkuns oor die hele Frankryk afgeskaf het! Frans I, gee ons een van baie voorbeelde wat aantoon dat intellektuele kultuur geen vrywaring is teen godsdienstige onverdraagsaamheid en vervolging nie.

Deur 'n plegtige openbare seremonie sou Frankryk homself heeltemal oorgee aan die vernietiging van Protestantisme. Die priesters het daarop aangedring dat die belediging wat die Hemel aangedaan is, deur die veroordeling van die Mis, deur bloed moes uitgewis word, en die koning, namens sy volk, het sy openbare toestemming gegee tot hierdie vreeslike werk.

Die 21ste Januarie 1535, is vasgestel vir hierdie gruwelike plegtigheid. Die bygelowige vrees en die dweepsieke haat van die hele volk is opgewek. Parys het gewemel van die menigtes wat uit alle dele van die omliggende streke gekom het. Die dag sou begin met 'n groot en indrukwekkende optog. "Die huise in die strate waarlangs die optog sou gaan is in floers gehul, en op sekere afstande is daar [261]
altare opgerig." Voor elke deur was daar 'n brandende fakel ter ere van die "heilige sakrament." Die optog het voor dagbreek by die paleis van die koning begin. "Vooraan was die baniere en kruise van die verskillende bisdomme; daarna het die burgers gekom, wat twee-twee geloop het met brandende fakkels." Die vier monnike-ordes het gevolg, uitgedos in hulle spesiale drag. Toe het 'n groot

versameling van beroemde relikwieë gevolg. Dit weer is gevolg deur die hoë geestelikes in hulle purper en skarlaken klere versier met hulle juwele —‘n grootse en skitterende vertoning.

“Die hostie is gedra deur die biskop van Parys onder ‘n pragtige kanopie, . . . bygestaan deur vier van die koningseuns . . . agter die hostie het die koning . . . Frans I, geloop wat op daardie dag geen kroon of koninklike kleed gedra het nie.” Met “ontblote hoof, sy oë op die grond gerig, en met ‘n brandende kers in sy hand,” het die koning van Frankryk verskyn “in die hoedanigheid van ‘n boeteling.”—*Wylie, boek XIII, hoojstuk 21.*By elke altaar het hy in verootmoediging neergebuig, nie vir die sondes wat sy siel besoedel het nie, ook nie vir die onskuldige bloed wat sy hande bevlek het nie, maar vir die dodelike sonde van sy onderdane wat dit gewaag het om die mis te veroordeel. Hy is gevolg deur die koningin en die waardigheidsbekleërs van die staat, wat twee-twee geloop het, elkeen met ‘n brandende fakkel.

As deel van die verrigtings van die dag, het die koning self die hoë beamptes van die ryk in die groot saal van die biskop se paleis toegespreek. Met ‘n droewige gelaat het hy voor hulle verskyn, en in treffende woorde het hy “die misdaad, die godslastering, en die dag van droefheid en skande,” betreur wat oor die volk gekom het. Hy het ‘n beroep op elke getroue onderdaan gedoen om te help met die uitroeiing van die verpestelike kettery wat Frankryk met ondergang bedreig het. “Sowaar, here, as wat ek julle koning is,” het hy gesê, “as ek weet dat een van my eie ledemate besmet of aangesteek is met hierdie veragtelike bederf, sou ek dit aan julle gee om af te sny . . . en wat meer is, as ek sien dat een van my kinders daarmee besoedel is, sou ek hom nie spaar nie . . . ek sou hom self uitlewer en aan God offer.” Trane het hom verstik, die hele vergadering het
[262] geween, en soos met een stem het hulle uitgeroep, “ons sal lewe en ons sal sterf vir die Katolieke godsdiens!”—*D’Aubigne, “History of the Reformation in the Time oj Calvin,” boek IV, hoojstuk 12.*

Vreeslik was die duisternis van die volk wat die lig van die waarheid verwerp het. “Die saligmakende genade” is geopenbaar; maar Frankryk, nadat hy die krag en heiligheid daarvan gesien het, nadat duisende aangetrek is deur die goddelike skoonheid daarvan, nadat stede en dorps daardeur verlig is, het hom daarvan afgewend, en die duisternis verkies liewer as die lig. Hulle het die hemelse

gawe verwerp toe dit hulle aangebied is. Hulle het kwaad goed, en goed kwaad genoem, totdat hulle die slagoffers geword het van hulle eie moedswillige selfbedrog. En nou, al het hulle ook inderwaarheid geglo dat hulle aan God 'n diens bewys het deur Sy volk te vervolg, sou hulle opregtheid hulle nie onskuldig maak nie. Die lig wat hulle sou beskerm het teen bedrog en die bevlekking van hulle siel met bloed, het hulle moedswillig verwerp.

In die groot katedraal, waar die "Godin van Rede" byna drie eeue later gekroon is deur 'n volk wat die lewende God vergeet het, is daar 'n plegtige eed gesweer om kettery uit te roei. Weer het die optog begin, en die verteenwoordigers van Frankryk het begin met die werk wat hulle gesweer het om te doen. "Op kort afstande is daar skavotte opgerig waarop sekere Protestantse Christene lewendig sou verbrand word; en daar is reelings getref om die hout aan die brand te steek sodra die koning die plek genader het, en dat die optog daar sou stilhou om die verbranding te sien."— *Wylie, boek XIII, hoofstuk 21.*Die besonderhede van die marteling wat verduur is deur hierdie getuies vir Christus is te vreeslik om te beskryf; maar daar was geen wankeling aan die kant van die slagoffers nie. Toe by hom aangedring is om te herroep, het een geantwoord: "Ek glo slegs wat die profete en die apostels voorheen verkondig het en wat al die heiliges geglo het. My geloof het 'n vertroue in God wat al die magte van die hel sal weerstaan."— *D'Aubigne, "History of the Reformation in the Time of Calvin," boek IV, hoofstuk 12.*

Keer op keer het die optog tot stilstand gekom by die plekke van marteling. Toe hulle weer die plek bereik het vanwaar die optog [263]
begin het, naamlik die koninklike paleis, het die skare uitmekaar gegaan, en die koning en die prelate het hulle onttrek, heeltemal tevrede met die verrigtings van die dag, en hulleself gelukwensende dat die werk wat nou begin is sou voortgaan om die vernietiging van die kettery te voltooi.

Die evangelie van vrede wat Frankryk verwerp het, sou ekerlik uitgeroei word, en vreeslik sou die gevolge wees. Op 21 Januarie 1793, presies tweehonderd-agt-en-vyftig jaar van die dag af waarop Frankryk hom ten voile oorgegee het aan die vervolging van die Hervormers, het 'n ander optog, met 'n heeltemal ander doel, deur die strate van Parys gestap. "Weer was die koning die hooffiguur; weer was daar oproer en geskree; weer is die roepstem gehoor om meer

slagoffers; weer was daar swart skavotte; en weer is die tonele van die dag afgesluit met vreeslike teregstellings. Lodewyk XVI, in 'n handgemene stryd gewikkel met sy tronkbewaarders en laksmanne, is na die blok gesleep, en daar is hy vasgedruk totdat die valbyl sy kop van die skavot laat rol het."—*Wylie, boek XIII, hoojstuk 21.*Die koning was nie die enigste slagoffer nie. Naby dieselfde plek is tweeduisend agthonderd mense om die lewe gebring deur die guillotine gedurende die bloedige dae van die Skrikbewind.

Die Hervorming het aan die wêreld 'n ope Bybel gegee, wat die wet van God geopenbaar het, en die aansprake daarvan op die gewetens van die mense, voorgehou. Ewige Liefde het aan die mense die verordeninge en beginsels van die hemel geopenbaar. God het gesê: "Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insetteninge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk." Deut. 4: 6. Toe Frankryk die gawe van die hemel verwerp het, het hy die saad van anargie en ondergang gesaai; en die onvermydelike uitwerking van die wet van oorsaak en gevolg het geëindig in die Rewolusie en die Skrikbewind.

Lank voor die vervolging wat deur die biljette ontstaan het, is die stoutmoedige en ywerige Farel gedwing om uit sy geboorteland te vlug. Hy het na Switserland gegaan, en deur sy arbeid en bystand
[264] van die werk van Zwingli, het hy gehelp om die skaal ten gunste van die Hervorming te laat swaai. Hy sou sy later jare daar deurbring, maar nog het hy 'n bepaalde invloed uitgeoefen op die Hervorming in Frankryk. Gedurende die eerste jare van sy ballingskap, was sy pogings veral gerig op die verspreiding van die evangelie in sy geboorteland. Hy het baie van sy tyd bestee aan prediking onder sy landgenote naby die grens, vanwaar hy met onvermoeide waaksaamheid die stryd gadegeslaan het en dit aangehelp het deur woorde van bemoediging en raadgewing. Met behulp van ander bannelinge, is die geskrifte van die Duitse Hervormers in Frans vertaal, en saam met die Franse Bybel is hulle in groot hoeveelhede gedruk. Deur middel van kolporteurs is hierdie drukwerk orals in Frankryk versprei. Die leesstof is aan die kolporteurs teen 'n geringe prys verkoop, en daardeur kon hulle die werk voortsit met die profyt wat hulle gemaak het.

In Switserland het Farel as nederige onderwyser gewerk. In ‘n afgeleë bisdom het hy hom gewy aan die onderrig van die kinders. Behalwe die gewone onderwerpe, het hy ook Bybelse waarhede versigtig geleer, hopende om die ouers deur die kinders te bereik. Daar was sommige wat geglo het, maar die priesters het die werk gestop, en die bygelowige plattelandse bevolking het die werk teengestaan. “Dit kan nie die evangelie van Christus wees nie,” het die priesters gesê, “aangesien die verkondiging daarvan nie vrede bring nie, maar oorlog.”—Wylie, boek XIV, hoojstuk 3. Net soos die eerste dissipels, het hy, as hy in een stad vervolg is, na ‘n ander gevlug. Van stad tot stad en van dorp tot dorp het hy gegaan; hy het te voet gereis, honger gely, en koud gekry, en orals was sy lewe in gevaar. Hy het op die markplase gepreek, in die kerke, en soms van die kansels van die katedrale. Soms het hy ‘n leë kerk gevind; soms is sy prediking onderbreek deur ‘n geskree en gespot; weer is hy met geweld uit die preekstoel geruk. Meer as eenmaal het die gepeupel hom toegetakel en byna doodgeslaan. Maar hy het voortgegaan. Hoewel hy dikwels teruggedryf is, het hy met onvermoeide volharding teruggekom om aan te val. En hy het gesien hoedat die dorpe en stede wat eentyd vestings van die pousdom was die een na die ander hulle poorte vir die evangelie oopmaak. In die bis- dom waar hy eerste begin [265]
werk het, is die hervormde geloof spoedig aangeneem. Die stede van Morat en Neufchatel het ook die Roomse rites versaak en die afgodiese beelde uit hulle kerke verwyder.

Farel het lank reeds ‘n begeerte gehad om die Protestantse vaandel in Geneve te plant. As hierdie stad gewin kan word, sou dit ‘n sentrum vir die Hervorming in Frankryk, Switserland, en Italië word. Met hierdie doel voor oë, het hy sy werk voortgesit tot baie van die omliggende dorpe en nedersittings gewin is. Daarna is hy, met net een metgesel, na Geneve; hy is daar toegelaat om net twee preke te lewer. Die priesters wat tevergeefs probeer het om sy veroordeling deur die burgerlike owerhede te bewerkstellig, het hom voor ‘n geestelike vergadering gedaag, waarheen hulle gekom het met wapens onder hulle klere verberg, vasbeslote om hom om die lewe te bring. Buitekant die saal het ‘n verwoede volksmenigte saamgedrom, met stokke en swaarde om sy dood te verseker as hy miskien uit die vergadering sou ontsnap. Die teenwoordigheid van magistrate en ‘n gewapende mag het egter sy lewe gered. Vroeg die volgende more

is hy en sy maat oor die meer geneem na ‘n plek van veiligheid. En so het sy eerste poging geëindig om die evangelie in Geneve te verkondig.

Vir die volgende poging is ‘n nederige werktuig gekies—‘n jongman, so nederig in voorkomste dat hy selfs deur die vriende van die Hervorming koel ontvang is. Maar wat sou so ‘n persoon kan doen op die plek waar Farel verwerp is? Hoe kan iemand met min moed en ondervinding die storm trotseer waarvoor die sterkstes en die dapperstes moes vlug? “Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My gees, sê die Here van die leërskare.” Sag. 4, 6. “Wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is te beskaam.” “Want wat dwaas is by God is wyser as die mense; en wat swak is by God is sterker as die mense.” 1 Kor. 1: 27, 25.

Froment het sy werk begin as skoolmeester. Die waarhede wat hy aan die kinders op skool geleer het, het hulle in hulle huise herhaal. Baie gou het die ouers kom luister na die verduideliking van die Bybel, totdat die skoolkamer vol aandagtige hoorders was. Nuwe Testamente en traktate is vryelik uitgedeel, en hulle het baie bereik
[266] wat dit nie gewaag het om openlik na die nuwe leerstellings te kom luister nie. Na ‘n tyd is hierdie werker gedwing om te vlug; maar die waarhede wat hy geleer het, het ‘n indruk op die mense gemaak. Die Hervorming het wortelgeskiet en dit het gegroei en verbrei. Die predikers het teruggekom, en as gevolg van hulle werk is die Protestantse gods-diens eindelik in Geneve bevestig.

Toe Calvyn, na baie omswerwings en wederwaardighede, die poorte binnekom, het die stad hom alreeds uitgespreek vir die Hervorming. Toe hy eentyd teruggekeer het van ‘n besoek aan sy geboorteplek, was hy op weg na Basel, máar toe hy vind dat die pad beset was deur die leers van Karel V, is hy gedwing om met ‘n omweg na Genëve te gaan.

In hierdie besoek het Farel die hand van God gesien. Hoewel Geneve die Hervormde geloof aangeneem het, was daar nog ‘n groot werk om te doen. Dit is as indiwidue dat mense tot bekering moet kom en nie as gemeenskappe nie; die wedergeboorte is iets wat in die hart en in die gewete deur die krag van die Heilige Gees bewerk word, en nie deur dekrete of konsilies nie. Hoewel die mense van Geneve die gesag van Rome verwerp het, was hulle nie so gereed om die euwels te versaak wat daar geheers het nie. Om die rein beginsels

van die evangelie hier te bevestig, en om hierdie mense te berei om op waardige wyse die plek in te neem waartoe die Voorsienigheid hulle geroep het, was nie ‘n maklike taak nie.

Farel was oortuig dat hy in Calvyn iemand gevind het wat hom kon help in hierdie werk. In die naam van God het hy die jong evangelis ernstig versoek om daar te bly en te werk. Hiervoor het Calvyn teruggedeins. Bedees en vredeliewend, het hy teruggedeins vir die aanraking met die stoutmoedige, onafhanklike, en selfs heftige gees van die inwoners van Geneve. Sy swak ge-sondheid, en sy liefde vir studie het hom beweeg om afsondering te soek. Gelowende dat hy deur sy pen die saak van die Hervorming beste kon dien, het hy ‘n stil plekkie begeer vir studie, om daarvandaan, deur die pers, die gemeentes te onderrig en op te bou. Maar Farel se plegtige vermaning het tot hom gekom soos ‘n roepstem uit die hemel, en hy het nie gedurf om dit van die hand te wys nie. Dit het vir hom geskyn, het hy gesê, “asof die hand van God van die hemel gereik en my [267] beetgepak het, en my daar vasgehou het op die plek wat ek so graag wou verlaat.” *D’Aubigne, “History oj the Reformation in the Time oj Calvin,” boek IX, hoofstuk 17.*

In hierdie tyd het groot gevare die Protestantse saak bedreig. Die vervloekings van die Pous het soos donderslae op Geneve geval, en magtige volke het gedreig om die stad te vernietig. Hoe kon hierdie klein stadjie die magtige hiërargie weerstaan wat al so dikwels konings en keisers tot onderwerping gedwing het? Hoe kon dit staan teen die leers van die wêreld se magtige oorwinnaars.

Dwarsdeur die Christendom was Protestantisme deur magtige vyande bedreig. Die eerste oorwinnings van die Hervorming was verby; Rome het nuwe kragte versamel in die hoop om dit te vernietig. Dit was in hierdie tyd dat die Jesuïete-orde gestig is, naamlik die wreedste, die geweteloosste, en die magtigste van alle pouslike kampvegters. Met alle aardse bande verbroke, sonder natuurlike liefde, en met die gewete heeltemal stilgemaak, het hulle geen regering en geen band behalwe die van hulle eie orde, en geen plig behalwe die uitbreiding van die mag van hulle orde geken nie. (Sien Aanhangsel.) Die evangelie van Christus het sy aanhangers in staat gestel om gevaar en lyding, koue, honger, arbeid, en armoede te verduur, en om die banier van die waarheid omhoog te hou ten spyte van die pynbank, die kerker, en die brandstapel. Om hierdie magte te

bestry, het Jesuïtisme sy navolgers besiel met 'n fanatisme wat hulle in staat gestel het om dergelike gevare te verduur, en om die krag van die waarheid te bestry met wapens van bedrog. Geen misdaad was te groot, geen bedrog te laag, en geen vermommings te moeilik vir hulle nie. Hulle het die gelofte tot voortdurende armoede, en nederigheid afgelê, dit was hulle vaste doel om rykdom en mag te verkry om te bestee aan die vernietiging van Protestantisme, en die herstel van die pouslike oppergesag.

As lede van hulle orde, het hulle die gewaad van heiligheid gedra, en gevangenisse en hospitale besoek; hulle het die siekes en armes versorg, voorgewende dat hulle die wêreld versaak het en dat hulle
[268] die heilige naam van Jesus aangeneem het wat die land deurgegaan en goedgedoen het. Maar onder hierdie dekmantel van 'n onbesproke uiterlike was die dodelikste en sondigste planne dikwels verberg. Een van die grondbeginsels van die orde was dat die doel die middel geheilig het. Volgens hierdie wet was leuens, diefstal, meineed, en moord, nie alleen vergeeflik nie, maar prysenswaardig waar dit in belang van die kerk gepleeg is. Onder verskillende vermommings het die Jesuïete staatsampte bekom, raadslede van konings geword, en die staatsbeleid van volke gereël. Hulle het as diensknegte gewerk ten einde op hulle meesters te spioeneer. Hulle het kolleges gestig vir die seuns van prinse en edelliede, en skole vir gewone kinders; en die kinders van Protestantse ouers is beweeg om Roomse rites te onderhou. Al die uiterlike prag en praal van die Roomse geloof is gebruik om die verstand in verwarring te bring en om die verbeelding te verblind en te verstrik; op hierdie manier is die vryheid waarvoor die vaders gestry en gesterf het, deur die seuns verraai. Die Jesuïete het vinnig oor Europa versprei, en orals waar hulle gegaan het, het daar 'n herlewing van die pousdom gevolg.

Om groter mag aan hulle te verleen, is daar 'n bul uitgevaardig wat die Inkwisisie weer opgerig het. (Sien Aanhangsel.) Nieteenstaande die algemene afsku waarmee dit bejeën is, selfs in Katolieke lande, is hierdie skrikwekkende hof weer opgerig deur die pouslike regeerders, en gruweldade te vreeslik vir die daglig, is in die geheime kerkers gepleeg. In baie lande is duisende en duisende van die fleur van die volk, waaronder die reinstes en edelstes, die geleerdstes, die voorste en toegewydste leraars, die vlytigste burgers, talentvol-

ste kunstenaars, bekwaamste handwerkers, om die lewe gebring, of gedwing om na ander lande te vlug.

Dit was die middels wat Rome gebruik het om die lig van die Hervorming uit te doof, die Bybel aan die volk te ontneem. en om die onkunde en bygeloof van die Donker Eeue weer te herstel. Maar met die seën van God en die arbeid van daardie edele manne wat hy geroep het om Luther op te volg, is Protes-tantisme nie omver gewerp nie. Die krag daarvan sou nie afhanklik wees van die guns en wapens van prinse nie. Die kleinste lande, die nederigste en swakste volke, het sterk vestings daarvan geword. Dit was klein Geneve, omring van magtige vyande wat saamgesweer het tot sy [269] vernietiging; dit was Holland langs sy sandstrande van die noordelike see, worstelende teen die tirannie van Spanje, destyds die sterkste en die rykste van alle koninkryke; dit was die dorre, onvrugbare Swede, wat die oorwinnings vir die Hervorming behaal het.

Vir byna dertig jaar het Calvyn in Geneve gearbei; eers vir die stigting van 'n gemeente wat vasgehou het aan die sedeleer van die Bybel, en toe vir die uitbreiding van die Hervorming oor Europa. As openbare leier was hy nie sonder foute nie, en sy leer was nie vry van dwaling nie. Maar deur sy medewerking is waarhede verkondig wat van spesiale belang vir sy tyd was in die handhawing van die beginsels van Protestantisme teen die vinnig terugkerende vloedgolf van die pousdom, en om die eenvoud en reinheid in die hervormde kerke te bevorder in die plek van die hoogmoed en bederf wat onder die Roomse leer aangekweek is.

Van Geneve het daar leraars uitgegaan en is daar leesstof uitgestuur om die hervormde leerstellings te versprei. Dit is na Geneve wat die vervolgdes van alle lande opgesien het vir onderrig, raadgewing, en bemoediging. Die stad van Calvyn het die toevlugsoord geword vir die verjaagde Hervormers van die hele westelike Europa. Vlugtende van die vreeslike storms wat vir eeue gewoed het, het die vlugtelinge na die poorte van Geneve gekom. Byna dood van honger, verwond, ontroof van huis en bloedverwante, is hulle hartlik verwelkom en teer versorg; daar het hulle 'n tuiste gevind, en hulle het die stad van hulle aanneming geseën deur hulle bekwaamheid, geleerdheid, en hulle vroomheid. Baie wat hier skuiling kom soek het, is later na hulle eie land terug om die tirannie van Rome te bestry. John Knox, die dappere Skotse Hervormer, 'n aantal van

die Engelse Puriteine, die Protestante van Holland en Spanje en die Hugenote van Frankryk, het van Geneve die fakkel van waarheid
[270] geneem om die duisternis in hulle eie geboorteland te verdryf.

[271]

## Hoofstuk 13—Die Nederlande en Skandinawie

IN die Nederlande het die pouslike tirannie vroeg reeds besliste teenstand uitgelok. Sewehonderd jaar voor die tyd van Luther is die Roomse opperpriester deur twee biskoppe wat as afgesante na Rome gegaan het en wat die ware karakter van die "heilige stoel" ontdek het, in die volgende woorde onbevrees beskuldig: "God het vir Sy koningin en bruid, die kerk, 'n edele en ewigdurende voorsiening gemaak, en aan haar 'n bruidskat gegee wat nie kan verwelk of vergaan nie, asook 'n ewige kroon en septer; . . . al hierdie weldade het u soos 'n dief, van haar gesteel, U het uself in die tempel van God opgestel; pleks van 'n herder, het u 'n wolf vir die skape geword ... u wil ons wysmaak dat u 'n opperbiskop is, maar u gedrag is soos die van 'n tiran . . . pleks dat u 'n kneg van knegte is, soos u uself noem, [272] streef u om 'n heer van die here te wees. . . . U bring die gebooie van God in veragting. . . . Die Heilige Gees is die opbouer van alle kerke oor die hele aarde. . . . Die stad van onse God, waarvan ons die burgers is, reik tot alle dele van die hemel; en dit is groter as die stad wat deur die heilige profete Babilon genoem is, wat voorgee dat hy goddelik is, wat hom gelyk stel met die hemel, en daarop roem dat sy wysheid onverganklik is; en eindelik, wat voorgee, hoewel sonder enige bewys, dat hy nooit gedwaal het of kan dwaal nie."— *Brandt, "History oj the Reformation in and About the Low Countries," boek I, bl. 6.*

Van eeu tot eeu het daar ander opgestaan om die protes te herhaal. En daardie vroeë leraars, wat in verskillende lande gereis het, en verskillende name gedra het, het die karakter gehad van die Vaudois-sendelinge; orals het hulle die kennis van die evangelie versprei, en hulle het ook die Nederlande binnegedring. Hulle leer het vinnig versprei. Hulle het die Waldensiese Bybel op rym in Hollands vertaal. Hulle het verklaar "dat daarin groot voordeel was; geen grappe en geen fabels, geen ydele woordspelings, geen bedrog, maar net woorde van waarheid; dat daar wel hier en daar 'n harde kors was, maar dat die murg en soetigheid van wat goed en heilig was maklik

daarin kon ontdek word."-— *Idem," bl. 14.*So het die vriende van die ou geloof in die twaalfde eeu geskryf.

Toe het die Roomse vervolgings begin; maar te midde van die brandstapels en marteling het die gelowiges steeds vermeerder, en standvastig verklaar dat die Bybel die enigste onfeilbare gesag in die godsdiens was, en dat "geen mens gedwing moet word om te glo nie, maar dat hy deur prediking gewin moes word."—*Martyn, Deel II, bl. 87.*

Die leerstellings van Luther het goeie grond gevind in die Nederlande, en ernstige en getroue manne het opgestaan om die evangelie te verkondig. Uit een van die provinsies van Nederland het Menno Simons gekom, opgevoed as Katoliek en as priester georden, was hy heeltemal onkundig wat die Bybel betref het, en hy wou dit nie lees nie uit vrees dat hy tot kettery verlei sou word. Toe hy eenmaal getwyfel het oor die transsubstansiasieleer het hy dit as 'n versoe-
[273] king van Satan beskou, en deur gebed en belydenis het hy getrag om homself daarvan te bevry, maar tevergeefs. Deur buitensporighede het hy probeer om die aanklaende stem van sy gewete stil te maak, maar dit het nie gehelp nie. Na 'n tyd het hy oorgegaan tot 'n studie van die Nuwe Testament, en dit, saam met die geskrifte van Luther, het hom beweeg om die Hervormde geloof aan te neem. Kort daarna het hy in 'n naburige dorp gesien hoedat 'n man om die lewe gebring is omdat hy hom weer laat doop het. Dit het hom aanleiding gegee tot 'n studie van die Bybel oor die kinderdoop. Hy kon geen bewys daarvoor in die Skrifte vind nie, maar hy het ontdek dat bekering en geloof nodig was voor die doop kon bedien word.

Menno het hom aan die Katolieke Kerk onttrek, en sy lewe gewy aan die verkondiging van die waarhede wat hy ontdek het. Beide in Duitsland en die Nederlande het daar 'n klas fanatieke verrys wat die belaglikste en oproerigste leerstellings verkondig het, wat die reels van ordelikheid en welvoeglikheid verwerp en oorgegaan het tot opstand en geweld. Menno het gesien watter vreeslike gevolge hierdie bewegings sou hê, en hy het met alle mag die verkeerde leerstellings en wilde skemas van die fanatieke bestry. Daar was baie, egter, wat deur hierdie fanatieke mislei is, maar wat later hulle gevaarlike leer versaak het; en daar was ook nog baie afstammelinge van die vroeë Christene — die vrugte van die Waldensiese leerstellings. Onder hierdie klasse het Menno met groot ywer en sukses gewerk.

Vir vyf-en-twintig jaar het hy rondgereis met sy vrou en kinders; hy moes baie ontberings verduur, en dikwels was hy in lewensgevaar. Hy het die Nederlande en noordelike Duitsland deurreis, en onder die eenvoudiger klasse gewerk, maar hy het groot invloed gehad. Van nature welsprekend, hoewel hy nie veel geleerdheid gehad het nie, was hy 'n man van onwrikbare opregtheid, van 'n nederige gees en sagmoedige maniere; hy was vroom en in sy eie lewe het hy uitgeleef wat hy geleer het, en hy het die vertroue van die volk gehad. Sy navolgers is verjaag en verdruk. Hulle het baie gely omdat hulle verwar is met die dweepsieke Munsteriete (Wederdopers). As gevolg van sy arbeid het daar groot getalle tot bekering gekom. [274]

Op geen ander plek is die Hervormde leerstellings so algemeen aangeneem as in die Nederlande nie. In min lande het die gelowiges heftiger vervolging ondervind. In Duitsland het Karel V, die Hervorming in die ban gedoen en hy sou baie graag al die aanhangers daarvan na die brandstapel gebring het; maar die vorste het soos 'n bolwerk gestaan teen sy tirannie. In die Nederlande het hy groter mag gehad, en dekrete tot vervolging het vinnig op mekaar gevolg. Om die Bybel te lees, om dit te preek, of om daarvan te praat, het feitlik die dood beteken op die brandstapel. Om tot God in die geheim te bid, om te weier om voor 'n beeld neer te buig, of om 'n psalm te sing, was ook deur die dood strafbaar. Selfs diegene wat hulle dwalings afgesweer het, is veroordeel; die mans moes met die swaard om die lewe gebring word, en die vrouens moes lewendig begrawe word. Duisende het omgekom tydens die regering van Karel en die van Filips II.

Eentyd was daar 'n hele gesin voor die inkwisisiehof gebring omdat hulle weggebly het van die Mis en hulle godsdiens tuis beoefen het. By die verhoor, het die jongste seun, in antwoord op 'n vraag wat hulle in die geheim gedoen het, gesê: "Ons val op ons knieë en bid God om ons verstand te veriig en ons sondes te vergewe; ons bid vir die koning, dat sy regering voorspoedig en sy lewe gelukkig mag wees. Ons bid vir ons magistrate dat die Here hulle mag bewaar."— *Wylie, boek XVIII, hoofstuk 6.*Sommige van die regters was diep getref ; maar tog is die vader en een van sy seuns tot die brandstapel veroordeel.

Die woede van die vervolgers was net so heftig as wat die geloof van die martelaars sterk was. Nie alleen die mans nie, maar delikate

vrouens en jongmeisies het onwrikbare moed aan die dag gelê. “Vrouens het dikwels aan hulle eggenoot se sy by die brandstapel gestaan, en terwyl hy die vuur verduur het aan hom trooswoorde toegefluister of psalms gesing om hom op te beur.” “Jong meisies het gaan lê in hulle lewende graf asof hulle op hulle bed vir die nag gaan lê het; of hulle het na die brandstapel gegaan, in hulle beste klere gekleed, asof hulle bruide was.”-— *Wylie, boek XVIII, hoofstuk 6.*

Soos in die dae toe Paganisme getrag het om die evangelie uit
[275] te roei, was die bloed van Christene die saad. (Sien Tertullianus se “Apologie,” para. 50.) Die vervolging het die getal getuies vir die waarheid vermeerder. Jaar na jaar het die keiser, wat woedend gemaak is deur die onoorwinlike standvastigheid van die volk, sy wrede werk met grag voortgesit; maar tevergeefs. Onder die edele Willem van Orange het die opstand eindelik aan Holland die vryheid gebring om God te dien.

In die berge van Piedmont, op die vlaktes van Frankryk en langs die kuste van Holland, is die vooruitgang van die evangelie met die bloed van die dissipels gemerk. Maar in die noordelike lande het dit vreedsaam voortgegaan. Die studente van Wittenberg wat na hulle huise teruggekeer het, het die Hervormde geloof na Skandinawië geneem. Die geskrifte van Luther het ook die lig versprei. Die eenvoudige, taaie volk van die noorde het hulle afgewend van die bederf, die prag, en die bygeloof van Rome, om die reinheid, die eenvoud, en die lewegewende waarhede van die Bybel aan te neem.

Tausen, “die Hervormer van Denemarke,” was ‘n boereseun. Reeds vroeg in sy lewe het die seun blyke gegee van ‘n lewenskragtige verstand; hy het gedors na onderrig; maar weens die omstandighede van sy ouers kon hy dit nie verkry nie, en hy is gevolglik na ‘n klooster. Hier het die reinheid van sy lewe, saam met sy ywer en getrouheid, vir hom die guns van die prior gewin. Sy eksamens het getoon dat hy talente besit het wat in die toekoms veel sou beteken vir die diens van die kerk. Daar is besluit om hom na een van die universiteite van Duitsland of die Nederlande te stuur; die jong student kon self kies, maar met een voorwaarde, naamlik dat hy nie na Wittenberg moes gaan nie. Hierdie student van die kerk moes gevrywaar word teen die gif van kettery, so het die monnike gesê.

Tausen het na Keule gegaan wat destyds, en soos dit vandag nog is, een van die vestings van Katolisisme was. Spoedig, egter, het hy gevind dat die mistisisme van die skoolmanne hom nie aangestaan het nie. In hierdie tyd het hy Luther se geskrifte in die hande gekry. Dit het hy met verbasing en verrukking gelees, en hy was baie begerig om persoonlik deur die Hervormer onderrig te word. Om dit te kan doen, sou beteken dat hy hom die misnoeë van die kloosterhoof op die hals sou haal en dat hy daardeur sy ondersteuning sou verloor. [276]
Dit het hom nie lank geneem om te besluit nie, en baie gou was hy ingeskryf as ‘n student op Wittenberg.

Terug in Denemarke, is hy weer na sy klooster. Totnogtoe het niemand vermoed dat hy ‘n Lutheraan was nie; hy het nie sy geheim verklap nie, maar het getrag om sy vriende, sonder om hulle vooroordeel op te wek, te lei tot ‘n reiner geloof en heiliger lewe. Hy het die Bybel aan hulle verklaar, en Christus aan hulle verkondig as die sondaar se geregtigheid en sy enigste hoop op die saligheid. Die prior wat soveel van hom verwag het as ‘n magtige verdediger van Rome, was woedend. Hy is dadelik uit sy eie klooster verwyder na ‘n ander, waar hy in sy sel onder strenge toesig moes bly.

Tot ontsteltenis van sy nuwe bewakers, het verskeie van die monnike verklaar dat hulle die Protestantse geloof aangeneem het. Deur die tralies van sy sel, het Tausen die waarheid aan sy metgeselle verkondig. As hierdie Deense vaders geweet het hoe om met ketters te handel, sou Tausen se stem nooit weer gehoor gewees het nie; maar pleks om hom in die een of ander ondergrondse kerker op te sluit, het hulle hom uit die klooster gesit. Nou was hulle magteloos. ‘n Koninklike edik wat pas uitgevaardig was, het beskerming verleen aan al die leraars van die nuwe leer. Tausen het begin preek. Die kerke is vir hom geopen, en die volk het daarheen gestroom om hom te hoor. Daar was ook ander wat die woord van God verkondig het. Die Nuwe Testament, in die Deense taal vertaal, is wyd en syd versprei. Die pogings wat die priesters aangewend het om die werk te stop, het dit net uitgebrei, en eerlank het Denemarke verklaar dat hy die Hervormde geloof aangeneem het.

Ook in Swede, het jongmanne wat uit die fontein van Wittenberg gedrink het, die water van die lewe aan hulle landgenote gebring het. Twee van die leiers in die Sweedse Hervorming, Olaf en Laurentius Petri, seuns van ‘n smid op Orebro, het onder Luther en Melanchthon

gestudeer, en die waarhede wat hulle geleer het, het hulle ywerig verkondig. Soos die groot Hervormer, het Olaf die mense deur sy ywer en welsprekendheid opgewek terwyl Laurentius, soos Melanchthon,
[277] geleerd, nadenkend, en kalm was. Albei manne was baie vroom, met groot bekwaamheid in die teologie, en van onwrikbare moed in die verkondiging van die waarheid. Pouslike teenstand het nie ontbreek nie. Die Katolieke priesters het die ongeleerde en bygelowige volk opgerui. Olaf Petri is dikwels deur die gepeupel aangeval, en verskeie keer is hy byna gedood. Hierdie Hervormers het egter die guns en beskerming van die koning geniet.

Onder die Rooms-Katolieke Kerk is die volk verarm en verdruk. Hulle het nie die Skrifte gehad nie; en met 'n godsdiens wat net uit tekens en seremonies bestaan het en nie die verstand verlig het nie, het hulle verval tot die bygeloof en paganistiese praktyke van hulle heidense voorouers. Die volk was in strydende partye verdeel, en die gedurige stryd het almal in ellende gedompel. Die koning het besluit tot 'n hervorming van kerk en staat, en hy het hierdie bekwame helpers in die stryd teen Rome verwelkom.

[278] In teenwoordigheid van die koning en die vooraanstaandes van Swede, het Olaf Petri met groot bekwaamheid die leerstellings van die Hervormde geloof verdedig teen die Roomse kampvegters. Hy het verklaar dat die onderwys van die kerkvaders aangeneem moes word alleen as dit ooreenkom met die Skrifte; dat die vernaamste leerstellings van die geloof duidelik en eenvoudig in die Bybel voorgestel is, sodat alle mense dit kan verstaan. Christus het verklaar, "My leer is nie Myne nie, maar van Hom wat My gestuur het;" en Paulus het verklaar dat as hy 'n ander evangelie sou verkondig as wat hy ontvang het, hy 'n vervloeking sou wees. (Joh. 7: 16; Gal. 1: 8.) "Hoe, dan," het die Hervormer gevra, "sal ander hulle die reg aanmatig om leerstellings na hulle eie goeddunke te maak en dit dan voor te skryf as dinge wat nodig is vir die saligheid?"— *Wylie, boek X, hoojstuk 4.*Hy het daarop gewys dat die dekrete van die kerk geen gesag het as hulle indruis teen die gebooie van God nie, en hy het die groot Protestantse beginsel gehandhaaf, naamlik: "Die Bybel en die Bybel alleen" as die enigste maatstaf van die geloof en lewe.

Die stryd, hoewel dit, algemeen gesproke, op 'n afgeleë toneel plaasgevind het, dien om ons te toon "watter soort manne die leër van die Hervormers uitgemaak het. Hulle was nie ongeletterde,

sektariese, luidrugtige redetwisters nie — gladnie; hulle was manne wat die woord van God gestudeer het en wat goed verstaan het om die wapens waarvan die Bybel hulle voorsien het, te hanteer. Wat geleerdheid betref was hulle voor hulle tyd. As ons dink aan sulke skitterende sentrums soos Wittenberg en Zurich, en aan sulke beroemde name soos die van Luther en Melanchthon, van Zwingli en (Ecolampadius, kan daar moontlik aan ons gesê word, maar hierdie manne was die leiers van die beweging, en natuurlik verwag ons dat hulle manne van buitengewone krag en groot talent sou wees; maar hulle ondergeskiktes was nie soos hulle nie. Wel, laat ons na daardie afgeleë toneel, Swede, gaan, en laat ons byvoorbeeld Olaf en Lourentius Petri neem —• van die leiers tot die dissipels — en wat vind ons? . . . geleerdes en teoloë; manne wat die hele stelsel van evangeliese waarheid volkome verstaan het, en wat maklik die oorwinning behaal het oor die drogredenaars van die skole en die waardigheidsbekleërs van Rome."—" *Wylie, boek X, hoojstuk 4.* [279]

As gevolg van hierdie redetwis, het die koning van Swede die Protestantse geloof aangeneem, en kort daarna het die volksverteenwoordiging hulle ten gunste daarvan verklaar. Die Nuwe Testament is deur Olaf Petri in Sweeds vertaal, en op versoek van die koning het die twee broers 'n vertaling van die hele Bybel onderneem; en so het die Sweedse volk vir die eerste maal die woord van God in hulle eie taal gekry. Die Ryksdag het bepaal dat die predikante deur die hele koninkryk die Skrifte moes ver-klaar, en dat kinders in die skole geleer moes word om die Bybel te lees.

Stadig maak seker het die duisternis van onkunde en bygeloof gewyk voor die geseënde lig van die evangelie. Vrygemaak van die Roomse onderdrukking, het die volk 'n krag en grootheid bereik soos nog nooit tevore nie. Swede het een van die bolwerke van Protestantisme geword. 'n Eeu later, in 'n tyd van die allergrootste gevaar, het hierdie klein en totnogtoe swak volk — die enigste volk in Europa wat dit gedurf het om te help — tot die hulp van Duitsland gekom in die vreeslike stryd van die Dertigjarige Oorlog. Dit het geskyn of die hele Noordelike Europa aan die dwingelandy van Rome sou onderwerp word. Dit was die leers van Swede wat Duitsland gehelp het om die pousgesindes te oorwin en om verdraagsaamheid teenoor die Protestante te verkry —Calviniste sowel as Lutherane—

en om gewetensvryheid te bring aan die lande wat die Hervorming
[280] aangeneem het.

[281]

## Hoofstuk 14—Later Engelse Hervormers

TERWYL Luther besig was om die geslote Bybel vir die Duitse volk te open, is Tyndale deur die Gees van God gelei om dieselfde vir Engeland te doen. Wycliffe se Bybel is uit die Vulgata vertaal wat baie foute bevat het. Dit het nooit in druk verskyn nie, en die prys van die handskrifeksemplare was so hoog dat maar min behalwe die rykes en die edelliede dit kon bekostig; en wat meer is, omdat dit deur die kerk verbied is, was die omloop daarvan baie klein. In die jaar 1516, sowat 'n jaar voor die verskyning van Luther se stellings, het Erasmus se Griekse en Latynse Nuwe Testament verskyn. Nou, vir die eerste keer, is die woord van God in die oorspronklike taal uitgegee. In hierdie werk is baie van die foute van die vorige uitgawes verwyder, en die betekenis is duideliker geopenbaar. Aan vele onder die geleerde klasse het dit 'n beter kennis van die waarheid gegee, en dit het ook die Hervorming 'n stoot vorentoe gegee. Maar die [282]
gewone mense was nog in 'n groot mate afgesny van Gods vvoord. Tyndale sou die werk van Wycliffe voltooi deur die Bybel aan sy landgenote te gee.

'n Ywerige student en 'n ernstige soeker na waarheid, het hy die evangelie geleer uit die Griekse Testament van Erasmus. Onbevrees het hy sy oortuigings verkondig, en daarop aangedring dat alle leerstellings aan die Skrifte getoets moes word, 'n Antwoord op die bewering van die Katolieke dat die kerk die Bybel gegee het en dat die kerk alleen dit kon verklaar, het Tyndale gesê: "Weet u wie die arende geleer het om hulle prooi te vind? Wel, dieselfde God leer Sy hongerige kinders om hulle Vader in Sy woord te vind. Yerre daarvandaan dat u die Skrifte aan ons gegee het, is dit u wat hulle vir ons verberg het; dit is julle wat diegene verbrand wat die Skrifte verduidelik, en as julle dit kon doen, sou julle die Skrifte self verbrand."—*D'Aubigne, boek XVIII, hoojstuk 4.*

Tyndale se prediking het groot belangstelling opgewek, en baie het die waarheid aangeneem. Maar die priesters was wakker, en nog skaars het hy die plek verlaat of hulle het deur hulle dreigemente en

wanvoorstellings probeer om sy werk te vernietig. Maar te dikwels het hulle daarin geslaag. “Wat sal ons doen?” het hy uitgeroep. Terwyl ek op die een plek saai, beskadig die vyand die land wat ek net klaar bewerk het. Ek kan nie orals wees nie. O! as Christene maar net die Heilige Skrifte in hulle eie taal kon hê, sou hulle self hierdie drogredenaars kon weerstaan. Sonder die Bybel is dit onmoontlik om die leke in die waarheid te bevestig.”— *D’Aubigne, boek XVIII, hoojstuk 4.*

Hy het ‘n nuwe plan gekry. “Dit was in die taal van Israel,” het hy gesê, “dat die Psalms in die tempel van Jehova gesing is; en sal die evangelie nie in die taal van Engeland tot ons spreek nie? . . . Sou die kerk op sy middag minder lig hê as tydens die dagbreek? . . . Christene moet die Nuwe Testament lees in hulle moedertaal.” Die doktore en leraars van die kerk het onder mekaar verskil. Slegs deur die Bybel kan mense tot die waarheid kom. “Die een hang hierdie doktor aan, en die ander daardie doktor. . . . En hulle weerspreek
[283] almal mekaar. Hoe dan kan ons onderskei tussen die een wat reg is en die een wat verkeerd is? . . . Hoe? . . . Ongetwyfeld deur die woord van God.”— *D’Aubigne, boek XVIII, hoofstuk 4.*

Dit was nie lank daarna nie dat ‘n geleerde Katolieke doktor in ‘n redetwis met hom uitgeroep het, “ons sou beter daaraan toe wees sonder Gods wette as die van die Pous.” Tyndale het geantwoord, “ek verwerp die Pous en al sy wette; en as God my lewe spaar, sal ek binnekort dit so bewerk dat die seun agter die ploeg meer van die Skrifte sal weet as jy.”—*Anderson, “Annals oj the English Bible,” bl. 19. Hersiende druk, 1862.*

Die plan wat hy gekoester het om die Nuwe Testamentiese Skrifte aan die volke in hulle eie taal te gee, is nou verwesenlik, en hy het dadelik aan die werk gespring. Deur vervolging van sy huis verjaag, het hy na Londen gegaan waar hy vir ‘n tyd ongehinderd gewerk het. Maar weer is hy deur die geweld van die Roomsgesindes verplig om te vlug. Dit het geskyn of die hele Engeland vir hom gesluit was, en hy het besluit om in Duitsland skuiling te gaan soek. Hier het hy begin met die druk van die Engelse Nuwe Testament. Tweemaal is die werk stopgesit; maar waar hy in die een stad verbied is om te werk, het hy na ‘n ander gevlug. Eindelik het hy na Worms gegaan, die plek waar Luther ‘n paar jaar vantevore die evangelie voor die Ryksdag verdedig het. Daar was baie vriende

van die Hervorming in daardie stad, en Tyndale kon sy werk ongehinderd voortsit. Gou is daar drieduisend eksemplare van die Nuwe Testament gedruk, en die volgende jaar het daar 'n nuwe oplaag gevolg.

Met groot erns en volharding het hy sy werk voortgesit. Hoewel die Engelse owerheid die hawes baie goed dopgehou het, is die woord van God langs verskillende weë heimlik na Londen gevoer, en vandaar is dit oor die land versprei. Die pousgesindes het probeer om die waarheid te onderdruk, maar tevergeefs. Die biskop van Durham het eentyd van 'n boekhandelaar, 'n vriend van Tyndale, sy hele voorraad Bybels gekoop, met die doel om hulle te vernietig om die werk te verhinder soos hy gemeen het. Maar inteendeel, die geld wat vir die Bybels verkry is, is gebruik om materiaal te koop vir 'n nuwe en beter uitgawe, wat andersins nie sou gedoen kon gewees het nie. Toe Tyndale later gevange geneem is, is daar aangebied om [284]
hom vry te stel op voorwaarde dat hy die name verklap van almal wat hom gehelp het met die onkoste en druk van sy Bybels. Hy het geantwoord dat die biskop van Durham in hierdie opsig meer as enige ander persoon gedoen het; want deur die ou voorraad teen 'n groot prys op te koop, is hy (Tyndale) in staat gestel om sy werk voort te sit.

Deur verraad het Tyndale in die hande van sy vyande geval, en eentyd was hy vir baie maande in die tronk. Eindelik het hy die marteldood gesterf vir sy geloof. Maar die wapens wat hy berei het, het ander stryders deur die eeue heen in staat gestel om die stryd voort te sit.

Van die kansel het Latimer betoog dat die Bybel in die volkstaal behoort gelees te word. Die bron van die Heilige Skrifte, het hy gesê, is God Self; en die Skrifte deel in die krag en ewigheid van die Bron. "Daar is geen koning, keiser, of magistraat of regeerder ... of hulle is verplig om Sy heilige woord te gehoorsaam." "Laat ons nie uitdraaipaadjies volg nie, maar laat die woord van God ons lei: laat ons nie agter ons voorvaders aanloop nie, of spreek soos hulle gespreek het nie, maar laat ons maak soos hulle moes gemaak het."— *Latimer, "First Sermon Preached Before King Edward VI." (ed. Parker Society.)*

Barnes en Frith, die getroue vriende van Tyndale, het opgestaan om die waarheid te verdedig. Die Ridleys en Cranmer het gevolg.

Hierdie leiers in die Engelse Hervorming was manne van geleerdheid, en die meeste van hulle was baie hoog aangeskryf vir hulle ywer en vroomheid onder die Katolieke. Hulle teenstand teen die pousdom was die gevolg van hulle kennis van die dwalings van die "heilige stoel." Hulle bekendheid met die verborgenhede van Babilon het groter krag gegee aan hulle getuienis teen haar.

"Nou wil ek 'n vreemde vraag stel," het Latimer gesê. "Weet julle wie die ywerigste biskop en prelaat in die hele Engeland is?

. . .Ek sien julle luister en wag dat ek sy naam moet noem.

. . .Ek sal julle sê: dit is die duiwel. . . . Hy is nooit sonder 'n gemeente nie, . . . besoek hom maar as julle wil, hy is altyd tuis; . . . hy is altyd agter sy ploeg. . . . Ek waarborg dat julle hom nooit ledig [285] sal aantref nie. . . . Waar die duiwel woon, daar moet die boeke wyk en die kerse moet opgesteek word; weg met die Bybels, en bring die krale; weg met die lig van die evangelie, en laat die lig van kerse skyn; ja, selfs op die middag; . . . weg met die kruis van Christus, en laat die vaevuur-goudief kom; . . . weg met die bekleding van die naaktes, die armes, en die magtelose, maar laat die beelde bedek, en stokke en stene versier word; verhef die tradisies en wette van mense, en vertrap die tradisies van God en Sy heilige woord. . . . O, mag ons prelate net so ywerig wees om die koring van gesonde leer te saai as Satan is om die onkruid te saai!"— *Latimer, "Sermon oj the Plough."*

Die groot beginsel wat deur hierdie Hervormers gehandhaaf is—-dieselfde wat deur die Waldense, Wycliffe, Johannes Huss, Luther, Zwingli, en diegene wat by hulle aangesluit het, gehuldig is — was aanname van die onfeilbare gesag van die Heilige Skrifte as maatstaf van geloof en lewe. Hulle het die reg ontken van pouse, konsilies, kerkvaders, en van konings, om die gewete in godsdienssake te beheers. Die Bybel was hulle enigste gesag, en aan die leer daarvan het hulle alle leerstellings en aansprake getoets. Dit was geloof in God en Sy woord wat hierdie manne opgebeur het waar hulle hulle lewens op die brandstapel opgeoffer het. "Wees goedsmoeds," het Latimer gesê aan 'n medemartelaar net voordat die vlamme hulle stilgemaak het, "deur die genade van God sal ons in Engeland 'n lig opsteek wat nooit weer uitgedoof sal kan word nie."—" *Works oj Hugh Latimer," Deel I, bl. 13. (ed. Parker Society.)*

In Skotland is die saad van waarheid wat deur Columba en sy medewerkers gesaai is, nooit heeltemal vernietig nie. Vir honderde jare na die kerke van Engeland hulle aan Rome onderwerp het, het dié in Skotland hulle vryheid gehandhaaf. In die twaalfde eeu, egter, is die pousdom daar bevestig, en in geen land het dit groter heerskappy gevoer nie. Nêrens was die duis-ternis groter nie. Maar nogtans het daar ligstrale gekom deur die duisternis as 'n belofte van die koms van die dag. Die Lollarde, wat uit Engeland gekom het met die Bybel en die leer van Wycliffe, het baie gedoen om die kennis van die evangelie te bewaar, en elke eeu het sy getuies en martelaars gehad. [286]

Met die begin van die Groot Hervorming het die geskrifte van Luther gekom, cn daarna Tyndale se Engelse Nuwe Testament. Ongemerk deur die hiërargie, het hierdie boodskappers stil oor berge en dale gegaan, en die fakkel van waarheid wat so byna uitgedoof was in Skotland, het weer begin opflikker en die werk begin afbreek wat Rome tydens die vier eeue van onderdrukking gedoen het.

Toe het die bloed van die martelare die beweging 'n groot stoot vorentoe gegee. Die pouslike leiers, toe hulle skielik wrakkerskrik vir die gevaar wat hulle saak bedreig het, het sommige van die edelste en geëerdste seuns van Skotland na die brandstapel gebring. Maar dit het gedien as 'n kansel vanwaar die woorde van hierdie sterwende getuies oor die hele land gehoor is, en wat die volksiel met 'n onwrikbare voorneme vervul het om die boeie van Rome af te werp.

Hamilton en Wishart, prinse van karakter sowel as van geboorte, met nog 'n hele aantal eenvoudiger dissipels, het hulle lewens op die brandstapel opgeoffer. Maar van die brandstapel van Wishart het [287]
daar een gekom wat die vlamme nie kon stilmaak nie, iemand wat onder leiding van God die doodslag aan die pousdom in Skotland sou gee.

John Knox het die tradisies en die mistisisme van die kerk verwerp om op die waarhede van Gods woord te teer. Die leer van Wishart het hom bevestig in sy besluit om die kerk van Rome te verlaat, en homself te voeg by die vervolgde Hervormers.

Toe sy vriende by hom aangedring het dat hy die predikantsamp moes opneem, het hy met bewing teruggedeins vir die verantwoordelikheid, en dit was eers na dae van afsondering en innerlike stryd

dat hy ingestem het. Maar toe hy eenmaal die werk opgeneem het, het hy voortgegaan met onwrikbare vasberadenheid en moed solank as daar lewe was. Hierdie opregte Hervormer was nie vir die mens bang nie. Die martelaarsvure wat rondom hom gebrand het, het slegs gedien om sy ywer groter te maak. Met die byl van die tiran dreigend na sy hoof gemik, het hy palgestaan en links en regs het hy magtige slae uitgedeel om afgodediens te verpletter.

Toe hy van aangesig tot aangesig voor die koningin van Skotland verskyn het, in wie se teenwoordigheid die ywer van rnenige leier van Protestantisme verdof het, het John Knox onwrikbaar getuig vir die waarheid. Liefkosings kon hom nie oorhaal nie; vir dreigemente het hy nie gesidder nie. Die koningin het hom beskuldig van kettery. Hy het die volk geleer om ‘n godsdiens aan te neem wat deur die staat verbied is, het sy gesê, en dus het hy Gods gebod oortree wat die volk beveel om hulle prinse te gehoorsaam. Yasberade het Knox geantwoord:

“Daar ware godsdiens nie oorspronklike krag of gesag van wêreldlike vorste verkry het nie, maar van die ewige God alleen, is die onderdane nie verplig om hulle godsdiens te reel volgens die smaak van hulle prinse nie. Want dikwels is dit die geval dat prinse die onkundigste van almal is in die ware godsdiens van God . . . as al die afstammelinge van Abraham die godsdiens van die Farao’s bely het, wie se onderdane hulle vir ‘n lang tyd was, dan vra ek u, mevrou, watter soort godsdiens sou daar in die wêreld gewees het? Of as alle mense in die dae van die apostels die godsdiens van die Roomse
[288] keisers bely het, watter soort godsdiens sou daar op die aarde gewees het? . . . En so, mevrou, sal u kan sien dat die onderdane nie gebonde is deur die godsdiens van hulle prinse nie, alhoewel hulle beveel is om hulle te gehoorsaam.”

Maria het geantwoord, “Jy verklaar die Skrifte op een manier, en hulle (die Rooms-Katolieke leraars) verklaar dit op ‘n ander manier; wie moet ek glo, en wie sal oordeel?”

“U moet God glo, wat duidelik in Sy woord spreek,“ het die

Hervormer geantwoord; “en verder as wat die woord leer, moet u nog die een nog die ander glo. Die woord van God is op sigself duidelik; en as daar onduidelikheid op die een plek is, verklaar die Heilige Gees, wat Homself nooit weerspreek nie, daardie gedeelte duideliker op ander plekke, sodat daar geen twyfel kan bestaan be-

halwe in die geval van diegene wat moedswillig onkundig wil bly nie."— *Laing, "Works oj John Knox," Deel II, bis. 281, 284 (ed. 1895.)*

Dit was die waarhede wat die onverskrokke Hervormer, in lswensgevaar voor die koningin verkondig het. Met dieselfde heldemoed het hy doelbewus voortgegaan; hy het gebid, en die stryd van die Here gestry totdat Skotland van die pousdom bevry is.

In Engeland het die bevestiging van Protestantisme as 'n nasionale godsdiens vervolging laat afneem, maar dit is nie heeltemal stopgesit nie. Terwyl baie van die leerstellings van Rome versaak is, is baie van die vorms behou. Die oppermagtigheid van die Pous is verwerp, maar in sy plek is die koning verhef tot hoof van die kerk. In die kerkdienste was daar nog 'n groot afwyking van die reinheid en eenvoud van die evangelie. Die groot beginsel van godsdiensvryheid was nog nie heeltemal verstaan nie. Hoewel die vreeslike wreedhede wat Rome teen ketters gepleeg het maar selde deur Protestantse heersers toegepas is, is die reg van elke mens om God te dien volgens die inspraak van sy gewete, nogtans nie erken nie. Van almal is geverg dat hulle die leerstellings moes aanneem en die vorms moes gebruik wat deur die kerk voorgeskryf is. Andersdinkendes is vervolg vir 'n tydperk van 'n honderd jaar en meer.

In die sewentiende eeu is duisende predikante van hulle ampte onthef. Op dreigement van swaar boetes, gevangenisstraf, en ver- [289] banning, is die volk verbied om enige godsdienstige byeenkomste by te woon behalwe die wat deur die kerk goedgekeur is. Daardie getroue siele wat gedwonge gevoel het om God te aanbid, is verplig om in donker systraatjies, verborge solders, en in sommige gevalle snags in die bosse byeen te kom. In die beskutting van die bosse, 'n tempel deur God self gebou, het die verstrooide, vervolgde kinders van God vergader om te bid en God te loof. Maar ten spyte van al hulle voorsorgsmaatreëls, moes baie vir hulle geloof ly. Die tronke was tot oorlopenstoe vol. Gesinne is verbreek. Baie is na vreemde lande verban. Maar God was met Sy volk, en vervolging kon hulle nie stilmaak nie. Baie is oor die see verdryf na Amerika, en daar het hulle die hoeksteen gelê van burgerlike en godsdiensvryheid wat nog steeds die bolwerk en eer van daardie land is.

Weer, net soos in die dae van die apostels, het vervolging ge- [290] dien tot uitbreiding van die evangelie. In 'n afskuwelike kerker, vol

diewe en verlaagdes, het John Bunyan die atmosfeer van die hemel ingeasem; en daar het hy sy bekende allegorie van die "Pelgrim se Reis na die Ewigheid" geskrywe. Vir meer as tweehonderd jaar al spreek daardie stem van die Bedfordse tronk met opwekkende krag tot die harte van mense. Bunyan se "Pilgrim's Progress" en "Grace Abounding to the Chief of Sinners" het baie voete in die lewensweg gerig.

Baxter, Flavel, en Alliene, en nog ander manne van talent, opvoeding, en Christelike ervaring, het opgestaan in heldhaftige verdediging van die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Die werk van hierdie manne, verban en verbied deur die heersers van hierdie wêreld, kan nooit vergaan nie. Flavel se "Fountain of Life," en "Method of Grace" het duisende geleer hoe om hulle siele vir bewaring aan Christus te gee. Baxter se "Reformed Pastor" was 'n groot seen vir vele wat 'n herlewing in die werk van God begeer het, en sy "Saints' Everlasting Rest" het sy werk gedoen om siele te lei na die rus wat oorbly vir die volk van God.

'n Honderd jaar later, in 'n tyd van groot geestelike duisternis, het Whitefield en die Wesleys verskyn as ligdraers vir God. Onder die wette van die gevestigde kerk, het die mense van Engeland verval in 'n toestand van godsdienstige agteruitgang wat skaars onderskei kon word van die heidendom. Natuurlike godsdiens was die geliefkoosde studie van die geestelikes, en dit het al hulle teologie ingesluit. Die hoër klasse het vroomheid versmaad, en hulle daarop beroem dat hulle hoër gestaan het as wat hulle fanatisme genoem het. Die laer klasse was baie onkundig, en oorgegee aan ontug, terwyl die kerk geen moed of geloof meer gehad het om die vertrapte saak van waarheid te ondersteun nie.

Die groot leerstelling van regverdigmaking deur geloof, wat so duidelik deur Luther geleer is, is byna vergeet; en die Roomse beginsel van vertroue op goeie werke vir die saligheid het die plek daarvan ingeneem. Whitefield en die Wesleys, lede van die gevestigde kerk, was opregte soekers na die guns van God en dit kon verkry word, soos hulle geleer is, deur 'n deugsame lewe en die nakoming van die
[291] insettings van die godsdiens.

Toe Charles Wesley eenmaal siek was, en daar gevrees is vir sy lewe, is aan hom gevra waarop hy sy hoop op die ewige lewe gebou het. Sy antwoord was, "Ek het my beste pogings aangewend om God

te dien." Toe dit geskyn het of die vriend wat die vraag gestel het nie heeltemal met die antwoord tevrede was nie, het Wesley gedink, "Wat! is my pogings nie voldoende grond vir hoop nie? Sou hy my wil beroof van my goeie werke? Ek het niks anders om op te vertrou nie."—*Whitehead, John, "Lije of the Rev. Charles Wesley," bl. 102 (2de Am. ed. 1845).*So dig was die duisternis wat die kerk omhul het, wat die versoening bedek het, wat Christus van sy heerlikheid beroof het, en wat die harte van die mense afgewend het van hulle enigste hoop op die saligheid, naamlik die bloed van die gekruisigde Verlosser.

Wesley en sy medewerkers is daartoe gebring om te sien dat ware godsdiens sy setel in die hart het, en dat Gods wet te doen het met die gedagtes sowel as met woorde en dade. Oortuig van die nodigheid van hartheiligheid, sowel as 'n onbesproke uiterlike gedrag, het hulle in alle erns 'n nuwe lewensweg begin. Met alle ywer en gebed het hulle probeer om die boosheid van die natuurlike hart in bedwang te bring. Hulle het 'n lewe van selfverloëning, liefdadigheid, en nederigheid gelei, en met die grootste nougesetheid alles gedoen wat volgens hulle mening kon help om wat hulle die meeste begeer het aan hulle te besorg — naamlik daardie heiligheid wat vir hulle die guns van God sou verkry. Maar hulle het nie gekry wat hulle gesoek het nie. Hulle pogings om hulleself te bevry van die veroordeling van die sonde en die mag daarvan te verbreek, was tevergeefs. Dit was dieselfde stryd wat Luther ondervind het in sy sel te Erfurt. Dit was dieselfde vraag wat sy siel gemartel het —"Hoe kan 'n mens regverdig wees by God?" Job 9: 2.

Die vure van goddelike waarheid, wat byna uitgedoof is op die altaar van Protestantisme, is weer aangesteek deur die ou fakkel wat deur die Boheemse Christene van eeu tot eeu oorhandig is. Na die Hervorming, is Protestantisme in Boheme deur die hordes van Rome vertrap. Almal wat geweier het om die waarheid te versaak, is gedwing om te vlug. Sommige van hulle wat skuiling in Sakse gevind het, het die outydse geloof daar gehand- haaf. Dit was van die [292] afstammelinge van hierdie Christene wat Wesley en sy medewerkers die lig ontvang het.

John en Charles Wesley, na hulle ordening, is vir sendingwerk na Amerika gestuur. Aan boord van die skip waarmee hulle gereis het, was 'n geselskap Morawiërs. Heftige storms is op see teëgekom,

en John Wesley, wat deur die dood in die aangesig gestaar is, het gevoel dat hy geen versekering van vrede by God gehad het nie. Die Duitsers, egter, het 'n kalmte en vertroue aan die dag gelê wat hy nie geken het nie.

"Lank tevore al," het hy gesê, "het ek hulle ernstige gedrag opgemerk. Deur dienste vir die ander passasiers te verrig, wat die Engelse nooit sou onderneem het nie, het hulle steeds bewys gelewer van hulle nederigheid; hulle wou geen betaling vir die werk aanneem nie, en het gesê dat dit goed vir trotse harte was, en dat hulle liefdevolle Heiland meer vir hulle gedoen het. Elke dag het hulle bewys gelewer van 'n sagmoedigheid wat deur geen kwaad kon aangetas word nie. As hulle gestamp, geslaan, of neergegooi is, het hulle weer opgestaan en weggestap; maar nooit het hulle gekla nie. Nou was daar geleentheid om hulle op die proef te stel om te sien of hulle verlos was van die gees van vrees sowel as van hoogmoed, woede, en wraak. Terwyl hulle besig was om 'n psalm te sing aan die begin van hulle diens, het 'n brander oor die skip geslaan, die groot seil stukkend geslaan en oor die dekke gestroom asof die groot see ons alreeds opgeswelg het. Die Engelse het verskriklik begin gil, maar die Duitsers het kalm voorgegaan met hulle lied. Later het ek een van hulle gevra, ,Was julle nie bang nie?' Hy het geantwoord, "Ek dank God, nee.' Weer het ek gevra, ,maar was julle vrouens en kinders nie bang nie?' Weer het sy sagmoedig geantwoord, Nee; ons vrouens en kinders is nie bang vir die dood nie.' "— *Whitehead, "Life of the Rev. John Wesley," bl. 10 {Am. ed. 1845.*

By hulle aankoms in Savannah, het Wesley vir 'n rukkie by die Morawiërs gebly, en hulle Christelike lewe het 'n diep indruk op hom gemaak. Van een van hulle dienste, wat baie afgesteek het by die lewenlose formalisme van Engeland, het hy geskryf: "Die groot eenvoud sowel as die plegtigheid van die hele diens het my die
[293] sewentienhonderd jaar wat verloop het, byna laat ver - geet, en ek het my verbeel dat ek in een van daardie vergaderings was waarin vorm of staat nie bestaan het nie; en waarin Paulus, die tentmaker, of Petrus, die visser, as voorganger opgetree het in die Gees en in krag."— *Whitehead, "Lije oj the Rev. John Wesley," bls. 11, 12 (Am. ed. 1845).*

By sy terugkoms in Engeland, het Wesley, onderrig deur 'n Morawiese prediker, 'n duideliker begrip van die Bybelse geloof verkry.

Hy is oortuig dat hy alle vertroue op sy eie werke vir die saligheid moes versaak, en alleen moes vertrou op die "Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Op 'n vergadering van die Morawiese Genootskap in Londen, is daar 'n verklaring van Luther gelees, waarin die verandering beskryf word wat deur die Gees van God in die hart van die gelowige bewerk word. Terwyl Wesley geluister het, is die vlam van geloof in sy siel aangesteek. "Ek het gevoel hoedat my hart op vreemde wyse verwarm word," het hy gesê. "Ek het gevoel dat ek op Christus, en op Christus alleen, vertrou het vir die saligheid: en daar is 'n versekering aan my gegee dat Hy my sondes, ja, my sondes weggeneem het, en my verlos het van die wet van sonde en die dood."—*Id., bl. 52.*

Deur lang jare van vermoeiende en troostelose strewe, jare van harde selfverloëning, van verwyt en vernedering, het Wesley volhard in sy een doel, naamlik om God te soek. Nou het hy Hom gevind; en hy het gevind dat die genade wat hy getrag het om deur vas en gebed, deur aalmoes en selfvernedering te win, 'n gawe was, "sonder geld en sonder prys."

Eenmaal bevestig in die geloof van Christus, was sy hele siel brandende met 'n begeerte om die kennis van die heerlike evangelie van Gods vrye genade orals te versprei. "Ek beskou die hele wêreld as my arbeidsveld," het hy gesê; "in watter deel ek my ookal mag bevind, beskou ek dit nodig en reg en as my aangewese plig om aan almal wat gewillig is om te luister, die blye tyding van verlossing te verkondig."—*Id., bl. 74.*

Hy het sy streng en selfverloënende lewe voortgesit, nie nou as grond nie, maar as gevolg van sy geloof; nie as die wortel nie, maar as die vrug van heiligheid. Die genade van God in Christus is die grondslag van die Christen se geloof, en daardie genade sal [294]
gehoorsaamheid as gevolg hê. Wesley het sy lewe gewy aan die verkondiging van die groot waarhede wat hy ontvang het, naamlik regverdigmaking deur geloof in die versoenende bloed van Christus en die vernuwende krag van die Heilige Gees in die hart, wat vrugte sal afwerp in 'n lewe ooreenkomstig die voorbeeld van Christus.

Whitefield en die Wesleys is vir hulle werk berei deur besliste persoonlike oortuigings van hulle eie verlore toestand; en ten einde hulle in staat te stel om beproewing te verduur soos goeie soldate, is hulle blootgestel aan smaad, bespotting, en vervolging beide op

die universiteit en in hulle bediening. Hulle, en 'n paar ander wat met hulle gesimpatiseer het, is veragtelik genoem Metodiste deur hulle goddelose medestudente —'n naam wat vandag as 'n erenaam beskou word deur een van die grootste genootskappe in Engeland en Amerika.

As lede van die Kerk van Engeland was hulle getrek deur die vorms van daardie kerk, maar die Here het in Sy woord 'n hoër standard aan hulle voorgehou. Die Heilige Gees het hulle gedwing om Christus te verkondig as die gekruisigde. Die krag van die Allerhoogste is in hulle werk geopenbaar. Duisende is oortuig en waarlik bekeer. Dit was nodig om hierdie skape te beskerm teen verskeurende wolwe. Wesley het nie 'n plan gehad om 'n nuwe genootskap te stig nie, maar hy het hulle georganiseer in wat bekend was as die Metodistiese Vereniging.

Vreemd en heftig was die teenstand wat hierdie predikers aan die kant van die gevestigde kerk ondervind het; maar in Sy wysheid het God tussenbei getree sodat die Hervorming binne die kerk self begin het. As dit heeltemal van buite gekom het, sou dit nie kon indring waar dit so nodig was nie. Maar daar die opwekkingspredikers kerkmanne was, en binne die kerk gewerk het soos die geleentheid voorgedoen het, het die waarheid ingang gevind waar die deure andersins gesluit sou gebly het. Sommige van die geestelikes is opgewek uit hulle geestelike slaap, en hulle het ywerige predikers geword in hulle eie gemeentes. Kerke wat reeds versteen was deur formalisme het weer lewendig geword.

In die tyd van Wesley, soos in alle eeue van die kerk se geskiede-
[295] nis, het manne met verskillende gawes hulle aangewes; werk gedoen. Hulle het nie op alle punte van die leer ooreengestem nie, maar almal is deur die Gees van God gelei, en hulle het saamgewerk met die een hoofdoel, naamlik om siele vir Christus te win. Die verskille tussen Whitefield en die Wesleys het een tyd gedreig om vervreemding te bring; maar namate hulle nederigheid geleer het in die skool van Christus, het wedersyde verdraagsaamheid en liefde hulle versoen. Hulle het geen tyd gehad vir twiste terwyl dwaalleer en sonde orals geheers het en sondaars verlore gegaan het nie.

Die diensknegte van God het 'n ruwe pad betree. Manne van invloed en geleerdheid het hulle kragte teen hulle gebruik. Na 'n tyd het baie van die geestelikes bepaalde onvriendelikheid vertoon, en

die kerkdeure is gesluit teen 'n reine geloof en diegene wat dit verkondig het. Die optrede van die geestelikes deur hulle uit die kansel aan te val, het die elemente van duisternis, onkunde, en boosheid opgewek. Keer op keer het John Wesley deur 'n wonderwerk van Gods genade die dood ontvlug. Wanneer die woede van die gepeupel teen hom opgewek is, en dit geskyn het of daar geen kans was om te ontsnap nie, het 'n engel in menslike gedaante aan sy sy kom staan; die gepeupel het teruggeval en die dienskneg van Christus het die plek van gevaar veilig verlaat.

Van een van die tye toe hy verlos is van die verwoede gepeupel, het Wesley geskryf: "Baie van hulle het probeer om my teen die grond te gooi terwyl ons met 'n glibberige heuwelpad na die dorp is; want hulle het gemeen dat as ek eenmaal op die grond beland het, ek nie in staat sou wees om weer op te staan nie. Maar ek het nie eenmaal gestruikel of gegly nie totdat ek veilig uit hulle hande was. . . . Hoewel baie van hulle probeer het om my aan die hals of klere beet te kry en my grond-toe te trek, kon hulle my nie vasvat nie: net een van hulle het my onderbaadjiepant beetgekry, maar die stuk het gou in sy hand agtergebly; die ander pant, in die sak waarvan 'n banknoot was, is halfpad afgeskeur. . . . 'n Frisgeboude kêrel net agter my het verskeie keer na my geslaan met 'n groot eikehoutstok; as hy my eenmaal daarmee raakgeslaan het agter my kop, sou 'n tweede skoot nie nodig wees nie. Maar elke skoot het hy misgeslaan, ek weet nie hoe nie; want ek kon nie regs of links koets nie. . . . 'n [296]
Andereen het deur die gedrang aangestorm gekom; hy het sy arm opgelig om te slaan, maar hy het dit skielik vveer laat sak en my kop gestreel terwyl hy gesê het, ‚hoe sag is sy hare!' . . . Die heel eerste wie se harte in die dorp aangeraak is, was die helde van die dorp, die leiers van die gepeupel by alle geleenthede; een van hulle was die baasvuisvegter. . . .

"Hoe geleidelik berei God ons voor om Sy wil te doen! Twee jaar gelede het 'n stuk baksteen my skrams op die skouer getref. 'n Jaar daarna is ek met 'n klip tussen die oë gegooi. Verlede maand is ek eenmaal raakgeslaan, en vanaand tweemaal; die eerste maal net voordat ek in die dorp gekom het en die laaste maal na ek daar weg is; maar dit was albei niks: want hoewel een man my met alle mag op die bors geslaan het, en die ander hou op my mond was, sodat die bloed sommer dadelik gevloei het, het ek net so min pyn van die

slae gevoel asof hulle my met ‘n strooitjie geslaan het.”—“*Wesley’s Works,” Deel 111, bis. 297, 298 (ed. 1831).*

Die Metodiste van daardie vroeë dae — leke sowel as predikers — moes bespotting en vervolging verduur beide van kerklede en van die ongodsdienstiges wat deur hulle wanvoorstellings opgehits is. Hulle is voor geregshowe gebring — geregshowe maar net in naam, want daar was maar min geregtigheid in die howe van daardie tyd. Dikwels moes hulle geweld verduur van hulle vervolgers. Die gepeupel het van huis tot huis gegaan, huisraad en besittings vernietig, geplunder soos hulle wil, en mans, vrouens, en kinders op wrede wyse mishandel. In sommige gevalle is daar openbare kennisgewings aangeplak waarin diegene wat graag wou help om die vensterruite van Metodiste stukkend te gooi en hulle huise te beroof, versoek is om op bepaalde tye en plekke bymekaar te kom. Hierdie openlike verbreking van beide mens-like en goddelike wette is gepleeg sonder bestraffing. Daar is oorgegaan tot ‘n stelselmatige vervolging van die mense wie se enigste fout was dat hulle gesoek het om die voete van sondaars te rig van die pad van die verdoemenis in die pad van heiligheid.

Met verwysing na die beskuldigings teen hom en sy medewerkers, het John Wesley gesê: “Sommige beweer dat die leerstellings
[297] van hierdie manne vals, verkeerd, en dweepsugtig is; dat hulle nuut en tot onlangs toe onbekend was; dat hulle kwakery, fanatisme en Rooms is. Al hierdie voorwendsels is reeds aan die kaak gestel, want daar is algemeen bewys dat elkeen van hierdie leerstellings skriftuurlik is soos deur ons eie kerk uitgelê. Hulle kan dus nog vals nog verkeerd wees as die Skrifte waar is.” “Ander beweer, ‚hulle leer is te streng; hulle maak die pad na die hemel te nou.’ En dit is inderwaarheid die oorspronklike beswaar (vir ‘n tyd was dit byna die enigste beswaar), en dit lê ten grondslag van ‘n duisend ander wat in verskillende vorms voorkom. Maar maak hulle die pad na die hemel nouer as wat onse Here en Sy apostels dit gemaak het? Is ons leer strenger as die van die Bybel? Dink maar aan ‘n paar duidelike tekste: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag.’ ‚Elke ydel woord wat die mense praat, daar moet hulle rekenskap van gee in die oordeelsdag.’

"Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.' "As hulle leer strenger is as dit, dan is dit hulle skuld; maar u weet in u hart dat dit nie so is nie. En wie kan minder streng wees sonder om die woord van God te verdraai? Kan enige rentmeester van die verborgenhede van God getrou wees as hy enige deel van daardie heilige uitsprake verander? Nee. Hy kan niks daarvan afdoen en hy kan niks versag nie; hy is onder verpligting om aan alle mense te verklaar, ‚ek mag nie die Skrifte verlaag om in julle smaak te pas nie. Julle moet tot die hoogte van die Skrifte kom of vir ewig vergaan.' Dit is die ware grond van daardie ander beskuldiging aangaande die ‚liefdeloosheid van hierdie mense.' Is hulle liefdeloos? In watter opsig? Voed hulle nie die hongeriges en kleed hulle nie die naaktes nie? ‚Nee; dit is nie die vraag nie: hulle skiet nie in hierdie dinge kort nie: maar hulle is so liefdeloos in hulle oordeel! Hulle meen dat niemand gered kan word behalwe diegene wat hulle pad bewandel nie.' "—"*Wesley's Works," Deel III, bis. 152, 153.*

Die geestelike agteruitgang wat in Engeland geheers het net voor die tyd van Wesley, was in 'n groot mate die gevolg van die Antinomiaanse leer. Dit is deur vele voorgehou dat Christus die sedewet afgeskaf het en dat Christene derhalwe nie onder verplig- ting is om [298]
dit na te kom nie; en dat gelowiges bevry is van die "slawerny van goeie werke." Ander, hoewel hulle die ewigdurendheid van die wet erken het, het verklaar dat dit nie vir predikante nodig was om die volk te vermaan tot gehoorsaamheid nie, aangesien diegene wat deur God uitverkies is tot die saligheid "deur 'n onweerstaanbare drang van goddelike genade gelei sou word tot 'n lewe van vroomheid en deug," terwyl diegene wat vir die verdoemenis bestem is, "geen krag het om die goddelike wet te gehoorsaam nie."

Ander, wat ook die mening toegedaan was dat "die uitverkorenes nie van die genade kon verval of die goddelike guns kon verbeur nie," het tot 'n nog gruweliker gevolgtrekking gekom naamlik "dat die goddelose dade wat hulle pleeg nie werklik sonde is nie, of kan beskou word as 'n verkragting van die goddelike wet nie, en dat daar derhalwe vir hulle geen nodigheid was of om hulle sondes te bely of hulle te versaak deur bekering nie."— *"McClintock and Strong's Cyclopedia, art. Antinomians (ed. 1871).*Hulle het daarom verklaar dat selfs een van die afskuwelikste sondes, "een wat algemeen erken

is as 'n verkragting van die goddelike wet, nie 'n sonde was in die oë van God," as dit deur een van die uitverkorenes gepleeg is nie, "omdat dit een van die vernaamste en kenmerkende karaktertrekke van die uitverkorenes is dat hulle niks kan doen wat God mishaag of deur die wet verbied is nie."

Hierdie ontsettende leerstellings is in wese dieselfde as die latere leerstellings van die populêre opvoeders en teoloë, naamlik dat daar nie 'n onveranderlike goddelike wet as maatstaf van geregtigheid bestaan nie, maar dat die maatstaf van sedelikheid deur die samelewing self bepaal word, en dat dit gevolglik aan verandering onderhewig is. Al hierdie idees kom van dieselfde meestergees — van hom. wat selfs onder die sondelose bewoners van die hemel sy werk begin het om die regverdige beperkings van Gods wet tersyde te stel.

Die leerstelling dat goddelike dekrete die karakter van mense onveranderlik vasstel, het vele gebring tot 'n feitlike verwerping van Gods wet. Wesley het die dwalings van die Antinomiaanse leraars
[299] hardnekkig bestry, en daarop gewys dat hierdie leer wat tot Antinomianisme lei, teenstrydig met die Skrifte was. "Die reddende genade van God het aan alle mense verskyn." "Dit is goed en aangenaam voor God, onse Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom, want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat homself gegee het as 'n losprys vir almal." (Titus 2: 11; 1 Tim. 2: 3-6.) Die Gees van God word vryelik gegee, om elke mens in staat te stel om die saligheid aan te neem. Christus, "die waaragtige lig wat elke mens verlig was aan kom in die wêreld." Joh. 1: 9. Die mens mis die saligheid deur sy eie moedswillige weiering van die gawe van die lewe.

In antwoord op die bewering dat die Dekaloog saam met die seremoniële wet deur Christus afgeskaf is, het Wesley gesê: "Die sedewet, vervat in die Tien Gebooie en beveel deur die profete, het hy nie weggeneem nie. Dit was nie die doel van Sy koms om enige deel hiervan af te skaf nie. Dit is 'n wet wat nooit verbreek kan word nie, wat ,vasstaan as die getroue getuie in die hemel.' . . . Dit het bestaan van die begin van die wêreld, ,geskrywe nie op kliptafels nie,' maar op die harte van alle mensekinders, toe hulle van die hand van die Skepper gekom het. En hoe die letters wat eenmaal deur die vinger van God geskryf is vandag ookal deur die sonde uitgewis is,

kan hulle nogtans nie heeltemal verdelg word nie solank ons nog enige besef het van goed en kwaad. Elke deel van hierdie wet moet van krag bly op die hele mensheid, en in alle eeue; want hulle is nie afhanklik van tyd of plek nie, of van enige ander omstandigheid wat aan verandering onderworpe is nie, maar van die natuur van God, en van die natuur van die mens, en hulle onveranderlike verhouding tot mekaar.

" ‚Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.' . . . Sonder twyfel is sy bedoeling op hierdie plek (dit is ooreenkomstig alles wat voorafgaan en later volg)—Ek het gekom om die wet in sy volheid te bevestig ten spyte van al die byvoegsels van mense: Ek het gekom om alles ten voile duidelik te stel wat duister en verborge daarin is: Ek het gekom om die ware en voile betekenis van elke deel te verklaar; om te wys op die lengte en breedte, die hele omvang van elke gebod daarin, en op die hoogte en diepte, die onbegryplike [300] reinheid en geestelikheid daarvan in al sy vertakkings."—"*Wesley's Works," Preek 25.*

Wesley het gewys op die volkome ooreenstemming van die wet en die evangelie. "Daar is dus die nouste verband moontlik tussen die wet en die evangelie. Aan die eenkant maak die wet gedurig plek vir, en wys ons op, die evangelie; aan die anderkant lei die evangelie ons steeds tot 'n nougesetter vervulling van die wet. Die wet, byvoorbeeld, vereis dat ons God moet liefhê, ons naaste moet liefhê, dat ons sagmoedig, nederig, en heilig moet wees. Ons voel dat ons nie hierdie dinge kan bereik nie; ja, dat dit vir die mens onmoontlik is; maar ons sien 'n belofte van God wat ons daardie liefde sal gee, en wat ons nederig, sagmoedig, en heilig sal maak: ons neem hierdie evangelie of hierdie blye tyding aan; dit geskied aan ons volgens ons geloof; en ‚die geregtigheid van die wet word in ons vervul,' deur die geloof in Christus Jesus. . . .

"Vooraanstaande onder die vyande van die evangelie van Christus," het Wesley gesê, "is diegene wat openlik en duidelik ‚die wet oordeel,' ‚en kwaad spreek van die wet;' wat die mense leer, om nie net een, of dit nou die grootste of die kleinste gebod is, maar al die gebooie tegelyk te verbreek (d.i. te verwater, los te maak, of die verpligtings daarvan op te hef). . . . Die verbasendste van alle omstandighede wat met hierdie sterke selfbedrog gepaard gaan, is dat diegene wat daaraan oorgegee is, werklik glo dat hulle Christus

vereer deur die verwerping van Sy wet, en dat hulle Sy amp verheerlik, terwyl hulle Sy leer vernietig! Ja, hulle vereer Hom net soos Judas toe hy gesê het, ‚Gegroet, Rabbi!' en Hom gesoen het. En Hy kan met alle reg aan elkeen van hulle sê, ‚Verraai jy die Seun van die mens met 'n kus?' Om van Sy bloed te praat en Sy kroon weg te neem, is niks anders as om Hom met 'n kus te verraai nie; en dieselfde geld ook as 'n deel van Sy wet geminag word onder voorwendsel van die bevordering van Sy evangelie. En enigeen wat geloof verkondig op so 'n wyse dat dit regstreeks of onregstreeks enige deel van gehoorsaamheid afskaf, kan nie hierdie beskuldiging ontduik nie; of wat Christus verkondig sodat dit een van die minste van die gebooie van God tot niet maak of enigsins verswak."
[301] —"*Wesley's Works," Preek 35.*

Aan diegene wat voorgehou het dat "die prediking van die evangelie voldoen aan die eise van die wet," het Wesley gesê: "Dit ontken ons heeltemal. Dit voldoen nie aan die eerste vereistes van die wet nie, naamlik om mense van sonde te oortuig en diegene wakker te skud wat op die randjie van die hel slaap." Die apostel Paulus verklaar, "deur die wet is die kennis van die sonde;" "nie aleer 'n mens van sonde oortuig is sal hy waarlik behoefte voel aan die versoenende bloed van Christus nie . . . ‚die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is,' soos die Here gesê het. Dit is dus belaglik om die geneesheer te neem na diegene wat gesond is, of diegene wat meen dat hulle nie siek is nie. Jy moet hulle eers oortuig dat hulle siek is; anders sal hulle jou nie bedank vir jou werk nie. Dit is net so belaglik om Christus te verkondig aan diegene wie se harte heel is, wie se harte nog nooit gebreek is nie."—"*Wesley's Works," Preek 35.*

Waar hy dus die evangelie van die genade van God verkondig het, het Wesley, net soos sy Meester, getrag om die wet te vergroot en te verheerlik. Getrou het hy die werk gedoen wat God aan hom gegee het, en heerlik was die vrugte wat hy toegelaat was om te sien. Aan die einde van sy lang lewe van meer as tagtig jaar — vyftig waarvan hy rondgereis het in sy bediening — het hy meer as 'n halfmiljoen volgelinge gehad. Maar die menigte wat deur sy werk verhef is uit die verlaging van die sonde tot 'n hoër en edeler lewe, en die aantal wat deur sy leer tot 'n dieper en ryker ervaring gekom het, sal nooit bekend word aleer die hele gesin van verlostes in die koninkryk van

God vergader is nie. Sy lewe bevat ‘n les van onskatbare waarde vir alle Christene. Mag die geloof en nederigheid, die onvermoeide ywer, die selfopoffering, en die toewyding van hierdie dienskneg van Christus in die kerke van vandag weerkaats word! [302]

[303]

## Hoofstuk 15—Die Bybel en die Franse Rewolusie

IN die sestiende eeu het die Hervorming, deur aan die volk 'n ope Bybel aan te bied, getrag om toegang te verkry tot alle lande van Europa. Sommige van die volke het die Bybel met blydskap verwelkom as 'n boodskapper uit die hemel. In ander lande het dit die pousdom byna geluk om die Bybel te belet; en hulle het die lig van Bybelkennis, met sy verheffende invloed, byna heeltemal uitgesluit. In een land is die lig, hoewel dit daar toegang gevind het, deur die heersende duisternis nie begryp nie. Vir eeue lank het waarheid en dwaalleer gestry om die oorhand. Eindelik het die kwaad geseëvier, en is die waarheid van die hemel uitgewerp. "En dit is die oordeel, dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig." Joh. 3: 19. Daardie volk moes later die vrugte pluk van die weg wat hy ingeslaan het. Die weerhoudende [304] Gees was ont- trek aan 'n volk wat die genadegawe van God verag het. Die kwaad is toegelaat om tot rypheid te kom, en die hele wêreld het die vrugte gesien van die moedswillige verwerping van die lig.

Die stryd teen die Bybel, wat vir soveel eeue in Frankryk gevoer is, het sy hoogtepunt in die tonele van die Rewolusie bereik. Die vreeslike losbarsting was slegs die noodwendige gevolg van Rome se onderdrukking van die Skrifte. Daar het ons die treffendste voorbeeld wat die wêreld nog ooit gesien het van die werking van die pouslike beleid—'n voorbeeld van die gevolge waarheen die leer van die Roomse Kerk vir meer as 'n duisend jaar gelei het. (Sien Aanhangsel.)

Die onderdrukking van die Skrifte gedurende die tydperk van die pouslike oorheersing is deur die profete voorspel; en die skrywer van die Openbaring wys ook op die vreeslike gevolge wat sou ontstaan uit die heerskappy van "die mens van die sonde," veral in Frankryk.

Die engel van die Here het gesê: "Hulle sal die heilige stad vir twee-en-veertig maande lank vertrap. En Ek sal aan my twee getuie gee dat hulle, met sakke beklee, duisend twee honderd en sestig dae lank sal profeteer . . . en wanneer hulle hulle getuienis voleindig het,

sal die dier wrat uit die afgrond opkom, met hulle oorlog maak en hulle oorwin en hulle dood maak; en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook ons Here gekruisig is. . . . Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het. En na die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hulle voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het." Openb. 11: 2-11.

Die tydperke wat hier genoem word — "twee-en-veertig maande," en "duisend twee honderd en sestig dae"—is dieselfde, en hulle stel albei dieselfde tydperk voor waarin die kerk van Christus deur Rome sou onderdruk word. Die 1260 jaar van die pouslike oorheersing het in 538 n.C. begin en sou dus in die jaar 1798 eindig. In daardie jaar het 'n Franse leer Rome binnegeval en die Pous gevangegeneem; hy het in ballingskap gesterf. Of- skoon 'n nuwe [305]
Pous kort daarna gekies is, het die pouslike priesterheerskappy sedert daardie tyd nooit weer die mag uitgeoefen wat hulle tevore besit het nie. (Sien Aanhangsel.)

Die vervolging van die kerk het nie die hele tydperk van 12 60 jaar geduur nie. In barmhartigheid teenoor Sy volk het God die tyd van hulle swaar beproewing verkort. Waar die Heiland die .,groot verdrukking" voorspel het wat die kerk sou tref, het Hy gesê: "En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word." Matt. 24: 22. Die invloed van die Hervorming het die vervolging laat ophou voor die jaar 1798.

Aangaande die twee getuies het die profeet verder verklaar: "Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan." Openb. 11:4. "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad," het die psalmis gesê. Ps. 119: 105. Die twee getuies stel die Skrifte van die Ou en Nuwe Testamente voor. Albei is belangrike getuies van die oorsprong en euwigdurendheid van die wet van God. Ook getuig albei van die verlossingsplan. Die sinnebeelde, die offerandes, en die profesieë van die Ou Testament het almal gewys op 'n Verlosser wat sou kom. Die Evangelies en Sendbriewe van die Nuwe Testament vertel van 'n Heiland wat gekom het net soos dit voorspel was deur voorafskaduings en profesieë.

En hulle sal “duisend twee honderd en sestig dae lank profeteer,” met sakke beklee. Gedurende die grootste gedeelte van hierdie tydperk het Gods getuie in ‘n staat van verborgenheid verkeer. Dit pouslike mag het getrag om die woord van waarheid van die volk weg te hou, en het aan hulle valse getuies voorgehou waardeur die leer van die woord weerspreek is. (Sien Aanhangsel.) Toe die Bybel deur geestelike en wêreldse owerhede verbied is; toe sy leer verdraai is, en alle pogings wat deur mense of duiwels kon uitgedink word in die werk gestel is om die harte van die volk daarvan af te wend; toe hulle wat gewaag het om die waarhede te verkondig, verjaag, verraai, gepynig, in gevangenisse opgesluit is, en die marteldood vir hulle geloof moes sterf, of gedwing was om te vlug na spelonke in die berge, en in die gate en grotte van die aarde—toe het die getroue
[306] getuies, met sakke be- klee, geprofeteer. Nieteenstaande dit alles nie het hulle gedurende die hele tydperk van 1260 jaar hulle getuienis voortgesit. In die donkerste tye was daar getroue manne wat Gods woord liefgehad het en hulle vir Sy eer beywer het. Aan hierdie getroue diensknegte is daar wysheid, mag, en gesag geskenk om Sy waarheid gedurende al die tyd te verkondig.

“En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier doodgemaak word.” Openb. 11: 5. Die mens kan Gods woord nie ongestraf vertrap nie. Die betekenis van hierdie vreeslike vonnis wrord in die laaste hoofstuk van Openbaring verklaar: “Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.” Openb. 22: 18, 19.

So lui die waarskuwings wat God gegee het om mense terug te hou om op enige wyse die dinge wat Hy geopenbaar het te verander. Hierdie ernstige veroordelings is van toepassing op almal wat deur hulle invloed mense lei om Gods wet gering te ag. Hulle behoort diegene met vrees en bewing te vervul wat op ligsinnige wyse verklaar dat dit ‘n saak van minder belang is of hulle Gods wet gehoorsaam of nie. Almal wat hulle eie opinies verhef bokant

die goddelike openbaring; almal wat meen om die duidelike betekenis van die Skrifte te verander om by hulle eie sienswyses aan te pas, of om gelykvormig aan die wêreld te wees, neem verskriklike verantwoordelikheid op hulleself. Die geskrewe woord, die wet van God, is die maatstaf waardeur die karakter van elke mens gemeet sal word, en dit sal almal veroordeel wat nie aan hierdie onfeilbare toets voldoen nie.

"En wanneer hulle hulle getuienis voleindig het." Die tydperk wat hierdie twee getuies sou profeteer, het in 1798 geëindig. Namate hulle die einde van hulle werk wat hulle in die verborgenheid gedoen het genader het, sou daar oorlog op hulle gemaak word deur 'n mag wat voorgestel is as "die dier wat uit die afgrond opkom." In baie [307]
van die volke van Europa is die magte, wat kerk en staat geregeer het, vir eeue deur Satan beheers deur middel van die pousdom. Maar hier word daar 'n nuwe openbaring van sataniese mag aan die lig gebring.

Onder voonwendsel van eerbied vir die Bybel, was dit die beleid van Rome om die Bybel op te sluit in 'n onbekende taal in dit weg te hou van die volk. Dit is onder sy regering wat die getuies in sakke geklee, geprofeteer het. Maar 'n ander mag —die dier wat uit die afgrond opkom — sou verskyn om openlik oorlog te maak op die woord van God.

Die ,.groot stad" op wie se strate die getuies gedood sou word en waar hulle dooie liggame sou lê is "geestelik" genoem "Egipte." Van al die volke waarvan ons in Bybelse geskiedenis lees, het Egipte op die vermetelste wyse die bestaan van die lewende God ontken, en Sy gebooie weerstaan. Geen monarg het ooit op vermeteler en vrypostiger wyse teen die gesag van die Hemel gerebelleer as die koning van Egipte nie. Toe Moses in die naam van die Here aan hom die boodskap gebring het, het Farao trots geantwoord, "Wie is die Here na wie se stem ek moet luister om Israel te laat trek? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel ook nie laat trek nie." Exod. 5: 2. Dit is ateïsme; en die volk wat deur Egipte voorgestel is, sou op dieselfde wyse die aansprake van die lewende God ontken, en 'n dergelike gees van ongeloof en uitdaging openbaar. Die "groot stad" word "geestelik" met Sodom vergelyk. Die goddeloosheid van Sodom en die skending van Gods wet is veral geopenbaar in losbandigheid.

En hierdie sonde sou die hoofkaraktertrek wees van die volk wat beantwoord aan die beskrywings in hierdie skriftuur vervat.

Volgens die woorde van die profeet sou daar 'n bietjie voor die jaar 1798 'n mag van sataniese oorsprong en karakter opstaan om oorlog te maak op die Bybel. En in die land waar die getuienis van God twee getuies sou stilgemaak word, sou die atefsme van Farao en die losbandigheid van Sodom gesien word.

Hierdie profesie is op treffende wyse vervul in die geskiedenis van Frankryk. Gedurende die Rewolusie in 1793, "het die wêreld vir die eerste maal gehoor hoedat 'n vergadering van manne, onder die
[308] invloed van die beskawing gebore en opgevoed en wat hulle die reg toegeëien het om een van die beste Europese volke te regeer, hulle verenigde stem verhef om die plegtigste waarheid wat die siel van 'n mens ooit kan ontvang, ontken, en eenstemmig hulle geloof aan die diens van die Opperwese afsweer."— *"Life of Napoleon Buonaparte," deur Sir Walter Scott, Deel 1, hoojstuk 17 (edisie 1854).*"Die Franse is die enigste nasie in die wêreld waarvan daar betroubare oorkondes bestaan dat hulle hulle hand in openlike opstand teen die Maker van die heelal verhef het. Baie godslasteraars en baie ongelowiges het bestaan en bestaan nog in Engeland, Duitsland, Spanje, en elders; maar Frankryk neem 'n enige plek in in die geskiedenis van die wêreld as die een staat, wat deur 'n dekreet van Sy Wetgew'enderaad geproklameer het dat daar geen God is nie, en waarvan die hele bevolking van die hoofstad, en ook getalle in ander stede, vrouens sowel as mans, van vreugde gedans en gesing het by hulle aanname van die proklamasie."—*"Blackwood's Magazine," November 1870.*

Frankryk het ook die karaktertrek geopenbaar wat Sodom veral gekenmerk het. Gedurende die Rewolusie is daar 'n toestand van sedelike verval en bederf geopenbaar net soos die van die stede van die vlakte wat verwoes is. Die geskiedskrywer stel die ateïsme en losbandigheid van Frankryk voor net soos dit in die profesie beskrvf is: "Nou verbind met die wette w7at op die godsdiens betrekking gehad het, was die wet wat die huweliksband — die heiligste verbintenis wat mense kan aangaan, en die duursaamheid waarvan op die kragtigste wyse bygedra het tot die instandhouding van die samelewing — so verlaag het, dat dit in 'n burgerlike kontrak van 'n verbygaande aard verander is wat deur twee persone aangegaan en na willekeur

verbreek kon word. ... As duiwels hulle beywer het om 'n plan uit te dink om alles wat agtenswaardig, lieflik, en standhoudend is in die huislike lewe op die doeltreffendste wyse te vernietig, en wat hulle terselfdertyd die versekering sou gee dat die kwaad wat hulle voornemens was om te stig voortgesit sou word van een geslag na die ander, sou hulle geen beter plan kon uitdink het as die verlaging van die huwelikstaat nie. . . . Sophie Arnoult, 'n toneelspeelster, beroemd vir haar geestige gesegdes, het die republikeinse hu- welik [309]
as 'n ‚sakrament van hoerery' beskryf."— *Scott, Deel I, hoojstuk 17.*

"Waar ons Here gekruisig is." Hierdie besonderheid van die profesie is ook in Frankryk vervul. In geen land is die gees van vyandskap teen Christus op treffender wyse geopenbaar nie. In geen land het die waarheid bitterder en wreder teenstand ondervind nie. In die vervolging waarmee Frankryk die belyers van die evangelie vervolg het, het hy Christus gekruisig in die persoon van Sy dissipels.

Eeu na eeu is die bloed van die heiliges gestort. Terwyl die Waldense in die berge van Piedmont hulle lewens opgeoffer het "vir die woord van God en vir die getuienis van Jesus Christus," het hulle broeders, die Albigense van Frankryk, op dieselfde wyse vir die waarheid getuig. In die dae van die Hervorming is die aanhangers van die waarheid onder die vreeslikste marteling om die lewe gebring. Konings en edelliede, hooggebore vroue en tere maagde, die trots en die adel van die volk, het hulle verlustig in die aanskouing van die smarte van die martelare van Jesus. Die moedige Hugenote, strydende vir die regte wat die menslike hart as heiligste beskou, het hulle bloed in menige bittere stryd gestort. Die Protestante is voëlvry verklaar en daar was 'n prys op hulle hoof gesit en hulle is as wilde diere gejag.

Die "kerk in die woestyn"— die weinige nakomelinge van die ou Christene, wat in die agtiende eeu in Frankryk oorgebly het en wat hulle in die berge van die suide skuil gehou het — het nog vasgeklem aan die geloof van hulle vaders. Wanneer hulle dit gewaag het om gedurende die nag teen die berghellings of op die eensame heide saam te kom, is hulle deur soldate agtervolg en gevangegeneem om lewenslank as slawe op die galeie te dien. Die reinstes, die beskaafdstes, en die mees ontwikkeldes van die Franse volk is in die grootste foltering tussen rowers en moordenaars vasgeketting.*(Sien Wylie, boek XXII, hoojstuk 6.)*Ander, wat op genadiger wyse behandel

is, is koelbloedig doodgeskiet terwyl hulle ongewapen en hulpeloos in die bed of op hulle knieë was. Honderde grysaards, weerlose vroue, en onskuldige kinders het dood op die grond bly lê op die plekke waar hulle saamgekom het. Langs die berghellings of in die
[310] bos waar hulle gewoon- lik saamgekom het, was dit niks ongewoonds
[311] om "elke vier tree dooie liggame op die gras te sien lê, of lyke wat aan bome hang nie." Hulle land, wat deur die swaard, die byl, en die brandstapel verwoes is, "is in 'n groot, aaklige wildernis omgeskep." "Hierdie gruweldade is gepleeg ... nie in die Middeleeue nie, maar in die skitterende tydperk van Lodewyk XIV. Die wetenskap is destyds beoefen, die lettere het opgebloei, die godgeleerdes van die hof en die hoofstad was bestudeerde en welsprekende manne, wat die skyn gegee het dat hulle die deugde van sagmoedigheid en mensliewendheid besit het."—*Idem, lioofstuk 7.*

Maar die swartste in die swarte lys van misdade, die verskriklikste van al die duiwelse dade van daardie vreeslike eeue, was die Bloedbad van St. Bartholomeus. Die wêreld herinner hom nog aan die afskuwelike tonele van die laagste en wreedste van alle slagtings. Die koning van Frankryk, op aandrang van die Roomse priesters en prelate, het sy toestemming tot hierdie gruwelike daad gegee. 'n Klok wat in die middernagtelike stilte gelui is, was die teken vir die slagting. Duisende Protestante, wat in die vertroue op die gegewe erewoord van hulle koning rustig in hulle wonings geslaap het, is sonder 'n woord van waarskuwing na buite gesleep en koelbloedig vermoor.

Net soos Christus die onsigbare leier van Sy volk was uit die Egiptiese slawerny, so was Satan ook die onsigbare leier van sy mense in hierdie afskuwelike werk om die martelare te vermoor. Vir sewe dae lank het die bloedbad in Parys aangehou — die eerste drie met ontsettende wreedheid. En dit was nie net tot die stad Parys beperk nie, want op spesiale bevel van die koning is die moord ook voortgesit in al die provinsies en dorpe waar daar Protestante gewoon het. Nog ouderdom nog geslag is ontsien nie. Nog die onskuldige baba nog die grys hoof is gespaar nie. Edelman en boer, oud en jonk, moeder en kind is saam neergevel. Vir 'n hele twee maande het die slagting in Frankryk aangehou. Sewentigduisend van die fleur van die volk het omgekom.

"Toe die tyding van die slagting Rome bereik het, het die vreugde van geestelikes geen perke geken nie. Die kardinaal van Lotaringe het die boodskapper met 'n duisend krone beloon; die kanonne van die kasteel van St. Angelo het 'n vreugdesaluut afgevuur; die klokke [312]
in elke toring het gelui; vreugdevure het die nag in dag verander; en Gregorius XIII, van sy kardinale en ander waardigheidsbekleërs vergesel, het in 'n groot optog na die kerk van die heilige Lodewyk gegaan, waar die kardinaal van Lotaringe 'n*Te Deum*gesing het. . . . Daar is 'n medalje geslaan ter gedagtenis aan die bloedbad, en in die Vatikaan is daar nog drie freskos (skilderye) deur Vasari te sien, wat die aanval op die admiraal, die koning met sy raadgewers planne makende, en die bloedbad self voorstel. Gregorius het aan Karel die Goue Roos gestuur; en vier maande na die bloedbad . . . het hy met stille genoeë gesit en luister na die preek van 'n Franse priester, . . . wat melding gemaak het van ,die dag so vol geluk en vreugde, toe die heilige vader die tyding ontvang het, en in 'n statige optog sy dank aan God en die heilige Lodewyk gaan betuig het.'"—*White, Henry, "The Massacre oj St. Bartholomew," hoojstuk 14, para. 34 (ed. 1871).*

Hierdie selfde meestergees wat die mense op St. Bartholemeus-nag aangevuur het was ook die leier in die tonele van die Rewolusie. Jesus is as 'n bedrieër beskuldig, en die wagwoord van die Franse ongelowiges was, "Weg met die Ellendeling,"—hulle het natuurlik Christus bedoel. Hemeltergende godslastering en gruwelike goddeloosheid het saamgegaan, en die laagste onder die mense, die ellendigste monsters van wreedheid en sonde, is die hoogste verhef. Deur dit alles is die hoogste eer aan Satan bewys; terwyl Christus, in Sy karaktertrekke van waarheid, reinheid, en onselfsugtigheid gekruisig is.

"Die dier wat uit die afgrond opkom, sal met hulle oorlog maak en hulle oorwin en hulle dood maak." Die godloënende mag wat Frankryk tydens die Rewolusie en die Skrikbewind beheers het, het so 'n stryd gevoer teen God en Sy heilige woord soos die wêreld nog nooit gesien het nie. Die aanbidding van God is deur die Nasionale Vergadering afgeskaf. Bybels is versamel en in die openbaar verbrand met alle moontlike blyke van veragting. Die wet van God is onder die voete vertree. Die instellings van die Bybel is opsy gesit. Die weeklikse rusdag is afgeskaf en in die plek daarvan is

elke tiende dag aan uitspatting en godslastering gewy. Die Doop
[313] en die Avondmaal is verbied. En plakkate wat op sigbare plekke in die kerkhowe aangeplak is, het verklaar dat die dood 'n ewige slaap was.

Hulle het gesê dat die vrees van God so min die beginsel van wysheid was dat mens dit veeleer die beginsel van dwaasheid kan noem. Alle godsdienstige eredienste is verbied, behalwe die van die vryheid en van die land. "Aan die konstitusionele biskop van Parys is die vernaamste rol gegee in die skaamteloosste en skandelikste klugspel wat daar nog ooit voor 'n nasionale gehoor opgevoer is. . . . Hy is in voile prosessie voortgelei om aan die Konvensie te verklaar dat die godsdiens wat hy soveel jare verkondig het, in alle opsigte die werk van priesterbedrog was, sonder fondament in die geskiedenis of gewyde waarheid. In plegtige en indrukwekkende woorde het hy die bestaan van die godheid, aan wie se diens hy gewy was, ontken, en hy het homself vir die toekoms oorgegee aan die diens van vryheid, gelykheid, deug en sedelikheid. Daarna het hy sy episkopale versiersels op die tafel gelê, en 'n broederlike omhelsing ontvang van die president van die Konvensie. Verskeie ander afvallige priesters het die voorbeeld van hierdie prelaat gevolg."-—Scott, Deel I, hoojstuk 17.

"Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat die twee profete die bewoners van die aarde gepynig het." Die ongelowige Frankryk het die bestraffende stem van God twee getuies tot swye gebring. Die woord van waarheid het dood gelê op die strate, en hulle, wat die bande en verordeninge van Gods wet gehaat het, het gejuig. Ja, die mense het die Koning van die hemel openlik uitgedaag. Soos die sondaars vanouds het hulle uitgeroep: "Hoe sou God dit weet, en sou daar kennis by die Allerhoogste wees?" Ps. 73: 11.

Met byna ongelooflike godslasterlike stoutmoedigheid het een van die priesters van die nuwe orde gesê: "God, as Jy bestaan, wreek Jou beledigde naam. Ek daag Jou uit! Jy bly stil: Jy durf Jou donder nie laat losbars nie! Wie sal hierna in Jou bestaan glo?"—"*Lacretelle's History," Deel XI, bl. 309: in "Allison's History oj Europe," Deel I, hoojstuk 10.*Wat 'n weerklank is dit nie van Farao se vraag: "Wie is die Here na Wie se stem ek moet luister?" "Ek ken
[314] die Here nie."

[315]

"Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie." Ps. 14: 1. En van hulle wat die waarheid verdraai verklaar die Here: "Hulle dwaasheid sal vir almal duidelik wees." 2 Tim. 3: 9. Xadat Frankryk die diens van die lewende God, "die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon," afgesweer het, het dit nie lank geduur voordat hulle tot 'n verlagende afgodediens verval het nie, deur die Godin van Rede te aanbid in die persoon van 'n sedelose vrou. En dit nogal in die verteenwoordigende vergadering van die volk. en deur sy hoogste burgelike en wetgewende owerhede! Die geskiedskrywer sê: "Een van die seremonies van hierdie kranksinnige tyd is ongeëwenaard wat dwaasheid verbind met goddeloosheid, betref. Die deure van die Konvensie is oopgemaak vir 'n troep musikante wat gevolg is deur die lede van die stadsraad, wat in 'n plegtige optog binnestap het onder die gesing van 'n lofsang ter ere van vryheid, onderwyl hulle die voorwerp van hulle toekomstige verering, naamlik 'n gesluierde vrou, wat hulle die Godin van Rede genoem het, begelei het. Nadat sy binnekant die balie gebring is, is sy met groot plegtigheid ontsluier en sy is 'n plek aan die regterhand van die President aangewys, waar sy algemeen herken is as 'n danseres uit die opera. . . . Aan hierdie persoon, as die geskikste verteenwoordiger van die Rede wat hulle aanbid het, het die Nasionale Konvensie van Frankryk openbare hulde gebring.

"Hierdie goddelose en belaglike poppespel het 'n sekere mode geskep; en die wyding van die Godin van die Rede is deur die hele volk hernuwe en nageboots op die plekke waar die inwoners graag wou toon dat hulle aan die Rewolusie tot sy hoogste toppunt wou meedoen."— *Scott, Deel I, hoofstuk 17.*

Die redenaar wat die erediens van die Rede ingelei het, het die volgende toespraak gelewer: "Wetgewers! Fanatisme het plek gemaak vir rede. Sy leepoë kon die glans van die lig nie langer verdra nie. Vandag is daar 'n ontsaglike skare vergader onder die gotiese gewelwe, wat vir die eerste maal die stem van die waarheid laat weergalm het. Daar het die Franse die enigste ware erediens ingestel, naamlik die van Vryheid en van Rede. Daar het ons wense uitgespreek vir die welvaart van die wapens van die Republiek. Daar het ons vaarwel gesê aan die lewenlose afgode, vir die Rede, [316]
daardie lewenskragtige beeld, die meesterstuk van die natuur."—

*Thiers, M.A., "History oj the French Revolution," Deel II, bls. 370, 371.*

Toe die godin in die Konvensie gebring is, het die redenaar haar aan die hand geneem en terwyl hy hom tot die vergadering gewend het, het hy gesê: "Sterwelinge, hou op om te beef vir die magtelose donders van 'n God wat deur u vrees geskep is. Erken van nou af geen God behalwe die Rede nie. Ek bied julle sy edelste en reinste beeld aan; as julle afgode moet hê, offer dan alleen aan een soos hierdie. . . . Val neer voor die deurlugtige Senaat van Vryheid, o Sluier van Rede! . . .

"Nadat die godin deur die president omhels is, is sy op 'n pragtige rytuig geplaas, en gevolg deur 'n ontsaglike skare is sy na die domkerk van Notre Dame gevoer, om die plek van die Godheid in te neem. Daarna is sy op 'n hoë altaar geplaas en het sy die aanbidding van almal wat teenwoordig was ontvang." —Alison, Deel 1, hoojstuk 10.

Kort daarna het daar 'n openbare verbranding van Bybels plaasgevind. By 'n sekere geleentheid het die "Volkgenootskap van die Museum" die saal van die stadsraad binnegestap en uitgeroep: "Vive la Raison!" (Lewe die Rede). Terwyl hy dit uitgeroep het, het hy aan 'n stok vasgemaak, die verbrande oorblyfsels van verskeie boeke omhoog gehou, waaronder Katolieke gebedeboeke, misboeke, en die Ou en Nuwe Testamente wat, soos die president gesê het, "in 'n groot vuur geboet het vir al die onsin wat hulle die menslike geslag laat bedryf het."— "*Journal of Paris," 1793, No. 318. Aanhangsel in Bouchez-Roux se versameling van "Parliamentary History," Deel XXX, bis. 200, 201.*

Dit was die pousdom wrat die werk begin het wat nou deur ateïsme voltooi is. Die staatkunde wat deur Rome gevolg is, het hierdie toestande, sosiaal, staatkundig, en godsdienstig, laat ontstaan wat Frankryk tot sy ondergang gedryf het. Skrywers oor die gruweldade van die Rewolusie, sê dat hierdie verregaande gruwels aan die troon en die kerk moet toegeskryf word. (Sien Aanhangsel.) Maar as ons regverdig wil wees, moet die kerk al die skuld kry. Die pousdom
[317] het die verstand van die konings vergiftig teen die Hervorming, as synde 'n vyand van die troon, 'n element van tweedrag, wat skadelik sou wees vir die vrede en eenheid van die volk. Dit was die slim-

heid van Rome, wat langs hierdie weg die gruwelikste wreedheid en afskuwelikste verdrukking deur die troon bewerkstellig het.

Die gees van vryheid en die Bybel gaan saam. Orals waar die evangelie nog ooit aangeneem is, het die volk ontwaak. Hulle het die boeie afgeskud wat hulle die slawe van onkunde, sonde, en bygeloof gemaak het. Hulle het begin handel en dink soos mense. Die vorste het dit gesien en hulle het gebeef vir die verdere bestaan van hulle alleenheerskappy.

Rome het nie nagelaat om hulle ywersugtige gees aan te blaas nie. In die jaar 1525 het die Pous aan die ryksbestuurder van Frankryk gesê: "Hierdie manie, "Protestantisme" sal nie alleen die godsdiens in verwarring bring en tot niet maak nie, maar ook alle heerskappy, die hele adel, alle wette, range, en stande."— *Felice, G. de, "History of the Protestants oj France," boek I, hoojstuk 2, para. 8.*'n Paar jaar later het 'n pouslike gesant die koning as volg gewaarsku: "Meneer, laat u nie mislei nie. Die Protestante sal alle burgelike, sowel as alle godsdienstige orde omkeer. . . . Die troon staan in die selfde gevaar as die altaar. . . . Die invoering van 'n nuwe godsdiens beteken noodsaaklikerwyse ook 'n nuwe regering."— *D'Aubigne, "History oj the Reformation in the Time oj Calvin" boek II, hoofstuk 36.*'n Godgeleerde het hom op die vooroordeel van die volk beroep deur te verklaar dat die Protestantse leer "Die mense verlei tot nuwighede en dwaasheid; die koning ontroof van die liefde van sy onderdane en sowel die kerk as die staat verwoes." Op hierdie wyse het dit Rome geluk om Frankryk teen die hervorming te stel. "Dit was om die troon staande te hou, die adel te beveilig, en die wette te handhaaf, dat die swaard van vervolging vir die eerste keer in Frankryk ontbloot is."— *Wylie, boek XIII, lioofstuk 4.*

Min het die heersers van die land die gevolge voorsien wat hierdie noodlottige politiek as gevolg sou hê. Die leer van die Bybel sou in die verstand en die hart van die volke die beginsels van regverdigheid, matigheid, waarheid, geregtigheid en weldadig- heid [318]
ingeplant het wat die hoeksteen van voorspoed in 'n nasie vorm. "Geregtigheid verhoog 'n volk," daardeur "word die troon bevestig." Spreuke 14: 34; 16: 12. "Die werking van geregtigheid sal vrede wees, en die voortbringsel van die geregtigheid berus in veiligheid tot in ewigheid." Jes. 32: 17. Hy wat die goddelike wet gehoorsaam, sal inderwaarheid ook die wette van sy land eerbiedig en gehoorsaam.

Hy wat God vrees, sal die koning eer in die uitoefening van alle regverdige en regmatige gesag. Maar die ongelukkige Frankryk het die gebruik van die Bybel verbied, en die aanhangers van die leer daarvan verban. Manne van beginsel en opregtheid, manne van goeie verstand en sedelike moed, wat gedurf het om vir hulle oortuigings uit te kom, en geloof gehad het om vir die waarheid te ly, moes vir eeue as slawe op die galeie swoeg, op die brandstapel sterf, of hulle het in die kerkers omgekom. Duisende en duisende het veiligheid gevind in vlug; en dit het aangehou vir twee honderd en vyftig jaar na die begin van die Hervorming.

"Gedurende daardie lang tydperk was daar byna geen geslag van Franse, wat nie daarvan getuie was dat die aanhangers van die evangelie moes vlug voor die kranksinnige woede van die vervolger, en hulle het die wetenskap, die skone kunste, die industrieë, en die ordelikheid waarin hulle in die reel uitgeblink het met hulle meegeneem om die land waar hulle skuiling gevind het daarmee te verryk. En namate hulle ander lande met die goeie gawes bedeel het is hulle eie land verarm. As alles wat toe verdryf is in Frankryk kon gehou gewees het; as die industriële bedrewenheid van die bannelinge die grond gedurende daardie drie honderd jaar kon bewerk het; as hulle aanleg vir die kuns gedurende daardie drie honderd jaar aan die verbetering van hulle eie fabriekswese kon bestee gewees het; as hulle skeppende genie en vindingryke krag gedurende die drie honderd jaar aan die verryking van hulle literatuur en die ontwikkeling van hulle wetenskap kon bestee gewees het; as die vergaderings deur hulle wysheid kon gelei gewees het, hulle moed Frankryk se oorloë kon gevoer het, hulle regverdigheid van oordeel sy wette kon gemaak het, en as die godsdiens van die Bybel die verstand van die volk kon versterk het om hulle wette te bestuur, wat 'n heerlikheid
[319] sou Frankryk vandag omring het! Wat 'n groot, voor- spoedige, en gelukkige land —'n voorbeeld vir die volkere — sou dit gewees het!

"Maar blinde en onverbiddelike dwepery het van sy bodem elke leraar van die deug, elke kampvegter vir die orde, elk welmenende verdediger van die troon verdryf; aan die manne wat hulle land 'n ‚naam en roem' op die aarde sou kon gemaak het, is gesê: Kies wat julle wil hê, die brandstapel of verbanning. Eindelik is die ondergang van die staat voltooi; daar was geen gewete meer om wreed te vervolg nie; geen godsdiens meer om na die brandstapel te sleep

nie; geen vaderlandsliefde meer om verbrand te word nie.”—*Wylie, boek XIII, hoojstuk 20.*En die Rewolusie, met al sy verskrikkinge was die noodlottige gevolg.

“Met die vlug van die Hugenote het daar algemene agteruitgang in Frankryk gekom. Bloeiende fabriekstede het begin kwyn; vrugbare distrikte het weer in hulle natuurlike woestheid verval; verstandelike stompheid en sedelike verval het gevolg op ‘n tydperk van ongekende vooruitgang. Parys het ‘n groot armehuis geword, en die aantal behoeftiges wat by die uitbreek van die Rewolusie van die koning ondersteuning ontvang het, word op tweehonderd duisend geskat. Alleen die Jesuïete was voorspoedig in die kwynende land, en hulle het met verskriklike tirannie kerke en skole, gevangenisse en galeie beheers.”

Die evangelie sou aan Frankryk die oplossing gegee het van die politieke en sosiale vraagstukke wat die bekwaamheid van sy geestelikes, van sy koning en van sy wetgewers nie kon oplos nie, en wat die volk eindelik in regeringloosheid en ellende gedompel het. Maar onder die heerskappy van Rome het die volk die geseënde lesse van die Heiland oor selfopoffering en onselfsugtige liefde verloor. Hulle is weggelei van die beoefening van selfverloëning vir die welsyn van ander. Die rykes is nie gestraf vir hulle onderdrukking van die armes nie, en die armes het geen vooruitsig gehad vir verlossing van slawerny en ontaarding nie. Die selfsug van die gegoedes en magtiges is meer en meer geopenbaar en het swaarder geword. Eeu na eeu het die hebsug en sedeloosheid van die edelman voldoening gevind in geweldadige afpersing van die boer. Die rykes het die armes veronreg, en die armes het die rykes gehaat.

In baie van die provinsies het die grond aan edelmanne be- hoort, [320]
en die werkende klasse was slegs huurders; hulle was afhanklik van die genade van hulle here, en hulle was gedwonge om hulle te onderwerp aan die sware eise. Die las van die ondersteuning van kerk en staat moes gedra word deur die middelen laerklasse, wat swaar belas is deur die burgerlike en geestelike owerhede. “Die welbehae van die edelmanne is as die hoogste wet geag; die boere en die landbewoners kon maar verhonger sonder dat hulle verdrukkers daarop aggeslaan het. ... By dit alles moes die volk uitsluitlik die belange van hulle heer in ag neem. Die lewe van die landbouers was ‘n lewe van onophoudelike geswoeg en ellende sonder verligting;

hulle klagte, as hulle ooit durf kla, is met onbeskaamde veragtig van die hand gewys. In die geregshowe is die woord van die edelman altyd geneem teen die van die landbouer; dit was algemeen bekend dat die regters geskenke aangeneem het; en ten gevolge van hierdie stelsel van algemene bederf, het die kleinste gril van die aristokrasie die krag van die wet geniet. Van die belastings wat deur die wêreldlike owerhede aan die eenkant, en die geestelikes aan die anderkant van die boerestand afgepers is, het die helfte nie in die koninklike of episkopaalse skatkis gekom nie; die res is verkwis in sedelose selfbevrediging. En die manne wat op hierdie wyse hulle medeonderdane verarm het, was self vry van belasting; en hulle het volgens die wet of die landsgebruik reg op alle staatsbetrekkings gehad. Die bevoorregte klasse het sowat honderd en vyftig duisend getel, en om hulle te bevredig is daar miljoene veroordeel tot 'n hopelose en ontaarde bestaan." (Sien Aanhangsel.)

Die koninklike hof was aan weelde en sedeloosheid oorgegee. Daar was weinig vertroue tussen die volk en die heersers. In alles wat die regering gedoen het, het hulle kwaaie bedoelings en selfsug gesien. Vir sowat 'n halwe eeu voor die Rewolusie het Lodewyk XV op die troon gesit, en selfs in daardie goddelose tye is hy beskou as 'n luie, ligsinnige, en sinnelike vors. Met 'n ontaarde en wrede aristokrasie en die verarmde en onkundige laer klasse, met die staat in finansiële verknorsing en die volk in wanhoop, was daar geen siener nodig om die vreeslike opstand wat gedreig het om los te bars, te voorsien nie. Die koning was gewoond om die waarskuwings van sy raadgewers te beantwoord met die woorde: "Trag om sake
[321] aan die gang te hou solank as ek leef, na my dood kan daar maar gebeur wat wil." Dit was tevergeefs om op die noodsaaklikheid van 'n hervorming aan te dring. Hy het die kwaad wel gesien, maar het nog die moed nog die krag gehad om dit teë te gaan. Die lot wat Frankryk gewag het, was maar te duidelik in sy onverskillige en selfsugtige antwoord geskilder —"Xa my die sondvloed!"

Deur op die naywer van die koning en heersende klasse te werk, het Rome hulle daartoe gebring om die volk in slawerny te hou, wel wetende, dat die staat op hierdie manier sou verswak word om beide heersers en die volk aan hom diensbaar te maak. Met skerpsinnige staatsbeleid het Rome ingesien, dat as jy die mense tot slawe wil maak, jy die boeie om hulle siele moes slaan; en dat die sekerste

weg om hulle te verhinder om hulle van die slawerny te bevry, is om hulle ongeskik te maak vir die vryheid. Duisendmaal erger as die liggaamlike lyding wat as gevolg van hierdie staatkunde ontstaan het, was die sedelike ontaarding. Yan die Bybel beroof, en oorgegee aan die leringe van dwepery en selfsug, was die volk in onwetenheid en bygeloof gehul en in die sonde versink sodat hulle geheelenal ongeskik was om hulle self te regeer.

Maar die uitwerking van dit alles was baie verskillend van wat Rome bedoel het. Pleks dat hy die menigte in blinde gehoorsaamheid aan sy leerstellings gehou het, was die uitkoms van sy werk dat hulle ongelowiges en opstandelinge geword het. Hulle het Romanisme verag as priesterbedrog. In die geestelikheid het hulle die oorsaak gesien wat tot hulle verdrukking bygedra het. Die enigste god wat hulle geken het was die god van Rome; sy leer was die enigste godsdiens. Hulle het die hebsug en wreedheid as die wettige vrug van die Bybel beskou, en hulle wou daarmee niks te doen gehad het nie.

Rome het die karakter van God in 'n verkeerde lig gestel, en Sy eise verdraai; en nou het die mense die Bybel verwerp, asook Hom wat die Bybel gegee het. Hy het 'n blinde geloof geëis in sy leerstellings onder die voorgegewe sanksie van die Skrifte. Toe die terugslag gekom het, het Voltaire en sy rasgenote Gods woord geheelenal verwerp, en hulle het die gif van ongeloof orals versprei. Rome het die volk onder sy hiel vertrap, en nou het die volksmenigte, ontaard en onbeskaamd die tirannie afskuddende, alle dwang [322]
afgewerp. Woedend oor die skreeuende bedrog waaraan hulle solank eer betoon het, het hulle waarheid en leuen tesame verwerp. En losbandigheid voor vryheid aansiende, het die slavve van die sonde hulle verlustig in hulle vermeende vryheid.

By die aanvang van die Rewolusie is daar met toestemming van die koning aan die volk 'n verteenwoordiging toegestaan wat groter was as die van die edelliede en geestelikes tesame. Op hierdie manier het hulle die grootste mag in hande gekry; maar hulle was nie gereed om dit met matigheid en wysheid te gebruik nie. Begerig om die onreg te herstel wat hulle gely het, het hulle besluit om die herbouing van die samelewing self te onderneem. 'n Verwoede volksmenigte, met harte vervul met lankgekoesterde herinnerings aan onreg, het besluit om die toestand van ellende wat ondraaglik geword het, te

verander, en hulle te wreek op diegene wat hulle beskou het as die oorsaak van hulle lyding. Die verdruktes het die les wat hulle onder tirannie geleer het, in beoefening gebring, en hulle het die verdrukkers geword van diegene wat hulle verdruk het.

Die ongelukkige Frankryk het wat hulle gesaai het in bloed ingeoes. Vreeslik was die gevolge van hulle onderwerping aan die oorheersende mag van Rome. Waar Frankryk onder die invloed van Romanisme, aan die begin van die Hervorming, sy eerste brandstapel opgerig het, daar het die Rewolusie sy eerste guillotine geplaas. Op presies dieselfde plek waar die eerste Protestantse martelare in die sestiende eeu vir hulle geloof verbrand is, daar het die eerste slagoffers van die guillotine in die agtiende eeu geval. Deur die verwerping van die evangelie wat genesing aan die land sou gebring het, het Frankryk die deur van ongeloof en ondergang oopgemaak. Waar die beteuelende mag van Gods wet veronagsaam is, daar het die mense bevind dat menslike wette nie in staat was om die magtige vloed van menslike hartstogte te bedwing nie, en die volk is tot opstand en regeringloosheid gedryf. Die oorlog teen die Bybel het 'n tydperk geskep wat in die wêreldgeskiedenis bekend staan as "Die Skrikbewind." Vrede en geluk is uit die wonings en harte van die mense verban. Niemand was veilig nie. Die een wat vandag geseëvier het, is more verdink en veroordeel. Geweld en begeerlikheid
[323] het onbetwis die septer geswaai.

[324] Koning, geestelikes, en edelliede was verplig om hulle te onder werp aan die wreedhede van 'n opgewonde volk wat tot raserny gedryf is. Deur die teregstelling van die koning is hulle wraaksug aangevuur; en diegene wat sy doodvonnis uitgespreek het, het hom spoedig na die skavot gevolg. Daar is besluit tot 'n algemene slagting van almal wat verdink is dat hulle vyandiggesind was teen die Rewolusie. Die gevangenisse was propvol, en eentyd het hulle meer as tweehonderdduisend gevangenes bevat. Die stede van die ryk was vol afgryslike tonele. Die een party onder die opstandelinge het hulle teenoor die ander party gestel, en Frankryk het die groot strydperk geword van die strydende menigte, wat heen en weer geslinger is deur die woede van hulle hartstogte. "In Parys het die een volksoploop op die ander ge-volg, en die burgers is in partye verdeel wat, soos dit geskyn het, besiel was met 'n gees tot wedersydse uitroeiing." En om die algemene ellende nog verder te verhoog, was die

volk in 'n langdurige en verwoestende oorlog gewikkel met die groot Europese magte. "Die land was so goed as bankrot, die leërbendes het agterstallige gasie geëis, die Parysenaars het honger gely, die provinsies is deur struikrowers verwoes, en die beskawing het weens regeringloosheid en losbandigheid byna tenondergegaan."

Die lesse van wreedheid en marteling waarin Rome hulle so ywerig onderwys het, het die volk maar te goed geleer. Eindelik het die dag van wedervergelding aangebreek. Nou was dit nie die volgelinge van Jesus wat in die kerkers gestop en na die brandstapels gesleep is nie. Hulle was lank reeds dood of in ballingskap. Nou het wrede Rome die mag gevoel van diegene wat hulle opgelei het om hulle te verheug in dade van bloedvergieting. "Die voorbeeld van vervolging wat die geestelikes van Frankryk soveel eeue lank gestel het, het nou met buitengewone krag op hulle self teruggewerk. Die skavotte was rooi van die bloed van priesters. Die galeie en gevangenisse wat een tyd tot oorlopens toe vol was van Hugenote, was nou met hulle vervolgers gevul. Aan die bank vasgeketting en aan die roeirieme swoegende, moes die Katolieke geestelikes al die ellende verduur wat die kerk so vryelik uitgedeel het aan die sagmoedige ketters." (Sien Aanhangsel.) [325]

"Toe het die dae aangebreek waarin die gruwelikste van alle wette deur die gruwelikste van alle regbanke toegepas is; toe geen man sy bure kon groet of sy gebed kon doen . . . sonder gevaar van 'n misdaad te begaan wat miskien sy dood sou kos nie; toe daar spioene in elke hoekie op die loer gelê het; toe die guillotine elke more lank en swaar moes werk; toe die gevangenisse net so vol was soos die ruim van 'n slaweskip; toe die geute skuimende bloed na die Seine afgevoer het . . . terwyl die daelikse karvragte slagoffers deur die strate van Parys na die plek van hulle teregstelling gebring is, het die pro-konsuls, wat deur die hoofkomitee na hulle departemente gestuur is, hulle oorgegee aan buitensporige wreedhede, wat selfs in die hoofstad onbekend was. Die mes van die dodelike masjien het te stadig op en neer beweeg vir hulle slagtingswerk. Lang rye gevangenes is met kruit en lood afgemaai. Daar is gate gemaak in die bodems van bote waarin mense opgehoop was. Lyons is in 'n woesteny omgeskep. Op Arras is selfs die wrede genade van 'n spoedige dood aan die gevangenes ontsê. Langs die Loire van Saumur tot by die see het groot swerms kraaie en valke op die naakte

lyke geteer wat in afskuwelike omhelsings omstrengel gelê het. Geen
[326] genade is verleen aan ouderdom of geslag nie. Die aantal jong seuns en meisies van sewentien jaar wat deur die verfoeilike regering om die lewe gebring is, kon by die honderde getel word. Suigelinge, van die bors geruk, is van die een spies na die ander gegooi langs die rye van die Jakobyne (soldate)." (Sien Aanhangsel.) In die kort tydperk van tien jaar is daar miljoene om die lewe gebring.

Dit was alles soos Satan dit wou gehad het. Dit was wat hy vir eeuelank na uitgesien het en voor gewerk het. Sy staatkunde is bedrog van begin tot einde, en sy een doel is om ongeluk en ellende op die mense te bring en om Gods handewerk onkenbaar te maak en te besoedel ten einde die goddelike doeleindes van barmhartigheid en liefde te verydel, om op die wyse droefheid in die hemel te veroorsaak. Dan verblind hy deur sy bedrieglike kunsgrepe die verstand van die mense, en hy bring hulle daartoe om God te blameer vir sy werk, asof al die ellende die gevolg is van die planne van die Skepper. Net so ook, wanneer diegene wat deur sy wrede mag verlaag en verdierlik is hulle vryheid herwin, spoor hy hulle aan tot buitensporighede en gruweldade. En hierdie prent van onbeteuelde wellus word dan deur tiranne en verdrukkers voorgehou as voorbeeld van die gevolge van vryheid.

Wanneer dwaling in die een vorm ontmasker is, hul Satan hom slegs in 'n ander vermomming, en dan ontvang die menigtes dit net so gretig as die eerste. Toe die volk bemerk dat Romanisme 'n bedrog was, en Satan sien dat hy hulle nie deur daardie middel kon bring om Gods wet te oortree nie, het hy hulle beweeg om alle godsdiens as bedrog, en die Bybel as 'n fabel te beskou; en nadat hulle al Gods voorskrifte verwerp het, het hulle hulle oorgegee aan onbeteuelde ongeregtigheid.

Die noodlottige dwaling wat soveel ellende oor die inwoners van Frankryk gebring het, was die ontkenning van hierdie een groot waarheid, naamlik dat ware vryheid in die voorskrifte van Gods wet geleë is. "Ag, as jy maar na My gebooie geluister het, dan sou jou vrede gewees het soos 'n rivier en jou geregtigheid soos die golwe van die see." "Geen vrede, sê die Here, vir die goddelose nie!" "Maar die wat na my luister, sal veilig woon en gerus wees teen die skrik vir die onheil." Jes. 48: 18, 22; Spreuke 1: 33.

[327] Godloënaars, ongelowiges en afvalliges verset hulle en bring

beskuldigings in teen Gods wet; maar die gevolge van hulle invloed bewys dat die welsyn van die mens geleë is in sy gehoorsaamheid aan die goddelike voorskrifte. Wie hierdie les nie in die Heilige Skrif wil leer nie moet dit in die geskiedenis van die volkere sien.

Toe Satan deur middel van die Roomse Kerk gewerk het om die mense van hulle gehoorsaamheid af te trek, was sy werktuig bedek, en sy werk so vermom, wat die ontaarding en ellende wat dit as gevolg gehad het, nie as die vrugte van oortreding geblyk het nie. En sy mag is in so 'n mate teengewerk deur die gees van God, dat sy planne nie tot voile rypheid kon kom nie. Die volk het die gevolg nie met die oorsaak verbind nie, en hulle het die bron van hulle ellende nie ontdek nie. Maar in die Rewolusie is Gods wet openlik tot niet gemaak deur die Nasionale Raad. En in die Skrikbewind wat daarop gevolg het was die uitwerking en oorsaak vir almal sigbaar.

Toe Frankryk openlik God verwerp en die Bybel opsy gesit het, het die goddelose mense en die geeste van duisternis gejuig oor die bereiking van hulle doel waarop hulle solank gehoop het —'n koninkryk vry van die bande van Gods wet. Omdat die oordeel oor 'n verkeerde daad nie gou voltrek word nie "daarom is die hart van die mensekinders in hulle vol om kvvaad te doen." Pred. 8: 11. Maar die oortreding van 'n goeie en regverdige wet moet onvermydelik ellende en verwoesting as gevolg hê. Ofskoon die goddeloosheid van hierdie mense nie dadelik vergeld is nie, het dit nogtans hulle gewisse ondergang veroorsaak. Eeue van afval en misdaad het toorn opgegaar vir die dag van vergelding; en toe hulle ongeregtigheid vol was, het die veragters van Gods wet te laat geleer dat dit 'n vreeslike iets is om die goddelike geduld uit te put. Die weerhoudende Gees van God wat die wrede mag van Satan beteuel het, was grotendeels ingetrek, en hy wie se enigste vreugde die ellende van die mense is, is toegelaat om sy wil ten uitvoer te bring. Aan hulle wat die diens van rebellie verkies het, is dit oorgelaat om die vrugte te pluk, totdat die land met gruwels vervul was te vreeslik om te beskryf. Uit verwoeste provinsies en vernielde stede is daar 'n verskriklike kreet gehoor—'n kreet van bittere sielsangs. Frankryk is soos deur 'n aardbewing geskud. Godsdiens, wet, maatskaplike orde, die huisgesin, die staat, en die kerk — alles is omvergewerp [328]
deur die goddelose hand wat hom teen Gods wet verhef het. Dis inderwaarheid soos die Prediker sê: "Die goddelose val deur sy

goddeloosheid." "Aangesien 'n sondaar honderdmaal kwaad doen en hy lank lewe — alhoewel ek weet dat dit goed sal gaan met die wat God vrees, wat vrees voor Sy aangesig, en dit nie goed sal gaan met die goddelose," nie. Pred. 8: 12, 13. "Omdat hulle die kennis gehaat en die vrees van die Here nie verkies het nie . . . daarom sal hulle eet van die vrug van hulle wandel en versadig word van hulle planne." Spreuke 1: 29, 31.

Gods getroue getuie, gedood deur die godslasterlike mag "wat uit die afgrond opkom," sou nie lank stil wees nie. "En na die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hulle voete gaan staan en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het." Openb. 11: 11. In 1793 is daar dekrete uitgevaardig deur die Franse Vergadering wat die Christelike godsdiens afgeskaf en die Bybel verbied het. Drie en 'n half jaar later het dieselfde liggaam 'n resolusie aanvaar wat die dekrete herroep het en dus die Skrifte weer toegelaat het. Die wêreld het verstom gestaan oor die omvang van die kwaad wat daar gevolg het op die verwerping van die Heilige Oorkondes, en die mense het die noodsaaklikheid van geloof in God en Sy woord erken as die fondament van deug en sedelikheid. Die Here sê: "Wie het jy gesmaad en gelaster? En teen wie het jy die stem verhef en jou oë hoogmoedig opgehef? Teen die Heilige van Israel!" "Daarom, kyk, Ek laat hulle hierdie keer voel, voel My hand en My mag; en hulle sal weet dat My Naam HERE is." Jes. 37: 23; Jer. 16: 21.

Aangaande die twee getuies verklaar die profeet verder: "En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hulle vyande het hulle aanskou." Openb. 11: 12. Sedert die tyd dat Frankryk oorlog gemaak het teen Gods twee getuies, is hulle vereer soos nooit tevore nie. In 1804 is die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap opgerig. Dit is gevolg deur gelyksoortige genootskappe met talryke vertakkings op die vasteland van Europa. In 1816 is die Amerikaanse Bybelgenootskap gestig. Toe die Britse Genootskap gestig
[329] is, is die Bybel in vyftien tale gedruk en versprei. Sedert daardie tyd is hy in meer as 800 tale en dialekte vertaal.

Gedurende die vyftig jaar wat die jaar 1792 voorafgegaan het, is daar min aandag geskenk aan die buitelandse sending. Daar is geen nuwe genootskappe gestig nie en daar was maar 'n paar kerke

wat enige pogings in die werk gestel het om die Christendom in heidense lande te versprei. Maar teen die einde van die agtiende eeu het daar ‘n groot verandering gekom. Die mense was ontevrede met die gevolge van Rasionalisme, en hulle het die noodsaaklikheid van goddelike openbaring en proefondervindelike godsdiens besef. Van daardie tyd af het die buitelandse sendingwerk ‘n ongekende stoot vorentoe gekry. (Sien Aanhangsel.)

Die verbeteringe in die drukkuns het die verspreiding van die Bybel baie aangehelp. Die verbeterde kommunikasiemiddels tussen verskillende lande het die ou hinderpale van vooroordeel en nasionale afsondering uit die weg geruim, en die verlies van wêreldlike mag deur die Pous van Rome het die weg voor die woord van God gebaan. Vir ‘n aantal jare is die Bybel sonder enige hindernis in die strate van Rome verkoop, en vandag word die Bybel na al die bewoonde dele van die aarde gebring.

Die godloënaar Voltaire het eenmaal op grootpraterige wyse gesê: “Ek is al moeg daarvan om te hoor dat die Christelike godsdiens deur twaalf manne gestig is. Ek sal bewys dat daar maar een man nodig is om dit tot niet te maak.” Byna ‘n eeu en ‘n half het sedert daardie tyd verloop. Miljoene het deelgeneem aan die oorlog teen die Bybel. Maar verre daarvandaan dat dit vernietig is, is daar, waar daar in Voltaire se tyd ‘n honderd was, nou tienduisend, ja honderdduisend eksemplare van die boek van God. Een van die vroeër hervormers het gesê, sprekende van die Christelike Kerk: “Die Bybel is ‘n aambeeld waarop baie hamers reeds verslyt is.” Die Here sê: “Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg sal jy weerlê.” Jes. 54: 17.

“Die woord van onse God hou stand in ewigheid.” “Al Sy bevele is betroubaar. Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig.” Jes. 40: 8; Ps. 111: 7, 8. Alles wat op die gesag van mense gebou word, word tot niet gemaak; maar wat gegrond is op die rots van Gods onveranderlike Woord, sal in ewigheid bestaan. [330]

[331]

## Hoofstuk 16—Die Pelgrimvaders

Hoewel die Engelse hervormers die leerstellings van Rome verwerp het, het hulle nogtans baie van die vorms behou. Hoewel die gesag van Rome en sy leer verwerp is, is baie van die gebruike en seremonies van die kerk in die erediens van die Kerk van Engeland oorgeneem. Die mense het beweer dat hierdie dinge nie gewetesake was nie, en dat ofskoon die Skrifte hulle nie beveel het nie en hulle nie noodsaaklik was nie, hulle nie op sigself sleg was nie. Die nakoming van hierdie dinge het gehelp om die kloof wat die hervormde kerke van Rome geskei het, kleiner te maak, en daar was aangevoer dat dit die aanname van die Protestantse geloof deur die Roomse in die hand sou werk. Hierdie argumente het voldoende geskyn vir die konserwatiewes en inskiklikes. Maar daar was ‘n ander klas wat nie so oor die saak gevoel het nie. “Die feit dat die gebruike
[332] gestrek het tot die oorbrugging van die kloof tussen Rome en die Hervorming”*(Martyn, Deel V, bl. 22)*, was in hulle oë ‘n beslissende beweegrede teen die behouding daarvan. Hulle het die dinge beskou as kentekens van die slavverny waaruit hulle verlos is en waartoe hulle nie geneig was om terug te keer nie. Hulle het aangevoer dat God in Sy woord die bepalings aangegee het waarvolgens Sy erediens moes geskied, en dat dit nie vir mense vrygestaan het om daaraan iets af of toe te doen nie. Die eintlike begin van die groot afval was geleë in die strewe om die gesag van die kerk in die plek van die gesag van God te stel. Rome het begin om voor te skryf wat God nie verbied het nie, en hulle geëindig met dinge te verbied wat God wel uitdruklik gelas het.

Vele het gewens om terug te keer tot die reinheid en eenvoud wat die eerste kerk gekenmerk het. Hulle het baie van die gevestigde gebruike in die Engelse Kerk beskou as gedenktekens van die afgodediens, en hulle kon hulle nie met ‘n rein gewete met die erediens verenig nie. Maar die kerk, deur die burgerlike owerheid gesteun, wou geen afwyking van hulle vorms gedoog nie. Die bywoning van die godsdiensoefeninge is deur die wet geëis, en ongeoorloofde

byeenkomste vir godsdienstige doeleindes is verbied op straf van inhegtenisneming, verbanning, en die dood.

Aan die begin van die sewentiende eeu het die vors wat toe juis die troon van Engeland bestyg het, verklaar dat hy voornemens was om die Puriteine "te dwing om te gehoorsaam, of . . . hulle so lastig te val totdat hulle die land verlaat, of nog iets veel erger."— *Bancroft, George, "History of the United States of America," Deel I, hoofstuk 12, para. 6.*Verjaag, vervolg, en in die gevangenis gewerp, kon hulle in die toekoms geen hoop op beter dae sien nie, en vele was oortuig dat "Engeland nie meer die woonplek kon wees" *(J. G. Palfrey, "History of New England," hoofstuk 3, para. 43)*vir diegene wat God wou dien volgens die inspraak van hulle gewete nie. Eindelik het sommige besluit om in Holland 'n skuilplek te gaan soek. Moeilikhede, verliese, en die gevangenis was hulle deel. Hulle planne is verydel en hulle is in die hande van hulle vyande oorgelewer. Dog standvastige volharding het eindelik die oorwinning behaal en hulle het 'n skuilplek gevind op die vriendelike kuste van die Hollandse Republiek. [333]

In hulle vlug het hulle huise, goed, en middele van bestaan agtergelaat. Hulle was vreemdelinge in 'n vreemde land, onder 'n volk wat 'n ander taal gepraat en ander gebruike gehad het. Hulle is verplig om hulle toevlug te neem tot nuwe en onbeproefde werk om hulle brood te verdien. Manne van middelbare leeftyd, wat eers hulle brood verdien het met die bewerking van die grond, moes nou ambagte leer. Maar hulle het moedig die nuwe lewe aanvaar en hulle het geen tyd verloor deur luiheid of ontevredenheid nie. Ofskoon armoede hulle menigmaal gedruk het, het hulle God gedank vir Sy seëninge wat Hy hulle nog geskenk het, en hulle het genot gevind in die beoefening van onbelemmerde geestelike gemeenskap. "Hulle het geweet dat hulle pelgrims was en hulle het nie veel op hierdie dinge gelet nie, maar hulle het hulle oë opgehef na die hemel, hulle geliefde land, en hulle gemoed tot bedaring gebring."— *Bancroft, Deel I, hoofstuk 12, para 15.*

Te midde van die verbanning en moeite het hulle geloof en liefde vermeerder. Hulle het op die beloftes van die Here vertrou, en Hy het hulle nie in die steek gelaat in tye van nood nie. Sy engele het hulle bygestaan om hulle te bemoedig en hulle te ondersteun. En toe Gods hand hulle na die oorkant van die see skyn te wys, na

'n land waar hulle vir hulle 'n staat kon stig en aan hulle kinders die kosbare erfenis van godsdiensvryheid sou kon nalaat, het hulle sonder aarseling die pad van die Voorsienigheid gekies.

God het toegelaat dat beproewing Sy volk tref om hulle voor te berei op die vervulling van Sy genadige planne met hulle. Die kerk was verneder sodat hy verhoog kon word. God het op die punt gestaan om Sy mag ten behoewe van die kerk te toon, om die wêreld nog 'n verdere bewys te gee dat Hy diegene wat hulle vertroue op Hom stel nie sal verlaat nie. Hy het die loop van gebeurtenisse so beskik dat die woede van Satan en die oorleggings van bose mense saamgewerk het om Sy eer te verhoog en Sy volk na 'n veilige plek te bring. Vervolging en verbanning het die weg tot vryheid geopen.

Toe hulle in die eerste plek verplig was om hulle van die Engelse Kerk af te skei, het die Puriteine hulle saam verbind deur 'n plegtige
[334] verbond dat hulle as Gods vrye volk "In al Sy weë wat hulle geken het, of wat nog aan hulle sou openbaar word, sou wandel."—*Brown, J., "The Pilgrim Fathers," bl. 74.* Dit was die ware hervormingsgees, die hoofbeginsel van die Protestantisme. Dit was met hierdie doel dat die pelgrims uit Holland vertrek het om 'n tuiste in die Xuwe Wêreld te gaan soek. John Robinson, hulle leraar, wat deur omstandighede verhinder is om hulle te vergesel, het die uitgewekenes in sy afskeidsrede as volg toegespreek:

"Broeders, eerlank sal ons moet skei, en die Here alleen weet of ek julle ooit weer sal sien. Maar of ek julle weer sien of nie vermaan ek julle voor God en Sy geseënde engele om my nie verder te volg as wat ek Christus gevolg het nie. As die Here deur enige van Sy werktuie iets aan julle openbaar, wees dan net so gereed om dit aan te neem, as wat julle ooit was om enige waarheid van my aan te neem; want ek is seker dat die Here nog meer waarheid en lig het om uit Sy heilige word te laat voortskyn."— *Martyn, Deel V, bl. 70.*

"Wat my betref, kan ek die toestand van die hervormde kerke nie genoeg betreur nie, wat op godsdienstige gebied tot 'n sekere punt gekom het en wat nou nie verder wil gaan as die bewerkers van hulle hervorming nie. Die Lutherane kan nie verder gelei, word as wat Luther gesien het nie; . . . en die Calviniste blysteek, soos julle sien, waar hulle gelaat is deur daardie groot godsman wat tog nie alle dinge gesien het nie. Dit is 'n betreurenswaardige toestand; want hoewel hulle skynende ligte in hulle tyd was, het hulle nie tot

die hele raad van God deurgedring nie; maar as hulle vandag geleef het, sou hulle net so gewillig wees om verdere lig aan te neem as wat hulle was om die eerste te ontvang."—*Neal, D., "History of the Puritans," Deel I, bl. 269 (twee-deel-uitgawe 1848).*

"Gedenk aan die verbond van julle kerk waarvolgens julle ooreengekom het om in die weë van die Here te wandel wat aan julle bekend gemaak is. Gedenk aan julle belofte en julle verbond met God en met mekaar, om alle lig en waarheid aan te neem wat aan julle geopenbaar sal word deur Sy geskrewe woord; maar ek smeek julle, pas op wat julle as waarheid aanneem; bepeins dit en vergelyk dit met ander Skrifgedeeltes voordat julle dit aanneem; want dit is nie moontlik dat die Christelike wêreld wat so kort gelede uit stik- [335] donkere, antichristelike duisternis gekom het die voile kennis van die waarheid meteens sou ken nie." — *Martyn, Deel V, bls. 70, 71.*

Dit was die verlange na gewetensvryheid wat die Pelgrims aangespoor het om die gevare van die lang seereis te trotseer, om die moeilikhede en gevare van die wildernis te verduur, en om met die seen van God op die kuste van Amerika die fondament van 'n magtige volk te lê. Maar, eerlik en godvresend soos hulle was, het die Pelgrims die groot grondbeginsel van godsdienstige verdraagsaamheid nog nie begryp nie. Die vryheid waarvoor hulle soveel opgeoffer het, was hulle nie bereid om in gelyke mate aan ander toe te staan nie. "Baie min, selfs van die vernaamste dinkers en sedemeesters van die sewentiende eeu, het 'n regte begrip van hierdie groot beginsel gehad — die uitvoeisel van die Nuwe Testament — wat God erken as die enigste beoordelaar van die menslike geloof."— *Idem, bl. 297.*Die leer, dat God aan die kerk die reg gegee het om oor die gewete te heers, om kettery te omskryf en te straf, is een van die diepgeworteldste van die pouslike dwalings. Terwyl die Hervormers die leer van Rome verwerp het, was hulle nie vry van sy [336] onverdraagsame gees nie. Die groot duisternis waarin die pousdom gedurende die lang eeue van sy regering die hele Christendom gehul het, was selfs nou nog nie heeltemal verdryf nie. Een van die eerste predikante in die kolonie by Massachusettesbaai het hom as volg uitgelaat: "Dit was verdraagsaamheid wat die wêreld antichristelik gemaak het, en die kerk het nog nooit skade gely deur ketters te bestraf nie."— *Idem., bl. 335.*Die koloniste het hierdie reel aanvaar, naamlik dat alleen die lede van die kerk 'n stem moes hê in die

burgerlike regering. Daar is 'n soort van staatskerk gestig; van al die mense is daar 'n bydrae geëis vir die onderhoud van predikante, en daar is aan die magistrate opgedra om kettery te onderdruk. Op hierdie manier het burgerlike mag in hande van die kerk gekom. Dit het nie lank geduur voordat hierdie maatreël tot die onvermydelike gevolg daarvan gelei het nie, naamlik vervolging.

Elf jaar na die stigting van die eerste kolonie het Roger Williams na die Nuwe Wêreld gekom. Net soos die eerste Pelgrims het hy gekom om godsdienstige vryheid te geniet; maar anders as die ander het hy gesien — wat so min in sy tyd gesien het — dat hierdie vryheid die onvervreembare reg van almal was wat hulle geloof ookal mag wees. Hy was 'n ernstige soeker na die waarheid en saam met Robinson was hy die sienswyse toegedaan dat al die lig uit Gods woord nog nie ontvang was nie. Williams "was die eerste persoon in die moderne Christenheid wat die burgerlike regering op die leer van gewetensvryheid en gelykheid van opinies voor die wet wou bevestig."— *Bancroft, Deel I, hoojstuk 15, para. 16.*Hy het verklaar dat dit die plig van die magistraat was om misdade teen te gaan, maar geensins om die gewete aan bande te lê nie. "Die publiek of die magistrate moet beslis," het hy gesê" "wat die mens aan sy medemens verskuldig is; maar wanneer hulle trag om die pligte van die mens teenoor God voor te skryf, gaan hulle hulle roeping te buite, en daar kan geen veiligheid wees nie; want dit is duidelik dat as die magistrate die mag sou hê, hulle vandag die een stel menings of geloofspunte kan voorskryf, en more weer 'n ander, soos in Engeland gedoen is deur verskillende konings en koninginne,
[337] en deur die verskillende pouse en raadsvergaderings van die Roomse Kerk — iets wat die geloof in groot verwarring sou bring."— *Martyn, Deel V, bl. 340.*

Die bywoning van die dienste van die erkende kerk is op straf van boete of tronkstraf verpligtend gemaak. "Williams het hierdie wet afgekeur; die slegste bepaling in die Engelse wetboek was die een wat slegs die bywoning van die wykskerk verpligtend gemaak het. Om mense te dwing om hulle te verenig met diegene wat 'n ander belydenis toegedaan is, het hy as 'n openlike verkragting van hulle natuurlike regte beskou; om die onwilliges en ongodsdienstiges na 'n openbare erediens te dwing was niks minders as om huigelary te vereis nie. . . . ‚Niemand,' het hy gesê, ‚behoort teen

sy wil gedwing te word om aan 'n erediens deel te neem of enige erediens te handhaaf nie.' ‚Is die arbeider dan nie sy loon werd nie?' het sy teenstanders verbaas oor sy stelling uitgeroep. ‚Ja,' het hy geantwoord, ‚van diegene wat hom huur.' "—*Bancroft, Deel I, hoojstuk 15, para. 2.*

Roger Williams is geëer en bemin as 'n getroue prediker, 'n man van buitengewone begaafdheid, van onwankelbare regskapenheid en mildadigheid; maar tog kon die mense sy onwrikbare weiering om die reg van die magistrate op gesag oor die kerk te herken, en sy eis om godsdiensvryheid, nie gedoog nie. Die toepassing van hierdie nuwe leer, het hulle gesê, "sou die grondslag van die staat en die bestuur van die land omverwerp."— Idem., para. 10. Hy is veroordeel tot verbanning uit die kolonies, en moes eindelik, om inhegtenisneming te voorkom, in die koue en storms van die winter na die woude vlug.

"Vir veertien weke lank," het hy gesê, "moes ek in die bitter koue ronddool sonder om te weet wat brood of bed be-teken. Maar die kraaie het my in die wildernis gevoed," en 'n hoi boom het gedien as skuilplek.—Martyn, Deel V, bls. 349, 350. So het hy sy pynlike vlug voortgesit in die sneeu en padlose bosse totdat hy herberg gevind het by 'n Indiaanse stam wie se vertroue en toegeneëntheid hy gewin het terwyl hy getrag het om aan hulle die waarhede van die evangelie te leer.

Na maande se wederwaardighede en ronddolery het hy eindelik aan die kus van Narragansettbaai uitgekom waar hy die grondslag gelê het van die eerste staat in moderne tye wat godsdiens— vryheid in die volste sin erken het. Die grondbeginsel van Roger Williams se [338]
kolonie wat "dat iedereen die reg sou hê om God te dien volgens die lig van sy eie gewete."— Martyn, Deel V, bl. 354. Sy klein staatjie, Rhode Island, het die toevlugsoord geword van verdruktes, en dit het gegroei en gebloei totdat die grondbeginsels daarvan — naamlik burgerlike en godsdiensvryheid — die hoekstene geword het van die Amerikaanse Republiek.

In daardie uitstekende dokument, wat die voorvaders van die Amerikaanse volk as die uiteensetting van hulle regte erken het — die Onafhanklikheidsverklaring — het hulle verklaar: "Ons verklaar dat hierdie waarhede vanselfsprekend is, dat alle mense gelyk geskape is; dat hulle deur hulle Skepper met sekere onvervreembare

regte toegerus is; waaronder die lewe, die vryheid, en die geluk is." En die Konstitusie waarborg in die duidelikste bewoording die onskendbaarheid van die gewete: "Vir 'n openbare betrekking in die Verenigde State sal daar nooit bewys gevra word van godsdienstige oortuiging nie." "Die Kongres sal geen wet maak waardeur godsdiens vasgestel word of die vrye beoefening daarvan verbied word nie."

"Die opstellers van die Konstitusie het die ewige beginsels erken dat die mens se verhouding tot sy God bokant menslike wetgewings staan, en dat sy regte op gewetensvryheid onvervreembaar is. Daar is geen redenering nodig om hierdie waarheid te bevestig nie; in ons eie gemoed is ons daarvan bewus. Dit is hierdie bewussyn wat soveel martelare te midde van foltering en vlamme staande gehou het in weerwil van menslike wette. Hulle het gevoel dat hulle plig teenoor God bokant menslike verordeninge gestaan het, en dat geen mens gesag kon voer oor hulle gewete nie. Dit is 'n ingebore beginsel wat deur niks vernietig kan word nie." —"*Congressional Documents (U.S.A.), Serial No. 200, Document No. 271.*"

Namate die waarheid deur die Europese lande versprei het, dat daar 'n land was waar elkeen die vrugte van sy eie arbeid kon geniet, en gehoor kon gee aan die inspraak van sy eie gewete, het duisende na die kuste van die Nuwe Wêreld gestroom. Die kolonies het vinnig vermeerder. "Deur 'n spesiale wet het Massachusettes, op koste van die publiek, 'n vrye verwelkoming, en hulp aangebied aan die Christene van alle nasionaliteite wat oor die Atlantiese Oseaan mag
[339] vlug ,om aan oorloë of hongersnood te ontkom of aan die verdrukking van hulle vervolgers.' Op hierdie manier is die vlugtelinge en verstotelinge deur die wet die gaste van die gemenebes gemaak."—*Martyn, Deel V, bl. 417.*Binne twintig jaar na die eerste Pelgrims by Plymouth aan wal gestap het, het daar net soveel duisende hulle in New England gevestig.

Om die doel wat hulle hulle gestel het te bereik, "was hulle tevrede om slegs die allernodigste dinge te verdien deur 'n lewe van spaarsaamheid en vlyt. Hulle het niks van die grond geëis behalwe 'n redelike oes op hulle arbeid nie. Geen goue visioen het 'n bedrieglike stralekrans op hulle pad laat skyn nie. . . . Hulle was tevrede met die langsame, dog sekere, vooruitgang van hulle sosiale beleid. Geduldig het hulle die ontberings verduur van die wildernis, en hulle het

die vryheidsboom bevogtig met hulle trane en die sweet van hulle aanskyn, totdat hy diep wortel geskiet het in die land."

Hulle het die Bybel as fondament van hulle geloof, die bron van wysheid, en die grondwet van vryheid gehandhaaf. In die ouerlike huis, in die skool en die kerk is die beginsels daarvan ywerig onderwys, en die vrugte daarvan is geopenbaar in voorspoed, intelligensie, reinheid en matigheid. Mens kon jare in die Puriteinse nedersettings deurbring "Sonder om 'n dronkaard te sien, 'n vloekwoord te hoor, of 'n bedelaar teë te kom." *Bancroft, Deel I, hoofstuk 19, para. 25.*Daar is getoon dat die grondbeginsels van die Bybel die sekerste waarborge van nasionale grootheid is. Die swakke en afgesonderde kolonies het aangegroei tot 'n Unie van magtige State; en die wêreld het met bewondering die vrede en voorspoed aanskou van "'n kerk sonder Pous en 'n staat sonder koning."

Steeds meer en meer mense is tot die kuste van Amerika aangetrek, aangespoor deur beweegredes wat baie verskil het van die eerste Pelgrims. Ofskoon primitiewe geloof en reinheid groot en vormende krag uitgeoefen het, het die invloed daarvan steeds minder en minder geword namate die getalle toegeneem het wat slegs op wêreldse voordeel uit was.

Die reel wat deur die eerste koloniste aangeneem is dat alleen lede van die kerk stemgeregtig was of burgelike betrekkings kon [340]
beklee, het uiters verderflike gevolge gehad. Hierdie maatreël is getref as 'n middel tot bewaring van die reinheid van die staat, maar die gevolg daarvan was die verwording van die kerk. Aangesien 'n belydenis van godsdiens die voorwaarde was vir stemreg of ampsbekleding, het baie besluit, wie se enigste beweegrede wêreldse voordeel was, om by die kerk aan te sluit sonder 'n verandering van die hart. As gevolg hiervan het die kerk, vir 'n groot deel, uit onbekeerde persone bestaan; selfs onder die geestelikes was daar diegene wat nie alleen dwaalleer geglo het nie, maar wat ook die vernuwende krag van die Heilige Gees nie geken het nie. Hierdeur is die slegte gevolge gesien wat so baiemaal in die kerkgeskiedenis geopenbaar is sedert die dae van Konstantyn tot op die teenwoordige tyd, van pogings om die kerk op te bou met behulp van die staat, of die hulp van wêreldlike mag in te roep tot ondersteuning van die evangelie van Hom wat verklaar het: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie." Joh. 18: 36. Die vereniging van kerk en staat, in

watter geringe mate dit ook mag geskied, bring in werklikheid die kerk slegs nader aan die wêreld, al skyn dit ook of die wêreld nader aan die kerk gebring word.

Die groot beginsels wat deur Robinson en Roger Williams op so 'n waardige wyse bepleit is, naamlik dat die waarheid progressief is en dat Christene gereed moet staan om alle lig aan te neem wat uit Gods woord mag skyn, is deur hulle nakomelinge uit die oog verloor. Die Protestantse kerke van Amerika en ook die van Europa, wat so hoog bevoorreg was deur die seëninge van die Reformasie, het geen vordering op die pad van hervorming gemaak nie. Ofskoon daar van tyd tot tyd enkele getroue manne opgestaan het wat nuwe waarhede verkondig het en lankgekoesterde dwalings blootgelê het, was die meerderheid, soos die Jode in Christus se tyd, of die pousgesindes in Luther se dae, tevrede om te glo wat hulle vaders geglo het, en te leef soos hulle vaders geleef het. Daarom het die godsdiens weer in blote vorm ontaard; en dwaalleer en bygeloof wat sou uitgewerp gewees het as die kerk aangehou het om in die lig van Gods woord te wandel, is behou en gekoester. So dan het die gees wat deur die
[341] Hervorming aangewakker is, langsamerhand uitgesterf, totdat daar byna net so 'n groot behoefte aan hervorming in die Protestantse kerke was as in die Roomse Kerk in die tyd van Luther. Daar was dieselfde wêreldsgesindheid en geestlike doodsheid, en net so 'n gesag vir die mening van mense, en die vervanging van die leer van Gods woord deur die teorieë van mense.

Die groot verspreiding van die Bybel in die eerste helfte van die negentiende eeu, en die groot lig wat daar dus op die wêreld geskyn het, is nie gevolg deur gelykstaande vooruitgang en kennis van geopenbaarde waarheid of proefondervindelike godsdiens nie. Satan kon nie. soos in vorige eeue, Gods woord van die mense weghou nie; dit is in bereik van almal geplaas; maar om sy doel te bereik het hy baie daartoe gebring om dit gering te ag. Die mense het die ondersoek van die Skrifte verwaarloos, en daarom het hulle aangehou om valse verklarings aan te neem en om leerstellings te koester wat geen grond in die Bybel gehad het nie.

Beseffende die mislukking van sy pogings om die waarheid deur vervolging uit te roei, het Satan andermaal sy toevlug geneem tot die plan van minlike skikking (kompromis) wat ontwikkel het in die groot afval en die stigting van die Kerk van Rome. Hy het Christene

beweeg om hulle self te verbind, nie nou met heidene nie, maar met diegene wat deur hulle gehegtheid aan die dinge van hierdie wêreld hulleself as afgodedienaars bewys het net so gewis as die aanbidders van beelde. En die gevolge van hierdie verbintenis was nou nie minder verderflik as in vorige eeue nie; hoogmoed en oordaad is aangemoedig onder die skyn van godsdiens, en verderf het in die kerke gekom. Satan het voortgegaan om die leerstellings van die Bybel te verdraai, en oorlewerings wat miljoene in die verderf sou lei, het diep wortelgeskiet. Die kerk het hierdie oorlewerings ondersteun en verdedig liewer as om "te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is." So is die beginsels verlaag waarvoor die Hervormers soveel gedoen en gely het. [342]

[343]

# Hoofstuk 17—Tekens van Christus se koms

EEN van die plegtigste, dog heerlikste waarhede wat in die Bybel geopenbaar is, is die van die wederkoms van Christus om die verlossingswerk te voltooi. Aan Gods pelgrimsvolk wat vir so ‘n lang tyd in “die land van die skaduwee van die dood” gewoon het, word daar ‘n kosbare, blye hoop gegee deur die belofte van die verskyning van Hom wat die “opstanding en die lewe” is, om “Sy bannelinge weer tuis te bring.” Die leerstelling van die wederkoms is inderwaarheid die sleutel tot die Heilige Skrifte. Sedert die dag toe die eerste mensepaar droewig van Eden weggestap het, het die kinders van geloof gewag op die koms van die Beloofde Een om die mag van die verwoester te verbreek en hulle weer in die verlore Paradys te herstel. Heilige manne vanouds het vooruitgesien na die koms van die Messias in heerlikheid as die vervulling van hulle verwagting. Henog, die sewende van die wat in Eden gewoon het, hy wat vir drie eeue op die aarde met God gewandel het, is toegelaat om op ‘n afstand die koms van die Verlosser te sien. “Kyk,” het hy gesê,
[344] “die Here het gekom met Sy heilige tien-duisendtalle, om gerig te hou oor almal.” Judas 14, 15. In die nag van sy bittere beproewing het die aardsvader Job met vaste vertroue uitgeroep: “Ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan. . . . [Ek sal | nogtans uit my vlees God aanskou; Hom wat ek sal aanskou my ten goede, en my oë — en geen vreemde nie — sal sien.” Job 19: 25-27.

Die wederkoms van Christus om die regering van geregtigheid in te stel, het die gewyde skrywers die verhewendste en besielendste woorde laat uitroep. Die digters en profete van die Bybel het die koms beskryf in woorde wat gegloei het van hemelse vuur. Die psalmis het die mag en majesteit van Israel se koning as volg besing: “Uit Sion, die volkomenheid van skoonheid, verskyn God in ligglans. Onse God kom en kan nie swyg nie. . . . Hy roep na die hemel daarbo en na die aarde om Sy volk te oordeel.” Ps. 50: 2-4. “Laat die hemele bly wees en die aarde juig; . . . voor die aangesig van die Here; want

Hy kom, want Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke in Sy trou." Ps. 96: 11-13.

Die profeet Jesaja het gesê "Waak op en jubel, julle wat in die stof woon! Want u dou is 'n dou van lig, en die aarde sal aan skimme die lewenslig skenk." "U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan." "Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die Here Here sal die trane van alle gesigte afvee; en Hy sal die smaad van Sy volk van die hele aarde af wegneem; want die Here het dit gespreek. En hulle sal in die dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; Dit is die Here op wie ons gewag het; Laat ons juig en bly wees oor Sy hulp." Jes. 26: 19; 25: 8, 9.

En Habakuk, in 'n heilige visioen versink, het sy verskyning aanskou: "God kom van Teman en die Heilige van die berg Paran. Sela. Sy majesteit bedek die hemel, en die aarde is vol van Sy lof. 'n Glans soos sonlig is daar." "Hy tree op en laat die aarde wankel, in 'n oogwink laat Hy nasies opskrik; verpletterd lê die ewige berge en neergedruk die ou-ou heuwels." "U ry op U perde, U oorwinningswaens." "Die berge sien U en bewe van angs. . . . Die wêreldvloed verhef sy stem en steek sy hande omhoog. Die son, die maan bly in hulle woonplek by die lig van U pyle wat verbyskiet, [345] by die glans van U flikkerende spies." "U trek uit tot redding van U volk, tot redding van U gesalfde." Hab. 3: 3-13.

Toe die Heiland op die punt gestaan het om te skei van sy dissipels, het Hy hulle in hulle droefheid met die versekering vertroos dat Hy weer sou kom: "Laat julle hart nie ontsteld word nie; ... In die huis van My Vader is daar baie wonings; . . . Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem." Joh. 14: 1-3. "En wanneer die Seun van die mens kom in Sy heerlikheid en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies bymekaargebring word." Matt. 25: 31. 32.

Die engele wat na die hemelvaart van Christus op die Olyfberg agtergebly het, het die belofte van Sy wederkoms aan die dissipels herhaal: "*Hierdie*Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het." Hand. 1:11. En die apostel Paulus het getuig: "Die Here Self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God." 1 Thess. 4: 16. En die profeet van

Patmos het gesê, "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien." Openb. 1: 7.

Met Sy wederkoms is die heerlikhede verbind "Van die wederoprigting van alle dinge waarvan God vanouds af gespreek het deur die mond van al Sy heilige profete." Hand. 3:21. Dan sal die lang heerskappy van die sonde verbreek word, en die "koninkryke van die wêreld" sal die "eiendom van onse Here word en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid." Openb. 11: 15. "En die heerlikheid van die Here sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien." "So sal die Here Here geregtigheid en lof laat uitspruit voor die oog van al die nasies." En die Here sal wees "tot 'n sierlike kroon en 'n pragtige krans vir die oorblyfsel van Sy volk." Jes. 40: 5; 61: 11; 28: 5.

Dit is dan wanneer die langverwagte vredesryk van die Messias sal opgerig word onder die ganse hemel. "Die Here vertroos Sion; Hy vertroos al Sy puinhope en maak Sy woestyn soos Eden en Sy wildernis soos die tuin van die Here." "Die heerlikheid van Libanon
[346] is aan Hom gegee, die sieraad van Karmel en Saron." "Jy sal nie meer genoem word Verlatene nie, en jou land sal nie meer genoem word Wildernis nie. Maar jy sal genoem word: My welbehae, en jou land die getroude." "En soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees." Jes. 51: 3; 35: 2; 62: 4, 5.

In alle eeue was die wederkoms van die Here die hoop van Sy ware navolgers. Die Here se afskeidsbelofte op die Olyfberg, dat Hy weer sou kom, het die toekoms vir Sy dissipels verlig, en hulle harte met hoop en vreugde vervul wat nie deur droefheid kon geblus of deur beproewing kon verdof word nie. Te midde van lyding en vervolging was die "verskyning van die heerlikheid van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus," "die salige hoop." Toe die Thessalonicense met droefheid vervul was, waar hulle hulle geliefdes begrawe het wat gehoop het om in die lewe te bly tot die wederkoms van die Here, het Paulus, hulle leraar, hulle gewys op die opstanding wat sou plaasvind by die Heiland se wederkoms. Dan sou die dode in Christus opstaan, en saam met die lewendes sou hulle opgeneem word om die Here in die lug te ontmoet. "En so," het hy gesê, "sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde." 1 Thess. 4: 16-18.

Op die rotsagtige Patmos het die geliefde dissipel die belofte gehoor, "Kyk, Ek kom gou," en in sy antwoord het hy die verlange van die kerk op sy lang pelgrimstog uitgespreek, "Ja kom, Here Jesus." Openb. 22: 20.

Uit die gevangenis, van die brandstapel, van die skavot, waar die heiliges en martelare vir die waarheid getuig het, hoor ons die stem van hulle geloof en hoop. "Verseker synde van Sy persoonlike opstanding, en dus ook van hulle eie by Sy wederkoms, en om hierdie rede," sê een van hierdie Christene, "Het hulle die dood verag en bokant dit gestaan."— *Taylor, Daniel T., "Tlie Reign of Christ on Earth; or, The Voice of the Church in all Ages," bl. 33.*Hulle was gewillig om in die graf te gaan sodat hulle "vry kon opstaan."— *Idem., bl. 54.* Hulle het uitgesien na die verskyning "Van die Here uit die hemel in die wolke met die heerlikheid van Sy Vader wat aan die regverdige die tye van die Koninkryk bring." Die Waldense het dieselfde geloof gekoester.*(Idem., bls. 129-132.)*Wycliffe het uitgesien na die verskyning van die Verlosser as die hoop van die [347]
kerk.*(Idem., bls. 132-134.)*

Luther het verklaar: "Ek hou my inderwaarheid daarvan oortuig dat die oordeelsdag geen voile drie honderd jaar meer in die toekoms is nie. God wil nie en sal nie hierdie sondige wêreld baie langer meer gedoog nie." "Die groot dag kom nader waarin die koninkryk van gruwels omver gewerp sal word."— *Idem., bls. 158, 134.*

"Hierdie verouderde wêreld is nie meer ver van sy einde af nie," het Melanchthon gesê. Calvyn het Christene beveel om "Nie te aarsel om die dag van die Here se koms vurig te begeer nie as die heerlikste van alle gebeurtenisse;" en hy het verklaar dat "die hele gesin van die gelowiges daardie dag voor oë sal hou." "Ons moet dorstig wees vir Christus, ons moet soek, en oorpeins, tot daardie groot dag aanbreek wanneer die Here die heerlikheid van Sy koninkryk ten voile sal openbaar."—Idem., bls. 158, 134.

"Het ons Here Jesus nie ons vlees na die hemel geneem nie?" het Knox, die Skotse Hervormer gesê, "en sal Hy nie terugkom nie? Ons weet dat Hy sal terugkom en dit baie gou." Ridley en Latimer, wat hulle lewens vir die waarheid opgeoffer het, het in geloof uitgesien na die wederkoms van die Here. Ridley het geskryf: "Sonder enige twyfel — ek sê dit omdat ek dit glo — nader hierdie wêreld sy einde.

Laat ons met Johannes, die dienskneg van God, in ons hart tot ons Heiland roep, kom, Here Jesus, kom."—*Idem., bls. 151, 145.*

"Gedagtes oor die koms van die Here" het Baxter gesê, "Is soet en aangenaam vir my."—*Baxter, Richard, "Works," Deel XVII, bl. 555.*"Dit is die werk van geloof en die karakter van Sy heiliges om Sy verskyning lief te hê en uit te sien na daardie salige hoop." "As die dood die laaste vyand is wat by die opstanding vernietig sal word, kan ons weet hoe sterk gelowiges behoort te verlang na, en te bid vir, die wederkoms van Christus, wanneer hierdie voile en finale oorwinning sal behaal word."— Idem.., bl. 500. "Dit is die dag waarna alle gelowiges behoort te verlang, waarvoor hulle moet hoop en wag, want dit sal die voleindiging van hulle verlossing wees, en van al die begeertes en pogings van hulle siele." "Verhaas, o Here, daardie salige dag!" — *Baxter, "Works" Deel XVII, bls. 182, 183.*Dit
[348] was die hoop van die apostoliese kerk, van die "kerk in die woestyn," en van die Hervormers.

Die profesieë voorspel nie alleen die wyse en doel van Christus se koms nie, maar gee tekens waardeur mense kan weet wanneer die koms naby is. Jesus het gesê: "Daar sal tekens wees aan son en maan en sterre." Lukas 21: 25. "Die son sal duister word en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte wat in die hemel is, sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens op die wolke sien kom met grote krag en heerlikheid." Markus 13: 24-26. In Openbaring beskryf Johannes die eerste tekens wat die wederkoms vooraf sal gaan as volg: "Daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed." Openb. 6: 12.

Hierdie tekens is gesien voor die begin van die negentiende eeu. Ter vervulling van hierdie profesie was daar in die jaar 1755 die vreeslikste aardbewing wat daar nog ooit bekend was. Hoewel dit tans bekend is as die aardbewing van Lissabon, het dit die grootste gedeelte van Europa, Afrika, en Amerika aangetas. Dit is gevoel in Groenland, in die Wes-Indiese Eilande, op Madeira, in Noorweë en Swede, Groot-Brittanje en Ierland. Dit het n gebied van nie minder as viermiljoen vierkante myle aangetas nie. In Afrika was die skok byna net so geweldig as in Europa. 'n Groot gedeelte van Algiers is verwoes; en 'n kort distansie van Morokko af is 'n dorp van tussen agt en tienduisend inwoners opgeswelg. 'n Magtige golf het die kus

van Spanje en Afrika getref, wat stede oorstroom en groot skade aangerig het.

Dit was in Spanje en Portugal waar die ergste skok gevoel is. Op Kadiz was die golf sestig voet hoog. Berge, "sommige van die grootste in Portugal is heftig geskud, tot by hulle fondamente, as't ware; sommige van hulle is bo oopgeskeur sodat groot massas grond in die klowe afgestort het. Daar word vertel dat vlamme uit die berge gekom het."—*Lyell, Sir Charles, "Principles of Geology," bl. 495 (ed. 1858, N. Y.)*

In Lissabon "is daar 'n gedreun soos onderaardse donder gehoor en onmiddellik daarna het 'n geweldige skok die grootste gedeelte van die stad in puin gelê. Binne ses minute is daar sowat sestigdui-send persone gedood. Die see het eers terug getrek en die sandbank [349] blootgelê; toe het dit weer teruggestroom, byna vyftig voet hoër as die gewone watervlak." "Onder die buitengewone gebeurtenisse, soos vertel word, wat daar te Lissabon gedurende die ramp plaas-gevind het, was die instorting van 'n nuwe kaai wat deurgaans van marmer gebou is teen groot onkoste. 'n Groot skare het daar saam-gedrom vir veiligheid as 'n plek waar hulle buite die bereik van die instortende geboue kon wees; maar skielik het die kaai weggesak met al die mense daarop, en nie een van hulle dooie liggame is ooit weer op die oppervlakte gesien nie."—*Lyell, Sir Charles, "Principles oj Geology," bl. 495 (ed. 1858, N. Y.)*

"Die skok" van die aardbewing "is onmiddellik gevolg deur die instorting van elke kerk en klooster, byna al die groot openbare geboue, en meer as 'n kwart van die woonhuise. Sowat twee-uur na die skok, het daar brand ontstaan in verskillende dele en dit het vir byna drie dae so geweldig gewoed dat die stad totaal ver- [350]
woes is. Die aardbewing het op 'n heilige dag plaasgevind toe die kerke en kloosters vol mense was, baie min waarvan ontsnap het."—"*Encyclopædia Americana," art. Lisbon, opmerking (ed. 1831).*"Die vrees van die mense was onbeskryflik. Niemand het gehuil nie; dit was te erg vir trane. Hulle het herwaarts en derwaarts gehardloop, waansinnig van vrees en verbasing, hulle het op hulle gesigte en borste geslaan terwyl hulle uitgeroep het ,*Misericordia! die einde van die wêreld het gekom!*' Moeders het hulle kinders vergeet en met kruisbeelde rondgehardloop. Ongelukkig het baie van hulle na die kerke toe gehardloop vir beskerming, maar tevergeefs is die

sakrament tentoongestel; tevergeefs het die arme skepsels hulle arms om die altare geslaan: beelde, priesters, en volk is in een algemene puinhoop bedolwe." Dit is bereken dat negentigduisend mense hulle lewens op daardie noodlottige dag verloor het.

Vyf-en-twintig jaar later het die volgende teken wat in die profesie genoem is, verskyn — die verduistering van die son en die maan. Wat hierdie gebeurtenis nog treffender gemaak het, is die feit dat die tyd vir die vervulling daarvan bepaald aangewys is. Die Heiland se gesprek met Sy dissipels op die Olyfberg, nadat Hy die lang beproewingstydperk van die kerk beskryf het — die 1260 jaar van pouslike vervolging waarvan Hy gesê het dat die verdrukking verkort sou word — het Hy sekere gebeurtenisse genoem wat Sy koms sou voorafgaan, en Hy het die tyd vasgestel wanneer die eerste daarvan gesien sou word: "In daardie dae, ná die verdrukking, sal die son duister word, en die maan sal sy glans nie gee nie." Markus 13: 24. Die 1260 dae, of jaar, het in 1798 geëindig. 'n Kwart eeu voor daardie tyd het die vervolging so-te-sê byna opgehou. Ná hierdie vervolging, het Christus gesê, sou die son verduister word. Op 19 Mei 1780 is hierdie profesie vervul.

"Hierdie geheimsinnige en totnogtoe onverklaarde verskynsel, naamlik die donker dag van 19 Mei 1780, staan byna alleen indien nie heeltemal alleen nie, as die onverklaarbaarste verduistering van die sigbare hemele en atmosfeer in*New England." —Devens, R. M., "Our First Century," bl. 89.*

'n Ooggetuie van Massachussetts beskryf die gebeurtenis as
[351] volg:

"In die more het die son helder opgekom, maar die lug was gou bewolk. Die wolke het donker geword, daar het weerlig uitgeslaan, dit het gedonder en 'n bietjie reën het geval. Teen nege-uur het die wolke dunner geword en 'n koperagtige kleur aangeneem; die aarde, die rotse, die bome, die geboue, die water, en persone is verander deur hierdie vreemde aaklige lig. 'n Paar minute later het 'n dik swart wolk die hele lig bedek behalwe 'n dun strepie op die gesigseinder, en dit was so donker as dit gewoonlik was om nege-uur op 'n somersaand. . . .

"Vrees, angs, en ontsetting het stadigaan die gemoedere van die mense vervul. Vrouens het in die deure gestaan en kyk na die donkere landskap; mans het van hulle werk op die lande teruggekeer; die

skrynwerker het sy gereedskap neergesit, die smid het sy aambeeld verlaat, en die winkelier sy toonbank. Die skole is verdaag en die kinders het vreesagtig huis-toe gevlug. Reisigers het sommer by die naaste plaashuis herberg gaan soek. ‚Wat is aan kom?' was die vraag op elke hart en lip. Dit het geskyn asof 'n stormwind gedreig het of dat die einde van alle dinge gekom het.

"Kerse is opgesteek; die vure in die kaggels het helder geskyn net soos op 'n maanlose nag. . . . Hoenders het gaan slaap, beeste het by hulle kamphekke gestaan en bulk, die paddas het gekwaak, die voëls het hulle aandlied gesing, en die vlermuise het begin rondvlieg. Maar die mens het geweet dat dit nog nie nag was nie. . . .

"Dr. Nathanael Whittaker, leraar van die tabernakelkerk in Salem, het 'n diens gehou, en 'n preek gelewer waarin hy volgehou het dat die duisternis bonatuurlik was. Op baie ander plekke het gemeentes vergader. Dit tekste vir die onvoorbereide preke was gewoonlik die wat daarop gewys het dat die duisternis ooreengekom het met die profesie van die Skrif. . . . Kort na elfuur was dit die donkerste."—" *The Essex Antiquarian," Salem, Mass., April, 1899 (Deel III, No. 4, bls. 53, 54)* "Op meeste plekke van die land was die duisternis selfs in die dag so groot dat die mense nie op hulle horlosies kon sien hoe laat dit was nie, ook kon hulle nie eet of met hulle gewone werk aangaan sonder om kerse op te steek nie. . . .

"Die uitgestrektheid van hierdie duisternis was buitenge- woon. [352]
In 'n oostelike rigting is dit sover as Falmouth waargeneem. Na [353]
die weste het dit tot die verste deel van Connecticut gestrek tot by Albany. In die suide het dit tot by die seekus gestrek; en in die noorde is dit sover as die Amerikaanse nedersettings gestrek het, gesien."— *Gordon, Dr. Wm., "History of the Rise, Progress, and Establishment of the Independence of the U. S. A.," Deel III, bl. 57 (N. Y., 1789).*

Die stikdonkerheid van daardie dag is 'n uur of so voor die aand voorafgegaan deur 'n gedeeltelike onbewolkte lug, en die son het geskyn, alhoewel dit omhul was van 'n swaar swart mis. "Na sononder het die lug weer bewolk geword en dit het vinnig donker geword." "Die donkerheid van die nag was ook nie minder buitengewoon en skrikwekkend as die van die dag nie; nieteenstaande die feit dat dit voile maan was, kon niks gesien word nie sonder die hulp van kunsmatige lig, wat, waar dit van die naburige wonings geskyn het, gelyk

het asof dit deur 'n soort van Egiptiese duisternis gekom het wat byna nie deur ligstrale kon deurdring word nie."— *Thomas, "Massachussetts Spy; or, American Oracle of Liberty," Deel X, No. 472 (25 Mei, 1780).* 'n Ooggetuie van die toneel het verklaar: "Destyds het die gedagte onwillekeurig by my opgekom dat as elke liggewende liggaam van die heelal in ondeurdringbare skaduwees gehul was, of heeltemal uitgedoof sou gewees het, die duisternis nie erger kon gewees het nie."— *Letter by Dr. Samuel Tenney, of Exeter, N. H., Desember, 1785 (in "Massachusetts Historical Society Collections," 1792, eerste reeks, Deel I, bl. 97)*. Hoewel die maan daardie aand om nege-uur opgekom het, "het dit nie die minste uitwerking gehad om die doodse skaduwees te verdryf nie." Na middernag het die duisternis verdwyn en die maan, toe dit die eerste maal sigbaar geword het, het soos bloed gelyk.

19 Mei 1780 staan in die geskiedenis bekend as "Die Donker Dag." Sedert die tyd van Moses, was geen duisternis so donker, so uitgestrek, en het so lank geduur as die wat beskryf is nie. Die beskrywing van hierdie gebeurtenis soos deur 'n ooggetuie gegee, is slegs 'n weerklank van die woorde van die Here, soos opgeteken deur die profeet Joël, vyf-en-twintig honderd jaar voor hulle vervulling:
[354] "Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed voordat die grote en deurlugtige dag van die Here kom." Joël 2: 31.

Christus het Sy volk beveel om uit te kyk vir die tekens van Sy wederkoms, en hulle te verbly as hulle hierdie tekens van hulle komende Koning sou sien. "As hierdie dinge begin gebeur," het Hy gesê, "Kyk dan na bo en hef julle hoofde op omdat julle verlossing naby is." Hy het die aandag van Sy navolgers gevestig op die uitspruitende bome van die lente, en gesê: "Net soos hulle uitloop, weet julle van self, as julle dit sien, dat die somer al naby is. So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur." Lukas 21: 28, 30, 31.

Maar namate die gees van ootmoed en toewyding in die kerk vervang is deur hoogmoed en formalisme, het liefde vir Christus en geloof in Sy wederkoms afgeneem. Inbeslaggeneem deur wêreldsgesindheid en singenot, is die sogenaamde volk van God verblind vir die Heiland se onderrig aangaande die tekens van Sy wederkoms. Die leerstelling van die wederkoms is verwaarloos; die tekste in verband daarmee is verdof deur verkeerde uitlegging, totdat dit, in

'n groot mate, veronagsaam en vergeet is. Veral was dit die geval met die kerke van Amerika. Die vryheid en gemak wat deur alle klasse van die samelewing geniet is, die vooruitstrewende begeerte vir rykdom en weelde wat die mense met die geldmaakgees besiel het, die gretigheid vir mag en populariteit, wat binne die bereik van almal geskyn het, het die mense daartoe gebring om al hulle belange en hoop te plaas op die dinge van hierdie lewe, en daardie plegtige dag wanneer die huidige orde van sake sal verbygaan, het hulle ver in die toekoms gestel.

Toe die Heiland Sy navolgers gewys het op die tekens van Sy wederkoms, het Hy die afvallige toestand voorspel wTat daar sou wTees net voor Sy wederkoms. Daar sou, net soos in die dae van Xoag, groot bedrywigheid wees in die sakewêreld, en 'n sug na plesier — koop, verkoop, plant, bou, trou, en uitgee in die huwelik — sonder enige gedagte aan God en die lewe hiernamaals. Aan diegene wat in daardie tyd sou lewe, is die vermaning van Christus as volg: "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word [355]
deur swelgery en dronkenskap en die sorge van die lewe nie, en die dag julle nie skielik oorval nie. . . . Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig mag geag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en te staan voor die Seun van die mens." Lukas 21: 34, 36.

Die toestand van die kerk in hierdie tyd is beskryf in die Heiland se woorde in Openbaring, "Jy het die naam dat jy leef en jy is dood." Openb. 3: 1, 3. En aan diegene wat weier om gewek te word uit hulle toestand van valse veiligheid, is die volgende waarskuwing gegee: "As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie."

Dit was nodig dat die mense opgewek moet word om hulle gevaar te besef; en dat hulle wakker gemaak sou word om klaar te maak vir die plegtige gebeurtenisse in verband met die sluiting van die genadetyd. Die profeet van die Here het gesê: "Want die dag van die Here is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra?" Wie sal kan staan wanneer Hy verskyn "wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die moeite nie kan aanskou nie?" Joël 2: 11; Hab. 1: 13; Hos. 8: 1, 2; Ps. 16: 4. Vir hulle wat roep, "My God, ons ken U," maar wat nogtans Sy verbond oortree en ander gode nagevolg het, wat sonde in hulle hart verberg en die weë van ongeregtigheid liefhet — vir hulle sal die dag van die Here "duisternis en geen lig

nie, ja donkerheid sonder 'n ligstraal" wees. Amos 5: 20. "En in die tyd," sê die Here, "sal Ek Jerusalem met lanterns deursoek en besoeking doen oor die mense wat dik geword het op hulle afsaksel, wat in hulle hart sê: Die Here doen geen goed en Hy doen geen kwaad nie." Sef. 1: 12. "Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, en aan die goddelose hulle ongeregtigheid; en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van tiranne verneder." Jes. 13: 11. "Hulle silwer of goud sal nie in staat wees om hulle op die dag van die grimmigheid van die Here te red nie;" "En hulle rykdom sal geplunder word, en hulle huise verwoes word." Sef. 1: 18, 13.

Die profeet Jeremia, vooruitsiende na daardie vreeslike tyd, het
[356] uitgeroep: "0 my ingewande, my ingewande, ek bewe van angs!" "Ek kan nie swyg nie; want jy, my siel, het basuingeklank gehoor, oorlogsgeskreeu! Verwoesting op verwoesting word uitgeroep." Jer. 4: 19, 20.

"Dié dag is 'n dag van grimmigheid, 'n dag van benoudheid en angs, 'n dag van woestheid en verwoesting, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag, 'n dag van basuingeklank en krygsgeskreeu." Sef. 1: 15, 16. "Kyk, die dag van die Here kom, verskrik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde 'n woesteny te maak en sondaars daaruit te verdelg." Jes. 13: 9.

Met die oog op daardie vreeslike dag doen die woord van God, in die ernstigste en plegtigste taal, 'n beroep op Sy volk om wakker te skrik uit hulle geestelike doodsheid, en om sy aangesig met bekering en ootmoed te soek: "Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op My heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die Here kom, want Hy is naby. . . . Heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suigelinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek. Laat die priesters, die dienaars van die Here, tussen die voorportaal en die altaar ween." "Bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag. En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil." Joël 2:1, 15-18, 12, 13.

Om ‘n volk voor te berei om in die groot dag van God te kan staan, moet daar ‘n groot hervormingswerk gedoen word. God het gesien dat baie van Sy sogenaamde volk nie vir die ewigheid gebou het nie, en in Sy genade het Hy op die punt gestaan om aan hulle ‘n boodskap van waarskuwing te stuur om hulle uit hulle slaap wakker te skud, en hulle te lei en gereed te maak vir die koms van die Here.

Hierdie waarskuwing is opgeteken in Openbaring 14. Daar word ‘n drievoudige boodskap voorgestel wat deur hemelse wesens verkondig is, wat onmiddellik gevolg is deur die wederkoms van die Seun van die mens “Om die oes van die aarde in te samel. ‘ Die [357]
eerste van hierdie waarskuwings kondig die naderende oordeel aan. Die profeet het ‘n engel “In die middel van die lug sien vlieg met ‘n ewige evangelie om te verkondig, aan al die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En Hy het met ‘n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.” Openb. 14: 6, 7.

Hierdie boodskap word verklaar as deel te wees van die “ewige evangelie.” Die werk om die evangelie te verkondig is nie aan engele opgedra nie, maar aan die mens gegee. Heilige engele is gebruik om leiding te gee in hierdie werk; hulle is in bevel van die groot bewegings vir die redding van die mens; maar die werklike verkondiging van die evangelie word gedoen deur die dienskneg te van Christus op die aarde.

Getroue manne, wat die leiding van Gods Gees en die leer van Sy woord gehoorsaam, moes hierdie boodskap van waarskuwing aan die wêreld gee. Dit is hulle wat ag geslaan het op die “vaste profetiese woord,” die “lamp wat in ‘n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die morester opgaan.” 2 Pet. 1: 19. Hulle het na die kennis van God gesoek meer as na verborge skatte, en dit beskou “beter as dié van silwer, en die verwerwing daarvan beter as van goud.” Spreuke 3: 14. En die Here het aan hulle die groot dinge van Sy koninkryk geopenbaar. “Die verborgenheid van die Here is vir die wat Hom vrees, en Sy verbond om hulle dit bekend te maak.” Ps. 25: 14.

Dit was nie die geleerde teoloë wat hierdie waarheid verstaan en dit verkondig het nie. As hulle getroue wagters was wat ywerig en biddend die Skrifte ondersoek het, sou hulle die tyd van die nag

geweet het; die profesieë sou aan hulle die dinge wat moes plaasvind, geopenbaar het. Maar hulle het nie daardie posisie beklee nie, en die boodskap is aan nederiger manne gegee. Jesus het gesê: “Wandel solank as julle die lig het, sodat die duisternis julle nie oorval nie.” Joh. 12: 35. Diegene wat hulle afkeer van die lig wat God gegee het, of wat nalaat om dit te soek wanneer dit binne hulle bereik is, word
[358] in duisternis gelaat. Maar die Heiland sê, “Wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.” Joh. 8:12. Wie ookal met een doel soek om die wil van God te doen, wie ernstig agslaan op die lig wat alreeds gegee is, sal groter lig ontvang; aan daardie siel sal ‘n ster met hemelse glans gestuur word om hom tot alle waarheid te lei.

Tydens Christus se eerste koms, kon die priesters en skrifgeleerdes van die heilige stad, aan wie die orakels van God toevertrou was, die tekens van die tye gesien het en die koms van die Beloofde Een verkondig het. Die profesie van Miga het Sy geboorteplek aangewys. (Miga 5: 1.) Daniël het die tyd van Sy koms voorspel. (Dan. 9: 25.) God het hierdie profesieë aan die Joodse leiers gegee; hulle sou sonder verskoning wees as hulle nie geweet en aan die volk verkondig het, dat die koms van die Messias naby was nie. Hulle onkunde was die gevolg van sondige nalatigheid. Die Jode het monumente opgerig vir die profete van God wat om die lewe gebring is, terwyl hulle deur hulle eerbied vir die groot manne van die aarde besig was om hulde te bring aan die diensknegte van Satan. Inbeslaggeneem deur hulle stryd om die hoogste plek en om mag onder die mense, het hulle die goddelike eerbewyse wat hulle deur die Koning van die hemel aangebied is, nie gesien nie.

Met diepe en eerbiedige belangstelling moes die oudstes van Israel ondersoek ingestel het na die plek, die tyd, en die omstandighede waaronder hierdie grootste gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld sou plaasvind, naamlik die koms van die Seun van God om die verlossing van die mens te bewerkstellig. A1 die mense moes wakende en wagtende gewees het, sodat hulle onder die eerstes kon gewees het om die wêreld se Verlosser te verwelkom. Maar kyk, in Betlehem stap twee afgematte reisigers van die berge van Nasaret die hele lengte van die nou straatjie at na die oostelike end van die dorp, en tevergeefs soek hulle na ‘n rusplek en herberg vir die nag. Geen deure is oopgemaak om hulle te ontvang nie. In ‘n ellendige

krot, vir vee ingerig, het hulle eindelik skuiling gevind en daar is die Verlosser van die wêreld gebore.

Heilige engele het die heerlikheid aanskou waarin die Seun van God gedeel het saam met Sy Vader voor hierdie wêreld was, en hulle het met die grootste belangstelling uitgesien na Sy verskyning op die aarde, wat die grootste vreugde sou gebring het aan alle mense. Engele is aangestel om die blye tyding te bring aan diegene wat gereed was om dit te ontvang en wat dit blymoedig sou verkondig het aan die bewoners van die aarde. Christus het Hom verneder om die menslike natuur aan te neem; Hy moes 'n eindelose las van ellende dra, daar Hy sy siel as offer sou gee vir die sonde; maar nogtans het die engele begeer dat die Seun van die Allerhoogste, selfs in Sy vernedering, voor die mense mag verskyn met 'n waardigheid en heerlikheid wat by Sy karakter gepas het. Sou die groot manne van die aarde in die hoofstad van Israel vergader om Sy koms te begroet? Sou legioene van engele Hom aan die verwagtende menigte voorstel? [359]

'n Engel het die aarde besoek om te sien wie gereed was om Jesus te verwelkom. Maar hy kon geen tekens van verwagting opmerk nie. Hy hoor geen juigen triomfkrete dat die koms van die Messias op hande is nie. Vir 'n tyd het die engel gesweef oor die uitverkore stad en die tempel waar die goddelike teenwoordigheid vir eeue verskyn het; maar selfs daar sien hy dieselfde onverskilligheid. Die priesters, in hulle praal en trots, was besig om besoedelde offerandes in die tempel te offer. Die Fariseërs het die mense met luiderstem toegespreek, of hulle het selfverheffende gebede op die hoeke van die strate gebid. In die paleise van die konings, in vergaderings van die filosowe, in die skole van die rabbi's, is almal eweseer onbewus van die wonderbare feit wat die ganse hemel met vreugde en lof vervul het, naamlik dat die Verlosser van die mens op die punt gestaan het om op die aarde te verskyn.

Daar was geen bewys dat Christus verwag is nie, en ook geen voorbereiding vir die Vors van die Lewe nie. In verbasing wou die hemelse boodskapper na die hemel terugkeer met die skandelike tyding, toe hy 'n groep herders opmerk wat besig was om in die nag wag te hou by hulle kuddes, en wat hulle oë opgehef het na die sterrehemel en gedink het oor die profesie van 'n Messias wat na die aarde sou kom, en verlang het na die koms van die wêreld se Verlos-

[360] ser. Hier was ‘n groep wat bereid was om die hemelse boodskap te ontvang, en skielik het die engel van die Here verskyn en die blye boodskap van groot vreugde aan hulle verkondig. Hemelse heerlikheid het die vlakte vervul en daar is ‘n ontelbare skare van engele geopenbaar; en asof die vreugde te groot was vir een boodskapper om van die hemel te bring, het ‘n menigte stemme die lied aangehef wat al die verlostes eendag sal sing: “Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense ‘n welbehae!” Lukas 2: 14.

O, wat ‘n les is daar in hierdie wonderbare verhaal van Betlehem! Hoe bestraf dit nie ons ongeloof, ons hoogmoed en ons selfvoldaanheid. Hoe waarsku dit ons nie om op te pas sodat ons deur ons onverskoonbare onverskilligheid ook nie sal versuim om die tekens van die tye te sien, en dus die dag van besoeking nie te ken nie.

Dit was nie alleen op die berge van Judea en onder die herders dat die engele wagters gevind het op die koms van die Messias nie. Ook in die land van die heidene was daar diegene wat Sy koms verwag het; hulle was die wyse manne, ryk en edel, die wysgere van die Ooste. As studente van die natuur het die wyse manne God in Sy handewerk gesien. Uit die Hebreeuse Skrifte het hulle geleer van die Ster wat sou kom uit Jakob, en met groot verlange het hulle gewag op Hom, wat nie alleen die “Vertroosting van Israel” sou wees nie, maar ook “‘n Lig tot verligting van die nasies,” en “‘n verlossing sal wees tot aan die eindes van die aarde.” Lukas 2: 25, 32; Hand. 13: 47. Hulle was soekers na die lig, en lig van die troon van God het die pad vir hulle voete verlig. Terwyl die priesters en die rabbi’s van Jerusalem, die aangestelde beskermers en verklaarders van die waarheid, in duisternis gehul was, het die ster, deur die hemel gestuur, hierdie heidense vreemdelinge na die geboorteplek van die pasgebore Koning gelei.

Dit is “aan die wat Hom verwag” dat Christus “vir die tweede maal sonder sonde sal verskyn.” Heb. 9: 28. Net soos die boodskap van die Heiland se geboorte, is die boodskap van Sy wederkoms nie aan die godsdienstige leiers van die volk toevertrou nie. Hulle het versuim om hulle verbinding met God te handhaaf, en het die lig van die hemel geweier; daarom val hulle nie onder die getal wat as
[361] volg deur die apostel Paulus beskryf is nie: “Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos ‘n dief sou oorval nie. Julle

is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie.” 1 Thess. 5:4, 5.

Die wagters op die mure van Sion moes die eerste gewees het om die boodskap van die Heiland se koms te verneem; die eerste om hulle stem te verhef om te verkondig dat Hy naby is; die eerste om die volk te vermaan om vir Sy koms klaar te maak. Maar hulle was gerus en het gedroom van vrede en veiligheid, terwyl die volk in hulle in sondes geslaap het. Jesus het sy kerk gesien, soos die onvrugbare vyeboom, vol weelderige blare, maar sonder die kostelike vrug. Daar was ‘n eiegeregtige nakoming van die vorms van die godsdiens, terwyl die gees van ware nederigheid, boetvaardigheid, en geloof — dinge wat alleen ons diens by God aanneemlik kan maak—ontbreek het. In plaas van die deugde van die Gees, was daar hoogmoed, formalisme, selfverheffing, selfsug, en verdrukking. ‘n Afvallige kerk het sy oë gesluit vir die tekens van die tye. God het hulle nie verlaat nie, of Sy getrouheid versuim nie; maar hulle het Hom verlaat, en hulleself afgeskei van Sy liefde. Omdat hulle geweier het om te voldoen aan die voorwaardes, is Sy beloftes nie aan hulle vervul nie.

Dit is die gewisse gevolge van ‘n verwaarlosing van die lig en die voorregte wat God gee. Tensy die kerk volg waar Hy lei, elke ligstraal aanneem, en elke plig nakom wat geopenbaar is, sal die godsdiens onvermydelik ontaard in die nakoming van vorms, en die gees van werklike godsaligheid sal verdwyn. Hierdie waarheid is herhaaldelik geïllustreer in die geskiedenis van die kerk. God verwag van Sy volk werke van geloof en gehoorsaamheid wat ooreenstem met die seëninge en voorregte wat Hy gee. Gehoorsaamheid verg opoffering en ‘n kruis; en dit is die rede waarom so baie van die sogenaamde navolgers van Christus weier om die lig van die hemel aan te neem, en, soos die Jode vanouds, ken hulle nie die tyd van hulle besoeking nie. (Lukas 19: 44.) Weens hulle hoogmoed en ongeloof, het die Here hulle verbygegaan en Hy het Sy waarheid geopenbaar aan diegene, wat soos die herders van Betlehem en die wyse manne van die Ooste, ag geslaan het op al die lig wat hulle ontvang het. [362]

[363]

## Hoofstuk 18—‘n Lang Tyd-Profesie

‘n OPREGTE, eerlike landbouer, wat daartoe gebring is om die goddelike gesag van die Skrifte te betwyfel, maar wat nogtans ernstig begeer het om die waarheid te ken, was die man wat spesiaal deur God gekies is om die voortou te neem in die verkondiging van die wederkoms van Christus. Soos baie van die vroeër hervormers, het William Miller in sy jong dae met armoede te kampe gehad, en hy het dus die groot lesse van werksaamheid en selfverloëning geleer. Die lede van die gesin waaruit hy voortgespruit het, is gekenmerk deur ‘n onafhanklike, vryheidsliewende gees, volharding, en ‘n vurige vaderlandsliefde — eienskappe wat ook sterk op die voorgrond getree het in sy karakter. Sy vader was ‘n kaptein in die leër van die Amerikaanse Rewolusie, en die armoedige toestand van Miller se jongdae moet toegeskryf word aan die opofferings, die stryd, en lyding van daardie tydperk.

[364] Hy het ‘n gesonde liggaam gehad, en selfs in sy kinderjare was daar blyke dat hy meer as gewone intelligensie besit het. Namate hy ouer geword het, het hierdie eienskappe sterker geword. Sy verstand was aktief en goed ontwikkel, en hy het ‘n groot dors na kennis gehad. Hoewel hy nie die voorreg van ‘n kollegeopvoeding gehad het nie, het sy liefde vir studie, en die gewoonte om helder te dink en deeglik te oordeel hom ‘n man van gesonde oordeel en ruime blik gemaak. Hy het ‘n onbesproke sedelike karakter en ‘n benydenswaardige reputasie gehad, en hy is algemeen geag vir sy opregtheid, sy vooruitstrewendheid en sy goedhartigheid. Deur werksaamheid en inspanning het hy vroeg bekwaamheid verwerf, maar hy het nog sy studies voortgesit. Hy het verskillende burgerlike en militêre betrekkings met lof beklee, en die pad na rykdom en eer het, soos dit geskyn het, oopgelê voor hom.

Sy moeder was ‘n baie vrome vrou, en in sy kinderjare is daar godsdienstige indrukke op hom gemaak. In sy manlike jare egter, het hy in die geselskap van deïste geraak wie se invloed baie sterk was weens die feit dat hulle vir die grootste gedeelte goeie burgers was,

en manne van 'n menslike en goedhartige geaardheid. Te midde van Christelike instellings lewende, is hulle karakters in 'n sekere mate gevorm deur hulle omgewing. Die goeie hoedanighede waardeur hulle respek en vertroue gewin het, het hulle te danke gehad aan die Bybel. En nogtans was hierdie goeie gawes so verdraai dat hulle invloed teen die woord van God was. Deur omgang met hierdie manne, is Miller daartoe gebring om in hulle gevoelens te deel. Die destydse verklaring van die skrifte het moeilikhede opgelewer wat vir hom onoorkomelik geskyn het; nogtans het sy nuwe geloof, hoewel dit die Bybel tersyde gestel het, niks beter in die plek daarvan gegee nie, en hy was nog lank nie tevrede nie. Hy het egter aangehou om hierdie sienswyses vir nog sowat twaalf jaar te huldig. Op sowat vier-en-dertigjarige leeftyd, het die Heilige Gees hom onder 'n indruk gebring van sy toestand as sondaar. In sy vorige geloof het hy geen versekering gehad van saligheid anderkant die graf nie. Die toekoms was donker en somber. Later het hy van sy gevoelens in hierdie tyd gesê:

"Vernietiging was 'n koue en kille gedagte, en die feit dat almal [365]
verantwoording sou moes doen, het die gewisse vernietiging van almal beteken. Die hemel was soos koper bokant my hoof, en die aarde soos yster onder my voete. Die Ewigheid — wat was dit? En die dood — waarom was dit? Hoe meer ek geredeneer het, hoe verder was ek van 'n oplossing. Hoe meer ek gedink het, hoe verwarder was my gevolgtrekkings. Ek het probeer om op te hou dink, maar my gedagtes wou hulle nie aan bande laat lê nie. Ek het waarlik ellendig gevoel, maar die oorsaak daarvan het ek nie verstaan nie. Ek het gemurmureer en gekla, maar nie geweet waaroor nie. Ek het begryp dat daar so iets was as verkeerdheid, maar het nie geweet waar om die reg te vind nie. Ek het getreur, maar sonder hoop."

Hierdie toestand het vir etlike maande aangehou. "Skielik, sê hy, is die karakter van 'n Heiland helder aan my voorgestel. Dit het geskyn dat daar wel 'n wese mag wees, so goed en barmhartig as om self versoening te doen vir ons oortredings, en ons daardeur sou red van lyding en die straf op die sonde. Dadelik het ek gevoel hoe lieflik so 'n wese moet wees, en ek het my voorgestel dat ek myself in die arms van so 'n wese kon werp, en op Sy genade kon vertrou. Maar die vraag het ontstaan, Hoe kan dit bewys word dat so 'n wese wel bestaan? Behalwe in die Bybel, het ek gevind dat ek geen bewys kon

kry van die bestaan van so ‘n Verlosser, of selfs van ‘n toekomstige staat nie. . . .

“Ek het gesien dat die Bybel juis so ‘n Verlosser as waaraan ek behoefte gehad het, voorstel; en ek kon nie die vraag beantwoord hoedat ‘n ongeïnspireerde boek beginsels kon bevat wat so volkome aangepas kon word by die behoeftes van ‘n gevalle wêreld nie. Ek is gedwing om te erken dat die Skrifte wel ‘n openbaring van God moet wees. Hulle het my verlustiging geword; en in Jesus het ek ‘n vriend gevind. Die Heiland het vir my die uitnemendste onder tienduisend geword; en die Skrifte, wat voorheen so duister en teenstrydig geskyn het, het nou ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad geword. My gemoed het tot bedaring en bevrediging gekom. Ek het gevind dat die Here God ‘n Rots in die lewensoseaan was. Die Bybel het nou my vernaamste studie geword, en ek kan waarlik sê dat ek dit met
[366] groot vreugde ondersoek het. Ek het gevind dat die helfte nooit aan my vertel was nie. En ek het myself afgevra waarom ek nooit die skoonheid en die heerlikheid daarvan tevore gesien het nie, en ek kon nie verstaan waarom ek dit ooit verwerp het nie. Alles wat my hart kon begeer het ek daarin geopenbaar gevind, asook ‘n raat vir elke sielekwaal. Ek het alle smaak vir ander leesstof verloor en ek het my daarop toegelê om wysheid van God te verkry.”— *Bliss, S., “Memoirs of Wm. Miller,” bis. 65-67.*

Miller het sy geloof in die godsdiens wat hy eers verag het, in die openbaar bely. Maar sy ongelowige vriende het nie geaarsel om al daardie argumente wat hy self so dikwels teen die gesag van die Skrifte opgewerp het, weer aan te haal nie. Hy was toe nie bereid om hulle te beantwoord nie; maar hy het geredeneer dat as die Bybel ‘n openbaring van God was, dit nie in stryd met homself sou wees nie; en daar dit gegee is vir die onderrig van die mens moes dit moontlik wees dat hy dit kon verstaan. Hy het besluit om die Skrifte vir homself te ondersoek, ten einde vas te stel of al die skynbare teenstrydighede nie met mekaar in ooreenstemming kon gebring word nie.

Tragtende om al sy vooropgestelde opinies tersyde te stel, en sonder die hulp van kommentare, het hy skriftuur met skriftuur vergelyk met die hulp van kanttekenings en ‘n konkordansie. Hy het sy studies op ‘n stelselmatige wyse voortgesit; hy het met Genesis begin, en vers vir vers lesende, het hy nie verder gegaan voordat

die gelese gedeeltes vir hom so duidelik geword het dat daar geen twyfel meer bestaan het nie. Wanneer hy iets teëgekom het wat nie vir hom duidelik was nie, het hy dit met alle ander tekste vergelyk wat enigsins in verband daarmee gestaan het. Hy het elke woord toegelaat om sy regte verhouding in die teks in te neem, en as sy beskouing daaroor ooreengestem het met alle gelykstaande tekste, het dit vir hom geen moeilikheid meer opgelewer nie. Wanneer hy dus ‘n skrifgedeelte teëgekom het wat moeilik was om te verstaan, het hy ‘n verklaring daarvan in ‘n ander deel van die Skrifte gevind. Namate hy gestudeer het met ernstige gebed om goddelike verligting, is wat vir hom voorheen duister was, opgeklaar. Hy het die waarheid ondervind van die woord van die psalmis, “die opening [367]
van die woorde gee lig, dit maak die eenvoudiges verstandig.” Ps. 119: 130.

Met die grootste belangstelling het hy die boeke van Daniel en Openbaring ondersoek volgens dieselfde beginsels wat hy gebruik het om die ander Skrifte te verklaar, en tot sy groot vreugde het hy gevind dat die profetiese sinnebeelde kon verstaan word. Hy het gesien dat die profesieë, sover as hulle reeds vervul was, letterlik vervul is; dat die verskeie beelde, die beeldspraak, die gelykenisse, en die sinnebeelde of verklaar is in hulle onmiddellike verband of dat die terme wat gebruik is in ander skriftuurplase verklaar is, en op daardie manier verklaar, kon hulle letterlik verstaan word. “Ek was derhalwe tevredegestel,” het hy gesê, “dat die Bybel ‘n stelsel van geopenbaarde waarhede is, so duidelik en eenvoudig gegee, dat selfs die dwase nie daarin sal dwaal nie.”—Bliss, “Memoirs of Wm. Miller,“bl. 70. Skakel vir skakel in die ketting van waarheid het sy pogings beloon, namate hy stap vir stap die groot reekse profesieë ondersoek het. Engele van die hemel het sy gees gelei en die Skrifte aan hom verduidelik.

Die wyse waarop die profesieë in die verlede vervul is as voorbeeld nemende om die onvervulde te verklaar, is hy oortuig dat die algemene idee van ‘n geestelike regering van Christus —‘n tydelike millennium voor die einde van die wêreld — nie deur die woord van God gestaaf is nie. Hierdie leerstelling, wat vooruitgewys het op ‘n duisend jaar van geregtigheid en vrede voor die persoonlike koms van die Here, het die verskrikkinge van die dag van God baie ver in die verskiet gestel. Maar, aangenaam soos dit mag wees, is dit in

stryd met die leer van Christus en Sy apostels wat verklaar het dat die koring en die onkruid saam moes opgroei tot die oestyd — die end van die wêreld (Matt. 13: 30, 38-41); dat ..goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger"; dat "daar sware tye in die laaste dae sal ontstaan" (2 Tim. 3: 13, 1); en dat die koninkryk van duisternis sal voortduur tot die wederkoms van die Here, en deur die gees van Sy mond sal verteer en deur die heerlikheid van Sy koms sal vernietig word. (2 Thess. 2: 8.)

[368] Die leerstelling van die bekering van die wêreld en 'n gees- telike regering van Christus is nie deur die apostoliese kerk gehuldig nie. Dit was nie algemeen deur Christene aangeneem tot eers omtrent die begin van die agtiende eeu nie. Soos alle dwaalleer, is die gevolge hiervan sleg. Dit het die mense geleer om die koms van die Here ver in die toekoms te stel, en hulle belet om ag te slaan op die tekens wat Sy naderende koms voorspel. Dit het 'n gevoel van vertroue en veiligheid geskep wat ongegrond was, en dit het baie daartoe gebring om die nodige voorbereiding om die Here te ontmoet te verwaarloos.

Miller het gevind dat die letterlike, persoonlike wederkoms van Christus duidelik in die Skrifte geleer is. Paulus sê "Die Here Self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met die geklank van die basuin van God." 1 Thess. 4: 16, 17. En die Heiland het gesê dat hulle die Seun van die mens sou sien kom "op die wolke van die hemel met grote krag en heerlikheid," "Soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook wees die koms van die Seun van die mens." Matt. 24: 30, 27, 31. Hy sal vergesel wees van die leërskare van die hemel. "Die Seun van die mens sal kom in Sy heerlikheid en al die heilige engele saam met Hom." Matt. 25: 31. "Hy sal Sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal Sy uitverkorenes bymekaar maak." Matt. 24: 31.

By Sy koms sal die regverdige dode opgewek word, en die regverdige lewendes sal verander word. "Ons sal wel nie almal ontslaap nie," sê Paulus, "maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word." 1 Kor. 15: 51-53. En in sy brief aan die Thessalonicense, ná hy die

koms van die Here beskryf het, sê hy: "Die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug." 1 Thess. 4: 16, 17.

Na Sy wederkoms eers kan Christus Sy volk en Sy koninkryk ontvang. Die Heiland het gesê: "En wanneer die Seun van die mens [369] kom in Sy heerlikheid en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies bymekaargebring word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die skaapwagter die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan Sy regterhand en die bokke aan Sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan Sy regterhand is, sê. Kom, julle geseendes van My Vader, beëerf die koninkryk wat vir julle toeberei is van die grondlegging van die wêreld af." Matt. 25: 31-34. Uit die aangehaalde skrifture het ons reeds gesien dat wanneer die Seun van die mens kom, die dode onverganklik opgewek en die lewendes verander word. Deur hierdie groot verandering word hulle toeberei om die koninkryk te ontvang. "Dit verklaar ek," sê Paulus, "Dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie." 1 Kor. 15: 50. In sy huidige staat is die mens sterflik en verganklik; maar die koninkryk van God sal onverganklik wees en vir ewig duur. Daarom kan die mens in sy huidige staat nie die koninkryk van God binnegaan nie. Maar wanneer Jesus kom, gee Hy die ontsterflikheid aan Sy volk; en dan roep Hy hulle om die koninkryk te beërf waarvan hulle totnogtoe maar net die erfgename was.

Hierdie skrifture, en nog ander, het Miller oortuig dat die gebeurtenisse wat algemeen verwag was om plaas te vind vóór die wederkoms van Christus, soos byvoorbeeld die algemene heerskappy van vrede en die oprigting van die koninkryk van God op aarde, eers ná die wederkoms sou plaasvind. En wat meer is, het al die tekens van die tye en die toestand van die wêreld ooreengestem met die profetiese beskrywing van die laaste dae. Uit 'n ondersoek van die Skrifte alleen, is hy tot die gevolgtrekking gedwing dat die tydjie wat die aarde nog in sy huidige toestand sal voortbestaan nie meer lank sou duur nie.

"'n Ander soort bewys wat 'n diep indruk op my gemaak het," sê hy, "was die tydrekening van die Skrifte. . . . Ek het gevind dat die voorspelde gebeurtenisse wat in die verlede vervul is, dikwels

binne ‘n gegewe tyd plaasgevind het. Die honderd-en-twintig dae tot die sondvloed (Gen. 6: 3); die sewe dae wat dit sou voorafgaan, met die veertig dae van voorspelde reën (Gen. 7: 4); die vierhonderd jaar van die verblyf in Egipte van Abraham se saad (Gen. 15: 13); die
[370] drie dae van die skin- ker en bakker se drome (Gen. 40: 12-20); die sewe jaar van Farao se drome (Gen. 41: 28-54); die veertig jaar se omwandeling in die woestyn (Num. 14:34); die drie en ‘n half jaar se hongersnood (1 Kon. 17: 1; sien Lukas 4:25); . . . die sewentigjarige ballingskap (Jer. 25: 11); Nebukadnesar se sewe tydperke (Dan. 4: 13-16); en die sewe weke, die twee-en-sestig weke, en die een week, wat altesaam sewentig weke maak en oor die Jode bestem is (Dan. 9:24-27)—al hierdie gebeurtenisse wat deur hierdie tye bepaal is, was eenmaal die onderwerp van profesie, en is vervul volgens die voorspellings.”— *Bliss, “Memoirs of Wm. Miller ” bls. 74, 75.*

Toe hy dus, in sy ondersoek van die Bybel, gevind het dat verskillende kronologiese tydperke, wat soos hy dit verstaan het, gestrek het tot by die wederkoms van Christus, kon hy nie anders nie as om hulle te beskou as die “tye wat vooraf bepaal is,” wat God aan Sy diensknegte geopenbaar het. “Die verborge dinge,” sê Moses, “is vir die Here onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid” (Deut. 29: 29); en deur Sy profeet Amos sê die Here, “Want die Here Here doen niks tensy dat Hy eers Sy geheimenis aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.” Amos 3: 7. Die ondersoekers van Gods woord mag dus met alle vertroue verwag dat die grootste van alle gebeurtenisse wat op die aarde sal plaasvind duidelik in die Skrifte van waarheid aangewys is.

“Daar ek ten voile oortuig was,” sê Miller, dat ‚die hele Skrif deur God ingegee en nuttig is’ (2 Tim. 3:16); dat ‚geen profesie ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring is nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het heilige mense van God gespreek’ (2 Pet. 1: 21), en geskrywe vir ons lering ‚sodat ons deur geduld en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê’ (Rom. 15: 4), kon ek die kronologiese dele van die Bybel nie anders beskou as deel van die woord van God wat ook ons ondersoek verdien net soos enige ander deel van die Skrifte. Ek het toe gevoel dat as ek wou verstaan wat God in Sy genade aan ons geopenbaar het, ek nie die reg gehad het om die profetiese tydperke te veronagsaam nie.”—*Bliss, “Memoirs of Wm. Miller,” bl. 75.*

Die profesie wat die tyd van die wederkoms die duidelikste [371]
bepaal het, soos dit geskyn het, was Dan. 8: 14: "Twee duisend drie honderd aande en mores, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel [gereinig] word." Sy reël navolgende om die Skrifte hulle self te laat uitlê, het Miller ontdek dat 'n dag in simboliese profesie 'n jaar voorgestel het (Num. 14: 34: Eseg. 4: 6); hy het gesien dat die tydperk van 2,300 profetiese dae, of letterlike jare, sou strek tot ver anderkant die afsluiting van die Joodse bedeling. Daarom kon dit nie betrekking gehad het op die heiligdom van daardie bedeling nie. Miller het die algemene beskouing aangeneem, dat die heiligdom in die Christelike bedeling die aarde was, en hy het dus verstaan dat die reiniging van die heiligdom soos in Dan. 8: 14 voorspel, die reiniging van die aarde was wat deur vuur sou geskied by die wederkoms van Christus. As hy die aanvangspunt kon ontdek van die 2,300 dae, het hy gemeen dat die tyd van die tweedekoms maklik vasgestel kon word. Op hierdie manier sou die tyd van die einde van alle dinge geopenbaar word, die tyd wanneer die huidige wêreld met "al sy hoogmoed en mag, prag en praal, boosheid en verdrukking, tot 'n einde sou kom"; wanneer die vloek "van die aarde weggeneem sou word, die dood vernietig, en die loon gegee sou word aan die diensknegte van God, die profete en die heiliges, en aan hulle wat Sy naam vrees, en wanneer diegene vemietig sou word wat die aarde verwoes."— *Bliss, "Memoirs of Wm. Miller," bl. 76.*

Met nuwe en groter erns het Miller die profesieë ondersoek: hy het dae en nagte bestee aan die ondersoek van wat vir hom nou van sulke groot belang geskyn het. In die agste hoofstuk van Daniel kon hy geen leidraad vind vir die begin van die 2,300 dae nie; hoewel die engel Gabriel beveel is om die gesig aan Daniël te verduidelik, het hy hom maar net 'n gedeeltelike verklaring gegee. Toe die vreeslike vervolging wat oor die kerk sou kom aan die profeet getoon is, het sy liggaamlike krag beswyk. Hy kon nie meer verduur nie en die engel het hom vir 'n tyd verlaat. "Daniel was gedaan en was dae lank siek. . . . en hy was "verstom oor die gesig, maar niemand het dit gemerk nie."

Maar nogtans het God Sy boodskapper beveel, , laat hierdie man die gesig verstaan." Daardie opdrag moes vervul word. In gehoor-
saamheid daaraan, het die engel, 'n tyd later na Daniel teruggekom, [372]
en gesê "Daniël, nou het ek uitgegaan om jou insig te gee. . . . gee

dan ag op die woord en verstaan die gesig." Dan. 9: 22, 23, 25-27. Daar was een belangrike punt in die gesig van hoofstuk agt wat nie verklaar is nie, naamlik die tydgedeelte — die tydperk van 2,300 dae; daarom het die engel, in sy hervatting van die verklaring, hom veral by die tydgedeelte bepaal: "sewentig weke is oor jou volk en jou heilige stad bepaal. . . . Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n gesalfde, 'n vors, is sewe weke; en twee-en-sestig weke . . . dit [sal] herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En na die twee-en-sestig weke sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; . . . En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal Hy slagoffer en spysoffer laat ophou." Dan. 9: 24-27.

Die engel is na Daniël gestuur met die uitdruklike doel om die punt uit te lê wat hy in die gesig van die agste hoofstuk nie verstaan het nie — die verklaring in verband met tyd — "twee duisend drie honderd aande en mores, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word." En nadat hy aan Daniel gesê het "gee ag op die woord en verstaan die gesig," was die eerste woorde van die engel, "sewentig weke is oor jou volk en jou heilige stad bepaal." Die woord wat hier as "bepaal," vertaal is, beteken letterlik "afgesny." Sewentig weke, wat 490 jaar voorstel, is volgens die engel afgesny as spesiaal betrekking hebbende op die Jode. Maar waarvan is hulle afgesny? Daar die 2,300 dae die enigste tydperk is wat in hoofstuk agt genoem is, moet dit die tydperk wees waarvan die sewentig weke afgesny moet word; die sewentig weke moet dus 'n deel wees van die 2,300 dae, en die twee tydperke moet op dieselfde tyd begin. Die sewentig weke sou volgens die engel begin met die bevel om Jerusalem te herstel en op te bou. As ons die datum van hierdie bevel kon vasstel, sou ons ook die aanvangspunt van die lang tydperk van die 2,300 dae kan vasstel.

Ons vind die bevel in die sewende hoofstuk van Esra (Esra 7: 12-26). In sy volledigste vorm is die bevel deur Artasasta, koning
[373] van Persië, in die jaar 457 v.C. gegee. Maar in Esra 6: 14 lees ons dat die huis van die Here gebou is "op bevel van Kores en Darius en Artasasta, koning van Persië." Hierdie drie konings het die bevel, deur dit uit te vaardig, te bevestig, en volledig te maak, tot die volmaaktheid gebring om die aanvangspunt te bepaal van die 2,300

jaar, soos deur die profesie vereis is. As ons die jaar 457 v.C. neem [die tyd toe die bevel voltooi is] as die datum van die bevel, sien ons dat al die bepalings aangaande die profesie van die sewentig weke vervul is.

"Van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n gesalfde, 'n vors, is sewe weke; en tweeen-sestig weke," naamlik nege-en-sestig weke, of 483 jaar. Die bevel van Artasasta het in werking getree in die herfs van die jaar 457 v.C. Yan daardie datum af sou 483 jaar reik tot die herfs van die jaar 27 n.C. (Sien Aanhangsel; ook die tekening op bl. 374.) Op daardie tyd is die profesie vervul. Die woord "Messias" beteken "die Gesalfde." In die herfs van die jaar 27 n.C., is Christus deur Johannes gedoop en Hy is met die Gees gesalf. Die apostel Petrus getuig: "Met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag." Hand. 10: 38. En die Heiland Self het verklaar, "die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring." Lukas 4: 18. Na Sy doop "het Jesus in Galilea gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul." Markus 1: 14, 15.

"En Hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit." Die "week" waarvan hier gepraat word is die laaste van die sewentig; en dit is die laaste sewe jaar van die tydperk wat spesiaal oor die Jode bepaal is. Gedurende hierdie tyd, wat gestrek het van 27 n.C. tot 34 n.C., het Christus, eers in eie persoon en later deur Sy dissipels, die evangelie-uitnodiging spesiaal aan die Jode gegee. Toe die apostels gestuur is met die blye tyding van die koninkryk, was die Heiland se opdrag, "Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel." Matt. 10: 5, 6.

"En gedurende die helfte van die week sal Hy slagoffer en spys-
offer laat ophou." In die jaar 31 n.C., drie en 'n half jaar na Sy doop, [374]
is die Here gekruisig. Met die groot soenoffer op Golgota is die [375]
stelsel van offerandes wat vir vier duisend jaar vooruitgewys het op die Lam van God, beëindig. Beeld het teenbeeld ontmoet, en al die slagoffers en spysoffers van die seremoniële stelsel sou op daardie datum ophou.

Die sewentig weke, of 490 jaar, wat veral oor die Jode bepaal is, het soos ons gesien het, in die jaar 34 n.C. ten einde geloop. Op

daardie tyd het die volk, deur die handelwyse van die Joodse Sanhedrin, sy verwerping van die evangelie verseël met die marteldood van Stefanus, en die vervolging van die navolgers van Christus. Toe is die evangelieboodskap nie langer tot die uitverkore volk beperk nie, maar is aan die hele wêreld verkondig. Die dissipels, wat weens vervolging uit Jerusalem moes vlug, het "die hele land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig. En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaria en Christus vir hulle gespreek." Hand. 8:4, 5. Petrus het, onder goddelike leiding, die evangelie aan die kaptein van Cesarea verkondig, naamlik die godvresende Kornelius; en die vurige Paulus, wat tot die geloof gewin is deur Christus, "is ver weggestuur na die Heidene," om die blye tyding te verkondig.

Tot dusver is elke besonderheid van die profesieë op treffende wyse vervul, en die begin van die sewentig weke is sonder enige twyfel vasgestel op 457 v.C., en hulle einde op 34 n.C. Met hierdie gegewens is daar nou geen moeilikheid om die einde van die 2,300 dae vas te stel nie. Die sewentig weke — 490 dae — afgetrek van die 2,300 laat nog 1810 dae oorbly. Na die einde van die 490 dae was die 1810 dae nog nie vervul nie. Van die jaar 34 n.C. sou 1810 jaar strek tot 1844. Gevolglik het die 2,300 dae van Daniel 8: 14 in die jaar 1844 geëindig. Aan die einde van hierdie lang profetiese tydperk sou, volgens die engel van God, "die heiligdom in Sy regte staat herstel word.'' Dus is die tyd van die reiniging van die heiligdom — wat algemeen aangeneem is as die datum van die wederkoms — beslis vasgestel.

Miller en sy medegeloofsgenote het eers geglo dat die 2,300 dae in die lente van die jaar 1844 sou eindig, terwyl die profesie die herfs van daardie jaar aangewys het. (Sien tekening bl. 362; asook Aanhangsel. In die noordelike halfrond val die lente in die eerste
[376] helfte van die jaar, en herfs in die laaste helfte.) Die misverstand op hierdie punt het teleurstelling en verbystering gebring aan diegene wat die eerste datum aangeneem het as die tyd van die wederkoms van die Here. Maar dit het nie in die minste die krag van die argument geaffekteer nie dat die 2,300 dae in die jaar 1844 ten einde geloop het en dat die belangrike gebeurtenis wat voorgestel is deur die reiniging van die heiligdom dan sou plaasvind nie.

Toe hy met die ondersoek van die Skrifte begin het om te bewys dat hulle 'n openbaring van God was, het Miller nie in die minste

verwag dat hy tot die gevolgtrekking sou kom waartoe hy nou geraak het nie. Hy self kon byna nie die gevolge van sy eie ondersoek aanneem nie. Maar die skriftuurlike bewys was te duidelik en te kragtig om veronagsaam te word.

Hy het sowat twee jaar aan die ondersoek van die Bybel gewy, toe hy in die jaar 1818, tot die plegtige oortuiging gekom het dat Christus oor omtrent 25 jaar sou kom om Sy volk te verlos. "Ek hoef nie te praat," sê Miller, "van die blydskap wat my hart vervul het met die oog op hierdie heerlike voor- uitsig, of van die vurige verlange [377]
van my hart om te deel in die vreugde van die verlostes nie. Vir my was die Bybel nou 'n nuwe boek. Dit was inderwaarheid 'n feesmaal van rede; alles wat donker, misties, of vir my onduidelik was, is uit my hart verdryf deur die heldere lig wat nou opgegaan het oor sy heilige bladsye; en o, hoe helder en heerlik het die waarheid nie geskyn nie! Al die weersprekings en ongerymdhede wat ek voorheen in die woord gevind het, was nou weg; en hoewel daar nog baie dele was waarvan ek nog nie seker was dat ek hulle ten voile verstaan het, het daar nogtans soveel lig geskyn om my eertydse duistere verstand te verlig, dat dit vir my 'n vreugde was om die Skrifte te ondersoek wat ek voorheen as onverstaanbaar beskou het."—*Bliss, "Memoirs of Wm. Miller," bis. 76, 77.*

"Met die plegtige oortuiging dat sulke allerbelangrikse gebeurtenisse in die Skrifte voorspel is om vervul te word binne so 'n kort tyd, het die vraag met krag by my opgedring wat my plig was teenoor die wêreld betreffende die getuienis wat my eie gemoed so [378]
getref het."— *Bliss, "Memoirs of W m. Miller," bl. 81.*Hy kon nie anders as voel nie dat dit sy plig was om aan ander die lig mee te deel wat hy ontvang het. Hy het teenstand verwag van die goddelose, maar hy was oortuig dat alle Christene hulle sou verbly in die hoop om die Heiland te ontmoet wat hulle voorgegee het om lief te hê. Sy enigste vrees was dat vele, in hulle groot blydskap oor die vooruitsig van heerlike verlossing wat so gou sou kom, die leerstelling sou aanneem sonder 'n deeglike ondersoek van die Skrifte om die waarheid daarvan te bewys. Hy was dus huiwerig om dit te verkondig, ingeval hy miskien 'n fout gemaak het, en dus ander sou verlei. Hy is toe genoop om die bewyse ter stawing van die gevolgtrekkings waartoe hy gekom het, weer te hersien en om deeglik elke vraag te ondersoek wat daar sou ontstaan. Hy het gevind dat besware verdwyn het voor

die lig van Gods woord net soos mis voor die son. Nadat hy vyf jaar op hierdie manier deurgebring het, is hy ten voile oortuig van die
[379] juistheid van sy stellings.

En nou het die plig om aan ander te verkondig wat volgens sy mening so duidelik in die Skrifte geleer is, baie duidelik geword. "Terwyl ek gewerk het," het hy gesê, "het dit gedurig in my ore geklink, ,Gaan vertel die wêreld van sy gevaar.' Hierdie teks het gedurig voor my opgekom: ,As ek vir die goddelose sé: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg dat hy hom daarvan moet bekeer, en hy hom nie bekeer van sy weg nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered.' Eseg. 33: 8, 9. Ek het gevoel dat as die goddelose goed gewaarsku kon word, daar menigtes van hulle tot bekering sou kom; en as hulle nie gewaarsku is nie, sou hulle bloed van my hand geëis word."—Bliss, "Memoirs of Wm. Miller," bl. 92.

Hy het sy sienswyses in die privaat verkondig namate hy geleent-
[380] heid gehad het, biddende dat die een of ander predikant onder die indruk daarvan mag kom om dit self te verkondig. Maar hy kon hom nie bevry van die oortuiging dat dit sy persoonlike plig was om die waarskuwing te gee nie. Steeds het die woorde in sy ore geklink, "Gaan verkondig dit aan die wêreld; Ek sal hulle bloed van jou hand eis." Vir nege jaar het hy gewag, met die las nog steeds op sy hart, tot hy in die jaar 1831 vir die eerste maal in die openbaar die redes vir sy geloof begin verkondig het.

Net soos Elisa van die ploeg op die lande weggeroep is om die profeetsamp te aanvaar, so is William Miller ook geroep om sy ploeg te verlaat en die verborgenhede van die koninkryk van God te verklaar. Met bewing het hy sy werk aanvaar en sy hoorders stap vir stap deur die profetiese tydperke gelei tot by die wederkoms van Christus. Met elke poging het hy krag en moed ontvang namate hy die groot belangstelling gesien het wat deur sy woorde opgewek is.

Dit was slegs op aandrang van sy broeders, in wie se woorde hy die roepstem van God gehoor het, dat Miller ingestem het om sy sienswyses in die openbaar te verkondig. Hy was nou vyftig jaar oud, nie gewoond aan openbare toesprake nie, en hy het gebukgegaan onder 'n besef van sy onbekwaamheid vir die werk. Maar uit die

staanspoor uit is sy werk op merkwaardige wyse geseën tot redding van siele. Sy eerste lesing is gevolg deur ‘n godsdienstige opwekking waarin dertien gesinne, met uitsondering van twee persone, tot bekering gekom het. Daar is dadelik by hom aangedring om ook op ander plekke te praat, en op byna elke plek waar hy gewerk het, het daar ‘n opwekking in die werk van God gekom. Sondaars het tot bekering gekom, Christene is opgewek tot groter toewyding, en deïste en ongelowiges is daartoe gebring om die waarheid van die Bybel en die Christelike godsdiens te erken. Die getuienis van diegene onder wie hy gearbei het, lui as volg: "‘n Klas van mense is deur hom bereik wat nie deur ander kon bereik word nie."— *Bliss, "Memoirs of Wm. Miller," bl. 138.*Sy prediking was bereken om die gemoed van die publiek wakker te skud vir die godsdiens en om die toenemende wêreldsgesindheid en singenot van die tyd te stuit. [381]

In byna elke dorp was daar talle, en in sommige gevalle honderde, wat onder sy prediking tot bekering gekom het. Op baie plekke is Protestantse kerke van byna alle genootskappe tot sy beskikking gestel; en versoeke om sy dienste het gewoonlik gekom van die predikante van verskeie gemeentes. Dit was sy vaste gewoonte om nie op enige plek te arbei waarheen hy nie uitgenooi is nie, maar eerlank het hy gevind dat hy nie in staat was om te voldoen aan helfte van die versoeke wat ingestroom het nie.

Vele wat nie sy sienswyse aangeneem het ten opsigte van die juiste tyd van die wederkoms nie, was oortuig van die nabyheid van die koms van Christus en hulle behoefte aan voorbereiding. In sommige van die groot stede het sy werk ‘n baie diep indruk gemaak. Drankhandelaars het hulle besigheid opgegee en hulle winkels in byeenkomsplekke omgeskep; dobbelaarsholle is vernietig: ongelowiges, deïste, universaliste, en selfs die gruwelikste booswigte het tot bekering gekom, sommige wat vir jare nooit in die kerk gekom het nie. Bidure is gereël deur die verskillende genootskappe, in verskillende dele, op byna alle ure; sakemanne het op die middag vergader vir gebed. Daar was nie buitensporige opwinding nie, maar ‘n ernstige stem-ming het oor die mense gekom. Sy werk, soos die van die vroeër Hervormers. het die verstand oortuig en die gewete wakkergeskud liewer as om net die gevoelens op te wek.

In die jaar 1833 is Miller toegelaat om te preek, deur die Baptiste Genootskap, waarvan hy ‘n lidmaat was. ‘n Hele aantal van die

predikante van daardie genootskap het sy werk goedgekeur, en dit was met hulle formele toestemming dat hy sy werk voortgesit het. Hy het onafgebroke gereis en gespreek, hoewel sy persoonlike arbeid grotendeels verrig is in die New England en Middel State. Vir etlike jare het hy sy onkoste uit sy eie sak betaal, maar hy het nooit genoeg middele ontvang om sy reisonkoste te dek nie. Sy openbare werk het hom dus geen geldelike voordeel gebring nie, maar steeds uitgawe, en sy besittings het stadigaan verminder. Hy was die vader van 'n groot gesin, maar daar hulle almal spaarsaam en werksaam was, het
[382] sy plaas genoeg voortgebring om hulle en hom te onderhou.

In 1833, twee jaar na Miller in die openbaar die bewyse van Christus se spoedige koms verkondig het, is die laaste tekens gesien wat deur die Heiland belowe is as tekens van Sy wederkoms. Jesus het gesê: ,.Die sterre sal van die hemel val." Matt. 24: 29. En in Openbaring verklaar Johannes, toe hy in 'n gesig die tonele gesien het wat die dag van God sou inlui, "En die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom, wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval." Openb. 6: 13. Hierdie profesie is op treffende wyse vervul deur die groot sterrereent van 13 November 1833. Toe is die grootste vertoning van verskietende sterre gesien waarvan die geskiedenis tot dusver weet: "Die hele uitspansel oor die Verenigde State was destyds in vuur en vlam! Van dat die land bewoon is, is daar nog nooit 'n hemelse verskynsel gesien wat deur een deel van die bevolking met sulke verrukking aanskou is en wat die ander deel met sulke vrees en angs vervul het nie." "Die verhewenheid en onsaglike skoonheid daarvan word nog deur baie mense onthou. . . . Nog nooit het reent vinniger geval as wat die sterre aardwaarts geskiet het nie; oos, wes, noord, en suid — orals was dit dieselfde.
[383] Met een woord, cit het geskyn of die ganse hemele in beweging was. . . . Die skouspel, soos in Professor Silliman se journaal beskryf is, is oor die hele Noord Amerika gesien. . . . Van twee-uur in die more tot helder daglig — die lig was heeltemal wolkeloos — is daar 'n onafgebroke vertoning gesien van verblindende skitterende vuurbolle."— *Devens, R. M., "American Progress; or, The Great Events oj the Greatest Century," hoofstuk 28, para. 1-5.*

,.Die grootse skoupel kan nie in woorde beskryf word nie; . . . geeneen wat dit nie gesien het nie kan 'n behoorlike denkbeeld van die heerlikheid daarvan vorm. Dit het geskyn asof die hele

sterrehemel op een plek op die hoogtepunt van die lug saamgetrek het, en dat die sterre gelyktydig verskiet het so vinnig soos weerlig, na elke deel van die horison; en nogtans het hulle nie opgeraak nie —• duisende het gevolg in die bane van die duisende voor hulle, nes of hulle vir daardie doel gemaak was." — *Reed, F., in "The Christian Advocate and Journal," 13 Des. 1833.*"Daar kon nie 'n beter voorstelling gewees het van 'n vyeboom waarvan die vye deur 'n sterk wind afgeskud word nie." —" *The Old Countryman," in die "Portland evening Advertiser," 26 Nov. 1833.*

In die New York*Journal of Commerce*van 14 November 1833, het daar 'n lang artikel verskyn oor hierdie merkwaardige verskynsel, waarin die volgende voorgekom het: "Volgens my mening, het geen filosoof of geleerde nog ooit so 'n gebeurtenis beskryf of vertel, soos die van gistermore nie. Agtienhonderd jaar gelede het 'n profeet dit presies voorspel, as ons ten minste wil toegee dat sterre wat val vallende sterre is, . . . in die enigste sin waarin dit moontlik is om letterlik waar te wees."

Op hierdie wyse dus, is die laaste teken van Sy wederkoms geopenbaar, in verband waarmee Jesus aan Sy dissipels gesê het, "So weet julle ook wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur." Matt. 24: 33. Na hierdie tekens, het Johannes, as die volgende groot gebeurtenis, die hemel sien wegwyk soos 'n boek wat toegerol word, terwyl die aarde gebewe het, en die berge en eilande uit hulle plekke versit het en die goddelose in vrees gevlug het voor die aangesig van die Seun van die mens. (Openb. 6: [384]

Baie wat die verskietende sterre gesien het, het dit beskou as 'n voorloper van die aanstaande oordeel —"'n verskriklike beeld, 'n gewisse voorloper, 'n genadige teken, van daardie groot en verskriklike dag."—" *The Old Countryman," in "Portland Evening Advertiser," 26 Nov. 1833.*Op hierdie manier is die aandag van die mense gevestig op die vervulling van profesie, en baie is daartoe gebring om ag te slaan op die waarskuwing van die wederkoms.

In die jaar 1840 het 'n ander merkwaardige vervulling van profesie algemene belangstelling verwek. Twee jaar voor hierdie gebeurtenis het Josiah Litch, een van die vooraanstaande predikante, oor die wederkoms gepreek en hy het 'n verklaring van Openbaring 9 gegee waarin hy die ondergang van die Ottomaanse Ryk voorspel het. Volgens sy berekening sou hierdie mag "in 1840 n.C. in Augus-

tusmaand" omvergewerp word; en slegs 'n paar dae voor dit gebeur het, het hy geskryf: "As ons aanneem dat die eerste tydperk, 150 jaar, presies vervul is voor die troonbestyging van Deacozes met die toestemming van die Turke, en dat die 391 jaar, vyftien dae, 'n aanvang geneem het aan die einde van daardie tydperk, dan sal dit op 11 Augustus 1840 eindig, wanneer die Ottomaanse mag vermoedelik in Konstantinopel verbreek sal word. En dit, glo ek, sal die geval wees." — *Litch, Josiah, article in "Signs of the Times, and Expositor of Prophecy," 1 Aug. 1840.*

Op die juiste tyd wat voorspel is, het Turkye, deur sy gesante, die beskerming aanvaar van die geallieerde magte van Europa, en dus het hy homself onder beskerming geplaas van Christenvolke. Hierdie gebeurtenis het die voorspelling presies vervul. (Sien Aanhangsel.) Toe dit bekend geword het, is menigtes oortuig van die beginsel van profetiese uitlegging soos toegepas deur Miller en sy medewerkers, en die Adventbeweging het 'n groot stoot vorentoe gekry. Manne van geleerdheid en aansien het by Miller aangesluit, beide in die prediking en die publikasie van sy sienswyse, en van 1840 tot 1844 het die werk vinnig uitgebrei.

William Miller het 'n sterk verstand gehad, wat gedissiplineer
[385] is deur oorpeinsing en studie; daarby het hy nog die wysheid van die hemel gehad deur homself te verbind met die Bron van alle wysheid. Hy was 'n man van edele karakter wat nie anders kon as om respek en eerbied af te dwing orals waar opregtheid en 'n goeie karakter gewaardeer is nie. Ware vriendelikheid met Christelike nederigheid en selfbeheersing verbindende, was hy gedienstig en minlik teenoor almal, gereid om na die mening van ander te luister, en hulle argumente te oorweeg. Sonder drif of opwinding het hy alle teorieë en leerstellings aan die woord van God getoets; en sy heldere dinkvermoë en deeglike kennis van die Skrifte het hom in staat gestel om dwaalleer te weerlê en valsheid aan die kaak te stel.

Sy werk is egter nie voortgesit sonder bitter teenstand nie. Net soos die geval was met die vroeëre Hervormers, is die waarhede wat hy verkondig het nie gunstig ontvang deur die predikante oor die algemeen nie. Daar laasgenoemdes nie hulle stellings volgens die Skrifte kon verdedig nie, is hulle daartoe gebring om hulle toevlug te neem tot die leringe van mense en die oorlewerings van die Vaders. Maar alleen getuienis van die woord van God is aanvaar

deur die predikers van die Adventwaarheid. "Die Bybel, en die Bybel alleen," was hulle wagwoord. Hulle teenstanders het die gemis aan skriftuurlike bewys aangevul met spot en hoon. Tyd, middele, en talente, is gebruik om diegene te beklad wie se enigste sonde was dat hulle met vreugde uitgesien het na die wederkoms van die Here, getrag het om heilige lewens te lei, en ander vermaan het om klaar te maak vir Sy koms.

Daar is ernstige pogings aangewend om die aandag van die mense af te trek van die onderwerp van die wederkoms. Om die profesiee te ondersoek wat betrekking gehad het op Christus en die einde van die wêreld, is voorgestel as sonde en iets waaroor mens jou behoort te skaam. Op hierdie manier het die predikante oor die algemeen geloof in die woord van God ondermvn. Hulle leer het van die mense ongelowiges gemaak en baie het gebruik gemaak van die geleentheid om hulle goddelose begeertes die vrye teuels te gee. Die bewerkers van hierdie sonde het dan die skuld op die Adventiste geplaas.

Hoewel Miller groot gehore getrek het van intelligente en aandagtige luisteraars, is sy naam maar selde in die godsdienstige pers genoem, behalwe in gevalle waar hy bespot en gesmaad is. Die goddelose en onverskilliges, aangemoedig deur die houding van die godsdienstige leiers, het oorgegaan tot ergerlike skelname, en tot lae en godslasterende grappe in hulle pogings om sy werk in veragting te bring. Hierdie grysaard, wat 'n gerieflike huis opgegee het om op eie koste van stad tot stad en van dorp tot dorp te reis, en wat onafgebroke gewerk het om die plegtige waarskuwing aan die wêreld te verkondig dat die oordeelsdag naby was, is uitgemaak as 'n dweper, 'n leuenaar, en 'n bedrieglike skurk. [386]

Die bespotting, valse beskuldigings, en geskel wat hy moes verduur, het verontwaardiging uitgelok selfs van die wêreldlike pers. "0m 'n onderwerp van sulke groot majesteit en sulke vreeslike gevolge," met ligsinnigheid en bespotting te begroet, is deur wêreldlinge veroordeel as "nie alleen gekskeerdery met die gevoelens van die verkondigers en voorstanders daarvan nie," maar dit was ook "spottery met die oordeelsdag en met die Godheid self, en minagting van die verskrikkinge van die oordeel."—*Bliss, "Memoirs of Wm. Miller," bl. 183.*

Die bewerker van alle boosheid het nie alleen getrag om die uitwerking van die Adventboodskap teen te werk nie, maar ook om die boodskapper self te vernietig. Miller het 'n praktiese toepassing van die Skrifte gemaak op die harte van sy toehoorders, hulle sondes bestraf, wat hulle selfvoldaanheid verstoor het, en sy eenvoudige en treffende woorde het hulle vyandigheid opgewek. Die teenstand wat kerklede teenoor sy boodskap geopenbaar het, het die laer klasse aangemoedig om nog verder te gaan; en vyande het saamgesweer om hom om die lewe te bring as hy die byeenkomsplek sou verlaat. Maar daar was heilige engele onder die skare en een van hulle, in die gedaante van 'n man, het hierdie dienskneg aan sy arm geneem en hom in veiligheid weggeneem van die verwoede gepeupel. Sy werk was nog nie afgedaan nie, en Satan en sy afgesante het nie hulle doel bereik nie.

Ten spyte van alle teenstand, het belangstelling in die Advent-beweging toegeneem. Van honderde het die gemeentes uitgebrei tot
[387] baie duisende. Die verskillende kerke het toege- neem in ledetal, maar later het die gees van teenstand ook teen hierdie bekeerlinge ontbrand, en die kerke het dissiplinêre stappe gedoen teen diegene wat Miller se prediking aangeneem het. Hierdie handelwyse het 'n antwoord van sy pen uitgelok; en hy het 'n beroep gedoen op die Christene van alle genootskappe waarin hy aangevoer het dat as sy leer verkeerd was, hulle hom sy dwaling uit die Skrifte moes bewys.

"Wat het ons geglo," het hy gesê, "wat ons nie beveel is om le glo deur die woord van God nie, wat julle ook self aanvaar as die maatstaf. die enigste maatstaf van ons geloof en praktyk? Wat het ons gedoen wat sulke bitsige veroordeling teen ons uitlok van die preekstoel en die pers, en wat julle die reg gee om ons (Adventiste) lidmaatskap in julle kerke te ontsê?" "As ons verkeerd is, wys ons asseblief waar ons verkeerd is. Wys ons uit die woord van God dat ons dwaal; ons is al genoeg bespot; dit kan ons nooit oortuig dat ons verkeerd is nie; die woord van God alleen kan ons van sienswyse laat verander. Ons het versigtig en biddend tot ons gevolgtrekkings gekom, namate ons die bewyse in die Skrifte gesien het."—*Bliss, "Memoirs of Wm. Miller," bis. 250, 252.*

Die waarskuwings wat God van eeu tot eeu deur Sy diensknegte aan die wêreld gestuur het, is maar altyd met dieselfde verdinking en ongeloof begroet. Toe die sonde van die mense voor die sondvloed

Hom beweeg het om ‘n watervloed op die aarde te bring, het Hy eers aan hulle Sy doel bekendgemaak sodat hulle geleentheid kon hê om hulle te bekeer van hulle bose weë. Vir ‘n honderd en twintig jaar het die waarskuwing in hulle ore geklink om hulle te bekeer sodat die toorn van God nie geopenbaar sou word om hulle te vernietig nie. Maar die boodskap was vir hulle soos ydele taal en hulle het dit nie geglo nie. Aangemoedig deur hulle goddeloosheid, het hulle die boodskapper van God bespot, sy smekinge veronagsaam, en hulle het hom selfs van vermetelheid beskuldig. Hoe kon een man opstaan teen al die grootes van die aarde? As Xoag se boodskap waar was, waarom het die hele wêreld dit nie ingesien en aangeneem nie? Een man se bewerings teen die wysheid van duisende! Hulle sou die waarskuwing nie aanneem nie, en nog minder sou hulle skuiling in die ark gaan soek. [388]

Spotters het na dinge in die natuur gewys — na die onveranderlike opvolging van die jaargetye, na die bloue lug waaruit nog nooit reent geval het nie, na die groen veld wat snags deur dou bevogtig is — en hulle het uitgeroep, “Spreek hy nie deur gelykenisse nie?” Met veragting het hulle die prediker van geregtigheid bestempel as ‘n onbesonne dweper; en hulle het voortgegaan, nog yweriger in hulle najaging van plesier en meer verslaaf aan hulle bose weë as ooit tevore. Maar hulle ongeloof het nie die voorspelde gebeurtenis belet nie. God was lank geduldig met hulle boosheid, en het hulle baie geleentheid gegee tot bekering; maar op die vasgestelde tyd het sy oordele gekom op die verwerpers van Sy genade.

Christus het gesê dat daar aangaande Sy wederkoms net sulke ongeloof sou bestaan. Net soos die mense van Noag se dae, “Nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie,” net so het die Heiland gesê, “Sal ook wees die koms van die Seun van die mens.” Matt. 24: 39. Wanneer die belydende volk van God hulle met die wêreld verbind, lewe soos die wêreld lewe, en saam met hulle deelneem aan verbode plesier; wanneer die weelde van die wêreld in die kerk ingebring word; wanneer die huweliksklokke lui, en almal vooruitsien na baie jare van wêreldse voorspoed — dan, skielik soos ‘n weerligstraal uit die lug, sal die einde kom van hulle heerlike verwagtings en bedrieglike hoop.

Net soos God Sy dienskneg gestuur het om die wêreld te waarsku van die aanstaande sondvloed, so stuur Hy ook Sy boodskappers om

die nabyheid van die eindelike oordeel aan te kondig. En net soos Noag se tydgenote die voorspellings van die prediker van geregtigheid bespot het, so het baie ook in Miller se dae, selfs onder die belyers van God, die spot gedryf met die woorde van waarskuwing.

En hoekom was die leer van Christus se wederkoms so onwelkom vir die kerke? Hoewel die wederkoms van die Here ellende en verwoesting bring oor die goddelose, is dit 'n gebeurtenis van vreugde en hoop vir die regverdiges. Hierdie groot waarheid was deur die eeue heen die vertroosting van Gods getroue kinders; waarom het dit dan, net soos die Bron daarvan, "'n steen van aanstoot
[389] en 'n rots van struikeling" geword vir sy volk? Dit is die Here Self wat die belofte aan Sy dissipels gemaak het, "As Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem." Joh. 14: 3. Dit was die onfermende Heiland, wat, die eensaamheid en verdriet van Sy navolgers vooruitgesien het, en engele beveel het om hulle te vertroos met die versekering dat Hy in eie persoon weer sou kom, net soos Hy na die hemel weggevaar het. Terwyl die dissipels stip na die hemel gestaan en kyk het om 'n laaste blik te kry op Hom wat hulle liefgehad het, het hulle die volgende woorde gehoor, "Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het." Hand. 1: 11. Die engel se boodskap het nuwe hoop in hulle laat ontbrand. Die dissipels "het na Jerusalem teruggegaan met groot blydskap. En hulle was gedurig in die tempel en het God geprys en gedank." Lukas 24: 52, 53. Hulle het hulle nie verbly omdat Jesus van hulle geskei was en hulle alleen gelaat was om te stry teen die beproewings van die wêreld nie, maar omdat die engel hulle verseker het dat Hy weer sou kom.

Die verkondiging van Christus se koms behoort nou, net soos die dag toe dit deur die engele aan die herders van Betlehem verkondig .is, 'n goeie tyding van groot blydskap te wees. Diegene wat die Heiland regtig liefhet, kan nie anders as om die verkondiging, gegrond op Gods woord, met blydskap te begroet dat Hy in wie hulle hoop op die ewige lewe gevestig is, weer sal kom, nie om beledig, verag, en verwerp te word nie, soos tydens Sy eerste koms nie, maar in krag en heerlikheid om Sy volk te verlos. Dit is diegene wat die Heiland nie lief het nie wat begeer dat Hy moet wegbly; en daar kan nie sterker

bewys wees dat die kerke God verlaat het nie as die verbittering en vyandskap wat deur Sy boodskap uit die hemel veroorsaak word nie.

Diegene wat die Adventboodskap aangeneem het, het die nodigheid ingesien van bekering en verootmoediging voor God. Baie het reeds lank gehink tussen Christus en die wêreld; en nou het hulle gevoel dat die tyd aangebreek het om uit te staan. "Die ewige dinge het vir hulle buitengewoon werklik geword. Die hemel is naby hulle gebring, en hulle het gevoel dat hulle skuldig is voor God."—Bliss, [390] "*Memoirs oj Wm. Miller," bl. 146.*Christene is opgewek tot 'n nuwe geestelike lewe. Hulle is daartoe gebring om te voel dat die tyd kort is, en dat wat hulle vir hulle medemens moes doen gou gedoen moes word. Die wêreld het op die agtergrond getree, en dit het geskyn of die ewigheid voor hulle geopen het, en die belange van die siel, met alles wat betrekking het op die ewige welsyn of ellende, het die tydelike dinge ver oortref. Die Gees van God het op hulle gerus en krag gegee aan hulle ernstige smekinge aan hulle broeders, sowel as aan sondaars, om klaar te maak vir die dag van God. Die stille getuienis van hulle daelikse lewe was 'n gedurige bestraffing van die vormlike en ontoegewyde kerklede. Hierdie mense wou nie graag gehinder word in die najaging van plesier, in hulle geldmakery, en in hulle strewe om wêreldlike eer nie. Vandaar die vyandigheid en teenstand teen die Adventboodskap en diegene wat dit verkondig het.

Toe die argumente gebaseer op die profetiese tydperke nie weerlê kon word nie, het die teenstanders getrag om die ondersoek van die onderwerp teen te gaan deur te leer dat die profesieë verseël is. Op hierdie manier het Protestante in die voetstappe van die Katolieke gevolg. Terwyl die pouslike kerk die Bybel aan die mense onthou het, het die Protestantse kerke aangevoer dat 'n belangrike deel van die Heilige Woord — die gedeeltes wat juis die waarhede geopenbaar het wat betrekking het op ons tyd — nie verstaan kon word nie. (Sien Aanhangsel.)

Predikante sowel as die volk het verklaar dat die profesieë van Daniël en Openbaring onverstaanbare verborgenhede was. Maar Christus het die aandag van Sy dissipels op die woorde van die profeet Daniël gevestig aangaande gebeurtenisse wat in hulle tyd sou plaasvind, en Hy het gesê, "Laat hy wat lees, oplet." Matt. 24: 15. En die bewering dat die Openbaring 'n verborgenheid is wat nie

verstaan kan word nie, is weerspreek deur die titel van die boek self: "Die Openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur. . . . Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit ho or en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby." Openb. 1: 1-3.

[391] Die profeet sê: "Salig is hy wat lees"—daar is diegene wat nie wil lees nie; die seen is nie vir hulle nie. "En die wat dit hoor"— daar is ook sommige, wat weier om te luister na enigiets wat die proiesieë betref; die seën is ook nie vir hierdie klas nie. "En bewaar wat daarin geskrywe is"— baie weier om ag te slaan op die waarskuwings en bevele in die boek van Openbaring; nie een van hulle kan aanspraak maak op die beloofde seen nie. Almal wat die profesieë bespot en die spot dryf met die sinnebeelde wat daarin so plegtig beskryf word; almal wat weier om hulle lewens te hervorm, en om voorbereiding te maak vir die koms van die Seun van die mens, sal die seen mis.

Met die oog op die getuienis van die Woord, hoe durf mense leer dat die Openbaring 'n verborgenheid is, buite die bereik van menslike verstand? Dit is 'n verborgenheid wat geopenbaar is, 'n geopende boek. Die ondersoek van Openbaring vestig ons aandag op die profesieë van Daniel, en albei gee die belangrikste onderrig van God aan die mens aangaande die gebeurtenisse wat moet plaasvind aan die einde van die wêreld se geskiedenis.

Aan Johannes is tonele getoon wat die grootste belangstelling opwek in die geskiedenis van die kerk. Hy het die posisie, gevare, stryd, en uiteindelike verlossing van Gods volk gesien. Hy beskryf die slotboodskappe wat die oes van die wêreld sal ryp maak, of as gerwe vir die hemelse skuur, of as bondels vir die vure van verwoesting. Onderwerpe van die allergrootste belang is aan hom geopenbaar, veral vir die laaste kerk, sodat diegene wat hulle van dwaalleer tot die waarheid wil bekeer, onderrig kan word aangaande die gevare en die stryd voor hulle. Niemand hoef in duisternis te verkeer aangaande die dinge wat op die aarde gebeur nie.

Waarom dan hierdie algemene onkunde aangaande 'n belangrike deel van die Heilige Skrifte? Waarom hierdie algemene onwilligheid om die leer van die Skrifte te ondersoek? Dit is die gevolg van die bestudeerde pogings van die vors van duisternis om die dinge wat sy bedrog sal openbaar, vir die mense te verberg. Om hierdie rede het Christus, die Openbaarder, waar Hy die stryd voorsien het wat sou

gevoer word teen die ondersoek van Openbaring, ‘n seen uitgespreek
op almal wat sal lees, hoor, en nakom, wat geskryf is in die profesie. [392]

[393]

## Hoofstuk 19—Lig in die Duisterni

DIE werk van God op aarde vertoon deur die eeue heen 'n treffende gelykvormigheid in alle groot hervormings of godsdienstige bewegings. Die beginsels van Gods handelinge met die mens bly maar altyd dieselfde. Die belangrike bewegings van die teenwoordige tyd vind hulle teenbeeld in die van die verlede, en die ervaring van die kerk in vorige tye bevat belangrike lesse vir ons tyd.

Geen waarheid word duideliker in die Bybel geleer as dat God deur Sy Heilige Gees gewis Sy diensknegte op die aarde lei in die groot bewegings vir die bevordering van die verlossingswerk. Mense is werktuie in die hand van God, deur Hom gebruik om Sy doelwitte
[394] van genade en barmhartigheid te ver- wesenlik. Elkeen het sy rol om te speel; aan elkeen is daar 'n mate van lig gegee, volgens die behoeftes van sy tyd, genoeg om hom in staat te stel om die werk te doen wat God aan hom gegee het. Maar geen man, hoe geëerd hy ook al mag wees deur die Hemel, het nog ooit die verlossingsplan ten voile begryp nie, of selfs die goddelike doel met die werk vir sy eie tyd volkome verstaan nie. Mense verstaan nooit ten voile wat God wil bewerkstellig deur die werk wat Hy aan hulle gee om te doen nie; hulle begryp nie die boodskap in al sy vertakkings wat hulle in Sy naam moet verkondig nie.

"Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy kan deurdring tot by die volmaaktheid van die Almagtige?" "Want My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die Here. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My weë hoër as julle weë, en My gedagtes as julle gedagtes." "Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie." Job 11:7; Jes. 55: 8, 9; 46: 9, 10.

Selfs die profete wat begunstig was met spesiale verligting van die Gees, het nie die belangrikheid van die openbarings wat aan hulle gegee is, ten voile begryp nie. Die betekenis sou van eeu tot

eeu geopenbaar word, namate die volk van God behoefte sou hê aan die onderrig wat daarin vervat is.

Petrus, skrywende van die verlossing wat deur die evangelie geopenbaar is, sê: dat die profete wat geprofeteer het oor die genade "Ondersoek en nagevors het, terwyl hulle nagespeur het *op wat ter of hoedanige tyd* die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna. Aan wie geopenbaar is dat hulle nie vir *hulleself* nie, maar vir ons die dinge bedien het." 1 Pet. 1: 10-12.

Maar hoewel dit nie aan profete gegee is om die dinge ten voile te verstaan wat aan hulle geopenbaar is, het hulle nogtans getrag om al die lig te ontvang wat dit God behaag het om te gee. Hulle het "ondersoek en nagevors, terwyl hulle nagespeur het op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het." Wat 'n les is dit nie vir die volk van God in die Christelike bedeling, [395] vir wie se voordeel hierdie profesieë deur Sy diensknegte gegee is! "Aan wie geopenbaar is dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons die dinge bedien het." Aanskou hierdie heilige manne van God waar hulle, "ondersoek en nagevors" het aangaande die openbarings wat aan hulle gegee is vir geslagte wat nog nie gebore was nie. Vergelyk hulle heilige ywer met die lustelose onverskilligheid waarmee die begunstigdes van later tye hierdie lig uit die hemel bejeën het. Wat 'n bestraffing is dit vir die gemaksugtige, die wêreldliewende onverskilligheid wat tevrede is met die verklaring dat die profesieë nie verstaan kan word nie!

Hoewel die beperkte menslike verstand nie in staat is om die raadsbesluite van die Ewige God te verstaan nie, of die uitwerking van Sy doel ten voile te begryp nie, is dit nogtans dikwels te wyte aan dwaalleer of nalatigheid van hulle kant dat hulle so 'n vae begrip het van die boodskappe uit die Hemel. Dikwels gebeur dit dat die verstand van die mense, en selfs van die diensknegte van God, benewel is deur menslike opinies, die tradisies en valse leer van mense, sodat hulle in staat is om die groot dinge wat Hy in Sy woord geopenbaar het maar net gedeeltelik te begryp. So was dit met die dissipels van Christus selfs toe die Heiland in eie persoon by hulle was. Hulle was behep met die algemene opvattlng van die Messias as 'n tydelike vors, wat Israel sou verhef tot die troon van 'n wêreldryk, en hulle

kon nie die betekenis van Sy woorde verstaan wat Sy lyding en dood voorspel het nie.

Christus Self het hulle gestuur met die boodskap: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie." Hierdie boodskap is op Daniel 9 gebaseer. Die negeen-sestig weke het die engel gesê, sou reik "tot 'n gesalfde, 'n vors," en met groot hoop en blye verwagting het die dissipels vooruitgesien na die oprigting van die Messias se koninkryk in Jerusalem om oor die hele aarde te regeer.

Hulle het die boodskap verkondig wat Christus aan hulle gegee het, alhoewel hulle dit self verkeerd verstaan het. Hoewel hulle
[396] boodskap gebaseer was op Daniel 9:25, het hulle nie gesien dat daar in die volgende vers gemeld is, dat die Messias uitgeroei sou word nie. Van kindsbeen af het hulle met verwagting uitgesien na die aanstaande heerlikheid van 'n aardse ryk, en dit het hulle harte verblind vir die profesie en die woorde van Christus.

Hulle het hulle plig gedoen deur aan die Joodse volk die boodskap van genade te verkondig, en toe, juis op die tyd toe hulle verwag het om hulle Heiland die troon van David te sien bestyg, het hulle gesien hoedat Hy soos 'n misdadiger gevang, gegesel, bespot, veroordeel, en aan die kruis van Golgota genael is. Watter angs en wanhoop het die harte van die dissipels vervul in daardie dae toe hulle Heiland in die graf geslaap het!

Christus het verskyn op die juiste tyd en op die wyse soos in die profesie voorspel is. In Sy bediening is die Skrifte in alle besonderhede vervul. Hy het die boodskap van verlossing verkondig en "Sy woorde was met krag." In hulle harte was Sy hoorders oortuig dat dit van die Hemel was. Die woord en die Gees van God het die goddelike opdrag van Sy Seun bevestig.

Met onsterflike liefde het die dissipels steeds hulle geliefde Meester aangehang. Maar nogtans was hulle harte vervul met twyfel en onsekerheid. In hulle angs het hulle nie gedink aan die woorde van Christus wat Sy lyding en dood voorspel het nie. As Jesus van Nasaret die ware Messias was, sou hulle dan in hierdie groot droefheid en teleurstelling gedompel gewees het? Dit was die vraag wat in hulle siele gebrand het terwyl die Heiland gedurende daardie ure van die Sabbat in Sy graf gelê het — die tyd tussen Sy dood en Sy opstanding.

Terwyl die donker nag van droefheid daardie navolgers van Jesus omhul het, was hulle nogtans nie verlate nie. Die profeet het geskryf: “Al sit ek in duisternis, die Here is ‘n lig vir my. . . . Hy sal my uitlei in die lig; en ek sal met welgevalle sien hoe Hy geregtigheid oefen.” “Dan is selfs die duisternis vir U nie donker nie, en die nag gee lig soos die dag, die duisternis is soos die lig.” God het gesê: “Vir die opregtes gaan Hy op as ‘n lig in die duisternis.” “Ek sal blindes lei op ‘n weg wat hulle nie ken nie, hulle laat loop op paaie wat vir hulle onbekend is; Ek sal die duisternis lig maak voor hulle uit en die hobbelagtige plekke gelyktes. Dit is die dinge wat Ek doen en [397]
nie nalaat nie.” Mig. 7:8, 9; Ps. 139:12; 112:4; Jes. 42:16.

Die boodskap wat die dissipels in die naam van die Here verkondig het, was in alle opsigte juis, en die gebeurtenisse waarna verwys is, het toe reeds plaasgevind. Hulle boodskap was, “Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom.’ Toe die tyd verloop het, naamlik die nege-en-sestig weke van Daniel, wat sou reik tot by die Messias, “die Gesalfde” — toe is Christus met die Heilige Gees gesalf tydens Sy doop deur Johannes in die Jordaan. En “die koninkryk van God” wat hulle verkondig het, is opgerig toe Christus gesterf het. Hierdie koninkryk was nie, soos hulle geglo het, ‘n aardse ryk nie. Ook was dit nie die aanstaande, ewige koninkryk wat opgerig sal word wanneer “die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee [sal word] aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste” nie; naamlik daardie ewige ryk waarin al die heerskappye Hom sal vereer en gehoorsaam wees. (Dan. 7: 27.) Die woorde “konink ryk van God” word in die Bybel gebruik om die koninkryk van genade sowel as die koninkryk van heerlikheid voor te stel. In sy Sendbrief aan die Hebreërs skryf Paulus van die koninkryk van genade. Nadat hy op Christus gewys het as die barmhartige middelaar “wat ‘met ons swakhede kan medelyde hê,” sê die apostel, “laat ons dan met vrymoedigheid na *die troon van genade gaan,* sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind.” Heb. 4: IS, 16. Die troon van genade veronderstel ‘n koninkryk van genade; want die bestaan van ‘n troon veronderstel die bestaan van ‘n koninkryk. Om die werk van goddelike genade in menslike harte voor te stel, het Christus in baie van Sy gelykenisse gepraat van “die koninkryk van die hemele.”

So ook veronderstel die troon van heerlikheid ‘n koninkryk van heerlikheid; en na hierdie koninkryk word verwys in die Heiland se woorde: “Wanneer die Seun van die mens kom in Sy heerlikheid en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy heerlike troon sit, en voor Hom sal al die nasies bymekaar gebring word.” Matt. 25: 31, 32. Hierdie koninkryk is nog in die toekoms. Dit sal
[398] opgerig word eers na die tweede koms van Christus.

Die koninkryk van genade is opgerig onmiddellik na die sondeval, toe daar ‘n plan ontwerp is vir die verlossing van die skuldige geslag. Dit het reeds bestaan in die raadsbesluit en belofte van God; en deur die geloof kon mense onderdane daarvan word. Maar dit was werklik opgerig eers by die dood van Christus. Selfs nadat Hy Sy aardse bediening begin het, kon die Heiland, ontmoedig deur die halsstarrigheid en ondankbaarheid van die mense, Hom nog onttrek het van die groot opoffering op Golgota. In Getsemane het Hy teruggedeins vir die bittere kelk. Hy kon die bloedsweet van Sy aangesig afgevee het en die sondige mensdom aan hulle lot oorgelaat het. As Hy dit gedoen het, sou daar geen verlossing vir die mens gewees het nie. Maar toe die Heiland Sy lewe oorgegee het, en met Sy laaste asem uitgeroep het, “Dit is volbring,” toe is die vervulling van die verlossingplan verseker. Die belofte van verlossing wat aan die sondige paar in Eden gemaak is, is bekragtig. Die koninkryk van genade, wat voorheen net bestaan het in die belofte van God, is toe bevestig.

Die dood van Christus — daardie gebeurtenis wat die dissipels beskou het as die uiteindelike verplettering van hulle hoop — was juis die gebeurtenis wat hulle hoop vir ewig verseker het. Hoewel dit ‘n bittere teleurstelling vir hulle was, was dit nogtans die toppunt in die bewys dat hulle geloof reg was. Die gebeurtenis wat hulle met droefheid en wanhoop vervul het, was juis die een wat die deur van hoop oopgemaak het vir elke Adamskind, en waarop die toekomstige lewe in ewige geluksaligheid van al Gods getroue kinders in alle eeue gegrondves is.

Selfs in die bittere teleurstelling van die dissipels, het raadsbesluite van ewige genade in vervulling getree. Terwyl hulle harte gewin is deur die goddelike genade en krag van die leer van Hom van wie gesê is “nooit het ‘n mens so gespreek soos hierdie man” nie, was die louter goud van hulle liefde vir Jesus nogtans vermeng

met die skuim van wêreldse trots en selfsugtige strewe. Selfs in die saal waar die Pasga geëet is, en in daardie plegtige uur toe hulle Meester reeds op weg was na Getsemane, was daar "twis onder hulle oor wie van hulle die grootste geag moet wees." Lukas 22: 24. Hulle gesig was verblind deur die troon, die kroon, en die heerlikheid, [399] terwyl die skande en lyding van die tuin, die geregsaal, en die kruis van Golgota, net voor hulle was. Dit was hulle hoogmoed, hulle dors na wêreldse heerlikheid wat hulle gelei het om so vas te klem aan die valse leerstelling van hulle tyd, en om die Heiland se woorde te veronagsaam wat die ware aard van Sy koninkryk verduidelik het en wat vooruitgewys het na Sy lyding en dood. Hierdie dwalings het beproewing—swaar, maar nodige beproewing—as volg gehad wat toegelaat is vir hulle teregwysing. Hoewel die dissipels die betekenis van hulle boodskap nie verstaan het nie, en hulle verwagtings nie verwesenlik gesien het nie, het hulle nogtans die boodskap verkondig wat God aan hulle gegee het, en die Here sou hulle geloof beloon en hulle gehoorsaamheid vereer. Aan hulle sou die werk toevertrou word om die heerlike evangelie van hulle verrese Heiland aan alle volke te verkondig. Dit was om hulle vir hierdie werk te berei dat hulle daardie bitter teleurstelling moes deurmaak.

Na Sy opstanding het Jesus aan twee van Sy dissipels verskyn wat op weg was na Emmaus, en "Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het." Lukas 24: 27. Hulle harte was ontroerd. Hulle geloof het opgevlam. Daar het weer 'n lewende hoop in hulle ontstaan, selfs voor Jesus Hom nog aan hulle geopenbaar het. Dit was Sy doel om hulle verstand te verlig. en om hulle geloof vas te anker aan die vaste profetiese woord. Hy wou die waarheid laat wortelskiet in hulle harte, nie slegs omdat dit deur Sy persoonlike getuienis bevestig is nie, maar weens die onweerlegbare getuienis gelewer deur die sinnebeelde en skaduwees van die seremoniële stelsel, en die profesieë van die Ou Testament. Dit was nodig vir die navolgers van Christus om 'n intelligente geloof te hê, nie alleen vir hulleself nie, maar sodat hulle die kennis van Christus aan die hele wêreld kon bring. En as eerste stap om hierdie kennis aan hulle te gee, het Jesus Sy dissipels verwys na Moses en al die profete. So het die verrese Heiland getuig vir die waarde en belangrikheid van die Ou Testamentiese geskrifte.

Watter verandering het daar in die harte van die dissipels gekom
[400] toe hulle weereens kon kyk op die geliefde aangesig van hulle Mees-
[401] ter! (Lukas 24: 32.) In ‘n voller sin as ooit tevore het hulle ..hom gevind van wie Moses in die wet, en al die profete geskryf het.” Die onsekerheid, die angs, en die wanhoop, het plek gemaak vir volkome versekering en vir ‘n onbenewelde geloof. Geen wonder dat hulle na Sy hemelvaart “gedurig in die tempel was en God geprys en gedank het nie.” Die mense wat maar net geweet het van die Heiland se skanddood. het verwag om in hulle gesigte ‘n uitdrukking van droefheid, verwarring en wanhoop te sien; maar hulle het daar blydskap en oorwinning gesien. Wat ‘n voorbereiding het hierdie dissipels gekry vir hulle werk! Hulle het deur die grootste beproewing gegaan wat dit moontlik was vir hulle om te ondervind, en hulle het gesien hoedat die woord van God, selfs toe alle menslike hoop verdwyn het, heerlik vervul is. Wat sou in die toekoms hulle geloof kon verdof of hulle liefde kon verkoel? In hulle grootste droefheid het hulle ‘n kragtige bemoediging gehad, ‘n hoop wat vir hulle was soos “‘n anker van die siel wat veilig en vas is.” Heb. 6: 18, 19. Hulle was getuies van die wysheid en krag van God, en hulle was oortuig dat “geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel,” hulle kon skei “van die liefde van God wat daar in Jesus Christus onse Here Is nie.” “In al hierdie dinge,” het hulle gesê, “is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.” Rom. 8: 38, 39, 37. “Die woord van die Here bly tot in ewigheid.” 1 Petrus 1:25. “Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.” Rom. 8: 34.

Die Here het gesê: ,.My volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie.” Joël 2: 26. “Saans vernag die geween, maar smorens is daar gejuig.” Ps. 30: 6. Toe die dissipels hulle Heiland op Sy opstandingsmore ontmoet het, en hulle harte binne-in hulle brandend was toe hulle na Sy woorde geluister het, toe hulle Sy hande en voete aanskou het wat vir hulle verwond was; en toe Hy, voor Sy hemelvaart, hulle na Betanié gelei het, en Sy hande opgehef het en hulle
[402] seënende gebied het, “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie,” en bygevoeg het, “en kyk, Ek is met julle al die dae” (Markus 16: IS; Matt. 28: 20); toe die beloofde Trooster op Pink-

sterdag uitgestort is, en die krag van omhoog gegee is, en die harte van die gelowiges gejuig het in die werklike teenwoordigheid van hulle opgevaarde Heiland — sou hulle toe, al het hulle weg, net soos Syne, gelei tot opoffering en die marteldood, die bediening van die evangelie van Sy genade, saam met die kroon van geregtigheid wat hulle sou ontvang by Sy wederkoms, verruil het vir die heerlikheid van 'n aardse troon waarop hulle gehoop het aan die begin van hulle dissipelskap? Hy wat, "mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink," het aan hulle, saam met die gemeenskap aan Sy lyde, ook gemeenskap aan Sy vreugde gegee — die vreugde om baie seuns tot heerlikheid te bring, onuitspreeklike vreugde, 'n "alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid," waarvan Paulus sê, dat ons "ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is nie vergelyk kan word nie."

Die ondervinding van die dissipels wat die evangelie van die koninkryk verkondig het tydens die eerste koms van Christus, het sy teenbeeld in die ondervinding van diegene wat Sy tweede koms verkondig. Net soos die dissipels gepreek het, "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom," so het Miller en sy medewerkers verkondig dat die langste en laaste tydprofesie in die Bybel byna vervul is, dat die oordeelsuur aangebreek het, en dat die ewige koninkryk van God opgerig sou word. Die prediking van die dissipels wat tyd betref, was gebaseer op die sewentig weke van Daniël 9. Die boodskap van William Miller en sy medew'erkers het die einde van die 2,300 dae van Daniel 8: 14 aangekondig, waarvan die sewentig weke 'n deel uitgemaak het. Aan albei kante was die prediking gebaseer op 'n vervulling van 'n verskillende deel van dieselfde groot tydprofesie.

Net soos die eerste dissipels, het William Miller en sy medewerkers die boodskap wat hulle verkondig het, nie heeltemal verstaan nie. Dwalings wat lankal in die kerk bestaan het, het hulle verhinder om 'n belangrike punt in die profesie reg te verklaar. Daarom, hoewel hulle die boodskap verkondig het wat God aan hulle vir die [403]
wêreld gegee het, moes hulle nogtans, deur misverstand, teleurstelling ondervind.

In sy verklaring van Daniel 8: 14, "Twee duisend drie honderd aande en mores, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word," het Miller van die stelling uitgegaan dat die aarde die heiligdom was, en hy het gemeen dat die reiniging van die heiligdom die reiniging

van die aarde deur vuur voorgestel het by die wederkoms van die Here. Toe hy dus ontdek het dat die einde van die 2300 dae definitief bepaal was, het hy besluit dat dit die tyd geopenbaar het vir die tweede koms. Sy fout het ontstaan as gevolg van sy aanname van die algemene sienswyse omtrent die heiligdom.

In die sinnebeeldige stelsel wat 'n skaduwee was van die soendood en priesterskap van Christus, was die reiniging van die heiligdom die laaste diens wat die hoëpriester verrig het in sy jaarlikse bediening. Dit was die laaste werk op die versoendag — die verwydering van die sondes van Israel. Dit was 'n beeld van die slotwerk in die bediening van ons Hoëpriester in die hemel, waardeur Hy die sondes van Sy volk in die hemelse boeke uitdelg. Hierdie werk sluit in 'n ondersoek, 'n oordeelswerk; en dit gaan die koms van Christus op die wolke van die hemel onmiddellik vooraf; want wanneer Hy kom, is die lot van elke mens alreeds beslis. Jesus het gesê, "My loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." Openb. 22: 12. Dit is hierdie werk, wat die wederkoms onmiddellik voorafgaan, wat aangekondig is in die eerste engel se boodskap van Openb. 14: 7, "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom."

Diegene wat die waarskuwing verkondig het, het die regte boodskap op die regte tyd verkondig. Maar net soos die eerste dissipels verkondig het, "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom," en nie besef het dat die dood van die Messias in daardie selfde skriftuur voorspel was nie — hulle boodskap was gebaseer op die profesie van Daniël 9 — so ook het Miller en sy medewerkers die boodskap gebaseer op Daniel 8: 14 en Openbaring 14: 7 verkondig, maar hulle het nie besef nie dat Openbaring 14 nog ander bood-
[404] skappe bevat het wat moes verkondig word voor die wederkoms van die Here. Net soos die dissipels 'n fout begaan het in verband met die koninkryk wat sou opgerig word aan die einde van die sewentig weke, so het die Adventiste ook 'n fout begaan met betrekking tot die gebeurtenis wat sou plaasvind aan die einde van die 2,300 dae. In albei gevalle was daar 'n aanname van, of liewer 'n vasklemming aan algemene foute wat die hart verbind het vir die waarheid. Albei klasse het die wil van God vervul met die verkondiging van die boodskap wat Hy wou hê dat hulle moes gee, en albei is deur 'n verkeerde begrip van hulle boodskap teleurgestel.

Maar nogtans het God Sy eie goeie doel bereik deur toe te laat dat die waarskuwing aangaande die oordeel verkondig sou word soos dit was. Die groot dag was naby, en in Sy voorsienigheid is die volk getoets deur die vasstelling van 'n bepaalde tyd ten einde te openbaar wat in hulle harte was. Die boodskap was bedoel vir die toetsing en reiniging van die kerk. Hulle moes daartoe gebring word om te sien of hulle hart op hierdie wêreld was, of op Christus en die hemel. Hulle het voorgegee dat hulle die Heiland liefhet; nou moes hulle daardie liefde bewys. Was hulle gereed om hulle wêreldse hoop en strewe op te gee, en om die koms van hulle Here met vreugde te verwelkom? Die boodskap was bedoel om hulle in staat te stel om hulle ware geestelike toestand te besef; en dit is in genade gestuur om hulle wakker te skud om die Here in ootmoed en bekering te soek.

Alhoewel die teleurstelling gekom het as gevolg van hulle eie verkeerde begrip van die boodskap wat hulle verkondig het, het God dit laat meewerk ten goede. Dit sou die harte toets van diegene wat voorgegee het dat hulle die boodskap glo. Sou hulle, as gevolg van hulle teleurstelling, hulle geestelike lewe opgee en vertroue in Gods woord versaak; of sou hulle, in ootmoed en gebed soek om te sien waar hulle die fout gemaak het wat betref die uitleg van die profesie? Hoeveel van hulle was deur vrees beweeg of het sommer gehandel uit opgewondenheid? Hoeveel van hulle was halfhartig en ongelowig? Menigtes het voorgegee om die koms van die Here lief te hê. Sou hulle nou, waar hulle die bespotting en verwyt van die wêreld moes verduur en ook die teleurstelling, hulle geloof opgee? Sou hulle, [405]
omdat hulle nie dadelik Gods handelinge met hulle verstaan het nie, al die waarhede verwerp wat duidelik deur Gods woord bewys is?

Hierdie toets sou die krag openbaar van diegene wat in ware geloof gehoor gegee het aan wat hulle geglo het as die leer van die woord en Gees van God. Dit sou hulle die gevaar leer, soos so 'n ervaring dit alleen kon doen, om die verklarings en teorieë van mense aan te neem pleks om toe te laat dat die Bybel homself verklaar. Vir die kinders van geloof sou die verleentheid en droefheid wat ontstaan het as gevolg van hulle fout, daardie fout openbaar en regmaak. Hulle sou tot 'n narstige ondersoek van die profetiese woord gelei word. Hulle sou daartoe gebring word om die fondament van hulle geloof deegliker te ondersoek, en om alles te verwerp, hoewel dit

aangeneem is deur die Christelike wêreld, wat nie die Skrifte van Waarheid as grondslag het nie.

Vir hierdie gelowiges, net soos in die geval van die eerste dissipels, sou die dinge wat in hulle beproewingsuur donker en onverstaanbaar blyk. later verduidelik word. Wanneer hulle die "einde van die Here" sien, sou hulle weet dat Sy doel van liefde teenoor hulle. nieteenstaande hulle beproewing as gevolg van hulle dwaling, stadigaan vervul word. Deur 'n geseënde ervaring sou hulle leer dat Hy "vol medelyde en ontferming is;" en dat Sy weë ,.goedertierenheid
[406] en trou | is | vir die wat Sy verbond en Sy getuienisse bewaar."

[407]

## Hoofstuk 20—‘n Groot Godsdienstige Opwekking

IN Openbaring 14 word daar ‘n groot godsdienstige opwekking voorspel tydens die verkondiging van die spoedige wederkoms van Christus. Die apostel het ‘n engel “in die middel van die lug sien vlieg met ‘n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke.” “Met ‘n groot stem” verkondig hy die boodskap, “Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.” Openb. 14: 6, 7.

Die feit dat daar gesê word dat ‘n engel hierdie boodskap verkondig, is merkwaardig. Dit het goddelike wysheid behaag om die verhewe karakter van die werk wat deur hierdie boodskap gedoen word, en die krag en heerlikheid waarmee dit gepaard gaan, voor te stel deur die reinheid en heerlikheid en krag van die hemelse boodskapper. In die vlug van die engel “in die middel van die lug,” [408] en “die groot stem” waarmee die waarskuwing gegee word, en die verkondiging daarvan aan almal wat op die aarde woon — naamlik “aan alle nasies, stamme en tale en volke”— is bewys van die spoed en wêreldwye omvang van die beweging.

Die boodskap self werp lig op die tyd wanneer hierdie beweging sal begin. Dit word verklaar om deel te wees van die “ewige evangelie”; en dit kondig die aanvang van die oordeel aan. Die boodskap van saligheid is in alle eeue verkondig; maar hierdie boodskap is deel van die evangelie wat alleen in die laaste dae kan verkondig word, want alleen dan sou dit waar wees dat die uur van Sy oordeel gekom het. Die profesieë stel ‘n reeks gebeurtenisse voor wat ons tot die begin van die oordeelsuur bring. Dit is veral waar van die boek van Daniel. Maar daardie deel van sy profesie wat betrekking het op die laaste dae, moes Daniel verseël “tot die tyd van die einde.” Nie voor ons hierdie tyd bereik kan die boodskap van die oordeel, wat gebaseer is op die vervulling van hierdie profesieë, verkondig

word nie. Maar in die tyd van die einde, sê die profeet, sal "baie dit deursoek, en die kennis sal vermeerder." Dan. 12: 4.

Die apostel Paulus het die kerk gewaarsku om nie die wederkoms van Christus in sy tyd te verwag nie; "Eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word," voordat daardie dag kan kom. (2 Thess. 2:3.) Eers na die groot afval en die lang tydperk van die regering van die mens van sonde, kan ons die wederkoms van ons Here verwag. Die "mens van sonde," wat ook genoem word "die verborgenheid van ongeregtigheid," die "seun van die verderf," en "die ongeregtige," stel die pousdom voor, wat soos in die profesie voorspel is, vir 1260 jaar heerskappy sou voer. Daardie tydperk het in die jaar 1798 geëindig. Die wederkoms van Christus kon nie voor daardie tyd geskied nie. Paulus maan die hele Christelike bedeling tot by die jaar 1798 tot versigtigheid. Dit is na daardie tyd dat die boodskap van die wederkoms van Christus sou verkondig word.

Geen dergelike boodskap is ooit in die verlede gegee nie. Paulus, soos ons gesien het, het dit nie gepreek nie; hy het die aandag van sy broeders op die verre toekoms gevestig vir die wederkoms van die
[409] Here. Die Hervormers het dit nie verkondig nie. Martyn Luther het in sy tyd gesê dat die oordeelsdtg nog omtrent driehonderd jaar in die toekoms was. Maar sedert die jaar 1798 is die boek van Daniel geopen, kennis van die profesieë het toegeneem, en vele het die plegtige boodskap verkondig dat die oordeelsuur naby was.

Net soos die groot Hervorming van die sestiende eeu, het die Adventbeweging in verskillende lande op dieselfde tyd begin. In beide Europa en Amerika is manne van geloof en gebed gelei om die profesieë te ondersoek; en waar hulle die ingegewe oorkondes nagegaan het. het hulle die oortuigende bewys gevind dat die einde van alle dinge op hande was. In verskillende lande was daar algesonderde groepe Christene wat uit 'n blote ondersoek van die Skrifte beweeg is om te glo dat die Heiland se wederkoms naby was.

In die jaar 1821, drie jaar nadat Miller deur sy ondersoek van die profesieë die tyd van die oordeel vasgestel het, het Dr. Joseph Wolff, ,.wêreldsendeling." die spoedige wederkoms van die Here begin verkondig. Wolff is van Joodse ouers in Duitsland gebore; sy vader was 'n Joodse Rabbi. Toe hy nog baie jonk was, is hy oortuig van die waarheid van die Christelike geloof. Daar hy van 'n aktiewe. ondersoekende geaardheid was, het hy baie fyn geluister na die

gesprekke wat in sy vader se huis plaasgevind het, waar toegewyde Jode daeliks saamgekom het om te praat oor die hoop en verwagting van hulle volk, die heerlikheid van die komende Messias, en die herstelling van Israel. Eendag, toe die naam van Jesus van Xasaret genoem is, wou die seun weet wie Hy was. “Een van die talentvolste Jode,” was die antwoord; “maar omdat Hy voorgegee het dat Hy die Messias was, het die Joodse hof Hom tot die dood veroordeel.” “Hoekom,” het die seun gevra, “is Jerusalem verwoes en waarom is ons in ballingskap?” “Helaas, helaas!” het sy vader geantwoord, “omdat die Jode die profete om die lewe gebring het.” Dadelik het die gedagte by die kind opgekom: “Miskien was Jesus ook ‘n profeet en het die Jode Hom onskuldig om die lewe gebring.” —“*Travels and Adventures oj the Rev. Joseph Wolff,” Deel I, bl. 6 (ed. 1860).*So sterk was hy onder die indruk hiervan dat hy, alhoewel hy verbied was om ‘n Christelike kerk binne te gaan, dikwels buitekant na die preek gestaan en luister het. [410]

Toe hy maar nog sewe jaar oud was, en hy teenoor ‘n bejaarde Christelike buurman gespog het met die toekomstige oorwinning van Israel by die wederkoms van die Messias, het die ou man hom vriendelik gesê, “Liewe kind, ek sal jou sê wie die ware Messias was: Hy was Jesus van Nasaret . . . wat deur julle voorvaders gekruisig is net soos ook die profete vanouds. Gaan huis-toe en lees die drie-en-vyftigste hoofstuk van Jesaja, en jy sal oortuig wees dat Jesus Christus die Seun van God is.” —“*Travels and Adventures oj the Rev. Joseph Wolff,” Deel I, bl. 7.*Sy oortuiging het dadelik sterker geword. Hy is huis-toe en het die skrifgedeelte gelees; hy wTas verbaas om te sien hoe volkome dit deur Jesus van Nasaret vervul is. Was die woorde van hierdie Christen waar? Die seun het sy vader gevra om ‘n verklaring van hierdie profesie, maar hy is met so ‘n strenge stilswyse begroet dat hy nooit weer gewaag het om die onderwerp aan te roer nie. Dit, egter, het sy begeerte net groter gemaak om meer te weet van die Christelike godsdiens.

Die kennis waarna hy gesoek het, is sorgvuldig in sy Joodse huis van hom af weggehou; maar toe hy elf jaar oud was, het hy sy vader se huis verlaat en is hy die wêreld in om self ‘n opvoeding te verkry, om sy godsdiens te kies en sy lewenswerk. Vir ‘n tyd het hy by ‘n rasgenoot ingewoon, maar is gou daar weggejaag as ‘n ketter; alleen, en sonder geld, moes hy sy bestaan soek onder vreemdelinge. Hy

is van plek tot plek en het homself onderhou deur Hebreeuse lesse te gee, terwyl hy self ywerig gestudeer het. Onder invloed van 'n Katolieke leraar is hy beweeg om die Roomse leer aan te neem, met die voorneme om as sendeling vir sy eie mense te dien. Met hierdie doel voor oë is hy later na die "College of the Propaganda" te Rome om sy studies voort te sit. Hier het sy onafhanklike gedagtegang en sy manier om vryuit te praat hom die beskuldiging van ketter op die hals gehaal. Hy het openlik die misbruike van die kerk aangeval en gewys op die noodsaaklikheid van hervorming. Hoewel hy in die begin die guns van die Roomse waardigheidsbekleërs geniet het, is hy later van Rome weggestuur. Onder toesig van die kerk is hy van plek tot plek, maar dit het spoedig duidelik geword dat hy nooit sou toestem tot die slawerny van die Roomse kerk nie. Hy
[411] is as onverbeterlik verklaar, en hulle het hom toe vrygestel om te gaan waar hy wou. Hy is toe na Engeland en het by die Kerk van Engeland aangesluit. Na twee jaar se studie het hy in die jaar 1821 met sy sending begin.

Hoewel Wolff die groot waarheid van Christus se eerste koms as 'n "Man van smarte en bekend met krankheid," aangeneem let, het hy gesien dat die profesieë net so duidelik ook die wederkoms van Christus in krag en heerlikheid, geleer het. En waar hy getrag het om sy eie mense tot Jesus van Nasaret as die Beloofde Een, te bring, en hulle te wys op Sy eerste koms en nederigheid en as soenoffer vir die sondes van die mensheid, het hy ook Sy wederkoms as Koning en Verlosser voorgehou.

"Jesus van Nasaret, die ware Messias," het hy gesê, "Wie se hande en voete deurboor is, wat as Lam na die slagting gebring is, die Man van smarte en bekend met krankheid, wat, ná die septer van Juda weggeneem is en die wetgewer van tussen sy voete, en wat die eerste maal gekom het, sal die tweede maal kom op die wolke van die hemel en met die basuin van die Aartsengel."— *Wolf}, "Researches and Missionary Labours," bl. 62 (ed. 1835).*"En Hy sal op die Olyfberg staan; en die heerskappy, wat eenmaal aan Adam oor die skepping gegee is, en deur hom verbeur is (Gen. 1: 26; 3: 17), sal aan Jesus gegee word. Hy sal Koning wees oor die ganse aarde. Die gekreun en geweeklag van die skepping sal ophou, maar die lofen dankliedere sal gehoor word . . . wanneer Jesus kom in die heerlikheid van Sy Vader, met Sy heilige engele ... sal die gelowiges

eerste opstaan. (1 Thess. 4: 16; 1 Kor. 15: 23). Dit is wat ons Christene die eerste opstanding noem. Dan sal die diereryk sy aard verander (Jes. 11: 6-9), en hulle sal aan Jesus onderworpe wees. (Ps. 8.) Daar sal algemene vrede heers." "Weer sal die Here die aarde aanskou en sê, ‚Dit is baie goed.' "—"*Journal of the Rev. Joseph Wolff, bis. 378, 379, 294 {ed. 1839.*

Wolff het geglo dat die wederkoms van die Here naby was, en sy verklaring van die profesieë het daardie groot gebeurtenis binne 'n paar jaar gebring van die datum wat deur Miller vasgestel is. Diegene wat volgens die Skrifte aangevoer het dat niemand die uur of die dag kan vasstel nie, en dat mens niks kan weet van die nabyheid van daardie gebeurtenis nie, het Wolff as volg geantwoord: "Het [412]
die Here gesê dat daardie dag en uur nooit kan aangewys word nie? Het Hy ons nie die tekens van die tye gegee sodat ons ten minste kan weet dat Sy koms nader, net soos mens kan weet dat die somer naby is wanneer die vyeboom bot nie? (Matt. 24: 32.) Kan ons dan nooit daardie datum vasstel nie, daar die Here Self ons vermaan het om nie alleen die profesie van Daniel te lees nie, maar om dit ook te verstaan — daardie selfde Daniel waar ons lees dat die woorde verseël is tot die tyd van die einde (wat die geval in sy tyd was), en dat baie dit sal ‚deursoek' ('n Hebreeuse uitdrukking om 'n datum te ondersoek en te bepeins), en dat ‚die kennis' (aangaande daardie tyd) ‚vermeerder' sal word nie? (Dan. 12: 4.) En wat meer is, die Here sê nie dat ons die koms van daardie tyd nie sal sien nie, maar dat niemand die juiste ‚dag en uur' sal weet nie. Genoeg sal gesien word, het hy gesê, volgens die tekens van die tye, om ons te beweeg om klaar te maak vir Sy koms, net soos Noag die ark klaargemaak het."— *Wolff, "Researches and Missionary Labours," bis. 404, 405.*

Aangaande die algemene metode om die Skrifte te verklaar, of verkeerd te verklaar, het Wolff geskryf: "Die grootste gedeelte van die Christelike kerk het afgedwaal van die duidelike betekenis van die Skrifte, en hulle het hulle gewend tot die stelsel van die Boeddhiste wat glo dat die toekomstige geluksaligheid van die mensheid sal bestaan in rondswewe in die lug, en wat veronderstel dat as hulle Jode lees hulle heidene moet verstaan; en wanneer hulle Jerusalem lees, hulle die kerk moet verstaan; en dat die aarde, die lug beteken; en as hulle lees van die koms van die Here hulle die vooruitgang van die sendinggenootskappe moet verstaan; en dat die gaan na die

berg van die huis van die Here, 'n groot vergadering van Metodiste beteken." —„*Journal oj Rev. Joseph Wolff," bl. 96.*

Gedurende die vier-en-twintig jaar van 1821-1845 het Wolff baie rondgereis. Hy het Afrika, Egipte, Abessinië, Palestina, Sirië, Persië, Bokhara, en Indië besoek. Ook het hy die Yerenigde State besoek, en op sy reis daarheen het hy op die eiland van St. Helena gepreek. Hy het in Augustus 1837 in New York aangekom; en na hy in daardie stad gepraat het, het hy op Phfladelphia en Baltimore, en eindelik [413] op Washington gepreek. Hier, sê hy, "is daar op 'n voorstel van die gewese president John Quincy Adams, in een van die kongreshuise, eenparig besluit om die gebruik van die kongressaal aan my af te staan vir 'n lesing, wat ek op 'n Saterdag gegee het, en wat vereer was deur die teenwoordigheid van al die kongreslede, die biskop van Virginia, en die geestelikes en burgers van Washington. Dieselfde eer is aan my gegee deur die lede van die regering van New Jersey en Pennsylvania, in wie se teenwoordigheid ek lesings gegee het oor my navorsingswerk in Asië, en oor die persoonlike regering van Jesus Christus."—"*Journal of Rev. Joseph Wolff," bls. 398, 399.*

Dr. Wolff het in meeste van die heidenlande gereis sonder die beskerming van enige Europese owerheid; hy het baie ontberings verduur en het in baie gevare verkeer. Hy is met stokke geslaan, uitgehonger, as slaaf verkoop, en driemaal tot die dood veroordeel. Hy is deur rowers aangeval, en soms het hy byna van dors omgekom. Hy is beroof van alles wat hy gehad het, en moes honderde myle te voet oor die berge aflê met die sneeu in sy gesig en sy kaal voete dood van die koue op die bevrore grond.

Toe hy gewaarsku is om nie ongewapend onder die vyandige stamme in te gaan nie, het hy geantwoord dat hy wel van wapens voorsien was —"van gebed, ywer vir Christus, en vertroue op Sy hulp." "Ek is ook," het hy gesê, "voorsien van die liefde van God en my naaste in my hart, en met die Bybel in my hand."— *Adams' W. H. D., "ln Perils Oft," bl. 192.*Waar hy ookal gegaan het, het hy 'n Bybel in Hebreeus en Engels saamgedra. Van een van sy latere reise sê hy, "Ek het die Bybel in my hand oopgehou. Ek het gevoel dat my krag in daardie Boek was, en dat sy krag my sou bewaar."—Idem, bl. 201.

Op hierdie manier het hy in sy werk volhard totdat die boodskap van die oordeel aan die grootste gedeelte van die aardbol gebring

is. Onder Jode, Turke, Parsees, Hindoes, en baie ander nasies en geslagte, het hy die woord van God in verskillende tale versprei, en orals het hy die aanstaande regering van die Messias verkondig.

In sy reise in Bokhara het hy gevind dat die leerstelling van die spoedige wederkoms van die Here deur ‘n afgeleë volk ge- huldig [414] is. Die Arabiere van Jemen, sê hy, “is in besit van ‘n boek genoem ‚Sera,’ wat die wederkoms van Christus en Sy regering en heerlikheid verkondig; en hulle verwag dat groot gebeurtenisse in die jaar 1840 sal plaasvind.” “In Jemen . . . het ek ses dae by die kinders van Regab deurgebring. Hulle drink geen wyn nie, plant geen wingerde nie, en saai geen saad nie; hulle woon in tente en onthou nog vir Jonadab, die seun van Regab; en by hulle het ek van die kinders van Israel gevind van die stam van Dan, . . . wat net soos die kinders van Regab, die spoedige koms van die Messias op die wolke verwag.” -—„*Journal oj the Rev. Joseph Wolff,” bis. 377, 389.*

‘n Ander sendeling het dieselfde geloof in Tartarye aangetref. ‘n Tartaarse priester het die sendeling ondervra aangaande die tyd van Christus se wederkoms. Toe die sendeling sê dat hy niks daarvan weet nie, was die priester verbaas oor die onkunde van iemand wat homself uitgegee het as ‘n Bybelleraar; hy het sy eie sienswyse verklaar, gebaseer op profesie, dat Christus in die jaar 1844 sou kom.

So vroeg reeds as die jaar 1826 is die Adventboodskap in Engeland verkondig. Die beweging daar het nie so ‘n bepaalde vorm aangeneem as die van Amerika nie; die juiste datum van die wederkoms is nie so bepaald verkondig nie, maar die groot waarheid van Christus se spoedige wederkoms in heerlikheid is algemeen verkondig; en dit nie alleen onder die afgeskeides en nonkonformiste nie. Mourant Brock, ‘n Engelse skrywer, verklaar dat daar sowat 700 predikante van die Kerk van Engeland besig was met die verkondiging van hierdie “evangelie van die koninkryk.” Die boodskap wat 1844 aangewys het as die datum van die Here se wederkoms is oor die hele Groot-Brittanje verkondig. Boeke uit Amerika oor die advent is wyd en syd gesirkuleer. Boeke en tydskrifte is in Engeland gepubliseer. In die jaar 1842 het Robert Winter, ‘n Engelsman van geboorte, maar wat die Adventgeloof in Amerika aangeneem het, na sy geboorteland teruggekeer om die koms van die Here te verkon-

dig. Baie het met hom saamgewerk, en die boodskap aangaande die oordeel is in verskeie dele van Engeland verkondig.

In Suid-Amerika het Lacunza, 'n Spanjaard en 'n Jesuïet, on-
[415] danks die heersende barbaarsheid en priesterbedrog, sy weg tot die Skrifte gevind, en daar het hy die waarheid geleer van Christus se spoedige wederkoms. Gedwing om die waarskuwing te verkondig, maar terselfdertyd begerig om die veroordeling van Rome te vermy, het hy sy sienswyses gepubliseer onder die skuilnaam van "Rabbi Ben-Israel," en hy het homself voorgestel as 'n bekeerde Jood. Lacunza het in die agtiende eeu geleef, maar dit was in die jaar 1825 dat sy boek in Londen in Engels vertaal is. Die verskyning van hierdie boek het die belangstelling wat reeds in Engeland opgewek was in die onderwerp van die wederkoms, vermeerder.

In Duitsland is die leer in die agtiende eeu verkondig deur Bengel, 'n predikant van die Lutherse Kerk, en 'n vermaarde Bybelverklaarder en kritikus. Na hy met sy opvoeding klaar was, het Bengel hom "toegelê op die studie van teologie, waartoe hy aangetrokke gevoel het weens sy godsdienstige aanleg wat vermeerder en versterk is deur sy vroeër opvoeding en dissipline. Soos ander nadinkende jongmense voor en na sy tyd, het hy te kampe gehad met twyfel en moeilikhede van 'n godsdienstige aard, en hy spreek met groot gevoeligheid van die "baie pyle wat sy arme hart deurboor het, en sy jongelingsjare swaar gemaak het om te dra.' "— *Encyclopedia Britannica, art, Bengel (negende druk).*Toe hy 'n lid van die kerkraad van Wurtemburg was, was hy 'n voorstander van godsdiensvryheid. "Terwyl hy die regte en die voorregte van die kerk gehandhaaf het, was hy 'n voorstander van redelike vryheid aan almal wat gedwonge gevoel het om weens gewetensbesware hulle aan die kerk te onttrek."—*Idem*. Die goeie gevolge van hierdie beleid word nog gesien in die provinsie waar hy gewoon het.

Dit was terwyl hy met 'n preek besig was oor Openbaring 21, vir "Adventsondag" dat die lig van Christus se wederkoms in Bengel se hart opgegaan het. Die profesie van Openbaring het voor hom ontplooi soos nog nooit tevore nie. Oorweldig deur 'n gevoel van die groot belangrikheid en allesoortreffende heerlikheid van die tonele wat deur die profeet beskryf is, is hy gedwing om vir 'n tyd van die onderwerp af te stap. In die preekstoel het dit hom weer beetgepak met helderheid en krag. Van daardie tyd af het hy hom toegelê

op die ondersoek van die profesieë, veral die van Openbaring, en spoedig het hy tot die oortuiging gekom dat hulle aangedui het dat [416] die wederkoms van Christus naby was. Die datum wat hy vasgestel het vir die wederkoms het met ‘n paar jaar verskil van die wat later deur Miller vasgestel is.

Bengel se geskrifte is deur die hele Christendom versprei. Sy menings oor die profesieë is algemeen aangeneem in sy eie staat van Wurtemburg, en ook in ander dele van Duitsland. Die beweging het aangehou na sy dood, en die Adventboodskap is in Duitsland gehoor op dieselfde tyd toe dit aandag geniet het in ander lande. Vroeg reeds het sommige van die gelowiges na Rusland gegaan; daar het hulle kolonies gestig, en die geloof in die spoedige koms van Christus word vandag nog gehuldig deur die Duitse kerke in daardie land.

Die lig het ook in Frankryk en Switserland geskyn. In Geneve, waar Farel en Calvyn die waarhede van die Reformasie verkondig het, het Gaussen die boodskap van die wederkoms verkondig. Terwyl hy ‘n student op skool was, het Gaussen in aanraking gekom met die gees van Rasionalisme waarvan Europa gedurende die laaste helfte van die Egtiende eeu en die begin van die negentiende eeu deurtrokke was; en toe hy predikant geword het, was hy nie alleen onkundig wat die ware geloof betref het nie, maar hy het ook neigings getoon tot skeptisisme. In sy jongelingsjare is sy belang opgewek in die studie van die profesieë. Na hy Rollin se “Outydse Geskiedenis” gelees het, is sy aandag gevestig op die tweede hoofstuk van Daniël, en hy is getref deur die wonderbare juistheid waarmee die profesie vervul is soos deur die geskiedskrywer aangetoon. Hier was ‘n bewys van die ingewing van die Skrifte wat vir hom as anker gedien het te midde van die gevare van later jare. Hy was nie tevrede met die leer van Rasionalisme nie, en deur ‘n studie van die Bybel en ‘n soek na meer lig, is hy, na ‘n tyd, tot ‘n positiewe geloof gebring.

Namate hy voortgegaan het met sy ondersoek van die profesieë, het hy tot die oortuiging gekom dat die koms van die Here naby was. Onder ‘n besef van die plegtigheid en belangrigheid van hierdie groot waarheid het daar ‘n begeerte by hom ontstaan om dit voor die volk te bring; maar die algemene idee dat die profesieë van Daniel verborgenhede was wat nie kon verstaan word nie, was ‘n groot [417] struikelblok in sy weg. Eindelik het hy besluit — net soos Farel voor hom gedoen het in die evangelisasie van Geneve -— om met die

kinders te begin, deur wie hy gehoop het om die belangstelling van die ouers op te wek.

"Ek wil graag hê dat dit verstaan moet word," het hy later gesê toe hy van die doel van sy onderneming gespreek het, "dat dit nie weens die onbelangrikheid van die onderwerp nie, maar inteendeel, omdat dit so belangrik is, dat ek dit graag in hierdie bekende vorm wil voorstel en dat ek dit aan die kinders gerig het. My begeerte was om verhoor te word, en ek het gevrees dat dit nie die geval sou wees as ek my tot die volwassenes gerig het nie." "Ek het dus besluit om na die jongstes te gaan. Ek bring 'n gehoor van kinders saam; as die groep groter word, en as ek opmerk dat hulle luister en tevrede en belangstellend is, en dat hulle die onderwerp verstaan en kan verduidelik, is ek verseker dat ek spoedig 'n tweede groep sou hê; op hulle beurt sal die groot mense sien dat dit die moeite werd is om te gaan sit en te studeer. Wanneer dit gedoen is, is die saak gewin." *— Gaussen, L., "Daniel the Prophet," Deel II, Voorwoord.*

Die poging was suksesvol. Waar hy die kinders toegespreek het, het ouer mense kom luister. Die galerye van sy kerk was gevul met aandagtige hoorders. Onder hulle was daar manne van aansien en geleerdheid, en vreemdelinge en uitlanders wat in Genêve op besoek was; op hierdie manier is die boodskap na ander dele gedra.

Aangemoedig deur sy sukses, het Gaussen sy lesse in druk uitgegee met die hoop om die studie van die profetiese boek in die Franssprekende gemeentes te bevorder. "Om onderrig te publiseer wat aan kinders gegee is," het Gaussen gesê, "is om aan volwassenes te sê, wat maar te dikwels sulke boeke verwaarloos op voorwensel dat hulle onverstaanbaar is, ‚Hoe kan hulle onverstaanbaar wees aangesien julle kinders hulle kan verstaan?' " "Ek het 'n groot begeerte gehad," het hy gesê, "om 'n kennis van die profesieë gewild te maak onder ons gemeentes indien moontlik." "Daar is geen studie waarvan ek weet wat beter in die behoeftes van die tyd voorsien nie." "Dit is hierdeur dat ons klaarmaak vir die beproewing wat naby is, en waak
[418] en wag vir Jesus Christus." Hoewel hy een van die beroemdste en gewildste predikers in die Franse taal was, is Gaussen na 'n tyd van sy predikantskap geskors; die vernaamste klagte teen hom was dat hy die Bybel gebruik het in sy onderrig van die kinders, en nie die kategismus van die kerk nie—'n droë, rasionalistiese handboek wat byna heeltemal ontbreek het aan positiewe geloof. Later het hy 'n

leraar geword in 'n teologiese skool terwyl hy ook op Sondae die kinders geleer het uit die Skrifte. Sy werke oor die profesieë het groot belangstelling verwek. Van sy hoogleraarstoel, deur die pers, en in sy geliefde werk as leraar vir die kinders, het hy vir jare 'n groot invloed laat geld en was hy die middel om die aandag van baie te vestig op 'n studie van die profesieë wat aangetoon het dat die wederkoms van die Here naby was.

In Skandinawië ook is die Adventboodskap verkondig, en daar is groot belangstelling opgewek. Baie is opgewek uit hulle sorglose sekerheid, om hulle sondes te bely en te versaak en vergifnis te soek in die naam van Christus. Maar die geestelikes van die kerk het die beweging teengewerk, en deur hulle invloed is sommige wat die boodskap verkondig het in die gevangenis gewerp. Op baie plekke waar die predikers van die Here se spoedige koms op hierdie [419] manier die swye opgelê is, het dit God behaag om die boodskap op wonderbaarlike wyse deur kinders te laat verkondig. Omdat hulle nog nie mondig was nie, kon die wet van die staat hulle nie belet nie, en hulle is toegelaat om ongehinderd te spreek.

Die beweging het grotendeels onder die laer klasse ontstaan, en dit was in die eenvoudige wonings van arbeiders waar die mense saamgekom het om die waarskuwing te hoor. Die kinderpredikers self was vir die grootste gedeelte uit armoedige huise. Sommige van hulle was nie ouer as ses of agt jaar nie. En terwyl hulle lewens bewys het dat hulle die Heiland liefhet en getrag het om in gehoorsaamheid aan sy wette te lewe, was hulle bekwaamheid en intelligensie maar net wat mens gewoonlik by kinders van daardie ouderdom sou verwag. Wanneer hulle voor die mense gestaan het, was dit egter duidelik dat hulle besiel was met 'n krag bokant hulle eie natuurlike gawes. Hulle stem en maniere het verander, en met krag het hulle die waar-skuwing van die oordeel gegee, en hulle het die juiste woorde van die Skrifte aangehaal: "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom." Hulle het die sondes van die mense bestraf, deur nie alleen hulle onsedelikheid te veroordeel nie, maar ook wêreldsgesindheid en afvalligheid, en hulle hoorders te waarsku om hulle te haas om te vlug vir die grimmigheid wat aankom was.

Die mense het met vrees geluister. Die oortuigende Gees van God het tot hulle harte gespreek. Baie is daartoe gebring om die

Skrifte met nuwe en groter aandag te ondersoek. Die onmatiges en die onsedelikes is hervorm, ander het hulle oneerlike praktyke versaak, en daar is 'n werk gedoen, so merkwaardig, dat selfs die predikante van die Staatskerk gedwing was om te erken dat die hand van God in die beweging was.

Dit was Gods wil dat die boodskap van die Heiland se koms in die Skandinawiese lande sou verkondig word; en toe die stem van Sy diensknegte stilgemaak is, het Hy Sy Gees in die kinders laat kom, sodat die werk gedoen kon word. Toe Jesus naby Jerusalem gekom het, vergesel van die juigende skares wat met triomfkrete en swaaiende palmtakke Hom aangekondig het as die Seun van David, het [420] die nydige Fariseërs Hom versoek om hulle die swye op te lê; maar Jesus het geantwoord dat dit alles 'n vervulling van profesie was, en dat as hierdie mense sou swyg, die klippe sou uitroep. Die volk, banggemaak deur die dreigemente van die priesters en owerstes, het hulle gejuig gestaak toe hulle die poorte van Jerusalem binnegaan; maar die kinders in die tempelhowe het later die gejuig hervat; hulle het hulle palmtakke geswaai, en uitgeroep, "Hosanna vir die Seun van Dawid!" (Matt. 21: 8-16.) Toe die Fariseërs, ontevrede aan Hom gesê het, "Hoor U wat hulle daar sê?" het Jesus geantwoord, "Ja, het julle nooit gelees: Uit die mond van die klein kinders en suigelinge het U vir U lof berei nie?" Net soos God deur die kinders gewerk het tydens Christus se eerste koms, so het Hy ook deur hulle gewerk in die verkondiging van die boodskap van Sy tweede koms. Gods woord, dat die boodskap van die Heiland se koms aan hulle volke en tonge en nasies moet verkondig word, moet vervul word.

Aan William Miller en sy medewerkers is die werk gegee om die boodskap in Amerika te verkondig. Daardie land het die middelpunt geword van die groot Adventbeweging. Dit is daar waar die profesie van die eerste engel se boodskap sy mees regstreekse vervulling gehad het. Die geskrifte van Miller en sy medewerkers is na verafgeleë lande geneem. In alle dele van die wêreld wat deur sendelinge binnegedring is, daarheen is die blye tyding van Christus se spoedige wederkoms geneem. Wyd en syd is die boodskap van die ewige evangelie versprei, "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom."

Die getuienis van die profesieë wat skynbaar gewys het op die wederkoms van Christus in die lente van 1844, het die harte van

die mense beetgepak. Namate die boodskap van die een staat na die ander gegaan het, is daar orals groot belangstelling opgewek. Baie was oortuig dat die argumente, gebaseer op die profetiese tydperke, reg was, en hulle hoogmoed versakende, het hulle die waarheid met blydskap aangeneem. Sommige van die predikante het hulle sektariese sienwyses en gevoelens versaak, hulle het hulle salaris en gemeente opgegee, en saamgewerk in die verkondiging van die koms van Jesus. Daar was maar betreklik min predikante wat gewillig was om die bood- skap aan te neem; daarom moes die werk [421]
grotendeels deur nederige leke gedoen word. Boere het hulle plase verlaat, vverktuigkundiges hulle gereedskap, handelaars hulle handelsware, en artse hulle werk; maar nogtans was die getal werkers klein vergeleke met die groot werk wat daar gedoen moes word. Die toestand van 'n goddelose kerk en 'n wêreld in boosheid, het swaar gedruk op die harte van die ware wagters, en hulle het gewillig geswoeg, ontbering gely en swaar gekry, sodat hulle die mense tot bekering kon bring. Hoewel die werk deur Satan teengestaan is, het dit steeds voorwaarts gegaan, en die Adventwaarheid is deur baie duisende aangeneem.

Orals is die deurdringende getuienis gehoor wat sondaars, beide wêreldlinge en kerklede, gewaarsku het om te vlug vir die aanstaande grimmigheid. Net soos Johannes die Doper, die voorloper van Christus, het die predikers die byl aan die wortel van die boom gelê en by almal aangedring om vrugte voort te bring wat by die bekering pas. Hierdie aangrypende oproepe was in groot teenstelling [422]
met die versekerings van vrede en veiligheid wat van die populêre kansels gehoor is; en orals waar die boodskap verkondig is, het dit die mense beweeg. Die eenvoudige, direkte getuienis van die Skrifte, deur die Heilige Gees bekragtig, het 'n oortuigende krag gehad wat min mense heeltemal kon weerstaan. Belyers van die godsdiens is opgewek uit hulle gevoel van valse veiligheid. Hulle het hulle afvalligheid, hulle wêreldsgesindheid en ongeloof, hulle hoogmoed en selfsug besef. Baie het die aangesig van die Here met bekering en ootmoed gesoek. Hulle harte, wat solank vasgeklem het aan aardse dinge, is nou na die hemel opgehef. Die Gees van die Here het op hulle gerus, en met versagte harte het hulle aangesluit om die roepstem te laat hoor, "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom."

Sondaars het wenende uitgeroep, “Wat moet ek doen om gered te word?” Diegene wat oneerlik was, wou graag vergoeding doen. Almal wat vrede in Christus gevind het, was begerig om die seën met ander te deel. Die harte van ouers is tot hulle kinders gewend, en die harte van die kinders tot hulle ouers. Die skeidsmure van hoogmoed en terughoudendheid is weggeruim. Daar is opregte belydenis gedoen, en huisgenote het gearbei vir die redding van hulle dierbares. Dikwels is die stem van vurige voorbidding gehoor. Orals was daar siele wat in groot angs met God gepleit het. Baie het die hele nag in die gebed geworstel om versekering dat hulle sondes vergewe is, en vir die bekering van hulle vriende en bure.

Alle klasse het na die Adventisbyeenkomste gestroom. Ryk en arm, hoog en laag, was, om verskillende redes, begerig om persoonlik die leerstelling van die wederkoms te hoor. Die Here het die gees van teenstand in bedwang gehou terwyl Sy diensknegte die rede van hulle geloof uiteengesit het. Soms was die werktuig swak, maar die Gees van God het krag gegee aan Sy waarheid. Die teenwoordigheid van heilige engele is in hierdie byeenkomste gevoel, en baie is daeliks tot die gelowiges toegevoeg. Waar die bewyse van Christus se spoedige wederkoms herhaal is, het groot skares in stilte geluister na die plegtige woorde. Dit het geskyn of die hemel en die aarde mekaar
[423] genader het. Die krag van God is deur oud en jonk gevoel. Mense is huis-toe met lofliedere op hulle lippe, die weerklank waarvan in die nagtelike stilte gehoor is. Niemand wat hierdie dienste bygewoon het, sal ooit die tonele van groot belangstelling vergeet nie.

Die verkondiging van ‘n bepaalde tyd vir die koms van Christus het teenstand uitgelok van baie klasse — van die predikant in sy preekstoel tot selfs die roekeloosste sondaar. Die woorde van die profesie is vervul: “Dit moet julle veral weet dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van Sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af.” 2 Pet. 3:3, 4. Baie wat voorgegee het dat hulle die Heiland liefhet, het verklaar dat hulle nie gekant was teen die leerstelling van die wederkoms nie; maar dat hulle slegs beswaar maak teen die vasstelling van ‘n bepaalde tyd. Maar Gods alsiende oog het hulle harte gelees. Hulle wou nie hoor van Christus se wederkoms om die wêreld in geregtigheid te oordeel nie. Hulle

was ontroue diensknegte; hulle werk sou nie die ondersoek van die hartdeursoekende God kon deurstaan nie, en hulle was bevrees om hulle Here te ontmoet. Net soos die Jode tydens Christus se eerste koms, was hulle nie gereed om Jesus te verwelkom nie. Nie alleen het hulle geweier om te luister na die duidelike argumente uit die Bybel nie, maar hulle het diegene wat die Here verwag het, bespot. Satan en sy engele het gejuig, en hulle het Christus en die heilige engele verwyt dat Sy sogenaamde volk so min liefde vir Hom gehad het dat hulle nie Sy koms begeer het nie.

“Geen mens weet die dag of uur nie,” was die argument wat steeds aangevoer is deur die verwerpers van die Adventgeloof. Die Skrif sê, “Maar van die dag en die uur weet niemand nie, ook die engele van die hemel nie, maar net My Vader alleen.” (Matt. 24: 36.) ‘n Duidelike en steekhoudende verklaring van hierdie teks is gegee deur diegene wat uitgesien het na die koms van die Here, en die verkeerde uitlegging daarvan deur hulle teenstanders is duidelik aangetoon. Die woorde is deur Christus gespreek tydens daardie onvergeetlike gesprek met Sy dissipels op die Olyfberg, nadat Hy die tempel vir die laaste keer verlaat het. Die dissipels het gevra, “Vertel ons wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van [424]
U koms en van die voleindiging van die wêreld?” Jesus het tekens aan hulle gegee en gesê, “So weet julle ook wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur.” Matt. 24: 3, 33. Die, een gesegde van die Heiland moenie gebruik word om die ander te verpletter nie. Hoewel niemand die dag en die uur van Sy koms weet nie, kan ons weet wanneer dit naby is. Verder word ons geleer dat ‘n veronagsaming van Sy waarskuwing en ‘n weiering of nalating om te weet dat Sy koms naby is, net so noodlottig vir ons sal wees as dit was vir diegene in die dae van Noag, wat nie wou weet dat die sondvloed aan kom was nie. Die gelykenis in daardie selfde hoofstuk waar die getroue en ontroue dienskneg teenoormekaar gestel word en waarin die verdoemenis beskryf word van die een wat in sy hart gesê het, “My heer talm om te kom,” toon aan in watter lig Christus diegene sal beskou en beloon wat Hy wagtende aantref, en wat Sy koms verkondig, en diegene wat dit verloën. “Waak dan,” het Hy gesê “Gelukkig is daardie slaaf vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind.” Matt. 24: 42-51. “As jy dan nie wakker word

nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie." Openb. 3: 3.

Paulus spreek van 'n klas op wie die Here se koms onverwags sal kom. "Want julle weet baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid — dan oorval 'n skielike verderf hulle . . . en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie." Maar hy voeg daarby aan diegene wat aggeslaan het op die Heiland se waarskuwing, "Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie." 1 Thess. 5: 2-5.

Op hierdie manier is daar aangetoon dat die Skrifte aan die mens geen rede gee om onkundig te wees aangaande die nabyheid van Christus se koms nie. Maar diegene wat slegs na 'n ekskuus gesoek het om die waarheid te verwerp, het hulle ore gesluit vir hierdie verduideliking; en die woorde, "van die dag en die uur weet niemand nie," het steeds weerklink uit die mond van die stoutmoedige spotter,
[425] en selfs uit die van die sogenaamde predikante van Christus. Namate die mense opgewek is en navraag begin doen het oor die weg van die saligheid, het godsdienstige leraars tussen hulle en die waarheid getree, en getrag om hulle tot bedaring te bring deur 'n valse uitleg van die woord van God. Ontroue wagters het aangesluit by die werk van die groot bedrieër, en geroep, Vrede, vrede, wanneer God nie vrede gespreek het nie. Soos die Fariseërs van Christus se tyd, het vele geweier om self die koninkryk van die hemele binne te gaan, en diegene wat wel wou ingaan, is deur hulle verhinder. Die bloed van hierdie siele sal van hulle hand geëis word.

Die nederigstes en toegewydstes in die kerke was gewoonlik die eerste om die boodskap aan te neem. Diegene wat die Bybel persoonlik ondersoek het, kon nie anders as om die onskriftuurlike aard te sien van die populêre verklarings van die profesieë nie; en orals waar die mense nie deur die geestelikes beïnvloed is nie, en
[426] waar hulle die woord van God self ondersoek het, was dit maar net nodig om die Adventleerstelling te vergelyk met die Skrifte om die goddelike gesag daarvan te bewys.

Vele is deur hulle ongelowige broeders vervolg. Ten einde hulle posisie in die kerk te behou, het sommige besluit om stil te swyg aangaande hulle hoop; maar ander het gevoel dat getrouheid aan

God hulle belet het om die waarhede te verswyg wat Hy aan hulle toevertrou het. Vele is lidmaatskap in die kerk ontneem vir geen ander rede as dat hulle geglo het in die koms van Christus nie. Vir diegene wat hierdie geloofsbeproewing moes deurmaak, was die woorde van die profeet baie dierbaar, „Julle broeders, julle haters wat julle verstoot om My naam ontwil, sê: Laat die Here heerlik word, dat ons julle vreug-de kon aanskou! Maar hulle sal beskaamd staan!” Jes. 66: S.

Engele van God slaan die uitwerking van die waarskuwing met die grootste belangstelling gade. Toe daar ‘n algemene verwerping van die boodskap was in die kerke, het die engele in droefheid weggegaan. Maar daar was baie wat nog nie getoets was in verband met die Adventwaarheid nie. Vele is mislei deur eggenote, eggenotes, ouers of kinders, en hulle is beweeg om te glo dat dit ‘n sonde was om selfs te luister na die ketterye wat deur die Adventiste verkondig is. Engele is beveel om getrou wag te hou oor hierdie siele; want daar sou nog ander lig op hulle skyn van die troon van God.

Met onuitspreeklike verlange het diegene wat die boodskap aangeneem het, gewag op die koms van hulle Heiland. Die tyd wat hulle verwag het om Hom te ontmoet het gekom. Hulle het hierdie uur met ‘n kalme erns tegemoetgesien. In soete gemeenskap met God het hulle gerus—‘n pand van die vrede wat hulle s‘n sou wees in die heerlike hiernamaals. Niemand wat hierdie hoop en vertroue gehad het, kon hierdie kostelike ure van wag vergeet nie. Vir etlike weke voor die tyd is wêreldlike besigheid grotendeels opsy gesit. Die opregte gelowiges het sorgvuldig elke gedagte en elke gevoel van hulle harte ondersoek asof hulle op hulle sterfbed gelê het en maar nog slegs ‘n paar uur gehad het voordat hulle hulle oë sou sluit vir alle aardse tonele. Daar was nie “hemelvaartsgewaad” gemaak nie (Sien Aanhangsel); maar almal het die behoefte gevoel aan inwendige getuienis dat hulle gereed was om die Heiland te ontmoet; hulle wit [427]
kleed het bestaan uit reinheid van hart — karakters gereinig van die sonde deur die versoeningsbloed van Christus. Mog daar vandag nog onder die belydende volk van God hierdie selfde gees van hartondersoek, en dieselfde vurige, vasberade geloof gesien word. As hulle maar aangehou het om hulle voor die Here te verootmoedig en hulle gebede na die genadetroon op te stuur, sou hulle ‘n baie heerliker ervaring gehad het as wat hulle vandag het. Daar is te min gebed, te

min ware oortuiging van sonde, en gebrek aan lewende geloof laat baie sonder die genade wat so ryklik vir hulle voorsien is deur ons Verlosser.

Dit was Gods plan om Sy volk op die proef te stel. Dit is Sy hand wat die fout bedek het in die berekening van die profetiese tydperke. Die Adventiste het nie die fout ontdek nie, en ook is dit nie ontdek deur die geleerdste van hulle teenstanders nie. Laasgenoemdes het gesê: „Julle berekening van die profetiese tydperke is juis. Die een of ander groot gebeurtenis is voor die deur; maar dit is nie wat Meneer Miller voorspel nie; dit is die bekering van die wêreld, en nie die tweede koms van Christus nie.” (Sien Aanhangsel.)

Die tyd van verwagting het verbygegaan, en Christus het nie verskyn om Sy volk te verlos nie. Diegene wat met opregte geloof en liefde uitgesien het na die koms van hulle Heiland, het ‘n bittere teleurstelling ondervind. Maar God was besig om Sy doel uit te werk; Hy was besig om die harte te toets van diegene wat voorgegee het dat hulle op Sy koms gewag het. Daar was baie onder hulle wat deur geen hoër motief aangedryf was as vrees nie. Hulle belydenis van geloof het geen uitwerking gehad op hulle harte of lewens nie. Toe die verwagte gebeurtenis nie plaasgevind het nie, het hierdie mense verklaar dat hulle nie teleurgesteld was nie; hulle het nooit geglo dat Christus sou kom nie. Hulle was die eerstes om die spot te dryf met die droefheid van die ware gelowiges.

Maar Jesus en al die hemelse leërskare het met liefde en medelye neergesien op die beproefde en getroue, dog teleurgestelde mense. As die sluier wat die sigbare van die onsigbare skei, kon opgelig gewees het, sou daar gesien gewees het hoedat engele hierdie getroue
[428] siele genader het en hulle beskerm het teen die pyle van Satan.

[429]

## Hoofstuk 21—‘n Waarskuwing Verwerp

IN die verkondiging van die leer omtrent die wederkoms, was William Miller en sy medewerkers met die een doel besiel, naamlik om mense op te wek om klaar te maak vir die oordeelsdag. Hulle het getrag om die belyers van godsdiens op te wek tot ‘n besef van die ware hoop van die kerk, en hulle behoefte aan ‘n dieper geestelike lewe; en hulle het gearbei om ook die onbekeerdes wakker te skud om hulle plig te besef van onmiddellike bekering tot God. “Hulle het geen poging gemaak om mense te bekeer tot ‘n party of sekte nie. Derhalwe het hulle onder alle partye en sektes gearbei sonder om hulle te bemoei met hulle kerkverband of dissipline.”

“In al my werk,” het Miller gesê, “het ek nooit die begeerte gehad of daaraan gedink om ‘n ander genootskap te stig, afgeskei van die reedsbestaande genootskappe, of om die een te laat voordeel trek ten koste van die ander nie. My plan was om almal goed te doen. Veronderstellende dat alle Christene hulle sou verbly in die vooruitsig van die koms van Christus, en dat almal wat nie gesien het soos ek gesien het nie, nie diegene minder sou liefhê wat hierdie leerstelling wel aangeneem het nie, het ek nie verwag dat daar ooit enige nodigheid sou wees vir aparte byeenkomste. My hele doel was om siele tot [430]
God te bekeer, om die wêreld te waarsku van die komende oordeel, en om my medemense te bevveeg tot ‘n voorbereiding wat hulle in staat sou stel om hulle God in vrede te ontmoet. Die meerderheid van diegene wat tot bekering gebring is onder my arbeid het by die reedsbestaande kerke aangesluit.”— *Bliss, “Memoirs of Wm. Miller,” bl. 328.*

Aangesien sy werk die kerke opgebou het, is dit vir ‘n tyd gunstig beskou. Maar namate die predikante en godsdienstige leiers teen die Adventleerstelling besluit het, en begerig was om alle propaganda oor die onderwerp te onderdruk, het hulle nie alleen die werk uit die kansel bestry nie, maar hulle het aan hulle lede die reg ontsê om preke by te woon oor die tweede koms, of selfs van hulle hoop te spreek in die sosiale byeenkomste van die kerk. As gevolg hiervan

het die gelowiges hulle in ‘n posisie van groot beproewing en verbystering bevind. Hulle het hulle kerke liefgehad en wou nie graag daarvan afskei nie; maar waar hulle gesien het dat die getuienis van Gods woord onderdruk word, en dat hulle reg om die profesieë te ondersoek ontken is, het hulle gevoel dat hulle getrouheid aan God hulle belet het om toe te gee. Diegene wat getrag het om die getuienis van Gods woord uit te sluit, kon hulle nie beskou as die kerk van Christus —“Die pilaar en grondslag van die waarheid” nie. Daarom het hulle gevoel dat hulle geregverdig was om hulle af te skei van hulle vorige kerkverband. In die somer van 1844 het sowat vyftig duisend hulle aan die kerke onttrek.

Gedurende hierdie tyd was daar merkwaardige veranderinge in meeste van die kerke van die Verenigde State. Vir baie jare reeds was daar ‘n stadige dog gewisse toename van gelykvormigheid aan wêreldse praktyke en gewoontes, en ‘n ooreenstemmende agteruitgang van die geestelike lewe; maar in daardie jaar was daar bewyse van ‘n plotselinge en merkwaardige agteruitgang in byna al die kerke van die land. Hoewel niemand in staat was die oorsaak vas te stel nie, is die feit opgemerk en daar is kommentaar gelewer deur sowel die pers as die kansel.

Op ‘n byeenkoms van die kerkraad van Philadelphia, het Meneer
[431] Barnes, skrywer van die kommentaar wat so algemeen bekend is, en herder van een van die vooraanstaande kerke in daardie stad gesê “dat hy vir twintig jaar reeds in die bediening was, en nog nooit, tot met die laaste nagmaal, het hy daardie sakrament bedien sonder om ‘n groter of kleiner getal nuwe lede in die gemeente te ontvang nie. Maar nou was daar*geen opwekkings, geen bekerings,*nie veel sigbare toename in genade onder die belyers nie, en niemand het na sy studeerkamer gekom om met hom te praat oor die saligheid van hulle siele nie. Met die toename van besigheid en die verbetering van vooruitsigte op handelsen nywerheidsgebied, is daar ook ‘n toename van wêreldsgesindheid.*So staan dit met alle genootskappe.”—“Congregational Journal,” 23 Mei 1844.*

In Februariemaand van dieselfde jaar het Professor Finney van Oberlin College gesê: “Ons het die bewys voor ons oë, dat die Protestantse kerke in ons land, as sulks oor die algemeen of onverskillig of vyandiggesind is teenoor al die sedelike hervormings van ons eeu. Ons het ook ‘n ander bevestigde feit: Die byna algemene af-

wesigheid van 'n opwekkende invloed in die kerke. Die geestelike onverskilligheid heers byna orals, en dit is ontsettend diepgewortel; sodat die godsdienstige drukpers van die hele land getuig ... die lede van die kerk begin vir 'n groot gedeelte aan die mode verslaaf te raak, hulle doen mee aan die najaging van die plesier en dans, en feesviering, ens. . . . maar ons hoef nie oor hierdie pynlike onderwerpe uit te wei nie. Dit is genoeg dat die bewyse vermeerder en swaar op ons druk, wat aantoon dat die*kerke oor die algemeen op treurige wyse besig is om te ontaard.*Hulle het baie ver van die Here afgedwaal, en Hy het Homself aan hulle onttrek."

'n Skrywer in die "Religious Telescope" getuig: "Ons het nog nooit so 'n algemene agteruitgang van die godsdiens beleef as tans nie. Voorwaar, die kerk moet wakkerskrik en ondersoek in stel na die oorsaak van hierdie treurige siekte; want elkeen wat Sion liefhet moet dit as 'n siekte beskou. As ons daaraan dink hoe min gevalle van ware bekering daar is, asook die ongeëwenaarde onboetvaardigheid en hardheid van sondaars, moet ons byna onwillekeurig uitroep, ‚Het God vergeet om genadig te wees, of is die genadedeur gesluit?' " [432]

So 'n toestand in 'n kerk bestaan nooit sonder oorsaak in die kerk self nie. Die geestelike duisternis wat oor 'n volk kom, op kerke en indiwidue, is te wyte, nie aan willekeurige onttrekking van die hulp van goddelike genade aan die kant van God nie, maar aan 'n verwaarlosing of verwerping van goddelike lig aan die kant van mense. 'n Treffende voorbeeld van hierdie waarheid is voorgestel in die geskiedenis van die Joodse volk in die tyd van Christus. Deur hulle verslaafdheid aan die wêreld en veronagsaming van God en Sy woord, is hulle verstand verduister en het hulle harte aards en sinlik geword. Hulle was dus onkundig aangaande die wederkoms van die Messias. en in hulle hoogmoed en ongeloof het hulle die Verlosser verwerp. Selfs toe het God nie die Joodse volk afgesny van 'n kennis van, of 'n deelname aan, die seëninge van die saligheid nie. Maar diegene wat die waarheid verwerp het, het alle begeerte verloor vir die Gawe van die hemel. Hulle het "duisternis vir lig, en lig vir duisternis," aangeneem totdat die lig wat in hulle was duisternis geword het; en hoe groot was hulle duisternis nie!

Satan gee nie om dat mense die vorm van godsdiens behou solank die gees van ware godsaligheid ontbreek nie. Nadat die Jode die evangelie verwerp het, het hulle ywerig aangehou om die ou

vorms na te kom; hulle het hulle stip gehou aan hulle nasionale afgesonderdheid, terwyl hulle self moes erken dat die teenwoordigheid van God nie langer by hulle was nie. Die profesie van Daniël het op so 'n onmiskenbare wyse gedui op die koms en die dood van die Messias, dat hulle die studie daarvan belet het, en eindelik het die Rabbi's 'n vloek uitgespreek op almal wat 'n poging gemaak het om die tyd te bereken. Vir agtienhonderd jaar het die Israelitiese volk onboetvaardig en blind gebly, onverskillig teenoor die genadige aanbod van saligheid, en sonder om ag te slaan op die seëninge van die evangelie —'n ernstige en vreeslike waarskuwing teen die gevaar om die lig van die hemel te verwerp.

Waar dieselfde oorsake bestaan, sal dieselfde gevolge gesien word. Hy wat moedswillig sy oortuigings aangaande sy pligte onderdruk omdat hulle nie in sy smaak val nie, sal eindelik nie langer
[433] meer kan onderskei tussen waarheid en dwaalleer nie. Die verstand word verduister, die gewete toegeskroei, die hart verhard, en die siel verwyderd van God. Waar die boodskap van goddelike waarheid verag en verwerp word, daar word die kerk in duisternis gehul; geloof en liefde verkoel en daar ontstaan vervreemding en onenigheid. Die kerklede bestee al hulle krag en belange aan wêreldse sake, en sondaars word verhard in hulle onboetvaardigheid.

Die eerste engel se boodskap van Openbaring 14, wat die uur van Gods oordeel aangekondig het en die mense opgeroep het om God te aanbid, was bedoel om die belydende volk van God af te skei van die verderflike invloede van die wêreld, en om hulle op te wek om hulle toestand van wêreldsgesindheid en afvalligheid te besef. In hierdie boodskap het God aan die kerk 'n waarskuwing gestuur, wat, as dit aangeneem was, die booshede sou weggeruim het wat hulle van Horn geskei het. As hulle die boodskap van die hemel aangeneem het, hulle harte voor die Here verootmoedig het, en in opregtheid klaargemaak het om in Sy teenwoordigheid te staan, sou die Gees en krag van God onder hulle geopenbaar gewees het. Die kerk sou weer daardie geseënde staat van eeenheid, geloof en liefde bereik het wat daar was in die apostoliese tyd toe die gelowiges "V'an een hart en siel was," "die woord van God met vrymoedigheid gespreek het," en "die Here daagliks by die gemeente gevoeg [het] die wat gered is." Hand. 4: 32, 31; 2: 47.

As Gods belydende volk die lig sou aanneem soos dit op hulle skyn uit Sy woord, sou hulle daardie eensgesindheid bereik waarvoor Christus gebid het, en wat die apostel beskryf as, "die eenheid van die Gees . . . deur die band van die vrede." "Dit is een liggaam en een Gees," sê Hy, "soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop." Efe. 4: 3-5.

Dit was die salige ervaring van diegene wat die Adventboodskap aangeneem het. Hulle het van verskillende genootskappe gekom, en hulle kerklike skeidsmure is neergewerp; botsende geloofspunte is verpletter; die onskriftuurlike hoop op 'n tydelike millennium is versaak, valse beskouings oor die tweede koms is gewysig, en hoogmoed en gelykvormigheid aan die wêreld is versaak; verkeerde dinge is reggemaak; harte is verenig in heerlike gemeenskap, en [434] liefde en vreugde het die botoon gevier. As hierdie leerstelling dit kon doen vir die paar wat dit aangeneem het, sou dit dieselfde gedoen het as almal dit aangeneem het.

Maar die kerke oor die algemeen het nie die waarskuwing aangeneem nie. Hulle predikante, wat as "wagters oor die huis van Israel," die eerste moes gewees het om die tekens van Jesus se koms te sien, het die waarheid nie ontdek nie, nog uit die getuienis van die profete nog in die tekens van die tye. Namate wêreldse hoop en strewe die hart vervul het, het liefde vir God en geloof in Sy woord verkoel; en toe die Adventleerstelling verkondig is, het dit net hulle vooroordeel en ongeloof opgewek. Die feit dat die boodskap, vir 'n groot deel, deur leke verkondig is, is aangevoer as 'n argument daarteen. Net soos in die outyd, is die duidelike getuienis van Gods woord begroet met die vraag. "Het die owerstes en die Fariseërs geglo?" Toe hulle vind hoe moeilik dit was om die argumente, gebaseer op die profetiese tydperke, te weerlê, het baie die ondersoek van die profesieë afgeraai deur te beweer dat die profetiese boeke verseël was en nie verstaan kon word nie. Vele, wat volkome vertroue in hulle leraars gehad het, het geweier om die waarskuwing aan te neem; en ander, hoewel hulle van die waarheid oortuig was, het gevrees om dit te bely, sodat hulle nie "uit die sinagoge gewerp sou word nie." Die boodskap wat God gestuur het om die kerk te toets en te reinig, het maar te duidelik geopenbaar hoe groot die getal was wat hulle harte op die wêreld gestel het liewer as op Christus. Die bande wat hulle aan die aarde verbind het, was sterker as die aantrekkingskrag van

die hemel. Hulle het verkies om te luister na die stem van wêreldse wysheid, en hulle het hulle harte afgewend van die deurtastende boodskap van waarheid.

Deur te weier om te luister na die boodskap van die eerste engel, het hulle die middel van die hemel verwerp wat vir hulle herstelling voorsien was. Hulle het die genadige boodskapper verwerp wat die sondes wat hulle van God geskei het, sou wegneem, en met groter gretigheid het hulle die vriendskap van die wêreld gesoek. Hier het ons die oorsaak van die vreeslike toestand van wêreldsgesindheid, afvalligheid, en die geestelike dood wat daar geheers het in die kerke
[435] van 1844.

In Openbaring 14, word die eerste engel deur 'n tweede gevolg wat sê "Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoererye." Openb. 14: 8. Die benaming "Babilon" is afgelei van "Babel," wat verwarring beteken. Dit is in die Skrifte gebruik om die verskillende vorms van valse of afvallige godsdiens voor te stel. In Openbaring 17, is Babilon deur 'n vrou voorgestel —'n beeld wat in die Bybel gebruik word as simbool vir 'n kerk; 'n goeie vrou stel 'n rein kerk voor, en 'n slegte vrou 'n afvallige kerk.

Die verhouding tussen Christus en Sy kerk word in die Bybel voorgestel deur 'n egverbintenis. Die Here het Sy volk aan Hom verbind in 'n plegtige verbond; Hy beloof om hulle God te wees, en hulle verbind hulle om Syne te wees en Syne alleen. Hy sê, "Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in barmhartighede." Hos. 2: 18. En weer lees ons, "Ek is heer oor julle." Jer. 3: 14. En in die Nuwe Testament gebruik Paulus dieselfde beeld waar hy sê, "Ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel." 2 Kor. 11: 2.

Die ontrouheid van die kerk van Christus deur sy vertroue en liefde af te wend van Hom, en deur toe te laat dat liefde vir wêreldse dinge die hart vervul, word voorgestel as 'n skending van die egband. Die sonde van Israel deur hulle afwyking van die Here is onder hierdie beeld voorgestel; en die wonderbare liefde van God wat hulle op hierdie manier verag het, word op treffende wyse as volg beskryf: "Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here HERE, en jy het Myne geword." "Jy was buitengewoon

mooi en so voorspoedig dat jy koninklike waardigheid bereik het. Daarby het daar ‘n naam van jou af uitgegaan onder die nasies om jou skoonheid ontwil, want dit was volmaak deur My versiersels wat Ek op jou aangebring het, . . . Maar jy het vertrou op jou skoonheid en gehoereer vanweë jou naam.” “Maar soos ‘n vrou troueloos skei van haar minnaar, so het julle troueloos teen My gehandel, o huis van Israel, spreek die HERE;” “O die vrou wat ower- spel bedrywe! [436]
Terwyl sy onder haar man staan,het sy vreemdes aangeneem.” Eseg. 16: 8, 13-15, 32; Jer. 3:20.

In die Nuvve Testament word daar byna dergelike taal gebruik waar belydende Christene wat die guns van die wêreld soek bo die guns van God, aangespreek word. Die apostel Jakobus sê “Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan ‘n vriend van die wêreld wil wees, word ‘n vyand van God.”

Die vrou [Babilon] van Openbaring 17 word beskryf as iemand wat “Bekleed was met purper en skarlaken en versier met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand ‘n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorhoof was ‘n naam geskrywe: VERBORGENHEID, DIE GROOT BABILON, die moeder van hoere en die gruwels van die aarde.” Die profeet sê, “Ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuie van Jesus.” Babilon word verder beskryf as “die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde.” Openb. 17: 4-6, 18. Die mag wat vir soveel eeue despotiese heerskappy gevoer het oor die konings van die Christendom, is Rome. Die purper en skarlaken kleed, die goud en kosbare stene en pêrels, beskryf op treffende wyse die prag en meer as koninklike praal wat die trotse Pous van Rome tentoongestel het. Geen ander mag kan so treffend beskryf word as “dronk van die bloed van die heiliges,” as daardie kerk wat die navolgers van Christus so wreed vervolg het nie. Babilon word ook beskuldig van onwettige omgang met die “konings van die aarde.” Dit was deur ‘n verwerping van die Here, en ‘n verbintenis met die heidene, dat die Joodse kerk ‘n hoer geword het. En Rome, wat homself op dieselfde manier besoedel het deur die ondersteuning van wêreldse magte te soek, word op dieselfde manier veroordeel.

Babilon word beskryf as "die *moeder* van die hoere." Haar *dogters* moet dus die kerke voorspel wat vashou aan haar leerstellings en tradisies, en wat haar voorbeeld volg om die waarheid en die goedkeuring van God op te offer om 'n onwettige verbintenis met die wêreld aan te gaan. Die boodskap van Openbaring 14, wat
[437] die val van Babilon aankondig, moet betrekking hê op godsdienstige liggame wat voorheen rein was, maar nou besoedel is. Aangesien hierdie boodskap die waarskuwing van die oordeel volg, moet dit in die laaste dae verkondig word; dit kan dus nie uitsluitlik op die Roomse Kerk betrekking hê nie; want daardie kerk verkeer vir eeue reeds in 'n gevalle toestand. En wat meer is, in die agtiende hoofstuk van Openbaring word daar 'n oproep gedoen op die volk van God om uit Babilon uit te kom. Volgens hierdie skriftuur, moet baie van Gods kinders nog in Babilon wees. In watter godsdienstige liggame vind ons vandag die grootste gedeelte van die navolgers van Christus? Ongetwyfeld, in die verskillende belydende Protestantse genootskappe. In die tyd van hulle totstandkoming, het hierdie kerke op edele wyse vir God en die waarheid getuig, en Sy seën het op hulle gerus. Selfs die ongelowige wêreld was gedwing om die goeie resultate te erken van die aanname van die beginsels van die evangelie. In die woorde van die profeet aan Israel, "het daar 'n naam van jou af uitgegaan onder die nasies om jou skoonheid ontwil, want dit was volmaak deur My versiersels wat Ek op jou aangebring het, spreek die Here HERE." Eseg. 16: 14, 15. Maar hulle het geval as gevolg van dieselfde begeerte as wat die vloek en ondergang van Israel was, naamlik die begeerte om die praktyke van die goddelose na te aap en hulle vriendskap te soek. "Maar jy het vertrou op jou skoonheid en gehoereer van wee jou naam."

Baie van die Protestantse kerke volg die voorbeeld van Rome deur sondige verbintenisse met die "konings van die aarde" aan te gaan—naamlik die staatskerke deur hulle verhouding tot aardse regerings; en ander genootskappe, deur die guns van die wêreld te soek. En die benaming "Babilon"— verwarring — kan met reg toegepas word op hierdie liggame wat almal voorgee om hulle leer uit die Bybel te put, maar wat nogtans in ontelbare sektes verdeel is met wyduiteenlopende geloofsbelydenisse en teorieë.

Behalwe 'n sondige verbintenis met die wêreld, vertoon die kerke wat van Rome afgeskei het nog ander van sy karaktertrekke.

In ‘n sekere Rooms-Katolieke boek word die argument aangevoer “dat as die Kerk van Rome ooit skuldig was aan afgode- diens [438] deur die aanbidding van die heiliges, haar dogter, die kerk van Engeland ook skuldig is aan dieselfde sonde, wat tien kerke aan die Moeder Maria wy teen een aan Christus.”—*Dr. Challoner, “The Catholic Christian Instructed,” Voorwoord, bis. 21, 22 (ed. 1897)*

En Dr. Hopkins, in sy werk, “A Treatise on the Millennium,” verklaar: “Daar is geen rede om aan te neem dat die antichristelike gees en praktyke beperk is alleen tot die kerk wat vandag as die Kerk van Rome bekend is nie. Die Protestantse kerke het net soveel van die antichris in hulle, en hulle is nog lank nie hervorm . . . van die verderflikhede en booshede nie.”—*Hopkins, Samuel “Works;’ Deel II, bl. 328 (ed. 1854).*

In verband met die afskeiding van die Presbiteriaanse Kerk van Rome, skryf Dr. Guthrie: “Driehonderd jaar gelede het ons kerk, met ‘n ope Bybel op sy vaandel asook hierdie leuse, ‚Ondersoek die Skrifte,’ by die poorte van Rome uitgestap.” En dan vra hy hierdie betekenisvolle vraag, “Het ons*heeltemal*uit Babilon uitgekom?”—*Guthrie, John, “The Gospel in Ezekiel,” bl. 237 (Edinburg ed. 1857).*

“Die Kerk van Engeland,” sê Spurgeon, “skyn deurtrokke te wees van sakramentarianisme; maar die afgeskeidenes skyn net so deurspek te wees met filosofiese ongeloof. Diegene van wie ons beter dinge verwag het, verwerp die grondwaarhede van die geloof, een vir een. Ek glo dat die hart van Engeland deur en deur ondermyn is met ‘n vervloekte ongeloof wat die kansel nog durf bestyg en homself Christelik noem.”

Wat is die oorsprong van die groot afval? Hoe het die kerk in die eerste plek afgewyk van die eenvoud van die evangelie? Deur gelykvormigheid aan heidense praktyke om die aanname van die Christelike geloof deur die heidene te vergemaklik. Selfs in sy tyd het die apostel Paulus verklaar, dat “die verborgenheid van die ongeregtigheid al aan die werk is.” 2 Thess. 2: 7. Gedurende die leeftyd van die apostels het die kerk betreklik rein gebly. Maar “teen die einde van die tweede eeu het meeste van die kerke ‘n nuwe vorm aangeneem; die oorspronklike eenvoud het verdwyn, en ongemerk, onderwyl die ou dissipels afgesterf het, het hulle kinders, tesame met nuwe bekeerlinge . . . opge staan en ‘n nuwe vorm aan die saak [439] gegee.”—*Robinson, Robert, “Ecclesiastical Researches,” hoojstuk*

*6, para. 17 (ed. 1792, bl. 51)* . Om bekeerlinge te maak, is die peil van die Christelike geloof verlaag, en as gevolg het "'n heidense stroom in die kerk gevloei en saam daarmee gewoontes, gebruike, en afgode." —"*Gavazzi's Lectures," bl. 278 ed. 1854.* Namate die Christelike godsdiens die guns en ondersteuning van die wêreld se regeerders gekry het, is dit in naam aangeneem deur die menigtes; maar terwyl hulle soos Christene gelyk het, het baie "in werklikheid heidene gebly wat veral hulle afgode in die geheim aanbid het."—"*Gavazzi's Lectures," bl. 278 {ed. 1854.*

Is dieselfde proses nie herhaal in byna elke kerk wat homself Protestants noem nie? Namate die stigters daarvan, diegene wat besiel was met die ware gees van hervorming, van die toneel verdwyn het, het hulle nakomelinge opgestaan en "'n nuwe vorm aan die saak gegee." Terwyl hulle blindelings vasgehou het aan die geloof van hulle vaders en geweier het om enige waarheid aan te neem behalwe die wat hulle alreeds gehad het, het die kinders van die hervormers heeltemal afgewyk van hulle voorbeeld van nederigheid, selfverloëning, en versaking van die wêreld. Op hierdie wyse "het die eerste eenvoud verdwyn." 'n Wêreldse vloed het die kerk binnegestroom en "sy gewoontes, praktyke, en afgode saamgebring."

Helaas, in hoe 'n groot mate word die vriendskap van die wêreld wat "vyandskap teen God" is, nou gekoester deur die sogenaamde navolgers van Christus! Hoe algemeen het die populêre kerke van die Christendom afgewyk van die Bybelse standaard van nederigheid, selfverloëning, eenvoud en godsaligheid! Waar hy gespreek het oor die regte gebruik van geld, het John Wesley gesê: "Verkwis niks van hierdie kosbare talent in 'n blote bevrediging van die begeerlikheid van die oë deur oorbodige of duur klere of onnodige versiersels te koop nie. Verkwis geen deel daarvan in die versiering van julle huise; of in duur huisraad, of duur prente, skilderye, vergulding. . . . Bestee niks om die hoogmoed van die lewe te bevredig nie, om die bewondering of lof van mense te verkry nie. . . . ‚Solank as julle baie aan julle self bestee, sal mense goed van julle praat.' Solank as
[440] julle in ‚purper en fynlinne gekleed is en goed elke dag eet' sal daar
[441] ongetwyfeld baie wees wat julle smaak, julle vrygewigheid, en julle gasvryheid sal roem. Maar moenie hulle applous so duur koop nie. Wees liewer tevrede met die eer wat van God kom." —"*Wesley's*

*Works," Preek 50, "The Use of Money*" Maar in baie kerke van ons tyd word hierdie leer veronagsaam.

'n Skyngodsdiens is gewild by die wêreld. Regeerders, staatliundiges, wetgeleerdes, geneeshere, en koopmanne, sluit by die kerk aan om die respek en vertroue van die samelewing te win, en om hulle eie wêreldse belange te bevorder. Op hierdie manier trag hulle om hulle onregverdige dade met die mantel van skyngodsdiens te bedek. Die verskillende godsdienstige liggame, versterk deur die rykdom en invloed van hierdie gedoopte wêreldlinge, laat die kerk nog 'n hoër bod maak vir populariteit en beskerming. Pragtige kerkgeboue, op die spandabelste wyse versier, word opgerig langs hoofstrate. Die aanbidders trek hulle aan in die duurste en nuutste modes, 'n hoë salaris word betaal aan 'n begaafde predikant om die mense aan te lok en te vermaak. Sy preke moet nie geliefkoosde sondes veroordeel nie, maar hulle moet strelend en aanneemlik wees. Op hierdie ma-nier word skynchristene by die kerk toegevoeg en geliefkoosde sondes bedek onder 'n mantel van skyngodsdiens.

In 'n kommentaar oor die verhouding van naamchristene tot die wêreld, het 'n vooraanstaande blad gesê: "Ongemerk het die kerk toegegee aan die gees van die tyd en het hy die vorms van die godsdiens aangepas by die nuwe behoeftes." "Alle dinge wat kan help om die godsdiens aantreklik te maak, word nou deur die kerk gebruik as middel tot daardie doel." En 'n skrywer in die New York "*Independent*" spreek van Metodisme as volg: "Die skeidslyn tussen die goddelike en goddelose verdof tot 'n soort van halfskaduwee, en ywerige manne aan albei kante werk swaar om alle verskille tussen hulle manier van handel en genotsug uit te wis." "Die populariteit van die godsdiens het 'n neiging om die getalle te laat toeneem van diegene wat die voordeel wil hê, maar wat nie al die verpligtings wil aanvaar nie."

Howard Crosby sê: "Dit is 'n saak wat groot besorgdheid verwek
dat ons vind dat die kerk van Christus so min beantwoord aan die [442]
doel van sy Here. Net soos die Jode vanouds gemeensame omgang gehad het met die afgodiese volke, en toegelaat het dat hulle harte van God weggelok word, ... so gee die kerk van Christus vandag, deur valse vennootskappe met 'n ongelowige wêreld ook die goddelike reels van sy ware lewe op, en gee hy homself oor aan die verderflike, dog dikwels aanneemlike gewoontes van 'n goddelose

samelewing; en hy gebruik argumente en kom tot gevolgtrekkings wat nie ooreenkomstig die openbaring van God is nie, en wat teenstrydig is met alle opwassing in genade."—"*The Healthy Christian: An Appeal to the Church," bis. 141, 142 (ed. 1871).*

In hierdie stroom van wêreldsgesindheid en genotsug, is selfopoffering en selfverloëning vir Christus se ontwil byna geheel onsigbaar. "Sommige van die manne en vroue wat nou aktief in ons kerke optree, is geleer toe hulle nog kinders was, om opofferings te maak ten einde in staat te wees om iets vir Christus te gee of te doen." Maar "as daar vandag middele nodig is, . . . moet niemand gevra word om te gee nie. O nee! Hou 'n basaar, tableaux, 'n skynhofsitting, 'n outydse eetmaal, of iets dergeliks om die mense te vermaak."

In sy jaarlikse boodskap het Goewerneur Washburn van Wisconsin op 9 Januarie 1873 gesê: "Dit skyn of daar wetgewing nodig is om die skole te sluit waar dobbelaars opgelei word. Hulle is orals. Selfs die kerk [onwetend natuurlik] doen soms die werk van die duiwel. Pryskonserte, prysondernemings en loterye, soms ter ondersteuning van die godsdiens of liefdadigheid, maar dikwels vir minderwaardige doeleindes—dit alles is middels wat gebruik word om geld te verkry sonder om iets daarvoor te gee. Niks is so demoraliserend of bedwelmend, veral vir jongmense, as die verkryging van geld sonder arbeid nie. Omdat respektabele mense aan hierdie dinge deelneem en hulle gewetes sus met die gedagte dat die geld vir 'n goeie doel is, is dit nie vreemd dat die jongmense van die Staat so dikwels verval in gewoontes wat aangehelp word deur die opwinding van spele waar geld met 'n gelukskoot gewin kan word."

Regdeur die Christendom dring die gees van gelykvormigheid
[443] aan die wêreld die kerke binne. In 'n preek te Londen skilder Robert Atkins 'n donker prentjie van die geestelike agteruitgang wat daar in Engeland heers: "Diegene wat werklik regverdig is, verminder op die aarde, en niemand neem dit ter harte nie. Die belyers van die godsdiens van vandag, in alle kerke, is liefhebbers van die wêreld, gelykvormig aan die wêreld, liefhebbers van gemak, en soekers na eer. Hulle word geroep om met Christus te ly, maar hulle deins terug. . . . Ajval, ajval, afval, is op die voorkant van elke kerk gegraveer; en as hulle dit weet en voel, sou daar hoop wees; maar, helaas! hulle

skree, ‚Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie.' ” —*Second Advent Library, Tract No. 39.*

Die groot sonde waarvan Babilon beskuldig is, is dat sy “die bewoners van die aarde dronkgemaak het van die wyn van haar hoerery.” Hierdie beker wat sy aan die wêreld gee, stel die valse leerstellings voor wat sy aangeneem het as gevolg van haar onwettige verbintenis met die grotes van die aarde. Vriendskap met die wêreld het haar geloof besoedel, en sy op haar beurt oefen 'n verderflike invloed uit op die wêreld deur haar leerstellings wat teenstrydig is met die duidelike verklarings van die Heilige Skrif.

Rome het die Bybel van sy mense onthou, en het van almal geverg dat hulle sy leerstellings in die plek daarvan moet aanneem. Dit was die werk van die Reformasie om die woord van God aan die mense van die aarde terug te gee; maar is dit nie die waarheid dat mense in ons tyd in die kerke geleer word om hulle geloof te grondves op die leer van hulle kerk, liewer as op die Skrifte nie? Sprekende van die Protestantse kerke, het Charles Beecher gesê: “Hulle deins terug vir elke harde woord teen hulle leerstellings met dieselfde gevoeligheid waarmee daardie heilige vaders sou teruggedeins het vir 'n harde woord teen die toenemende verering van die heiliges en martelare, wat hulle gekoester het. . . . Die Protestantse evangeliese genootskappe het mekaar se hande so gebind dat hulle, tussen hulle, nie 'n man sal toelaat om op enige plek 'n prediker te word sonder dat hy ook die een of ander boek behalwe die Bybel moet aanneem nie. . . . Daar is niks denkbeeldigs in die verklaring dat die mag van 'n geloofsbelydenis die Bybel begin belet net so [444]
gewis as Rome dit gedoen het, maar langs 'n listiger weg.”—*Preek oor “The Bible a Sufficient Creed,” gelewer te Fort Wayne, Ind., 22 Feb. 1846.*

Wanneer getroue leraars die woord van God verklaar, staan daar geleerde manne op, predikante wat voorgee dat hulle die Skrifte verstaan, en hulle veroordeel gesonde leer as dwaalleer, en op hierdie manier lei hulle baie mense van die waarheid af. As dit nie was dat die wêreld hopeloos bedwelmd is van die wyn van Babilon nie, sou menigtes oortuig word en tot bekering gebring word deur die duidelike, snydende waarhede van Gods woord. Maar dit skyn of godsdienstige geloof verward en wanklinkend is en dat die mense nie weet wat om aan te neem as waarheid nie. Die verantwoordelikheid

vir die wêreld se onboetvaardigheid berus op die skouers van die kerk.

Die tweede engel se boodskap van Openbaring 14 is die eerste maal in die somer van 1844 verkondig, en toe was dit meer direk van toepassing op die kerke van die Verenigde State waar die waarskuwing aangaande die oordeel op die mees algemene wyse verkondig is, en ook deur die meeste verwerp is, en waar die afval in die kerke die grootste was. Maar die boodskap van die tweede engel is nie in 1844 ten voile vervul nie. Toe het die kerke 'n sedelike val ondergaan as gevolg van hulle verwerping van die lig van die Adventboodskap; maar die val was nie volkome nie. Namate hulle die spesiale waarhede vir hierdie tyd verwerp het, het hulle steeds laer en laer geval. Maar toe kon dit nog nie gesê word dat Babilon geval het nie "omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery" nie. Sy het toe nog nie al die nasies van haar wyn laat drink nie. Die gees van wêreldsgesindheid, en die onverskilligheid teenoor die toetswaarhede van ons tyd, bestaan reeds en neem steeds toe in die Protestantse kerke in alle Christenlande; en hierdie kerke is ingesluit in die vreeslike veroordeling van die tweede engel. Maar die afval het nog nie sy toppunt bereik nie.

Die Bybel verklaar dat Satan, voor die koms van die Here "met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met [445] allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan" sal werk; "omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het nie om gered te word nie," en dat hulle "die krag van dwaling" sal aanneem "om die leuen te glo." 2 Thess. 2: 9-11. Nie alvorens hierdie toestand bereik is, en die vereniging van die kerk met die wêreld in die hele Christendom verwesenlik is, sal die val van Babilon volkome wees nie. Die verandering vind trapsgewyse plaas, en die volkome vervulling van Openbaring 14: 8 is nog in die toekoms.

Nieteenstaande die geestelike duisternis en die vervreemding van God wat daar in die kerke is wat Babilon uitmaak, is die grootste gedeelte van die ware navolgers van Christus nog in daardie kerke. Daar is baie wat nog nooit die spesiale waarhede vir hierdie tyd gehoor het nie. Daar is baie wat ontevrede is met hulle geestelike lewe en wat verlang na meer lig. Hulle soek tevergeefs na die beeld van Christus in die kerke waarvan hulle lidmate is. Namate hierdie kerke verder en verder van die waarheid afwyk, en hulle nouer met

die wêreld verbind, sal die verskil tussen die twee klasse groter word en uiteindelik eindig in afskeiding. Die tyd sal kom wanneer diegene wat God bo alles liefhet nie langer in verbinding kan bly met diegene wat “meer liefhebbers van vermaak as liefhebbers van God” is en “wat n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.”

Openbaring 18 wys die tyd aan wanneer die kerk, as gevolg van die verwerping van die drievoudige waarskuwing van Openbaring 14: 6-12, eindelik die toestand sal bereik het soos deur die tweede engel voorspel, en wanneer die volk van God wat nog in Babilon is, versoek sal word om hulle van haar af te skei. Hierdie boodskap is die laaste wat ooit aan die wêreld verkondig sal word; en hy sal sy werk verrig. Wanneer diegene “wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid” (2 Thess. 2: 12), verlaat sal word om die krag van dwaling aan te neem en die leuen te glo, dan sal die lig van waarheid skyn op almal wie se harte oop is om dit te ontvang, en al die kinders van die Here wat in Babilon is, sal gehoor gee aan die oproep, “Gaan uit haar uit, My volk.” Openb. 18:4. [446]

[447]

## Hoofstuk 22—Profesiee Vervul

TOE die tyd vir die verwagte koms van die Here verbygegaan het in die lente van 1844, is diegene wat in geloof uitgesien het na Sy koms vir 'n tyd in twyfel en onsekerheid gelaat. Terwyl die wêreld hulle beskou het as mense wat 'n groot dwaling gekoester het en nou volkome verslaan was, was die bron van hulle vertroosting nog die woord van God. Baie van hulle het aangehou om die Skrifte te ondersoek, opnuut die bewyse van hulle geloof na te gaan, en sorgvuldig die profesieë te bestudeer om verdere lig. Die Bybelse bewyse ter stawing van hulle posisie het duidelik en beslissend geskyn. Onmiskenbare tekens het daarop gewys dat die koms van Christus naby was. Die spesiale seen van die Here, sowel in die bekering van sondaars as in die geestelike opwekking van Christene, het getuig dat die boodskap van die Hemel was. En hoewel die gelowiges nie hulle teleurstelling kon verklaar nie, het hulle oortuig
[448] gevoel dat God hulle tot dusver gelei het.

Ingevleg saam met die profesieë wat hulle beskou het as van toepassing op die tweede koms, was daar onderrig wat veral betrekking gehad het op hulle toestand van onsekerheid en afwagting, wat hulle aangemoedig het om geduldig in geloof te wag totdat wat nou vir hulle onverstaanbaar was met verloop van tyd verduidelik sou word.

Onder hierdie profesieë was die van Habakuk 2: 1-4: "Op my wagtoring wil ek gaan staan, en op 'n skansmuur wil ek my stel om uit te kyk en te verneem wat Hy met my sal spreek, en wat ek op my klagte moet antwoord. Toe antwoord die Here my en sê: Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle al lopende dit kan lees. Want die gesig sal nog duur tot die vasgestelde tyd; maar dit spoed na die einde en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag dan daarop; want alte seker sal dit kom en nie versuim nie. Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe." So vroeg reeds as 1842 het die bevel wat in hierdie profesie gegee is: "Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle al lopende dit kan lees," Charles Fitch daartoe

gebring om ‘n profetiese kaart te maak om die gesigte van Daniel en Openbaring te illustreer. Die publikasie van hierdie kaart is beskou as ‘n vervulling van die bevel wat aan Habakuk gegee is. Maar niemand het destyds opgemerk dat ‘n skynbare vertraging in die vervulling van die profesie —‘n talmtyd — in dieselfde profesie voorgekom het nie. Na die teleurstelling het die volgende skriftuur baie duidelik geword: “Want die gesig sal nog duur tot op die vasgestelde tyd: maar dit spoed na die einde en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag daarop; want alte seker sal dit kom en nie versuim nie. . . . Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.”

Die volgende deel van Esegiël se profesie was ook ‘n bron van sterkte en vertroosting vir die gelowiges: “En die woord van die Here het tot my gekom en gesê: Mensekind, wat is dit vir ‘n spreekword wat julle het in die land van Israel, naamlik: Die dae gaan voort, en van al die gesigte kom niks nie. Daarom, sê vir hulle: so spreek die Here HERE . . . Die dae is naby, en die woord van elke gesig . . . want ek, die Here, sal spreek —-wat ek as woord spreek, dit sal [449]
vervul word; dit sal nie meer uitgestel word nie.” “Die huis van Israel sê: Die gesig wat hy sien, is vir baie dae, en hy profeteer van tye wat ver is. Daarom, sê vir hulle: so spreek die Here HERE: Geeneen van My woorde sal meer uitgestel word nie; wat Ek as woord spreek, dit sal vervul word.” Eseg. 12: 21-25, 27, 28.

Diegene wat gewag het, het gejuig, gelowende dat Hy wat die einde van die begin af weet, en hulle teleurstelling deur die eeue heen voorsien het, aan hulle hierdie woorde van bemoediging en hoop gegee het. As dit nie was vir sulke skrifgedeeltes nie, wat hulle vermaan het om geduldig te wees en hulle vertroue in Gods woord nie te versaak nie, sou hulle geloof in daardie uur van beproewing gefaal het.

Die gelykenis van die tien jong meisies van Mattheus 25, illustreer ook die ondervinding van die Adventiste. In Mattheus 24, in antwoord op die vraag van Sy dissipels aangaande die tekens van Sy koms en die einde van die wêreld, het Christus op sommige van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis van die wêreld en die kerk, van Sy eerste koms tot Sy tweede koms, gewys; naamlik, die verwoesting van Jerusalem, die groot verdrukking wat die kerk sou deurmaak tydens die heidense en pouslike vervolgings, die verduistering van son en maan, en die val van die sterre. Daarna het

Hy gespreek van Sy koms in Sy koninkryk, en Hy het die gelykenis vertel waarin Hy die twee klasse van diensknegte wat sou uitsien na Sy koms, beskryf het. Hoofstuk 25 begin met die woorde, "Dan sal die koninkryk van die hemelse wees soos tien jong meisies." Hier word gesinspeel op die kerk in die laaste dae, dieselfde waarop gewys is in die slot van hoofstuk 24. In hierdie gelykenis word hulle ervaring ge'illustreer deur toneeltjies uit 'n Oosterse huwelik.

"Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien jong meisies wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. En toe die wat dwaas was, hulle lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hulle lampe geneem. En terwyl die bruidegom talm om
[450] te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. En
[451] middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!"

Die koms van Christus, soos aangekondig deur die eerste engel se boodskap, was voorgestel deur die koms van die bruidegom. Die algemene hervorming as gevolg van die verkondiging van Sy nabye wederkoms, is voorgestel deur die tien jong meisies wat uitgegaan het. In hierdie gelykenis, net soos in dié van Matt. 24, word daar twee klasse voorgestel. Almal het hulle Lampe geneem, die Bybel, en by die lig daarvan het hulle uitgegaan om die bruidegom te ontmoet. Terwyl die wat dwaas was hulle lampe geneem het en geen olie saam met hulle geneem het nie, het die verstandige meisies olie in hulle kanne met hulle lampe geneem. Laasgenoemde klas het die genade van God ontvang, die veranderende, verligtende krag van die Heilige Gees, wat Sy woord 'n lamp vir onse voet en 'n lig vir onse pad maak. In die vrees van die Here het hulle die Skrifte ondersoek om die waarheid te leer, en hulle het ernstig gestrewe na reinheid van hart en lewe. Hulle het 'n persoonlike geestelike lewe gehad, 'n geloof in God en Sy woord, wat nie vernietig kon word deur teleurstelling of uitstel nie. Ander weer, het hulle lampe geneem maar geen olie in hulle kanne nie. Hulle het sommer op die aandrang van die oomblik gehandel. Hulle is bang gemaak deur die plegtige boodskap, en hulle het staatgemaak op die geloof van hulle broeders, tevredegestel met die flikkerende liggie van goeie emosies sonder 'n deeglike begrip van die waarheid, of 'n opregte

genadewerk in hulle harte. Hierdie mense het uitgegaan om die Here te ontmoet, vol hoop in die vooruitsig van onmiddellike beloning; maar hulle was nie bereid vir talming en teleurstelling nie. Toe die beproewings kom, het hulle geloof gefaal, en hulle ligte het verdof.

"Terwyl die bruidegom talm om te kom, het almal vaak geword en aan die slaap geraak." Die talming van die bruidegom word voorgestel deur die tyd wat verloop het van die tyd wat die Here verwag is, die teleurstelling en die skynbare vertraging. Gedurende hierdie tyd van onsekerheid het die belangstelling van die oppervlakkiges en halfhartiges begin kwyn en hulle pogings het verslap; maar diegene wie se geloof op 'n persoonlike kennis van die Bybel berus [452]
het, het 'n rots onder hulle voete gehad, wat nie deur die bare van teleurstelling kon weggevoer word nie. "Almal het vaak geword en aan die slaap geraak." Die een klas in onverskilligheid en versaking van hulle geloof; die ander klas geduldig wagtende op heldere lig. En tog ,in die nag van beproewing, het dit geskyn of laasgenoemdes, in 'n sekere mate, hulle ywer en toewyding kwytgeraak het. Die halfhartiges en oppervlakkiges kon nie langer leun op die geloof van hulle broeders nie. Elkeen moet in sy eie geloof staan of val.

Omtrent hierdie tyd, het fanatisme sy verskyning gemaak. Sommige van diegene wat voorgegee het om ywerige gelowiges te wees van die boodskap, het die woord van God verwerp, as die een onfeilbare gids, en voorgewende dat hulle deur die Gees gelei is, het hulle hulleself oorgegee aan die beheersing van hulle eie gevoelens, indrukke, en verbeelding. Sommige het 'n blinde en bekrompe ywer aan die dag gelê, en alle ander veroordeel wat nie met hulle saamgestem het nie. Hulle dweepsugtige idees en handelwyse is nie deur die groot liggaam van Adventiste met goedkeuring bejeën nie; maar hulle was nogtans oorsaak dat die saak van die waarheid versmaad is.

Op hierdie wyse het Satan getrag om die werk van God teen te werk en te vernietig. Die volk was diep ontroer deur die Adventboodskap; duisende sondaars het tot bekering gekom, en selfs in die talmtyd het getroue manne hulle aan die taak gewy om die waarheid te verkondig. Die vors van duisternis het sy onderdane verloor; en ten einde die saak van God te smaad, het hy getrag om die skyngelowiges te bedrieg en hulle tot uiterste standpunte te dryf. Toe het sy werktuie klaargestaan om elke dwaling, elke mislukking, elke

onbetaamlike daad, aan te gryp en aan die volk voor te stel in ‘n verkeerde lig, ten einde die Adventiste en hulle geloof haatlik te maak. Hoe groter die aantal dus wat hy kon beweeg tot ‘n skyngeloof in die tweede koms, terwyl sy krag hulle harte beheers het, hoe groter voordeel sou hy trek deur op hulle te wys as verteenwoordigers van die hele liggaam van gelowiges.

Satan is “‘n aanklaer van die broeders,” en dit is sy gees wat mense besiel om op die loer te lê vir die foute en gebreke van
[453] die kinders van die Here en dit aan die wêreld voor te hou, terwyl daar geswyg word oor hulle goeie dade. Hy is altyd baie bedrywig wanneer God vir die redding van siele werk. Wanneer die seuns van God kom om hulle voor die Here te stel, sluit Satan hom ook by hulle aan. By elke opwekking staan hy gereed om ook diegene in te bring wat onbekeerd en verstandelik ongebalanseerd is. Wanneer sulke mense ‘n paar punte van die waarheid aangeneem het en aangesluit het by die gelowiges, werk hy deur hulle om teorieë in te bring wat die onbedagsames sal bedrieg. Dis geen bewys dat iemand ‘n opregte Christen is as hy ook onder die kinders van God is, en selfs kerk-toe kom en deelneem aan die Avondmaal van die Here nie. Satan is dikwels teenwoordig op die plegtigste oomblikke, in die gedaante van diegene wat hy as sy werktuie kan gebruik.

Die vors van duisternis bestry elke duim van die pad waarlangs Gods volk reis na die hemelse stad. In die hele geskiedenis van die kerk, was daar nog geen reformasie sonder ernstige struikelblokke nie. Dit was so in die tyd van Paulus. Orals waar die apostel ‘n gemeente gestig het, was daar altyd diegene wat voorgegee het om die geloof aan te neem, maar wat ketterye verkondig het, wat, as hulle aangeneem sou gewees het, die liefde vir die waarheid uiteindelik sou verdring het. Ook Luther moes baie moeilikhede en suur verduur van die kant van dweepsugtige persone wat voorgegee het dat God regstreeks deur hulle gespreek het, en wat sodoende hulle eie idees en opinies voorgehou het bokant die getuienis van die Skrifte. Vele wat ‘n gebrek aan geloof en ondervinding maar ‘n sekere mate van selfvoldaanheid gehad het, en wat daarvan gehou het om ‘n nuwe iets te hoor en te vertel is bedrieg deur die aanmatiging van die nuwe leraars, en hulle het aangesluit by die werktuie van Satan om af te breek wat God Luther beweeg het om op te bou. En die Wesleys en ander wat die wêreld geseën het deur hulle invloed, het

op elke stap met die liste van Satan te doen gehad, wat dweepsugtige, ongebalanseerde, en onheilige mense tot alle vorms van fanatisme gedryf het.

William Miller het geen medelye gehad met invloede wat tot fanatisme gelei het nie. Net soos Luther het hy verklaar dat elke [454] gees deur die woord van God getoets moes word. "Die duiwel," het Miller gesê, "het groot mag oor die harte van sommige vandag. En hoe sal ons weet van watter gees hulle is? Die Bybel antwoord: ‚Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.' . . . Daar het baie geeste in die wêreld uitgegaan; en ons is beveel om die geeste te beproef. Die gees wat ons nie beweeg om nugter, regverdig, en godsalig in hierdie teenwoordige wêreld te lewe nie, is nie die Gees van Christus nie. Ek is steeds meer en meer oortuig dat Satan baie te doen het met hierdie wilde bewegings.

. . . Baie onder ons, wat voorgee om heeltemal geheilig te wees, volg die tradisies van mense, en oënskynlik is hulle net so onkundig ten opsigte van die waarheid as ander wat nie sulke aansprake maak nie." "Die gees van dwaling sal ons van die waarheid weglei; en die Gees van God sal ons tot alle waarheid lei. Maar, sê iemand, 'n persoon mag dwaal en meen dat hy die waarheid het. Wat dan? Ons antwoord: Die Gees en die Woord stem ooreen. As iemand homself volgens die woord van God oordeel, en in die hele woord volkome ooreenstemming vind, dan moet hy glo dat hy die waarheid het; maar as hy ontdek dat die gees wat hom lei nie in ooreenstemming is met Gods wet of woord nie, laat hom dan versigtig wandel, sodat hy nie in die strikke van die duiwel gevang word nie." "Ek het dikwels meer bewys gesien van innerlike vroomheid in 'n fonkelende oog, 'n betraande gesig, en stamelende woorde, as in al die geraas van die Christendom." *Bliss, "Memoirs of Wm. Miller," bis. 236, 237, 282. "The Advent Herald and Signs oj the Times Reporter," Deel VIII, No. 23 (15 Jan. 1845).*standard-noindent countpara-partofprevious infolio

In die dae van die Hervorming het die vyande van die beweging al die wandade van fanatisme ten laste gelê van juis die persone wat die heftigste daarteen gestry het. Dieselfde weg is ingeslaan deur die teenstanders van die Adventbeweging. En nie tevrede met 'n wanvoorstelling en 'n vergroting van die dwalings van fanatieke en diegene wat uiterste stellings ingeneem het nie, het hulle ongunstige

rapporte versprei wat nie 'n sweem van waarheid bevat het nie. Hierdie persone was met haat en vooroordeel besiel. Hulle vrede is verstoor deur die aankondiging dat Christus voor die deur is; hulle
[455] het gevrees dat dit waar mag wees, maar nogtans gehoop dat dit nie waar is nie. Dit was die oorsaak van hulle stryd teen die Adventiste en hulle geloof.

Die feit dat 'n paar fanatieke die geledere van die Adventiste binnegedring het, is net so min bewys dat die beweging nie van God was nie, as wat die teenwoordigheid van fanatieke en bedrieërs in die kerk in die tyd van Paulus en Luther 'n rede was om hulle werk te veroordeel. Laat die volk van God wakker skiik uit hulle slaap, en die werk van bekering en hervorming aanpak; laat hulle die Skrifte ondersoek om die waarheid, soos dit in Jesus is, te leer; laat daar 'n algehele toewyding wees aan God, en dan sal die getuienis nie ontbreek dat Satan wakker is en werk nie. Met alle moontlike bedrieërye sal hy sy krag openbaar en al die gevalle engele van sy ryk tot sy hulp oproep.

Dit was nie die verkondiging van die tweede koms wat die fanatisme en skeuring veroorsaak het nie. Hierdie dinge het in die somer van 1844 verskyn, toe die Adventiste in 'n staat van vertwyfeling en onsekerheid verkeer het aangaande hulle ware posisie. Die verkondiging van die eerste engel se boodskap en die "middernagtelike geroep" het 'n neiging gehad om fanatisme en skeuring regstreeks te onderdruk. Diegene wat deelgeneem het in hierdie plegtige bewegings was eenstemmig; hulle harte was vervul met liefde vir mekaar en vir Jesus wat hulle verwag het om gou te sien. Die een geloof, en die salige hoop, het hulle verhef bokant vatbaarheid vir menslike invloede, en dit was 'n skild teen die aanvalle van Satan.

"En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet! Toe staan al daardie jong meisies op en maak hulle lampe reg." Matt. 25: 5-7. In die somer van 1844, halfpad tussen die tyd wat eers vasgestel is vir die eindiging van die 2,300 dae, en die herfs van dieselfde jaar, tot watter tyd die tydperk gestrek het soos later ontdek is, is die boodskap verkondig in die juiste woorde van die Skrif, "Daar kom die bruidegom!"

Wat aanleiding gegee het tot hierdie beweging was die ontdekking dat die dekreet van Artasasta vir die herbouing van Jerusalem, en wat die aanvangspunt van die 2,300 dae was, van krag geword het [456] in die herfs van die jaar 457 v.C. en nie aan die begin van die jaar soos hulle eers gedink het nie. As daar gereken word van die herfs van die jaar 457, sou die 2,300 jaar in die herfs van 1844 eindig. (Sien tekening op bladsy 362, en ook die Aanhangsel.)

Die tipes van die Ou Testament het ook gewys op die herfs as die tyd vir die reiniging van die heiligdom. Dit word baie duidelik as daar gelet word op die wyse waarop die tipes wat betrekking op Christus se eerste koms gehad het, vervul is.

Die slagting van die Paaslam was 'n skaduwee van die dood van Christus. Paulus sê, "Want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus." 1 Kor. 5: 7. Die eerstelingsgerf wat tydens die Pasga voor die Here beweeg is, was 'n tipe van die opstanding van Christus. Waar Paulus van die opstanding van die Here en van Sy volk praat sê hy, "As eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by Sy koms." 1 Kor. 15: 23, 20. Net soos die eerstelingsgerf, wat die eerste ryp graan was wat ingesamel is voor die oes, is Christus die eersteling van die onsterflike oes van verlostes wat met die opstanding in die toekoms in die skuur van God gebring sal word.

Hierdie tipes is vervul, nie alleen wat betref die gebeurtenis nie, maar ook ten opsigte van die tyd. Op die veertiende dag van die eerste Joodse maand, die juiste dag van die maand waarop die Paaslam vir vyftien eeue lank geslag is, het Christus, nadat Hy die Pasga saam met Sy dissipels geëet het, die feesmaal ingestel wat Sy dood sou gedink as die "Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Daardie selfde nag is Hy deur bose hande geneem om gekruisig en geslag te word. As teenbeeld van die eerstelingsgerf, is ons Here op die derde dag opgewek, "As eersteling van die wat ontslaap het"-—'n voorbeeld van die opgewekte regverdiges wie se "vernederde liggaam" ver-ander sal word "om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam." Filip. 3: 21.

Op dieselfde wyse moet die tipes wat betrekking het op die tweede koms ook op die tye vervul word soos in die sinnebeeldige diens aangetoon is. Onder die Mosaïese stelsel het die reiniging van die heiligdom, of die groot versoendag, op die tiende dag van die [457] sewende Joodse maand geval, toe die hoëpriester, nadat hy versoe-

ning vir die hele Israel gedoen het, en sodoende hulle sondes uit die heiligdom verwyder het, verskyn en die volk geseën het. (Lev. 16: 29-34.) So is daar ook geglo dat Christus, ons groot Hoëpriester, sou verskyn om die aarde te reinig deur die vernietiging van sonde en sondaars, en om Sy wagtende volk die onsterflikheid te gee. Die tiende dag van die sewende maand, die groot versoendag, die tyd van die reiniging van die heiligdom, wat in die jaar 1844 geval het op die twee-en-twintigste Oktober, is beskou as die datum dat die Here sou kom. Dit het ooreengestem met die bewyse alreeds aangevoer, naamlik dat die 2,300 dae sou eindig in die herfs; en daardie gevolgtrekking het onvermydelik geskyn.

In die gelykenis van Mattheus 25, volg die koms van die bruidegom op die talmtyd. Dit het ooreengestem met die argumente wat alreeds aangevoer is, beide uit die profesie en die tipes. Die argumente was baie oortuigend; en die "middernagtelike geroep" is verkondig deur duisende gelowiges.

Soos 'n vloedgolf het die beweging oor die land gegaan. Van stad tot stad, van dorp tot dorp, en tot die afgeleë plekke op die platteland het dit gegaan, totdat die wagtende volk van God heeltemal opgewek was. Soos die ryp voor die opgaande son, het fanatisme voor hierdie proklamasie verdwyn. Die ge-lowiges het gesien hoedat alle grond vir twyfel wegval, en hulle is met hoop en moed vervul. In hierdie werk was daar geen uiterste houdings nie — dinge wat altyd aanwesig is waar daar net menslike opwinding is sonder die beheersende invloed van die Gees van God. Dit was gelyk aan die tye van verootmoediging en bekering tot die Here wat onder Israel vanouds gevolg het op die bestraffings van Sy diensknegte. Dit het die kenmerke gedra van die werk van God in alle eeue. Daar was maar min uitbundige vreugde, maar liewer 'n ernstige ondersoek van die hart, belydenis van sonde, en 'n versaking van die wêreld. 'n Voorbereiding om die Here te ontmoet — dit was die groot werk waarmee beangste siele hulle besig gehou het. Daar was volharding
[458] in die gebed, en 'n onvoorwaardelike toewyding aan God.

In 'n beskrywing van hierdie werk het Miller gesê: "Daar is geen uitbundige vreugde; dit het geskyn of dit onderdruk is vir die toekoms as 't ware, wanneer die ganse hemel en aarde saam sal juig met onuitspreeklike vreugde en heerlikheid. Daar is geen geskree nie: dit ook, is gereserveer vir die geskree uit die hemel. Die singers

het geswyg: hulle wag om aan te sluit by engeleskare, die hemelse koor. . . . Daar is geen botsing van gevoelens nie: almal is een van hart en sin."— *Bliss, "Mevioirs oj Wm. Miller," bls. 270, 271.*

Nog iemand wat aan die beweging deelgeneem het, getuig: "Orals het dit die ernstigste ondersoek van die hart en verootmoediging van die siel voor die God van die hoë hemel as gevolg gehad. Dit het 'n afskeiding van die dinge van hierdie wêreld as gevolg gehad, 'n genesing van alle twis en vyandigheid, belydenis van foute, 'n verbryseling van die hart voor God, en boetvaardige smekings om vergifnis en aanneming. Dit het selfverfoeiing en 'n vernedering van die siel as gevolg gehad soos nog nooit gesien is nie. Soos God, deur Joël beveel het tydens die koms van die groot dag van God, het dit die skeuring van harte en nie van klere nie veroorsaak, en 'n bekering tot die Here met vas en geween en droefheid. Soos God deur Sagaria gesê het, is die gees van genade en smeking op Sy kinders uitgestort; hulle het na Hom opgesien wie hulle deurboor het; daar was groot droefheid in die land, . . . en diegene wat die Here verwag het, het hulle siele voor Hom verootmoedig."— *Bliss, in "The Advent Shield and Review," Deel I, bl. 271 (Jan. 1845)*

Van al die godsdienstige bewegings sedert die dae van die apostels, was daar nie een wat so vry was van menslike onvolmaaktheid en Sataniese bedrog as die van die herfs van 1844 nie. Selfs nou, na verloop van baie jare, voel almal wat aan daardie beweging deelgeneem het, en wat pal gestaan het op die platform van waarheid, nog die heilige invloed van daardie geseënde werk, en hulle getuig dat dit van God was.

Toe daar geroep is, "Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!" het diegene wat gewag het, opgestaan "en hulle lampe reggemaak"; hulle het die woord van God met 'n ywer en belangstelling ondersoek soos nooit tevore geken is nie. Engele is van die [459]
hemel gestuur om diegene wat ontmoedig was, op te wek, en hulle te berei om die boodskap te ontvang. Die werk hiet nie in menslike wysheid en geleerdheid geskied nie, maar in die krag van God. Dit was nie diegene met groot talente nie, maar die nederiges en toegewydes wat eerste was om die oproep te gehoorsaam. Plaasboere het hulle gesaaides op die lande laat staan, wertuigkundes het hulle gereedskap neergesit en met trane en blydskap uitgegaan om die boodskap te verkondig. Diegene wat eers leiers in die saak was, was

die laaste om by hierdie beweging aan te sluit. Oor die algemeen het die kerke hulle deure vir hierdie boodskap gesluit, en 'n hele aantal van die wat dit aangeneem het, het van die kerke afgeskei. In die voorsienigheid van God het die verkondiging van hierdie boodskap aan-gesluit by die van die tweede engel, en krag aan daardie werk gegee.

Die boodskap, "Daar kom die bruidegom"! was nie soseer iets wat deur argumente kon bewys word nie, alhoewel die skriftuurlike bewyse daarvoor duidelik en afdoende was. 'n Bewegende krag wat die siel aangeroer het, het daarmee gepaard gegaan. Daar was geen vertwyfeling nie en geen vrae nie. By die geleentheid van Christus se triomfantlike intog in Jerusalem, het die volk uit alle dele van die land saamgekom om fees te vier; almal is na die Olyfberg, en toe hulle aangesluit het by die skare wat Jesus begelei het, is hulle ook besiel met die gees van die uur, en hulle het saam geskree, "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" Matt. 21: 9. Op dieselfde wyse het ongelowiges wat na die Adventbyeenkomste gestroom het—sommige uit nuuskierigheid, sommige om te spot — die oortuigende krag gevoel wat daar in die boodskap was, "Daar kom die bruidegom ! "

In daardie dae was daar geloof wat antwoord op gebede gebring het — geloof wat uitgesien het na die beloning. Soos reënbuie op die dorstige aarde, het die Gees van genade neergedaal op die ernstige soekers. Diegene wat verwag het om gou van aangesig tot aangesig voor hulle Verlosser te staan, het 'n plegtige vreugde gesmaak wat onuitspreeklik was. Die versagtende, bedarende krag van die Heilige
[460] Gees het die hart ver- smelt namate Sy seen oorvloedig uitgestort is op die gelowiges.

Versigtig en plegtig het diegene wat die boodskap aangeneem het die tyd genader waarop hulle verwag het om hulle Here te ontmoet. Elke more het hulle gevoel dat dit hulle eerste plig was om bewys te kry dat hulle aangeneem is by God. Hulle harte is saamgesnoer en hulle het saam en vir mekaar gebid. Dikwels het hulle saamgekom op afgesonderde plekke om gemeenskap met God te oefen, en van lande en plantasies het gebede ten hemel gestyg. Die versekering dat die Heiland hulle aangeneem het, was vir hulle belangriker as hulle daelikse voedsel; en waar 'n wolk hulle verstand benewel het, het hulle nie gerus totdat dit weg was nie. Namate hulle Sy vergewende

genade ondervind het, het hulle verlang om Hom te sien wat hulle siele liefgehad het.

Maar weer is hulle gedoem tot teleurstelling. Die tyd waarop hulle verwag dat die Here sou kom, het verbygegaan, en hulle Heiland het nie gekom nie. Met onwrikbare vertroue het hulle uitgesien na Sy koms en nou het hulle gevoel soos Maria, wat, toe sy by die Heiland se graf kom en dit leeg vind, wenende uitgeroep het, "Hulle [het] my Here weggeneem, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie." Joh. 20: 13.

'n Gevoel van vrees, 'n vrees dat die boodskap miskien waar kan wees, het vir 'n tyd gedien om die ongelowige wêreld in bedwang te hou. Na die tyd verstreke was, het hierdie gevoel nie sommer weggegaan nie; aan die begin het hulle nie durf juig oor die teleurgesteldes nie; maar toe daar geen tekens van Gods wraak gesien is nie, het hulle vrees verdwyn, en hulle het weer met hulle verwyte en spottery begin, 'n Groot menigte wat voorgegee het om te glo in die spoedige wederkoms van die Here, het hulle geloof versaak. Sommige van die wat so oortuig was, se hoogmoed was nou so gekwes dat hulle gevoel het dat hulle van die wêreld kon weghardloop. Soos Jona, het hulle teen God gemurmureer en gewens dat hulle dood was. Diegene wat hulle geloof op die opinies van ander gegrond het, en nie op die woord van God nie, was nou maar te gereed om van sienswyse te verander. Die spotters het die swakkes en lafhartiges tot hulle geledere gewin, en hulle almal het saamgestaan in die 'verklaring [461]
dat daar nou geen vrees of verwagtings meer kon wees nie. Die tyd het gekom, die Here het nie gekom nie, en die wêreld mag nog vir duisende jare staan.

Die ernstige, opregte gelowiges het alles vir Christus opgegee, en het Sy teenwoordigheid soos nooit tevore ondervind nie. Hulle het, soos hulle geglo het, hulle laaste waarskuwing aan die wêreld gegee; en verwagtende om eerlank in die teenwoordigheid van hulle goddelike Meester en die heilige engele ontvang te word, het hulle, in 'n groot mate, hulle onttrek aan die geselskap van diegene wat die boodskap nie aangeneem het nie. Met vurige verlange het hulle gebid, "Kom Here Jesus, kom gou." Maar Hy het nie gekom nie. En om nou weer die swaar laste en sorge van die lewe op te neem, en om die verwyte en smaad en bespotting van die wêreld te verduur, was 'n vreeslike beproewing van hulle geloof en geduld.

Maar hierdie teleurstelling was nie so groot as die van die dissipels tydens Christus se eerste koms nie. Toe Jesus triomfantlik Jerusalem binnegery het, het Sy navolgers gemeen dat Hy op die punt gestaan het om die troon van Dawid te bestyg, en om Israel van sy verdrukkers te verlos. Met groot hoop en blye verwagtings het hulle met mekaar gewedywer om eer te betoon aan hulle Koning. Vele het hulle klere in Sy pad gegooi as tapyt, of hulle het palmtakke voor Hom neergegooi. In hulle uitbundige vreugde het hulle almal saam geskree, "Hosanna vir die Seun van Dawid!" Toe die Fariseërs, versteur en vergrim deur hierdie uitbarsting van vreugde, versoek het dat Jesus Sy dissipels moes bestraf, het Hy geantwoord, "As hulle swyg, sal die klippe uitroep." Lukas 19: 40. Die profesie moet vervul word. Die dissipels was besig om die doel van God uit te werk, maar nogtans was hulle gedoem tot bittere teleurstelling. Maar net 'n paar dae het verloop voordat hulle getuies was van die Heiland se bittere dood, en Hom moes begrawe. Hulle verwagtings is nie in een enkele opsig verwesenlik nie, en hulle hoop het saam met Jesus gesterf. Nie alvorens hulle Here oorwinnend uit die graf te voorskyn gekom het nie, kon hulle alles wat in die profesieë voorspel was, verstaan: "Dat
[462] die Christus moes ly en uit die dode opstaan." Hand. 17: 3.

Vyfhonderd jaar tevore het die Here deur die profeet Sagaria verklaar, "Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel — op 'n jong esel, die vul van 'n eselin." Sag. 9: 9. As die dissipels besef het dat Christus na die gereg en die dood gegaan het, sou hulle hierdie profesie nie kon vervul het nie.

Op dieselfde wyse het Miller en sy medewerkers die profesie vervul, en het hulle 'n boodskap gegee wat volgens goddelike ingewing voorspel is, maar wat hulle nie sou kon gegee het as hulle ten voile die profesieë verstaan het wat gewys het op hulle teleurstelling, en wat 'n ander boodskap wat aan alle volke moes verkondig word voor die koms van die Here, aangewys het nie. Die eerste engel en die tweede engel se boodskappe is op die regte tyd gegee, en hulle het die werk gedoen wat God bedoel het dat hulle sou doen.

Die wêreld het gestaan en kyk, en verwag dat as die tyd verbygaan en Christus nie kom nie, die hele stelsel van Adventisme opgegee sou word. Maar hoewel vele, onder groot versoeking, hulle

geloof versaak het, was daar sommige wat palgestaan het. Die vrugte van die Adventbeweging ,die gees van nederigheid en hartondersoek, van versaking van die wêreld en hervorming van die lewe, wat met die werk gepaard gegaan het, het getuig dat dit van God was. Hulle het dit nie durf ontken dat die krag van die heilige Gees getuig het in die prediking van die wederkoms nie, en hulle kon geen fout ontdek in hulle berekening van die profetiese tydperke nie. Die bekwaamste onder hulle teenstanders het nie daarin geslaag om hulle stelsel van Skrifverklaring omver te werp nie. Hulle kon nie instem, om sonder Bybelse bewys, die stellings op te gee wat hulle ingeneem het na ernstige, biddende Skrifondersoek en met verstande verlig deur die gees van God, en harte brandende met lewende krag nie — stellings wat die skerpste kritiek en die bitterste teenstand van godsdienstige leiers en die wyses van die wêreld weerstaan het, en wat nie omvergewerp kon word deur die gekombineerde magte van geleerdheid en welsprekendheid, en wat die verwyte en skeltaal van sowel die eerbares as die slegstes getrotseer het nie. [463]

Dis waar, daar was teleurstelling in verband met die verwagte gebeurtenis, maar selfs dit kon hulle geloof in die woord van God nie laat wankel nie. Toe Jona in die strate van Nineve verkondig het dat die stad binne veertig dae verwoes sou word, het die Here die boetvaardigheid van die Nineviete aangeneem, en hulle genadetyd verleng; maar nogtans was die boodskap van Jona van God, en Nineve is getoets ooreenkomstig Sy wil. Net so ook het die Adventiste geglo dat God hulle gelei het om die waarskuwing aangaande die oordeel te gee. "Dit het," het hulle gesê, "die harte getoets van almal wat dit gehoor het, en 'n liefde vir die verskyning van die Here laat ontstaan; of dit het 'n haat daarteen verwek, miskien nie openlik nie, maar God het daarvan geweet. Dit het 'n skeidslyn getrek, . . . sodat diegene wat hulle eie harte ondersoek, kon weet aan watter kant hulle sou gestaan het as die Here gekom het — of hulle sou uitgeroep het, ,Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het,' of tot die berge en rotse sou geroep het, val op ons en bedek ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit en van die toorn van die Lam. Op hierdie manier het God Sy volk soos een man op die proef gestel, hulle geloof beproef, en gesien of hulle in die uur van beproewing die posisie sou verlaat waarin Hy hulle gebring het, en of hulle hierdie wêreld sou opgee en met voile vertroue op die woord van God

sou steun."—"*The Advent Herald and Signs of the Times Reporter," Deel VIII, No. 14 (13 Nov. 1844.)*

Die gevoelens van diegene wat steeds geglo het dat God hulle in die verlede gelei het, word uitgedruk in die woorde van William Miller: "As ek weer my lewe van voor af kon begin, met dieselfde getuienis as wat ek gehad het, sou ek, om eerlik te wees met God en die mens, weer gehandel het net soos ek gehandel het." "Ek hoop dat ek my klere gewas het van die bloed van siele. Ek voel, dat ek, sover as dit in my mag was, myself verskoon het van alle skuld in hulle veroordeling." "Alhoewel ek al tweemaal teleurgestel is," het hierdie man van God geskryf, "is ek nog nie moedeloos nie. . . . My hoop in die koms van Christus is nog net so sterk as ooit. Ek het slegs gedoen wat ek na jare van ernstige oorpeinsing gevoel het dat dit my plig
[464] was om te doen. As ek 'n fout begaan het, was dit aan die kant van liefde, liefde vir my medemens, en 'n oortuiging van my plig teenoor God." "Een ding weet ek, ek het niks gepreek wat ek nie geglo het nie; en God was met my; Sy krag is in my werk geopenbaar, en daar is veel goeds gedoen." "Baie duisende is, sover as die mens kan sien, daartoe beweeg om die Skrifte te ondersoek deur die prediking van die tyd; en hulle is as gevolg daarvan deur geloof en besprinkeling van die bloed van Christus met God versoen."— *Bliss, "Memoirs oj Wm. Miller," bis. 256, 255, 277, 280, 281.*"Ek het nooit na die guns van die hovaardiges gesoek nie, of gesidder wanneer die wêreld gefrons het nie. Ek sal nie nou hulle guns koop nie, en ook sal ek nie die perke van plig oorskry om hulle haat uit te lok nie. Ek sal hulle nooit vra om my lewe te spaar nie, maar ook nie vrees nie, hoop ek, om dit op te offer as God in Sy voorsienigheid so beskik nie." *—White, J., "Life oj Wm. Miller," bl. 315.*

Die Here het nie Sy volk verlaat nie; Sy Gees het steeds by diegene gebly wat nie onverskillig die lig verwerp het wat hulle ontvang het, en die Adventbeweging veroordeel het nie. In die brief aan die Hebreërs is daar woorde van bemoediging en waarskuwing vir die beproefdes en wagtendes in hierdie krisis: "Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydjie en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek het My siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons

is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoudenis van die siel.” Heb. 10: 35-39.

Dat hierdie vermaning aan die kerk in die laaste dae geskryf is, blyk uit die woorde wat wys op die nabyheid van die Here se koms: “Want nog ‘n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie.” En dit is duidelik veronderstel dat daar ‘n skynbare versuim sal wees, en dat dit sou skyn of die Here talm. Die vermaning wat hier gegee is, is veral toepaslik op die ervaring van Adventiste in hierdie tyd. Die mense wat hier toegespreek is, het gevaar geloop dat hulle geloof skipbreuk sou ly. Hulle het die wil van God gedoen deur die leiding van Sy Gees en Sy woord te volg; maar hulle kon nie Sy [465]
doel verstaan in hulle ervaring van die verlede nie; ook kon hulle nie die pad voor hulle sien nie, en hulle het in versoeking gekom om te twyfel of God hulle waarlik gelei het. Dit is in hierdie tyd dat die woorde van toepassing is, “Die regverdiges sal uit geloof lewe.” Namate die helder lig van die “middernagtelike geroep” op hulle pad geskyn het, en hulle die ontsluiting van die profesieë gesien het, en die vinnig vervullende tekens van die nabyheid van die koms van Christus, het hulle, as ‘t ware, deur aanskouing gewandel. Maar nou, neergedruk deur teleurgestelde hoop, kon hulle alleen deur geloof in God en Sy woord staande bly. Die spottende wêreld was besig om te sê: , Julle is bedrieg. Gee op julle geloof, en erken dat die Adventbeweging van die Satan was.” Maar Gods woord het verklaar, “As hy hom onttrek, het My siel geen welbehae in hom nie.” Om hulle geloof nou op te gee en die krag van die heilige Gees wat met die boodskap was, te verloën, sou ‘n onttrekking tot verdoemenis gewees het. Hulle is vermaan tot standvastigheid deur die woorde van Paulus, “Werp dan julle vrymoedigheid nie weg nie;” “julle het lydsaamheid nodig,” “want nog ‘n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie.” Hulle enigste veilige weg was om vas te hou aan die lig wat hulle reeds van God ontvang het, om vas te hou aan Sy beloftes, om aan te hou om die Skrifte te ondersoek, en geduldig te wag en te waak op verdere lig. [466]

[467]

# Hoofstuk 23—Wat Is Die Heiligdom?

DIE skriftuur wat meer as enige ander die fondament en hoofpilaar van die Adventgeloof is, is die verklaring, "Twee duisend drie honderd aande en mores, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word." Dan. 8: 14. Hierdie woorde was welbekend aan alle gelowiges in die Here se spoedige wederkoms. Die lippe van duisende het hierdie profesie herhaal as die wagwoord van hulle geloof. Almal het gevoel dat hulle heerlikste verwagtings en gekoesterde hoop berus het op die gebeurtenisse wat daarin voorspel is. Dit is aangetoon dat hierdie profetiese dae in die herfs van 1844 sou eindig. Saam met die res van die Christenwêreld, het Adventiste geglo dat die aarde, of 'n deel daarvan, die heiligdom was. Hulle het verstaan dat die reiniging van die heiligdom die loutering van die aarde deur vuur sou wees op die laaste groot dag, en dat dit sou plaasvind tydens die tweede koms — daarom die gevolgtrekking dat Christus in die
[468] jaar 1844 sou terugkom.

Maar die vasgestelde tyd het verbygegaan en die Here het nie gekom nie. Die gelowiges het geweet dat Gods woord nooit kon faal nie; dit moes hulle verklaring van die profesie wees wat verkeerd is; maar waar was hulle fout? Vele wou uit die moeilikheid kom deur te ontken dat die 2,300 dae in 1844 geëindig het. Hulle kon geen rede hiervoor gee nie behalwe die feit dat Christus nie gekom het op die tyd dat Hy verwag is nie. Hulle het aangevoer dat as die profetiese dae in 1844 geëindig het, Christus dan sou gekom het om die heiligdom te reinig deur die loutering van die aarde deur vuur; en aangesien Hy nie gekom het nie, kon daardie dae nie beëindig wees nie.

Om hierdie gevolgtrekking te aanvaar, sou 'n verwerping beteken het van die vorige berekening van die profetiese tydperke. Dit is bevind dat die 2,300 dae begin het toe die bevel van Artasasta vir die herbouing van Jerusalem in die herfs van die jaar 457 v.C. in werking getree het. Dit as aanvangspunt nemende, was daar volkome eenstemmigheid in die toepassing van al die gebeurtenisse wat

voorspel is in die verklaring van daardie tydperk in Daniel 9: 25-27. Nege-en-sestig weke, die eerste 483 jaar van die 2,300 jaar, sou reik tot die Messias, die Gesalfde; en Christus se doop en salwing met die Heilige Gees in die jaar 27 n.C. het presies ingepas. In die helfte van die sewentigste week sou die Messias uitgeroei word. Drie en 'n half jaar na Sy doop is Christus gekruisig, naamlik in die lente van die jaar 31 n.C. Die sewentig weke, of 490 jaar, was bestem spesiaal vir die Jode. Met die verstryking van hierdie tydperk het daardie volk sy verwerping van Christus verseël deur die vervolging van Sy dissipels, en die apostels het hulle in die jaar 34 n.C. tot die heidene gewend. Met die eerste 490 jaar van die 2,300 verstreke, het daar nog 1810 jaar oorgebly. Van die jaar 34 n.C. af sou 1810 jaar reik tot 1844. "Dan," het die engel gesê, "sal die heiligdom in sy regte staat herstel word." Al die voorafgaande spesifikasies van die profesie is presies vervul op die bepaalde tyd.

Volgens hierdie berekening was alles duidelik behalwe dat daar nie gesien is dat 'n gebeurtenis wat ooreenstem met die reiniging van die heiligdom, in die jaar 1844 plaasgevind het nie. Om te ontken [469]
dat die dae toe geëindig het, was om die hele saak in verwarring te bring en stellings te ontwyk wat onteenseglik bewys is deur vervulde profesieë.

Maar God het Sy volk gelei in die groot Adventbeweging. Sy krag en heerlikheid was met die werk, en Hy sou nie toelaat dat dit in 'n duisternis en teleurstelling eindig, en dat dit bestempel sou word as 'n valse en fanatieke opwinding nie. Hy sou Sy woord nie in twyfel en in onsekerheid laat nie. Hoewel vele die berekening wat hulle eers gemaak het van die profetiese tydperke opgegee het, en die beweging wat daarop gebaseer was, ontken het, was ander onwillig om die punte van hulle geloof op te gee wat deur die Skrifte en deur die getuienis van die Gees -van God bevestig is. Hulle het geglo dat die beginsels van skrifverklaring wat hulle gevolg het in hulle ondersoek van die profesieë gesond was, en dat dit hulle plig was om die waarhede wat hulle ontdek het, vas te hou en voort te gaan met die Bybelondersoek op die weg wat hulle ingeslaan het. Hulle het biddend hulle stelling ondersoek, en die Skrifte weer nagegaan om hulle fout te ontdek. Daar hulle geen fout kon vind in hulle berekening van die profetiese tydperke nie, is hulle daartoe gebring om die onderwerp van die heiligdom deegliker te ondersoek.

In hulle ondersoek het hulle ontdek dat daar geen skriftuurlike bewys is vir die algemene beskouing dat die aarde die heiligdom is nie; maar in die Bybel het hulle 'n voile uiteensetting in verband met die heiligdom ontdek, sy aard, sy plek, en sy dienste; die getuienis van die gewyde skrywers was so volledig en duidelik dat daar geen twyfel meer omtrent die saak bestaan het nie. In sy brief aan die Hebreërs sê die apostel Paulus: "So het dan die eerste verbond sowel verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad. Want die tabernakel is so ingerig: die eerste, waarin die kandelaar was en die tafel en die toonbrode, wat die Heilige genoem word; en agter die tweede voorhangsel die tabernakel wat genoem word die Allerheiligste waarin 'n goue wierookbak was en die ark van die verbond, rondom heeltemal met goud oortrek, waarin die goue kruik met die manna was en die staf van Aaron wat gebloei het en die tafels van die verbond; en daarbo-op die gerubs van die heerlikheid wat
[470] die versoendeksel oorskadu het." Heb. 9:1-5 Die heiligdom waarna Paulus hier verwys het, was die tabernakel wat deur Moses op bevel van God opgerig is as die aardse woonplek van die Allerhoogste. "Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek onder hulle kan woon." Ex. 25: 8. Dit was die bevel wat aan Moses gegee is terwyl hy op die berg by God was. Die Israeliete was op reis deur die woestyn, en die tabernakel was so gemaak dat dit van plek tot plek vervoer kon word; maar nogtans was dit baie pragtig. Die mure het bestaan uit planke wat regop gestaan het, swaar oordek met goud, en hulle het in silwer groewe gerus, en die dak het uit 'n aantal gordyne, of oortreksels bestaan; die buitenste laag was van velle en die binneste van fynlinne pragtig uitgewerk met figure van gerubs. Behalwe die voorhof waar die brandofferaltaar gestaan het, het die tabernakel self uit twee afdelings bestaan, genoem die Heilige en die Allerheiligste plek, wat van mekaar geskei is deur 'n pragtige gordyn of voorhangsel; 'n dergelike voorhangsel het voor die ingang van die eerste afdeling gehang.

Aan die suidekant van die Heilige plek was die kandelaar met sewe lampe wat die Heiligdom beide dag en nag verlig het; aan die noordekant was die tafel met toonbrode; en voor die voorhangsel wat die Heilige van die Allerheiligste plek geskei het, was die goue brandofferaltaar, vanwaar 'n w'olk van wierook, die gebede van Israel, daeliks tot God opgestyg het.

In die Allerheiligste plek was die verbondsark, ‘n kis van pragtige hout met goud oordek, die bêreplek van die twee kliptafels waarop God die wet van tien gebooie geskryf het. Bokant die ark en deeluitmakende van die heilige kis, was die versoendeksel, ‘n pragtige stuk handewerk, aan elke kant w’aarvan twee gerubs van soliede goud gestaan het. In hierdie afdeling is die goddelike teenwoordigheid geopenbaar in ‘n wolk van heerlikheid tussen die twee gerubs.

Nadat die Hebreërs in Kanaán gevestig was, is die tabernakel vervang deur die tempel van Salomo, w’at, hoewel die gebou op groot skaal was, afmetings na verhouding gehad het en wat op dergelike wyse uitgerus was. In hierdie vorm het die heiligdom voortbestaan —• behalwe gedurende die tyd dat dit in puin was in die dae van Daniel — totdat dit deur die Romeine in die jaar 70 n.C. verwoes is. [471]
Dit is die enigste heiligdom waarvan ons in die Bybel lees, vat ooit op die aarde bestaan het. Paulus het verklaar dat dit die heiligdom van die eerste verbond was. Maar het die nuwe erbond dan nie ook ‘n heiligdom nie?

Op verdere ondersoek van Hebreërs is daar ontdek dat ‘n weede, ‘n heiligdom van die nuwe verbond, veronderstel is deur lie woorde van Paulus wat reeds aangehaal is: “So dan het die íerste verbond sowel verordeninge vir die erediens asook sy aardse leiligdom gehad.” Die woordjie “asook” veronderstel dat Paulus al voorheen van hierdie heiligdom gepraat het. Hulle het teruggeblaai na die begin van die agste hoofstuk en daar het hulle gelees: “Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dit: Ons het so ‘n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, ‘n bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie ‘n mens nie.” Heb. 8: 1, 2.

Hier is die heiligdom van die nuwe verbond geopenbaar. Die heiligdom van die eerste verbond is deur die mens opgerig, deur Moses gebou; hierdie een is deur die Here opgerig en nie deur ‘n mens nie. In eersgenoemde heiligdom het aardse priesters diens gedoen; in laasgenoemde doen Christus, ons Hoëpriester, diens aan die regterhand van God. Die een heiligdom was op aarde, en die ander een in die hemel.

En wat meer is, is die tabernakel wat deur Moses opgerig is volgens ‘n sekere patroon gemaak. Die Here het horn beveel: “Vol-

gens alles wat Ek jou laat sien — die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort — so moet julle dit maak.” Weer is die bevel herhaal, “En kyk dat jy dit maak volgens die voorbeeld daarvan wat jou op die “berg getoon is.” Exod. 25:9, 40. En van die eerste tabernakel sê Paulus, “Dit was ‘n beeld met die oog op die teenwoordige tyd waarin daar gawes en offers gebring word”; dat die heilige plekke daarvan “afbeeldinge [was] van die dinge in die hemele”; dat die priester wat gawes geoffer het volgens die wet “‘n afbeeldsel en skaduwee van hemelse dinge” bedien het, en “Christus het nie ingegaan in ‘n heiligdom met hande gemaak, ‘n
[472] teenbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn.” Heb. 9: 9, 23; 8: 5; 9: 24.

Die heiligdom in die hemel waar Christus ten behoewe van ons dien, is die oorspronklike, waarvan die heiligdom wat deur Moses opgerig is, ‘n afbeeldsel was. God het Sy Gees uitgestort op die bouers van die aardse heiligdom. Die kuns wat aan die dag gelê is in die oprigting daarvan was ‘n openbaring van goddelike wysheid. Die mure het soos soliede goud gelyk en het die lig van die sewe lampe van die goue kandelaar in alle rigtings weerkaats. Die tafel met toonbrode en die wierookaltaar het geglinster soos blink goud. Die pragtige gordyn wat as plafon gedien het, uitgewerk met figure van engele in blou en purper en skarlaken het bygedra tot die skoonheid van alles. En binnekant die tweede voorhangsel was die heilige skynsel, die sigbare openbaring van Gods heerlikheid, waar die hoëpriester alleen kon ingaan en nog leef.

Die weergalose heerlikheid van die aardse tabernakel het vir die menslike oog die heerlikheid van die hemelse tempel weerkaats, waar Christus ons voorgegaan het en vir ons dien voor die troon van God. Die woonplek van die Koning van die konings, waar duisendmaal duisend voor Hom dien, en tienduisendmaal tienduisend voor Hom staan (Dan. 7: 10); daardie tempel. vervul met die heerlikheid van die ewige troon, waar serais, sy blinkende bewakers, hulle gesigte in aanbidding bedek, kon, in die pragtigste gebou wat ooit deur menslike hande opgerig is, maar ‘n floue weerkaatsing vind van Sy grootsheid en heerlikheid. Maar nogtans was daar groot waarhede geleer aangaande die hemelse heiligdom, en die groot werk wat daar gedoen word vir die verlossing van die mens, deur die aardse heiligdom en sy dienste.

Die heilige plekke van die hemelse heiligdom was voorgestel deur die twee afdelings van die aardse heiligdom. Toe Johannes in 'n gesig 'n blik gekry het op die tempel van God in die hemel, het hy daar gesien "Sewe vuurfakkels wat voor die troon van God gebrand het." Openb. 4: 5. Verder sê hy, "'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê." Openb. 8: 3. Hier is die profeet toegelaat om die eerste afdeling van die hemelse heiligdom te sien; [473] en daar het hy "sewe vuurfakkels" ea die "goue wierookbak," gesien, voorgestel deur die goue kanelaar en die reukofferaltaar van die aardse heiligdom. Weer sê hy, "en die tempel van God het oopgegaan in die hemel," en hy het agter die binneste voorhangsel ingekyk, in die Allerheiligste plek. Hier het hy "die verbondsark" gesien, voorgestel deur die ark wat deur Moses gemaak is vir die wet van God. (Openb. 1: 19.)

So het diegene dan wat die onderwerp ondersoek het onomstootlike bewys gevind van die bestaan van die heiligdom in lie hemel. Moses het die aardse heiligdom gemaak volgens 'n patroon wat aan hom getoon is. Paulus leer ons dat dit 'n afbeeldsel was van die ware heiligdom in die hemel. Johannes getuig dat hy die heiligdom in die hemel gesien het.

In die tempel in die hemel, die woonplek van God, is Sy troon bevestig in geregtigheid en oordeel. In die Allerheiligste plek is Sy wet, die groot maatstaf van reg waaraan die ganse mensheid getoets sal word. Die ark waarin die tafels van die wet is, is bedek met die versoendeksel waar Christus Sy bloed pleit ten behoewe van die sondaar. Hier het ons dus 'n voorstelling van die vereniging van geregtigheid en genade in die verlossingsplan. Hierdie vereniging kon alleen deur goddelike wysheid bedenk en uitgewerk word. Dit is 'n vereniging wat die ganse hemel met bewondering en aanbidding vervul. Die gerubs van die aardse heiligdom, wat eerbiedig hulle oë rig op die versoendeksel, stel die belangstelling voor waarmee die hehemelse leërskare die verlossingswerk bejeën. Dit is die verborgenheid van genade, wat die engele graag wil verstaan, naamlik dat God regverdig kan wees terwyl Hy nogtans die boetvaardige sondaar regverdig en sy omgang met die gevalle menslike geslag hernuwe; en dat Christus kon neerbuig om ontelbare menigtes uit die afgrond

van sonde op te rig, en hulle te beklee met die vleklose kleed van Sy eie geregtigheid om hulle weer te herenig met engele wat nooit gesondig het nie, sodat hulle vir ewig in die teenwoordigheid van God kan woon.

Die werk van Christus as voorspraak van die mens is voorgestel
[474] in daardie pragtige profesie van Sagaria, waar Hy die "SPRUIT" genoem is. Die profeet sê: "Hy sal die tempel van die Here bou, en Hy sal majesteit verkry en sit om te heers op Sy troon [Sy Vader s'n]; ook sal Hy 'n priester wees op Sy troon, en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan." Sag.6: 12, 13.

"Hy sal die tempel van die Here bou." Deur Sy soenoffer en middelaarskap is Christus beide die fondament en die bouer van die kerk. Die apostel Paulus wys Hom aan as "die hoeksteen ... in wie die hele gebou, saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempd in die Here, in wie julle ook saam opgebou word ... tot 'n woning van God in die gees." Efe. 2: 20-22.

"Hy sal majesteit verkry." Aan Christus behoort die heerlikheid van die verlossing van die gevalle mensdom. Deur die ewigheid heen sal die lied van die verlostes wees: "Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in Sy bloed . . . aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid." Openb. 1:5, 6.

Hy sal "sit om te heers op Sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op Sy troon." Maar nie nou op die troon van heerlikheid nie; want die koninkryk van heerlikheid is nog nie opgerig nie. Eers wanneer Sy middelaarswerk beëindig is, sal God "aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee," 'n koninkryk waaraan daar ,.geen end sal wees nie." Lukas 1: 32, 33. As priester sit Christus nou op Sy Vader se troon. (Openb. 3: 21.) Op die troon saam met die Ewige, selfbestaande Een, sit Hy wat "Ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte" gedra het, wat "in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde," sodat Hy "dié [kan] help wat versoek word." (Jes. 53: 4; Heb. 4: 15; 2: 18.) "En as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader." 1 Joh. 2: 1. Hy tree vir ons in met 'n gebroke liggaam en 'n vleklose lewe. Die verwonde hande, die deursteekte sy, die geskeurde voete, pleit vir die gevalle mens, wie se verlossing teen so 'n oneindige prys gekoop is.

"En die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan." Die liefde van die Vader, nie minder as die van die Seun nie, is die grondslag

van die verlossing van die mens. Voordat Jesus na die hemel opgevaar het, het Hy aan Sy dissipels gesê. "Ek sê die vir julle dat Ek [475]
die Vader aangaande julle sal vra nie; want die Vader Self het julle lief." Joh. 16: 26, 27. "God het in christus die wêreld met Homself versoen." 2 Kor. 9: 15. En in iie bediening in die heiligdom daarbo, "sal die raad van vrede gussen hulle twee bestaan." "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Joh. 3: 16.

Die vraag: Wat is die heiligdom? word duidelik beantwoord in die Skrifte. Die benaming "heiligdom" soos in die Bybel gebruik, het in die eerste plek betrekking op die tabernakel wat deur Moses gebou is as afbeeldsel van hemelse dinge; en in iie tweede plek op die "ware tabernakel" in die hemel waarvan die aardse heiligdom 'n tipe was. By die dood van Christus het die sinnebeeldige diens geëindig. Die "ware tabernakel" in die hemel is die heiligdom van die nuwe verbond. En daar die profesie van Daniel 8: 14 in hierdie bedeling vervul is, moet die hieiligdom waarna daar verwys word die heiligdom van die nuwe verbond wees. Aan die einde van die 2,300 dae, in 1844, was daar op die aarde vir eeue reeds geen heiligdom meer nie. Die profesie, "twee duisend drie honderd aande en mores, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word," het ongetwyfeld betrekking op die hemelse heiligdom.

Maar die belangrikste vraag wag nog op 'n antwoord: Wat is die reiniging van die heiligdom? Dat daar so 'n diens in verband met die aardse heiligdom was, lees ons in die Ou Testamentiese Skrifte. Maar kan daar iets in die hemel wees wat gereinig moet word? In Hebreërs 9, word die reiniging van beide die aardse en die hemelse heiligdom duidelik geleer. "En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie. Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers (die bloed van diere) moes gereinig word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie," naamlik die kosbare bloed van Christus. Heb. 9: 22, 23.

Die reiniging, beide in die sinnebeeldige en ware dienste, moet deur bloed geskied: in die eerste geval, deur die bloed van diere; en
in die tweede geval deur die bloed van Christus. Paulus sê dat die [476]
rede waarom hierdie reiniging met bloed moet geskied, is dat daar

sonder bloedvergieting geen vergijnis plaasvind nie. Vergifnis, of die verwydering van sonde, is die werk wat gedoen moet word. Maar hoe kan daar sonde in die heiligdom wees — in beide die hemelse en die aardse? Hierdie vraag word beantwoord deur die sinnebeeldige diens; want die priesters wat op die aarde gedien het, het gedien volgens "'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge." Heb. 8: S.

Die werk in die aardse heiligdom het in twee dele bestaan; die priesters het daeliks in die Heilige plek gedien, terwyl die hoëpriester eenmaal per jaar 'n spesiale werk van versoening gedoen het in die Allerheiligste plek, vir die reiniging van die heiligdom. Dag na dag het die boetvaardige sondaar sy slagoffer na die ingang van die tabernakel gebring, en deur sy hande op die slagoffer se kop te plaas het hy sy sondes bely, en het hy dus in beeld sy sondes oorgedra van homself op die onskuldige slagoffer. Daarna is die dier geslag. "Sonder bloedvergieting," sê die apostel is daar geen vergifnis nie. "Want die siel van die vleis is in die bloed." Lev. 17: 11. Die geskonde wet van God het die lewe van die oortreder geëis. Die bloed, wat die verbeurde lewe van die sondaar voorstel, en wie se skuld op die slagoffer oorgedra is, is deur die priester in die Heilige plek ingeneem en voor die voorhangsel gesprinkel, waaragter die ark was wat die wet bevat het wat deur die sondaar oortree is. Deur hierdie seremonie is die sonde, deur die bloed, in beeld in die Heiligdom ingebring. In sekere gevalle is die bloed nie in die heiligdom ingebring nie; maar die vleis is deur die priester geeet soos Moses die seuns van Aaron beveel het om te doen, "om die ongeregtigheid van die vergadering te dra." Lev. 10: 17. Albei hierdie seremonies was 'n voorstelling van die sinnebeeldige oorplasing van die sonde van die sondaar na die heiligdom.

Dit is die werk wat dag na dag aangegaan het die hele jaar deur. Op hierdie manier is die sondes van Israel in die heiligdom ingebring, wat 'n spesiale werk nodig gemaak het om dit weer te verwyder. God het beveel dat daar versoening moes gedoen word vir elkeen van die heilige afdelings. "So moet Hy dan vir die heiligdom versoening
[477] doen vanweë die onreinhede van die kinders van Israel en vanweë hulle oortredinge, wat hulle sondes ookal mag wees; so moet hy dit ook doen vir die tent van samekoms wat by hulle onder hulle onreinhede woon." Daar is ook versoening gedoen vir die altaar,

om dit te "reinig en. heilig van die onreinhede van die kinders van Israel." Lev. 16: 16, 19.

Eenmaal in die jaar, op die groot versoendag, het die hoëprieser die Allerheiligste plek ingegaan om die heiligdom te reinig. Die werk wat daar gedoen is, het die dienste vir die jaar afgesluit. Op die versoendag is twee bokke na die ingang van die tabernakel gebring en die lot is oor hulle gewerp, "een lot vir die Here en een lot vir Asasel." Lev. 16: 8, 21, 22. Die bok waarop die lot vir die Here geval het, is geslag as sondoffer vir die volk. Die priester moes die bloed binnekant die voorhangsel inneem en dit op die versoendeksel sprinkel en voor die versoendeksel. Ook moes die reukofferaltaar, wat voor die voorhangsel gestaan het, met die bloed besprinkel word.

"En Aaron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; en hy moet dié op die kop van die bok l ê en hom deur 'n man wat gereed staan na die woestyn toe stuur." Lev. 16: 21, 22. Die sondebok het nooit weer in die kamp van Israel gekom nie, en die man wat hom weggeneem het moes homself en sy klere was met water voor sy terugkoms na die kamp.

Die hele seremonie was bedoel om die Israeliete onder 'n andruk te bring van die heiligheid van God en Sy afsku van die sonde, en ook om hulle te wys dat hulle nie in aanraking met die sonde kan kom sonder om besoedel te word nie. Van elke man is daar verwag dat hy sy siel sou verootmoedig terwyl die versoeningswerk aan die gang was. Alle besigheid is opsy gesit, en die vergadering van Israel moes die dag deurbring in vrees voor God, met gebed, vas, en deeglike selfondersoek.

Belangrike waarhede in verband met die versoening is deur die sinnebeeldige diens geleer. Daar is 'n plaasvervanger aangeneem in die plek van die sondaar; maar die sonde is nie uit- gewis deur [478]
die bloed van die slagoffer nie. Op hierdie manier is daar 'n middel [479]
verskaf waardeur die sonde in die heiligdom ingebring is. Deur die offer van die bloed, het die sondaar lie gesag van die wet erken, sy skuld bely, en sy begeerte te ienne gegee om vergifnis deur geloof in 'n Verlosser wat sou kom; maar hy was nie daardeur heeltemal verlos van die veronleling van die wet nie. Op die versoendag het die hoëpriester, nadat hy 'n offer geneem het van die vergadering, die

Allerheiigste plek met die bloed van hierdie slagoffer binnegegaan, en dit op die versoendeksel bo-oor die wet gesprinkel om te voldoen aan die eise daarvan. Daarna het hy, in sy hoedanigheid is middelaar, die sondes op homself geneem en dit uit die heiligdom gedra. Deur sy hande op die kop van die sondebok te plaas, het hy al die sondes op daardie bok bely, en daardeur het hy op sinnebeeldige wyse die sondes van homself af oorgedra op die bok. Die bok is toe weggelei, en die sondes is beskou as vir ewig verwyder van die volk.

Dit was die diens wat gedoen is "as afbeeldsel en skaduwee van hemelse dinge." En wat op sinnebeeldige wyse gedoen is in die bediening van die aardse heiligdom, word in werklikheid gedoen in die bediening van die hemelse heiligdom. Na Sy hemelvaart, het ons Heiland Sy werk as ons hoëpriester begin.Paulus sê, "Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak. 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn." Heb. 9: 24.

Die bediening van die priester gedurende die jaar in die eerste afdeling van die heiligdom, "binnekant die voorhangsel" wat as deur gedien het en die Heilige plek afgesluit het van die voorhof, stel die bediening voor wat Christus begin het by Sy hemelvaart. Dit was die werk van die priester in sy daelikse bediening om die bloed van die sondoffer voor God in te bring, en ook die wierook te brand wat die gebede van die kinders van Israel voorgestel het. So het Christus met Sy bloed voor die 'Vader gepleit ten behoewe van sondaars, en bring Hy die gebede 'van boetvaardige gelowiges, gemeng met die kosbare reukwerk 'van Sy eie geregtigheid, voor God. Dit is die werk
[480] van bedizening on die eerste afdeling van die hemelse heiligdom.

Daarheen het die geloof van Christus se dissipels Hom gevolg by Sy hemelvaart. Dit was die middelpunt van hulle hoop, die hoop wat ons het soos Paulus sê, "as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het," ja Hy wat vir ewig 'n hoëpriester gemaak is. "Ook nie deur die bloed van bokke en kalwers nie, maar deur sy eie bloed, [het Christus] eenmaal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige versoening teweeg gebring. Heb. 6: 19, 20; 9: 12.

Vir agtien eeue het hierdie bediening in die eerste afdeling van die heiligdom voortgegaan. Die bloed van Christus, gepleit ten behoewe van boetvaardige gelowiges, het vergifnis en aanname by

die Vader verkry, maar nogtans het hulle sondes in die hemelse boeke gebly. Net soos daar in die sinnebeeldige diens ‘n versoeningswerk aan die einde van die jaar plaasgevind het, so ook moet daar voordat Christus se verlossingswerk vir die mens voltooi is, ‘n versoeningswerk gedoen word vir die verwydering van die sondes uit die heiligdom. Dit is die diens wat ‘n aanvang geneem het aan die einde van die 2,300 dae. Op daardie tyd, soos deur Daniel die profeet voorspel is, het ons Hoëpriester die Allerheiligste plek binnegegaan om die laaste deel van Sy plegtige werk te doen — die reiniging van die heiligdom.

Net soos die sondes van die volk in die outyd op die sondoffer geplaas is, en dit deur sy bloed in beeld in die aardse heiligdom ingebring is; so ook word die sondes van die boetvaardiges onder die nuwe verbond deur geloof op Christus geplaas, en in werklikheid in die hemelse heiligdom ingebring. En net soos die sinnebeeldige reiniging van die aardse heiligdom geskied het deur die verwydering van die sondes wat dit besoedel het, so ook word die werklike reiniging van die hemelse teweeg gebring deur die verwydering, of die uitdelging van die sondes wat daar opgeteken is. Maar voor dit kan geskied, moet daar ‘n ondersoek van die boeke wees om vas te stel wie deur belydenis van sondes en geloof in Christus geregtig is op die seëninge van Sy versoening. Die reiniging van die heiligdom bring dus ‘n werk van ondersoek mee —‘n oordeelswerk. Hierdie werk moet gedoen word voor die vederkoms van Christus om Sy [481]
volk te verlos; want wanneer Hy kom, kom Hy met Sy loon om almal te vergeld volgens hulle werke.” (Openb. 22: 12.)

Op hierdie manier, dus, het diegene wat die lig gevolg het, in die profetiese woord gesien dat Christus in stede van na die ;a.rde te kom aan die einde van die 2,300 dae in 1844, die Allerheiligste plek van die hemelse heiligdom binnegegaan het, om die af sluitingswerk van versoening te doen voor Sy wederkoms.

Ook is daar gesien dat terwyl die sondoffer op Christus gewys het as die soenoffer, en dat die hoëpriester Christus as middea.ar voorgestel het, die sondebok Satan voorstel, die bewerker van die sonde, op wie die sondes van al die opregte boetvaardiges eindelik geplaas sal word. Toe die hoëpriester, kragtens die bloed van die sondoffer, die sondes uit die heiligdom verwyder het, het hy dit op die sondebok geplaas. Wanneer Christus, kragtens sy eie bloed,

die sondes van Sy volk uit die hemelse heiligdom verwyder aan die einde van Sy bediening, sal hy dit op Satan plaas, wat, in die voltrekking van die oordeel die uiteindelike straf daarop moet dra. Die sondebok is weggestuur na ‘n onbewoonde land om nooit weer in die vergadering van I srael terug te kom nie. So ook sal Satan vir ewig verban word van die teenwoordigheid van God en Sy volk, en hy sal verdelg word in die uiteindelike vernietiging van sonde en
[482] sondaars.

[483]

# Hoofstuk 24—Die Allerheiligste Plek

DIE onderwerp van die heiligdom was die sleutel wat die geheim van die teleurstelling van 1844 ontsluit het. Dit het 'n hele stelsel van waarheid geopenbaar, samehangend en eenstemmig, wat gewys het dat Gods hand die groot Adventbeweging gelei het, en dit het teenwoordige pligte geopenbaar namate dit die posisie en werk van Sy volk aan die lig gebring het. Net soos die dissipels van Jesus, na hulle vreeslike nag van angs en teleurstelling, bly was toe hulle hulle Here weer gesien het, het diegene hulle ook nou verbly wat in geloof uitgesien het na Sy "tweede koms. Hulle het verwag dat Hy in heerlikheid sou kom om Sy diensknegte te beloon. Toe hulle hoop teleurgestel is, het hulle Jesus uit die oog verloor, en soos Maria by die graf het hulle uitgeroep, "Hulle het die Here . . . weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie." Maar nou het hulle Hom in die Allerheiligste plek weer gesien as hulle medelydende [484] Hoëpriester, wat eerlank as hulle Koning sal verskyn om hulle te verlos. Lig uit die heiligdom het die verlede verlig, en ook die hede en die toekoms. Hulle het geweet dat God hulle deur Sy onfeilbare voorsienigheid gelei het. Hoewel hulle, soos die eerste dissipels, die boodskap wat hulle verkondig het nie verstaan het nie, was dit nogtans in alle opsigte juis. In die verkondiging van die boodskap het hulle Gods doel vervul, en hulle werk in die Here was nie tevergeefs nie. Met die wedergeboorte tot 'n lewende hoop, het hulle hulle verheug met 'n onuitspreeklike vreugde.

Beide die profesie van Daniel 8: 14, "Twee duisend drie honderd aande en mores, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word," en die eerste engel se boodskap, "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom," het gewys op Christus se bediening in die Allerheiligste plek, naamlik die ondersoekende oordeel, en nie op die koms van Christus vir die verlossing van Sy volk en die vernietiging van die goddelose nie. Die fout is begaan, nie in die berekening van die profetiese tydperke nie, maar in verband met die gebeurtenis wat moes plaasvind aan die einde van die 2,300

dae. As gevolg van hierdie fout het die gelowiges teleurstelling ondervind, maar tog is alles wat deur die profesie voorspel is en alles wat hulle volgens die Skrifte verwag het, vervul. Op daardie seltde tyd toe hulle die mislukking van hulle hoop betreur het, het die gebeurtenis plaasgevind wat deur die boodskap voorspel is, en wat moes vervul word voordat die Here kon kom om Sy diensknegte te beloon.

Christus het gekom, nie na die aarde soos hulle verwag het nie, maar soos deur die sinnebeeld voorafgeskadu is, na die Allerheiligste plek van die tempel van God in die hemel. Daniel stel Hom voor as komende tot die Oue van Dae: "Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom, soos die Seun van 'n Mens, en Hy het gekom [nie na die aarde toe nie, maar] tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom." Dan. 7: 13.

Hierdie koms is voorspel deur die profeet Maleagi: "Dan sal
[485] skielik na Sy tempel kom die Here na wie julle soek, naam- ik. die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskare." Mai. 3: 1. Die koms van die Here na Sy tempel was skielik en onverwags vir Sy volk. Hulle het Hom nie daar gesoek nie. Hulle het verwag dat Hy na die aarde toe sou kom, "In vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie." 2 Thess. 1: 8.

Maar die mense was nie gereed om hulle Here te ontmoet nie. Daar moes nog 'n voorbereidingswerk vir hulle gedoen word. Daar moes lig gegee word, wat hulle aandag sou vestig op die tempel van God in die hemel; en namate hulle deur geloof hulle Hoëpriester in Sy bediening daar gevolg het, sou nuwe pligte aan hulle geopenbaar word, 'n Ander boodskap van waarskuwing en onderrig moes aan die kerk gegee word. Die profeet sê: "Maar wie kan die dag van Sy koms verdra? En wie sal stand hou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die seep van die wassers. En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en silwer, sodat hulle aan die Here in geregtigheid 'n offer sal bring." Mal. 3: 2, 3. Diegene wat op die aarde lewe wanneer Christus nie meer as voorspraak optree in die hemelse heiligdom daarbo nie, sal voor 'n heilige God moet

staan sonder ‘n middelaar. Hulle klere moet vlekkeloos wees, en hulle karakters gereinig van sonde deur die besprinkeling van die bloed. Deur die genade van God en deur hulle eie ywerige pogings, moet hulle oorwinnaars wees in die stryd teen die sonde. Terwyl die ondersoekende oordeel in die hemel aan die gang is, terwyl die sondes van boetvaardige ge-lowiges uit die heiligdom verwyder word, moet daar onder Gods volk ‘n spesiale werk van reiniging wees en ‘n versaking van die sonde. Hierdie werk word duideliker voorgestel in die boodskappe van Openbaring 14.

Wanneer hierdie werk afgedaan is, sal die navolgers van Christus gereed wees vir Sy koms. “Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die Here net so aangenaam wees soos in die ou dae en in die jare van die voortyd.” Mai. 3: 4. Die kerk wat die Here sal aanneem [486]
as Hy kom sal ‘n kerk wees, “Verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks.” Efe. S: 27. Dan sal die kerk wees, “Soos die rooidag, mooi soos die maan, rein soos die son, verskriklik soos slagordes met vaandels.” Hooglied 6: 10.

Behalwe die beskrywing van die Here se koms na Sy tempel, voorspel Maleagi ook Sy wederkoms, Sy koms om oordeel te vel, in hierdie woorde: “En Ek sal na julle aankom om strafgerig te hou, en ek sal ‘n haastige getuie wees teen die towenaars. en die egbrekers en die meinediges en die wat die dagloner in sy loon, en die weduwee en die wees verdruk; en teen die wat die vreemdeling wegstoot en My nie vrees nie, sê die Here van die leërskare.” Mai. 3: 5. Judas beskryf dieselfde toneel as volg: “Kyk, die Here het gekom met Sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose onder hulle te straf oor hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het. Judas 14, 15. Hierdie koms, en die koms van die Here na Sy tempel, is twee heeltemal afsonderlike gebeurtenisse.

Die koms van Christus as ons Hoëpriester na die Allerheiligste plek vir die reiniging van die heiligdom, soos in Daniel 8: 14 verklaar; die koms van die Seun van die mens na die Oue van dae, soos in Daniel 7: 13 geopenbaar; en die koms van die Here na Sy tempel, soos voorspel deur Maleagi, is beskrywings van dieselfde gebeurtenis; en dit is ook voorgestel deur die koms van die bruidegom soos deur Christus beskryf in die gelykenis van die tien jongmeisies in Mattheus 25.

In die somer en herfs van 1844, is die aankondiging gemaak, "Daar kom die bruidegom." Die klasse wat voorgestel is deur die verstandige en onverstandige meisies het toe ontstaan — die een klas het met vreugde uitgesien na die Here se koms, en hulle het ywerig klaargemaak om Hom te ontmoet; die ander klas, uit vrees, en handelende op die aandrif van die oomblik. is tevrede gestel met 'n teorie van die waarheid, maar dit het hulle ontbreek aan die genade van God. Ons lees, "En die wat gereed was, het saam met Hom ingegaan na die bruilof." Die koms van die bruidegom waarvan hier sprake is, vind plaas voor die bruilof. Die bruilof stel Christus se ontvangs
[487] van Sy koninkryk oor. Die heilige stad, die Nuwe Jerusalem, wat die hoofstad is van die koninkryk, word genoem die bruid, die vrou van die Lam. Die engel het aan Johannes gesê, "Kom hierheen, ek sal ou die bruid toon, die vrou van die Lam." "En hy het my reggevoer in die gees," sê Johannes, "en my die groot stad geoon, die heilige Jerusalem wat uit die hemel van God neerdaal." Openb. 21: 9, 10. Dit is dus duidelik dat die bruid die heilige itad voorstel, en die jong meisies wat uitgaan om die bruidegom se ontmoet, is 'n beeld van die kerk. In Openbaring word die volk van God voorgestel as gaste by die bruilofsmaal. (Openb. 19: 9.) As hulle gaste is, kan hulle nie ook voorgestel word as die bruid nie. Christus, soos deur die profeet Daniel verklaar, sal van die Oue van dae in die hemel "Heerskappy en eer en koningskap" ontvang; Hy sal die nuwe Jerusalem, die hoofstad van Sy koninkryk, ontvang "toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is." Dan. 7: 14; Openb. 21: 2. Nadat Hy die koninkryk ontvang het, sal Hy na die aarde toe terugkom in Sy heerlikheid, as Koning van die konings, en Here van die here, om Sy volk te verlos wat "Saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele" by die bruilofsmaal van die Lam. Matt. 8: 11.

Die geroep, "Daar kom die Bruidegom," wat in die somer van 1844 gehoor is, het duisende daartoe gebring om die onmiddellike wederkoms van die Here te verwag. Op die bestemde tyd het die Bruidegom gekom, nie na die aarde toe soos die mense verwag het nie, maar na die Oue van dae in die hemel, na die bruilof, die ontvangs van Sy koninkryk. "En die wat gereed was, het saam met Hom ingegaan na die bruilof en die deur is gesluit." Hulle sou nie in eie persoon by die bruilof teenwoordig wees nie; want die bruilof

vind plaas in die hemel, "terwyl hulle op die aarde is. Die navolgers van Christus moet wees soos die "Wat hulle heer verwag wanneer Hy van die bruilof terugkom." Lukas 12:36. Maar hulle moet Sy werk verstaan, en hulle moet Hom in die geloof volg waar Hy ingaan voor God. Dit is in hierdie sin dat dit gesê word dat hulle ingaan na die bruilof.

In die gelykenis lees ons dat dit diegene was wat olie in hulle [488]
kanne gehad het met hulle lampe wat na die bruilof inge:aan het. [489]
Diegene wat 'n kennis van die waarheid gehad het volgens die Skrifte, asook die Gees en die genade van God, en sat, in die nag van hulle bitter beproewing, geduldig gewag het, in. die Bybel ondersoek het om meer lig — hulle het die waarheid iangaande die heiligdom in die hemel en die verandering in die Heiland se bediening gesien, en deur geloof het hulle Hom gevolg in die werk in die heiligdom daarbo. En almal wat deur die getuienis van die Skrifte hierdie selfde waarhede aanneem, en Christus deur geloof volg waar Hy voor God ingaan om Sy laaste middelaarswerk te doen, aan die einde waarvan Hy Sy koninkryk ontvang — hulle almal word voorgestel as ingaande na die bruilof.

In die gelykenis van Mattheus 22, word dieselfde beeld van n bruilof gebruik, en daar word die ondersoekende oordeel voorgestel as 'n werk wat plaasvind voor die bruilof. Net voor die bruilof kom die koning die gaste ondersoek (Matt. 22: 11), om te sien of almal die bruilofskleed aan het, naamlik die vlekkelose kleed van karakter, gewas en witgemaak in die bloed van die Lam. (Openb. 7: 14.) Die een wat sonder die bruilofskleed aangetref is, is uitgewerp, maar almal wat die bruilofskleed aangehad het, is deur God aangeneem, en waardig geag om 'n deel in Sy koninkryk te hê en om op Sy troon te sit. Hierdie werk van die ondersoek van die karakter, of die vasstelling wie almal gereed is vir die koninkryk van God, stel die ondersoekende oordeel voor, die slotwerk in die heiligdom daarbo.

Wanneer die ondersoekingswerk klaar is, wanneer die lewens van almal wat deur die eeue heen bely het dat hulle navolgers van Christus was, ondersoek is, dan, en nie voor daardie tyd nie, sal die genadetyd sluit en die genadedeur toegaan. In daardie een kort sinnetjie, "En die wat gereed was, het saam met Hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit," word ons gebring tot die einde

van die Heiland se laaste bediening en tot die tyd wanneer die werk vir die verlossing van die mense voleindig is.

In die bediening van die aardse heiligdom, wat soos ons gesien het, 'n sinnebeeld was van die bediening in die hemelse, toe die ho-
[490] ëpriester op die versoendag die Allerheiligste plek binnegegaan het, het die bediening in die eerste afdeling geëindig. Die bevel van God was, "En niemand mag in die tent van samekoms wees as hy ingaan om in die heiligdom versoening te doen voordat hy uitkom nie." Lev. 16: 17. Toe Christus die Allerheiligste plek binnegegaan het om die laaste deel van Sy versoeningswerk te doen, het Sy bediening in die eerste afdeling opgehou. Maar toe Sy bediening in die eerste afdeling opgehou het, het Sy bediening in die tweede afdeling begin. Toe die hoëpriester in die sinnebeeldige diens die Heilige plek op die versoendag verlaat het, het hy voor God ingegaan met die bloed van die sondoffer ten behoewe van al die Israeliete wat waarlik hulle sondes bely het. Christus het dus maar een deel van Sy werk as middelaar volbring, om 'n aanvang te neem met die ander deel van Sy werk, en Hy pleit nog Sy bloed voor die Vader ten behoewe van sondaars.

Hierdie werk is nie in 1844 deur die Adventiste verstaan nie. Na verloop van die tyd waarop hulle die Heiland verwag het, het hulle nog geglo dat Sy koms naby was; hulle het gemeen dat hulle 'n belangrike krisis bereik het en dat Christus se werk as die mens se middelaar voor God geëindig het. Hulle het gemeen dat die Bybel geleer het dat die mens se genadetyd sou sluit 'n kort tydjie voor die werklike koms van Christus op die wolke van die hemel. Dit het vir hulle duidelik geblyk uit daardie skrifgedeeltes wat gewys het op 'n tyd wanneer mense sal soek, klop, en voor die genadedeur staan en roep, maar die deur sal nie oopgemaak word nie. En die vraag waarvoor hulle nou gestaan het, was of die datum waarop hulle die koms van die Here verwag het, nie miskien die begin van hierdie tydperk was wat Sy koms onmiddellik sou voorafgaan nie. Daar hulle die waarskuwing gegee het dat die oordeelsuur naby was, het hulle gevoel dat hulle werk vir die wêreld afgedaan was en hulle het hulle ywer vir die redding van sondaars verloor, terwyl die godslasterende gespot van die goddelose vir hulle slegs verdere bewys was dat die Gees van God onttrek was van diegene wat Sy genade verwerp het. Al hierdie dinge het hulle geloof bevestig dat

die genadetyd gesluit het, of soos hulle dit uitgedruk het, dat "die genadedeur gesluit was." [491]

Maar met die ondersoek van die onderwerp van die heiligdom het hulle meer lig ontvang. Hulle het nou gesien dat hulle gelyk gehad het om te glo dat die einde van die 2,300 dae in 1844 'n belangrike krisis aangedui het. Hoewel dit waar was dat die deur van hoop en genade wat vir agtienhonderd jaar aan die mense toegang tot God verleen het, gesluit was, is daar 'n ander deur geopen, en vergifnis van sonde kon verkry word deur die middelaarswerk van Christus in die Allerheiligste plek. Die een deel van Sy bediening is afgesluit, sodat 'n ander deel begin kon word. Daar was nog 'n "oop deur" in die hemelse heiligdom, waar Christus ten behoewe van die sondaar gedien het.

Nou is die betekenis besef van die woorde van Christus in Openbaring, wat aan die kerk gerig is juis op hierdie tyd: "Dit sê die [492] Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie." Openb. 3: 7, 8.

Dit is diegene wat Jesus in geloof volg in die groot werk van versoening, wat die seëninge ondervind van Sy middelaarswerk vir hulle; terwyl diegene wat die lig verwerp wat hierdie bedieningswerk openbaar, geen seen ontvang nie. Die Jode wat die lig verwerp het wat gegee is tydens Christus se eerste koms, en wat geweier het om Hom aan te neem as Verlosser van die wêreld, kon geen vergifnis deur Hom ontvang nie. Toe Jesus by Sy hemelvaart deur Sy eie bloed die hemelse heiligdom binnegegaan het om die seëninge van Sy middelaarskap op Sy dissipels uit te stort, is die Jode in algehele duisternis gelaat om voort te gaan met hulle nuttelose offerandes. Die bediening van tipes en skaduwees het geëindig. Die deur waardeur die mense voorheen toegang tot God gehad het, was nou nie meer oop nie. Die Jode het geweier om Hom te soek op die enigste manier waardeur Hy gevind kon word, naamlik deur die bediening in die hemelse heiligdom. Daarom het hulle geen gemeenskap met God gehad nie. Vir hulle was die deur gesluit. Hulle het Christus nie geken as die ware offerande en die enigste middelaar voor God nie; daarom kon hulle nie in die seëninge van Sy middelaarswerk deel nie.

Die toestand van die ongelowige Jode was ‘n voorstelling van die toestand van die onverskilliges en ongelowiges onder die belydende Christene, wat moedswillig onkundig is aangaande die werk van ons genadige Hoëpriester. In die sinnebeeldige diens, toe die hoëpriester die Allerheiligste plek binnegegaan het, moes die ganse Israel buitekant rondom die heiligdom vergader, en hulle moes hulle siele verootmoedig voor God sodat hulle vergifnis kon ontvang en nie uitgeroei word uit die vergadering nie. Hoe absoluut nodig is dit nie dat ons vandag — die teenbeeld van die versoendag — die werk van ons Hoëpriester sal verstaan en bekend sal wees met wat van ons verwag word.

Die mens kan nie sonder straf die waarskuwings verwerp wat God in genade stuur nie. In die dae van Noag is daar ‘n boodskap van die hemel gestuur, en die saligheid van die mense het afgehang
[493] van die wyse waarop hulle die boodskap aangeneem het. Omdat hulle die waarskuwing verwerp het, is die Gees van God aan die sondige geslag onttrek en hulle het in die sondvloed omgekom. In die tyd van Abraham het genade gepleit net die sondige inwoners van Sodom, en almal behalwe Lot en sy vrou en twee dogters is verdelg deur die vuur wat uit die hemel neergedaal het. So sal dit ook wees in die dae van Christus. Aan die Jode van daardie tyd het die Seun van God gesê, „Julle huis word vir julle woes gelaat!” Matt. 23: 38. Van diegene wat in die laaste dae lewe, naamlik hulle “Wat die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie,” sê die Here, “Daarom sal God hulle die krag van dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie maar behae gehad in die ongeregtigheid.” 2 Thess. 2: 10-12. Namate hulle die leer van Gods woord verwerp, onttrek God Sy Gees en laat Hy hulle oor aan die dwalings wat hulle liefhet.

Maar Christus tree nog in ten behoewe van die mens, en lig sal gegee word aan diegene wat daarna soek. Hoewel dit aan die begin nie deur die Adventiste verstaan is nie, het dit later duidelik geword namate die Skrifte wat hulle ware posisie ver-duidelik het voor hulle begin open het.

Die verbygaan van die tyd in 1844 is gevolg deur ‘n tydperk van groot beproewing vir diegene wat nog vasgehou het aan die Adventgeloof. Die enigste verligting wat hulle ondervind het sover as hulle hulle ware posisie kon vasstel, was die lig wat hulle aandag

gevestig het op die heiligdom daarbo. Sommige het hulle geloof opgegee in hulle eertydse berekening van die profetiese tydperke, en hulle het die invloed van die Heilige Gees toegeskryf aan Sataniese werktuie in die Adventbeweging. ‘n Ander klas het steeds volgehou dat die Here hulle gelei het in die verlede; en namate hulle gewag en gebid het om die wil van God te leer, het hulle gesien dat hulle groot Hoëpriester ‘n ander deel van Sy bediening begin het, en Hom navolgende in geloof, is hulle ook daartoe gebring om die slotwerk van die kerk te sien. Hulle het ‘n duidelike begrip gekry van die eerste en die tweede engel se boodskappe, en hulle was gereed om die ernstige waarskuwing van Openbaring 14, aan te neem en dit aan die wêreld te verkondig. [494]

[495]

## Hoofstuk 25—Die Tien Gebooie

"EN die tempel van God het oopgegaan in die hemel, en Sy verbondsark is gesien in Sy tempel." Openb. 11: 19. Die verbondsark van God is in die Allerheiligste plek, naamlik die tweede afdeling van die heiligdom. In die bediening van die aardse heiligdom, "Wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien," was hierdie afdeling slegs op die groot versoendag geopen, vir die reiniging van die heiligdom. Die aankondiging dus, dat die tempel van God in die hemel geopen is, en dat Sy verbondsark gesien is, wys op die opening van die Allerheiligste plek van die hemelse heiligdom in 1844, toe Christus daar ingegaan het om die slotwerk van die versoening te doen. Diegene wat deur geloof hulle Hoëpriester gevolg het toe Hy
[496] Sy bediening in die Allerheiligste plek begin het, het die verbondsark gesien. Namate hulle die onderwerp van die heiligdom ondersoek het, het hulle die verandering van die Heiland se bediening verstaan, en hulle het gesien dat Hy nou besig was voor die ark van God, en Sy bloed vir sondaars gepleit het.

Die ark in die aardse tabernakel het die twee kliptafels bevat waarop die gebooie van Gods wet geskryf is. Die ark was slegs 'n bêreplek vir die kliptafels van die wet, en die aanwesigheid van die goddelike gebooie daarin het dit heilig gemaak. Toe die tempel van God in die hemel geopen is, is Sy verbondsark gesien. In die Allerheiligste plek van die hemelse heiligdom was die bêreplek van die goddelike wet — die wet deur God Self afgekondig te midde van die donders op Sinai, en wat Hy met Sy eie vinger op die kliptafels geskryf het.

Die wet van God in die hemelse heiligdom is die groot oorspronklike waarvan die gebooie op die kliptafels, soos deur Moses in die Pentateug geskryf is, 'n troue afskrif was. Diegene wat hierdie punt verstaan het, is dus daartoe gebring om die heilige onveranderlike aard van die goddelike wet te sien. Soos nooit tevore nie het hulle die krag van die Heiland se woorde verstaan, "Totdat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die

wet ooit verbygaan" nie. Matt. 5: 18. Die wet van God, daar dit 'n openbaring van Sy wil, 'n afskrif van Sy karakter is, is ewigdurend, soos 'n getroue getuie in die hemel. Nie een gebod is afgeskaf nie; nie een jota of titteltjie is verander nie. Die Psalmis sê: "Vir ewig, O Here, staan U woord vas in die hemele." "Al Sy bevele is betroubaar. Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig." Ps. 119: 89; 111: 7, 8.

In die hart van die Dekaloog is die vierde gebod soos dit oorspronklik afgekondig is: "Dink aan die Sabbatdag dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende kg het Hy gerus. Daarom het die Here [497]
die Sabbatdag geseën a dit geheilig." Exod. 20: 8-11.

Die Gees van God het 'n indruk gemaak op die harte van ardie ondersoekers van Sy woord. Die oortuiging het tot tulle gekom dat hulle onkundig hierdie gebod oortree het deur tie Skepper se rusdag te veronagsaam. Hulle het begin onderoek instel waarom hulle die eerste dag van die week hou in plaas van die dag wat God geheilig het. Hulle kon geen bewys in die Skrifte vind dat die vierde gebod afgeskaf was, of at die Sabbat verander is nie; die seen wat die sewende dag a die begin geheilig het, is nooit weggeneem nie. Hulle het erlik gesoek om die wil van God te ken en te doen; en nou, waar hulle hulleself as oortreders van Sy wet gesien het, het droefheid hulle harte vervul, en hulle het hulle getrouheid aan God bewys ieur Sy heilige Sabbatdag te hou.

Daar is kragtige pogings aangewend om hulle geloof omver e werp. Dit was vir almal duidelik dat as die aardse heiligdom a beeld of patroon van die hemelse was, die wet in die ark van lie aardse 'n getroue afskrif moes wees van die wet in die ark an die hemelse; en dat 'n aanname van die waarheid aangaande die hemelse heiligdom ook 'n erkenning van die vereistes van ods wet meebring met die verpligting van die Sabbat van die ierde gebod. Hier was die geheim van die bitter en hardnekige teenstand teen die uitleg van die Skrifte wat die bediening van Christus in die hemelse heiligdom geopenbaar het. Die mense wou die deur toerr.aak wat God geopen het, en die deur nopmaak wat Hy gesluit het. Maar Hy "wat oopmaak

en niemand sluit nie, en Hy [wat] sluit en niemand maak oop nie," het gesê, "Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en nienand kan dit sluit nie." Openb. 3: 7, 8. Christus het die deur opgemaak, of die bediening in die Allerheiligste plek geopen»aar, en lig het van daardie geopende deur in die hemelse heiliglom geskyn en daar is gesien dat die vierde gebod deel uitmaak van die wet wat in die ark daarbo is, wat God opgerig het en wat deur niemand omver gewerp kan word nie.

Diegene wat die lig aangeneem het in verband met die becliening [498] van Christus, en die ewigdurendheid van die wet van God, het gevind dat dit die waarhede was wat in Openbaring 14 aan die lig gebring is. Die boodskappe van hierdie hoofstuk bevat 'n drievoudige waarskuwing (Sien Aanhangsel), wat die bewoners van die aarde sal toeberei vir die wederkoms van die Here. Die aankondiging, "Die uur van Sy oordeel het gekom," wys op die slotwerk van Christus se bediening vir die saligheid van die mens. Dit verkondig 'n waarheid wat steeds moet verkondig word totdat die Heiland se middelaarswerk ophou en Hy na die aarde toe terugkom om Sy volk tot Homself te neem. Die oordeelswerk wat in 1844 begin het, moet voortgaan totdat die lewens van almal ondersoek is, beide die lewendes en die dode; daarom sal daardie boodskap aanhou tot die afsluiting van die genadetyd vir die mens. Sodat die mense kan staan in die oordeel, roep die boodskap hulle toe: "Vrees God en gee Hom heerlikheid . . . en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het." Die uitwerking van die aanname van hierdie boodskappe blyk uit die woorde, "Hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." Ten einde gereed te wees vir die oordeel is dit vir die mens nodig om Gods wet te onderhou. Daardie wet sal die maatstaf van karakter in die oordeel wees. Die apostel Paulus verklaar, "Almal wat onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word ... in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel.' En hy sê verder, "Die daders van die wet sal geregverdig word.' Rom. 2: 12-16. Geloof is absoluut nodig om die wet van God te bewaar; want "Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag," en "Alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde." Heb 11: 6; Rom. 14: 23.

Die eerste engel roep die mense toe, "Vrees God en gee Hon heerlikheid," en aanbid Hom as die Skepper van die hemel en die

aarde. Om dit te kan doen, moet hulle Sy wet gehoorsaam Salomo sê, “Vrees God en hou Sy gebooie, want dit is die hele mens.” Pred. 12: 13. Sonder die nakoming van Sy gebooie is geen aanbidding aanneemlik by God nie. “Want dit is die liefde tot God dat ons Sy gebooie bewaar.” “Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is ‘n gruwel.” 1 Joh. 5: 3; Spreuke 28: 9. [499]

Die verpligting om God te aanbid berus op die feit dat Hy die Skepper is, en dat alle dinge hulle bestaan aan Hom te danke let. Orals in die Bybel is Sy aanspraak op eer en aanbidding, bokant die gode van die heidene, gebaseer op die feit van Sy ikeppingskrag. “Want al die gode van die volke is afgode, maar die Here het die hemele gemaak.” Ps. 96: 5. “By wie sal alle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? sê die Heilige. Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge ‘eskape?” “Want so sê die Here, wat die hemele geskape het — Hy is God!—wat die aarde geformeer en dit gemaak het.

. . Ek is die Here, en daar is geen ander nie.” Jes. 40: 25, 26; 45: 18. Die Psalmis sê, “Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak, en ons is Syne.” “Kom, laat ons aanbid en neerbuk, laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het.” Ps. 100: 3; 95: 6. En die heilige wesens wat die Here in die hemel aanbid, verklaar dat hulle dit om die volgende rede doen: “U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape.” Openb. 4: 11.

In Openbaring 14, word die mense opgeroep om die Skepper te aanbid; en diegene wat as gevolg van gehoorsaamheid aan die drievoudige boodskap uitstaan, word voorgestel as onderhoudende die gebooie van God. Een van daardie gebooie wys regstreeks op God as die Skepper. Die vierde gebod verklaar: die “sewende dag is die Sabbat van die Here jou God Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig.” Exod. 20: 10, 11. Verder sê die Here aangaande Sy Sabbatte, “Hulle sal ‘n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die Here julle God is.” Eseg. 20: 20. En die rede hiervoor is, “Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.” Exod. 31: 17.

,,Die belangrikheid van die Sabbat as ‘n gedenkteken van die skepping is daarin gelee dat dit ons steeds herinner aan die ware rede
[500] waarom God aanbid moet word”— naamlik omdat Hy die Skepper en ons Sy skepsels is. “Die Sabbat lê dus ten grondslag van die aanbidding van God; want dit leer ons hierdie groot waarheid op ‘n mees indrukwekkende wyse, en geen ander instelling doen dit nie. Die ware grondslag van aanbidding, nie alleen op die sewende dag nie, maar alle aanbidding, vind ons in die verskil tussen die Skepper en Sy skepsels. Hierdie groot feit kan nooit tot niet raak nie, en moet nooit vergeet word nie.”— *Andrews, J. N., “History of the Sabbath,” hoofstuk 27*. Dit was om hierdie waarheid voor die mens te hou dat God die Sabbat in Eden ingestel het; en solank as die feit blystaan dat Hy ons Skepper is, en dat dit die rede is waarom ons Hom moet aanbid, net solank sal die Sabbat blystaan as die teken en gedenkteken daarvan. As daar ‘n algemene onderhouding van die Sabbat was, sou die gedagtes en liefde van die mens gevestig gewees het op die Skepper as die voorwerp van eer en aanbidding, en daar sou nooit afgodedienaars, godloënaars, en ongelowiges gewees het nie. Die onderhouding van die Sabbat is ‘n teken van lojaliteit aan die ware God, naamlik aan “Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.” Dit is vanselfsprekend dat die boodskap wat die mense toeroep om God te aanbid en Sy gebooie te onderhou, ‘n spesiale beroep op hulle sal doen om die vierde gebod te onderhou.

In teenstelling met diegene wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar, wys die derde engel op ‘n ander klas, teen wie se dwaalleer daar ‘n ernstige waarskuwing geuiter word: “As iemand die dier en sy beeld aanbid en ‘n merk op Sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God.” Openb. 14: 9, 10. ‘n Regte verklaring van die simbole wat gebruik is, is nodig om hierdie boodskap te verstaan. Wat word voorgestel deur die dier, sy beeld, en sy merk?

Die profesie waarin hierdie simbole voorkom, begin met Openbaring 12, met die draak wat trag om Christus by Sy geboorte te vemietig. Die draak is Satan (Openb. 12: 9); dis hy wat Herodus beweeg het om te trag om die Heiland om die lewe te bring. Maar
[501] die vernaamste werktuig wat Satan gebruik het in oorlog te voer teen Christus en Sy navolgers gedurende die erste eeue van die

Christelike tydperk, was die Romeinse Ryk, :a,arin paganisme die hoofgodsdiens was. Hoewel die draak dus a die eerste plek Satan voorstel, is dit ook in ‘n ander sin die imbool van heidense Rome.

In Openbaring 13: 1-10 word daar ‘n ander dier beskryf, soos ‘n luiperd,” aan wie die draak “Sy krag en Sy troon en sy grote mag gegee het.” Hierdie simbool, soos meeste Protesamte ook aanneem, stel die pousdom voor, wat die troon en die nag en die gesag van die ou Romeinse Ryk oorgeneem het. Van die luiperd-dier word daar gesê: “En ‘n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek. . . . En iy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om Sy naam en Sy tabernakel en die wat in die hemel woon te laster. Dit s ook aan hom gegee om oorlog te maak met die heiliges en iulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.” Hierdie profesie, wat byna heeltemal ooreenstem net die beskrywing van die “ander horinkie” van Daniel 7, si nspeel ongetwyfeld op die pousdom.

“Aan hom is mag gegee om dit twee en veertig maande lank te doen.” En die profeet sê, “Ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was.” Verder sê hy, “As iemand k rygsgevangene maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word.” Die twee en veertig maande stem ooreen met die “tyd en tye en die helfte van ‘n tyd,” naamlik drie en ‘n half jaar, of 1260 dae (Dan. 7). Gedurende hierdie tydperk sou die poushike mag Gods volk verdruk. Soos ons in vorige hoofstukke aangetoon het, het hierdie tydperk begin met die opperheerskappy van die pousdom in die jaar 538 n.C., en dit het geëindig in 1798. In daardie jaar is die Pous gevangene geneem cleur die Franse leër, en die pouslike mag het ‘n dodelike wond gekry; toe ook is die voorspelling vervul dat as “iemand krygsgevangene maak, gaan hy in krygsgevangenskap.”

Nou word daar ‘n ander simbool voorgestel. Die profeet sê, “En uit die aarde het ek ‘n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad nes ‘n lam.” Openb. 13: 11. Sowel die verskyning van hierdie [502]
dier en die manier van sy opkoms toon aan dat dit ‘n volk voorstel wat anders is as die van die vorige simbole. Die groot koninkryke wat oor die wêreld geheers het, is deur die profeet Daniel voorgestel deur roofdiere, wat verskyn het toe “die vier winde van die hemel die groot see in beroering gebring [het].” Dan. 7: 2. In Openbaring 17,

het 'n engel verduidelik dat waters "volke en menigtes en nasies en tale is." Openb. 17: 15. Winde is 'n simbool wat stryd voorstel. Die vier winde van die hemel wat die groot see in beroering gebring het, stel die verskriklike veroweringstonele voor, en die omwentelings waardeur die koninkryke hulle mag verkry het.

Maar die dier met die lamshorings het uit die aarde opgekom. In stede dat hy ander volke onderwerp het om homself te bevestig, moet die volk wat hier voorgestel is, opkom uit terrein wat voorheen nie deur ander volke beset was nie, en dit moes langsaam en vreedsaam ontwikkel. Hierdie volk kon dus nie opkom onder die oorbevolkte en worstelende nasies van die Ou Wêreld nie, naamlik uit daardie onstuimige see van "volke en menigtes en nasies en tale" nie. Ons moet dit dus gaan soek op die Westelike Halfrond.

Watter volk van die Nuwe Wêreld het in 1798 opgekom wat blyke gegee het van mag en grootheid, en wat die aandag van die wêreld getrek het? Die antwoord is voor die hand liggend. Een volk, en slegs een, beantwoord aan die beskrywings van hierdie profesie; op onmiskenbare wyse dui dit die Verenigde State van Amerika aan. Keer op keer is die gedagte, byna die juiste woorde van die profeet, onbewus aangehaal deur die redenaar en historikus waar hulle die opkoms en ontwikkeling van hierdie volk beskryf. Daar is gesien dat die dier "uit die aarde opkom;" en volgens die vertalers beteken die woord wat hier vertaal is met "opkom," letterlik "om voort te spruit soos 'n plant." En, soos ons gesien het, moet daardie volk opkom op terrein wat nie voorheen beset was nie. 'n Vooraanstaande skrywer, in sy beskrywing van die opkoms van die Verenigde State, praat van "*die wonder van sy opkoms uit niks,* " en sê, "soos 'n stille saadjie het ons gegroei tot 'n ryk."-—*Townsend, G. A., "The*
[503] *New World Compared with the Old," bl. 462 (ed. 18 69).* In die jaar 1850 het 'n Europese tydskrif van die Veren igde State gepraat as 'n wonderbaarlike ryk wat "voortspruit" en "*te midde van die stilte van die aarde*daeliks sy mag en sy hoogmoed vermeerder het."— *The Dublin Nation.*In 'n toespraak oor die Pelgrimstigters van hierdie volk, het Edward Everett gesê: "Het hulle gesoek na 'n stil plekkie, wat deur sy verborgenheid nie aanstoot kon gee nie, veilig in sy afgeleëntheid, waar die klein kerkie van Leiden vryheid van gewete kon geniet? Aanskou die magtige geweste waarheen

hulle in vreedsame verowering die banier van die kruis gedra het!"—*Toespraak gelewer te Plymouth, Mass., 22 Des. 1824, bl. 11.*

"Hy het twee horings gehad nes 'n lam." Die lamshorings stel jeug, onskuld, en sagmoedigheid voor -—'n paslike voorstelling van die karakter van die Verenigde State toe dit aan die profeet voorgestel is as opkomende in 1798. Onder die Christenbannelinge wat eerste na Amerika gevlug en daar 'n skuilplek gesoek het teen koninklike verdrukking en priesterlike onverdraagsaamheid, was daar baie wat vasbeslote was om 'n regering te stig op die breë fondament van burgerlike en godsdiensvryheid. Hulle sienswyse is opgeneem in die Onafhanklikheidsverklaring wat die groot waarheid uiteensit dat "alle mense op gelyke voet geskape" is, en die onvervreembare reg het op "lewe, vryheid, en geluk." En die Konstitusie waarborg aan die volk die reg op selfregering, wat voorsiening maak dat verteenwoordigers wat gekies is deur die volkstem die wette sal maak en uitvoer. Daar is godsdiensvryheid toegestaan, en elke mens is toegelaat om God te dien volgens die inspraak van sy eie gewete. Republikanisme en Protestantisme het die grondbeginsels geword van die volkslewe. Hierdie beginsels is die geheim van sy mag en voorspoed. Die verdruktes en vertredes uit die Christendom het hulle na hierdie land begeef met belangstelling en hoop. Miljoene het daarheen gegaan, en die Verenigde State het sy plek ingeneem onder die magtigste volke van die aarde.

Maar die dier met die lamshorings het "gepraat soos 'n draak.
En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak
dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid waarvan
die dodelike wond genees was . . . en hy verlei die bewoners van die [504]
aarde deur . . . te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat [505]
die swaardwond gekry en lewendig geword het." Openb. 13: 11-14.

Die lamshorings en die stem van die draak is simbolies van iie opvallende teenstrydigheid tussen die belydenis en handelwyse van die volk wat hier voorgestel is. Die "gepraat" van die wolk word gedoen deur sy wetgewende en geregtelike owerhede. Deur sulke handelwyse sal hulle daardie liberale en vreedsame beginsels wat hulle bely het as grondslag van hulle beleid, loën. Die voorspelling dat die dier soos 'n draak praat en "al die mag van die eerste dier" uitoefen, voorspel duidelik die ontwikkeling van die gees van onverdraagsaamheid en vervolging wat geopenbaar is deur die volke wat

voorgestel is deur die draak en die luiperd-dier. En die verklaring dat die dier met die twee horings "maak dat die aarde en die wat daarop woon. die eerste dier aanbid," toon aan dat die gesag van hierdie volk gebruik sal word om die een of ander instelling te eerbiedig wat 'n daad van hulde sal wees aan die Pous.

So 'n handelwyse sou regstreeks bots met die beginsels van hierdie regering, in stryd wees met sy vrye instellings en ook met die duidelike en plegtige verklarings van die Onafhanklikheidsverklaring en die Konstitusie. Die stigters van die volk het met wysheid getrag om die beoefening van burgerlike mag aan die kant van die kerk te belet — iets waarvan die onvermydelike gevolge altyd onverdraagsaamheid en vervolging is. Die Kon-stitusie bepaal dat "die Kongres geen wet sal maak om 'n sekere godsdiens te bevestig, of dat die vrye beoefening van godsdiens sal belet nie"; en ook dat "geen godsdienstige toets voorgeskryf sal word as bevoegdheid vir die bekleding van enige amp of openbare aanstelling in die Verenigde State nie." Wanneer enige godsdienstige instelling deur burgerlike gesag verpligtend gemaak word, sal dit niks anders as 'n openlike verkragting van die volksvryheid wees nie. Die teenstrydigheid van sulke handelwyse is nie groter as wat deur die simbool voorgestel is nie. Dit is die dier met die lamshorings — wat voorgee om rein, sagmoedig, en onskadelik te wees — wat soos 'n draak praat.

[506] "Deur vir die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier." Hier het ons 'n duidelike voorstelling van 'n regeringsvorm waar die mag om wette te maak by die volk berus; 'n treffende bewys dat die Verenigde State die volk is wat in die profesie aangewys is.

Maar wat is die "beeld vir die dier"? En hoe word dit gemaak? Die beeld word gemaak deur die dier met die twee horings, en dit is 'n beeld vir die dier. Dit word ook genoem 'n beeld van die dier. Om nou vas te stel hoe die beeld lyk en hoe dit gemaak sal word, moet ons die kenmerke van die dier self — naamlik die pousdom, ondersoek.

Toe die vroeë kerk afvallig geword het deur af te wyk van die eenvoud van die evangelie en deur heidense rites en gebruike aan te neem, het hy die Gees en krag van God verbeur; om beheer te verkry van die gewete van die volk het hy die hulp gesoek van die burgerlike mag. Daaruit het die pousdom voortgekom, naamlik 'n kerk wat die

staat beheers het en die mag daarvan gebruik het om sy eie belange te bevorder, veral om kettery te onderdruk. Vir die Verenigde State om 'n beeld van die dier te maak, moet die godsdienstige mag die burgerlike regering op so 'n wyse beheers dat die kerk die gesag van die staat sal gebruik vir sy eie doeleindes.

Elke keer wanneer die kerk burgerlike mag verkry het, het hy daardie mag gebruik om diegene te straf wat met sy leer verskil het. Protestantse kerke wat in die voetstappe van Rome gevolg het deur 'n verbond aan te gaan met wêreldlike magte, het dieselfde begeerte geopenbaar om gewetensvryheid te beperk. Ons het 'n voorbeeld hiervan in die langdurige vervolging van die afgeskeidenes deur die Kerk van Engeland. Gedurende die sestiende en sewentiende eeue is duisende nonkonformis-predikante verplig om hulle kerke te verlaat; en vele, sowel predikante as leke, is beboet, in die tronk gestop, gemartel, en sommige het die marteldood gesterf.

Dit was as gevolg van afvalligheid dat die vroeë kerk die hulp van die burgerlike regering ingeroep het en sodoende die weg berei het vir die ontwikkeling van die pousdom — die dier. Paulus het gesê, "Eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word." 2 Thess. 2: 3. Dit is dus die afvalligheid van die kerk wat die [507]
weg sal berei vir die beeld van die dier.

Die Bybel verklaar dat daar voor die wederkoms van die Here godsdienstige agteruitgang sal wees net soos in die eerste eeue. "Maar weet dit, dat daar sware tye in die laaste dae sal ontstaan. Want die mense sal *liefhebbers van hulleself wees,* geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig,*sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van vermaak as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het*" 2 Tim. 3: 1-5. "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang." 1 Tim. 4: 1. "Satan [sal] met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid" werk. En die wat "die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie," sal oorgegee word om die "krag van dwaling" aan te neem "om die leuen te glo." 2 Thess. 2: 9-11. Wanneer hierdie staat

van goddeloosheid bereik is, sal dieselfde gevolge gesien word as in die eerste eeue.

Die groot verskil van geloof in die Protestantse kerke word deur vele beskou as afdoende bewys dat geen poging om gelykvormigheid te verkry ooit gemaak sal word nie. Maar vir jare reeds bestaan daar in die Protestantse kerke 'n sterk begeerte vir 'n vereniging met algemeen aangenome leerstellings as grondslag. Om so 'n vereniging te verkry, moet die bespreking van geskilpunte, hoe belangrik hulle ookal mag wees uit 'n Bybelse standpunt, desnoods uitbly.

In 'n preek in die jaar 1846 het Charles Beecher verklaar dat die predikante van die "Evangeliese Protestantse denominasies nie alleen gestig is onder 'n vreeslike druk van louter mensevrees nie, maar hulle lewe en beweeg en haal asem onder heeltemal verdorwe toestande, en elke uur neem hulle hulle toevlug tot elke onedele karaktertrek van hulle wese om die waarheid te verswyg en die knie te buig voor die mag van afval. Was dit ook nie die beloop van sake
[508] met Rome nie? En leef ons nie weer die lewe van Rome oor nie? En wat sien ons in die onmiddellike toekoms? Weer 'n algemene vergadering! 'n Wêreldkonferensie! 'n Evangeliese vergadering en 'n algemene geloofsbelydenis! "— *Preek oor "The Bible a Sufficient Creed," gelewer op Fort Wayne, Ind., 22 Feb. 1846.*Wanneer hierdie doel bereik is, sal daar nog net een stap oorbly, naamlik om geweld te gebruik om volkome eenstemmigheid te verkry.

Wanneer die vooraanstaande kerke van die Verenigde State, verenig op leerstellings waarop hulle almal eens is, die staat sal beïnvloed om hulle wette uit te voer en hulle instellings te handhaaf, dan sal Protestants-Amerika die beeld gemaak het van die Roomse hiërargie, en die oplegging van burgerlike straf op andersdinkendes sal die onvermydelike gevolg wees.

Die dier met die twee horings "maak dat aan almal, die kleintjies en die grotes, en die rykes en die armes en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee is; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het." Openb. 13: 16, 17. Die derde engel se waarskuwing lui as volg, "As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God." Die dier wat in hierdie boodskap genoem word, en die aanbidding

waarvan afgedwing word deur die dier met die twee horings, is die eerste, of die luiperd-dier van Openbaring 13 — die pousdom. Die beeld van die dier stel 'n vorm van afvallige Protestantisme voor wat sal ontstaan wanneer die Protestantse kerke die hulp van die burgerlike regering inroep om hulle dogmas verpligtend te maak. Die "merk van die dier" sal later verklaar word.

Ná die waarskuwing teen die aanbidding van die dier en sy beeld, lui die profesie verder, "Hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." Aangesien diegene wat Gods gebooie bewaar, genoem word in teenstelling met diegene wat die dier en sy beeld aanbid en sy merk ontvang, volg dit dat die onderhouding van Gods wet aan die eenkant, en die oortreding daarvan aan die anderkant, die onderskeidingsteken sal wees tussen die aanbidders van God en die aanbidders van die dier. [509]

Die spesiale kentrek van die dier, en dus ook van sy beeld, is die oortreding van Gods gebooie. Van die "ander horing"— die pousdom — sê Daniël, "Hy sal probeer om tye en wet te -verander." Dan. 7: 25. Paulus noem hierdie selfde mag die "mens van sonde," wat hom sou verhef bokant God. Die een profesie vul die ander aan. Alleen deur Gods wet te verander Tson die pousdom homself bokant God verhef; wie ook al die wet wat so verander is, willens en wetens hou, sou die allerhoogste eer bewys aan die mag deur wie die verandering gemaak is. So 'n daad van gehoorsaamheid aan pouslike wette sou 'n teken van trou wees aan die Pous, pleks van aan God.

Die pousdom het probeer om Gods wet te verander. Die tweede gebod, wat die aanbidding van beelde verbied, is uit die wet weggelaat, en die vierde gebod is verander om die viering van die eerste, pleks van die sewende, dag as Sabbat te magtig. As rede waarom die tweede gebod weggelaat is, voer die pousgesindes aan dat die gebod onnodig is omdat dit in die eerste gebod opgeneem is, en dat hulle die wet weergee presies net soos God wil he dat ons dit moet verstaan. Hulle sê dat dit dus nie die verandering is wat deur die profeet voorspel is nie. Daar is sprake van 'n moedswillige, voorbedagte verandering: "Hy sal probeer om tye en wet te verander." Die verandering in die vierde gebod vervul die profesie op treffende wyse. Die enigste gesag wat vir hierdie verandering aangevoer is,

is die van die kerk. Hier stel die pouslike mag hom openlik bokant God.

Terwyl die aanbidders van God spesiaal gekenmerk is deur hulle agting vir die vierde gebod, aangesien dit die teken is van Gods skeppingskrag, en ook die bewys bevat van Sy aanspraak op die eerbewys en hulde van die mens, word die aanbidders van die dier gekenmerk deur hulle pogings om die Skepper se gedenkteken te vernietig en die instelling van Rome te verhef. Dit was ten opsigte van Sondagviering dat die pousdom die eerste maal sy vermetele aansprake beklemtoon het (Sien Aanhangsel); en dit was om Sondagviering as "die dag van die Here" verpligtend te maak dat hy die eerste keer sy toevlug geneem het tot die mag van die staat. Maar die Bybel wys die sewende dag aan, en nie die eerste nie, as die Dag
[510] van die Here. Christus het gesê, "Die Seun van die mens [is] Here ook van die Sabbat." Die vierde gebod lui, "Die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God." En die Here noem daardie dag deur die profeet Jesaja, "My heilige dag." Markus 2: 28; Exod. 20: 10; Jes.58: 13.

Die bewering wat so dikwels gemaak word, naamlik dat Christus die Sabbat verander het, is deur Sy eie woorde geloënstraf. In Sy bergpredikasie het Hy gesê: "Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, totdat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense so leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele." Matt. 5: 17-19.

Dat die Skrifte geen gesag verleen vir die verandering van die Sabbat nie, is 'n feit wat algemeen erken word deur Protestante. In die geskrifte van die "American Tract Society" en "The American Sunday School Union," word hierdie feit duidelik erken. "Die volkome stilswye van die Nuwe Testament oor 'n duidelike bevel vir Sabbatviering [Sondag, die eerste dag van die week] of bepaalde reels vir die viering daarvan," word openlik erken in een van bogenoemde werke.*(Elliott, George, "The Abiding Sabbath," bl. 184.)*

'n Ander skrywer sê "Tot by die dood van Christus was daar geen verandering in die dag gemaak nie; ons lees nie dat hulle [die apostels] 'n bepaalde gebod gegee het wat die sewendedag Sabbat afgeskaf het en die viering van die eerste dag ingestel het nie."—*Waffle, A. E., "The Lord's Day," bis. 186, 187, 188.*

Rooms-Katolieke erken dat die verandering van die Sabbat deur hulle kerk gemaak is, en hulle verklaar dat Protestante, deur Sondag te vier, die gesag van die kerk erken. In die "Catholic Catechism of Christian Religion," word die volgende verklaring gemaak in antwoord op 'n vraag watter dag gevier moet word in gehoorsaamheid aan die vierde gebod: "In die ou wet is Saterdag die dag wat geheilig [511] is; maar die kerk, op bevel van Jesus Christus en gelei deur die Gees van God, het Sondag ingestel in die plek van Saterdag; ons heilig vandag die eerste, en nie die sewende dag nie. Sondag beteken, en is nou, die dag van die Here."

Pousgesinde skrywers sê dat die teken van die gesag van die Katolieke Kerk is "die daad self van die verandering van die Sabbat tot Sondag, en wat Protestante toegee; omdat hulle deur Sondagviering die mag van die kerk erken om feesdae in te stel, en die viering daarvan te gebied onder sonde."— — *Tuberville, H"An Abridgment oj the Christian Doctrine bl. 58.*Wat dan is die verandering van die Sabbat anders as die teken, of merk, van die gesag van die Roomse Kerk — die merk van die dier"?

Die Katolieke Kerk het nie sy aanspraak op opperheerskappy laat vaar nie; en wanneer die wêreld en die Protestantse kerke die Sabbat aanneem wat hy ingestel het, terwyl hulle die By- belse Sabbat ver- [512] werp, erken hulle feitlik hierdie aanmatiging. Hulle mag aanspraak maak op die gesag en tradisies van die Vaders vir die verandering; maar as hulle dit doen, sien hulle juis die beginsel oor die hoof wat hulle van Rome afskei — naamlik dat "die Bybel, en die Bybel alleen die godsdiens van Protestante is." Die pousgesindes kan sien dat hulle [die Protestante] hulleself bedrieg en hulle oë moedswillig sluit vir die feite. Namate die beweging vir die verpligting van Sondagviering aangeneem word, is hulle [die pousgesindes] verseker dat dit uiteindelik die ganse Protestantisme weer onder die banier van Rome sal bring.

Die pousgesindes verklaar dat "die viering van Sondag deur Protestante 'n hulde is wat hulle, ten spyte van hulleself, aan die

gesag van die [Katolieke Kerk] betoon."—"*Plain Talk About the Protestantism oj Today," bl. 213.*Waar Protestantse kerke Sondagviering verpligtend maak, maak hulle die aanbidding van die pousdom verpligtend — naamlik die dier. Diegene, wat hoewel hulle die aansprake van die vierde gebod besef maar nogtans verkies om die valse in stede van die ware Sabbat te vier, betoon daardeur hulde aan daardie mag wat dit beveel het. Juis deur die daad van burgerlike mag in te roep om besluite van die kerk verpligtend te maak, is die kerke self besig om 'n beeld vir die dier te maak; daarom sou verpligte Sondagviering in die Ver-enigde State, die aanbidding van die dier en sy beeld verpligtend maak.

Maar Christene van vorige geslagte het Sondag gevier en gemeen dat hulle daardeur die Bybelse Sabbat gevier het; en daar is tans ook opregte Christene in alle kerke, die Rooms-Katolieke Kerk inkluis, wat eerlik glo dat Sondag die Sabbat is wat God ingestel het. God neem sulke opregtheid aan. Maar wanneer Sondagviering deur die wet verpligtend gemaak word, en die hele wêreld verlig is aangaande die verpligting van die ware Sabbat, dan sal diegene wat die gebod van God oortree om 'n gebod te gehoorsaam wat geen hoër gesag het as die van Rome nie, daardeur die pousdom vereer bokant God. Daardeur sou hy hulde betoon aan Rome, en aan die mag wat 'n instelling wat deur Rome beveel is, verpligtend maak. Hy sou besig
[513] wees om die dier en sy beeld te aanbid. As mense dan die instelling werwerp waarvan God sê dat dit 'n teken is van Sy gesag, en in die plek daarvan 'n instelling vereer wat Rome verkies het as die teken van sy oppermagtigheid, sou hulle daardeur die teken van getrouheid aan Rome aanvaar — naamlik "die merk 'van die dier." Dit is eers wanneer die saak duidelik onder die .aandag van die volk gebring is, en hulle voor die keuse gebring is om te kies tussen die gebooie van God en die gebooie van mense, dat diegene wat volhou met hulle oortreding die "merk van die dier" sal ontvang.

Die vreeslikste dreigement wat nog ooit teen sterwelinge geuiter is, is bevat in die derde engel se boodskap. Daar is vreeslike sonde wat die wraak van God onvermeng met genade uitlok. Die mens word nie in duisternis gelaat aangaande hierdie belangrike saak nie; die waarskuwing teen hierdie sonde sal aan die wêreld gegee word voor Gods oordele hom tref, sodat almal kan weet waarom hulle kom en kans sal hê om hulle te ontvlug. Die profesie verklaar dat

die eerste engel sy boodskap sal gee aan “alle nasies en stamme en tale en volke.” Die waarskuwing van die derde engel, wat deel uitmaak van dieselfde drievoudige boodskap, word net so wyd en syd verkondig. Die profesie sê dat dit met ‘n luide stem verkondig word deur ‘n engel wat in die middel van die lug vlieg; en dit sal die aandag van die ganse wêreld trek.

In hierdie stryd sal die Christendom in twee klasse verdeel word — naamlik diegene wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar, en diegene wat die dier aanbid en sy beeld en sy merk ontvang. Hoewel kerk en staat sal saamspan om “almal. die kleintjies en die grotes, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe,” “die merkteken van die dier” (Openb. 13: 16) te gee, sal die volk van God dit nogtans nie ontvlug nie. Die profeet op Patmos het die “oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, en oor die getal van sy naam sien staan by die see van glas met siters van God,” en hulle het die lied gesing van Moses en van die Lam. (Openb. 15: 2, 3.) [514]

[515]

# Hoofstuk 26—‘n Hervormingswerk

DIE Sabbatshervorming wat in die laaste dae sal geskied, is voorspel in die profesie van Jesaja: “So sê die Here: Bewaar die reg en doen geregtigheid; want My heil is naby om te kom en My geregtigheid om geopenbaar te word. Welgeluksalig is die mens wat dit doen en die mensekind wat daaraan vashou; wat die Sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie . . . en die uitlanders wat hulle by die Here aangesluit het om Horn te dien en om die Naam van die Here lief te hê deur Sy knegte te wees — elkeen wat die Sabbat hou, sodat hy dit nie onheilig nie, en hulle wat vashou aan My verbond, hulle sal Ek bring na My heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in My huis van gebed.” Jes. 56: 1, 2, 6, 7.

Hierdie woorde is van toepassing op die Christelike bedeling [516] soos aangetoon is deur die teksverband: “Die Here HERE wat versamel diegene wat van Israel verdryf is, spreek: Ek sal by hom nog meer versamel, by sy versameldes.” Jes. 56: 8. Hier het ons ‘n voorspelling van die versameling van die heidene deur die evangelie. Op diegene wat die Sabbat heilig, word daar ‘n seen uitgespreek. Die verpligting om die vierde gebod te hou reik dus tot anderkant die kruisiging, die opstanding, en die hemelvaart van Christus, tot die tyd wanneer Sy diensknegte die blye tyding sal verkondig aan alle volke.

Deur dieselfde profeet beveel die Here, “Bind die getuienis toe; verseël die wet in die hart van My leerlinge.” Jes. 8: 16, 20. Die seël van Gods wet word in die vierde gebod aangetref. Van al die tien is dit hierdie gebod alleen wat die naam en die titel van die Wetgewer vermeld. Dit verklaar dat Hy die Skepper van die hemele en die aarde is, sodat Hy geregtig is op die eerbetoning en aanbidding bo alle ander gode. Behalwe hierdie gebod, is daar niks in die Dekaloog wat aantoon op wie se gesag die wet gegee is nie. Toe die Sabbat deur die pouslike mag verander is, is die seël van die wet weggeneem. Daar word ‘n beroep op die dissipels van Jesus gedoen om die seël

te herstel deur die Sabbat van die vierde gebod tot sy regmatige plek te verhef as die Skepper se gedenkteken en die teken van Sy gesag.

"Na die wet en na die getuienis." Hoewel daar baie teenstrydige leerstellings en teorieë is, is die wet van God die een onfeilbare maatstaf waaraan alle menings, leerstellings, en teoriee getoets moet word. Die profeet sê, "As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie. is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie!" Jes. 8: 20.

Weer kom die bevel, "Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin en verkondig aan My volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes." Dit is nie die sondige wêreld nie, maar diegene wat die Here "My volk" noem, wat bestraf word vir hulle oortredings. Die Here sê verder, "En tog soek hulle My dag vir dag en het 'n behae in die kennis van My weë! Soos 'n nasie wat geregtigheid doen en die reg van Sy God nie verlaat nie." Jes. 58: 1, 2. Hier sien ons 'n klas wat dink dat hulle regverdig is, en wat skynbaar groot belangstelling toon in die diens van God; maar die ernstige be- straffing van die Deursoeker van harte bewys dat hulle [517]
die goddelike gebooie vertrap.

Die profeet toon die wet aan wat versaak is: "Die fondamente van vorige geslagte sal jy oprig, en jy sal genoem word: Bouer van gebreekte mure, hersteller van paaie om bewoonbaar te maak. As jy jou voet terughou van die Sabbat — om nie jou besigheid op My heilige dag te doen nie, en as jy die Sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die Here eerwaardig; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou besigheid soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die Here." Jes. 58: 12-14. Hierdie profesie is ook op ons tyd van toepassing. Die breuk is gemaak in die wet van God toe die Sabbat deur die Roomse mag verander is. Maar die tyd het aangebreek dat hierdie goddelike instelling herstel moet word. Die breuk moet toegemaak word, en die fondament van vorige geslagte moet opgerig word.

Geheilig deur die Skepper se rus en seen, is die Sabbat deur Adam in sy onskuld in die heilige Eden gehou; en toe die gevalle, dog boetvaardige, Adam uit sy gelukkige tuiste verdryf is, het hy dit nog gevier. Dit is gevier deur al die patriarge van Abel af tot by regverdige N'oag en Abraham en Jakob. Toe die uitverkore volk in die Egiptiese slawerny was, het baie van hulle, te midde van die heersende afgodediens, hulle kennis van Gods wet verloor; maar

toe die Here Israel verlos het, het Hy Sy wet in ontsagwekkende heerlikheid aan die skare verkondig, sodat hulle Sy wil mag ken en Hom vir ewig mag vrees en gehoorsaam.

Van daardie dag af tot vandag toe, is die kennis van Gods wet op die aarde bewaar, en is die Sabbat volgens die vierde gebod gehou. Hoewel die "mens van sonde" daarin geslaag het om Gods heilige dag onder die voete te vertree, was daar nogtans, selfs in die tyd van sy opperheerskappy, getroue siele in verborge plekke wat die Sabbat geërbiedig het. Sedert die Hervorming was daar in elke geslag diegene wat dit gehou het. Hoewel dit dikwels te midde van verwyte en vervolging geskied het, is daar gedurig getuienis gelewer van die ewigdurendheid van Gods wet en van die heilige verpligting
[518] van die Sabbat by die skepping ingestel.

Die Wet Van God

| **Soos Deur Jehova Gegee** | **Soos Deur die Mens Verander** |
|---|---|
| **I** | **I** |
| Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie. | Ek is die Here jou God: jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie. |
| **II** | |

| | |
|---|---|
| Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en My gebooie onderhou. | |
| **III** | **II** |
| Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat Sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie. | Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie |
| **IV** | **III** |

| | |
|---|---|
| Dink aan die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen: maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig. | Dink aan die Sabbatdag, dat jy dit heilig. |
| **V** | **IV** |
| Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee. | Eer jou vader en jou moeder. |
| **VI** | **V** |
| Jy mag nie doodslaan nie. | Jy mag nie doodslaan nie. |
| **VII** | **VI** |
| Jy mag nie egbreek nie. | Jy mag nie egbreek nie. |
| **VIII** | **VII** |
| Jy mag nie steel nie. | Jy mag nie steel nie. |
| **IX** | **VIII** |
| Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. | Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. |
| **X** | **IX** |

| | |
|---|---|
| Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie. | Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie. |
| | **X** |
| | Jy mag nie jou naaste se goed begeer nie. |
| *(Exod. 20:3-17.)* | *(Butler se Kategismus, bis. 28.)* |

[519]

Hierdie waarhede, soos voorgestel in Openbaring 14, in verband met die "ewige evangelie," sal die kenmerke wees wat die kerk van Christus onderskei tydens Sy wederkoms. Want as gevolg van die verkondiging van die drievoudige boodskap, word daar verklaar, "Hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." En hierdie boodskap is die laaste boodskap wat verkondig sal word voor die koms van die Here. Onmiddellik na die verkondiging daarvan het die profeet die Seun van die mens in heerlikheid sien kom om die oes van die aarde in te samel.

Diegene wat die lig aangaande die heiligdom en die onveranderlikheid van Gods wet aangeneem het, was met vreugde en verbasing vervul toe hulle die heerlikheid en eenstemmigheid van die stelsel van waarheid gesien het wat aan hulle verstand geopen is. Dit was hulle begeerte dat die lig wat vir hulle so dierbaar was, aan alle Christene sou meegedeel word; en hulle kon nie anders as om te glo dat dit met blydskap sou aangeneem word nie. Maar waarhede wat hulle in botsing met die wêreld sou bring, was onwelkom vir baie wat voorgegee het om navolgers van Christus te wees. Gehoorsaamheid aan die vierde gebod het 'n opoffering geverg waarvoor die meerderheid teruggedeins het.

Toe die Sabbat aan hulle voorgehou is, het baie die standpunt van die wêreldling ingeneem. Hulle het gesê: "Ons het altyd Sondag gehou, ons vaders het dit gehou, en baie goeie en vrome mense het heeltemal gelukkig gesterf terwyl hulle dit gehou het. As hulle reg was, dan is ons ook reg. As ons hierdie nuwe Sabbat hou, sal dit ons

in botsing bring met die wêreld en ons sou geen invloed op hulle hê nie. Wat kan 'n klein klompie mense doen wat die sewende dag hou, teen die hele wêreld wat Sondag hou?" Die Jode het dergelike argumente aangevoer in 'n poging om hulle verwerping van Christus te regverdig. Hulle vaders, wat slagoffers aan God gebring het, is deur Hom aangeneem, en waarom sou die kinders nie gered word as hulle dieselfde pad bewandel nie? So ook het die pousgesindes in die dae van Luther aangevoer dat baie opregte Christene in die Katolieke
[520] geloof gesterf het, en dat daardie geloof dus vol- doende was vir die saligheid. Sulke argumente sou 'n doeltreffende dwarsboom wees teen alle vooruitgang van die geloof en lewe.

Baie het aangevoer dat Sondagviering 'n gevestigde leerstelling en 'n algemene gebruik van die kerk vir baie eeue was. Teen hierdie argument is daar aangevoer dat Sabbatviering baie ouer en algemener was, ja so oud as die wêreld self, en dat dit die goedkeuring van beide die engele en van God weggedra het. Toe die fondamente van die aarde gelê is, toe die moresterre saamgesing het, en toe al die seuns van God gejuig het van vreugde, toe is die fondament van die Sabbat gelê. (Job 38:6, 7; Geu. 2:1-3.) Hierdie instelling verdien wel ons eerbied: dit is nie deur 'n mens ingestel nie, en dit berus nie op menslike tradisies nie; dit is deur die Oue van Dae ingestel, en dit word gebied in Sy ewige woord.

Namate die aandag van die volk gevestig is op die onderwerp van Sabbathervorming, het meeste predikante die woord van God verdraai, en dit uitgelê om soekende harte tevrede te stel. En diegene wat nie self die Skrifte ondersoek het nie, was tevrede om gevolgtrekkings te aanvaar wat ooreengestem het met hulle begeertes. Deur argumente, drogredes, die tradisies van die Vaders, en die gesag van die kerk, het vele probeer om die waarheid omver te werp. Die voorstanders van die Sabbat is tot hulle Bybels gedryf om die bindende gesag van die vierde gebod te verdedig. Nederige manne, bewapen met die Woord van Waarheid alleen, het die aanvalle van geleerdes weerstaan, wat, met verbasing en woede ontdek het dat hulle welsprekende drogredes magteloos was teen die eenvoudige, reguit argumente van manne wat die Skrifte geken het liewer as bedrewenheid in die spitsvondighede van die skole.

Sonder enige Bybelse bewys in hulle guns, het vele met onvermoeide volharding gevra — sonder om te dink hoedat die selfde

argumente teen Christus en Sy apostels aangevoer is — “Waarom verstaan ons groot manne nie die Sabbatvraagstuk nie? Daar is maar min wat glo soos julle glo. Dit kan nie wees dat julle reg is, en dat al die geleerdes van die wêreld verkeerd is nie.” [521]

Om sulke argumente te weerlê, was dit slegs nodig om die Skrifte aan te haal en te verwys na die geskiedenis van die Here se handelinge met Sy volk in alle eeue. God werk deur middel van diegene wat Sy stem hoor en gehoorsaam; diegene wat, as dit nodig is, harde waarhede verkondig; diegene wat nie vrees om algemene sondes te bestraf nie. Die rede waarom Hy nie meer dikwels geleerde en vooraanstaande manne kies om die leiding te neem in hervormingsbewegings nie, is omdat hulle op hulle kerkleer, teorieë, en teologiese stelsels vertrou, en nie behoefte voel aan die onderrig van God nie. Alleen diegene wat ‘n persoonlike verbinding het met die Bron van alle wysheid kan die Skrifte verstaan en verklaar. Manne wat maar min van die geleerdheid van die skole het, word soms geroep om die waarheid te verkondig, nie omdat hulle ongeleerd is nie, maar omdat hulle nie te volleerd is om deur God onderrig te word nie. Hulle leer in die skool van Christus, en hulle nederigheid en gehoorsaamheid maak hulle groot. Deur die kennis van Sy waarheid aan hulle te gee, gee God aan hulle groot eer vergeleke waarmee aardse eer en menslike grootheid onbeduidend is.

Die meerderheid van die Adventiste het die waarhede aangaande die heiligdom en die wet van God verwerp, en ook baie van hulle het hulle geloof in die Adventbeweging versaak en die onjuiste en teenstrydige verklarings van die profesieë in verband darmee aangeneem. Sommige het selfs die dwaling begaan om herhaaldelik ‘n bepaalde datum vas te stel vir die koms van Christus. Die lig wat nou op die onderwerp van die heiligdom geskyn het, sou hulle oortuig het dat geen profetiese tydperk tot by die wederkoms van Christus strek nie, en dat die juiste tyd vir hierdie gebeurtenis nie voorspel is nie; maar, deur hulle van die lig af te wend, het hulle keer op keer tye vasgestel vir die wederkoms van die Here, en elke keer is hulle teleurgestel.

Toe die gemeente van Thessalonika verkeerde sienswyses aangeneem het aangaande die wederkoms van Christus, het die apostel Paulus hulle aangeraai om hulle hoop en verwagting noukeurig te toets aan die woord van God. Hy het profesieë aangehaal wat gebeur-

[522] tenisse openbaar het wat sou plaasvind voor die koms van Christus, en hy het hulle daarop gewys dat daar geen grond bestaan het om die koms van die Here in hulle tyd te verwag nie. "Laat niemand julle op enige manier mislei nie," het hy hulle gewaarsku. (2 Thess. 2: 3.) As hulle dinge sou verwag wat nie deur die Skrifte gestaaf word nie, sou hulle 'n verkeerde weg inslaan; teleurstelling sou hulle blootstel aan die bespotting van ongelowiges, en hulle sou gevaar loop om tot wanhoop te verval, en om die waarhede te betwyfel wat nodig is vir hulle saligheid. Die apostel se vermaning aan die Thessalonicense bevat 'n belangrike les vir diegene wat in die laaste dae lewe. Baie Adventiste het gevoel dat hulle nie ywerig kan wees in die werk van voorbereiding as hulle nie 'n bepaalde dag kan vasstel vir die koms van die Here nie. Maar waar hulle hoop van tyd tot tyd opgewek word om maar net weer teleurgestel te word, sou hulle geloof so 'n skok kry dat dit vir hulle byna onmoontlik sou wees om onder die indruk te kom van die groot profetiese waarhede.

Die verkondiging van 'n bepaalde tyd vir die oordeel, soos in die eerste boodskap, is deur God beveel. Die berekening van die profetiese tydperke waarop daardie boodskap gebaseer was, en wat die einde van die 2,300 dae geplaas het in die herfs van 1844, staan onaantasbaar. Die herhaaldelike pogings om nuwe datums vas te stel vir die begin en einde van die profetiese tydperke, en die onjuiste argumente wat nodig is om sulke stellings te handhaaf, lei mense nie alleen weg van die teenwoordige waarheid nie, maar dit bring alle pogings om die profesieë te verklaar in veragting. Hoe meer daar 'n bepaalde tyd vasgestel word vir die wederkoms, en hoe meer dit verkondig word, hoe beter pas dit in die planne van Satan. As die tyd verbygaan, verwek hy bespotting en veragting teenoor die voorstanders, en op daardie manier bring hy hoon en smaad op die groot Adventbeweging van 1843 en 1844. Diegene wat volhard in hierdie dwaling sal eindelik 'n datum vasstel wat te ver in die toekoms is vir die koms van Christus. Op hierdie manier sal hulle gelei word om op 'n valse veiligheid te vertrou, en baie sal eers
[523] wakkerskrik wanneer dit te laat is.

Die geskiedenis van Israel vanouds is 'n treffende voorbeeld van wat die Adventiste in die verlede deurgemaak het. In die Adventbeweging het die Here Sy volk gelei, net soos Hy Israel uit Egipte gelei het. Hulle geloof is deur 'n bittere teleurstelling getoets net

soos die van die Hebreërs by die Skelf See. As hulle nog vertrou het op die hand wat hulle in die verlede gelei het, sou hulle die redding van God gesien het. As almal saamgewerk het in 1844, die derde engel se boodskap aangeneem en verkondig het in die krag van die Heilige Gees, sou die Here op magtige wyse deur hulle gewerk het. 'n Stroom van lig sou op die wêreld geskyn het. Die bewoners van die aarde sou jare reeds gewaarsku gewees het, die werk sou voltooi gewees het, en Christus sou gekom het om Sy volk te verlos.

Dit was nie Gods wil dat Israel vir veertig jaar in die woestyn moes rondswerf nie; Hy wou hulle reguit na Kanaan gelei het, en hulle daar gevestig het as 'n heilige, en gelukkige volk; maar "deur ongeloof kon hulle nie ingaan nie." Heb. 3: 19. Weens hulle afval het hulle in die woestyn omgekom, en ander is opgerig om die Beloofde Land binne te gaan. Net so ook was dit nie die wil van God dat die koms van Christus solank uitgestel sou word nie, en dat Sy volk vir soveel jare in hierdie wêreld van sonde en ellende moet woon nie; maar ongeloof het hulle afgeskei van God. Waar hulle geweier het om die werk te doen wat Hy aan hulle gegee het, is ander opgewek om die boodskap te verkondig. In genade aan die wêreld, stel Jesus Sy koms uit, sodat sondaars 'n geleentheid kan kry om die waarskuwing te hoor en om in Hom skuiling te vind voordat die grimmigheid van God uitgestort word.

Nou, net soos in vorige eeue, sal die verkondiging van die waarheid wat die sondes en dwalings van die tye bestraf, teenstand uitlok. "Elkeen wat kwaaddoen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf kan word nie." Joh. 3: 20. Waar mense sien dat hulle nie hulle stelling met die Skrifte kan verdedig nie, probeer hulle om ten alle koste hulle posisie te handhaaf, en met 'n kwaadwillige gees val hulle die karakter en motiewe aan van diegene wat in die bresse tree vir onpopulêre waarheid. Dit is die beleid wat deur die eeue heen gevolg is. Elia is beskuldig as beroerder van Israel; [524]
Jeremia is bestempel as 'n verraaier; en Paulus dat hy die tempel ontheilig het. Van daardie tyd af, tot vandag toe is diegene wat getrou was aan die waarheid veroordeel as oproermakers, ketters, en die veroorsakers van skeurings. Menigtes wat te min geloof het om die vaste profetiese woord aan te neem, sal met die grootste liggelowigheid die beskuldigings glo wat aangevoer word teen diegene wat algemene sondes durf bestraf. Hierdie gees sal meer en meer

toeneem. Die Bybel leer duidelik dat die tyd naby is wanneer die staatswette so in botsing sal kom met die wet van God dat diegene wat al die goddelike gebooie wil gehoorsaam smaad en vervolging sal moet verduur soos boosdoeners.

Wat is die plig van die boodskapper van waarheid met die oog hierop? Moet hy besluit dat die waarheid nie verkondig moet word nie aangesien die enigste uitwerking daarvan is dat dit mense opwek om die eise daarvan te weerstaan of te ontduik? Nee; hy het net so min rede om die getuienis van Gods woord te verswyg omdat dit teenstand verwek, as wat die vroeë Hervormers gehad het. Die geloofsbelydenis van heiliges en martelare is teboekgestel vir die lering van toekomstige geslagte. Daardie lewende voorbeelde van heiligheid en onwrikbare opregtheid is om diegene met moed te besiel wat nou geroep word om getuies vir God te wees. Hulle ontvang genade en waarheid, nie vir hulleself alleen nie, maar sodat die kennis van God die aarde deur hulle kan verlig. Het God lig gegee aan Sy diensknegte in hierdie geslag? Indien ja, dan moet hulle dit laat skyn in die wêreld?

In die outyd het die Here van een gesê wat in Sy naam gespreek het, "Die huis van Israel sal na jou nie wil luister nie, omdat hulle na My nie wil luister nie;" dog nietemin het Hy gesê, "maar jy moet hulle My woorde aankondig, of hulle al luister of nie." Eseg. 3: 7; 2:7. Die volgende bevel word in hierdie tyd aan die dienskneg van God gerig, "Verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan My volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes."

Sover hulle geleentheid daartoe het, is elkeen wat die lig van die
[525] waarheid ontvang het onder dieselfde ernstige verpligting soos die profeet van Israel aan wie die volgende woorde van die Here gekom het: "Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit My mond hoor, moet jy hulle van My kant waarsku. As Ek vir die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg dat hy hom daarvan moet bekeer, en hy hom nie bekeer van sy weg nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered." Eseg. 33: 7-9.

Die groot struikelblok wat sowel die aanname van die waarheid en die verkondiging daarvan betref, is die feit dat dit ongerief en verwyt bring. Dit is die enigste argument teen die waarheid wat die voorstanders daarvan nog nooit kon weerlê nie. Maar dit hou nie die ware navolgers van Christus terug nie. Hulle wag nie vir die waarheid om populêr te word nie. Oortuig van hulle plig, neem hulle hulle kruis op, en saam met die apostel Paulus reken hulle dat "ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, werk vir ons uit 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid;" en hulle ag "die smaad van Christus groter rykdom ... as die skatte van Egipte." 2 Kor. 4: 17; Heb. 11: 26.

Wat hulle belydenis ook mag wees, is dit slegs diegene wat dienaars van die wêreld is wat 'n beleid van gerief volg liewer as beginsel, in godsdienssake. Ons behoort reg te handel omdat dit reg is, en die gevolge aan God oor te laat. Vir die groot hervormings is die wêreld dank verskuldig aan die manne van beginsel en van geloof en durf. Dit is deur sulke manne dat die hervormingswerk vir hierdie tyd voortgesit moet word.

So sê die Here: "Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie se hart My wet is! Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie; want die mot sal hulle opeet soos 'n kleed, en die wurm sal hulle verteer soos wol; maar My geregtigheid sal vir ewig bestaan en My heil van geslag tot geslag." Jes. 51: 7, 8. [526]

[527]

## Hoofstuk 27—Ware Bekering Absoluut Nodig

WAAR ookal die woord van God getrou verkondig is, was daar gevolge wat die goddelike oorsprong daarvan bewys het. Die boodskap van Sy diensknegte het met die Gees van God gepaard gegaan, en die woord was met krag. Die gewete van sondaars is wakkergeskud. Die "lig wat elke mens verlig," het die verborge skuilhoeke van hulle siele verlig, en die verborge dinge van die duisternis is geopenbaar. Hulle verstand en hart is deur 'n diepe oortuiging getref. Hulle is oortuig van sonde, van geregtigheid, en van die aanstaande oordeel. Hulle het 'n besef gekry van die geregtigheid van Jehova, en die gedagte om in hulle sonde en onreinheid voor die Deursoeker van harte te verskyn, het hulle met verskrikking vervul. In sielsangs het hulle uitgeroep. "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?" Namate die kruis van Golgota met sy oneindige slagoffer vir die sonde van die mense geopenbaar is, het hulle besef dat niks behalwe die verdienstes van Christus versoening kon doen vir hulle oortredings nie; dit alleen kon die mens met God versoen. In geloof en ootmoed het hulle die Lam van God aangeneem, wat die sonde van die wêreld wegneem. Deur die bloed van Jesus kon hulle vergifnis verkry vir die sondes van die verlede.

[528] Hierdie siele het vrugte voortgebring wat by die bekering gepas het. Hulle het geglo en Is gedoop, en hulle het opgestaan om in 'n nuwe lewe te wandel — nuwe skepsels in Christus Jesus; nie om weer te wandel in hulle vorige sondes nie, maar om deur geloof te volg in die voetstappe van die Seun van God, om Sy karakter te weerkaats, en om hulleself te reinig soos Hy rein is. Die dinge wat hulle eers gehaat het, het hulle nou liefgehad; en die dinge wat hulle eers liefgehad het, het hulle nou gehaat. Die hoogmoediges en eiegeregtiges het sagmoedig en nederig geword. Die ydeles en ligsinniges was ernstig en nie langer opdringerig nie. Die onheiliges het eerbiedig geword, die dronkes nugter, en die losbandiges rein. Die ydel modes van die wêreld is versaak. Christene het gesoek, nie na die versiering van die uiterlike nie, haarvlegtery en omhang van

goud en aantrek van klere nie; maar na die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van ‘n sagmoedige en stille gees wat baie kosbaar is voor God. (1 Petrus 3: 3, 4.)

Die opwekkings het selfondersoek en nederigheid as gevolg gehad. Hulle is gekenmerk deur plegtige, ernstige oproepe aan sondaars, en deur ‘n groot ontferming teenoor diegene wat deur die bloed van Christus vrygekoop is. Manne en vroue het met God in die gebed geworstel om die redding van siele. Die vrugte van sulke opwekkings is gesien in siele wat nie teruggedeins het vir selfverloëning en opoffering nie, maar wat hulle daarin verbly het dat hulle waardig geag is om smaad en beproewing te ly vir die saak van Christus. Mense het die verandering in die lewens gesien van diegene wat die naam van Jesus bely het. Hulle het ‘n goeie invloed gehad op die samelewing. Hulle het saam met Christus ingesamel, vir die Gees gesaai, om die ewige lewe te oes.

Van hulle kan gesê word: Julle was bedroef tot bekering “want julle was bedroef volgens die wil van God. . . . Want die droefheid volgens die wil van God werk ‘n onberoulike bekering tot verlossing, maar die droefheid van die wêreld werk die dood. Want kyk, juis dit dat julle bedroef geword het volgens die wil van God — hoe groot ‘n ywer het dit in julle gewerk, ja verantwoording, verontwaardiging, vrees, verlange, ywer, bestraffing. In alles het julle gewys dat julle rein is in die saak.” 2 Kor. 7:9-11 [529]

Dit is die gevolg van die werk van die Gees van God. Tensy daar ‘n verandering in die lewe kom, is daar geen bewys van ‘n opregte bekering nie. As hy die pand teruggee, en vergoed wat hy gesteel het, sy sondes bely, en God en sy medemens liefhet, mag die sondaar seker wees dat hy die vrede van God gevind het. Dit was die uitwerking wat in vorige jare gesien is na godsdienstige opwekking. Volgens hulle vrugte geoordeel, was dit bekend dat hulle deur God geseën is in die redding van siele en die opheffing van die mensdom.

Maar baie van die moderne opwekkings steek skerp af by die openbarings van goddelike genade wat in die vroeë dae gevolg het op die arbeid van Gods diensknegte. Dit is waar dat daar groot belangstelling opgewek word, dat baie voorgee om bekeerd te wees, en dat daar ‘n groot toevloei tot die kerke is; maar die resultate bewys nie ‘n ooreenkomstige toename van die ware geestelike lewe

nie. Die vlam wat vir ‘n tyd opflikker, gaan gou weer dood, met die gevolg dat die duisternis nog groter is as voorheen.

Populêre opwekkings word dikwels verkry deur beroepe op die verbeelding, die opsweping van die emosies, en deur die liefde vir nuwighede. Bekeerlinge wat op hierdie manier gemaak is, het min begeerte om na die Bybelse waarheid te luister, en min belangstelling in die getuienis van profete en apostels. Tensy die diens sensasiewekkend is, het dit vir hulle geen aantrekking nie. ‘n Boodskap wat ‘n beroep doen op die verstand val op dowe ore, die duidelike waarskuwings van Gods woord ten opsigte van hulle ewige belange, word nie gehoorsaam nie.

Die verhouding van die siel tot God en die ewige dinge sal die hoofonderwerp wees waaroor bekeerde siele praat. Maar waar is die gees van toewyding tot God in die kerke van vandag? Die bekeerlinge versaak nie hulle hoogmoed en liefde vir die wêreld nie. Hulle is net so onwillig om self te verloën, hulle kruis op te neem, en die nederige Jesus te volg, as wat hulle was voor hulle bekering. Ongelowiges en twyfelaars dryf die spot met die godsdiens omdat so baie wat dit bely onkundig is aangaande die beginsels daarvan. Die krag van godsaligheid het so te sê gewyk uit baie van die kerke. Pieknieks, kerkopvoerings, basaars, mooi huise, en vertoon, het alle
[530] gedagtes aan God verban. Grond en goed en wêreldse bedrywigheid neem die hart in beslag, en die ewige dinge kry byna geen aandag nie.

Maar nieteenstaande die gemis aan geloof en vroomheid is daar nogtans ware navolgers van Christus in hierdie kerke. Voordat die laaste oordele van God op die aarde kom, sal daar onder die volk van God so ‘n herlewing wees van die outydse godsvrug as wat daar nie sedert die dae gesien is nie. Die gees en die krag van God sal uitgestort word op Sy kinders. In daardie tyd sal baie hulle afskei van die kerke waarin liefde vir hierdie wêreld die liefde vir God en Sy woord vervang het. Baie, sowel predikante as leke, sal blymoedig die groot waarhede aanneem wat God in hierdie tyd laat verkondig, om ‘n volk te berei vir die wederkoms van die Here. Die sielevyand wil hierdie werk verhinder; en voordat die tyd vir hierdie beweging aanbreek, sal hy trag om dit te belet deur ‘n valse beweging te laat ontstaan. In die kerke wat hy kan bedrieg, sal hy dit laat blyk of Gods spesiale seen alreeds uitgestort is; en daar sal blykbaar groot belang

in godsdienstige dinge wees. Baie sal hulle verbly omdat God op wonderbaarlike wyse vir hulle werk soos hulle meen, terwyl dit die werk van 'n gans ander gees is. Onder 'n godsdienstige dekmantel sal Satan trag om sy invloed te laat geld oor die Christelike wêreld.

In baie van die opwekkings in die laaste helfte van die vorige eeu, was dieselfde invloede aan die werk, in 'n minder of meerder mate, as die wat geopenbaar sal word in die groter bewegings van die toekoms. Daar is 'n emosionele opwekking, 'n vermenging van die ware met die valse, wat daarop bereken is om te mislei. Maar niemand hoef bedrieg te word nie. In die lig van Gods woord is dit nie moeilik om die aard van hierdie bewegings vas te stel nie. Orals waar mense die getuienis van die Bybel nalaat en hulle afwend van die duidelike, sieltoetsende waarhede wat selfverloëning en 'n versaking van die wêreld verg, daar sal Gods seen gewis nie uitgestort word nie. En volgens die reel wat Christus Self gegee het, naamlik, "aan hulle vrugte sal julle hulle ken" (Matt. 7: 16), is dit duidelik dat hierdie bewegings nie die werk van die Gees van God is nie.

In hierdie waarhede van Sy woord het God aan die mense 'n openbaring van Homself gegee; en vir almal wat hulle aan- neem is [531] hulle 'n skild teen die bedrog van Satan. Dit is verwaarlosing van hierdie waarhede wat die deur oopgemaak het vir die euwels wat tans so algemeen is in die godsdienstige wêreld. In 'n groot mate is die aard en die belangrikheid van die wet van God uit die oog verloor. 'n Verkeerde begrip van die karakter, die ewigdurendheid, en die verpligting van die goddelike wet het dwalings laat ontstaan in verband met bekering en heiligmaking, met die gevolg dat dit die peil van die kerk verlaag het. Hier het ons die geheim van die gemis aan die Gees en die krag van God in die opwekkings van ons tyd.

In die verskillende denominasies is daar manne wat bekend is vir hulle vroomheid, wat hierdie feit erken en laak. Professor Edwards A. Park, skrywende oor die heersende godsdienstige gevare, sê: "Een van die gevare is nalating om die goddelike wet in die kansel te beklemtoon. In vorige tye was die kansel die weerklank van die stem van die gewete. . . . Ons beroemdste predikers het gesag aan hulle preke gegee deur die voorbeeld van die Meester na te volg, en deur die wet en die dreigemente daarvan te beklemtoon. Hulle het die twee groot beginsels herhaaldelik voorgehou, naamlik dat die wet 'n afskrif van die goddelike volmaaktheid is, en dat die

man wat die wet nie liefhet nie ook nie die evangelie liefhet nie; want die wet sowel as die evangelie, is ‘n spieël waarin die ware karakter van God weerkaats word. Hierdie gevaar lei tot ‘n ander, naamlik die onderskatting van die sondigheid van die sonde, die uitgestrektheid en die nadele daarvan. Net so regverdig as die gebod is, net so onregverdig is die ongehoorsaamheid daaraan.

“Gepaard met die gevare wat reeds genoem is, is die gevaar om die regverdigheid van God te onderskat. Die neiging in die moderne kansel is om goddelike regverdigheid te skei van goddelike goedheid, en om goedheid te verlaag tot ‘n gevoel in stede om dit te verhef tot ‘n beginsel. Die nuwe teologiese prisma skei wat God saamgevoeg het. Is die goddelike wet goed of kwaad? Dit is goed. Dan is regverdigheid ook goed; want dit is ‘n toepassing van die wet. Van die gewoonte van onderskatting van die goddelike wet en geregtigheid, en die geringskatting van menslike ongehoorsaamheid, verval mens baie gou tot die gewoonte van onderskatting van die
[532] genade wat voorsien is vir die versoening van die sonde.” Op hierdie manier verloor die evangelie sy waarde en belangrikheid in die menslike gemoed, en eerlank is hulle gereed om selfs die Bybel opsy te skuif.

Baie leraars beweer dat Christus, deur Sy dood, die wet afgeskaf het, en dat die mense nou vry is van gehoorsaamheid. Daar is sommige wat dit voorstel as ‘n swaar juk, en hulle stel die vryheid van die evangelie teenoor, wat hulle noem, die slawerny van die wet.

Maar die profete en apostels het die heilige wet van God nie so beskou nie. Dawid het gesê, “Dan wil ek U wet altyd deur onderhou . . . en in die ruimte wandel, want ek soek U bevele.” Na die dood van Christus, het die apostel Jakobus die dekaloog genoem “die koninklike wet,” en “die volmaakte wet van die vryheid.” ‘n Half-eeu na die kruisiging word in die boek Openbaring ‘n seen uitgespreek op “die wat Sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.” (Ps. 119: 44, 45; Jak. 2: 8; 1: 25; Openb. 22: 14.)

Die bewering dat Christus Sy Vader se wet afgeskaf het deur Sy dood, is sonder enige grond. As dit moontlik was om die wet te verander of af te skaf, sou dit nie vir Christus nodig gewees het om te sterf ten einde die mens van die straf van die sonde te verlos nie. Die dood van Christus bewys eerder die onveranderlikheid van

die wet. Die Seun van God het gekom om die wet te vergroot en te vereer. Hy het gesê, "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet te ontbind nie. . . . Totdat die hemele en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan" nie. Van Homself het Hy gesê, "Ek het lus, o my God, om U welbehae te doen, en U wet is binne-in my ingewande." (Matt. 5: 17, 18; Ps. 40: 9.)

In sy hele vvese is die wet van God onveranderlik. Dit is 'n openbaring van die wil en karakter van sy Gewer. God is liefde, en Sy wet is liefde. Die twee hoofbeginsels daarvan is liefde tot God en liefde tot die mens. "Daarom is die liefde die vervulling van die wet." Die karakter van God is geregtigheid en waarheid, dit is ook die aard van Sy wet. Die psalmis sê, "U wet is waarheid"; "Al U gebooie is geregtigheid." En die apostel Paulus verklaar, "Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed." (Rom. 13: [533]
10; Ps. 119: 142, 172; Rom. 7: 12.) So 'n wet, wat 'n uitdrukking is van die hart en wil van God, moet net so ewigdurend wees as die Gewer daarvan.

Om die lewens van mense in ooreenstemming te bring met die beginsels van Gods wet, dit is die werk van bekering en heiligmaking. In die begin is die mens in Gods ewebeeld geskape. Hy was in volkome ooreenstemming met Gods wet; die beginsels van geregtigheid was in sy hart geskryf. Maar die sonde het hom van Sy Skepper vervreem. Nie meer het hy die goddelike beeld weerkaats nie. Sy hart was in opstand teen die beginsels van Gods wet. "Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie." Rom. 8: 7. Maar "So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het," om die mens met God te versoen. Op grond van die verdienstes van Christus kan hy weer in ooreenstemming met sy Skepper gebring word. Sy hart moet vernuwe word deur goddelike genade; hy moet 'n nuwe lewe van omhoog ontvang. Hierdie verandering is die wedergeboorte, waarsonder, sê Jesus, "hy die koninkryk van God nie kan sien nie."

Die eerste stap tot versoening met God is 'n oortuiging van sonde. "Deur die wet is die kennis van die sonde." Rom. 3: 20. Ten einde sy skuld te besef, moet die sondaar sy karakter toets aan Gods groot maatstaf van geregtigheid. Dit is die spieël wat die volmaaktheid

van ‘n regverdige karakter weerkaats, en dit stel hom in staat om sy eie gebreke te sien.

Die wet openbaar aan die mens sy sondes, maar dit kan nie die sonde wegneem nie. Terwyl dit die lewe belowe aan die gehoorsames, verklaar dit dat die deel van die oortreder die dood is. Die evangelie van Christus alleen kan hom vrymaak van die veroordeling en die besoedeling van die sonde. Hy moet hom tot God bekeer wie se wet hy oortree het; en hy moet geloof hê in Christus, sy soenoffer. Op hierdie manier word sy “sondes ongestraf [gelaat] wat hy vantevore gedoen” het, en hy word ‘n deelgenoot van die goddelike natuur. Hy word ‘n kind van God, omdat hy “die Gees
[534] van aanneming” ontvang het waardeur hy roep “Abba, Vader!”

Staan dit hom nou vry om Gods wet te oortree? Paulus vra: “Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Dit tog nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.” Rom. 3: 31. “Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?” En Johannes sê, “Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie bewaar; en Sy gebooie is nie swaar nie.” (Rom. 3: 31; 6: 2; 1 Joh. 5: 3.) In die wedergeboorte word die hart, namate dit in ooreenstemming met Gods wet gebring word, ook in ooreenstemming met God gebring. Wanneer hierdie groot verandering in die sondaar plaasgevind het, het hy oorgegaan van die dood tot die lewe, van sonde tot heiligheid, van oortreding en rebellie tot gehoorsaamheid en getrouheid. Die ou lewe van vervreemding van God is beëindig; die nuwe lewe van versoening en geloof en liefde het begin. Die “reg van die wet” sal dan “vervul word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.” Dan sal die siel uitroep, “Hoe lief het ek U wet; dit is my bepeinsing die hele dag.” Rom. 8: 4; Ps. 119: 97.

“Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel.” Ps. 19: 8. Sonder ‘n kennis van die wet het die mens nie ‘n regte begrip van die reinheid en heiligheid van God nie, en ook nie van sy eie skuld en onreinheid nie. Hy het geen ware oortuiging van sonde nie, en het ook geen behoefte aan bekering nie. Omdat hy nie sy verlore toestand as ‘n oortreder van Gods wet besef nie, besef hy ook nie sy behoefte aan die versoenende bloed van Christus nie. Die hoop op die saligheid word aangeneem sonder ‘n radikale verandering van die hart of ‘n hervor ming van die lewe. Daarom is daar baie

oppervlakkige bekerings, en menigtes sluit by die kerk aan wat nog nooit met Christus verenig was nie.

Weens die verwaarlosing of verwerping van die goddelike wet bestaan daar dwaalbegrippe oor heiligmaking in die godsdienstige bewegings van vandag. Wat die leer betref is hierdie teorieë vals, en dit het gevaarlike gevolge; en die feit dat hulle so algemeen aangeneem word, maak dit des te meer noodsaaklik dat almal 'n helder begrip moet hê van wat die Skrifte in hierdie verband leer.

Ware heiligmaking is 'n Bybelse leerstelling. In sy brief aan die Thessalonicense skryf die apostel Paulus, "Dit is die wil van God — julle heiligmaking." En toe het hy gebid, "Mag Hy, die God [535]
van vrede, julle volkome heilig maak." 1 Thess. 4: 3; 5: 23. Die Bybel leer duidelik wat heiligmaking is en hoe dit verkry word. Vir Sy dissipels het die Heiland gebid, "Heilig hulle in U waarheid; U woord is die waarheid." Joh. 17: 17. Paulus het geleer dat gelowiges geheilig word "deur die Heilige Gees." Rom. 15: 16. Wat is die werk van die Heilige Gees? Jesus het aan Sy dissipels gesê, "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, Hy sal julle in die hele waarheid lei." Joh. 16: 13. En die Psalmis sê, "U wet is die waarheid." Die groot beginsels van geregtigheid soos in Sy wet vervat, word deur die woord en die Gees van God geopenbaar aan die mens. Aangesien die wet van God "heilig en regverdig en goed is"—'n afskrif van die goddelike volmaaktheid — volg dit dat 'n karakter wat gevorm word in gehoorsaamheid aan daardie wet, heilig sal wees. In Christus het ons 'n volmaakte voorbeeld van so 'n karakter. Hy het gesê: "Ek [het] die gebooie van My Vader bewaar." "Ek doen altyd wat Hom welgevallig is." Joh. 15: 10; 8: 29. Die navolgers van Christus moet soos Hy word; deur die genade van God moet hulle karakters vorm wat in ooreenstemming is met die beginsels van Sy heilige wet. Dit is Bybelse heiligmaking.

Heiligmaking kan verkry word alleen deur geloof in Christus en deur die krag van die inwonende Gees van God. Paulus vermaan die gelowiges as volg: "Werk julle eie verlossing uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae." Filip. 2: 12, 13. Die Christen sal sondige neigings in hom voel, maar hy moet steeds daarteen veg. Dit is hier waar Christus se hulp nodig is. Menslike swakheid word verenig met goddelike krag, en die geloof roep uit, "Maar God sy dank, wat

ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus." 1 Kor. 15: 57.

Die Skrifte leer duidelik dat die werk van heiligmaking progressief is. Wanneer die sondaar deur die versoenende bloed vrede by God vind, dan eers begin die Christelike lewe. Nou moet die Christen voortgaan tot volmaaktheid. Hy moet opwas tot 'n volwasse man en "die mate van die voile grootte van Christus." Paulus sê, "Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te kry van die hoë roeping van God in
[536] Christus Jesus." Filip. 3: 13, 14. En Petrus stel aan ons die stappe voor waardeur Bybelse heiligmaking verkry word: "Daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde, . . . want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie." 2 Petrus 1: 5-10.

Diegene wat Bybelse heiligmaking ondergaan het, sal 'n nederige gees openbaar. Net soos Moses, het hulle 'n blik gekry op die ontsagwekkende majesteit van heiligheid, en in teenstelling met die reinheid en volmaaktheid van die Ewige God sien hulle hulle eie onwaardigheid.

In die profeet Daniel het ons 'n voorbeeld van ware heiligmaking. Sy lang lewe was 'n lewe van edele diens vir sy Meester. Hy word 'n "geliefde man" genoem. (Dan. 10: 11.) En nogtans het hierdie geëerde profeet, in stede van aanspraak te maak op reinheid en heiligheid, hom vereenselwig met sondige Israel, en hy het as volg voor God vir sy volk gepleit: "Want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smekinge voor U aangesig nie, maar op grond van U grote barmhartigheid. . . . Ons het gesondig, ons was goddeloos." Hy het gepraat van "my sonde en die sonde van my volk Israel." En toe die Seun van God later aan hom verskyn het om hom te onderrig, sê Daniel, "My gesonde kleur het aan my verander en verdwyn, en ek het geen krag oorgehou nie." Dan. 9: 18, 15, 20; 10: 8.

Toe Job die stem van God uit die sterk wind gehoor het, het hy uitgeroep, "Daarom verag ek myself en het berou in stof en as." Job. 42: 6. Toe Jesaja die heerlikheid van God gesien en die gerubs gehoor sing het, "Heilig, heilig, heilig, is die Here van die leërskare,"

het hy uitgeroep, "wee my, ek is verlore!" Jes. 6: 3, 5. Nadat Paulus in die derde hemel opgeneem is, en dinge gehoor het wat onmoontlik was vir 'n mens om te spreek, beskou hy hom as "die geringste van al die heiliges." Efe. 3: 8. Dit was die geliefde Johannes, die een wat op Jesus se bors geleun en Sy heerlikheid gesien het, wat soos 'n dooie aan die voete van die engel neergeval het. (Openb. 1: 17.)

By diegene wat in die skaduwee van die kruis van Golgota wan- [537]
del, sal daar geen selfverheffing en geen aanspraak op sondeloosheid wees nie. Hulle voel dat dit hulle sonde was wat die lyding veroorsaak het wat die hart van die Seun van God gebreek het, en hierdie gedagte maak hulle ootmoedig. Diegene wat die naaste aan Jesus lewe, sien die swakheid en sondigheid van die mens die duidelikste, en hulle enigste hoop is op die verdienste van 'n gekruisigde en verrese Heiland.

Die heiligmaking wat vandag op die voorgrond tree in die godsdienstige wêreld openbaar 'n gees van selfverheffing, en 'n veronagsaming van die wet van God wat dit bestempel as iets vreemds wat die godsdiens van die Bybel betref. Die voorstanders daarvan leer dat heiligmaking in 'n oomblik geskied, waardeur die mens, deur geloof alleen, volmaakte heiligheid bekom. "Glo net," sê hulle, "en die seen is joue." Hulle meen dat geen verdere pogings nodig is aan die kant van die ontvanger nie. Terselfdertyd loën hulle die gesag van die wet van God, en hulle beweer dat hulle vrygestel is van die verpligting om die gebooie te onderhou. Maar is dit moontlik vir die mens om heilig te wees en in ooreenstemming met die wil en karakter van God te leef, sonder om ook in ooreenstemming te lewe met die beginsels wat 'n uitdrukking van Sy natuur en wil is, en wat openbaar wat welbehaaglik vir Hom is?

Die begeerte vir 'n maklike godsdiens, wat geen stryd, geen selfverloëning, en geen versaking van die dwaashede van die wêreld verg nie, het die leerstelling van geloof, en geloof alleen, 'n populêre leerstelling gemaak; maar wat het die woord van God daaroor te sê? Die apostel Jakobus sê: "Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het die werke nie? Die geloof kan hom tog nie red nie? . . . Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is? Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof

volkome geword het uit die werke? . . . Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie.” Jak. 2: 14-24.

Die woord van God getuig teen hierdie gevaarlike leerstelling [538] van geloof sonder werke. Om die guns van die hemel aan te neem sonder om die voorwaardes na te kom waarop die genade geskenk is, is nie geloof nie; dit is vermetelheid; want egte geloof is gegrondves op die beloftes en voorwaardes van die Skrifte.

Laat niemand homself bedrieg met die geloof dat hy geheilig kan word terwyl hy moedswillig een van Gods gebooie oortree nie. Die vasklemming aan ‘n bekende sonde maak die stem van die Gees stil, en skei die siel af van God. “Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien nie en Hom nie geken nie.” 1 Joh. 3: 6. Hoewel Johannes in sy briewe so veel oor die liefde gesê het, aarsel hy nogtans nie om die ware karakter te openbaar nie van diegene wat aanspraak maak op heiligheid terwyl hulle Gods wet oortree. “Hy wat sê: Ek ken Hom — en Sy gebooie nie bewaar nie, is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat Sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword.” 1 Joh. 2:4, 5. Hier het ons nou ‘n toets vir elke mens se godsdiens. Niemand kan heilig wees sonder om te voldoen aan Gods enigste maatstaf van heiligheid in hemel en op aarde. As mense nie die gewigtigheid van die sedewet besef nie, as hulle Gods gebooie verkleineer en veronagsaam, en hulle een van die minste van hierdie gebooie breek en mense so leer, sal hulle in die hemel nie geag word nie. En ons kan verseker wees dat hulle aansprake sonder fondament is.

Die aanspraak op sondeloosheid is op sigself bewys dat die persoon wat dit maak baie ver van heiligheid is. So ‘n aanspraak word gemaak omdat hulle geen besef het van die oneindige reinheid en heiligheid van God nie, of van wat diegene moet word wat in ooreenstemming met Sy karakter lewe nie; omdat hulle nie ‘n ware begrip van die reinheid en verhewe heerlikheid van Jesus het nie, en van die afskuwelikheid van die sonde nie, beskou hulle hulleself heilig. Hoe verder hulle verwyderd is van Christus, en hoe minder hulle die goddelike karakter en vereistes besef, hoe heiliger sal hulle in hulle eie oë wees.

Die heiligheid wat in die Skrifte geopenbaar word, sluit die hele persoon in, naamlik liggaam, siel en gees. Paulus het vir die Thes-

salonicense gebid, "Mag julle gees en siel en liggaam geheelenal onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus." 1 Thess. 5: 23. En nogeens het hy aan die ge- lowiges geskryf, "Ek [539] vermaan julle dan, broeders, deur die ontferminge van God, dat julle julle liggame stel as 'n lewendige, heilige en aan God welgevallige offer." Rom. 12: 1. In die dae van Israel vanouds, was elke offerande aan God eers deeglik ondersoek. As daar enige gebrek aan die offerdier was, is dit verwerp; want God het beveel dat die offerandes sonder gebrek moes wees. Daarom ook word Christene beveel om hulle liggame te stel as "'n lewendige, heilige, en aan God welgevallige offer." Om dit te kan doen, moet al hulle vermoëns in die beste moontlike toestand bewaar word. Elke gewoonte wat nadelig is vir die liggaam of verstand maak 'n mens ongeskik vir die diens van sy Skepper. En sal God tevrede wees met minder as die beste wat ons kan gee? Christus het gesê, "Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart." Diegene wat God wel liefhet met hulle hele hart sal begerig wees om die beste van hulle lewe aan Hom te gee, en hulle sal steeds trag om al hulle vermoëns in ooreenstemming te bring met die wette wat hulle beter in staat sal stel om Sy wil te doen. Hulle sal nie, deur die botviering van hulle aptyt of drifte die offerande besoedel wat hulle aan hulle hemelse Vader bring nie.

Petrus sê, "Onthou julle van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel." 1 Petrus 2:11. Elke sonde waaraan daar toegegee word, benewel die verstand en verdof die geestelike waarnemingsvermoëns sodat die Woord of die Gees van God nie 'n groot indruk op die hart kan maak nie. Aan die Korinthiërs het Paulus geskryf, "Laat ons van alle besoedeling van die vlees en die gees ons reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring." 2 Kor. 7: 1. By die vrug van die Heilige Gees —"liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid"— het hy ook selfbeheersing gevoeg. (Gal. 5: 22, 23.)

Hoeveel Christene is daar nie wat nieteenstaande hierdie verklarings van die Skrif hulle kragte verswak deur die najaging van wins en die aanbidding van die mode nie; hoeveel is daar nie wat hulle goddelike manlikheid verlaag deur vraatsugtigheid, wynsuipery, en ongeoorloofde plesier nie. En die kerk, pleks om hierdie dinge te bestraf, moedig dit maar te dikwels aan deur 'n beroep te doen op die aptyt, en 'n begeerte te skep vir wins en plesier ten einde sy skatkis [540]

te vul—dinge wat ontbreek weens ‘n gebrek aan liefde vir Christus. As Jesus vandag die kerke kon besoek en die etery en onheilige handel kon sien wat daar in die naam van die godsdiens geskied, sou Hy ook nie hierdie onheiliges uitjaag soos Hy die geldwisselaars uit die tempel gejaag het nie?

Die apostel Jakobus verklaar dat die wysheid van omhoog in die eerste plek rein is. Maar as die apostel in aanraking kon kom met diegene wat die dierbare naam van Jesus uitspreek met lippe wat deur tabak besoedel is, en wie se asem en liggaam besoedel is deur die verpestelike reuk, en wat die lug besoedel en almal rondom hulle verplig om die gif in te asem—as hy met ‘n gewoonte in aanraking gekom het wat so bots met die reinheid van die evangelie, sou hy dit nie veroordeel het as “aards, vleeslik, en duiwels nie?” Slawe van tabak, aanspraakmakende op algehele heiligmaking, praat van hulle hoop op die hemel; maar Gods woord leer duidelik dat daar in die hemel “nie sal inkom iets wat verontheilig” nie. (Openb. 21: 27.)

“\Veet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.” 1 Kor. 6: 19, 20. Diegene wie se liggaam die tempel van die Heilige Gees is, sal nie ‘n slaaf wees van hierdie vuil gewoonte nie. Sy vermoëns behoort aan Christus, wat hom met Sy bloed gekoop het. Sy besittings behoort aan die Here. Hoe kan hy sonder skuld wees as hy die kapitaal wat aan hom gegee is, verkwis? Sogenaamde Christene verkwis jaarliks reusesomme aan nuttelose en skadelike gewoontes, terwyl siele vergaan weens gebrek aan die woord van die lewe. God word beroof van tiendes en offergawes, terwyl hulle meer op die altaar van wellus verbrand as wat hulle gee om die armes te help of die evangelie te ondersteun. As almal wat voorgee om navolgers van Christus te wees waarlik geheilig was, sou hulle middele, in stede dat hulle dit verkwis op nuttelose en skadelike gewoontes, in die Here se skatkis gestort word, en Christene sou ‘n voorbeeld wees in matigheid, selfverloëning, en selfopoffering. Dan sou hulle inderwaarheid die lig van die wêreld wees.

[541] Die wêreld is oorgegee aan selfbevrediging. “Die begeerlik- heid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe,” beheers die volksmassas. Maar Christus se navolgers het

'n heiliger roeping. "Gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie." Op grond van Gods woord is ons geregtig om te verklaar dat 'n heiligmaking wat nie hierdie versaking van sondige gebruike en begeertes as gevolg het nie, nie eg is nie.

Aan diegene wat voldoen aan die voorwaardes, "gaan onder hulle uit en sonder julle af . . . en raak nie aan wat onrein is," is die belofte van God, "Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir my seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige." 2 Kor. 6: 17, 18. Dit is die voorreg asook die plig van elke Christen om 'n ryke en voile ondervinding te hê in die dinge van God. "Ek is die lig van die wêreld," het Jesus gesê. "Wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê." Joh. 8: 12. "Die pad van die regverdiges is soos die lig van die moreglans, wat al helderder word tot die voile middag toe." Spreuke 4: 18. Elke stap van geloof en gehoorsaamheid bring die siel nader aan die Lig van die wêreld, in wie daar geen duisternis is nie. Die helder strale van die Son van Geregtigheid skyn op die diensknegte van God, en hulle moet Sy ligstrale weerkaats. Soos ons van die sterre leer dat daar 'n groot lig in die hemel is deur wie se heerlikheid hulle verlig is, so moet Christene dit ook openbaar maak dat daar 'n God op die troon van die heelal is wie se karakter lof en navolging waardig is. Die deugde van Sy Gees, die reinheid en heiligheid van Sy karakter, sal in Sy getuies geopenbaar word.

In sy brief aan die Kolossense beskryf Paulus die heerlike seëninge wat aan die kinders van God gegee word. Hy sê: "Ons [hou] ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van Sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardig die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, en met alle krag bekragtig word volgens die mag van Sy heerlikheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap." Kol. 1:9-11. [542]

En dan weer skryf hy aan die broeders op Efese dat hulle die Christen se voorreg ten voile mag besef. Hy beskryf aan hulle in die duidelikste taal die wonderbaarlike krag en kennis wat hulle kan hê as seuns en dogters van die Allerhoogste. Hy sê dat God "Aan julle mag gee . . . om met krag versterk te word deur Sy gees in die

innerlike mens," om in "die liefde gewortel en gegrond" te wees, sodat hulle "in staat kan wees om saam met al die heiliges ten voile te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref." Efe. 3: 16-19. Maar die gebed van die apostel bereik sy hoogtepunt waar hy bid dat Julle vervul kan word tot al die volheid van God."

Hier word die hoogtes beskryf wat ons kan bereik deur geloof in die beloftes van ons hemelse Vader as ons aan Sy vereistes voldoen. Deur die verdienstes van Christus het ons toegang tot die troon van Oneindige Mag. "Hy wat selfs Sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy ook nie saam met Hom ons alles genadiglik skenk nie?" Rom. 8: 32. Die Vader het Sy Gees sonder mate aan Sy Seun gegee, en ons kan ook deel in daardie volheid. Jesus sê: "As julle wat sleg is dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel temeer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid" nie? "As julle iets in My naam vra, sal Ek dit doen." "Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees." Lukas 11: 13; Joh. 14: 14; 16: 24.

Hoewel die Christen se lewe deur nederigheid gekermerk sal wees, moet dit nie treurig en selfveragtend wees nie. Dit is die voorreg van elkeen om so te lewe dat God hom sal aanneem en seen. Dit is nie die wil van ons hemelse Vader dat ons onder die veroordeling van duisternis sal lewe nie. Dit is nie 'n bewys van ware nederigheid as mens met hangende hoof en met die blik na binne gerig rond stap nie. Ons kan na Jesus gaan om reiniging, en voor die wet onbeskaamd en sonder verwyt staan. "Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die gees." Rom. 8: 1.

Deur Jesus kan die gevalle seuns van Adam seuns van God word
[543] "want Hy wat heilig maak sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie, om hulle broeders te noem nie." Heb. 2:11. Die Christelike lewe moet 'n lewe van geloof, oorwinning, en vreugde in God wees. "Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof." 1 Joh. 5: 4. Tereg het Gods dienskneg Nehemia. gesê, "Want die blydskap in die Here — dit is julle beskutting." Neh. 8: 11. En Paulus sê: "Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal; Verbly julle!" Filip. 4: 4. "Wees altyddeur bly. Bid

sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle." 1 Thess. 5: 16-18.

So lyk die vrugte van Bybelse bekering en heiligmaking; en dit is omdat die groot beginsels van geregtigheid, vervat in die wet van God, so veronagsaam word deur die Christelike wêreld dat hierdie vrugte so selde gesien word. Dit is om hierdie rede dat daar so min gesien word van die diepgaande, blywende werk van die Gees van God wat die opwekkings in vorige tye gekenmerk het.

Dit is deur aanskouing dat ons verander word. En namate daardie heilige voorskrifte waarin God die volmaaktheid en heiligheid van Sy karakter geopenbaar het, verwaarloos word, en die hart van die volk uitgaan tot menslike leerstellings en teorieë, is dit geen wonder dat dit 'n afname van vroomheid in die kerk veroorsaak het nie. Die Here het gesê, "My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie." Jer. 2: 13.

"Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose . . . maar sy behae is in die wet van die Here, en hy oordink sy wet dag en nag. En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verdroog nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit." Ps. 1: 1-3. Dit is alleen namate die wet van God herstel word tot sy regmatige plek dat daar 'n herlewing sal wees van die outydse geloof en godsvrug onder Sy volk. "So spreek die Here: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel." Jer. 6: 16. [544]

[545]

## Hoofstuk 28—Die OndersoekeDde Oordeel

"Ek het bly kyk," sê die profeet Daniel, "totdat trone rcggesit is, en 'n Oue van Dae gaan sit het; Sy kleed was wit soos sneeu en die hare van Sy hoof soos skoon wol; Sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; 'n stroom van vuur het gevloei en voor Horn uitgegaan; duisendmaal duisende het Horn gedien, en tienduisendmaal tienduisende het voor Horn gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen." Dan. 7: 9, 10.

Op hierdie manier is daar aan die profeet 'n gesig gegee van die groot en plegtige dag wanneer die karakters en lewens van mense deur die Regter van die hele aarde ondersoek sal word, en wanneer elke mens loon sal ontvang "volgens sy werke." Die Oue van Dae is God die Vader. Die psalmis sê, "Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja van ewigheid tot ewigheid is U God." Ps. 90: 2. Dit is Hy, die oorsprong van alle
[546] lewe, die bron van alle wet, wat sal voorsit in die gereg. Heilige engele, as dienaars en getuies — "duisendmaal duisende . . . en tienduisendmaal tienduisende," woon hierdie gereg by.

"Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van Dae, en hulle het Hom nadergebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en Sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie." Dan. 7: 13, 14. Die koms van Christus wat hier beskryf word, is nie Sy tweede koms na die aarde toe nie. Hy kom na die Oue van Dae in die hemel om heerskappy en heerlikheid en 'n koninkryk te ontvang, wat aan Hom gegee sal word aan die einde van Sy werk as middelaar. Dit is hierdie koms, en nie Sy tweede koms na die aarde toe nie, wat volgens die profesie sou plaasvind aan die einde van die 2,300 dae in 1844. Vergesel van hemelse engele, gaan ons Hoëpriester die allerheiligste plek binne, en daar verskyn Hy in die teenwoordigheid van God, om

Sy laaste werk te doen ten behoewe van die mens — naamlik die ondersoekende oordeel, en om versoening te doen vir die sondes van almal wat geregtig is daarop.

In die sinnebeeldige diens het alleen diegene deel gehad wat hulle sondes bely het, en wie se sondes, deur die bloed van die sondoffer in die heiligdom ingeneem is. So ook, sal daar op daardie groot dag van uiteindelike versoening en die ondersoekende oordeel, net die sake van Gods volk in aanmerking kom. Die oordeel van die goddelose is heeltemal 'n afsonderlike werk en dit vind later plaas. "Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?" 1 Petrus 4: 17.

Volgens die boeke in die hemel, waarin die name en dade van mense opgeskryf staan, sal die oordeel gevel word. Die profeet Daniel sê, "Die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen." Johannes, waar hy in Openbaring dieselfde toneel beskryf, voeg daarby, "'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoor- [547] deel na wat geskrywe is in die boeke, volgens hulle werke." Openb. 20: 12.

Die boek van die lewe bevat die name van almal wat God ooit gedien het. Aan Sy dissipels het Jesus gesê, "Wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is." Lukas 10: 20. Paulus praat van sy getroue medewerkers, "wie se name in die boek van die lewe is." Filip. 4: 3. Waar Daniel praat van die "tyd van benoudheid soos daar nie gewees het," sê hy dat Gods volk verlos sal word "elkeen wat in die boek opgeskrywe staan." Dan. 12: 1. En Johannes sê dat alleen diegene wat "geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam," die Godstad sal binnegaan. Openb. 21: 27.

"Daar is 'n gedenkboek" voor Gods aangesig geskryf, waarin die goeie dade opgeteken is van "die wat die Here vrees en Sy naam eer." Mai. 3: 16. Hulle woorde van geloof, hulle liefdesdade is in die hemel opgeteken. Nehemia verwys daarna waar hy sê, "Dink hierom aan my, . . . en delg tog my liefdediens nie uit wat ek aan die huis van my God en aan die bediening daarvan bewys het nie." Neh. 13: 14. In die gedenkboek van God is elke regverdige daad verewig. Daarin is opgeteken elke versoeking wat weerstaan is, elke sonde wat oorwin is, en elke woord van ontferming wat uitgespreek is. Elke opoffering, elke lyding en droefheid wat om Christus wil

verduur is, is opgeteken. Die psalmis sê, "U het my omswerwinge getel; hou my trane in gedagtenis; is hulle nie in U boek nie?" Ps. 56: 9.

Ook word daar aantekening gehou van die sondes van mense. "God sal elke werk bring in die oordeel wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg." Pred. 12: 14. "Elke ydel woord wat die mense praat, daar moet hulle rekenskap van gee in die oordeelsdag," want die Heiland het gesê, "uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word." Matt. 12: 36, 37. Die geheime bedoelings en motiewe word noukeurig opgeteken; want God sal "die verborge dinge van die duisternis in die lig bring en die bedoelinge van die hart openbaar maak." 1 Kor. 4: 5. "Kyk, dit staan voor My aangesig opgeskrywe . . . julle ongeregtighede en die
[548] ongeregtighede van julle vaders tesame, sê die Here." Jes. 65: 6, 7.

God sien die werk van elke mens, en sy getrouheid of ontrouheid word opgeskrywe. Met die grootste noukeurigheid word elke verkeerde woord, elke selfsugtige daad, elke verwaarloosde plig, elke geheime sonde, en elke geveinsheid teenoor elke naam in die hemelse boeke opgeskryf. Verwaarloosde waarskuwings of bestraffings uit die hemel, verkwiste tyd, geleenthede wat nie te baat geneem is nie, die invloed vir goed of kwaad met die verreikende gevolge daarvan — alles word aangeteken deur die engel wat daarmee belas is.

Die wet van God is die maatstaf waarvolgens die karakters en lewens van mense in die oordeel getoets sal word. Die wyse man het gesê: "Vrees God en hou Sy gebooie, want dit is die hele mens! Want God sal elke werk bring in die oordeel." Pred. 12: 13, 14. Die apostel Jakobus het sy broeders as volg vermaan: "Julle moet so spreek en so doen soos die wat deur die wet van vryheid sal geoordeel word." Jak. 2: 12.

Diegene wat in die oordeel waardig geag is, sal deel hê in die opstanding van die regverdiges. Jesus het gesê, "Die wat waardig geag word om daardie eeu en die opstanding uit die dode te verkry ... is soos die engele en is kinders van God, omdat hulle kinders van die opstanding is." Lukas 20: 35, 36. En weer sê die Here, "Die wat goed gedoen het," sal uitgaan "tot die opstanding van die lewe." Joh. 5: 29. Die regverdige dode sal eers na die oordeel opgewek word, nadat hulle die opstanding tot die lewe waardig geag is. Hulle

sal dus nie persoonlike teenwoordig wees by die gereg waar hulle lewens nagegaan en hulle sake beslis word nie.

Jesus sal verskyn as hulle voorspraak om vir hulle voor God te pleit. “As iemand gesondig het, ons het ‘n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.” 1 Joh. 2:1. “Want Christus het nie ingegaan in ‘n heiligdom met hande gemaak, ‘n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn.” Heb. 9: 24. “Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.” Heb. 7: 25.

Waar die boeke in die oordeel geopen word, ondersoek God die lewens van almal wat ooit in Jesus geglo het. Beginnende met [549] die lewens van diegene wat eerste op die aarde gelewe het, stel ons Voorspraak die sake voor van elke daaropvolgende geslag en Hy sluit af met die sake van diegene wat nog lewe. Elke naam word genoem, en elke saak word deeglik ondersoek. Name word goedgekeur, en name word verwerp. As enigeen sonde in die boeke van die hemel het wat nie bely is en nie vergewe is nie, sal sy naam uit die boek van die lewe uitgedelg word, en sy goeie dade sal uitgewis word uit Gods gedenkboek. Aan Moses het die Here gesê, “Wie teen My gesondig het, die sal Ek uitdelg uit My boek.” Exod. 32: 33. En die profeet Esegiël sê, “As die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen . . . aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie.” Eseg. 18: 24.

Almal wat waarlik bekeerd is van hulle sondes, en wat deur geloof die bloed van Christus aangeneem het as hulle versoening, teenoor hulle name in die hemelse boeke staan “vergewe” geskryf; en omdat hulle deelgenote geword het van die geregtigheid van Christus, en hulle karakters in ooreenstemming is met die wet van God, sal hulle sondes uitgedelg word, en hulle sal die ewige lewe waardig geag word. By monde van die profeet Jesaja sê die Here, “Ek, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil en aan jou sondes dink Ek nie.” Jes. 43: 25. Jesus het gesê, “Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor Sy engele.” “Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor My Vader wat in die hemele is. Maar elkeen

wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor My Vader wat in die hemele is." Openb. 3:5; Matt. 10: 32, 33.

Die grootste belang wat mense kan stel in die uitsprake van aardse geregshowe, is maar 'n floue voorstelling van die belangstelling in die hemelse howe wanneer die name in die boek van die lewe deur die Regter van die ganse aarde in oënskou geneem word. Die Voorspraak pleit dat almal wat deur geloof in Sy bloed die oorwinning behaal het se sondes vergewe moet word, dat hulle in hulle Eden-tuiste herstel en gekroon moet word as mede-erfgename
[550] saam met Hom van die "vroeëre heerskappy." Mig. 4: 8. Satan, in sy pogings om die mensdom te versoek en te verlei, het gemeen om die goddelike plan met die skepping van die mens te laat misluk; maar Christus versoek nou dat hierdie plan uitgevoer moet word asof die mens nooit geval het nie. Hy vra vir Sy volk nie alleen vergifnis en regverdigmaking, volkome en volledig nie, maar 'n aandeel in Sy heerlikheid en 'n plek op Sy troon.

Terwyl Jesus besig is om te pleit vir die onderdane van Sy genade, beskuldig Satan hulle voor God as oortreders. Die groot bedrieër het getrag om hulle tot ongeloof te bring, hulle vertroue in God weg te neem, hulle af te skei van Sy liefde. en hulle te lei om Sy wet te oortree. Nou wys hy na die verslag van hulle lewens, na hulle karaktergebreke, hulle ongelykvormigheid aan Christus, wat hulle Verlosser oneer aangedoen het, en na al die sondes wat hy hulle verlei het om te pleeg, en weens al hierdie dinge maak hy op hulle aanspraak as sy onderdane.

Jesus verskoon hulle sondes nie, maar Hy wys op hulle boetvaardigheid en geloof; en waar Hy vra dat hulle vergewe moet word, wys Hy Sy verwonde hande aan die Vader en die heilige engele, en Hy sê, "Ek ken hulle by naam. Hulle is op My handpalms gegraveer. ‚Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!"' Ps. 51: 19. En aan die beskuldiger van Sy volk sê Hy, "Mag die Here jou bestraf, o Satan! Ja mag die Here, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n stuk brandhout wat uit die vuur geruk is nie?" Sag. 3:2. Christus sal Sy getroue kinders met Sy eie geregtigheid beklee, sodat Hy hulle aan Sy Vader kan voorstel, "verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks." Efe. 5: 27. Hulle name staan in die boek van die lewe, en

van hulle staan daar geskryf, “Hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit werd is.” Openb. 3: 4.

Op hierdie manier sal die volkome vervulling van die nuwe verbond verwesenlik word: “Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.” “In die dae en in die tyd, spreek die Here, sal die ongeregtigheid van Israel gesoek word, maar dit sal daar nie wees nie; en die sondes van Juda, maar hulle sal nie gevind word nie.” Jer. 31: 34; 50: 20. ..In die dag sal die Spruit van [551]
die Here wees tot sieraad en heerlikheid, en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel. En wie in Sion oorgebly het en gespaar is in Jerusalem, die sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskryvve is in Jerusalem.” Jes. 4:2, 3.

Die ondersoekende oordeel en die uitdelging van sondes moet geskied voor die tweede koms van die Here. Aangesien die dode geoordeel moet word uit die dinge wat in die boeke staan, is dit onmoontlik vir die sondes van mense om uitgedelg te word voor die oordeel of gereg waarin hulle lewens ondersoek word. Maar die apostel Petrus verklaar duidelik dat die sondes van gelowiges uitgedelg sal word wanneer “tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, en Hy Hom mag stuur . . . naamlik Jesus Christus.” Hand. 3: 19, 20. Wanneer die oordeel afgesluit is, sal Christus kom, en Sy loon sal met Hom wees om elke mens te vergeld volgens sy werke.

In die sinnebeeldige diens het die hoëpriester, nadat hy versoening gedoen het vir Israel, voor die vergadering verskyn en hulle geseën. So ook sal Christus, aan die einde van Sy werk as middelaar, verskyn sonder sonde tot saligheid (Heb. 9: 28), om sy wagtende volk te seen met die ewige lewe. Net soos die priester, in sy verwydering van die sondes uit die heiligdom, dit bely het op die kop van die sondebok, so ook sal Christus al hierdie sondes op Satan plaas, die bron en stigter van die sonde. Die sondebok het met die sondes van Israel “na ‘n woeste land” (Lev. 16: 22) gegaan; so ook sal Satan, met al die sondes wat Hy Gods volk verlei het om te doen, vir ‘n duisend jaar op die aarde gevange gehou word, wat dan verwoes sal wees, sonder bewoners, en eindelik sal hy in die vuur wat die goddelose sal verdelg die voile straf van die sonde ondergaan. En so sal die verlossingsplan uitgevoer word in die uiteindelike uitdelging

van die sonde en die verlossing van almal wat gewillig was om die boosheid te versaak.

Op die tyd wat vir die oordeel vasgestel is — naamlik die einde van die 2,300 dae, in 1844 — het die werk van ondersoek en die uitdelging van sondes begin. Almal wat ooit Christus bely het se
[552] lewens moet ondersoek word. Beide die lewende en die dode moet geoordeel word "na wat geskrywe is in die boeke, volgens hulle werke."

Sondes wat nie bely, versaak, vergewe en uit die boeke uitgedelg is nie, sal teen die sondaar getuig in die dag van God. Hy mag sy bose dade gepleeg het in die helder daglig of in die duisternis van die nag; maar vir die oë van Hom met wie ons te doen het is hulle oop en bloot. Engele van God was getuie van elke sonde en het dit opgeskryf in die noukeurige boeke. Sondes mag bedek word, ontken word, en verberg word vir vader, moeder, vrou, kinders, en bure; niemand behalwe die skuldige mag van die verkeerde daad weet nie; maar voor die engele van die hemel is hulle openbaar. Die duisternis van die donkerste nag, die geheimste planne, is nie genoeg om een gedagte weg te steek vir die ewige God nie. God het 'n noukeurige aantekening van elke valse verslag en elke onregverdige daad. Hy word nie bedrieg deur die skyn van vroomheid nie. In Sy opsomming van die karakter begaan Hy geen fout nie. Die mens mag bedrieg word deur diegene wie se harte boos is, maar Gods oog deurdring alle vermommings en lees die verborge lewe.

Hoe ernstig is die gedagte! Elke dag wat verbygaan het sy gebeurtenisse wat in die hemel opgeteken is. Woorde wat eenmaal gespreek is, en dade wat eenmaal gedoen is, kan nooit weer herroep word nie. Die engele het beide die goed en die kwaad opgeskryf. Die magtigste veroweraar op die aarde kan nie die gebeurtenisse van een enkele dag herroep nie. Ons dade, ons woorde, en selfs ons heimlikste planne, alles gaan in die skaal vir ons ewige wel of wee. Hulle mag deur ons vergeet word, maar hulle sal nogtans getuig om ons te regverdig of te veroordeel. Net soos ons gelaatstrekke kan weergegee word op die plaat van die fotograaf, so staan die karakter ook getrou weergegee in die boeke daarbo. En nogtans, hoe min bekommernis is daar oor daardie verslag wat openbaar is vir die hemelse wesens. As die gordyn kon weggetrek word wat die sigbare van die onsigbare skei, en as die mensekinders die engel kon sien

wat elke woord en daad opskryf, dinge waarvan hulle rekenskap sal moet gee in die oordeel, hoeveel woorde wat daeliks gespreek word, sou nooit geuiter word nie; en hoeveel dade sou ongedaan bly. [553]

In die oordeel sal daar kennis geneem word hoe ons elke talent gebruik het. Hoe het ons die kapitaal bestee wat die Hemel aan ons geleen het? Sou die Here, by Sy wederkoms, Sy eiendom terug ontvang met rente? Het ons die vermoëns wat aan ons gegee is, naamlik die gebruik van ons hande en verstand en brein bestee tot heerlikheid van God en seen van die wêreld? Hoe het ons ons tyd, ons pen, ons stem, ons geld, en ons invloed gebruik? Wat het ons vir Christus gedoen in die versorging van die armes, die siekes, die wese, of die weduwee? God het ons die bewaarders gemaak van Sy heilige woord; wat het ons gedoen met die lig en die waarheid wat aan ons gegee is om die mense wys te maak tot die saligheid? 'n Bloot uiterlike belydenis van geloof in Christus het geen waarde nie; alleen die liefde wat geopenbaar word in werke is eg. Dit is liefde alleen wat in die oë van God waarde gee aan 'n daad. Alles wat gedoen word uit liefde, hoe gering dit ook in die oë van mense mag skyn, word deur God aangeneem en beloon.

Die verborge selfsug van mense word geopenbaar in die hemelse boeke. Verwaarloosde pligte teenoor hulle medemens, veronagsaming van die Here se aansprake — dit alles is opgeteken. Daar sal gesien kan word hoe dikwels die tyd, gedagtes, en kragte wat aan Christus behoort, aan Satan gegee is. Treurig is die aantekeninge wat die engele na die hemel neem. Intelligente wesens, sogenaamde beleiers van Christus, word in beslag geneem deur die versameling van aardse besittings of die genot van aardse plesier. Geld, tyd, en kragte, word opgeoffer aan vertoon en selfbevrediging; en daar word min tyd bestee aan gebed, ondersoek van die Skrifte, 'n verootmoediging van die siel en belydenis van sonde.

Satan dink ontelbare planne uit om die gedagtes van mense besig te hou, sodat hulle nie kan dink oor die dinge waarmee hulle die beste bekend behoort te wees nie. Die aartsbedrieër haat die groot waarhede wat die soendood en 'n Almagtige Middelaar openbaar. Hy weet dat alle sukses vir hom daarvan afhang om die gedagtes van mense af te trek van Jesus en Sy waarheid.

Diegene wat graag wil deel in die Heiland se middelaarskap [554]
moet niks toelaat om hulle te verhinder in hulle werk om heilig heid

in die vrees van God te volmaak nie. In stede van die kostelike ure te bestee aan plesier, vertoon, of die najaging van gewin, behoort dit gewy te word aan ‘n ernstige, biddende ondersoek van die Woord van Waarheid. Die heiligdom, en die ondersoekende oordeel, is onderwerpe wat duidelik verstaan moet word deur die volk van God. Almal behoort vir hulleself ‘n kennis te hê van die plek en die werk van hulle groot Hoëpriester. As dit nie die geval is nie, sou dit vir hulle onmoontlik wees om die geloof te hê wat so nodig is in hierdie tyd, of om die plek te vul wat God vir hulle bestem het. Elke persoon het ‘n siel om te red of te verloor. Elke persoon het ‘n saak hangende voor die regbank van God. Elkeen sal die groot Regter van aangesig tot aangesig moet ontmoet. Hoe belangrik is dit dus. dat elke persoon sal dink oor die plegtige toneel wanneer die gereg sal sit en die boeke geopen is, en wanneer elkeen, saam met Daniel, weer sal opstaan aan die einde van die dae.

Almal wat lig ontvang het op hierdie onderwerpe moet getuig vir die groot waarhede wat God aan hulle toevertrou het. Die heiligdom in die hemel is die middelpunt van Christus se werk ten behoewe van die mens. Dit raak elke siel op die aarde. Dit openbaar die verlossingsplan, dit bring ons tot die einde van die tyd, en dit openbaar die oorwinning in die stryd tussen geregtigheid en sonde. Dit is van die allergrootste belang dat almal hierdie onderwerpe deeglik sal ondersoek en in staat sal wees om ‘n rede te gee vir die hoop wat in hulle is.

Die intreding van Christus ten behoewe van die mens in die heiligdom daarbo, is net so belangrik vir die verlossingsplan as Sy kruisdood was. Deur Sy dood het Hy daardie werk begin wat Hy na Sy opstanding en hemelvaart steeds in die hemel voortsit. Ons moet deur geloof binnekant die voorhangsel ingaan “waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het.” Heb. 6: 20. Daar word die lig van die kruis van Golgota weerkaats. Daar sal ons ‘n duideliker insig kry in die verborgenheid van die verlossing. Die verlossing van die mens is teen ‘n ontsettende prys verkry; die opoffering wat gemaak is, voldoen aan die grootste eise van die gebroke wet van God. Jesus het
[555] die weg geopen tot Sy Vader se troon, en deur Sy intreding word die begeertes van almal wat in geloof tot Hom kom, aan God voorgestel.

“Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind.” Spreuke

28: 13. As diegene wat hulle foute bedek en verskoon, kon sien hoe verheug Satan oor hulle is, en hoe hy Christus en die heilige engele smaad deur hulle dade, sou hulle met die grootste haas hulle sondes bely en versaak. Deur die gebreke in die karakter trag Satan om die hele verstand te beheers, en hy weet dat hy daarin sal slaag as hierdie gebreke gekoester word. Daarom trag hy steeds om die navolgers van Christus te bedrieg met sy verderflike drogredes dat dit onmoontlik is vir hulle om die sonde te oorwin. Maar ten behoewe van hulle pleit Jesus Sy verwonde hande en gebroke liggaam; en aan almal wat Hom wil navolg verklaar Hy, "My genade is vir jou genoeg." 2 Kor. 12:9. "Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart; en julle sal rus vind vir julle [556]
siele. Want My juk is sag en My las is lig." Matt. 11: 29, 30. Laat niemand, dan, hulle gebreke as onverbeterlik beskou nie. God sal geloof en genade skenk om hulle te oorwin.

Ons leef vandag in die groot versoendag. In die sinnebeeldige diens, terwyl die hoëpriester besig was om versoening te doen vir Israel, moes almal hulle siele verootmoedig in bekering voor die Here, sodat hulle nie onder die volk uitgeroei sou word nie. Net so ook, behoort almal wat hulle name wil laat bly in die boek van die lewe nou, in die paar dae van die genadetyd wat nog oorbly, hulle siele voor God te verootmoedig in berou vir hulle sonde, en in ware bekering. Daar moet deeglike hartondersoek plaasvind. Die ligsinnige gees wat deur so baie belvdende Christene openbaar word, moet versaak word. Daar lê 'n ernstige stryd voor almal om die bose neigings te oorwin wat hulle wil oormeester. Die voorbereidingswerk is 'n persoonlike werk. Ons word nie in groepe gered nie. Die reinheid en toewyding van een sal nie die gebreke in die karakter van ander aanvul nie. Hoewel alle volke in die gereg voor God sal moet verskyn, sal Hy die lewe van elke persoon ondersoek, net so decglik asof daar nie nog 'n ander siel op aarde was nie. Elkeen moet getoets word, en sonder vlek of rimpel of iets dergeliks gevind word.

Plegtig is die tonele in verband met die slotwerk van die versoening. Die allergewigtigste belange is daarin betrokke. Die oordeel is nou aan die gang in die heiligdom daarbo. Vir jare al is hierdie werk aan die gang. Spoedig — niemand weet hoe gou nie — sal die lewendes ondersoek word. In die vreeslike teenwoordigheid van

God sal ons lewens in oënskou geneem word. In hierdie tyd, meer as in enige ander, behoort ons ag te gee op die Heiland se vermaning, "Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie." Markus 13: 33. "As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie." Openb. 3: 3.

Wanneer die ondersoekende oordeel afgesluit word, sal die lot van alle mense vir die dood of die lewe beslis wees. Die genadetyd
[557] sluit 'n kort tydjie voor die verskyning van die Here op die wolke van die hemel. In Openbaring, waar Christus vooruit sien na hierdie tyd, verklaar Hy: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hy nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en My loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." Openb. 22: 11, 12.

Die regverdiges en onregverdiges sal nog in hulle sterflike staat op die aarde woon; mense sal plant en bou en eet en drink, onbewus daarvan dat die finale, onherroeplike uitspraak in die hemelse heiligdom daarbo gegee is. Voor die Sondvloed, nadat Noag in die ark ingegaan het, het God hom ingesluit, en die goddelose uitgesluit; maar vir sewe dae het die mense, nie wetende dat hulle lot beslis was nie, voortgegaan met hulle onverskillige, genotsugtige lewe, en hulle het die waarskuwings van die dreigende oordeel bespot. "So," sê die Heiland, "sal ook wees die koms van die Seun van die mens." Matt. 24: 39. Stil, ongesien soos die dief te middernag, sal die beslissende uur aanbreek wat elke mens se lot sal beslis, en wat die offer van genade aan skuldige mense terugtrek.

"Waak dan, . . . dat Hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap kry nie." Markus 13: 35, 36. Uiters gevaarlik is die toestand van diegene wat, nadat hulle moeg geword het om te waak, weer toegee aan die aanloklikhede van die wêreld. Terwyl die sakeman in beslag geneem word met sy winsbejag, terwyl die genotsoeker homself bevredig, terwyl die modepop besig is met haar tooisel — ja dan mag dit die uur wees wanneer die Regter van die ganse aarde die vonnis uitspreek, "U is op die weegskaal geweeg en te lig gevind."
[558] Dan. 5: 27.

[559]

# Hoofstuk 29—Waarom is die Sonde Toegelaat ?

VIR vele is die oorsprong van die sonde en die bestaan daarvan iets wat baie moeilikhede oplewer. Hulle sien die boosheid, met die vreeslike gevolge van ellende en verwoesting, en die vraag ontstaan by hulle hoe al hierdie dinge kan bestaan onder die soewereiniteit van Een wat alwys, almagtig, en oneindig in liefde is. Hier het hulle te doen met ‘n verborgenheid waarvoor hulle geen verklaring kan vind nie. In hulle onsekerheid en vertwyfeling word hulle verblind vir die waarhede wat so duidelik in Gods woord geopenbaar is, en wat so nodig is vir die saligheid. Daar is diegene, wat in hulle vrae oor die bestaan van die sonde, trag om die dinge na te speur wat God nie geopenbaar het nie; daarom vind hulle geen oplossing van hulle moeilikhede nie; en diegene onder hulle wat geneig is om te twyfel en fout te soek, meen dat hulle hierin genoegsame rede vind vir die verwerping van die Heilige Skrifte. Ander weer, kan nie ‘n bevredigende oplossing van die probleem van die sonde vind nie, omdat tra- disie en verkeerde skrifuitleg die leer van die Bybel [560] aangaande die karakter van God, die aard van Sy regering, en die beginsels waarvolgens hy met die sonde handel, bedek.

Dit is onmoontlik om die oorsprong van die sonde te verklaar sodat daar ‘n rede vir die bestaan daarvan gegee kan word. Maar daar kan nogtans genoeg verstaan word aangaande die oorsprong en die finale uitdelging van die sonde, om die regverdigheid en goedheid van God in al Sy handelinge met die boosheid ten voile te openbaar. Daar is niks wat duideliker in die Skrifte geleer word as die feit dat God geensins verantwoordelik is vir die sonde nie; dat daar geen willekeurige onttrekking van goddelike genade en geen gebrek in die goddelike regering was wat rede kon gegee het vir die opstand in die hemel nie. Die sonde is ‘n indringer vir wie se bestaan geen rede gegee kan word nie. Dit is ‘n verborgenheid en onverklaarbaar; om ‘n verskoning daarvoor te maak, sou beteken om dit te verdedig. As daar ‘n verskoning daarvoor gevind kon word, of ‘n rede daarvoor, sou dit nie meer sonde wees nie. Ons enigste definisie van die sonde,

is die wat daarvan gegee word in die woord van God: "Die sonde is die ongeregtigheid." Dit is die uitwerking van 'n beginsel wat in stryd is met die groot werk van liefde wat die grondslag van die goddelike regering is.

Voor die koms van die sonde, het daar vrede en vreugde geheers in die ganse heelal. Alles was in volkome ooreenstemming met die wil van die Skepper. Die liefde vir God het bo alles gestaan, en die liefde vir die naaste was onpartydig. Christus die Woord, die eniggebore van God, was een met die ewige Vader — een in natuur, in karakter, en in doel — en Hy was die enigste wese in die ganse heelal wat kon deel in al die raadsbesluite en planne van God. Deur Christus het die Vader al die hemelse wesens geskape. "In Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is . . . trone sowel as heerskappye en owerhede en magte;" en aan Christus, net soos aan die Vader, het die ganse hemel trou bewys. (Kol. 1: 16.)

Omdat die wet van liefde die grondslag van Gods regering is, het die geluk van alle geskape wesens afgehang van volkome ooreenstemming met die groot beginsels van geregtigheid daarvan. God [561] verwag van al Sy skepsels liefdesdiens —'n liefde wat sy ontstaan het in 'n intelligente besef van Sy karakter. Hy het geen behae in 'n gedwonge liefde nie, en aan almal het Hy 'n vrye wil gegee, sodat hulle Hom vrywillig kan dien.

Maar daar was een wat verkies het om hierdie vryheid te misbruik. Die sonde het sy ontstaan gehad by hom, wat naas Christus, deur God die hoogste vereer is, en wat in mag en heerlikheid die hoogste gestaan het onder die bewoners van die hemel. Voor sy val was Lucifer een van die gerubs wat beskut, heilig en onbesoedeld. "So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol van wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking." "Jy was 'n gerub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou so gemaak; jy was op die heilige godeberg; jy het gewandel tussen die vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat ongeregtigheid in jou gevind is." Eseg. 28: 12-15.

Lucifer kon in die guns van God gebly het, bemin en vereer deur die engelskare, en hy kon sy edele kragte gebruik het tot seën van ander en verheerliking van sy Skepper. "Maar," het die profeet gesê, "hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou

wysheid verderwe weens jou glans." Eseg. 28: 17. Trap>sgewyse het Lucifer toegegee aan sy begeerte tot selfverheffing. "Jy het jou hart gemaak soos die hart van 'n god." "En jy het in jou hart gesê: Ek wil . . . my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die noorde. . . . Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!" Eseg. 28: 6; Jes. 14: 13, 14. In stede van die begeerte om God die hoogste plek te gee in die liefde en trou van Sy skepsels, het Lucifer 'n poging gemaak om hulle diens en aanbidding vir homself te verkry. En begerende die eer wat die ewige Vader aan Sy Seun gegee het, het hierdie vors van die engele geywer om die mag wat alleen aan Christus gegee is, uit te oefen.

Vir die ganse hemel was dit 'n vreugde om die Skepper te verheerlik en Hom te loof. Terwyl God op hierdie manier vereer is, het vrede en vreugde geheers. Maar nou het daar 'n wanklank gekom in die hemelse harmonie. Die diens en verheffing van self, in stryd met die Skepper se plan, het vrees laat ontstaan in harte waarin die [562]
heerlikheid van God allesoortreffend was. Die rade van die hemel het met Lucifer gepleit. Die Seun van God het aan hom die grootheid en goedheid en regverdigheid van die Skepper voorgehou, asook die onveranderlikheid van Sy wet. God Self het die orde van die hemel bevestig; en deur daarvan af te wyk sou Lucifer sy Skepper onteer en sy eie ondergang bewerk. Maar hierdie raadgewing, wat geskied het in oneindige liefde en genade, het slegs 'n gees van weerstand laat ontstaan. Lucifer het sy jaloesie teenoor Christus die oorhand laat kry, en hy het meer vasberade geword.

Hoogmoed weens sy eie heerlikheid het sy begeerte vir opperheerskappy gevoed. Die hoë eer wat aan Lucifer gegee is, is nie gewaardeer as 'n gawe van God nie, en dit het geen dankbaarheid teenoor die Skepper by hom uitgelok nie. Hy het hom verlustig in sy heerlikheid en hoogheid, en hy het hom beywer om gelyk aan God te wees. Die hemelse leërskare het hom liefgehad en geëer. Dit het die engele behaag om sy bevele uit te voer, en hy het meer wysheid en heerlikheid as hulle almal gehad. Maar die Seun van God was die erkende vors van die hemel, een met die Vader in mag en gesag. Christus kon deelneem aan al die raadsbesluite van God, terwyl Lucifer nie toegelaat is om aan die goddelike planne deel te neem nie.

"Waarom," het hierdie magtige engel gevra, "moet Christus hierdie oppergesag hê? Waarom moet hy bokant Lucifer vereer word?"

Sy plek by die onmiddellike teenwoordigheid van God verlatende, het Lucifer voortgegaan om die gees van ontevredenheid onder die engele te versprei. Met groot geheimsinnigheid werkende, en sy ware doel vir 'n tyd verbergende onder 'n skyn van eerbied vir God, het hy getrag om ontevredenheid op te wek teenoor die wette waaronder die hemelse wesens gestaan het, en hy het beweer dat hulle onnodige beperkings opgelê het. Uitgaande van die standpunt dat hulle natuur heilig was, het hy aangevoer dat die engele die inspraak van hulle eie wil moes gehoorsaam. Hy wou medelyde vir homself opwek deur aan te voer dat God hom met onreg behandel het deur die hoogste eer aan Christus te gee. Hy het aangevoer dat hy in sy strewe na groter mag en eer nie na selfverheffing gemik het nie, maar dat hy getrag het om vryheid te verkry vir al die bewoners
[563] van die hemel, sodat hulle deur middel daarvan 'n hoër lewe kon bereik.

In Sy groot genade was God lank geduldig met Lucifer. Hy was nie onmiddellik onthef van sy hoë posisie toe die gees van ontevredenheid die eerste maal deur hom geopenbaar is nie, en selfs ook nie toe hy sy valse aansprake aan die lojale engele bekendgemaak het nie. Nog lank het hy in die hemel gebly. Keer op keer is daar aangebied om hom te vergewe, op voorwaarde van bekering en onderwerping. Pogings soos alleen deur oneindige liefde en wysheid gemaak kon word, is aangewend om hom van sy dwaling te oortuig. Die gees van ontevredenheid was nooit voorheen bekend in die hemel nie. Lucifer self het nie dadelik gesien waarheen hy gevoer word nie; hy het nie die ware aard van sy gevoelens verstaan nie. Maar namate daar bewys is dat daar geen rede was vir sy ontevredenheid nie, is Lucifer oortuig dat hy verkeerd was, dat die goddelike aansprake regverdig was, en dat hy dit behoort te erken voor die ganse hemel. As hy dit gedoen het, sou hy homself en baie engele gered het. In hierdie tyd het hy nog nie ten voile sy trou aan God versaak nie. Alhoewel hy sy posisie as beskuttende gerub verlaat het, kon hy weer, as hy gewillig was om tot God terug te keer, die wysheid van die Skepper te erken, en met tevredenheid sy plek te beklee wat aan hom gegee is in Gods groot plan, tot sy vorige posisie herstel word. Maar hoogmoed wou hom nie toelaat om hom te onderwerp nie.

Hardnekkig het hy die weg wat hy ingeslaan het, verdedig; hy het aangevoer dat hy nie bekering nodig het nie, en hy het hom heeltemal oorgegee tot die groot stryd teen sy Maker.

Al die kragte van sy meesterverstand het hy nou ingespan in die werk van bedrog om die medelyde te verkry van die engele wat onder sy bevel gestaan het. Selfs Christus se waarskuwings en raadgewings het hy verdraai om sy eie verraderlike planne te bevorder. Aan diegene wat hom die meeste vertrou het, het Satan homself voorgestel as iemand wat ten onregte veroordeel is, dat sy posisie nie geag is nie, en dat sy vryheid beperk sou word. Van 'n wanvoorstelling van die woorde van Christus, het hy oorgegaan tot verdraaiing en valsheid, en hy het die Seun van God beskuldig van 'n plan om hom te verneder voor die hemelbewoners. Ook het hy probeer om die lojale engele vals te beskuldig. Almal wat hy nie [564]
kon oorhaal en heeltemal aan sy kant bring nie, het hy beskuldig van onverskilligheid teenoor die belange van die hemelse wesens. Hy het diegene wat getrou gebly het aan God beskuldig van dieselfde ding waarmee hy besig was. In 'n poging om die beskuldiging van Gods onreg teenoor hom te bewys, het hy hom begewe tot 'n verkeerde uitleg van die woorde en handelinge van die Skepper. Sy beleid was om die engele in verwarring te bring met listige argumente aangaande die planne van God. Die eenvoudige dinge het hy in geheimsinnigheid gehul, en deur listige verdraaiings het hy twyfel verwek in verband met die duidelikste verklarings van Jehova. Sy hoë posisie, en sy noue verbinding met die goddelike administrasie het krag aan sy bewerings gegee, en baie is oorgehaal om met hom saam te staan in sy rebellie teenoor die gesag van die hemel.

In Sy wysheid het God Satan toegelaat om voort te gaan totdat die gees van ontevredenheid oorgegaan het tot werklike opstand. Dit was nodig om sy planne ten voile te laat ontwikkel. sodat die ware aard en strekking daarvan deur almal gesien kon word. As gesalfde gerub was Lucifer baie hoog verhef; die hemelse wesens het hom baie liefgehad, en sy invloed oor hulle was baie groot. Onder Gods regering het nie alleen die hemelse wesens gestaan nie, maar ook al die wêrelde wat Hy geskape het; en Satan het gemeen dat as hy die engele van die hemel in sy opstand kon meevoer, hy dit ook sou kon oordra na die ander wêrelde. Op behendige wyse het hy sy kant van die saak voorgestel, en hy het drogredes en valsheid gebruik om

sy doel te bereik. Sy mag om te bedrieg was baie groot, en deur ‘n mantel van valsheid te dra het hy groot voordeel gewin. Selfs die lojale engele kon nie ten voile sy ware karakter besef of die gevolge van sy werk vooruit sien nie.

Satan het so ‘n geëerde posisie beklee, en sy dade was so gehul in geheimsinnigheid, dat dit moeilik was om die ware aard van sy werk aan die engele te openbaar. Totdat dit eers ten voile ontluik het, sou die sondigheid van die sonde nie geopenbaar wees nie. Totnogtoe was die sonde onbekend in die heelal van God, en die heilige wesens het geen begrip gehad van die ontsettende aard daarvan nie. Hulle
[565] kon nie die vreeslike gevolge voorsien as gevolg van die verwerping van die goddelike wet nie. Aan die begin het Satan sy werk bedek onder die listige voorwendsel van getrouheid aan God. Hy het voorgegee dat hy daarop uit was om die eer van God te bevorder, Sy regering te bestendig, en die welsyn van die hemelbewoners te bewerk. Terwyl hy besig was om ontevredenheid te saai onder die engele onder hom, het hy op slinkse wyse probeer om dit te laat voorkom asof hy besig was om ontevredenheid uit die weg te ruim. Toe hy daarop aangedring het dat daar veranderinge gemaak moet word in die orde en wette van Gods regering, het hy voorgegee dat dit nodig was ten einde eenstemmigheid in die hemel te bewaar.

In Sy handeling met die sonde, kon God alleen geregtigheid en waarheid laat geld. Satan kon dinge gebruik wat God nie kon gebruik nie — naamlik vleiery en bedrog. Hy het getrag om die woord van God te verdraai, en hy het Gods regering verkeerd aan die engele voorgestel, voorgewende dat God onregverdig gehandel het deur die hemelbewoners te onderwerp aan wette en reels; hy het aangevoer dat God, deur onderwerping en gehoorsaamheid te eis van Sy skepsels, maar net op selfverheffmg uit was. Daar moes dus aan die hemelbewoners sowel as aan al die wêrelde bewys word dat Gods regering regverdig en Sy wette volmaak is. Satan het probeer om dit te laat blyk dat hy self daarop uit was om die welsyn van die heelal te bevorder. Die ware karakter van die indringer, en sy ware doel moes deur almal verstaan word. Hy sou geleentheid kry om homself te openbaar deur sy bose werke.

Satan het die regering van God beskuldig vir die oneindigheid wat sy handelwyse in die hemel veroorsaak het. Hy het verk’.aar dat alle sonde die gevolg was van die goddelike administrasie. Hy

het te kenne gegee dat dit sy doel was om te verbeter op die wette van Jehova. Dit was dus noodsaaklik dat hy geleentheid moes kry om die aard van sy aansprake te demonstreer en sy voorgestelde veranderinge in die goddelike wet uit te werk. Sy eie werk moes hom veroordeel. Van die begin af het Satan beweer dat hy nie ‘n opstandeling was nie. Die ganse heelal moes nou sien hoedat die bedrieër ontmasker word.

Selfs toe daar besluit is dat hy nie langer in die hemel kon bly nie, [566] het Ewige Wysheid besluit om Satan nie te vernietig nie. Aangesien liefdesdiens alleen by God aanneemlik is, moes die trou van Sy skepsels berus op ‘n oortuiging van Sy regverdigheid en goedheid. Die hemelbevvoners en die bewoners van die ander wêrelde, omdat hulle nie die aard en die gevolge van die sonde kon besef nie, sou destyds nie die regverdigheid en genade van God verstaan het as Hy Satan sou verdelg het nie. As God hom dadelik sou vernietig het, sou hulle Hom uit vrees eerder as uit liefde gedien het. Die invloed van die bedrieër sou dan nie ten voile vernietig en die gees van opstand nie volkome verdelg gewees het nie. Die sonde moes toegelaat word om te ontwikkel. Vir die welsyn van die ganse heelal deur die ewigheid heen, moes Satan toegelaat word om sy beginsels ten voile uit te werk, sodat sy beskuldigings teen die goddelike regering in hulle ware lig deur al die geskape wesens gesien kon word, en sodat die regverdigheid en genade van God en die onveranderlikheid van Sy wet vir ewig bevestig kon word.

Satan se opstand sou ‘n les wees vir die heelal deur die eeue heen, ‘n gedurige getuienis van die aard en die vreeslike gevolge van die sonde. Die uitwerking van Satan se regering, op beide mense en engele, sou die gevolge aantoon van die tersydestelling van goddelike gesag. Dit sou bewys dat die welsyn van al Gods skepsels verbonde is aan die voortbestaan van sy regering en sy wet. Die geskiedenis van hierdie ontsettende opstand sou dus ‘n voortdurende vrywaring wees vir al die heilige wesens om te belet dat hulle bedrieg word wat betref die ware aard van oortreding, en om hulle te bewaar van die sonde en die straf daarop.

Selfs tot die einde van die stryd in die hemel het die groot bedrieër getrag om homself te regverdig. Toe daar aangekondig is dat hy met al sy aanhangers uit daardie salige oord verban sou word, het die aartsrebel reguit sy minagting vir die Skepper se wet verklaar.

Hy het sy bewering herhaal dat die engele nie onderdanig behoort te wees nie, maar dat hulle moes vry wees om hulle eie wil te volg wat hulle altyd reg sou lei. Hy het die goddelike wette veroordeel as 'n beperking van hulle vryheid, en hy het verklaar dat dit sy doel was om die afskaffing van wet te verkry, sodat die leërskare van die
[567] hemel, bevry van hierdie beperking, tot 'n hoër en heerliker bestaan kon voortgaan.

Soos een man het Satan en sy navolgers alle blaam vir hulle opstand op Christus gewerp, en verklaar dat daar nooit opstand sou gewees het as daar geen teregwysing was nie. Hardnekkig en uitdagend in hulle ontrouheid, tevergeefs tragtende om die regering van God omver te werp, en nogtans op godslasterende wyse bewerende dat hulle die onskuldige slagoffers van verdrukking was, is die aartsrebel en sy aanhangers eindelik uit die hemel gewerp.

Dieselfde gees wat die rebellie in die hemel laat ontstaan het, veroorsaak nog rebellie op die aarde. Onder die mense volg Satan dieselfde beleid wat hy met die engele gevolg het. Sy gees heers vandag in die kinders van ongehoorsaamheid. Net soos hy, trag hulle om die beperkings van Gods wet af te werp, en hulle beloof vryheid aan die mense deur oortreding van die gebooie. Bestraffing van die sonde verwek nog die gees van haat en weerstand. Waar mense oortuig word deur Gods boodskappe van waarskuwing, lei Satan hulle om hulleself te regverdig en om die medelyde van ander te soek in hulle sondige lewe. Pleks om hulle sondes te versaak, verwek hulle verontwaardiging teenoor die een wat hulle bestraf, asof hy die enigste oorsaak is van hulle moeilikheid. Van die dae van regverdige Abel af tot by ons tyd, is dit nog die gees wat geopenbaar word teenoor diegene wat dit durf om die sonde te bestraf.

Deur dieselfde wanvoorstelling van die karakter van God as wat hy in die hemel gebesig het, naamlik om God voor te stel as 'n harde en tiranniese meester, lei Satan die mens tot sonde. En omdat hy sover geslaag het, verklaar hy dat dit Gods onregverdige beperkings is wat tot die val van die mens gelei het, net soos dit ook die oorsaak was van sy eie opstand.

Maar die Ewige God Self verklaar Sy karakter: "HERE, HERE, 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid hou vir duisende, wat

ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie." Exod. 34: 6, 7.

In die verbanning van Satan uit die hemel het God Sy regverdigheid verklaar en die eer van Sy troon gehandhaaf. Maar toe die mens [568] gesondig het deur toe te gee aan die bedrieërye van hierdie afvallige gees, het God bewys gelewer van Sy liefde deur die opoffering van Sy eniggebore Seun om te sterf vir die gevalle mensdom. In die versoening word die karakter van God geopenbaar. Die magtige feit van die kruis openbaar aan die ganse heelal dat die regering van God nie verantwoordelik is vir die sondige weg wat Lucifer ingeslaan het nie.

In die ontmoeting tussen Christus en Satan tydens die Heiland se aardse bediening, is die karakter van die groot bedrieër geopenbaar. Niks kon op so 'n doeltreffende wyse die liefde vir Satan uit die harte van die engele en die ander wesens wat getrou gebly het, weggeneem het soos sy wrede oorlog teen die Verlosser van die wêreld nie. Die ontsetttende godslastering wat geopenbaar is in sy versoek dat Christus aan hom hulde moes betoon, sy aanmatiging deur Hom na die bergtop en die dak van die tempel te neem, en die kwaadwillige plan wat hy voorgestel het toe hy by Christus aangedring het dat Hy Homself daarvandaan moes neerwerp, sy kwaadwillige vervolging van Christus van plek tot plek, sy oorreding van die priesters en die volk om Christus se liefde te verwerp en eindelik uit te roep, "Kruisig Hom, kruisig Hom!"—-dit alles het die verbasing en die verontwaardiging van die heelal uitgelok.

Dit is Satan wat verantwoordelik is vir die wêreld se verwerping van Christus. Die vors van boosheid het al sy kragte en liste ingespan om Jesus te vernietig; want hy het gesien dat die Heiland se genade en liefde, Sy ontferming en teerheid, die karakter van God aan die wêreld voorgestel het. Satan het elke aanspraak van die Seun van God bestry, en hy het mense gebruik as sy werktuie om die Heiland se lewe met lyding en droefheid te vervul. Die drogredes en valsheid waarmee hy getrag het om die werk van Jesus te verhinder, die haatdraendheid wat geopenbaar is deur die kinders van ongehoorsaamheid, sy wrede beskuldigings teen Hom wie se lewe 'n voorbeeld van ongeëwenaarde goedheid was — dit alles was die gevolg van diepgewortelde weerwraak. Die verkropte nyd en kwaadwilligheid, haat en weerwraak, het op Golgota losgebars teen

die Seun van God, terwyl die ganse hemel die toneel met stille afsku aanskou het.

[569] Nadat Christus die groot offer gegee het, het Hy opgevaar en Hy het die aanbidding van engele geweier totdat Hy eers die versoek gerig het, "Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees." Joh. 17: 24. Toe het die antwoord met onuitspreeklike liefde en krag van die Vader se troon gekom, "A1 die engele van God moet Horn aanbid." Heb. 1: 6. Daar was nie 'n vlek aan Jesus nie. Sy vernedering beëindig en opoffering voltooi, is daar aan Horn gegee 'n naam wat bo elke naam is.

Xou was Satan se skuld bewys. Hy het sy ware karakter as leuenaar en moordenaar geopenbaar. Daar is gesien dat dieselfde gees wat hy geopenbaar het in sy beheersing van die mense wat onder sy mag is, ook geopenbaar sou gewees het as hy toegelaat was om die hemelbewoners te beheers. Hy het beweer dat die oortreding van Gods wet vryheid en verheffing sou bring; maar daar is getoon
[570] dat die uitwerking slawerny en verlaging is.

Satan se leuenagtige beskuldigings teen die goddelike karakter en regering is nou in hulle ware lig getoon. Omdat God onderdanigheid en gehoorsaamheid van Sy skepsels eis, het hy gesê dat God Homself maar wou verhef, en hy het beweer dat die Skepper, terwyl Hy selfverloëning van ander geëis het, self geen selfverloëning beoefen of enige opoffering gemaak het nie. Daar is nou gesien dat die Heerser van die heelal die grootste opoffering gemaak het wat daar kan gemaak word vir 'n gevalle en sondige geslag; want "God het in Christus die wêreld met Homself versoen." 2 Kor. 5: 19. Daar is ook gesien dat Lucifer uit 'n begeerte vir eer en oppermagtigheid die deur oopgemaak het vir die sonde, terwyl Christus ten einde die sonde te vernietig, Homself verneder en gehoorsaam geword het tot die dood.

God het Sy afsku vir die beginsels van opstand geopenbaar. Die ganse hemel het 'n openbaring van Sy regverdigheid gesien, beide in die veroordeling van Satan en die verlossing van die mens. Lucifer het verklaar dat as die wet van God onveranderlik, en die straf daarop onverbiddelik is, elke oortreder vir ewig die guns van die Skepper verbeur het. Hy het verklaar dat die sondige geslag nie verlos kon word nie, en dat hulle dus aan hom behoort. Maar die dood van Christus was 'n argument ten behoewe van die mens wat nie weerlê

kon word nie. Die straf van die wet het geval op Hom wat gelyk aan God was, en dit het vir die mens vrygestaan om die geregtigheid van Christus aan te neem, en deur 'n lewe van boetvaardigheid en vernedering te oorwin, net soos die Seun van God oorwin het oor die mag van Satan. God is dus regverdig, terwyl Hy nogtans almal kan regverdig wat in Jesus glo.

Maar dit was nie alleen om die mens te verlos dat Christus na die aarde gekom het om te ly en te sterf nie. Hy het gekom om die wet groot en heerlik te maak, nie alleen sodat die aardbewoners die wet so mag beskou nie, maar om aan al die wêrelde te toon dat Gods wet onveranderlik is. As die eise van die wet tersyde gestel kon gewees het, sou dit nie nodig gewees het vir die Seun van God om sy lewe te gee om versoening te doen vir die oortreding daarvan nie. Die dood van Christus bewys die onveranderlikheid daarvan. En die opoffering wat ewige liefde die Vader en die Seun gedwing het om te maak vir die verlossing van sondaars, toon aan die ganse heelal [571]
— soos die verlossingsplan alleen kan toon -— dat geregtigheid en genade die grondslag van die wet en die regering van God is.

In die uiteindelike oordeel sal daar gesien word dat daar geen verskoning vir die sonde is nie. Wanneer die Regter van die ganse aarde aan Satan sal vra, "Waarom het jy teen My gerebelleer en My beroof van die onderdane van My koninkryk?" sal die bewerker van die Sonde geen verskoning hê nie. Elke mond sal toe wees en die opstandige leërskare spraakloos staan.

Die kruis van Golgota, terwyl dit aantoon dat die wet van God onveranderlik is, verklaar ook aan die ganse heelal dat die loon van die sonde die dood is. In die Heiland se sterwingswoorde, "Dit is volbring," is die doodsklok van Satan gelui. Die groot stryd wat solank aan die gang was, is toe beslis, en die uiteindelike verdelging van die sonde is verseker. Die Seun van God het deur die poorte van die graf gegaan, "Sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het — dit is die duiwel." Heb. 2: 14. Lucifer se begeerte tot selfverheffmg het hom gelei om te sê, "Ek wil my troon verhef bo die sterre van God. . . . Ek wil my gelykstel met die Allerhoogste!" Jes. 14: 13, 14; Eseg. 28: 18, 19. Wanneer daardie dag aanbreek wat "brand soos 'n oond. . . . Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid doen, 'n stoppel wees; en die dag wat

kom sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leër:kare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie." Mai. 4: 1.

Die ganse heelal sal dan getuies gewees het van die aard en gevolge van die sonde. Terwyl die uitdelging daarvan aan die begin oneer aan God sou gebring het en die engele laat vrees het, sal dit nou Sy liefde bewys en Sy eer bevestig voor al die wesens van die heelal wat behae daarin skep om Sy wil te doen en in wie se harte Sy wet is. Nooit weer sal die sonde geopenbaar word nie. Die woord van God sê, "Die benoudheid sal nie tweemaal opkom nie." Nahum 1: 9. Die wet van God wat deur Satan bestempel is as 'n juk van slawerny, sal geëer word as die wet van vryheid. 'n Getoetste en beproefde skepping sal nooit weer afwyk van sy trou aan Hom wie se karakter so vol-kome aan hulle geopenbaar is as grenslose liefde
[572] en oneindige wysheid nie.

[573]

## Hoofstuk 30—Vyandskap Tussen die Mens en Satan

"EK sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt." Gen. 3:15. Die goddelike vonnis oor Satan, na die val van die mens, het ook 'n profesie bevat wat alle eeue insluit tot by die einde van tyd, en dit het die groot stryd voorspel waarin al die geslagte wat op die aarde sou lewe, gewikkel sou word.

God sê, "Ek sal vyandskap stel." Hierdie vyandskap is nie iets wat van nature in die mens is nie. Toe die mens die goddelike wet oortree het, het sy natuur sondig geword, en hy was in ooreenstemming en nie in stryd met Satan nie. Van nature is daar geen vyandskap tussen die sondige mens en die bewerkers van die sonde nie. Albei het sondig geword weens afval. Die afvallige rus nooit tensy hy medelyde en mede- werking verkry in sy oorreding van an- [574] der om ook sy voorbeeld na te volg nie. Om hierdie rede, werk bose engele en sondige mense saam in 'n noodgedwonge vennootskap. As God nie spesiaal tussenbei gekom het nie, sou Satan en die mens 'n verbond aangegaan het teen die Hemel, en in stede van vyandskap teen Satan te koester, sou die ganse mensdom saam met hom gewerk het teen God.

Satan het die mens tot sonde verlei, en hy het die engele tot opstand beweeg om desdoende hulle medewerking te verkry in sy stryd teen die Hemel. Wat betref hulle haat vir Christus, was daar eenstemmigheid tussen hom en die engele; hoewel hulle dit op alle ander punte oneens was, was hulle onwrikbaar eens in hulle weerstand teen die gesag van die Heerser van die heelal. Maar toe Satan hoor dat daar vyandskap gestel is tussen hom en die vrou, en tussen sy saad en haar saad, het hy geweet dat sy pogings om die menslike natuur te verlaag, onderbreek sou word; hy het geweet dat die mens op die een of ander manier in staat gestel sou word om sy mag te weerstaan.

Satan se vyandskap teen die mens het ontbrand omdat hulle, deur Christus, die voorwerpe is van Gods liefde en genade. Sy bcgeerte

is om die goddelike plan vir die redding van die mens in die war te stuur, om God te onteer deur Sy handewerk te skend; en hy sou droefheid in die hemel laat ontstaan en die aarde met ellende en verwoesting vervul. En dan sou hy na al hierdie ellende wys en beweer dat dit die gevolg is van Gods werk in die skepping van die mens.

Dit is die genade wat Christus in die siel bring, wat in die mens vyandskap verwek teenoor Satan. Sonder hierdie reddende genade en vernuwende krag, sou die mens 'n gevangene van Satan bly, en sy slaaf wat steeds gereed is om sy bevele uit te voer. Maar die nuwe beginsel in die siel verwek 'n stryd waar daar voorheen vrede was. Die krag wat Christus meedeel, stel die mens in staat om hierdie tiran en indringer te weerstaan. Wie ookal die sonde verfoei in stede van dit lief te hê, en wie daardie drifte weerstaan en oorwin wat binne-in die hart heerskappy voer, toon die werking van 'n beginsel wat geheelenal van bo kom.

[575] Die vyandigheid tussen die Gees van Christus en die gees van Satan is duidelik geopenbaar in die wêreld se verwerping van Jesus. Dit was nie soseer omdat Hy sonder wêreldse rykdom, prag en praal verskyn het, dat die Jode Hom verwerp het nie. Hulle het gesien dat Hy mag gehad het wat die gebrek aan uiterlike vertoon sou vergoed. Dit was die reinheid en heiligheid van Christus wat die haat van die goddelose uitgelok het. Sy lewe van selfverloëning en sondelose toewyding was 'n voortdurende bestraffing vir die trotse en sinlike volk. Dit was dit wat die vyandigheid teenoor die Seun van God verwek het. Satan en bose engele het saamgestaan met bose mense. Al die kragte van afvalligheid het saamgesweer teen die Kampvegter vir die waarheid.

Dieselfde vyandigheid wat teen hulle Meester geopenbaar is, word vandag geopenbaar teen die navolgers van Christus. Almal wat die afskuwelike aard van die sonde insien en wat deur krag van omhoog versoeking weerstaan, sal sekerlik die woede van Satan en sy onderdane opwek. Haat vir die reine beginsels van waarheid, en verwyt en vervolging van die voorstanders daarvan, sal daar wees solank as daar sondaars is. Die navolgers van Christus en die diensknegte van Satan is altyd in stryd. Die aanstoot van die kruis is nog altyd daar. "Almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word." 2 Tim. 3: 12.

Satan se werktuie is gedurig besig om, onder sy leiding, sy gesag te bevestig en sy koninkryk op te bou in stryd met die regering van God. Met hierdie doel voor oë trag hulle om Christus se navolgers te mislei en ontrou te maak. Net soos hulle leier vertolk hulle die Skrifte verkeerd en verdraai hulle dit om hulle eie doel te bereik. Net soos Satan probeer het om beskuldigings teen God te slinger, so trag sy werktuie ook om Gods volk te beskinder. Die gees wat Christus om die lewe gebring het, beweeg die goddelose om Sy navolgers te vernietig. Al hierdie dinge is voorspel in daardie eerste profesie, "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou" (Gen. 3: 15), en hierdie vyandskap sal voortduur tot die einde van tyd.

Satan roep al sy magte op, en werp alles in die stryd. Waarom is dit dat hy nie groter teenstand ondervind nie? Waarom is dit
dat gesante van Christus so lewendig-dood en onver- skillig is? [576]
Dit is omdat hulle nie in ware verbinding met Christus is nie. Dit [577]
is omdat hulle nie Sy Gees het nie. Die sonde is vir hulle nie so afstotend en afskuwelik as dit vir hulle Meester was nie. Hulle weerstaan die sonde nie so beslis as wat Christus gedoen het nie. Hulle besef nie die ontsettende boosheid en afskuwelikheid van die sonde nie, en hulle is blind beide vir die karakter en die mag van die vors van duisternis. Daar is min weerstand teen Satan en sy werke omdat daar sulke groot onkunde heers in verband met sy mag en kwaadwilligheid, asook aangaande die groot omvang van sy stryd teen Christus en Sy kerk. Menigtes word op hierdie punt mislei. Hulle besef nie dat hulle vyand 'n magtige generaal is wat heerskappy voer oor die bose engele, en wat met weldeurdagte planne en fynuilgewerkte bewegings oorlog voer teen Christus om die verlossing van siele te verhoed nie. Onder belydende Christene sowel as onder evangeliedienaars, word Satan se naam byna nooit genoem nie — behalwe miskien 'n toevallige verwysing daarna uit die kansel. Hulle sien sy voortdurende bedrywigheid en suksesse oor die hoof; hulle slaan nie ag op die baie waarskuwings teen sy listigheid nie, en dit skyn asof hulle selfs sy bestaan vergeet het.

Terwyl mense onkundig is aangaande sy planne, is hierdie wakker vyand elke oomblik op hulle spoor. Hy dring elke deel van die huishouding binne, elke straat van ons dorpe, die kerke, die raadsvergaderings, en die geregshowe, waar hy bedrieg, verlei, moeilikheid veroorsaak, en orals die siel en die liggaam van mans, vrouens, en

kinders verwoes; en hy verbreek gesinne, saai saad van haat, afguns, stryd, sedisie, en moord. Die hele Christenwêreld beskou hierdie dinge asof God hulle beskik het en asof hulle desnoods moet wees.

Satan is gedurig daarop uit om die volk van God te oorwin deur die skeidsmure af te breek wat hulle van die wêreld skei. Israel vanouds is tot die sonde verlok toe hulle hulle op verbode grond begewe het in omgang met die heidene. Op dieselfde manier word hedendaagse Israel verlei. "Die god van hierdie wêreld [het] die sinne verblind, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie."
[578] 2 Kor. 4: 4. Almal wat nie besliste navolgers van Christus is nie, is diensknegte van Satan. In die hart wat nie wedergebore is nie, is daar 'n liefde vir die sonde en 'n gesindheid om dit te koester en dit te verskoon. In die wedergebore hart is daar 'n haat vir die sonde, en vasberade weerstand daarteen. Wanneer Christene die geselskap soek van goddelose en ongelowiges, stel hulle hulleself bloot aan versoeking. Satan skuil op die agtergrond, en op slinkse wyse trek hy die sluier van bedrog oor hulle oë. Hulle kan nie sien dat sulke geselskap skadelik vir hulle is nie; en terwyl hulle al die tyd gelykvormig word aan die wêreld in karakter, woorde en dade, word hulle steeds meer en meer verblind.

Gelykvormigheid aan wêreldse gebruike bekeer die kerk tot die wêreld; dit bekeer nooit die wêreld tot Christus nie. Om eie te wees met die sonde sal dit gewis minder afskuwelik laat lyk. Die persoon wat verkies om met die diensknegte van Satan om te gaan, sal baie gou nie meer vrees vir hulle meester hê nie. As ons in die uitvoering van ons plig in beproewing kom, soos byvoorbeeld Daniel aan die koninklike hof, kan ons daarop reken dat God ons sal beskerm; maar as ons onsself in versoeking bring, sal ons vroeër of later val.

Die versoeker werk dikwels met die grootste sukses deur diegene van wie ons die minste verwag dat hulle onder sy mag is. Diegene wat geleerd is en talente het, word bewonder en geëer, asof hierdie hoedanighede hulle gebrek aan die vrees van God kan vergoed of Sy guns kan win. Talente en kultuur is op sigself gawes van God; maar as hierdie dinge in die plek gestel word van godsvrug liewer as middels om die siel nader aan God te bring, sal hulle mens van God weglei en 'n vloek en 'n strik word. Baie mense is onder die indruk dat alles wat na hoflikheid of verfyndheid lyk noodwendig

iets Christeliks is. Maar nog nooit is daar 'n groter fout begaan nie. Hierdie hoedanighede behoort die karakter van elke Christen te verfyn, want hulle oefen 'n groot invloed uit ten gunste van ware godsdiens; maar hulle moet aan God gewy wees, of hulle sal 'n mag ten kwade wees. Menige man van goeie verstand en aangename maniere, wat hom nie sal begewe tot wat in die omgang bekend is as 'n onsedelike daad nie, is slegs 'n verfynde werktuig in die hande van Satan. Die listige en bedrieglike invloed wat hy uit- oefen maak [579]
hom 'n gevaarlike vyand van die saak van Christus vir diegene wat onkundig en ongeleerd is.

Deur ernstige gebed en afhanklikheid van God, het Salomo wysheid verkry wat die verbasing en bewondering van die wêreld verwek het. Maar toe hy hom afgekeer het van die Bron van sy krag, en op homself begin vertrou het, het hy die prooi van versoeking geword. Toe het die kragte wat hierdie, die wysste van alle konings gehad het, hom slegs 'n doeltreffender werktuig gemaak van die sielevyand.

Terwyl Satan steeds trag om hulle oë te verblind vir die feit, moet Christene nooit vergeet nie dat hulle "worstelstryd nie [is] teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, en teen bose geeste in die lug." Efe. 6: 12. Die waarskuwing wat deur die eeue heen tot ons kom is: "Wees nugter en waak, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind." 1 Petrus 5: 8. "Trek die voile wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel." Efe. 6: 11.

Van die dae van Adam af tot in ons tyd, beoefen ons groot vyand sy mag om te verdruk en te vernietig. Hy is nou besig met voorbereidings vir sy laaste veldtog teen die kerk. Almal wat graag Jesus wil volg, sal in stryd kom met hierdie meedoënlose vyand. Hoe nader die Christen kom aan die goddelike Voorbeeld, hoe sekerder kan hy daarvan wees dat hy deur die Satan aangeval sal word. Almal wat aktief besig is in die saak van God, wat soek om die bedrog van die bose vyand aan die kaak te stel, en om Christus aan die mense voor te stel, sal saam met Paulus kan getuig waar hy sê dat hy die Here dien met alle nederigheid en baie trane en beproewinge.

Satan het Christus aangeval met sy kwaaiste en listigste versoekings; maar elke keer is hy teruggeslaan. Daardie botsings het ten behoewe van ons plaasgevind; daardie oorwinnings maak dit

moontlik vir ons om te oorwin. Christus sal krag gee aan almal wat daarom vra. Geen mens kan ooit sonder sy eie toestemming deur Satan oorwin word nie. Die versoeker het geen mag om die wil te
[580] beheers of die siel tot sonde te dwing nie.

[581]

# Hoofstuk 31—Die Werk van Bose Geeste

DIE verbinding tussen die sigbare en die onsigbare wêreld, die bediening van die engele van God, en die werk van bose geeste, word duidelik in die Skrifte geopenbaar as iets wat onafskeidelik saamgeweef is met die menslike geskiedenis. Daar is 'n toenemende neiging om geen geloof te heg nie aan die bestaan van bose geeste, terwyl die engele "wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beërwe" (Heb. 1: 14), deur vele beskou word as die geeste van die afgestorwenes. Dog die Skrifte leer nie alleen die bestaan van engele, goeie en bose nie, maar gee ook onweerlegbare bewys dat hulle nie die geeste is van afgestorwe mense nie.

Voor die skepping van die mens het daar engele bestaan; want by die grondlegging van die aarde het "die moresterre saam gejubel [582] en al die seuns van God [het] gejuig." Job 38: 7. Na die sondeval is engele gestuur om die boom van die lewe te bewaak; en dit het geskied vóórdat daar mense op die aarde gesterf het. Wat hulle natuur betref, staan die engele hoër as mense; want van die mens sê die Psalmis "U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese." Ps. 8: 6. (Die Engelse vertaling lui: "U het hom 'n weinig laer gemaak as die engele.")

In die Skrifte kan ons lees aangaande die getal, die mag en heerlikheid van die hemelse wesens, hulle verhouding tot die regering van God, asook hulle verhouding tot die verlossingswerk. "Die Here het Sy troon in die hemel gevestig, en Sy koninkryk heers oor alles." Ps. 103: 19. "Ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon." Openb. 5: 11. Voor die troon van die Koning van die konings dien die engele —-"kragtige helde wat Sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van Sy woord." Ps. 103: 19, 20. Die profeet Daniel het tienduisendmaal tienduisend en duisende van duisende engele gesien. (Dan. 7: 10.) Die apostel Paulus praat van "tienduisende van engele." Heb. 12: 22. As Gods boodskappers gaan hulle uit "in aansien soos 'n bliksemstraal"— so verblindend is hulle heerlikheid en so vinnig vlieg hulle. (Eseg. 1: 14.) Die engel wat by die Heiland

se graf verskyn het se “gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu, en uit vrees vir hom het die wagters gebewe en soos dooies geword.” Matt. 28: 3, 4. Toe Sanherib, die trotse Assiriër, God gesmaad en gelaster en Israel met vernietiging bedreig het, het daar “in dieselfde nag die engel van die Here uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd vyf en tagtig duisend verslaan.” “En dié het al die dappere helde en bevelhebbers en die owerstes in die laer van die koning van Assirië verdelg, sodat hy met ‘n beskaamde aangesig na sy land teruggegaan het.” 2 Kon. 19: 35; 2 Kron. 32: 21.

Engele word gestuur na die kinders van God op sendings van genade. Tot Abraham het hulle gekom met beloftes van seëninge; aan die poorte van Sodom het hulle verskyn om regverdige Lot van die verwoestende vuur te red; aan Elia het hulle voedsel gebring toe hy wou omkom van vermoeienis en honger in die woestyn; na Elisa
[583] het hulle gekom met wjaens en perde van vuur waar hy in die dorpie omsingel was deur sy vyande; aan Daniel het hulle verskyn toe hy aan die hof van ‘n heidense koning om wysheid gebid het, en toe hy in die leeukuil gegooi is; hulle het na Petrus gekom toe hy op die dood gewag het in die tronk van Herodes; hulle het verskyn aan die gevangenes te Filippi; aan Paulus en sy metgeselle in die storm op see; hulle het gekom om die verstand van Cornelius te open om die evangelie te ontvang; hulle het Petrus gestuur met die boodskap van verlossing na die heidense vreemdeling; ja, deur die eeue heen het die engele die volk van God gedien.

Elke navolger van Christus het ‘n beskermengel. Hierdie hemelse wagters beskerm die regverdiges teen die mag van die bose. Satan self het dit besef toe hy gesê het, “Is dit verniet dat Job God vrees? Het U nie Self hom en sy huis en alles wat hy het aan alle kante rondom beskut nie?” Job. 1: 9, 10. Die wyse waarop God Sy volk beskerm, is geopenbaar in die woorde van die psalmis, “Die engel van die Here trek ‘n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.” Ps. 34: 8. Van diegene wat in Hom geglo het, het die Heiland gesê, “Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van My Vader wat in die hemele is.” Matt. 18: 10. Die gedienstige engele van die kinders van God het ten alle tye toegang tot Sy teenwoordigheid.

Gods volk wat blootgestel is aan die verleidende krag en boosheid van die vors van duisternis, en wat die stryd moet voer teen al die bose magte, kan dus verseker wees van die onophoudelike beskerming van die hemelse engele. En hierdie versekering word nie sonder rede gegee nie. As God aan Sy kinders beloftes gegee het van genade en beskerming, is dit omdat daar magtige bose werktuie is — ontelbare en gedetermineerde werktuie en wesens wat nooit moeg word nie, waarmee gestry moet word en wie se kwaadaardigheid en mag deur niemand met veiligheid veronagsaam kan word nie.

Bose geeste, wat in die begin sondeloos geskape was, was wat hulle natuur, krag, en heerlikheid betref, gelyk aan die heilige wesens wat nou as Gods boodskappers optree. Maar gevalle deur die sonde, [584] werk hulle nou saam vir die ontering van God en die vernietiging van die mens. Saam met Satan in sy rebellie en saam met hom uit die hemel gewerp, het hulle deur die eeue heen met hom saamgestaan in sy oorlog teen die goddelike gesag. In die Skrifte lees ons van hulle sameswering en regering, van hulle verskillende ordes, van hulle intelligensie en listigheid, en van hulle kwaadwillige planne teen die vrede en die geluk van die mens.

In die Ou Testament word daar af en toe melding gemaak van hulle bestaan en hulle werk; maar dit was tydens Christus se verblyf op aarde dat die bose geeste hulle mag op so ‘n treffende wyse geopenbaar het. Christus het gekom om die verlossingswerk vir die mens te begin, en Satan was vasbeslote om sy reg van heerskappy in hierdie wêreld te handhaaf. Hy het daarin geslaag om afgodediens in te stel in elke deel van die aarde behalwe in Palestina. Na die enigste land wat nie ten voile oorgegee was aan die heerskappy van die versoeker nie, het Christus gekom om die lig van die hemel te laat skyn op die mense. Hier het twee strydende magte aanspraak gemaak op opperheerskappy. Jesus het Sy arms van liefde uitgestrek en ‘n uitnodiging aan almal gegee wat graag vergifnis en vrede in Hom wou hê. Die bose leërskare het gesien dat hulle nie onbeperkte heerskappy gehad het nie, en hulle het besef dat as Christus se sending suksesvol sou wees, hulle regering gou ten einde sou loop. Satan het tekeregegaan soos ‘n vasgekettingde leeu, en uitdagend het hy sy mag getoon oor die liggame sowel as die siele van die mense.

Die feit dat mense deur duiwels besete was, word duidelik verklaar in die Nuwe Testament. Die mense wat op hierdie manier

besete was, het nie slegs aan siekte gely wat natuurlike oorsake gehad het nie. Christus het ten voile verstaan waarmee Hy te doen gehad het, en Hy het die regstreekse teenwoordigheid en werk van bose geeste gesien.

'n Treffende voorbeeld van hulle getal, hulle mag, en kwaadwilligheid, asook van die mag en genade van Christus, word gegee in die beskrywing van die genesing van die duiwelbesetenes van Gadara. Hierdie ellendige besetenes wat alle bedwang ver- onagsaam het, en wat rasende en skuimende hulleself geweld aangedoen het en probeer het om almal aan te rand wat naby hulle gekom het, het die lug laat weergalm met hulle geskree. Hulle bebloede en verwonde liggame en hulle kranksinnigheid was 'n skouspel waarmee die vors van duisternis hoogs tevrede was. Een van die demone het verklaar, "Legio is my naam, want ons is baie." Mark. 5:9. In die Romeinse leër het 'n legioen bestaan uit van drie-tot-vyfduisend man. Satan se leërskare was ook in groepe aangemonster, en die groep waaraan hierdie demone behoort het, was nie minder as 'n legioen nie.

[585]

Op bevel van Jesus het die bose geeste hulle slagoffers verlaat, en hulle agtergelaat, sittende aan die Heiland se voete, kalm, bedaard, intelligent, sagmoedig. Maar die demone was toegelaat om in 'n trop varke in te vaar en hulle in die see te jaag. Vir die inwoners van Gadara was die verlies van die varke meer as die seen wat Christus gegee het, en die goddelike Geneesheer is versoek om die plek te verlaat. Dit was juis die uitwerking wat Satan begeer het om te sien. Deur Jesus te blameer vir hulle verlies het hy die selfsugtige vrees van die volk opgewek, sodat hulle verhinder is om na Sy woorde te luister. Satan beskuldig steeds Christene daarvan dat hulle die oorsaak is van verlies, ongeluk, en lyding, in stede van die werklike skuldiges aan te wys — naamlik homself en sy werktuie.

Maar die planne van Christus sou nie gedwarsboom word nie. Hy het die bose geeste toegelaat om die trop varke te vernietig as 'n bestraffing vir daardie Jode wat hierdie onreine diere geteel het om wins. As Christus die demone nie belet het nie, sou hulle nie alleen die varke nie, maar ook die wagters en eienaars in die see laat stort het. Die bewaring van sowel die wagters en die eienaars was alleen aan Sy krag te danke, wat Hy genadiglik vir hulle verlossing gebruik het. En wat meer is, hierdie voorval is toegelaat sodat die dissipels die wrede mag van Satan kon sien op beide mens en dier.

Die Heiland wou hê dat Sy navolgers 'n kennis sou hê van die vyand waarmee hulle te doen het, sodat hulle nie deur hom bedrieg en oorwin mag word nie. Dit was ook Sy wil dat die volk van daardie streek Sy krag sou sien om die slawerny van Satan te verbreek en [586] Sy gevangenes vry te stel. En hoewel Jesus self daar weg is, het die manne wat so wonderbaarlik verlos is, agtergebly om te getuig van die genade van hulle Weldoener.

Ander voorvalle van dieselfde aard is opgeteken in die Skrifte. Jesus het deur Sy magwoord 'n duiwel uitgewerp wat die dogter van 'n Siro-Feniciese vrou vreeslik geteister het. (Mark. 7: 26-30.) Hy het die duiwel uitgewerp van 'n "duiwelbesetene wat blind en stom was." Matt. 12: 22. Hy het die duiwel uit-gewerp uit 'n seun wat maansiek was, en wat besete was deur 'n stomme gees wat hom "in die vuur en in die water gegooi het om hom dood te maak." Mark. 9: 17-27. Hy het 'n man bevry wat besete was deur 'n "gees van 'n onreine duiwel," wat die Sabbatstilte in die sinagoge te Kapernaum verstoor het — al hierdie mense is deur 'n ontfermende Heiland genees. In byna elke geval het Christus die demon aangespreek as 'n intelligente wese, en hom beveel om sy slagoffer te verlaat en hom nie meer te pynig nie. Die aanbidders op Kapernaum wat die openbaring van Sy mag gesien het, was verbaas en het vir mekaar gesê: "Wat vir 'n woord is dit, dat Hy met gesag en mag die onreine geeste gebied, en hulle gaan uit!" Lukas 4: 33-36.

Volgens die beskrywing van diegene wat deur duiwels besete was, blyk dit dat hulle baie gely het; maar daar was ook uitsonderings. Ten einde bonatuurlike krag te verkry het sommige die sataniese invloed verwelkom; hulle, natuurlik, het geen stryd met die demone gehad nie. In hierdie klas was diegene wat waarsêende geeste gehad het soos die towenaars Simon en Elimas, en die slavin wat Paulus en Silas te Filippi agtervolg het.

Niemand verkeer in groter gevaar van die invloed van bose geeste nie as diegene wat, nieteenstaande die duidelike getuienis van die Skrifte, die bestaan en werk van die duiwel en sy engele ontken. Solank as ons onkundig is aangaande hulle listige planne, het hulle die allergrootste voordeel; baie mense luister na hulle influisterings onder die waan dat hulle die wysheid van hulle eie verstand navolg. Dit is die rede waarom Satan, namate ons die einde nader, met die grootste krag sal werk om te bedrieg en te verwoes, want orals laat

[587] hy die idee ontstaan dat daar nie ‘n duiwel is nie. Dit is sy beleid om homself en sy manier van werk te bedek.

Daar is niks wat die groot bedrieër so vrees nie as dat mense sy bedrog sal agterkom, en ten einde sy ware karakter en doel te bedek, het hy mense daartoe gelei om sy bestaan voor te stel as iets belagliks. Hy gee glad nie om nie om beskryf te word as ‘n belaglike, afskuwelike gedrog, wanskapig, half dier en half mens. Dit behaag hom om sy naam te hoor gebruik in ‘n spottende sin deur diegene wat meen dat hulle intelligent en belese is.

Dit is omdat hy hom so goed vermom het dat die vraag orals gevra word, “Is daar regtig so iets as ‘n duiwel?” Dit is ‘n bewys van sy sukses dat teorieë wat die duidelike verklaring van die Skrifte loën so algemeen in die godsdienstige wêreld aangeneem word. Dit is omdat Satan so maklik die verstand kan beheers van diegene wat nie bewus is van sy invloed, dat die woord van God ons so baie voorbeelde gee van sy kwaadaardige werk, sy geheime magte aan ons openbaar, en ons dus op ons hoede bring vir sy aanvalle.

As dit nie was dat ons veiligheid en verlossing kan vind in ons Verlosser wat sterker is nie, sou ons met reg die krag en kwaadwilligheid van Satan kon vrees. Baie sorgvuldig sluit ons ons huise sodat diewe nie ons goed steel en bose mense ons lewens in gevaar bring nie; maar hoe selde dink ons aan die bose engele wat gedurig trag om tot ons in te kom, en teen wie ons in ons eie krag geen beskerming het nie. As hulle toegelaat sou word, sou hulle ons kranksinnig maak, ons liggame teister, en ons goed en ons lewens vernietig. Hulle skep behae alleen in ellende en verwoesting. Vreeslik is die toestand van diegene wat die goddelike aansprake weerstaan en hulleself aan Satan se versoekings oorgee tot God hulle eindelik oorlaat aan die beheer van bose geeste. Maar diegene wat Christus navolg is altyd veilig onder Sy wakende oog. Magtige engele word van die hemel gestuur om hulle te beskerm. Die duiwel kan nie deur die mag breek
[588] wat God rondom Sy volk opgestel het nie.

[589]

## Hoofstuk 32—Die Strikke van Satan

DIE groot stryd tussen Christus en Satan wat vir byna ses duisend jaar al voortduur, sal binnekort afgesluit word; daarom verdubbel die bose sy pogings om die werk van Christus ten behoewe van die mens te verydel en om siele in sy strikke te vang. Om die mense in duisternis en onboetvaardigheid te hou totdat die Heiland se middelaarswerk beëindig is en daar geen versoening meer is vir die sonde nie — dit is sy doel.

Wanneer daar nie spesiale pogings aangewend word om hom te weerstaan nie, en wanneer daar onverskilligheid heers in die kerk en in die wêreld, bekommer Satan hom nie; want daar bestaan geen gevaar dat hy diegene sal verloor wat volgens sy wil gevange gehou word nie. Maar wanneer die aandag van mense gevestig word op die ewige dinge, en siele begin vra, "Wat moet ek doen om gered te word?" dan tree hy handelend op, hy stel sy mag teenoor die mag [590]
van Christus, en hy werk die invloed van die Heilige Gees teen.

Die Skrifte verklaar dat toe die engele van God by een geleentheid gekom het om hulle voor die Here te stel (Job 1:6), Satan ook onder hulle was, nie om voor die Evvige Koning neer te buig nie, maar om sy eie kwaadwillige planne teen die regverdiges te bevorder. Dit is met daardie selfde doel dat hy ook teenwoordig is waar mense saamkom om God te aanbid. Hoewel hy onsigbaar is, werk hy met die grootste ywer om die harte van die aanbidders te beheers. Soos 'n slim generaal maak hy sy planne vooraf. As hy sien dat die boodskapper van God die Skrifte •ondersoek, maak hy 'n aantekening van die onderwerp wat aan die mense voorgestel sal word. Daarna gebruik hy al sy wysheid en listigheid om toestande so te reel dat die boodskap nie sal ingang vind tot diegene wat hy juis op daardie punt bedrieg nie. Die persoon wat die waarskuwing die meeste nodig het, sal beweeg word om sy aandag aan die een of ander wêreldse :saak te bestee, of hy sal op 'n ander manier verhinder word om die woorde te hoor wat vir hom 'n reuk van die lewe tot die lewe kan wees.

En dan weer sien Satan hoedat die diensknegte van die Here hulle bekommer oor die duisternis wat die mense omhul. Hy hoor hoedat hulle bid om goddelike genade en krag om die onverskilligheid, die sorgloosheid, en die lusteloosheid te verbreek. Dit is dan wanneer hy sy lis met nog groter ywer gebruik. Hy lei mense tot die botviering van hulle aptyt of tot die een of ander vorm van selfbevrediging, en sodoende verdof hy hulle gevoelens, sodat hulle nie in staat is om die dinge te hoor waaraan hulle so groot behoefte het nie.

Satan weet goed dat alle mense wat hy kan beweeg om gebed en die ondersoek van die Skrifte te verwaarloos, sal beswyk voor sy aanvalle. Daarom dink hy allerhande moontlike dinge uit om die verstand in beslag te neem. Daar is altyd mense met 'n skyn van godsvrug, wat, pleks om die waarheid na te jaag, dit 'n deel van hulle godsdiens maak om foute te soek in die karakter of geloof van diegene met wie hulle nie saamstem nie. Sulke mense is soos die regterhand van Satan. Beskuldigers van die broeders is daar
[591] baie en hulle is altyd bedry- wig wanneer God werk en wanneer Sy diensknegte ware hulde aan Hom betoon. Hulle sal 'n valse uitleg gee aan woorde en dade van diegene wat die waarheid liefhet en gehoorsaam. Hulle sal diensknegte van Christus wat ernstig, ywerig, en selfopofferend is, voorstel as bedrieërs en as diegene wat bedrieg is. Dit is hulle werk om die motiewe agter elke ware en edele daad vals voor te stel; hulle versprei gerugte en verwek agterdog by diegene wat min ondervinding het. Op elke moontlike manier trag hulle om wat rein en reg is voor te stel as sleg en bedrieglik.

Maar niemand hoef bedrieg te word aangaande hulle nie. Dit kan sommer maklik gesien word wie se kinders hulle is, wie se voorbeeld hulle navolg, en wie se werk hulle doen. "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Matt. 7: 16. Hulle werk stem ooreen met die van Satan, die giftige kwaadspreker, "die aanklaer van ons broeders." Openb. 12: 10.

Die groot bedrieër het baie handlangers wat steeds gereed is om enige en alle soorte dwaalleer te verkondig om siele te verstrik — dwalings volgens die verskillende smake en vermoëns van diegene wat hy ten gronde wil bring. Dit is sy plan om onopregte, onwedergebore siele in die kerk te bring, wat twyfel en ongeloof sal aanmoedig, en wat diegene sal hinder wat Gods werk wil bevorder en ook self vordering wil maak. Baie wat self geen geloof in God en Sy woord

het nie, neem sommige van die beginsels van waarheid aan, en hulle word beskou as Christene; op hierdie manier word hulle in staat gestel om hulle dwaalleer te verkondig as skiftuurlike leerstellings.

Die stelling dat dit nie eindelik saak maak wat mens glo nie, is een van Satan se suksesvolste vorms van bedrog. Hy weet goed dat die waarheid, aangeneem uit liefde, die siel heilig van diegene wat dit aanneem; daarom is hy gedurig daarop uit om valse teorieë, fabels, en 'n ander evangelie in die plek daarvan te stel. Van die begin af moes die diensknegte van God stry teen valse leraars, nie alleen omdat hulle bose mense is nie, maar omdat hulle valshede verkondig wat noodlottig vir die siel is. Elia, Jeremia, en Paulus, het onwrikbaar en onverskrokke opgetree teen diegene wat mense van die woord van God weggelei het. Daardie soort grootmoedigheid wat 'n regte geloof voorstel as onbelangrik, het geen genade gevind [592]
by hierdie heilige verdedigers van die waarheid nie.

Die vae en sonderlinge skrifverklarings, en baie van die botsende teorieë in verband met die geloof wat ons in die Christenwêreld aantref, is die werk van ons groot teenstander om die verstand van mense te verwar sodat hulle nie die waarheid kan sien nie. En die tweedrag en verdeeldheid onder die verskillende Christelike genootskappe is in 'n groot mate toe te skryf aan die gewoonte om die Skrifte uit verband te ruk om 'n geliefkoosde teorie te staaf. Pleks om Gods woord met 'n nederige hart te ondersoek ten einde Sy wil te verstaan, soek baie mense na iets sonderlings en oorspronkliks.

Met die doel om verkeerde leerstellings en onchristelike gebruike te handhaaf, sal sommige van hulle Skrifgedeeltes uit die verband ruk en miskien net die helfte van 'n teks aanhaal om hulle stelling te bewys, wanneer die res van die teks presies die teenoorgestelde bewys. Met die listigheid van die slang sal hulle skuil agter Skrifgedeeltes wat uit die verband geneem is en uitgelê word ooreenkomstig hulle vleeslike begeertes. Op hierdie manier verdraai baie die woord van God. Weer ander, wat 'n ryk verbeeldingskrag het, neem van die sinnebeelde van die Heilige Skrif en verklaar hulle volgens hulle eie idees, sonder om in die minste die getuienis van die Skrifte in ag te neem wat self die verklaring gee; en dan stel hulle hulle sonderlinge menings voor as die leer van die Bybel.

As die Skrifte ondersoek word sonder 'n biddende, ootmoedige, en geseglike gees, sal die eenvoudigste en duidelikste sowel as die

moeilikste Skrifgedeeltes uit hulle verband geruk word. Die pouslike leiers neem daardie Skrifgedeeltes wat die beste in hulle kraam pas, hulle verklaar dit volgens hulle eie mening, en dan stel hulle dit aan die volk voor, terwyl hulle aan die volk die voorreg ontsê om self die Bybel te ondersoek en die heilige waarhede te verstaan. Die hele Bybel moet aan die volk gegee word net soos hy geskryf is. Dit sou vir hulle beter wees om glad geen Bybelse onderrig te ontvang nie as om 'n verdraaide begrip van die Skrifte te hê.

Die Bybel is bestem as 'n gids vir almal wat graag die wil van
[593] hulle Maker wil leer. God het aan die mens die vaste pro- fetiese woord gegee; engele, en selfs Christus, het na die aarde gekom om aan Daniel en Johannes die dinge te openbaar wat binnekort sou gebeur. Daardie belankrike saak wat ons saligheid raak, is nie in verborgenheid gehul nie. Hulle is nie geopenbaar op 'n manier wat die eerlike soeker na waarheid sal verbyster of mislei nie. Aan die profeet Habakuk het die Here gesê, "Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle al lopende dit kan lees." Hab. 2: 2. Die woord van God is duidelik vir almal wat dit ondersoek met 'n biddende hart. Elke opregte siel sal tot 'n kennis van die waarheid kom. "Die lig is vir die regverdige gesaai." Ps. 97: 11. En geen kerk kan voortgaan tot heiligheid tensy sy lede ernstig na die waarheid soek soos na verborge skatte nie.

Deur die kreet "Grootgeestigheid" word mense verblind vir die liste van hulle teenstander, terwyl hy al die tyd besig is om ongemerk sy doel te bereik. Namate hy daarin slaag om die Bybel te vervang deur menslike gissings, word die wet van God tersyde gestel, en die kerke verkeer in slawerny terwyl hulle daarop aanspraak maak dat hulle vry is.

Vir vele het wetenskaplike ondersoek 'r. vloek geword. God het toegelaat dat daar 'n vloed van lig skyn op die wêreld deur die wetenskaplike ontdekkings en kuns; maar selfs die grootste verstande, as hulle nie deur Gods woord gelei word in hulle navorsing nie, sal verbyster word in hulle pogings om die verhouding van die wetenskap tot die openbaring te ondersoek.

Menslike kennis van beide die stoflike en geestelike bestaan maar net ten dele en dit is onvolmaak; daarom is daar baie wat nie hulle menings oor die wetenskap in ooreenstemming met die Skrifte kan bring nie. Baie neem blote teorieë en gissings aan as

wetenskaplike feite, en hulle meen dat Gods woord getoets moet word aan die bevindings van “die valslik sogenaamde kennis.” 1 Tim. 6: 20. Die Skepper en Sy werke is bokant hulle verstand; en omdat hulle hierdie dinge nie deur natuurlike wette kan verklaar nie, word die geskiedenis van die Bybel as onbetroubaar beskou. Diegene wat twyfel aan die betroubaarheid van die Ou en Nuwe Testamente, gaan dikwels ‘n stap verder, en hulle betwyfel die bestaan van God en skryf goddelike krag toe aan die natuur. Omdat hulle hulle anker [594]
gelos het, word hulle op die rotse van ongeloof gevoer.

Daarom dwaal vele af van die geloof, en hulle word deur die duiwel verlei. Mense het getrag om slimmer te wees as hulle Skepper; menslike wetenskap het pogings gemaak om verborgenhede wat nooit geopenbaar sal word nie na te speur en te verklaar. As die mense maar net ondersoek wil instel en wil verstaan wat God wel van Homself en Sy planne geopenbaar het, sou hulle so ‘n insig kry [595]
van die heerlikheid, majesteit, en mag van Jehova, dat hulle hulle eie nietigheid sal besef en tevrede sal wees met wat geopenbaar is vir hulle en hulle kinders.

Dit is een van die meestersette van Satan om mense besig te hou met die ondersoek van dinge wat God nie geopenbaar het nie en wat Hy ook nie wil hê dat ons moet verstaan nie. Dit is op hierdie manier dat Lucifer sy posisie in die hemel verloor het. Hy het ontevrede geword omdat al die verborgenhede van God nie vertroulik aan hom vertel is nie, en hy het die dinge wat geopenbaar is in verband met sy eie werk en die hoë posisie wat hy beklee het, heeltemal veronagsaam. Deur dieselfde ontevredenheid te verwek by die engele wat onder sy bevel was, het hy hulle val veroorsaak. Nou trag hy om mense met dieselfde gees te besiel, en hulle te beweeg om die regstreekse gebooie van God te veronagsaam.

Diegene wat onwillig is om die duidelike, snydende waarhede van die Bybel aan te neem, soek steeds na strelende fabels wat hulle gewete sal stilmaak. Hoe minder geestelikheid, selfverloëning, en nederigheid die leerstellings vereis wat verkondig word, hoe geredeliker sal hulle aangeneem word. Hierdie mense verlaag hulle verstandelike krag om hulle vleeslike begeertes te dien. Te slim in hulle eie verwaandheid om die Skrifte met ‘n ootmoedige hart, en ernstige gebed om goddelike leiding te ondersoek, het hulle geen beskerming teen bedrog nie. Satan is steeds gereed om te voorsien

in die begeertes van die hart, en hy sal sy bedrieglike leerstellings aan hulle afsmeer in die plek van die waarheid. Dit was op hierdie manier dat die pousdom sy mag verkry het oor die verstand van die mense; en deur die waarheid te verwerp omdat dit 'n kruis meebring, bewandel Protestante dieselfde pad. Almal wat die woord van God verwaarloos vir gemak of 'n sekere beleid, sodat hulle nie met die wêreld in botsing mag kom nie, loop gevaar om verderflike dwaalleer aan te neem vir goddelike waarheid. Alle moontlike soorte dwalings sal aangeneem word deur diegene wat moedswillig die waarheid verwerp. Die persoon wat die een bedrog met afsku verwerp, sal maklik 'n ander bedrog in die plek daarvan aanneem. Die apostel Paulus, waar hy praat van diegene wat nie die liefde vir die waarheid
[596] aanneem, sodat hulle gered kan word nie, verklaar, "Daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid." 2 Thess. 2: 10-12. Met so 'n waarskuwing is dit ons plig om op ons hoede te wees ten opsigte van die leer-stellings wat ons aanneem.

Een van die suksesvolste werktuie van die groot bedrieër is die verleidelike leerstellings en leuens van Spiritisme. Vermom in die gedaante van 'n engel van lig, stel hy sy strikke waar hulle die minste verwag word. As die mense maar die Boek van God biddend sou ondersoek sodat hulle dit kan verstaan, sou hulle nie in duisternis gelaat word om valse leerstellings aan te neem nie. Maar namate hulle die waarheid verwerp, word hulle die slagoffers van bedrog.

Nog 'n ander gevaarlike dwaling is die leerstelling wat die godheid van Christus loën en beweer dat hy geen voortydse bestaan gehad het voor Sy koms in hierdie wêreld nie. Hierdie teorie word aanvaar deur 'n groot klas wat voorgee dat hulle die Bybel glo; en nogtans weerspreek dit die duidelikste verklarings van ons Heiland aangaande Sy verhouding tot die Vader, Sy goddelike karakter, en Sy voorbestaan. So 'n leerstelling is 'n moedswillige verdraaiing van die Skrifte. Nie alleen verlaag dit die mens se begrip van die verlossingswerk nie, maar dit ondermyn geloof in die Bybel as die openbaring van God. Terwyl dit baie gevaarlik is, is dit ook moeilik om te weerlê. As mense die getuienis van die Skrifte verwerp aangaande die godheid van Christus, is dit tevergeefs om met hulle te stry oor die punt; want geen argument, hoe afdoende ook, sal hulle

oortuig nie. "Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie. Want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie omdat dit geestelik beoordeel word." 1 Kor. 2: 14. Niemand wat hierdie dwaling toegedaan is, kan 'n regte begrip hê van die karakter of sending van Christus of van die groot verlossingsplan van God vir die mens nie.

Nog 'n ander listige en skadelike dwaling is die vinniguitbreidende geloof dat daar nie 'n duiwel bestaan as 'n persoonlike wese nie; en dat die benaming in die Skrifte gebruik word slegs om die mens se bose gedagtes en begeertes voor te stel. [597]

Die leerstelling wat so wyd en syd verkondig word van die algemene kansels, naamlik dat die tweede koms van Christus Sy koms is na elke persoon by sy dood, is 'n plan om die mense se aandag af te trek van Sy persoonlike koms op die wolke van die hemel. Vir jare reeds is Satan besig om te verklaar, "Kyk, Hy is in die binnekamer;" en baie siele het verlore gegaan omdat hulle hierdie bedrog aangeneem het. (Matt. 24: 23-26.)

En weer, wêreldse wysheid leer dat gebed nie nodig is nie. Wetenskaplikes beweer dat daar nie ware antwoord op gebed is nie; dat dit 'n verkragting van wet sou wees, of 'n wonderwerk, en dat daar nie so iets is as wonderwerke nie. Die heelal, sê hulle, word regeer deur vaste wette, en self God doen niks in stryd met hierdie wette nie. Hulle stel God voor as iemand wat deur Sy eie wette gebonde is — asof die werking van goddelike wette goddelike vryheid kan uitsluit. Sulke leerstellings is in stryd met die getuienis van die Skrifte. Het Christus en Sy apostels nie wonderwerke verrig nie? Dieselfde ontfermende Heiland leef vandag nog, en Hy is net so gewillig om die gebed van geloof te verhoor as toe Hy in eie persoon hier onder die mense gewandel het. Die natuurlike werk saam met die bonatuurlike. Dit is deel van Gods plan om aan ons, in antwoord op die gebed van geloof, daardie dinge te gee wat Hy nie sou gee as ons nie daarom gevra het nie.

Daar is talryke verkeerde leerstellings en sonderlinge idees vandag in die Christelike kerke. Dit is onmoontlik om die skade te bereken wat ontstaan as een van die bakens wat deur Gods woord vasgestel is, verwyder word. Diegene wat dit doen, is nie tevrede met die verwerping van slegs een waarheid nie. Die meerderheid

van hulle hou aan om die een na die ander van die beginsels van die waarheid te verwerp, totdat hulle heeltemal ongelowig geword het.

Die teologiese dwalings wat vandag so algemeen is, het meer as een siel wat andersins in die Skrifte sou geglo het, ongelowig gemaak. Dit is onmoontlik vir hom om leerstellings aan te neem wat bots met sy begrip van regverdigheid, genade, en goedheid; en omdat sulke leerstellings voorgehou word as Bybelse leerstellings,
[598] weier hy om die Bybel aan te neem as die woord van God.

En dit is die doel wat Satan nastreef. Daar is niks wat hy meer begeer as om geloof in God en Sy woord te vernietig nie. Satan staan aan die hoof van 'n groot leër twyfelaars, en hy werk met alle mag om siele te verlei om by sy geledere aan te sluit. Dit is heeltemal in die mode om te twyfel. Daar is 'n groot menigte wat die woord van God met agterdog beskou om dieselfde rede as wat hulle die Ingewer daarvan wantrou — omdat dit hulle sondes bestraf en veroordeel. Diegene wat onwillig is om die woord te gehoorsaam, probeer om die gesag daarvan te ondermyn. Hulle lees die Bybel, of hulle luister na preke van die kansel, net om fout te soek met die Skrifte of die preek. Baie word ongelowig om hulleself te regverdig of om 'n verskoning te hê vir hulle pligsversuim. Ander is ongelowig weens hoogmoed en luiheid. Te lief vir gemak om hulleself te onderskei deur iets te presteer wat die moeite werd is, en wat inspanning en verloëning verg, trag hulle om naam te maak as manne van buitegewone wysheid deur die Bybel te kritiseer. Daar is veel wat die beperkte verstand, sonder die lig van goddelike wysheid, nie kan verstaan nie; en daarom word daar tot kritiek oorgegaan. Daar is baie wat meen dat dit 'n deug is om te staan aan die kant van ongelowiges, twyfelaars, en godloënaars. Maar mens vind dat sulke persone onder die skyn van openhartigheid uit selfvertroue en hoogmoed handel. Baie skep behae daarin om iets in die Skrifte te ontdek wat ander nie kan verklaar nie. Ander weer, kritiseer en stry teen hulle beter wete omdat hulle lief is daarvoor. Hulle besef nie dat hulle hulleself daardeur in die strikke van die bose net begeef nie. Maar as hulle eers hulle ongeloof te kenne gegee het, voel hulle dat hulle daardie posisie moet handhaaf. Op hierdie manier sluit hulle aan by die goddelose, en hulle sluit die poorte van die Paradys teen hulleself.

God het in Sy woord genoegsame bewys gegee van die goddelike oorsprong daarvan. Die groot waarhede aangaande ons verlossing is duidelik uiteengesit. Met die hulp van die Heilige Gees, wat beloof is aan almal wat in opregtheid daarom vra, kan elkeen die Skrifte vir homself verstaan. God het aan die mens 'n sterk fondament gegee om sy geloof op te bou.

Maar nogtans is die beperkte menslike verstand nie in staat om [599] die planne en doel van die Ewige God ten voile te verstaan nie. Wie kan die dieptes van God peil? Ons moenie op aanmatigende wyse probeer om die gordyn weg te trek waarmee God Sy majesteit bedek nie. Die apostel roep uit, "o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is Sy oordele en onnaspeurlik Sy weë!" Rom. 11: 33. Ons kan genoeg verstaan van Sy handelinge met ons en die motiewe wat Horn beweeg, sodat ons Sy grenslose liefde en genade en ewige krag kan sien. Ons hemelse Vader laat alles in wysheid en geregtigheid geskied, en ons moet nie ontevrede en ongelowig wees nie, maar ons eerbiedig onderwerp. Hy sal aan ons net soveel openbaar as wat vir ons goed is, en verder as dit moet ons Sy almagtige hand en hart van liefde vertrou.

Hoewel God voldoende bewyse gegee het vir ons geloof, sal Hy nooit alle ekskuse vir twyfel wegneem nie. Almal wat soek na spykers om hulle vertvvyfelings aan op te hang, sal dit vind. En diegene wat weier om Gods woord aan te neem en te gehoorsaam totdat alle besware uit die weg geruim is, en daar geen grond vir twyfel meer is nie, sal nooit tot die lig kom nie.

Wantroue van God is 'n natuurlike gevolg van 'n onwedergebore hart wat in vyandskap met Horn verkeer. Geloof word deur die Heilige Gees ingegee, en dit sal vermeerder in die mate waarin dit gekoester word. Niemand kan sterk word in die geloof sonder vasberade pogings nie. Ongeloof word sterker namate dit aangemoedig word; en as mense, in stede om te peins oor die bewyse wat God gegee het as grond vir hulle geloof, hulleself toelaat om te twyfel en fout te soek, sal hulle vind dat hulle ongeloof steeds meer en meer bevestig word.

Diegene wat twyfel aan Gods beloftes, en die versekering van Sy genade wantrou, onteer Horn; en hulle invloed, pleks om ander tot Christus te trek, sal hulle van Horn weghou. Hulle is vrugtelose bome, wat hulle donker takke wyd en syd uitsprei, die sonskyn

weghou van ander plante, sodat hulle verwelk en doodgaan onder die kille skaduwee. Die werk van sulke persone sal 'n ewige getuienis teen hulle wees. Hulle saai saad van ongeloof en twyfel wat 'n gewisse oes sal oplewer.

Daar is net een weg om in te slaan vir diegene wat eerlik begeer
[600] om van alle twyfel bevry te wees. In stede van twyfel en haarklowery aangaande dinge wat hulle nie verstaan nie, moet hulle liewer agslaan op die lig wat reeds op hulle skyn, en hulle sal meer lig ontvang. Laat hulle elke plig nakom wat vir hulle duidelik is, en dan sal hulle die pligte waarvan hulle nog nie seker is nie verstaan en nakom.

Satan kan die waarheid so oulik vervals dat dit so presies op die egte lyk dat dit diegene sal bedrieg wat graag bedrieg wil word, en wat terugdeins vir die selfverloëning en opoffering wat deur die waarheid geverg word; maar dit is onmoontlik vir hom om een siel in sy mag te hou wat opreg begerig is, al kos dit ook wat, om die waarheid te ken. Christus is die ware lig en "die lig wat elke mens verlig was aan kom in die wêreld." Joh. 1: 9. Die Gees van waarheid is in die wêreld uitgestuur om mense tot die waarheid te lei. En op gesag van die Seun van God word daar verklaar, "Soek, en julle sal vind." "As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy omtrent die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek." Matt. 7: 7; Joh. 7: 17.

Die navolgers van Christus weet min van die komplotte wat Satan en sy leërskare teen hulle smee. Maar Hy wat in die hemel is, sal al hierdie planne verydel om Sy eie verhewe planne uit te voer. Die Here laat toe dat Sy volk die vuurproef van versoeking deurmaak, nie omdat Hy behae skep in lyding en ellende nie, maar omdat hierdie proses onontbeerlik is vir hulle uiteindelike oorwinning. Hy kan nie, sonder om in stryd te wees met sy eie heerlikheid, hulle van versoeking vrywaar nie; want die doel van die beproewing is juis om hulle te berei om die verlokkings van die bose te weerstaan.

Nog bose mense nóg duiwels kan die werk van God verhinder of Sy teenwoordigheid van Sy volk uitsluit, as hulle met onderworpe en boetvaardige harte hulle sondes bely en versaak, en in geloof Sy beloftes aanneem. Elke versoeking, elke teenstrydige invloed, of dit openlik of heimelik is, kan met sukses weerstaan word, "Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees, sê die Here van die leërskare." Sag. 4: 6.

"Want die oë van die Here is op die regverdiges en Sy ore tot hulle gebed. . . . En wie is dit wat julle kwaad sal aandoen as julle navolgers is van die goeie?" 1 Pet. 3: 12, 13. Toe Bileam, verlok [601]
deur die belofte van groot beloning, towery teen Israel beoefen het, en getrag het om die vloek van God op Sy volk te laat kom deur offerandes aan Gom te offer, het die Gees van God die kwaad belet wat hy oor die volk wou laat kom, en Bileam moes uitroep: "Hoe sal ek vloek wie God nie vloek nie? En hoe sal ek verwens vir wie die Here nie verwens nie?" "Laat my sterwe die dood van die opregtes, en laat my einde soos syne wees!" Nadat hy die offer geoffer het, het die goddelose profeet uitgeroep: "Kyk, ek het ontvang om te seën; en het Hy geseën, dan kan ek dit nie keer nie. 'n Mens aanskou geen onheil in Jakob en sien geen ellende in Israel nie. Die Here sy God is met hom, en die gejubel vir die Koning is by hom." "Want daar is geen towery in Jakob of waarsêery in Israel nie. Nou sal van Jakob en van Israel gesê word, wat God gedoen het." Vir 'n derde maal is daar altare opgerig, en nog eens het Bileam probeer om 'n vloek te verkry; maar met die onwillige lippe van die profeet het die Gees van God voorspoed oor Sy uitverkorenes uitgespreek, en die dwaasheid en kwaadwilligheid van hulle vyande bestraf. "Geseën is hulle wat jou seën, en vervloek is hulle wat jou vervloek." Num. 23: 8, 10, 20, 21, 23; 24: 9.

Tydens hierdie voorval was die volk van Israel getrou aan God; en solank as hulle Sy wet gehoorsaam het, kon geen mag op aarde of in die hel teen hulle seëvier nie. Maar die vloek wat Bileam nie teen die volk van God kon verkry nie, het hy eindelik verkry deur hulle tot die sonde te verlei. Toe hulle Gods gebooie oortree het, het hulle hulleself afgeskei van Hom, en toe was hulle alleen gelaat om die mag van die verwoester te voel.

Satan weet maar te goed dat die swakste siel wat in Christus bly, opgewasse is teen die leërskare van die duisternis, en dat hy, as hy homself openlik sou openbaar, weerstaan sou word. Daarom trag hy om die kruisgesante uit hulle sterk vesting te lok, terwyl hy met sy magte wegkruip, gereed om almal te vernietig wat hulle op sy grond bevind. Alleen deur nederige vertroue op God, en gehoorsaamheid aan al Sy gebooie, is ons veilig. [602]

[603]

## Hoofstuk 33—Die Eerste Groot Bedrog

AAN die begin van die geskiedenis van die mens het Satan sy pogings aangewend om hulle te bedrieg. Hy wat opstand in die hemel verwek het, was begerig om die aardbewoners te beweeg om ook met horn saam te staan in sy stryd teen die regering van God. Adam en Eva was heeltemal gelukkig in hulle gehoorsaamheid aan Gods wet, en hierdie feit was steeds aangevoer teen die bewering wat Satan in die hemel gemaak het, naamlik dat Gods wet verdrukking bring en teen die skepsels van God was. En wat meer is, Satan was jaloers toe hy die pragtige tuiste sien wat vir die sondelose mensepaar berei was. Hy het besluit om hulle tot val te bring, sodat hy, nadat hy hulle van God afgeskei het en hulle onder sy mag gebring het, besit van die aarde kon verkry om daar sy koninkryk op te rig in stryd met die Allerhoogste.

[604] As Satan hom in sy ware kleure voorgedoen het, sou hy dadelik moes terugval, want Adam en Eva was gewaarsku teen hierdie gevaarlike vyand; maar hy het in die donker gewerk, sy ware doel bedek, sodat hy beter daarin kon slaag om dit te bereik. Deur die slang as medium te gebruik, wat destyds 'n baie aantreklike voorkomste gehad het, het hy Eva toegespreek, "Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?" Gen. 3:3. As Eva geweier het om 'n gesprek met die versoeker aan te knoop, sou sy veilig gewees het; maar sy het met hom gepraat en sy het die slagoffer geword van sy liste. So word baie vandag nog oorwin. Hulle twyfel en stry oor die vereistes van God; en in stede van die goddelike bevele te gehoorsaam, neem hulle menslike teorieë aan wat maar net die bedekte planne van Satan is.

"En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daar van nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur

goed en kwaad te ken." Gen. 3: 2-5. Hy het verklaar dat hulle soos God sou word, met groter wysheid as wat hulle nou gehad het, en dat hulle 'n hoër lewe sou ingaan. Eva het toegegee aan die versoeking; en deur haar is Adam tot die sonde verlei. Hulle het die woorde van die slang aangeneem, naamlik dat God nie bedoel het wat Hy gesê het nie. Hulle het hulle Skepper gewantrou, en hulle verbeel dat Hy hulle vryheid beperk, en dat hulle groot wysheid en verheffmg sou verkry deur Sy wet te oortree.

Maar wat het Adam, na sy sonde, gevind dat die woorde beteken, "Want die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterwe?" Het hy gevind dat hulle beteken, soos Satan hom wysgemaak het, dat hy tot 'n hoër lewe verhef is? As dit die geval was, sou oortreding 'n groot seën gewees het, en Satan sou dan 'n groot weldoener van die mens gewees het. Maar Adam het ontdek dat dit nie die betekenis van die goddelike woorde was nie. God het verklaar dat die mens, as straf op sy sonde na die stof sou terugkeer waaruit hy geneem is: "Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer." Gen. 3: 19. Die woorde van [605]
Satan, "Julle oë sal oopgaan," het in die volgende sin alleen waar geblyk: Nadat Adam en Eva ongehoorsaam was aan God, is hulle oë geopen om hulle dwaasheid in te sien; hulle het die kwaad geken, en die bitter vrug van oortreding gesmaak.

In die middel van die tuin het die boom van die lewe gestaan, die vrugte waarvan die eienskap gehad het om die lewe tt verleng. As Adam aan God gehoorsaam gebly het, sou hy gedurig toegang tot hierdie boom gehad het, en hy sou vir ewig geleef het. Maar toe hy gesondig het, het hy nie meer toegang tot die boom van die lewe gehad nie en het hy onderhewig geword aan die dood. Die goddelike vonnis, "Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer," beteken die totale uitdowing van die lewe.

Die onsterflikheid wat aan die mens belowe is op voorwaarde van gehoorsaamheid, is deur oortreding verbeur. Adam kon nie aan sy nageslag oordra wat hy self nie besit het nie; en daar sou geen hoop vir die gevalle mens gewees het as God nie deur die opoffering van Sy Seun die onsterflikheid binne hulle bereik gebring het nie. Terwyl "die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het," het Christus "die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring deur die evangelie." Rom. 5: 12; 2 Tim. 1: 10. Alleen deur Christus kan die onsterflikheid verkry word. Jesus het

gesê, "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie." Joh. 3: 36. Elke mens mag hierdie onskatbare seen verkry as hy die voorwaardes wil nakom. Almal, "wat deur volharding in goeie werke heerlikheid, eer en onverganklikheid, soek," sal die ewige lewe ontvang. Rom. 2: 7.

Die enigste een wat aan Adam lewe belowe het in ongehoorsaamheid was die groot bedrieër. Die woorde van die slang aan Eva in Eden—"Julle sal gewis nie sterwe nie"—was die eerste preek wat ooit oor die onsterflikheid van die siel gelewer is. En nogtans word hierdie verklaring wat uitsluitlik berus op die gesag van Satan, in die kansels van die Christendom gehoor. En dit word deur die meerderheid van die mense aangeneem net so geredelik as dit deur ons eerste voorouers aangeneem is. Die goddelike vonnis, "Die siel
[606] wat sondig, die moet sterwe" (Eseg. 18: 20), word uitgelê, "Die siel wat sondig, sal nie sterwe nie, maar sal vir ewig lewe." Ons verwonder ons oor die sonderlinge liggelowigheid waarmee die mense die woorde van Satan aanneem, en wat hulle so ongelowig maak wat die woorde van God betref.

As die mens, na sy val, vrye toegang tot die boom van die lewe kon gehad het, sou hy vir ewig geleef het, en die sonde sou verewig gewees het. Maar gerubs het met die swaard wat vlam en flikker die "toegang tot die boom van die lewe bewaak" (Gen. 3: 24), en nie een van die nakomelinge van Adam is toegelaat om die lewegewende vrugte te bereik nie. Daarom is daar nie 'n onsterflike sondaar nie.

Na die sondeval het Satan sy engele gebied om 'n spesiale poging te maak om geloof in die natuurlike onsterflikheid van die mens te versprei; en nadat hy mense beweeg het om hierdie dwaling aan te neem, sou hulle tot die oortuiging gebring word dat sondaars vir ewig in ewige rampsaligheid voortlewe. En nou stel die vors van duisternis, werkende deur sy handlangers, God voor as 'n wraaksugtige tiran, en hy verklaar dat God almal wat Hom mishaag in die hel stort waar Hy hulle Sy wraak laat voel; en terwyl hulle daar die vreeslike foltering verduur, en krul in die ewige vlamme, sien hulle Skepper hulle aan met die grootste voldoening.

Op hierdie manier skrywe die duiwel sy eie eienskappe toe aan die Skepper en Weldoener van die mensheid. Wreedheid is satanies. God is liefde; en alles wat Hy geskape het, was rein, heilig, en lieflik totdat die sonde deur die eerste groot rebel ingebring is. Satan self is

die vyand wat die mens tot die sonde verlei en hom daarna vernietig as hy kan; en wanneer hy seker is van sy slagoffer, verheug hy hom in die verwoesting wat hy veroorsaak het. As hy toegelaat sou wees, sou hy die ganse mensdom in sy net vang. As dit nie vir die tussenkoms van goddelike krag was nie, sou nie een seun of dogter van Adam vryspring nie.

Satan trag vandag om mense te oorwin net soos hy ons eerste voorouers oorwin het, naamlik deur hulle vertroue in hulle Skepper te skok en hulle daartoe te bring om die wysheid van Sy regering en die regverdigheid van Sy wette te be- twyfel. Satan en sy ge- [607]
sante stel God voor erger as hulleself ten einde hulle eie rebellie en kwaadwilligheid te regverdig. Die groot bedrieër probeer om sy eie ontsettende wreedheid op die skouers van ons hemelse Vader te skuif, sodat hy homself kan voorstel as iemand wat vreeslik veronreg is deur sy uitwerping uit die hemel omdat hy hom kamma nie wou onderwerp aan so 'n onregverdige regeerder nie. In teenstelling met die slawerny en harde wette wat Jehova sou afdwing op die mense, stel hy aan die wêreld voor die vryheid wat hulle sou geniet onder sy goeie regering. Op hierdie manier slag hy daarin om siele af te lok van hulle getrouheid aan God.

Hoe afskuwelik vir alle gevoel van liefde en genade en geregtigheid, is die leerstelling dat die goddelose dode met vuur en swael gemartel word in 'n ewigbrandende hel; en dat hulle vir die sondes van 'n kortstondige aardse lewe gepynig moet word solank as God leef. En nogtans word hierdie leerstelling algemeen verkondig, en dit kom nog voor in die geloofbelydenisse van Christelike kerke. 'n Geleerde doktor in die godgeleerdheid het gesê: "Die gesig van die pyniging in die hel sal die geluk van die heiliges vir ewig verhoog. Wanneer hulle sien hoedat ander van dieselfde natuur en gebore onder dieselfde omstandighede as hulle, sulke ellende ly, terwyl hulle self so bevoorreg is, sal dit hulle 'n besef gee van hulle groot geluksaligheid." 'n Ander een het hierdie woorde gebesig: "Terwyl die vonnis van straf vir ewig uitgevoer word op die vate van wraak, sal die rook van hulle pyniging vir ewig opstyg, sigbaar vir die vate van genade, wat, in stede om deel te hê met hierdie ellendige voorwerpe, sal uitroep, Amen, Halleluja, Loof die Here!"

Waar kan so 'n leerstelling in die woord van God gevind word? Sal die verlostes in die hemel alle gevoel van jammerte en ontferming

verloor het, ja selfs die gevoelens van menslikheid? Moet hierdie eienskappe verruil word vir die onverskilligheid, gevoelloosheid en wreedheid van die barbare? Nee, glad nie; dit is nie die leer van die Boek van God nie. Diegene wat die sienswyses toegedaan is wat voortkom in die aanhalings hierbo, mag geleerde en selfs eerlike manne wees; maar hulle is verblind deur die drogredes van Satan. Hy bring hulle daartoe om die sterke taal van die Skrifte verkeerd te
[608] verklaar, en die taal te kleur met die bitterheid en die kwaadwilligheid wat aan hom self eie is, maar wat nie by ons Skepper tuishoort nie. “So waar as Ek leef! spreek die Here HERE: Gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie. maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle verkeerde weë! Waarom tog will julle sterwe?” Eseg. 33: 11.

Watter voordeel sou God daaruit trek as ons sou erken dat Hy behae skep in die oneindige marteling van Sy skepsels; dat Hy dit geniet om die kreune en krete en vervloekings aan te hoor van die gefolterde skepsels wat Hy in die vlamme van die hel hou? Kan hierdie afskuwelike geluide soos musiek wees in die oor van Ewige Liefde? Daar word aangevoer dat die ewige pyniging van die goddelose Gods haat vir die sonde openbaar as ‘n euwel wat die vrede en die orde van die heelal verwoes. O, die vreeslike godslastering! Asof Gods haat vir die sonde die rede is waarom die sonde verewig moet word. Want, volgens die leer van hierdie teoloë, maak die onophoudelike marteling, sonder hoop op genade, die rampsalige slagoffers mal, en namate hulle uiting gee aan hulle woede met vloeke en godslastering, vermeerder hulle vir ewig hulle skuldelas. Gods heerlikheid word nie bevorder deur die sonde deur die ewigheid heen te bestendig en te vermeerder nie.

Dit is byna onmoontlik vir die menslike verstand om die skade te bereken wat veroorsaak is deur die dwaalleer van ewige pyniging! Die godsdiens van die Bybel, vol liefde en goedheid en ontferming word verduister deur bygeloof en vreesaanjaging. As ons daaraan dink hoe vals Satan die karakter van God voorstel, kan dit dan nog vir ons vreemd wees dat ons genadige Skepper gevrees en selfs gehaat word? Hierdie ontstellende leer aangaande God, wat oor die hele wêreld versprei is uit die kansels, het duisende, ja miljoene ongelowig gemaak.

Die teorie aangaande ewige pyniging is een van die valse leerstellings wat deel uitmaak van die wyn van die hoerery van Babilon waarmee die bewoners van die aarde dronkgemaak word. (Openb. 14: 8; 17: 2.) Waarom dienaars van Christus hierdie dwaalleer aanneem en verkondig uit die kansel is vir ons 'n raaisel. Hulle het dit van Rome gekry waar hulle ook die valse Sabbat gekry het. Dit is [609] waar, hierdie leerstelling is deur vooraanstaande en vrome manne verkondig; maar hulle het nie die lig oor die onderwerp gehad soos ons nie. Hulle is verantwoordelik net vir die lig wat in hulle tyd geskyn het; ons word verantwoordelik gehou vir die lig wat in ons tyd skyn. As ons die getuienis van Gods woord verwerp, en valse leerstellings aanneem omdat ons voorvaders hulle geleer het, dan kom ons onder die veroordeling wat teen Babilon uitgespreek is; ons is besig om die wyn van haar hoerery te drink.

'n Groot aantal van diegene wat die leerstellings aangaande ewige pyniging nie kan sluk nie, word tot die ander uiterste gedryf. Hulle sien dat die Skrifte God voorstel as 'n God van liefde en ontferming, en hulle kan nie glo dat Hy Sy skepsels na die vure van 'n ewigbrandende hel sal stuur nie. Maar omdat hulle glo dat die siel van nature onsterflik is, meen hulle dat hulle nie anders kan as om te besluit dat die hele mensdom uiteindelik gered sal word nie. Vele beskou die dreigemente van die Bybel slegs as middels om mense bang te maak om te gehoorsaam, en nie as iets wat letterlik vervul sal word nie. Volgens hierdie leer kan die sondaar maar 'n lewe van selfsugtige genot voer, die vereistes van God veronagsaam, en nog verwag om eindelik deur Hom aangeneem te word. So 'n leerstelling, wat staat maak op Gods genade terwyl dit Sy regverdigheid oor die hoof sien, is aanneemlik vir die vleeslike hart en dit moedig die goddelose aan in hulle goddeloosheid. Om aan te toon hoedat die voorstanders van die leer dat alle mense gered sal word, die Skrifte uit hulle verband ruk om hulle sielvernietigende leerstellings te bewys, sal ons hulle eie woorde aanhaal. Tydens die begrafnis van 'n goddelose jongman wat onmiddellik in 'n ongeluk gedood is, het 'n predikant wat die leer van universalisme toegedaan was die volgende teks geneem waarin van Dawid gesê is, "Want hy het homself getroos oor Amnon, dat hy dood was." 2 Sam. 13: 39.

"Dikwels word daar aan my gevra," het die spreker gesê, "Wat sal word van diegene wat hierdie wêreld in sonde verlaat, wat sterf,

miskien in dronkenskap, of met ongewaste klere besoedel met die vlekke van misdaad, of wat gesterf het soos hierdie jongman wat
[610] nooit 'n belydenis van godsdiens gemaak het nie. Ons sal berus by die uitspraak van die Skrifte; daar sal hierdie vreeslike vraag beantwoord word. Amnon was baie sondig; hy was onboetvaardig, hy was dronkgemaak, en terwyl hy dronk was, is hy gedood. Dawid was 'n profeet van God; hy het tog seker geweet aangaande die wel of wee van Amnon in die hiernamaals. Watter uitdrukkings het hy gebruik? ‚Die siel van Koning Dawid het baie verlang om na Absalom uit te gaan. want hy het homself getroos oor Amnon, dat hy dood was.'

"Wat kan ons aflei uit hierdie taal? Is dit nie dat ewige pyniging nie deel uitgemaak het van sy godsdienstige opvatting nie? So meen ons; en hier het ons 'n afdoende argument vir die aanneemliker, meer verligte, en beter veronderstelling van uiteindelike universele reinheid en vrede. Hy was getroos, siende dat sy seun dood was. En waarom? Omdat hy met profetiese blik vooruit kon sien in die heerlike toekoms, en daardie seun kon sien, ver verwyderd van alle versoekings, verlos van slawerny en gereinig van die besoedeling van sonde, en nadat hy voldoende geheilig en verlig is, is hy toegelaat tot die gemeente van lowende geeste wat opgevaar het. Sy enigste vertroosting was dat sy geliefde seun, verwyderd van sonde en lyding, gegaan het na die plek waar die Heilige Gees sy donker siel sou verlig, en waar aan sy verstand die wysheid van die hemel. asook die soet vreugde van ewige liefde geopenbaar sou word; en so sou hy berei word met 'n geheiligde natuur om die rus en die geselskap van daardie hemelse erfenis te geniet.

"Volgens hierdie gedagtes word ons gelei om te glo dat die saligheid van die hemel nie afhanklik is van enigiets wat ons in hierdie lewe kan doen nie; en nie afhanklik is van 'n teenwoordige hartsverandering of teenwoordige geloof of 'n teenwoordige belydenis van godsdiens nie."

So het hierdie sogenaamde diensknег van Christus die valsheid herhaal wat deur die slang in Eden gespreek is, "Julle sal gewis nie sterwe nie." "Julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees." Hy verklaar dat die vuilste sondaars — moordenaars, diewe, en diegene wat owerspel pleeg — ná die dood berei sal word om die ewige geluksaligheid in te gaan.

En op watter grond kom hierdie verdraaier van die Skrifte tot sy gevolgtrekkings? Uit een enkele sinnetjie waardeur Dawid uitdrukking gee aan sy onderwerping aan die handelwyse van die Almagtige. [611] Die siel van Dawid "het baie verlang om na Absalom uit te gaan want hy het homself getroos oor Amnon, dat hy dood was." Die angel van sy droefheid is deur die tyd versag, en sy gedagtes is afgewend van sy gestorwe tot sy lewende seun, wat gevlug het uit vrees van straf op sy misdaad. En dit is die beweerde bewys dat die besope Amnon, skuldig aan bloedskande, onmiddellik ná sy dood gevoer is na die oord van geluksaligheid, om daar gereinig en berei te word vir die gemeenskap van sondelose engele! 'n Strelende fabel voorwaar, bestem om die vleeslike hart te bevredig! Dit is Satan se eie leerstelling, en dit werk baie goed. Hoef ons dan verbaas te wees, dat goddeloosheid weens sulke leerstellings toeneem?

Die handelwyse van hierdie een valse leraar kan as voorbeeld geneem word van baie ander. 'n Paar Skrifwoorde word uit hulle verband geruk om 'n stelling te bewys — woorde, wat as hulle in hulle verband geneem is, dikwels net die teenoorgestelde bewys; sulke onsamehangende Skrifgedeeltes word verdraai om leerstellings te bewys wat absoluut geen fondament in die woord van God het nie. Die bewys wat aangevoer is dat die besope Amnon in die hemel is, is glad geen bewys nie, maar blote veronderstelling, wat regstreeks geloënstraf word deur die duidelike en positiewe verklarings van die Skrifte dat geen dronkaard die koninkryk van God sal beërwe nie. (1 Kor. 6: 10.) Dit is op hierdie manier dat twyfelaars, en ongelowiges die waarheid in 'n leuen verdraai. Menigtes is verlei deur hulle drogredes, en aan die slaap gesus in die wieg van vleeslike veiligheid.

As dit waar is dat die siele van alle mense onmiddellik ná die dood na die hemel gaan, behoort ons die dood te begeer liewer as die lewe. Vele is deur hierdie leerstelling beweeg om die hand aan hulle eie lewe te slaan. Wanneer hulle oorweldig word deur 'n moeilikheid of teleurstelling, is dit vir hulle glad nie so swaar om die draadjie van die lewe te knip en weg te sweef na die geluksaligheid van die ewige wêreld nie.

In Sy woord het God onweerlegbare bewys gegee dat Hy die oortreders van Sy wet sal straf. Diegene wat hulle daarmee gerusstel dat Hy te genadig is om die sondaar te straf, hoef maar net na die

[612] kruis van Golgota te kyk. Die dood van die vlekke- lose Seun van God getuig dat die “loon van die sonde die dood is,” en dat elke oortreding van Gods wet gestraf sal word. Christus, die sondelose, het sonde geword vir die mens. Hy moes die straf op oortreding dra, die verberging van Sy Vader se aangesig verduur, totdat Sy hart gebreek en Sy lewe uitgepers is. Hierdie opoffering is gemaak sodat sondaars verlos kon word. Op geen ander manier kon die mens verlos word van die straf op die sonde nie. En elke siel wat weier om ‘n deelgenoot te word van die versoening wat teen sulke ontsettende koste verkry is, sal self in eie persoon die straf moet betaal op sy oortreding.

Laat ons nou nagaan wat die Bybel leer aangaande die goddelose en die onboetvaardiges wat die Universaliste wil hemel-toe stuur as heilige, gelukkige engele. “Aan die dorstiges sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.” Openb. 21: 6, 7. Hierdie belofte is gegee alleen aan die dorstiges — alleen aan diegene wat behoefte voel aan die water van die lewe, en wat gewillig is om alles daarvoor op te gee, sal dit gegee word. “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ‘n God wees, en hy sal vir My ‘n seun wees.” Hier ook, word die voorwaardes duidelik gestel. Om alle dinge te kan beërwe, moet ons die sonde weerstaan en oorwin.

Deur die profeet Jesaja sê die Here, “Sê van die regverdige dat dit met hom goed sal gaan.” “Wee die goddelose; met hom gaan dit sleg. Want wat sy hande gewerk het, sal hom aangedoen word.” Jes. 3: 10, 11. Die wyse man sê, “Aangesien ‘n sondaar honderdmaal kwaaddoen en hy lank lewe — alhoewel ek weet dat dit goed sal gaan met die wat God vrees, wat vrees voor Sy aangesig, en dit nie goed sal gaan met die goddelose,” nie. Pred. 8: 12, 13. En Paulus sê dat die sondaar vir hom toorn vergader teen die “dag van toorn en openbaring van die regverdige oordeel van God wat elkeen sal vergeld na sy werke; . . . verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaaddoen.” Rom. 2:5, 6, 9.

“Dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat ‘n afgodedienaar is, ‘n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.” Efe. 5: 5. “Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie.” Heb. 12:
[613] 14. “Salig is die wat Sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite

is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen." Openb. 22: 14, 15.

God het aan die mens 'n uiteensetting van Sy karakter gegee, asook hoe Hy met die sonde sal handel. "HERE, HERE, 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid hou vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie." Exod. 34: 6, 7. "Hy verdelg al die goddelose." "Maar die oortreders word tesame verdelg; die goddelose word eindelik uitgeroei." Ps. 145: 20; 37: 38. Die mag en gesag van die goddelike regering sal in werking gebring word om die opstand te onderdruk; maar al die openbarings van vergeldende regverdigheid sal in volkome ooreenstemming wees met die karakter van God as 'n genadige, lankmoedige, en goeie wese.

God dwing die wil of die oordeel van niemand nie. Hy skep geen behae in slaafse gehoorsaamheid nie. Hy begeer dat sy skepsels Hom sal liefhê omdat Hy hulle liefde waardig is. Hy wil hê dat hulle Hom moet gehoorsaam omdat hulle 'n intelligente besef het van Sy wysheid, regverdigheid, en goedertierenheid. En almal wat 'n behoorlike begrip het van hierdie eienskappe sal Hom liefhê omdat hulle tot Hom getrek word deur hulle bewondering van Sy hoedanighede.

Die beginsels van goedheid, genade, en liefde, soos geleer en geopenbaar deur ons Heiland, is 'n afskrif van die wil en die karakter van God. Christus het geleer dat Hy niks geleer het behalwe wat Hy van Sy Vader ontvang het nie. Die beginsels van die goddelike regering is in volkome ooreenstemming met die Heiland se gebod, „Julle moet julle vyande liefhê." God oefen 'n regverdige straf uit op die goddelose vir die welsyn van die heelal, en ook vir die beswil van diegene wat die straf moet ondergaan. Hy sou hulle gelukkig maak as Hy dit kon doen ooreenkomstig die wette van Sy regering en Sy karakter van geregtigheid. Hulle word omring deur die bewyse van Sy liefde, Hy gee aan hulle 'n kennis van Sy wet, en Hy agtervolg hulle met Sy aangebode genade; maar hulle versmaai Sy liefde, maak Sy wet tot niet, en verwerp Sy genade. Terwyl hulle steeds Sy gawes [614]
aanneem, onteer hulle die Gewer; hulle haat God omdat hulle weet dat Hy 'n afsku het aan hulle sondes. Die Here is lankmoedig met

hulle hardnekkigheid, maar eindelik sal die beslissende uur aanbreek wanneer hulle lot beslis sal word. Sal Hy dan hierdie rebelle aan Sy sy vaskoppel? Sal Hy hulle dwing om Sy wil te doen?

Diegene wat Satan verkies het as hulle leier, en wat deur sy mag beheers word, is nie bereid om in die teenwoordigheid van God te kom nie. Hoogmoed, bedrog, losbandigheid, en wreedheid, het 'n deel geword van hulle karakters. Kan hulle die hemel binnegaan en daar vir ewig saamwoon met diegene wat hulle op die aarde verag en gehaat het? Die waarheid sal nooit aanneemlik wees vir die leuenaar nie; sagmoedigheid sal eiewaan en hoogmoed nooit tevrede stel nie; reinheid is nie aanneemlik vir besoedeldes nie; onselfsugtige liefde is nie aantreklik vir die selfsugtiges nie. Watter soort genot kan die hemel aanbied aan diegene wat heeltemal in beslag geneem is deur aardse genot en eiebelang?

As diegene wat hulle hele lewe lank in opstand teen God was, skielik na die hemel geneem sou kon word, en as hulle daardie hoë en heilige staat van volmaaktheid kon sien, waar elke siel met liefde vervul is en elke gelaat straal van vreugde en waar betowerende musiek gemaak word ter eer van God en die Lam, en waar oneindige strome van lig gedurig op die verlostes straal van die aangesig van Hom wat op die troon sit — sal diegene wie se harte vervul is met haat teenoor God en teenoor die waarheid en heiligheid, kan saamsing met die hemelse skare in hulle lofliedere? Sou hulle die heerlikheid van God en die Lam kan verduur? Nee, en nogmaals nee; daar is 'n genadetyd van jare aan hulle toegestaan sodat hulle karakters kon vorm geskik vir die hemel; maar hulle het hulleself nooit daarin beoefen om reinheid lief te hê nie; hulle het nooit die taal van die hemel geleer nie, en nou is dit te laat. 'n Lewe van opstand teen God het hulle ongeskik gemaak vir die hemel. Die reinheid, die heiligheid en vrede wat daar heers, sou vir hulle 'n marteling wees; die heerlikheid van God sou vir hulle soos 'n verterende vuur wees. Hulle sou smag om weg te vlug van daardie heilige plek. Hulle
[615] sou vernietiging verwelkom sodat hulle ver- berg kan wees van die aangesig van Hom wat gesterf het om hulle te verlos. Die lot van die goddelose word beslis deur hulle eie keuse. Hulle uitsluiting uit die hemel is vrywillig aan hulle kant, en regverdig en genadig aan die kant van God.

Soos die waters van die sondvloed sal die vure van die groot dag Gods uitspraak aankondig dat die goddelose onverbeterlik is. Daar is by hulle geen neiging om hulle aan die goddelike gesag te onderwerp nie. Hulle het hulle wil in opstand gebruik; en wanneer die lewe beëindig word, is dit te laat om hulle gedagtegang in die teenoorgestelde rigting te stuur, te laat om oor-treding te versaak vir gehoorsaamheid, en haat vir liefde.

Toe God die lewe van Kain, die moordenaar, gespaar het, het Hy aan die wêreld 'n voorbeeld gegee van wat die gevolge is wanneer 'n sondaar toegelaat word om voort te lewe en steeds voort te gaan op die weg van bandelose goddeloosheid. Deur die invloed van Kain se leer en voorbeeld is menigtes van sy afstammelinge tot die sonde verlei, totdat "die boosheid van die mens op die aarde groot was," en "al die versinsels wat hy bedink in sy hart altyddeur net sleg was." "Die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld." Gen. 6: 5, 11.

In genade aan die wêreld het God die bose bewoners daarvan in Noag se tyd uitgedelg. In genade het Hy die verdorwe inwoners van Sodom vernietig. Deur die verleidende krag van Satan, wek die bewerkers van die sonde medelyde en bewondering. en op daardie manier lei hulle steeds ander tot rebellie. Dit was so in Kain se tyd, in Noag se tyd, en in die tyd van Abraham en Lot, en ook in ons tyd. Dit sal 'n daad van genade aan die heelal wees wanneer God uiteindelik die verwerpers van Sy genade vernietig.

"Die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here." Rom. 6: 23. Terwyl die lewe die erfdeel is van die regverdiges, is die dood die deel van die goddelose. Aan Israel het Moses gesê, "Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk." Deut. 30: 15. Die dood waarna verwys word in hierdie skrifture is nie die dood wat oor Adam uitgespreek is nie, want die hele mensdom deel in die straf om sy oortreding. Dit is die "tweede [616]
dood" wat hier in teenstelling met die ewige lewe genoem word.

As gevolg van Adam se sonde het die dood deurgedring tot die ganse mensdom. Almal tesame gaan na die graf. En deur die voorsiening van die verlossingsplan sal almal weer uit hulle grafte voortkom. "Daar sal 'n opstanding wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges"; "want soos hulle almal in Adam sterwe,

so sal hulle ook almal in Christus lewendig gemaak word." Hand. 24: 15; 1 Kor. 15: 22. Maar daar is 'n verskil tussen die twee klasse wat sal opstaan. "Daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, Sy stem sal hoor en sal uitgaan — die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling." Joh. 5: 28, 29. Diegene wat "waardig geag is" tot die opstanding van die lewe, word genoem "salig en heilig." "Oor hulle het die tweede dood geen mag nie." Openb. 20: 6. Maar diegene wat nie deur bekering en geloof sulke vergifnis ontvang het nie, sal die straf op hulle oortreding ontvang— "die loon van die sonde." Wat tyd en heftigheid betref, sal die straf verskil — dit sal wees "volgens hulle werke," maar uiteindelik sal dit eindig in die tweede dood. Aangesien dit onmoontlik is vir God om die sondaar in sy sondes te red sonder om in botsing met Sy genade en regverdigheid te kom, ontneem Hy aan die sondaar daardie lewe wat hy deur sy oortredings verbeur het, en wat hy nie waardig is nie. 'n Geïnspireerde skrywer sê, "Nog 'n klein rukkie en die goddelose sal daar nie wees nie; ja jy sal ag gee op sy plek, maar hy sal daar nie wees nie." 'n Ander een sê, hulle sal word "asof hulle nooit bestaan het nie." Ps. 37: 10; Obad. 16. Besoedel met hulle sonde, sink hulle weg in die ewige vergetelheid.

So sal daar 'n einde gemaak word aan die sonde en aan al die ellende en verwoesting wat dit veroorsaak het. Die psalmis sê "U het die heidene gedreig, die goddelose laat omkom, hulle naam uitgedelg vir ewig en altyd. Die vyande het omgekom — puinhope vir ewig." Ps. 9:6, 7. In die Openbaring skryf Johannes, waar hy vooruit gesien het na die ewigheid, van 'n algemene lofsang sonder een enkele wanklank. Hy het gehoor hoedat elke skepsel in hemel
[617] en op aarde heerlikheid aan God toegebring het. (Openb. 5: 13.) Dan sal daar nie verlore siele wees om God te laster terwyl hulle in nimmereindigende pyniging gefolter word; daar sal nie ellendige wesens in die hel wees om hulle angskrete te vermeng met die liedere van die verlostes nie.

Die leerstelling dat mense hulle bewussyn in die dood behou, berus op die gronddwaling van natuurlike onsterflikheid —'n leerstelling wat soos die van ewige pyniging regstreeks bots met die Skrifte, met alle rede, en met ons gevoelens van menslikheid. Volgens die algemene geloof, is die verlostes in die hemel bewus van

die dinge wat op die aarde plaasvind, veral met wat gebeur met hulle vriende wat hulle agtergelaat het. Maar watter bron van geluk kan dit vir die dode wees om te weet van die moeilikhede van die lewendes, om die sondes te aanskou wat hulle dierbares pleeg, en om te sien hoedat hulle ly, teleurgestel en deur die lewe gekwel word? Hoeveel van die geluk van die hemel kan geniet word deur diegene wat oor hulle vriende op aarde rondswewe? Hoe weersinwekkend is die geloof dat die siel van die onboetvaardiges onmiddellik na die dood in die vlamme van die hel beland! Watter onuitspreeklike verdriet moet diegene verduur waar hulle 'n dierbare na die graf sien gaan, wat onvoorbereid gesterf het om 'n ewigheid te begin van ellende en sonde! Vele het kranksinnig geword as gevolg van hierdie vreeslike gedagte.

Wat sê die Skrifte aangaande hierdie dinge. Dawid verklaar dat die mens nie sy bewussyn in die dood behou nie. "Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan." Ps. 146: 4. Salomo sê dieselfde: "Die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie." "Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle ywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie. . . . Daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie." Pred. 9: 5, 6, 10.

Toe Hiskia se lewe met vyftien jaar verleng is in antwoord op sy gebed, het die dankbare koning God geloof vir Sy groot genade. In sy loflied gee hy die rede vir sy vreugde: "Want die doderyk sal U nie loof nie, en die dood U nie prys nie; die wat in die kuil neerdaal [618]
sal op U trou nie hoop nie. Die lewen de, die lewende, die sal U loof, soos ek vandag." Jes. 38: 18, 19. Die teologie oor die algemeen, stel die regverdige dode voor as in die hemel, in geluksaligheid waar hulle God met onsterflike tonge loof; maar Hiskia het nie so 'n heerlike vooruitsig gehad nie. Die getuienis van die Psalmis stem ooreen met syne: "Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?" "Die dode loof die Here nie, ook nie die almal wat na die stilte neerdaal nie." Ps. 6: 6; 115: 17.

Op Pinksterdag het Petrus verklaar van die patriarg Dawid "dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is onder ons tot vandag toe." "Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie." Hand. 2: 29, 34. Die feit dat Dawid in sy graf sal bly tot die opstanding, bewys

dat die regverdiges nie by die dood hemel-toe gaan nie. Dit is alleen deur die opstanding, en omdat Christus opgestaan het, dat Dawid eendag aan die regterhand van God sal sit.

Paulus sê: "Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore." 1 Kor. 15: 16-18. As die regverdiges vir vierduisend jaar reeds onmiddellik na die dood hemel-toe gegaan het, hoe kon Paulus dan sê dat as daar geen opstanding is nie, "die wat in Christus ontslaap het, verlore is"? Geen opstanding sou dan nodig wees nie.

In 'n verwysing na die staat van die dode, het die martelaar Tyndale gesê: "Ek erken openlik dat ek nie oortuig is dat hulle alreeds die voile heerlikheid geniet wat Christus geniet nie, of dié waarin die uitverkorene engele van God verkeer nie. Dit is ook nie een van my geloofsartikels nie; want as dit so was, dan is die prediking van die opstanding van die vlees tevergeefs — ek sien geen ander verklaring nie."—*Tyndale, Wm., Voorwoord tot "New Testament" (ed. 1534.), Herdruk in "British Reformers— Tindal, Firth, Barnes," bl. 349 (ed. 1830).*

Dit is 'n onweerlegbare feit dat die hoop op ewige geluksaligheid by die dood 'n algemene verwaarlosing van die Bybelse leerstelling
[619] van die opstanding as gevolg gehad het. In verband met hierdie neiging het Dr. Adam Clarke gesê: "Die leerstelling van die opstanding het skynbaar groter betekenis gehad vir die vroeë Christene as vandag! Hoekom? Die apostels het dit gedurig beklemtoon en hulle het die navolgers van God vermaan tot ywer, gehoorsaamheid, en moedigheid, op grond daarvan. Maar hulle opvolgers vandag praat byna nooit daarvan nie! So het die apostels gepreek, en so het die vroeëre Christene geglo; so preek ons ook, en so glo ons hoorders ook. Daar is nie 'n leerstelling in die evangelie wat meer beklemtoon word nie; en daar is nie 'n leerstelling in die prediking van vandag wat meer verwaarloos word nie!"—*Commentary on the New Testament, Deel II, algemene opmerkings oor 1 Kor. 15, para. 3.*

En so het dit toegegaan totdat die heerlike waarheid van die opstanding byna heeltemal bedek en uit die oog verloor is in die Christelike wêreld. Daarom sé 'n vooraanstaande godsdienstige skrywer, in 'n kommentaar oor die woorde van Paulus in 1 Thess. 4:

13-18: "Vir alle praktiese doeleindes word die vertroosting van die leerstelling van die onsterflikheid van die regverdiges vervang deur enige twyfelagtige leerstelling van die Here se tweede koms. By ons dood kom die Here ons haal. Dit is daarvoor dat ons moet wag en waak. Die dode het alreeds die heerlikheid ingegaan. Hulle wag nie op die geklank van die basuin vir hulle oordeel en geluksaligheid nie."

Maar toe Jesus op die punt gestaan het om Sy dissipels te verlaat, het Hy nie aan hulle gesê dat hulle gou na Hom toe sou kom nie. "Ek gaan om vir julle plek te berei," het Hy gesê. "En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem." Joh. 14:2, 3. Verder sê Paulus: "Die Here Self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees." En dan laat hy volg, "Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde." 1 Thess. 4: 16-18. Hoe groot is die teenstelling tussen hierdie trooswoorde en die van die Universalispredikant wat ons hierbo aangehaal het! Laasgenoemde het sy bedroefde vriende getroos met die versekering, dat die dode, hoe sondig hulle ook was, [620] onder die engele sou ontvang word wanneer hulle hulle asem hier uitblaas. Paulus verwys sy broeders na die aanstaande koms van die Here, wanneer die bande van die graf verbreek sal word, "en die wat in Christus gesterf het," opgewek sal word tot die ewige lewe.

Voordat mense die woonplaas van die saliges kan binnegaan, moet hulle lewens ondersoek word en hulle karakters en dade moet voor God in oënskou kom. Almal moet geoordeel word volgens wat in die boeke geskryf staan, en hulle moet beloon word volgens hulle werke. Hierdie oordeel vind nie by die dood plaas nie. Let op Paulus se woorde: God het "'n dag bepaal waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek." Hand. 17: 31. Hier verklaar die apostel duidelik dat daar 'n bepaalde tyd vasgestel is, toe nog in die toekoms, vir die oordeel van hierdie wêreld.

Judas verwys na dieselfde tydperk: "Die engele wat hulle eie beginsel nie bewaar het nie, maar hulle eie woning verlaat het, het

Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar." En dan haal hy die woorde van Henog aan: "Kyk, die Here het gekom met Sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal." Judas 6, 14, 15. Johannes sê, "Ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen, . . . En die dode is geoordeel na wat geskrywe is in die boeke." Openb. 20: 12.

Maar as die dode alreeds in hemelse geluksaligheid is of in die vlamme van die hel gefolter word, watter nodigheid is daar dan vir 'n toekomstige oordeel? Die leer van Gods woord op hierdie belangrike punte is nie onduidelik of teenstrydig nie; hulle kan deur die gewone verstand verstaan word. Maar watter eerlike mens kan die wysheid of regverdigheid van die teorie wat vandag bestaan, insien? Sal die regverdiges, na hulle sake in die oordeel ondersoek is, die woorde hoor, "Mooi so, goeie en getroue slaaf, . . . gaan in die vreugde van jou Heer;" as hulle reeds in Sy teenwoordigheid verkeer miskien vir eeue al? Sal die goddelose uit die plek van pyniging ontbied word om hulle vonnis te hoor van die Regter van die hele aarde, "Gaan
[621] weg van My af, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele?" Matt. 25: 21, 41. O die bespotting, die skandelike wanvoorstelling van die wysheid en regverdigheid van God!

Die teorie van die onsterflikheid van die siel is een van die valse leerstellings wat Rome oorgeneem het van Paganisme en by die Christelike godsdiens ingelyf het. Martin Luther het hierdie leerstelling geplaas onder die "afkuwelike fabels wat deel uit maak van die Roomse mishoop van dekrete."—Petavel, E., "The Problem of Immortality," bl. 255 (ed. 1892). In 'n kommentaar oor Salomo se woorde in die boek Prediker, naamlik dat die dode niks weet nie, sê hierdie Hervormer: "Dit is nog 'n plek wat bewys dat die dode niks voel nie. Daar is, sê hy, geen plig, geen wetenskap. geen kennis, geen wysheid daar nie. Salomo sê dat die dode slaap, en glad niks voel nie. Want die dode lê daar, sonder besef van dae of jare, maar wanneer hulle wakkergemaak word, sal dit vir hulle skyn of hulle skaars 'n minuut geslaap het."—*Luther se "Exposition of Solomon's Booke Called Ecclesiastes," bl 152 (ed. 1573, Londen).*

Nêrens in die Heilige Skrifte lees ons dat die regverdiges hulle loon, of die goddelose hulle straf by die dood ontvang nie. Die

patriarge en profete het nie so ‘n versekering gehad nie. Christus en Sy apostels het niks daarvan gerep nie. Die Bybel leer duidelik dat die dode nie onmiddellik hemel-toe gaan nie. Hulle word voorgestel as slapende tot die opstanding. (1 Thess. 4: 14; Job. 14: 10-12.) In die dag wanneer die silwerdraad afgesny word, en die goue olie-kan stukkend val — in daardie dag is dit met die gedagtes gedaan. (Pred. 12: 6.) Salige rus vir die afgematte regverdiges! Tyd, of dit lank of kort is, is vir hulle soos ‘n oomblik. Hulle slaap; hulle word opgewek deur die basuin van God tot ‘n heerlike onsterflikheid. “Want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word. . . . En wanneer hierdie verganklike met onvergankliklikheid beklee is, en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.” 1 Kor. 15: 52-55. Wanneer hulle opgewek is uit hulle diepe slaap, hervat hulle hulle gedagtes op die punt waar hulle opgehou het. [622]

[623]

# Hoofstuk 34—Spiritisme

DIE bediening van heilige engele soos in die Skrifte voorgestel, is ‘n waarheid wat baie dierbaar en vertroostend is vir elke navolger van Christus. Maar die leer van die Bybel in hierdie verband is bedek en verdraai deur die dwalings van die algemene teologie. Die leerstelling van natuurlike onsterflikheid, van Paganisme geleen, en in die duisternis van die groot afval by die Christelike geloof ingelyf, het die waarheid vervang wat so duidelik in die Skrifte geleer word, naamlik “die dode weet glad niks nie.” Menigtes glo vandag dat die geeste van die dode die “dienende geeste is wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beërwe.” En dit word geglo, nieteenstaande die getuienis van die Skrifte aangaande die bestaan van hemelse engele en die feit dat hulle genoem word nog voor daar nog ooit ‘n mens gesterf het.

Die leerstelling dat die mens sy bewussyn behou in die dood, en veral die geloof dat die geeste van die afgestorwenes terugkeer om
[624] die lewendes te dien, het die weg berei vir hedendaagse Spiritisme. As die dode in die teenwoordigheid van God en die heilige engele toegelaat word en kennis verkry ver bokant as wat hulle voorheen gehad het, waarom sou hulle nie na die aarde terugkeer om die lewendes te verlig en te leer nie? As, soos deur baie teoloë geleer word, die geeste van die dode oor hulle vriende op aarde rondsweef, waarom sou hulle ook nie met hulle kan praat om hulle te waarsku teen kwaad of hulle te vertroos in droefheid nie? Hoe kan diegene wat glo dat die mens sy bewussyn in die dood behou, die dinge verwerp wat aan hulle verkondig word as goddelike lig deur verheerlikte gees-te? Hier het ons ‘n kanaal wat as heilig beskou word, en waardeur Satan werk vir sy eie doeleindes. Die gevalle engele wat sy bevele uitvoer, verskyn as boodskappers uit die geestewêreld. Terwyl hulle voorgee om die lewende in aanraking met die dode te bring, oefen die vors van duisternis sy betowerende invloed uit op hulle.

Hy het mag om skynbaar aan die mens sy afgestorwe vriende terug te bring. Hierdie vervalsing is volmaak; die bekende voorkomste, die woorde, die buiging van die stem, word weergegee met wonderbaarlike juistheid. Vele word vertroos met die versekering dat hulle geliefdes in die hemelse geluksaligheid is; en sonder enige vermoede van gevaar, luister hulle na "verleidende geeste en leringe van duiwels."

As hulle eers daartoe gebring word om te glo dat die dode werklik kan terugkom om met hulle te praat, dan laat Satan diegene verskyn wat onvoorberei na die graf gegaan het. Hulle gee voor dat hulle gelukkig is in die hemel en dat hulle selfs hoë posisies daar beklee; op hierdie wyse word die dwaalleer wyd en syd verkondig, naamlik dat daar geen verskil is tussen die goddelose en die regverdiges nie. Die sogenaamde besoekers uit die geestewêreld gee dikwels waarskuwings wat waar is. Daarna, wanneer vertroue gewin is, stel hulle leerstellings voor wat regstreeks geloof in die Skrifte ondermyn. Voorgewende om groot belangstelling te hê in die welsyn van hulle vriende op aarde, verkondig hulle die gevaarlikste dwalings. Die feit dat sommige van die dinge wat hulle sê waar is, en dat hulle soms toekomstige dinge kan voorspel, gee 'n skyn van betrou- baarheid aan hulle verklarings; en hulle valse leerstellings [625]
word deur die groot meerderheid aangeneem en geglo net so geredelik asof hulle onder die heiligste waarhede van die Bybel was. Die wet van God word ter syde gestel, die Gees van genade word verag, en die bloed van die verbond as onheilig beskou. Die geeste loën die godheid van Christus, en hulle plaas selfs die Skepper op gelyke voet met hulleself. Onder 'n nuwe dekmantel gaan die groot rebel steeds voort met sy stryd teen God, wat in die hemel begin het en vir byna sesduisend jaar al op die aarde voortgesit word.

Vele trag om spiritistiese verskynsels te verklaar deur alles toe te skryf aan bedrog en kunstigheid aan die kant van die medium. Maar hoewel dit waar is dat behendige kunsies afgesmeer is as egte verskynsels, is daar ook merkwaardige openbarings van bonatuurlike krag. Die geheimsinnige geklop waarmee hedendaagse Spiritisme begin het, was nie die gevolg van menslike bedrog of behendigheid nie, maar dit word regstreeks veroorsaak deur bose engele wat op daardie manier een van die suksesvolste sielvernietigende dwalings ingevoer het. Baie sal verstrik word deur die geloof dat Spiritisme

blote menslike bedrog is. As hulle te staan kom voor openbarings van dinge wat hulle nie anders as bonatuurlik kan beskou nie, sal hulle bedrieg word, en hulle sal daartoe gebring word om die verskynsels aan te neem as die openbarings van die krag van God.

Hierdie persone sien die getuienis van die Skrifte oor die hoof aangaande die wonders wat deur Satan en sy werktuie verrig word. Dit was deur sataniese hulp dat die towenaars van Farao die werk van God kon namaak. Paulus verklaar dat daar, voor die wederkoms van Christus, dergelike openbarings van sataniese krag sal wees. Die wederkoms van die Here sal voorafgegaan word deur "die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid." 2 Thess. 2:9, 10. En die apostel Johannes, in sy beskrywing van die wonderwerkende krag wat in die laaste dae geopenbaar sal word, sê: "Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei
[626] die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is . .
[627] . te doen." Openb. 13: 13, 14. Dit is nie bedrog wat hier voorspel word nie. Die mense word bedrieg deur wonderwerke wat Satan se werktuie werklik doen, en nie wat hulle voorgee om te doen nie.

Die vors van duisternis, wat vir solank reeds die vermoëns van sy meesterverstand gebruik het om te bedrieg, pas sy versoeking behendig aan by alle klasse en toestande. Aan ontwikkelde en verfynde persone stel hy Spiritisme voor in verfynde en intellektuele aspekte, en op daardie manier vang hy hulle in sy net. Die wysheid wat Spiritisme meedeel, word deur die apostel Jakobus beskryf as die wysheid wat nie "van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels." Jak. 3: 15. Dit, egter, bedek die bedrieër as dit in sy kraam te pas kom. Hy wat voor Christus in die woestyn van versoeking kon verskyn in die gedaante en heerlikheid van 'n hemelse seraf, verskyn aan die mens so aantreklik moontlik en as 'n engel van lig. Hy doen 'n beroep op die verstand deur hoë en verhewe temas voor te stel; hy bekoor die verbeelding met verruklike tonele; en hy win die liefde deur welsprekende beskrywings van liefde en liefdadigheid. Hy laat die verbeelding van mense op hol gaan deur so 'n groot hoogmoed in hulle te skep oor hulle eie wysheid dat hulle in hulle harte selfs die ewige God verag. Daardie magtige wese wat die wêreld se Verlosser na 'n hoë berg kon neem en al die koninkryke van die aarde en hulle

heerlikheid voor Hom laat verbygaan het, sal sy versoekings aan mense voorstel op ‘n manier wat die sintuie sal bedrieg van almal wat nie deur goddelike krag beskerm is nie.

Satan bedrieg mense vandag net soos hy Eva in Eden bedrieg het, deur vleiery, deur ‘n begeerte te skep vir verbode kennis, en die begeerte tot selfverheffing op te wek. Dit was deur self hierdie dinge te koester wat sy val veroorsaak het, en deur hulle trag hy vandag nog om die ondergang van die mense te bewerk. “Julle sal soos God wees deur goed en kwaad te ken” het hy gesê. (Gen. 3:5.) Spiritisme leer “dat die mens ‘n progressiewe wese is; dat dit sy bestemming is om van sy geboorte af aan vordering te maak—selfs deur die ewigheid heen—om soos die godheid te word.” En weer: [628]
“Elke verstand sal homself oordeel en niemand anders nie.” “Die oordeel sal regverdig wees, omdat dit die oordeel van self sal wees. . . . Die troon is binne-in julle.” ‘n Spiritis-leraar het gesê, toe sy “geestelike bewussyn” in hom opgewek is, “my medemense almal was halfgode wat nie geval het nie.” ‘n Ander een het gesê, “Enige regverdige en volmaakte wese is Christus.”

Satan het dus in die plek van die geregtigheid en volmaaktheid van die ewige God, die ware voorwerp van aanbidding; in die plek van die volmaakte geregtigheid van Sy wet, die ware maatstaf van die mens, die sondige, dwalende natuur van die mense self gestel as die enigste voorwerp van aanbidding, die enigste maatstaf van oordeel en van die karakter. Dit is vordering, nie na bo nie, maar na benede.

Dit is ‘n wet, sowel op intellektuele as geestelike gebied, dat ons deur aanskouing verander word. Die verstand pas hom geleidelik aan by die onderwerpe wat hy bedink; dit neem die dinge op wat dit eer en liefhet. Die mens sal nooit ‘n hoër standaard bereik as die maatstaf van reinheid en goedheid en waarheid wat hy vir homself stel nie. As self sy hoogste ideaal is, sal hy nooit iets hoër bereik as self nie. Hy sal eerder laer en laer sak. Die genade van God alleen het mag om die mens te verhef. Aan homself oorgelaat, sal hy onvermydelik laer sak.

Aan selfverwende, genotsugtige, wellustige persone doen Spiritisme hom minder vermomd voor as aan die verfyndes en geleerdes; in die growwer vorms daarvan vind hulle wat ooreenstem met hulle begeertes. Satan maak ‘n studie van elke aanduiding van menslike

swakheid, hy merk die sondes op waartoe persone geneig is, en dan sorg hy dat daar voldoende geleentheid gegee word om die neigings tot sonde te bevredig. Hy verlei mense tot onmatigheid in dinge wat op sigself wettig is, sodat hulle deur die onmatigheid hulle liggaamlike, verstandelike, en sedelike kragte verswak. Hy het duisende vernietig deur hulle tot die botviering van hulle drifte te beweeg, sodat hulle hele natuur verdierlik word, en hy doen dit nog steeds. En om sy werk te volbring verklaar hy, deur die geeste, dat "ware
[629] kennis die mens bokant die wet plaas;" en dat "wat is, reg is;" dat "God nie veroordeel nie;" en dat "alle sondes wat gepleeg is onskuldig is." Waar die mense dus gelei word om te glo dat begeerte die hoogste wet is, dat losbandigheid vryheid is, en dat die mens aan homself alleen verantwoordelik is, is dit nie vreemd dat verdorwenheid en verlaging aan alle kante gesien word nie. Daar is menigtes wat leerstellings aanneem wat hulle nie belet om die inspraak van hulle eie vleeslike harte te gehoorsaam nie. Die teuels van selfbeheersing word aan wellus oorgegee, die vermoëns van verstand en siel word onderwerp aan die dierlike neigings, en triomfantlik vang Satan duisende in sy net, wat voorgee om navolgers van Christus te wees.

Maar niemand hoef bedrieg te word deur die leuenagtige aansprake van Spiritisme nie. God het aan die wêreld genoeg lig gegee om hierdie bedrog te openbaar. Soos ons alreeds aangetoon het, is die teorie wat ten grondslag lê van Spiritisme in stryd met die duidelikste verklarings van die Skrifte. Die Bybel verklaar dat die dode niks weet nie, en dat hulle gedagtes vergaan het: dat hulle geen aandeel meer het in enigiets onder die son nie; en dat hulle niks weet van die vreugde of droefheid van hulle dierbares op aarde nie.

En wat meer is, God het uitdruklik alle sogenaamde kommunikasie met die geeste van afgestorwenes verbied. In die dae van die Hebreërs was daar mense wat voorgegee het, net soos Spiritiste van vandag, dat hulle in verbinding met die dode kan tree. Maar die "geeste van afgestorwenes," soos hierdie besoekers van ander wêrelde genoem word, is volgens die Bybel "geeste van duiwels." (Vergelyk Num. 25: 1-3; Ps. 106: 28; 1 Kor. 10: 20; Openb. 16: 14.) Om met die geeste van afgestorwenes om te gaan, is 'n gruwel vir die Here, en dit was verbode op straf van die dood. (Lev. 19: 31; 20: 27.) Vandag nog dink mense aan die woord "towery" met veragting.

"Die aanspraak dat mense met bose geeste kan praat word beskou as 'n fabel van die Middeleeue. Maar Spiritisme, wat honderde duisende aanhangers het, ja miljoene, en wat selfs wetenskaplike kringe binnegedring het, ook die kerke, en wat aanhangers het in die wetgewende rade en selfs koninklike howe—hierdie reusebedrog is slegs 'n herlewing, in 'n nuwe vermomming, van die towery wat in die outyd verbied en veroordeel is. [630]

As daar geen ander bewyse was van die ware aard van Spiritisme nie, behoort dit vir Christene genoeg te wees dat die geeste geen verskil maak tussen geregtigheid en sonde nie, tussen die edelste en reinste apostels van Christus en die besoedelste diensknegte van Satan nie. Deur te beweer dat die slegste mense in die hemel is en daar hoog aangeskryf staan, sê Satan aan die wêreld: "Dit maak nie saak hoe sleg jy is nie; en of jy God en die Bybel glo of nie. Lewe soos jy wil; die hemel is jou tuiste." Die spiritistiese leraars sê feitlik, "Elkeen wat kwaad doen is goed in die oë van die Here, en in hulle het Hy 'n behae; of, anders: Waar is die God van die reg?" Mal. 2: 17. Die woord van God sê, "Wee hulle wat sleg goed noem, en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis." Jes. 5: 20.

Waar die leuenagtige geeste hulleself voordoen as die apostels, laat hulle die apostels weerspreek wat hulle voorheen onder leiding van die Heilige Gees op aarde geskryf het. Hulle ontken die goddelike oorsprong van die Bybel, en daardeur vernietig hulle die grondslag van die Christen se hoop, en hulle doof die lig uit wat die pad na die hemel aanwys. Satan wil die wêreld wysmaak dat die Bybel 'n blote verdigsel is, of 'n boek wat net geskik was vir die kinderjare van die menslike geslag, maar wat sou veronagsaam of verwerp moet word as ouderwets. In die plek van die woord van God bied hy spiritistiese openbarings aan. Hier het ons 'n kanaal wat totaal onder sy beheersing is; deur middel daarvan kan hy die wêreld laat glo wat hy wil. Die Boek wat hom en sy navolgers veroordeel, skuif hy opsy; die Verlosser van die wêreld word voorgestel as 'n gewone mens. Net soos die Romeinse wag by die graf van Christus die leuenagtige gerugte versprei het wat die priesters en owerstes in hulle mond gelê het, om Sy opstanding te loënstraf, so ook probeer diegene wat glo in spiritistiese verskynsels om dit te laat blyk dat daar niks bonatuurliks in verband met die Heiland se lewe staan nie. Nadat hulle dus getrag het om Jesus op die agtergrond te stel,

vestig hulle die aandag van mense op hulle eie wonderwerke, en hulle verklaar dat dit die werke van Christus ver oortref.

[631] Dit is waar dat Spiritisme tans van gedaante verander, som- mige van sy aanstootlikste eienskappe vermom en 'n Christelike voorkomste aanneem; maar wat hulle gesê en geskryf het, is vir jare reeds aan die publiek bekend, en dit is daarin dat die ware karakter van Spiritisme geopenbaar is. Hierdie leerstellings kan nie ontken of verberg word nie.

Maar in sy huidige vorm, nie dat dit meer aanneemlik as voorheen is nie, is dit baie gevaarliker omdat dit listiger is. Waar dit eers Christus en die Bybel verwerp het, gee dit tans voor om albei aan te neem. Maar die Bybel word uitgelê op 'n manier wat aanneemlik is vir die onwedergebore hart, terwyl die plegtige en belangrike waarhede daarvan van nul en gener waard gemaak word nie. Liefde word beklemtoon as die hoofeienskap van God, maar dit word verlaag tot 'n soetsappige sentimentalisme en dit maak maar min verskil tussen goed en kwaad. Gods geregtigheid, Sy veroordelings van die sonde, en die vereistes van Sy heilige wet, word bedek. Die mense word geleer om die Dekaloog as 'n dooie letter te beskou. Strelende,
[632] betowerende fabels vang die mense en lei hulle om die Bybel as die grondslag van hulle geloof te verwerp. Christus word net so gewis verloën as voorheen; maar Satan het die oë van die mense so verblind dat hulle hierdie bedrog nie raak sien nie.

Daar is maar min mense wat 'n regte besef het van die verleidelike krag van Spiritisme en die gevaarlike invloed daarvan. Baie mense bemoei hulle daarmee uit blote nuuskierigheid. Hulle glo nie eintlik daarin nie, en die gedagte dat hulle hulle oorgee aan die beheersing van geeste, sou hulle met veragting verwerp. Maar hulle waag hulleself op verbode grond, en die magtige verwoester bring hulle teen hulle wil onder sy mag. As hulle maar net eenmaal oorgehaal kan word om hulle gedagtes in sy rigting te laat gaan, vang hy hulle. Dit is vir hulle onmoontlik om in hulle eie krag los te kom van die verleidelike betowering. Niks behalwe die krag van God, gegee in antwoord op die gebed van geloof, kan hierdie verstrikte siele verlos nie.

Almal wat toegee aan sondige neigings, of gewilliglik sonde koester waarvan hulle bewus is, lok die versoekings van Satan uit. Hulle skei hulle af van God en van die beskerming van Sy engele;

namate die bose sy verleidings voorstel, is hulle sonder beskerming, en hulle word 'n maklike prooi. Diegene wat hulle op hierdie manier in sy mag stel, besef nie waar hulle weg sal eindig nie. Nadat hy hulle ondergang bewerk het, sal die ver soeker hulle gebruik as sy werktuie om ander tot ondergang te lok.

Die profeet Jesaja sê: "As hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel — moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie? Moet vir die lewende die dode gevra word? Na die wet en na die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie!" Jes. 8: 19, 20. As mense gewillig was om die waarheid aan te neem, wat so duidelik geleer word in die Skrifte aangaande die natuur van die mens en die staat van die dode, sou hulle in die aansprake en verskynsels van Spiritisme die werking van Satan met krag en tekens en wonders van die leuen sien. Maar liewer as om die vryheid op te gee wat so aanneemlik is vir die vleeslike hart, en die sondes te versaak wat hulle liefhet, sluit menigtes hulle oë vir die lig en hulle gaan voort, ongeag die waarskuwings, terwyl Satan sy [633] strikke vir hulle stel en hulle sy prooi word. "Omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie." daarom "sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo." 2 Thess. 2: 10, 11.

Diegene wat die leerstellings van Spiritisme weerstaan, weerstaan nie mense alleen nie. maar Satan en sy engele. Hulle het 'n stryd aanvaar teen owerhede, teen die magte, en teen bose geeste in die lug. Satan sal nie 'n enkele duim grond toegee tensy hy teruggedryf word deur die mag van hemelse boodskappers nie. Die volk van God behoort hom te weerstaan. net soos ons Heiland. met die woorde, "Daar is geskrywe." Satan kan vandag die Skrit aanhaal net soos in die tyd van Christus, en hy sal die Skrifte verdraai om sy bedrog te bewys. Diegene wat in tye van gevaar wil staande bly, moet self die getuienis van die Skrifte verstaan.

Baie sal te staan kom voor geeste van duiwels wat hulleself voordoen as afgestorwe bloedverwante of vriende, en wat die gevaarlikste dwalings verkondig. Hierdie besoekers sal 'n beroep doen op ons teerste medelyde, en hulle sal wonderwerke verrig om te bewys wat hulle voorgee. Ons behoort gereed te wees om hulle te weerstaan

met die Bybelse waarheid dat die dode niks weet nie, en dat diegene wat hulleself voordoen as die dode, die geeste van duiwels is.

N'et voor ons is "die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel." Openb. 3: 10. Almal wie se geloof nie bevestig is in die woord van God nie, sal bedrieg en oorwin word. Satan werk "met allerhande verleiding van ongeregtigheid" om die mensekinders te beheers, en sy bedrieëry sal steeds toeneem. Maar hy sal sy doel bereik alleen namate mense vrywillig aan sy versoekings toegee. Diegene wat ernstig soek na 'n kennis van die waarheid, en wat trag om hulle siele te reinig deur gehoorsaamheid, en wat doen wat hulle kan om hulleself te berei vir die stryd, sal, in die God van waarheid, 'n vaste vesting he. "Omdat jy die woord van My lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar," is die belofte van die Heiland aan ons. (Openb. 3: 10.) Liewer as om een siel wat op Hom vertrou, oor te laat aan die
[634] oorwinning van Satan, sal hy al die engele uit die hemel stuur om Sy volk te beskerm.

Die profeet Jesaja beskryf die groot bedrog wat oor die goddelose sal kom en hulle daartoe sal bring om te glo dat die oordele van God hulle nie sal tref nie: "Ons het 'n verbond met die dood gemaak, en met die doderyk het ons 'n verdrag aangegaan; as die oorstromende gésel deurtrek, sal hy na ons nie kom nie; want ons het die leuen ons skuilplek gemaak en in bedrog ons weggesteek." Jes. 28: 15. In die klas wat hier beskryf word, is ook diegene opgeneem wat in hulle hardnekkige onboetvaardigheid hulleself troos met die versekering dat daar geen straf vir die sondaar sal wees nie; en dat die ganse mensdom, dit maak nie saak hoe sondig hulle is nie, tot die hemel sal verhef word om soos die engel van God te word. Maar op beslister wyse nog maak diegene 'n verbond met die dood en 'n ooreenkoms met die hel, wat die waarhede versaak wat die hemel gegee het as 'n beskutting vir die regverdiges in die dag van benoudheid, en wat die skuilplek van die leuens aanneem wat Satan in die plek daarvan aanbied—naamlik die verleidelike aansprake van Spiritisme.

Onbeskryflik en onverstaanbaar is die blindheid van die mense van hierdie geslag. Duisende verwerp die woord van God as iets wat hulle geloof onwaardig is, en met gretige vertroue aanvaar hulle die bedrog van Satan. Twyfelaars en spotters laak die bekrompenheid van diegene wat stry vir die geloof van die profete en die apostels, en

hulle vermaak hulleself deur die plegtige verklarings van die Skrifte aangaande Christus en die verlossingsplan en die vergelding van die verwerpers van die waarheid, te bespot. Hulle maak asof hulle baie jammer is vir mense wat so bekrompe, swak, en bygelowig is as om die aansprake van God te erken en die voorskrifte van Sy wet te gehoorsaam. Hulle is so seker van hulleself dat dit waarlik lyk asof hulle 'n verbond met die dood en 'n ooreenkoms met die hel aangegaan het — nes of hulle 'n onoorkomelike en ondeurdringbare muur gestel het tussen hulle en die wraak van God. Niks kan hulle bang maak nie. So volkome het hulle hulle oor- gegee aan die [635]
versoeker, so nou is hulle met hom verbind, en so deeglik is hulle besiel met sy gees, dat hulle geen krag of geen lus het om los te breek uit sy strikke nie.

Lank reeds is Satan besig met die voorbereiding vir sy laaste poging om die wêreld te bedrieg. Hy het die grondslag van sy werk gelê met die versekering aan Eva in Eden, "Julle sal gewis nie sterwe nie. ... As julle daarvan eet, [sal] julle oë oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken." Gen. 3:4, 5. Trapsgewyse het dit die weg berei vir sy meesterbedrog in die ontwikkeling van Spiritisme. Hy het nog nie ten voile sy doel bereik nie; maar hy sal dit bereik in die laaste bietjie tyd. Die profeet sê: "Ek het . . . drie onreine geeste soos paddas sien kom. . . . Dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die Almagtige God." Openb. 16: 13, 14. Behalwe die wat deur geloof in Sy woord, deur die krag van God bewaar word, sal die hele wêreld bedrieg word. Die mense word vinnig aan die slaap gesus deur 'n valse gerustheid, waaruit hulle alleen gewek sal word deur die uitstorting van die wraak van God.

So sê die Here God: "Ek sal die reg tot 'n riglyn maak, en die geregtigheid tot 'n skietlood; en die hael sal die leuendak wegruk en die water die skuilplek wegspoel. En julle verbond met die dood sal uitgewis word, en julle verdrag met die doderyk nie stand hou nie; as die oorstromende gésel deurtrek, sal julle deur hom vertrap word." Jes. 28: 17, 18. [636]

[637]

## Hoofstuk 35—Gewetensvryheid Bedreig

ROMANISME (Katolisisme) word tans deur Protestante met groter guns bejeën as in vorige jare. In die lande waar Katolisme nie oorheersend is en waar pousgesindes die weg van versoening inslaan om invloed te verkry, is daar ‘n toenemende onverskilligheid teenoor die leerstellings wat die hervormde kerke skei van die pouslike hiërargie; die mening word algemener dat ons, na alles gesê is, tog nie so baie verskil, op belangrike punte as wat eers gemeen is nie, en dat ‘n bietjie toegewing aan ons kant ons tot ‘n beter verstandhouding sal bring met Rome. Daar was ‘n tyd toe Protestantisme die gewetensvryheid wat hulle so duur gekoop het, baie hoog waardeer het. Hulle het hulle kinders geleer om die Roomse godsdiens te verafsku en hulle was die mening toegedaan dat toenadering tot Rome ontrouheid aan God sou wees. Maar hoe verskillend is die menings nie wat vandag uitgedruk word!

Die verdedigers van die pousdom verklaar dat die kerk belaster is; en die Protestantse wêreld is geneig om die verklaring aan te neem. Baie meen dat dit nie reg is om die kerk van vandag te oordeel
[638] na die gruweldade en afskuwelikhede wat sy regering gekenmerk het gedurende die eeue van onkunde en duisternis nie. Hulle wil die wreedheid van die Roomse Kerk verskoon as iets wat veroorsaak is deur die barbaarsheid van daardie tye, en hulle voer aan dat die invloed van die moderne beskawing die kerk verander het.

Het hierdie mense dan die aanspraak op onfeilbaarheid vergeet wat vir agthonderd jaar deur hierdie trotse mag gemaak is? Verre daarvandaan om dit op te gee, word hierdie aanspraak in die twintigste eeu met groter beslistheid beklemtoon as ooit tevore. Waar Rome beweer dat die kerk “nooit gedwaal het, en volgens die Skrifte nooit kan dwaal nie” *(Mosheim, “Eccl. Hist.” bk. Ill, eeu 11, Deel II, hoojstuk 2 para 9, opmerking 1)*, hoe kan hy dan die beginsels versaak wat hom in vergange eeue beheers het?

Die pouslike kerk sal nooit sy aanspraak op onfeilbaarheid laat vaar nie. Alles wat hy gedoen het in sy vervolging van diegene wat

sy leerstellings verwerp het, verdedig hy as reg; en sal hy nie weer net so handel as die geleentheid daar is nie? Laat die beperkings wat tans opgelê is deur die burgerlike regering verwyder word, en laat Rome tot sy vorige mag herstel word, en ons sal baie gou weer 'n herlewing sien van sy tirannie en vervolging.

'n Bekende skrywer sê die volgende van die standpunt van die pouslike hiërargie wat betref vryheid van gewete, en van die gevare wat veral die Verenigde State bedreig as Rome se beleid slaag:

"Daar is baie wat geneig is om enige vrees vir Rooms-Katolisme in die Verenigde State toe te skryf aan bekrompenheid en kinderagtigheid. Sulke mense sien niks in die houding en karakter van Katolisme wat vyandig is teenoor vrye instellings, en hulle sien geen gevaar in die vinnige uitbreiding daarvan nie. Laat ons in die eerste plek sommige van die grondbeginsels van ons regering stel teenoor die van die Katolieke Kerk.

"Die konstitusie van die Verenigde State waarborg vryheid van gewete. Niks is belangriker en dierbaarder nie. Pous Pius IX het in 'n Ensikliek van 15 Augustus 1854 gesê: ,Die belaglike en verkeerde leerstellings en lawaai in verdediging van gewetensvryheid is 'n verpestelike dwaling—'n pes wat van alle peste die meeste gevrees [639]
moet word in 'n staat.' Hierdie selfde Pous het in sy Ensikliek van 8 Desember 1864 ,die banvloek uitgespreek oor diegene wat vryheid van gewete en van godsdiens voorstaan,' asook oor ,almal wat beweer dat die kerk nie geweld kan gebruik nie.'

"Die vreedsame stem van Rome in die Verenigde State veronderstel nie 'n verandering van hart nie. Hy is verdraagsaam waar hy hulpeloos is. Biskop O'Connor sê: ,Godsdiensvryheid word slegs gedoog totdat die teenoorgestelde in werking gebring kan word sonder om die Katolieke wêreld in gevaar te stel.' . . . Die aartsbiskop van St. Louis het eenkeer gesê ,Kettery en ongeloof is misdade; en in Christenlande, soos byvoorbeeld Italië en Spanje waar al die mense Katolieke is, en waar die Katolieke geloof 'n belangrike deel uitmaak van die wet van die land, word hierdie dinge gestraf as misdade.' . . .

"Elke kardinaal, aartsbiskop, en biskop van die Katolieke Kerk lê 'n eed van getrouheid af aan die Pous waarin die volgende woorde voorkom: ,Ek sal my uiterste doen om ketters, skeurders, en rebelle teen ons Here [die Pous] of sy voorgangers, te vervolg en te

weerstaan.'"—*Strong, Dr. Josiah, "Our Country," hoojstuk 5, para. 1-3.*

Dit is waar, daar is opregte Christene in die Rooms-Katolieke Kerk. Duisende in daardie kerk dien God volgens die lig wat hulle het. Hulle het nie toegang tot Gods woord nie, en daarom sien hulle nie die waarheid nie. Hulle het nog nooit die teenstelling gesien tussen 'n opregte diens van die hart en die blote vorms en seremonies nie. God bejeën hierdie siele met die grootste teerheid, wat opgelei is in 'n geloof wat misleidend en onbevredigend is. Hy sal ligstrale laat deurdring tot die groot duisternis wat hulle omring. Hy sal die waarheid soos dit in Jesus is, openbaar. En baie sal uitstaan en by Sy volk aansluit.

Maar die Roomse godsdiens is vandag net so min in ooreenstemming met die evangelie van Christus as in enige vorige tydperk van sy geskiedenis. Die Protestantse kerke verkeer in groot duisternis, of hulle sou die tekens van die tye bespeur. Die planne en metodes van die Roomse Kerk is verreikend. Rome maak gebruik van elke werktuig om sy invloed en mag uit te brei ter voorbereiding vir 'n
[640] heftige en meedoënlose stryd om wêreldheerskappy te herwin, om weer vervolging in te stel, en om alles te vernietig wat Protestantisme gedoen het. Katolisisme win aan alle kante veld. Om dit te bewys hoef ons maar net te kyk na die steeds toenemende getal kerke en kapelle in Protestantse lande. Kyk maar hoe gewild sy kolleges en seminaries in Amerika is, wat so algemeen ondersteun word deur Protestante. Kyk na die uitbreiding van ritualisme in Engeland, en die toevloei tot die geledere van die Katolieke. Hierdie dinge behoort almal wat die reine beginsels van hierdie evangelie op prys stel, te verontrus.

Protestante het Katolieke ondersteun; hulle het kompromisse aangegaan en toegewings gemaak wat selfs pousgesindes verbaas het, en wat hulle nie kon verstaan nie. Mense sluit hulle oë vir die ware karakter van Katolisisme, en die gevare wat daar te vrees is van sy opperheerskappy. Dit is tyd dat die volk wakkergeskud word om die toenaderings van hierdie uiters gevaarlike vyand van burgerlike en godsdiensvryheid te weerstaan.

Baie Protestante is onder die indruk dat die Katolieke godsdiens onaantreklik is, en dat dit uit 'n lewenlose en betekenlose reeks seremonies bestaan. Hier begaan hulle 'n fout. Terwyl die Roomse

godsdiens op bedrog gebaseer is, is dit nie ‘n growwe en lompe bedrog nie. Die seremonies in verband met die Roomse Kerk is baie indrukwekkend. Die grootse vertoon en plegtige rites betower die sintuie, en maak die stem van rede en die gewete stil. Die oog word gestreel. Pragtige kerkgeboue, indrukwekkende optogte, goue altare, versierde tempels, seldsame skilderye, en pragtige beeldhouwerk, werk op mens skoonheidsgevoel. Ook die oor word gestreel; die musiek is verloklik. Die betowerende klanke van die orrel wat saamsmelt met die melodie van baie stemme waar dit die hoë koepels en suilgalerye van die grootse katedrale vul, kan nie anders as die hart aangryp en dit met ‘n gevoel van ontsag en eerbied vervul nie.

Hierdie uiterlike prag en praal en seremonies, wat slegs die spot dryf met die verlangens van vermoeide siele, is ‘n bewys van inwendige verderf. Die godsdiens van Christus het nie behoefte aan sulke aantreklikhede om dit aan te beveel nie. In die lig wat van die kruis skyn, is die ware godsdiens so rein en aantreklik dat daar nie uiterlike versierings nodig is om sy waar- de groter te maak nie. Dit [641]
is die sieraad van heiligheid, ‘n sagmoedige en stille gees, wat in Gods oog van waarde is.

‘n Skitterende styl is nie noodwendig ‘n teken van hoë, reine gedagtes nie. ‘n Hoë begrip van kuns, ‘n fyn smaak, word dikwels aangetref by mense wat aards en sinlik is. Hierdie dinge word dikwels deur Satan gebruik om die mens die behoeftes van die siel te laat vergeet, om nie te dink aan die toekoms en die ewige lewe nie, en om hom weg te voer van sy ewige Helper, sodat hy vir hierdie wêreld alleen lewe.

‘n Godsdiens wat uit uiterlike dinge bestaan, is aantreklik vir die onwedergebore hart. Die prag en die seremonies van die Katolieke erediens het ‘n verleidelike, betowerende krag, waardeur baie bedrieg word; hulle beskou die Katolieke Kerk as die poort van die hemel. Alleen diegene wat pal staan op die fondament van waarheid, en wie se harte hernuwe is deur die Gees van God, is bestand teen sy invloed. Duisende wat nie ‘n proefondervindelike kennis van Christus het nie sal daartoe gebring word om die vorms van godsaligheid aan te neem sonder die krag. So ‘n godsdiens is net wat die massas begeer.

Die aanspraak van die kerk om sonde te vergewe, skep ‘n gevoel by die Katoliek dat hy maar kan sondig; en die biegstoel waarsonder sy vergifnis nie verkry kan word nie, het ook ‘n neiging tot onbe-

perkte sonde. Die persoon wat voor ‘n gevalle mens neerkniel en die geheime van sy hart ontbloot in belydenis, verlaag sy manlikheid, asook elke edele instink van sy wese. Waar hy sy sondes aan ‘n priester bely — aan ‘n dwalende, sondige sterfling, en een wat maar te dikwels besoedel is met wyn en losbandigheid — verlaag hy sy eie karakter, en as gevolg daarvan word hy self besoedel. Sy begrip van God word verlaag tot die ewebeeld van ‘n gevalle mens; want die priesters staan as verteenwoordigers van God. Hierdie verlagende belydenis van ‘n mens aan ‘n mens is die geheime bron waaruit so baie van die boosheid vloei wat die wêreld besoedel en dit berei vir uiteindelike verwoesting. Maar vir hom wat selfbevrediging liefhet, is dit aanneemliker om aan ‘n medesterfling te bely as om sy hart voor God te ontbloot. Dit is aanneemliker vir die menslike natuur om belydenis te doen as om sonde te versaak; dit is makliker om die
[642] vlees te dood deur sakke en brandnekels en pynlike kettings, as om die vleeslike luste te kruisig. Swaar is die juk wat die vleeslike hart gewillig is om te dra liewer as om die juk van Christus op te neem.

Daar is ‘n treffende ooreenkoms tussen die Roomse Kerk, en die Joodse Kerk tydens Christus se eerste koms. Terwyl die Jode in die geheim elke beginsel van die wet van God vertrap het, was hulle uiterlik baie nougeset in die nakoming van die gebooie wat hulle belas het met vereistes en tradisies wat gehoorsaamheid pynlik en swaar gemaak het. Net soos die Jode voorgegee het om die wet te eerbiedig, so ook maak die Katolieke daarop aanspraak dat hulle die kruis eerbiedig. Hulle verhef die simbool van Christus se lyding, terwyl hulle in hulle lewens Hom loën wat deur die kruis voorgestel word. Die Katolieke het kruise aan hulle kerke, aan hulle altare, en aan hulle klere. Orals kan daar kruise gesien word. Orals word dit uiterlik vereer en verhef. Maar die leer van Christus is bedolwe onder ‘n massa van betekenlose tradisies, valse verklarings, en harde vereistes. Die Heiland se woorde aangaande die dweepsugtige Jode, is met groter krag van toepassing op die leiers van die Rooms-Katolieke Kerk: “Hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra, en sit dit op die skouers van die mense, maar self wil hulle dit met hulle vinger nie verroer nie.” Matt. 23: 4. Bekommerde siele word in gedurige vrees gehou van die wraak van ‘n beledigde God, terwyl vele van die waardigheidsbekleërs van die kerk in weelde en singenot lewe.

Die aanbidding van beelde en relikwieë, die aanroeping van heiliges, en die verheffing van die Pous, is almal planne van Satan om die aandag van die mense af te trek van God en van Sy Seun. Om hulle ondergang te bewerk, trag hy om hulle aandag af te trek van Hom deur wie hulle alleen die verlossing kan verkry. Hy sal hulle op enige voorwerp wys wat hulle in die plek kan stel van die Een wat gesê het, "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." Matt. 11: 28.

Satan is gedurig daarop uit om Gods karakter verkeerd voor te stel, asook die aard van die sonde en die dinge wat op die spel is in die groot stryd. Sy drogredes verminder die vereistes van die goddelike wet, en gee toestemming aan die mens om te sondig. Terselfdertyd [643]
lei hy hulle daartoe om valse begrippe van God te koester, sodat hulle Hom beskou met vrees en haat, liewer as met liefde. Die wreedheid van sy eie natuur skryf hy aan die Skepper toe; dit word in die godsdienstige stelsels opgeneem en dit vind uitdrukking in die metodes van aanbidding. Op hierdie manier word die verstand van mense verblind, en verkry Satan hulle as werktuie in sy oorlog teen God. Deur verdraaide begrippe van die goddelike eienskappe, is heidense volke daartoe gebring om menslike offerandes te offer om die guns van die godheid te win; en vreeslike wreedhede is gepleeg onder die verskillende vorms van afgodediens.

Die Rooms-Katolieke Kerk, die vorms van Paganisme met die Christelike godsdiens verbindende, en soos Paganisme die karakter van God vals voorstellende, het hom begeef tot praktyke nie minder wreed en weersinwekkend nie. In die dae van Rome se oppergesag is daar martelinstrumente gebruik om mense te dwing om sy leerstellings aan te neem. Die brandstapel was daar vir diegene wat nie wou toegee aan sy eise nie. Daar was bloedbaddens op 'n skaal wat nooit geken sal word tot eers in die oordeel nie. Waardigheidsbekleërs van die kerk het onder Satan, hulle meester, geleer om werktuie vir die wreedste foltering te gebruik, maar so dat die lewe van die slagoffer nogtans behoue bly. In baie gevalle is die helse proses herhaal tot die uiterste van menslike uithouvermoë, en totdat die natuur die stryd opgee, en die Iyer die dood verwelkom het as 'n heerlike bevryding.

Dit was die lot van Rome se teenstanders. Vir sy eie gelowiges het hy die dissipline van die gesél, honger, en die foltering van alle bedinklike soorte liggaamlike straf gehad. Om die guns van die he-

mel te win, het boetvaardiges die wet van God oortree deur die wette van die natuur te oortree. Hulle is geleer om die bande te verbreek wat Hy geskep het om die mens se verblyf op die aarde te seen en te veraangenaam. Die kerkhowe bevat miljoene slagoffers wat hulle lewens bestee het aan vergeefse pogings om hulle natuurlike liefde en elke gedagte en gevoel van medelyde met hulle medemens te onderdruk, omdat dit, soos hulle gemeen het, aanstootlik is vir God.

As ons die vasberade wreedheid van Satan wil verstaan wat hy
[644] vir honderde jare reeds geopenbaar het, nie onder diegene wat nog nooit van God gehoor het nie, maar in die hart van die Christendom, hoef ons net te kyk na die geskiedenis van die Katolieke Kerk. Deur hierdie reusestelsel van bedrog bereik die vors van die bose sy doel om oneer aan God en ellende aan die mens te bring. En waar ons sien hoedat hy daarin slaag om homself te vermom en sy doel te bereik deur die leiers van die kerk, sal ons beter verstaan waarom hy so teen die Bybel gekant is. As daardie Boek gelees sou word, sou die genade en liefde van God geopenbaar word; en daar sou ontdek word dat Hy geeneen van die swaar laste op die mense lê nie. Al wat Hy vra, is ‘n gebroke en boetvaardige hart, ‘n nederige, gehoorsame gees.

Christus het geen voorbeeld in sy lewe aan manne en vroue gegee om hulleself in kloosters op te sluit om hulle geskik vir die hemel te maak nie. Hy het nooit geleer dat liefde en medelyde onderdruk moet word nie. Die Heiland se hart het oorgeloop van liefde. Hoe nader die mens tot sedelike volmaaktheid kom, hoe skerper word sy sintuie; hoe sterker sy waarnemingsvermoëns om die sonde te sien, hoe groter sy medelyde met die lydendes. Die Pous maak daarop aanspraak dat hy die plaasvervanger van Christus is; maar hoe steek sy karakter af by die karakter van ons Heiland? Het Christus ooit mense na die gevangenis of die pynbank gestuur omdat hulle nie aan Hom hulde betoon het as die Koning van die hemel nie? Het Hy ooit diegene tot die dood veroordeel wat Hom nie wou aanneem nie? Toe Hy deur die mense van ‘n Samaritaanse dorpie beledig is, het die apostel Johannes verontwaardigend gevra: “Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elia ook gedoen het?” Lukas 9: 54. Jesus het Sy dissipel met ontferming aangekyk, en sy harde gees veroordeel deur te sê, “Die Seun van die mens het nie gekom om die mense se siele te verderf

nie, maar te red.” Lukas 9: 56. Hoe anders is die gees wat deur Christus geopenbaar is as die van Sy sogenaamde plaasvervangers.

Die Roomse Kerk toon nou sy mooi kant aan die wêreld, en sy verskriklike wreedhede van die verlede word met verskonings bedek. Hy het Christelike klere aangetrek; maar hy is nog dieselfde. Elke beginsel van die pousdom wat in die ver- lede bestaan het, bestaan [645]
vandag nog. Die leerstellings wat in die Middeeue uitgedink is, word nog gehandhaaf. Laat niemand homself bedrieg nie. Die pousdom wat die Protestante so gereed is om te vereer, is nog dieselfde as die wat die wêreld regeer het in die tyd van die Hervorming toe manne van God opgestaan en in lewensgevaar sy sondes aan die kaak gestel het. Hy besit vandag nog dieselfde hoogmoed en aanmatiging waardeur hy baasgespeel het oor konings en vorste, en die prerogatiewe van God vir hom toegeëien het. Sy gees is nie minder wreed en despoties vandag as wat dit was toe hy menslike vryheid vernietig en die heiliges van die Allerhoogste gedood het nie.

Die pousdom is presies wat die profesie verklaar het dat dit sou wees, naamlik die afvallige mag van die laaste dae. (2 Thess. 2: 3, 4.) Dit maak deel uit van sy beleid om die karakter aan te neem waardeur hy sy doel die beste kan bereik; maar onder die gedurige verandering soos ‘n verkleurmannetjie bedek hy die gif van die slang. “Daar moet geen gemeenskap gehou word met ketters of persone wat van kettery verdink word nie,” verklaar hy.*(Lenfant, “History of the Council of Constance,” Deel 1, bl. 516, ed. 1728.)*Sal hierdie mag, wie se geskiedenis vir ‘n duisend jaar in die bloed van die heiliges geskryf is, nou erken word as deeluitmakende van die Christelike kerk?

Dit is nie sonder rede dat daar vandag in Protestantse lande bewcer word dat Katolisisme nou minder verskil van Protestantisme as in vorige tye. Daar het ‘n verandering plaasgevind; maar nie ‘n verandering in die pousdom nie. Katolisisme lyk vandag gewis baie op die hedendaagse Protestantisme; maar dit is omdat Protestantisme so ontaard het sedert die dae van die Hervormers.

Namate die Protestante die guns van die wêreld gesoek het, het ‘n valse goedwilligheid hulle oë verblind. Hulle sien nie in dat dit nie reg is om goed van kwaad te dink nie; en die onvermydelike gevolg sal wees dat hulle uiteindelik kwaad sal dink van alles wat goed is. In stede om die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is,

te verdedig, maak hulle vandag as 't ware verskoning aan Rome vir
[646] die onchristelike opinies wat hulle teen hom gekoester het, en hulle vra vergifnis vir hulle bekrompenheid.

'n Aansienlike klas, selfs van diegene wat nie gunstig gesind is teenoor Rome nie, het min besef van die gevaar van sy mag en invloed. Vele voer aan dat die verstandelike en sedelike duisternis wat gedurende die Middeleeue geheers het, die verspreiding aangehelp het van sy dogmas, bygeloof, en verdrukking, en dat die vermeerderde intelligensie van moderne tye, die al-gemene verspreiding van kennis, en die toenemende liberaliteit wat die godsdiens betref, 'n herlewing van die onverdraagsaamheid en tirannie van Rome sal belet. Selfs die gedagte daaraan dat so 'n toestand van sake in hierdie verligte eeu kan ontstaan, word as belaglik beskou. Dit is waar dat baie lig op intellektuele, morele, en godsdienstige gebied vandag op hierdie geslag skyn. Deur Gods heilige woord het daar lig uit die hemel op die wêreld geskyn. Maar daar moet onthou word dat hoe groter die lig, hoe groter die duisternis van diegene wat dit misbruik of verwerp.

'n Biddende ondersoek van die Bybel sal die ware karakter van die pousdom aan Protestante toon, en dit sal hulle daartoe bring om dit te vermy en te verafsku; maar vele is so wys in hulle eie vermetelheid dat hulle geen behoefte voel om God nederig te vra om hulle in die waarheid te lei nie. Ofskoon hulle trots is op hulle verligting, is hulle onkundig beide wat die Skrifte en die krag van God betref. Hulle moet die een of ander middel hê om hulle gewetens te sus; en hulle soek die middel wat die minste vernederend en geestelik is. Wat hulle begeer is 'n metode waardeur hulle God kan vergeet terwyl hulle dit voordoen as 'n metode waardeur hulle Hom onthou. Die pousdom is wel daarop bereken om in die behoeftes van sulkes te voorsien. Dit is berei vir twee klasse van mense wat byna die ganse wêreld insluit — naamlik diegene wat deur hulle eie verdienste gered wil word, en diegene wat in hulle sondes gered wil word. Hierin lê die mag van die pousdom.

Daar is bewys dat tye van groot verstandelike duisternis gunstig is vir die sukses van die pousdom. Maar daar sal nog bewys word dat 'n tyd van groot verstandelike verligting net so gunstig is vir sy
[647] sukses. In die verlede, toe mense sonder Gods woord en sonder 'n kennis van die waarheid was, was hulle oë verblind en duisende is

verstrik omdat hulle nie die net gesien het wat vir hulle gespan was nie. In hierdie geslag is daar vele wie se oë verblind is deur die skerpe glans van menslike spekulasies—“valslik sogenaamde kennis”; hulle sien nie die strik nie, en stap daarin asof hulle geblinddoek is. Dit was Gods plan dat die mens se intellektuele kragte beskou moes word as ’n gawe van sy Skepper, en dat dit gebruik moes word in die diens van waarheid en geregtigheid; maar wanneer hoogmoed en ambisie gekoester word, en die mens sy teorieë verhef bokant die woord van God, dan kan intelligensic meer kwaad doen as onkunde. So sal die valse wetenskap van vandag, wat geloof in die Bybel ondermyn, net so suksesvol wees om die weg te berei vir die pousdom, met al sy strelende vorms, as wat die onthouding van kennis was in die opening van die weg vir sy verheerliking in die Middeleeue.

Deur die beweging wat tans in die Verenigde State aan die gang is om staatsondersteuning te verkry vir die instellings en gebruike van die kerk, is Protestante besig om in die voetstappe van Katolieke te wandel. Nee, nog meer, hulle is besig om die deur oop te maak vir die pousdom om die oppergesag in Protestantse Amerika te verkry wat hy in die Ou Wêreld verloor het. En wat groter betekenis gee aan hierdie beweging is die feit dat die hoofdoel daarvan verpligtende Sondagviering is — ’n gebruik wat sy oorsprong in die Rooms-Katolieke Kerk het, en wat daardie kerk aanvoer as die teken van sy gesag. Dit is die gees van die pousdom — naamlik die gees van gelykvormigheid aan wêreldse gebruike, die verering van menslike tradisies bokant die van God — waarvan die Protestantse kerke deurtrokke is en wat hulle lei om Sondag op dieselfde manier te verhef soos die pousdom voor hulle gedoen het.

As die leser die werktuie wil verstaan wat in die aanstaande stryd gebruik sal word, hoef hy maar net die middels na te gaan wat in die verlede deur Rome gebruik is om dieselfde doel te bereik. As hy wil weet hoedat verenigde Katolieke en Protestante sal handel met diegene wat hulle leer verwerp, laat hom dan maar let op die gees wat Rome geopenbaar het teenoor die Sabbat en sy verdedigers. [648]

Koninklike edikte, algemene konsilies, kerklike instellings toegepas deur die burgerlike mag — dit was die stappe waardeur die heidense feesdag sy posisie van eer verkry het in die Christelike wêreld. Die eerste openbare maatreël waardeur Sondagviering verpligtend gemaak is, was die wet wat Constantyn uitgevaardig het.

(321 n.C., sien Aanhangsel.) Hierdie edik het bepaal dat die dorpsbewoners op die "eerbiedwaardige dag van die son," moes rus; maar dit het die plattelandse bewoners nie belet om hulle plaaswerk voort te sit nie. Hoewel dit feitlik 'n heidense wet was, was dit nogtans deur die keiser toegepas na sy sogenaamde aanname van die Christelike geloof.

Omdat hierdie keiserlike mandaat nie 'n genoegsame plaasvervanger van die goddelike gesag was nie, het Eusebius, 'n biskop wat die guns van die vorste gesoek het, en wat 'n spesiale vriend en bewonderaar van Constantyn was, beweer dat Christus die Sabbat oorgeplaas het op Sondag. Nie 'n enkele teks kan aangevoer word om hierdie nuwe leerstelling te staaf nie. Onwetend het Eusebius self die valsheid van die verandering erken, en hy wys ons op die ware bewerkers van die verandering. "Alle dinge," het hy geskryf, "wat dit ons plig was om op die Sabbat te doen, dit het ons oorgeplaas op die dag van die Here."—*Cox, R., "Sabbath Laws and Sabbath*
[649] *Duties," bl. 538 (ed. 1853).* Maar die Sondagsargument, ongegrond soos dit was, het die mense aanleiding gegee om die Sabbat van die Here te vertrap. Almal wat na die eer van die wêreld gesoek het, het hierdie gewilde feesdag aangeneem.

Namate die pousdom bevestig is, het die verheffmg van Sondag voortgegaan. Vir 'n tyd het die mense aangegaan met hulle landbouwerk wanneer hulle nie die kerkdienste bygewoon het nie, en die sewende dag was nog beskou as die Sabbat. Maar langsamerhand het die verandering gekom. Diegene wat 'n heilige amp beklee het, is verbied om enige burgerlike geskil op Sondag te verhoor. Kort daarna is alle mense, van watter rang ookal, beveel om hulle van gewone werk te onthou op straf van 'n boete vir vrymense, en slae in die geval van slawe. Later is daar bepaal dat ryk mense gestraf moes word met die verlies van die helfte van hulle goed; en eindelik, as hulle volhard in hulle ongehoorsaamheid, sou hulle slawe word. Die laer klasse sou vir altyd verban word.

Ook is daar gebruik gemaak van wonderwerke om te help. Onder ander is daar vertel hoedat 'n landbouer sy grond op Sondag wou ploeg, en sy ploeg met 'n stuk yster wou skoonmaak. Die stuk yster het aan sy hand vasgesit, en hy moes dit so in sy hand dra vir twee jaar, "in verskriklike pyn en tot groot skande."*West, Francis, "Historical and Practical Discourse on the Lord's Day," bl. 174.*

Later het die Pous beveel dat die wykspriester diegene wat Sondag verontheilig het, moes bestraf en dat hy hulle moes gebied om kerk-toe te gaan en hulle gebede op te sê om 'n groot ramp op hulleself of hulle bure te verhoed. 'n Kerklike konsilie het die argument aangevoer, 'n argument wat later ook deur Protestante gebruik is, dat persone deur weerlig getref is terwyl hulle op Sondag gewerk het, en dat Sondag dus die Sabbat moes wees. "Dit is duidelik," het die prelate gesê, "hoe verskriklik dit God mishaag as hulle hierdie dag veronagsaam." Daar is toe 'n beroep gedoen op priesters en predikante, konings en vorste, en op alle gelowiges, "om alle pogings te maak en sorg te dra dat die dag herstel sal word tot sy posisie van eer, en dat dit, vir die welsyn van die Christendom, van tyd tot tyd nougesetter gevier moes word."—*Morer, Tho., "Discourse in Six Dialogues on the Name, Notion, and Observation of the Lord's* [650] *Day," bl. 271 (ed. 1701).*

Omdat die dekrete van konsilies nie genoeg was nie, is die burgerlike outoriteite gevra om 'n edik uit te vaardig wat vrees by die mense sou aanjaag en wat hulle sou dwing om hulle van werk te onthou op Sondag. Op 'n sinode wat in Rome gehou is, is alle vorige besluite met groter krag en plegtigheid herbeklemtoon. En hulle is opgeneem in die kerklike wet, en deur die burgerlike owerhede verpligtend gemaak deur byna die hele Christendom.*(Sien Heylyn, "History oj the Sabbath," Deel 11, hoofstuk 5, ajdeling 7.)*

Maar steeds het die gemis aan skriftuurlike gesag vir Sondagviering groot verleentheid veroorsaak. Die mense wou weet waar hulle leraars die reg gekry het om die positiewe verklaring van Jehova, "Die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God," tersyde te stel ten einde die dag van die son te vereer. Weens die gebrek aan Bybelse bewys moes hulle hulle toevlug neem tot ander dinge. 'n Ywerige voorstander van Sondag, wat teen die einde van die twaalfde eeu die kerke van Engeland besoek het, is deur getroue getuies vir die waarheid weerstaan, en so vrugteloos was sy pogings dat hy die land vir 'n tyd verlaat het om middels te soek om sy leerstellings te bekragtig. Toe hy weer terug was, het hy die middels gehad en hy het met groter sukses gewerk. Hy het met hom 'n rol saamgebring waarvan beweer is dat dit van God Self afkomstig was, en dat dit die nodige bevel vir Sondagviering bevat het, asook vreeslike dreigemente om die ongehoorsames bang te maak. Hierdie kostelike

dokument — net so vals as die instelling wat dit wou bewys —sou kastig uit die hemel geval het, en dit is beweer dat dit in Jerusalem, op die altaar van St. Simeon op Golgota gevind is. Maar die feit is, dat die pouslike paleis in Rome die plek is waar dit vandaan gekom het. Bedrog en vervalsings om die mag en voorspoed van die kerk te bevorder, is middels wat in alle eeue deur die pouslike hiërargie gebruik is as wettig.

Volgens hierdie rol is werk verbied van die negende uur, naamlik van drie-uur op Saterdagmiddag tot sonop Maandag; en daar is beweer dat die gesag van hierdie dokument deur baie wonderwerke [651] bevestig is. Daar is beweer dat mense wat op die verbode tyd gewerk het, met beroerte geslaan is. ‘n Meulenaar wat sy koring gemaal het, sou pleks van meel ‘n stortvloed van bloed sien uitkom, en die wiel van die meule wou nie beweeg ten spyte van die sterk stroom water nie. ‘n Vrou wat haar deeg in die oond sou geplaas het, moes dit weer rou uithaal hoewel die oond baie warm was. ‘n Ander een, wat die deeg gereed gehad het net toe die negende uur aanbreek, maar wat besluit het om dit te laat oorstaan tot Maandag, sou die volgende dag ontdek het dat die deeg in brode opgemaak en klaargebak was deur goddelike krag. ‘n Man wat brood gebak het na die negende uur op Saterdag, het die volgende more ontdek dat daar bloed uit die brood gestroom het. Deur sulke belaglike en bygelowige fabrikasies het die voorstanders daarvan probeer om die heiligheid van die dag te bewys.*(Sien Roger de Hoveden, “Annais,” Deel II, bls. 528-530; ed. Bohn.)*

In Skotland, sowel as in Engeland, is daar groter agting vir Sondag verkry deur ‘n deel van die outydse Sabbat daaraan te verbind. Maar die tyd wat geheilig moes word, het gedurig verskil. In ‘n edik uitgevaardig deur die koning van Skotland is daar bepaal dat “Saterdag van twaalfuur af heilig beskou moes word,” en dat niemand van daardie tyd af tot Maandagmore enige wêreldlike sake moes doen nie.*(Morer, “Dialogues on the Lord’s Day,” bls. 290, 291.)*

Maar nieteenstaande al die pogings om die heiligheid van Sondag te bevestig nie, het pousgesindes self die goddelike gesag vir die Sabbat bely en die menslike oorsprong van die instelling wat dit vervang het, erken. In die sestiende eeu het ‘n pouslike konsilie duidelik verklaar: “Laat alle Christene onthou dat die sewende dag deur God geheilig is, en dat dit ontvang en gevier is, nie alleen deur

die Jode nie, maar deur alle ander mense wat voorgegee het om God te dien; alhoewel ons as Christene hulle Sabbat verander het in die dag van die Here.”-—Id., bls. 281, 282. Diegene wat hulle hande geslaan het aan die goddelike wet het die karakter van hulle werk besef. Hulle het hulleself openlik bokant God gestel.

In die langdurige en bloedige vervolging van die Waldense, het ons ‘n treffende voorbeeld van Rome se beleid teenoor diegene wat van hom verskil. Sommige van die Waldense het die Sabbat gevier. [652] Ook ander is op dergelike wyse vervolg weens hulle getrouheid aan die vierde gebod. Die geskiedenis van die kerke in Etiopië en Abessinië lewer treffende voorbeelde hiervan. In die duisternis van die Middeleeue is die Christene van Sentraal-Afrika vergeet deur die wêreld, en vir baie eeue het hulle vryheid van hulle geloof geniet. Maar uiteindelik het Rome van hulle verneem, en die keiser van Abessinië is gou oorgehaal om die Pous te erken as die plaasvervanger van Christus. Daar is ook ander toegewings gemaak. Daar is ‘n edik uitgevaardig wat die viering van die Sabbat op die kwaaiste straf verbied het.*(Sien “Church History of Ethiopia,” bls. 311, 312.)*Maar die pouslike tirannie het eerlank so ondraaglik geword dat die Abessiniërs besluit het om die juk af te werp. Na ‘n heftige stryd, is die Katolieke uit die land verban, en die outydse geloof is weer herstel. Die kerke het hulle verbly in hulle vryheid, en hulle het nooit die les vergeet wat hulle geleer het van die bedrog en fanatisme, en die despotiese mag van Rome nie. Hulle was tevrede om in hulle eensame land te woon, onbekend aan die res van die Christendom.

Die kerke van Afrika het die Sabbat gevier soos dit deur die pouslike kerk gevier is voor sy totale afvalligheid. Terwyl hulle die sewende dag gehou het in gehoorsaamheid aan die gebod van God, het hulle hulle van werk onthou op Sondag ooreenkomstig die gebruik van die kerk. Met die verkryging van oppergesag, het Rome die Sabbat van God vertrap om sy eie Sabbat te verhef; maar die kerke van Afrika, vir byna ‘n duisend jaar in onbekendheid, het nie in hierdie afvalligheid gedeel nie. Toe hulle onder die mag van Rome gebring is, is hulle gedwing om die ware Sabbat te versaak en die valse te verhef; maar sodra hulle hulle onafhanklikheid herwin het, het hulle weer die vierde gebod gehoorsaam. (Sien Aanhangsel.)

Hierdie oorkondes van die verlede openbaar duidelik die vyandigheid van Rome teenoor die ware Sabbat en sy verdedigers,

asook die middels wat hy gebruik het om sy instelling te vereer. Die woord van God leer ons dat hierdie tonele herhaal sal word wanneer Rooms-Katolieke en Protestante verenig in die verheffing van Sondag.

[653] Die profesie van Openbaring 13 verklaar dat die mag wat voorgestel is deur die dier met die lams-horings sal "maak dat die aarde en die wat daarop woon" die pousdom aanbid — naamlik die mag wat voorgestel is deur die dier wat lyk "soos 'n luiperd." Ook sal die dier met die twee horings sê "vir die bewoners van die aarde dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier;" en wat meer is, sal "hy maak dat aan almal die kleintjies en die grotes, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk . . . gegee is," naamlik die merk van die dier. (Openb. 13: 11-16.) Daar is aangetoon dat die Verenigde State die mag is wat voorgestel is deur die dier met die lamshorings en dat hierdie profesie vervul sal word wanneer die Verenigde State Sondagviering verpligtend maak, naamlik die dag wat volgens Rome die merkteken van sy gesig is. Maar in hierdie huldebetoning aan die pousdom sal die Verenigde State nie alleen staan nie. Die invloed van Rome in die lande wat voorheen sy heerskappy erken het is nog glad nie dood nie. Die profesie voorspel 'n herstelling van daardie mag. "Ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan." Openb. 13: 3. Hierdie dodelike wond is toegedien tydens die val van die pousdom in 1798. Verder sê die profeet, "Sy dodelike wond is genees en die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan." Paulus het duidelik verklaar dat "die mens van die sonde" sou bestaan tot die tweede koms van Christus. (2 Thess. 2: 3-8.) Tot die einde toe sal hy sy werk van bedrog voortsit. En, verwysende na die pousdom, verklaar Johannes ook, "Al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, wie se name van die grondlegging van die wêreld af nie in die boek van die lewe . . . geskrywe is nie." Openb. 13: 8. In beide die Ou en die Nuwe Wêreld sal daar hulde betoon word aan die pousdom deur die verering van Sondag. naamlik die instelling wat uitsluitlik berus op die gesag van die Roomse Kerk.

Vir meer as 'n halfeeu reeds is ondersoekers van die profesieë in die Verenigde State besig om hierdie getuienis aan die wêreld te verkondig. In die gebeurtenisse wat tans plaasvind bereik ons vinnig

die tyd vir die vervulling van hierdie voorspel- ling. Protestantse [654] leraars kan net so min goddelike gesag en skriftuurlike bewys vir Sondagviering aanvoer as die pouslike leiers wat met verdigte wonderwerke voor die dag moes kom om die plek van 'n goddelike bevel in te neem. Die bewering dat die oordele van God mense sal tref vir die ontheiliging van die Sondag-sabbat, sal herhaal word; dit word reeds gedoen. En die beweging om Sondagviering verpligtend te maak, win vinnig veld.

Die Roomse Kerk is baie slim en listig. Hy kan vooruit sien wat sal gebeur. Hy wag sy tyd af, en hy sien dat die Protestantse kerke hulde aan hom betoon deur hulle aanname van die valse Sabbat en dat hulle reëlings tref om dit verpligtend te maak deur dieselfde middels as wat hy in die verlede gebruik het. Diegene wat die lig van die waarheid verwerp, sal nog gaan hulp soek by hierdie beweerde onfeilbare mag om 'n instelling te verhef van daardie selfde mag. Hoe gewillig Rome sal wees om Protestante in hierdie werk te help, is nie moeilik om te sien nie. Wie verstaan beter as die pouslike leiers hoe om te handel met diegene wat die kerk ongehoorsaam is?

Die Rooms-Katolieke Kerk, met sy baie vertakkings in die wêreld, is 'n magtige organisasie onder die beheer en in die belang van die pouslike stoel. Sy miljoene lidmate in alle lande van die wêreld word geleer dat hulle trou verskuldig is aan die Pous. Wat ook al hulle nasionaliteit of regering, moet hulle die gesag van die kerk beskou as die hoogste gesag. Hoewel hulle trou mag sweer aan 'n staat, is hulle eed van gehoorsaamheid aan Rome sterker, en dit stel hulle vry van enige belofte wat bots met sy belange.

In die geskiedenis kan ons lees van sy slim, en volhardende pogings om in te meng in die sake van volke; en hoedat hy, nadat hy daarin geslaag het, vir sy eie doeleindes werk selfs tot ondergang van die vorste en die volk. In die jaar 1204 het Pous Innocentius III die volgende buitengewone eed afgedwing aan Petrus II, koning van Arragon: "Ek, Petrus, koning van die Arragoniërs, bely en belowe om steeds getrou en gehoorsaam te wees aan my heer, Pous Innocentius, sy Katolieke opvolgers, en die Roomse Kerk; en om getrou my koninkryk gehoorsaam aan hom te hou, om die Katolieke geloof te verdedig, en om ketterse laaghede te vervolg."— *Dowling, J., "History oj Romanism," boek V, hoofstuk 6, ajdeling 55.* [655] Dit stem ooreen met die aansprake aangaande die Roomse opperpriester, dat dit "vir

hom wettig is om keisers te onttroon, en dat hy onderdane kan onthef van hulle eed van trou aan onregverdige heersers."— *Mosheim, "Ecclesiastical History," boek III, eeu elj, deel II, hoojstuk 2, ajdeling 9, opmerking 8 (vertaling deur Murdock). Sien Aanhangsel.*

En onthou, Rome spog daarmee dat hy nooit verander nie. Die beginsels wat neergelê is deur Gregorius VII en Innocentius III is nog die beginsels van die Rooms-Katolieke Kerk. En as hy maar net die mag gehad het, sou hy daardie beginsels handhaaf met net soveel ywer as in vervloë eeue. Protestante besef nie wat hulle doen nie wanneer hulle aan die hand doen om die hulp van Rome te aanvaar in die verheffing van Sondag. Terwyl hulle in beslag geneem word met die uitvoering van hulle doel, mik Rome na die herstel van sy mag en die herstel van sy verlore opperheerskappy. As die beginsel eers eenmaal bevestig is in die Verenigde State dat die kerk staatshulp mag inroep of beheers, dat godsdienstige instellings deur burgerlike wette verpligtend gemaak kan word; kortliks, om die gesag van kerk en staat te gebruik om die gewete te dwing, dan is die oorwinning van Rome in hierdie land verseker.

Gods woord het ons gewaarsku van die dreigende gevaar; laat dit veronagsaam word, en die Protestantse wêreld sal gou weet wat die doelwit van Rome wel is, maar wanneer dit te laat is om te ontsnap uit die strik. Ongemerk neem hy in mag toe. Sy leerstellings oefen invloed uit in volksrade, die kerke, en in die harte van mense. Hy bou steeds sy grootse, massiewe geboue, in die geheime bêreplekke waarvan hy sy vorige vervolgings sal herhaal. Stil, en onverdag, versterk hy sy magte om sy eie doel te bereik wanneer die tyd vir hom aanbreek om op te tree. Al wat hy nog begeer is vatkans, en dit is alreeds aan hom gegee. Eerlank sal ons sien en ook voel wat die doel van die Roomse Kerk is. Wie ookal die woord van God aanneem en gehoorsaam, sal daardeur verwyt en vervolging op die
[656] hals haal.

[657]

## Hoofstuk 36—Die Dreigende Stryd

VANDAT die groot stryd in die hemel begin het, was dit Satan se doel om die wet van God tot niet te maak. Dit was met hierdie doel voor oë dat hy teen die Skepper gerebelleer het; en hoewel hy uit die hemel gewerp is, het hy sy stryd op die aarde voortgesit om mense te bedrieg, en hulle sodoende te lei om Gods wet te oortree — dit is die doel wat hy steeds nagestreef het. Of hy sy doel bereik om die hele wet te verwerp, of net een van die gebooie, die gevolge sal uiteindelik dieselfde wees. Hy wat een gebod oortree, openbaar sy minagting vir die hele wet; sy voorbeeld en invloed is aan die kant van oortreding, en hy "het aan almal [die gebooie] skuldig geword." Jak. 2: 10.

In sy poging om die goddelike gebooie in veragting te bring, het Satan die leerstellings van die Bybel verdraai, met die gevolg dat daar dwalings opgeneem is in die geloof van duisende wat voorgee om in die Skrifte te glo. Die laaste groot botsing tussen waarheid [658]
en dwaalleer is slegs die finale worsteling in hierdie eeu-oue stryd aangaande die wet van God. Hierdie worsteling het ons nou begin — naamlik die stryd tussen die wette van mense en die gebooie van Jehova, tussen die godsdiens van die Bybel en die godsdiens van fabels en oorlewering.

Die werktuie wat sal verenig teen die waarheid en geregtigheid is nou reeds aan die werk. Gods woord wat aan ons oorgelewer is teen so 'n groot prys van lyding en bloed, word maar min gewaardeer. Die Bybel is binne die bereik van almal, maar daar is min wat dit waarlik aanneem as lewensgids. Ongeloof heers in 'n groot mate, nie alleen in die wêreld nie, maar ook in die kerk. Vele loën vandag leerstellings wat inderwaarheid pilare is van die Christelike geloof. Die groot waarhede van die skepping, die sondeval, die versoening, en die ewigdurendheid van die wet van God, soos voorgestel deur geïnspireerde skrywers, word feitlik verwerp, gedeeltelik of heeltemal, deur 'n groot gedeelte van die belydende Christenwêreld. Duisende wat hulle beroem op hulle wysheid en onafhanklikheid,

beskou dit as ‘n teken van swakheid om onwrikbare geloof in die Bybel te hê; hulle meen dat dit ‘n bewys is van groter talente en geleerdheid as hulle hulle begeef tot haarklowery oor die Skrifte, en om die vernaamste waarhede van die Bybel te vergeestelik of weg te redeneer. Baie predikante leer hulle gemeentes, en baie professore en onderwysers leer hulle studente, dat die wet van God verander of afgeskaf is; en diegene wat die vereistes van die wet nog as bindend beskou om letterlik aangeneem en gehoorsaam te word, word bespot of verag.

Waar mense die waarheid verwerp, verwerp hulle die Bron van waarheid. Waar hulle die wet van God vertree, ontken hulle die gesag van die Wetgewer. Dit is net so maklik om ‘n afgod te maak van valse leerstellings en teorieë as om een te maak van hout of klip. Deur die eienskappe van God verkeerd voor te stel, lei Satan mense om ‘n valse besef van die karakter van God te kry. Vele het ‘n filosofiese afgod opgestel in die plek van Jehova; terwyl die lewende God, soos Hy in Sy woord, in Christus, en in die skepping geopenbaar is, deur slegs ‘n paar gedien word. Duisende vergoddelik die natuur, terwyl hulle die God van die natuur loën. Hoewel in ‘n ander vorm, bestaan
[659] afgodediens in die Christenwêreld vandag net so gewis as in die tyd van Israel en Elia. Die God van baie van die sogenaamde wyse manne, filosowe, digters, politikusse, joernaliste — die God van die hoëlui, van baie kolleges en universiteite, en selfs van sommige teologiese inrigtings, is nie veel beter as Baal, die songod van die Feniciërs nie.

Geen dwaling wat deur die Christenwêreld aangeneem is, tas die gesag van die hemel op vermeteler wyse aan, nie een is so bepaald in stryd met die rede, en nie een is so skadelik in sy gevolge nie, as die moderne leerstelling wat so vinnig veld win, naamlik dat Gods wet nie langer bindend op die mens is nie. Elke volk het sy wette wat geërbiedig en gehoorsaam word; geen regering kan daarsonder bestaan nie; en kan ons ons voorstel dat die Skepper van die hemele en die aarde geen wet het vir die regering van die wesens wat Hy gemaak het nie? Veronderstel dat vooraanstaande predikante in die openbaar sou leer dat die wette van hulle land, wat die regte van die burgers beskerm, nie verpligtend is nie — dat hulle sou aanvoer dat die wette die vryheid van die volk beperk en om daardie rede nie gehoorsaam moet word nie; hoe lank sou sulke manne in die kansel

gedoog word? Maar is dit ‘n ernstiger misdaad om die wette van ‘n volk te veronagsaam as om die goddelike gebooie, wat die grondslag is van alle regering, te verwerp?

Baie eerder kan die volke hulle wette afskaf en die mense toelaat om te maak soos hulle wil, as vir die Heerser van die heelal om sy wet tot niet te verklaar, en die wêreld te laat sonder ‘n maatstaf om die skuldiges te oordeel en die gehoorsames te regverdig. Wil ons graag weet watter gevolge daar sal wees as Gods wet tot niet gemaak word? So iets is reeds probeer. Verskriklik was die tonele wat in Frankryk afgespeel is toe Ateïsme aan bewind was. Daar is toe aan die wêreld bewys dat die verwerping van alle beperkings wat God ingestel het, beteken het om die regering te aanvaar van die wreedste tiran. Wanneer die maatstaf van geregtigheid verwerp word, word die weg geopen vir die vors van boosheid om sy mag op die aarde te bevestig.

Waar ook al die goddelike gebooie verwerp word, hou sonde op [660]
om sonde te wees, en geregtigheid is nie begeerlik nie. Diegene wat weier om hulle te onderwerp aan die regering van God is heeltemal ongeskik om hulle self te regeer. Deur hulle skadelike leerstellings word die gees van opstand verwek in die harte van kinders en jongmense wat van nature nie onder gesag wil staan nie; en ‘n wettelose, bandelose, samelewing is die gevolg. Terwyl hulle spog met die liggelowigheid van diegene wat die gebooie van God gehoorsaam, neem die massas gretig die bedrog van Satan aan. Wellus word botgevier, en hulle doen die sondes wat die oordele van God oor die heidene laat kom het.

Diegene wat die mense leer om die gebooie van God ligtelik op te neem, saai ongehoorsaamheid en hulle maai ongehoorsaamheid. Laat die beperkings wat deur die goddelike wet opgelê is, heeltemal afgewerp word, en menslike wette sal gou veronagsaam word. Omdat God oneerlike praktyke, gierigheid, die leuen, en bedrog verbied, is mense gereed om sy wette te vertree as iets wat hulle wêreldlike voorspoed verhinder; maar hulle besef nie wat die gevolge sal wees as hierdie gebooie afgeskaf sou word nie. As die wet nie bindend was nie, waarom sal mense dan bang wees vir oortreding? Niemand se besittings sal langer veilig wees nie. Mense sou hulle bure se besittings met geweld afneem; en die sterkste man sou die rykste wees. Selfs die lewe sou veronagsaam word. Die huweliksband sou

nie langer ongeskonde bly as die bolwerk wat die gesin beskerm nie. Die een wat die mag het, sou, as hy dit begeer, sy buurman se vrou met geweld afneem. Die vyfde gebod sou saam met die vierde tersyde gestel word. Kinders sou nie aarsel om die lewe van hulle ouers te neem as hulle daardeur kon verkry wat hulle verdorwe harte begeer nie. Die beskaafde wêreld sou omgeskep word in 'n hol van rowers en moordenaars; en vrede, rus, en geluk, sou van die aarde wyk.

Die leerstelling dat mense vrygestel is van gehoorsaamheid aan Gods wette het reeds die krag van sedelike verpligting verswak, en die sluise van sonde op die wêreld oopgemaak. Wetteloosheid, losbandigheid, en verdorwenheid stroom oor die wêreld soos 'n oorweldigende vloedgolf. Satan werk in die gesin; sy vlag wapper, [661] selfs in sogenaamde Christelike huise Daar is afguns, bose agterdog, huigelary, vervreemding, nywer, stryd, verbreking van beloftes, en die botviering van wellus. Die hele stelsel van godsdienstige beginsels en leerstellings wat die grondslag en raamwerk van die samelewing behoort te wees, staan klaar om in duie te val. Die slegste misdadigers, wanneer hulle in die tronk is vir hulle misdade, ontvang dikwels gifte en hulle geniet aandag asof hulle iets groots gepresteer het. Hulle misdade en karakter word wyd en syd bekendgemaak. Die nuusblaaie publiseer in stuitende besonderhede hulle misdade, en sodoende word ander daartoe gebring om ook bedrog, roof, en moord te pleeg; en Satan verheug hom oor die sukses van sy helse planne. Die verloklikheid van misdaad, die roekelose manier waarop moord gepleeg word, die ontsettende toename van onmatigheid en alle soorte sondes, behoort almal wat God vrees, op te wek om te vra wat daar gedoen kan word om die vloedgolf van boosheid te keer.

Die geregshowe is bedorwe. Regeerders is besiel met 'n begeerte vir wins en 'n liefde vir singenot. Onmatigheid het die sinne van baie benewel, sodat Satan hulle byna heeltemal beheers. Diegene wat die wet moet handhaaf, word omgekoop en mislei. Dronkenskap en brassery, hartstog, afguns, en alle soorte oneerlikheid, word aangetref onder diegene wat moet toesien dat die wette uitgevoer word. "So word dan die reg teruggedring en die geregtigheid blystaan van ver; want die waarheid struikel op die mark, en wat reg is, kan nie binnekom nie." Jes. 59: 14.

Die sonde en geestelike duisternis wat bestaan het onder die opperheerskappy van Rome, was die onvermydelike gevolg van sy onderdrukking van die Skrifte; maar waar moet ons soek na die oorsaak van die algemene troueloosheid, die verwerping van Gods wet, en die gevolglike verwording onder die voile lig van die evangelie in hierdie eeu van godsdiensvryheid? Noudat Satan die wêreld nie langer onder sy mag kan hou deur die onthouding van die Skrifte nie, neem hy sy toevlug tot ander middels om dieselfde doel te bereik. Om geloof in die Bybel te vernietig, kom net so goed in sy kraam te pas as om die Bybel self te vernietig. Deur mense te laat glo dat Gods wet nie langer bin- dend is nie, lei hy hulle om net [662]
so maklik te oortree asof hulle glad nie van die gebooie geweet het nie. En vandag, net soos in vorige eeue, werk hy deur middel van die kerk om sy planne te bevorder. Die godsdienstige organisasies van vandag het geweier om te luister na die onpopulêre waarhede wat so duidelik in die Skrifte geleer word, en in hulle bestryding van daardie waarhede het hulle verklarings en stellings aangeneem wat die saad van skeptisisme wyd en syd gesaai het. Vasklemmende aan die pouslike dwaling dat die mens van nature onsterflik is en dat hy sy bewussyn behou in die dood, het hulle die enigste verdediging teen die verleidings van Spiritisme verwerp. Die leerstelling van ewige pyniging het vele tot ongeloof in die Bybel gebring. Waar die vereistes van die vierde gebod aan die volk voorgehou is, is dit duidelik dat die viering van die sewende dag Sabbat gebied word; maar om hulleself te bevry van die plig wat hulle nie gewillig is om na te kom nie, verklaar baie van die leraars dat die wet van God nie langer bindend is nie. Hulle verwerp die wet saam met die Sabbat. Namate die werk van Sabbatshervorming uitbrei, sal die verwerping van die goddelike wet om die aansprake van die vierde gebod te ontduik. so-te-sê algemeen word. Die leerstellings van godsdienstige leiers het die deur oopgemaak vir ongeloof, vir Spiritisme, en vir die minagting van Gods heilige wet; en dit is op die skouers van hierdie leiers wat die vreeslike verantwoordelikheid rus vir die sonde wat vandag in die Christenwêreld heers.

En nogtans is dit hierdie selfde klas wat beweer het dat die toenemende bedorwenheid grotendeels te wyte is aan die ontheiliging van die sogenaamde "Christelike sabbat," en dat verpligte Sondagsviering die sedes van die samelewing baie sou verbeter. Veral in

Amerika, die land waar die leerstelling van die ware Sabbat die meeste verbrei is, word daarop aangedring. In hierdie land word die matigheidswerk, een van die belangrikste sedelike hervormings, dikwels verbind met die Sondagsbeweging, en die voorstanders van laasgenoemde beweging gee voor dat hulle hulle beywer vir die hoogste belange van die samelewing; en diegene wat weier om met hulle saam te werk, word uitgemaak as die vyande van matigheid
[663] en hervorming. Maar die feit dat 'n beweging vir die bevestiging van dwaalleer gepaard gaan met 'n werk wat op sigself goed is, is geen argument ten gunste van die dwaalleer nie. Ons kan gif bedek deur dit te meng met goeie voedsel, maar dit sal nie die gif verander nie; inteendeel, ons sal dit net gevaarliker maak, want dan sal mense dit makliker inneem. Dit is een van Satan se listige planne om net genoeg waarheid met dwaalleer te meng om dit aanneemlik te maak. Die leiers van die Sondagsbeweging mag nodige hervormings voorstaan, beginsels wat in ooreenstemming is met die Bybel; maar as hierdie dinge gepaard gaan met vereistes wat teenstrydig is met Gods wet, kan Sy diensknegte nie met sulke mense saamwerk nie. Niks kan hulle die reg gee om die gebooie van God tersyde te stel vir die gebooie van mense nie.

Deur die twee groot dwalings, naamlik die leer van die onsterflikheid van die siel, en die leer van Sondagsheiligheid, sal Satan die mense onder die krag van sy bedrog bring. Terwyl eersgenoemde die grondslag lê vir Spiritisme, vorm laasgenoemde die band van medelyde met Rome. Die Protestante van die Verenigde State sal die eerste wees om die hand uit te steek oor die kloof en die hand van Spiritisme te neem; ook sal hulle die hand uitsteek oor die kloof om die hand van die Roomse mag te neem; en onder die invloed van die drievoudige vereniging, sal hierdie land die voetstappe van Rome navolg om die regte van die gewete te vertrap.

Namate Spiritisme die sogenaamde Christelike godsdiens van vandag noukeurig naáap, verkry dit groter krag om te bedrieg en te versterk. Volgens Spiritiste het Satan tot bekering gekom. Hy sal verskyn in die hoedanigheid van 'n engel van lig. Deur middel van Spiritisme sal wonderwerke geskied, siekes sal genees word, en wonders wat nie kan ontken word nie, sal verrig word. En daar die geeste sal voorgee dat hulle in die Bybel glo en eerbied betoon vir

die instellings van die kerk, sal hulle werk aangeneem word as ‘n openbaring van goddelike krag.

Die skeidslyn tussen naamchristene en die goddelose bestaan byna nie meer nie. Kerklede het die dinge lief wat die wêreld liefhet, en hulle doen saam; Satan is vasberade om die twee groepe in een liggaam te verenig om sodoende sy saak te ver- sterk en almal in [664]
die geledere van Spiritisme op te neem. Pousgesindes wat voorgee dat wonderwerke onmiskenbare tekens is van die ware kerk, sal baie maklik bedrieg word deur hierdie wonderwerkende mag; en Protestante, omdat hulle die skild van die waarheid verwerp het, sal bedrieg word. Katolieke, Protestante, en wêreldlinge — almal sal die vorm van godsdiens aanneem sonder die krag daarvan, en in hierdie vereniging sal hulle die groot krag vir die bekering van die wêreld en die bevestiging van die langverwagte millennium sien.

Deur Spiritisme verskyn Satan as die weldoener van die mens; hy genees die siekes, en gee voor dat hy ‘n nuwe en meer verhewe stelsel van godsdiens het; maar terselfdertyd werk hy as verwoester. Sy versoekings lei menigtes tot hulle ondergang. Onmatigheid onttroon die rede; botviering van die vleeslike luste, stryd, en bloedvergieting is die gevolg. Satan skep behae in oorlog, want dit wek die laagste drifte van die siel op en dit voer die slagoffers, gedoop in sonde en bloed, die ewigheid in. Dit is sy doel om die volke tot oorlog teen mekaar op te sweep; want sodoende kan hy die aandag van die volk aftrek van die werk van voorbereiding vir die dag van God.

Satan werk deur die elemente om sy oes van onvoorbereide siele in te samel. Hy het die geheime van die laboratoriums van die natuur nagegaan, en hy gebruik al sy krag om die elemente te beheers sover as God hom toelaat. Toe hy toegelaat is om Job te teister, hoe vinnig was die vee en beeste en diens-knegte en huise en kinders weggeveeg; die een ramp het op die ander gevolg soos in ‘n oomblik. Dit is God wat Sy skepsels beskerm, en hulle beskut teen die mag van die verwoester. Maar die Christenwêreld het sy minagting van die wet van Jehova getoon; en die Here sal doen presies wat Hy verklaar het dat Hy sal doen — Hy sal Sy seëninge aan die aarde onttrek, en Sy beskerming ontneem aan diegene wat in opstand is teen Sy wet, en wat ander leer en dwing om dieselfde te doen. Satan beheers almal wat nie spesiaal deur God beskerm is nie. Hy sal sommige begunstig en voorspoedig maak om sy eie planne

te bevorder; en oor ander sal hy moeilikhede laat kom om hulle te
[665] lei om te glo dat dit God is wat hulle teister.

Terwyl hy hom aan die mensekinders voordoen as die groot geneesheer wat al hulle siektes kan genees, sal hy siekte en rampe laat ontstaan totdat digbewoonde stede omgeskep is in ruïnes en verwoesting. Hy is nou reeds aan die werk. In ongelukke en rampe op see en land, in groot brande, in verwoestende winde, in verskriklike haelstorms, in storms, oorstromings, orkane, vloedgolwe, en aardbewings, orals en in 'n duisend vorms, beoefen Satan sy mag. Hy laat ryp oeste verwoes, en hongersnood en ellende is die gevolg. Hy besoedel die lug, en duisende kom om in pestilensies. Hierdie rampe sal meer dikwels en met ontsettender gevolge kom. Verwoestings sal kom oor mens en dier. "Die aarde treur, dit verwelk; . . . en die hoë mense van die aarde versmag. Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek." Jes. 24: 4, 5.

En dan sal die groot bedrieër die mense wysmaak dat diegene wat God dien die oorsaak van al die onheile is. Die klas wat die misnoeë van die Hemel uitgelok het, sal diegene wie se gehoorsaamheid aan Gods gebooie 'n gedurige bestraffing vir die oortreders is, blameer vir al hulle moeilikhede. Hulle sal beweer dat die mense God mishaag deur die ontheiliging van die Sondag-sabbat; en dat dit hierdie sonde is wat die oorsaak van die rampe is wat nie sal ophou totdat Sondagviering nougeset gehandhaaf word nie; en dat diegene wat die aansprake van die vierde gebod voorhou, daardeur eerbied vir Sondag vernietig, dat hulle die beroerdes van die volk is, en oorsaak is dat die goddelike guns en tydelike voorspoed verhinder word. Op hierdie manier sal die beskuldiging wat in die outyd teen Gods dienskneg ingebring is, weer herhaal word, en dit op gronde ewegoed bevestig: "En net toe Agab Elia sien, vra Agab vir hom: Is dit jy, jou beroerder van Israel? Toe sê hy: Ek het Israel nie in beroering gebring nie, maar u en u familie, deurdat u die gebooie van die Here verlaat het, en u agter die Baals aangeloop het." 1 Kon. 18: 17, 18. Namate die woede van die volk opgewek word deur die valse beskuldigings, sal hulle teen Gods gesante optree net soos afvallige Israel teen Elia opgetree het.

[666] Die wonderwerkende krag deur Spiritisme geopenbaar, sal 'n invloed uitoefen teen diegene wat verkies om God te gehoorsaam

liewer as die mens. Boodskappe van die geeste sal verklaar dat God hulle gestuur het om die verwerpers van Sondag te oortuig van hulle dwaling, en hulle sal beweer dat die landswette gehoorsaam moet word net soos die wet van God. Hulle sal die boosheid van die wêreld betreur, en die getuienis van godsdienstige leraars bevestig dat die verlaagde sedelike peil veroorsaak is deur die ontheiliging van Sondag. Groot sal die verontwaardiging wees teen diegene wat weier om hulle getuienis aan te neem.

Satan se beleid in die finale stryd teen Gods volk is dieselfde as die wat hy gevolg het by die aanvang van die groot stryd in die hemel. Hy het voorgegee dat hy gewerk het ter bevordering van die goddelike regering, terwyl hy heimelik alle kragte ingespan het om dit omver te werp. En hy het die lojale engele beskuldig van dieselfde werk waarmee hy juis besig was. Hierdie selfde beleid van bedrog kenmerk die geskiedenis van die Roomse Kerk. Hy het voorgegee om te handel as die ge-sant van die Hemel, terwyl hy al die tyd daarop uit was omn homself bokant God te verhef en Gods wet te verander. Onder die heerskappy van Rome is diegene wat moes sterf vir hulle getrouheid aan die evangelie veroordeel as boosdoeners; daar is beweer dat hulle in 'n verbond met Satan was; en alle middels is gebruik om hulle te beklad en hulle in die oë van die volk voor te stel, en selfs in hulle eie oe, as die laagste misdadigers. So sal dit nou ook gaan. Terwyl Satan trag om diegene te vernietig wat Gods wet eerbiedig, sal hy dit bewerk dat hulle beskuldig word as oortreders van die wet, as mense wat God onteer, en verantwoordelik is vir die oordele wat die wêreld tref.

God dwing nooit die wil of die gewete nie; maar Satan, ten einde diegene te beheers wat hy nie andersins kan verlei nie, neem steeds sy toevlug tot dwangmiddels en wreedheid. Deur vreesaanjaging of geweld probeer hy om die gewete te beheers en om huldebetoning vir homself te verkry. Om dit te bewerkstellig, werk hy sowel deur godsdienstige as wêreldlike owerhede, en hy beweeg hulle om menslike wette te handhaaf in stryd met die wet van God. [667]

Diegene wat die Bybelse Sabbat vereer sal uitgeskel word as vyande van wet en orde, as diegene wat die sedelike beperkings van die samelewing vernietig, wat anargie en verderf veroorsaak, en wat die oordele van God oor die aarde uitlok. Hulle gewetenbesware sal bestempel word as koppigheid, hardnekkigheid, en minagting van

gesag. Hulle sal beskuldig word van ontrouheid aan die regering. Predikante wat die verpligtings van die goddelike wet ontken, sal van die kansel af die plig beklemtoon om die burgerlike owerhede te gehoorsaam as magte wat deur God verorden is. In volksraadsale en geregshowe sal diegene wat die gebooie bewaar, vals voorgestel en veroordeel word, 'n Valse betekenis sal aan hulle woorde gegee word. En die ergste motiewe sal aan hulle handelwyse toegeskryf word.

Namate die Protestantse kerke die duidelike, skriftuurlike argumente ter verdediging van Gods wet verwerp, sal hulle verlang om diegene stil te maak wie se geloof hulle nie deur die Bybel kan vernietig nie. Hoewel hulle hulle oë sluit vir die feit, is hulle reeds besig om die weg in te slaan wat sal lei tot die vervolging van diegene wat uit oortuiging weier om te maak soos die res van die Christenwêreld wat die aansprake van die pouslike sabbat erken.

Die waardigheidsbekleërs van kerk en staat sal saamstaan om alle klasse om te koop, te oorreed, of te dwing om Sondag te eerbiedig. Die gemis aan goddelike gesag sal goedgemaak word deur wette van verdrukking. Politieke korrupsie is besig om die liefde vir reg en waarheid te vernietig; en selfs in vrye Amerika sal heersers en wetgewers, ten einde openbare guns te verkry, toegee aan die algemene eis om wette om Sondagviering verpligtend te maak. Gewetensvryheid, wat so groot opoffering gekos het, sal nie langer eerbiedig word nie. In die vinnignaderende stryd sal ons die profeet se woorde bewaarheid sien: "En die draak was vertoomd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te maak met haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus
[668] hou." Openb. 12: 17.

[669]

## Hoofstuk 37—Die Skrifte ‘n Bron van Veiliglieid

“NA die wet en na die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen dageraad het nie!” Jes. 8: 20. Die volk van God word na die Skrifte verwys as hulle bron van veiligheid teen die invloed van valse leraars en die verleidelike krag van die geeste van duisternis. Satan gebruik alle planne om mense te belet om ‘n kennis van die Bybel te verkry; want die duidelike verklarings van die Bybel openbaar sy bedrog. By elke opwekking in Gods werk word die vors van boosheid opgewek tot groter bedrywigheid; tans wend hy alle pogings aan in ‘n finale stryd teen Christus en Sy navolgers. Die laaste groot bedrog sal ons eerlank sien. Die antichris sal sy wonderwerke voor ons oë verrig. So baie sal die vervalsing op die ware lyk, dat dit onmoontlik sal wees om die verskil te sien behalwe met behulp van die Heilige Skrifte. Elke verklaring en elke wonderwerk moet aan die getuienis van die Bybel getoets word. [670]

Diegene wat trag om al die gebooie van God te gehoorsaam sal weerstaan en uitgelag word. Hulle kan alleen in God staande bly. Om die beproewing wat voor hulle is te kan verduur, moet hulle Gods wil verstaan soos in Sy woord geopenbaar; hulle kan Hom eer alleen namate hulle ‘n regte begrip het van Sy karakter, regering, en doel, en as hulle daarvolgens handel. Alleen diegene wat hulle verstand versterk het met Bybelse waarhede sal staande bly in die groot stryd. Elke siel sal voor die vraag te staan kom: Sal ek God gehoorsaam liewer as die mens? Die beslissende uur het reeds aangebreek. Staan ons voete op die rots van Gods onveranderlike woord? Is ons gereed om onwrikbaar te staan in die verdediging van Gods gebooie en die geloof van Jesus?

Voor Sy kruisiging het die Heiland aan Sy dissipels verduidelik dat Hy gedood sou word en uit die graf sou opstaan; en daar was engele teenwoordig om Sy woorde op die verstand en harte van Sy dissipels te druk; maar hulle het uitgesien na die verlossing van die Romeinse juk in ‘n tydelike sin, en hulle kon nie die gedagte verdra

dat Hy op wie al hulle hoop was, ‘n skanddood sou sterf nie. Die woorde wat hulle moes onthou, is uit hulle gedagtes verban; en toe die tyd van beproewing kom was hulle onvoorberei daarvoor. Die dood van Jesus het hulle hoop so volkome vernietig asof Hy hulle nooit vooraf gewaarsku het nie. So word die toekoms ook aan ons geopenbaar in die profesieë, net so duidelik as wat dit aan die dissipels geopenbaar is deur die woorde van Christus. Die gebeurtenisse in verband met die sluiting van die genadetyd en die voorbereiding vir die tyd van benoudheid, word duidelik geopenbaar. Maar daar is menigtes wat so min begrip van hierdie belangrike waarhede het asof hulle nooit geopenbaar was nie. Satan lê op die loer om elke indruk uit te wis wat mense wys kan maak tot die saligheid, en die tyd van benoudheid sal hulle onvoorberei vind.

Wanneer God aan mense waarskuwings stuur wat so belangrik is dat hulle voorgestel word deur engele wat in die middel van die lug vlieg, verwag Hy dat elke persoon wat kan dink, ag sal slaan op die boodskappe. Die vreeslike oordele wat uitgespreek is teen die
[671] aanbidding van die dier en sy beeld (Openb. 14: 9-11), behoort almal te lei tot ‘n ywerige ondersoek van die profesieë, om te leer wat die merk van die dier is, en hoe hulle dit kan vermy. Maar die massas wend hulle ore af van die waarheid, en luister na fabels. Van ons dae het die apostel Paulus verklaar, “Daar sal ‘n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie.” 2 Tim. 4: 3. Daardie tyd het reeds ten voile aangebreek. Die meerderheid wil nie Bybelse waarheid hê nie, omdat dit bots met die begeertes van ‘n sondige, wêreldsgesinde hart; en Satan voorsien die bedrog wat hulle begeer.

Maar God sal ‘n volk op die aarde hê wat sal staan op die Bybel, en die Bybel alleen as die maatstaf van alle leerstellings en die grondslag van alle hervormings. Die menings van geleerde manne, die bevindings van die wetenskap, die leerreëls en besluite van kerklike konsilies, net so talryk en verskillend as die baie kerke wat hulle verteenwoordig, die stem van die meerderheid — nie een van hierdie dinge, of almal tesame, moet aangeneem word as bewys teen of van enige geloofspunt nie. Voordat ons enige leerstelling of gebod aanneem, moet ons ‘n “So sê die Here” as bewys daarvoor eis.

Satan trag steeds om die aandag van mense op die mens te vestig in plaas van op God. Hy lei mense om op te sien tot biskoppe, predikante, teologiese professore, as hulle gidse, in stede om die

Skrifte te ondersoek ten einde hulle pligte vir hulle self te leer. En dan, deur die verstand van hierdie leiers te beheers, kan hy die massas beïnvloed volgens sy wil.

Toe Christus die woorde van die lewe gespreek het, het die gewone mense met blydskap na Hom geluister; en baie van hulle, selfs van die priesters en owerstes, het in Hom geglo. Maar die owerpriesters en die owerstes van die volk was vasbeslote om sy leerstellings te weerlê en te ontken. Hoewel al hulle pogings misluk het om beskuldigings teen Hom in te bring, en alhoewel hulle nie kon help om die invloed en goddelike krag en wysheid van Sy woorde te voel nie, het hulle nogtans in hulle dop van vooroordeel ingekruip; hulle het die duidelikste bewyse van Sy Messiaskap verwerp, sodat hulle nie miskien Sy dissipels sou word nie. Hierdie teenstanders van Jesus was manne wat die volk van kindsbeen af geleer is om te eer, en wie se gesag hulle onvoorvvaardelik aangeneem het. "Hoe is [672]
dit," het hulle gevra, "dat ons owerstes en geleerde skrifgeleerdes nie in Jesus glo nie? Sou hierdie vrome manne Hom nie aanneem as Hy die Christus was nie." Dit was die invloed van sulke leraars wat die Joodse volk beweeg het om hulle Verlosser te verwerp.

Die gees wat hierdie priesters en owerstes besiel het, word vandag nog geopenbaar deur vele wat aanspraak maak op groot vroomheid. Hulle weier om die getuienis van die Skrifte te ondersoek aangaande die spesiale waarhede vir hierdie tyd. Hulle wys na hulle getalle, rykdom, en populariteit, en hulle kyk met veragting op die voorstanders van die waarheid as min in getal, armoedig, en onpopulêr, en met 'n geloof wat hulle afskei van die wêreld.

Christus het vooruit gesien dat die oordrewe aanmatiging van gesag waarop die skrifgeleerdes en Fariseërs aanspraak gemaak het, nie met die verstrooiing van die Jode sou eindig nie. Hy het in 'n profetiese gesig gesien hoedat menslike gesag sou verhef word om die gewete te beheers — iets wat 'n vreeslike vloek was vir die kerk in alle eeue. En sy vreeslike veroordeling van die skrifgeleerdes en Fariseërs, en Sy waarskuwings aan die volk om nie hierdie blinde leiers te volg nie, is teboekgestel as waarskuwing aan toekomstige geslagte.

Die Roomse Kerk behou aan die geestelikes die reg voor om die Skrifte te verklaar. Omdat die geestelikes alleen bevoeg beskou word om Gods woord te verklaar, word dit aan die gewone mense onthou.

Ofskoon die Hervorming die Skrifte aan almal beskikbaar gestel het, is dit nogtans dieselfde beginsel wat deur Rome gehandhaaf is wat menigtes in die Protestantse kerke verhinder om die Bybel vir hulleself te ondersoek. Hulle word geleer om die leerstellings van die Bybel aan te neem soos deur die kerk verklaar; en daar is duisende wat geen ander leerstelling durf aanneem, hoe duidelik dit ook in die Skrifte geopenbaar is, as dit teenstrydig is met hulle kerkleer.

Ofskoon die Bybel baie waarskuwings bevat teen valse leraars, is daar vele wat hulle siele toevertrou aan die geestelikes. Daar is vandag duisende belyers van die godsdiens wat geen ander rede vir [673] hulle geloof kan gee nie as dat hulle so geleer is deur hulle geestelike leiers. Die dinge wat die Heiland geleer het, gaan hulle verby sonder om daarop te let, en hulle het die grootste vertroue in die woord van hulle predikante. Maar is predikante onfeilbaar? Hoe kan ons ons siele aan hulle leiding toevertrou tensy ons uit Gods woord weet dat hulle ligdraers is? Gebrek aan sedelike moed om af te wyk van die pad wat die wêreld gebaan het, lei vele om geleerde mense na te volg; en deur hulle onwilligheid om dinge vir hulleself te ondersoek, word hulle hopeloos gebind met die kettings van dwaalleer. Hulle sien dat die waarheid vir hierdie tyd duidelik in die Bybel geopenbaar is, hulle voel die krag van die Heilige Gees wat met die verkondiging daarvan gepaard gaan, maar nogtans laat hulle toe dat die weerstand van die geestelikes hulle weghou van die lig. Ofskoon hulle verstand en gewete oortuig is, durf hierdie misleide siele nie anders dink as hulle predikant nie, en hulle persoonlike oordeel en ewige belange word opgeoffer aan die ongeloof, die hoogmoed en vooroordeel van ‘n ander.

Satan werk op baie maniere deur menslike invloed om sy gevangenes te bind. Hy trek menigtes na hom toe deur hulle met die band [674] van liefde te verbind aan diegene wat vyande is van die kruis van Christus. Wat hierdie koorde ookal mag wees, hetsy ouerlike liefde, kinderliefde, huweliksof maatskaplike betrekkings, die uitwerking is dieselfde; die teenstanders van die waarheid gebruik hulle mag om die gewete te beheers, en die siele wat onder hulle mag is, het nie genoeg moed of is nie onafhanklik genoeg om volgens hulle eie oortuigings te handel nie.

Die waarheid en die heerlikheid van God is onafskeidelik; met die Bybel binne ons bereik is dit onmoontlik vir ons om God te eer terwyl ons dwalings aanhang. Daar is vele wat beweer dat dit nie eintlik saak maak wat mens glo nie solank jou lewe maar reg is. Maar jou lewe word gevorm deur wat jy glo. As lig en waarheid binne ons bereik is en ons ons voorreg om dit te hoor en sien, verwaarloos, verwerp ons dit feitlik; ons is besig om duisternis te kies liewer as die lig.

"Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die end daarvan is weë van die dood." Spr. 16: 25. Onkunde is geen verskoning vir dwaalleer of sonde wanneer daar alle geleentheid is om die wil van God te ken nie. Veronderstel dat 'n man op reis is en 'n plek bereik waar daar baie uitdraaipaaie is, met 'n behoorlike padwyser wat aantoon waarheen elke pad gaan. As hy die padwyser veronagsaam en sommer die pad kies wat hy dink wat reg is, sal hy heel moontlik vind, hoe opreg hy ookal mag gewees het, dat hy die verkeerde pad gekies het.

God het ons Sy woord gegee sodat ons vertroud kan raak met Sy leerstellings, en vir onsself kan weet wat Hy van ons verlang. Toe die wetgeleerde aan Jesus die vraag gestel het, "Wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?" het die Heiland hom na die Skrifte verwys en gesê, "Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?" Onkunde sal nog jonk nog oud verskoon of vrystel van die straf op die oortreding van Gods wet; want daar is in hulle hande 'n getroue voorstelling van daardie wet, sy beginsels en sy aansprake. Dit is nie genoeg om goeie voornemens te hê nie; dit is nie genoeg vir 'n man om te doen wat hy dink wat reg is nie, of wat die predikant aan hom voorhou as reg nie. Die saligheid van sy siel is op die spel, en hy behoort die Skrifte vir homself te ondersoek. Hoe sterk sy oortuigings ook mag wees, hoe seker hy ook daarvan mag wees dat [675]
sy predikant die waarheid ken, is dit geen veiligheid vir hom nie. Hy het 'n kaart wat vir hom al die bakens aanwys op sy reis na die hemel, en hy behoort oor niks te raai nie.

Dit is die eerste en die hoogste plig van elke redelike wese om uit die Skrifte te leer wat waarheid is, om daarna in die lig te wandel en ook ander aan te moedig om sy voorbeeld te volg. Ons behoort die Bybel elke dag te ondersoek, elke gedagte te oorweeg, en teks

met teks te vergelyk. Met goddelike hulp behoort ons ons eie opinies te vorm, want ons sal self moet rekenskap gee aan God.

Die duidelikste waarhede in die Bybel word deur geleerde manne in twyfel getrek en in duisternis gehul—manne wat deur groot wysheid te veins, leer dat die Skrifte 'n mistiese, geheime, en geestelike betekenis het wat nie duidelik uitkom in die taal waarin dit geskryf is nie. Sulke manne is valse leraars. Dit was aan hierdie klas wat Jesus gesê het, „Julle dwaal deurdat julle die Skrifte en ook die krag van God nie ken nie." Markus 12: 24. Die taal van die Bybel behoort vertaal te word volgens die voor die hand liggende betekenis, tensy daar 'n simbool of figuur gebruik word. Christus het die belofte gegee dat, "as iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy omtrent die leer weet." Joh. 7:17. As mense die Bybel maar sou neem soos dit geskryf is, as daar nie valse leraars was om hulle te mislei en te verwar nie, sou daar 'n werk gedoen word wat die engele sal blymaak en wat duisende en duisende wat nou dwaal in die kraal van Christus sal bring.

Ons behoort al ons verstandelike kragte in te span by die ondersoek van die Skrifte, en ons behoort ons te beywer om, sover as sterwelinge dit kan doen, die diep dinge van God te verstaan; maar nogtans moet ons nie vergeet dat die geseglikheid en onderwerping van 'n kind die ware gees van die ondersoeker moet wees. Skriftuurlike probleme kan nooit opgelos word deur dieselfde metodes waarmee filosofiese vraagstukke opgelos word nie. Ons behoort nie 'n ondersoek van die Bybel aan te pak met daardie selfvertroue waarmee so baie die wetenskap ondersoek nie; maar dit moet geskied met 'n biddende afhanklikheid van God, en 'n opregte begeerte om
[676] Sy wil te ken. Ons moet met 'n nederige en geseglike gees kom om kennis te verkry van die groot EK IS. As ons dit nie doen nie, sal bose engele ons verstand so verblind en ons harte so verhard dat die waarheid geen indruk op ons sal maak nie.

Baie Skrifgedeeltes wat mense as verborgenhede beskou, of wat hulle verbygaan as onbelangrik, bevat veel troos en onderrig aan die een wat in die skool van Christus geleer het. Een van die redes waarom baie teoloë nie 'n duideliker begrip van Gods woord het nie, is omdat hulle hulle oë sluit vir waarhede wat hulle nie wil gehoorsaam nie. 'n Begrip van Bybelse waarheid hang nie so seer

af van verstandelike krag nie, as van doelbewustheid en 'n ernstige verlange na geregtigheid.

Die Bybel moet nooit sonder gebed ondersoek word nie. Die Heilige Gees alleen kan ons daartoe bring om die belangrikheid te voel van daardie dinge wat so maklik is om te verstaan. en Hy kan ons vrywaar van 'n verdraaiing van die waarhede wat moeilik is om te verstaan. Dit is die werk van hemelse engele om die hart te berei om Gods woord so te verstaan, sodat ons bekoor sal word deur sy skoonheid, gewaarsku deur sy waarskuwings, en besiel en versterk sal word deur sy beloftes. Ons behoort saam met die psalmis te bid, "Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit U wet." Ps. 119: 18. Versoekings skyn dikwels onweerstaanbaar omdat die een wat versoek is, weens verwaarlosing van gebed en die ondersoek van Gods woord. nie geredelik Gods beloftes kan onthou en Satan kan weerstaan met skriftuurlike wapens nie. Maar daar is engele rondom diegene wat gewillig is om onderrig te word in goddelike dinge; en in die tyd van groot nood sal hulle juis daardie waarhede in herinnering bring waaraan hulle die grootste behoefte het.

Jesus het Sy dissipels belowe, "Maar die Trooster, die Heilige Gees wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." Joh. 14: 26. Maar, ten einde die Gees van God in staat te stel om ons te herinner aan die beloftes in tye van nood, moet die leerstellings van Christus vantevore reeds in ons hart opgeneem wees. "Ek het U Woord in my hart gebêre," het Dawid gesê, "dat ek teen U nie sal sondig nie." Ps. 119: 11. [677]

Almal wat hulle ewige belange waardeer, behoort op hulle hoede [678] te wees teen die aanvalle van skeptisisme. Selfs die groot pilare van die waarheid sal aangeval word. Ons is almal blootgestel aan die sarkasme, drogredes, en die listige, verpestelike leerstellings van die moderne ongeloof. Satan pas sy versoekings aan by alle klasse. Hy val die ongeleerdes aan met 'n skerts en spotlag, terwyl hy die geleerdes ontmoet met wetenskaplike besware en filosofiese argumente — alles dinge wat wantroue in, en veragting van, die Skrifte laat ontstaan. Selfs jongmense met min ondervinding magtig hulle aan om twyfel te verwek in die grondbeginsels van die Christelike geloof; en sulke ongeloof by jongmense, hoe oppervlakkig dit ook mag wees, het 'n nadelige invloed. Op hierdie manier word vele

daartoe gebring om die spot te dryf met die geloof van hulle vaders, en hulle smaad ‘die Gees van genade. (Hebr. 10: 29.) Menige lewe wat beloof het om ‘n eer vir God en ‘n seen vir die wêreld te wees, is verskroei deur die verpestelike asem van ongeioof. Almal wat vertroue stel in die grootse bevindings van die menslike verstand en wat hulle verbeel dat hulle die goddelike verborgenhede kan verklaar, en wat die waarheid wil verstaan sonder die wysheid van God, word gevang in die strikke van Satan.

Ons lewe in die ernstigste tyd van die wêreld se geskiedenis. Die ewige lot van die aarde se miljoene sal eerlank beslis wees. Ons eie toekomstige welsyn, asook die saligheid van ander siele, hang af van die weg wat ons tans bewandel. Ons moet deur die Gees van waarheid gelei word. Elke navolger van Christus behoort ernstig te vra, “Here, wat wil U hê, moet ek doen?” Ons behoort ons te verootmoedig voor die Here, met vas en gebed, en baie oor Sy woord te peins, veral die tonele van die oordeel. Ons behoort nou te soek om ons geestelike lewe te verdiep in die dinge van God. Ons het geen tyd om te verkwis nie. Gebeurtenisse van die allergrootste belang vind rondom ons plaas; ons is op Satan se betowerde grond. Moenie slaap nie, julle wagters van God; die vyand skuil in die nabyheid, gereed om enige oomblik te spring as u miskien verslap of sluimer, om u sy prooi te maak.

[679] Baie is bedrieg aangaande hulle ware toestand voor God. Hulle wens hulle self geluk omdat hulle nie verkeerde dinge doen nie, maar hulle vergeet om te dink aan die goeie en edele dade wat God wel van hulle verwag, maar wat hulle nagelaat het. Dit is nie genoeg dat hulle bome in die tuin van God is nie; hulle moet Sy verwagting verwesenlik deur vrugte te dra. Hy hou hulle verantwoordelik vir hulle nalating van al die goeie dade wat hulle kon gedoen het deur die genade wat Hy aan hulle gegee het. In die boeke van die hemel staan hulle aangeteken as diegene wat die grond nutteloos beslaan. Maar selfs hulle is nie heeltemal hopeloos nie. Met diegene wat Gods genade versmaai en Sy goedheid misbruik het, pleit die lankmoedige hart van Liefde steeds. “Daarom sê hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn. Pas dan op dat julle nougeset wandel, . . . en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.” Efe. 5: 14-16.

Wanneer die toetstyd kom, sal diegene wat Gods woord hulle lewensreël gemaak het, geopenbaar word. In die somer is daar nie eintlik ‘n merkwaardige verskil tussen die altydgroen-bome en die ander nie; maar as die winter daar is, bly die altydgroenbome onveranderd terwyl die ander bome kaal is. So ook kan die valse belyer nie nou onderskei word van die ware Christen nie, maar die tyd is voor die deur wanneer die verskil opmerklik sal wees. Laat teenstand, dweepsug, en onverdraagsaamheid maar weer hulle koppe uitsteek, laat die vuur van vervolging weer aangesteek word, en die halfhartige huigelaars sal wankel en hulle geloof versaak; maar die opregte Christen sal so onwrikbaar staan soos ‘n rots. Sy geloof sal sterker en sy hoop heerliker wees as in die dae van voorspoed.

Die psalmis sê: “U getuienisse is my bepeinsing.” “Uit U bevele kry ek verstand; daarom haat ek elke leuenpad.” Ps. 119: 99, 104.

“Gelukkig die mens wat wysheid vind.” “Want hy sal wees soos ‘n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in ‘n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.” Spr. 3: 13; Jer. 17: 8. [680]

[681]

## Hoofstuk 38—Die Finale Waarskuwing

"NA hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met grote mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het gevvord die woonplek van duiwels en die versamelplek van allerhande onreine geeste en die versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls. . . . En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, My volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie." Openb. 18: 1, 2, 4.

Hierdie skriftuur verwys na 'n tyd wanneer die aankondiging dat Babilon geval het, soos gemaak deur die tweede engel van Openbaring 14, herhaal sal word, met die bykomstige verklaring van die
[682] verdorwenheid van die verskillende organisasies waaruit Babilon bestaan — dit wil sê na die tyd dat die boodskap die eerste maal verkondig is in die somer van 1844. Die ontsettende toestand van die godsdienstige wêreld word hier beskryf. Met elke verwerping van die waarheid word die verstand van die mense al meer verduister, hulle harte word harder, totdat hulle verskans is in 'n ongelowige hardnekkigheid. In veragting van die waarskuwings wat God gegee het, sal hulle voortgaan om een van die gebooie te vertrap, totdat hulle daartoe gebring is om diegene te vervolg wat daardie gebod heilig. Christus word verag in die veragting van Sy woord en Sy volk. Namate die kerke die leerstellings van Spiritisme aanneem, word die bedwang op die geestelike hart verwyder, en die belydenis van godsdiens word 'n dekmantel om die afskuwelikste sondes te bedek. 'n Geloof in spiritistiese verskynsels maak die deur oop vir verleidende geeste en lerings van duiwels, en dus sal die invloed van bose engele in die kerke gevoel word.

In die tyd waarop hierdie profesie van toepassing is, word daar van Babilon gesê, "Haar sondes reik tot aan die hemel. en God het haar ongeregtighede onthou." Openb. 18: 5. Sy het die beker van haar ongeregtigheid volgemaak, en sy staan op die punt om

verwoes te word. Maar God het nog mense in Babilon; en voordat Sy oordele haar tref, moet hierdie getroues uitgeroep word, sodat hulle nie in haar sondes sal deel nie en van haar plae ontvang nie. Die beweging word dus voorgestel deur die engel uit die hemel wat die aarde met sy heerlikheid verlig, en met 'n groot stem die sondes van Babilon aankondig. In verband met sy boodskap word die roepstem gehoor, "Gaan uit haar uit, My volk." Hierdie boodskap, saam met die derde engel se boodskap, is die finale waarskuwing wat aan die aardbewoners gegee sal word.

Vreeslik is die beslissing waarvoor die wêreld te staan sal kom. Die aardse magte, in oorlog verenig teen die gebooie van God, sal bepaal dat "almal, die kleintjies en die grotes, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe" (Openb. 13: 16), moet meedoen aan die gebruike van die kerk deur die valse sabbat te vier. Almal wat weier om dit te doen, sal gestraf wTord deur die burgerlike howe, en eindelik sal daar verklaar word dat hulle die dood verdien. Aan die anderkant weer, eis die wet van God wat die [683]
viering van die Skepper se rusdag gebied, gehoorsaamheid, en dit bevat dreigemente van wraak teen almal wat die gebooie oortree.

Met die saak so duidelik gestel, sal enigeen wat Gods wet vertrap en menslike gebooie gehoorsaam, die merk van die dier ontvang; hy neem die teken aan van trou aan die mag wat hy verkies om te gehoorsaam in stede van God. Die waarskuwing van die hemel lui as volg: "As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink word in die beker van Sy toorn." Openb. 14: 9, 10.

Maar die wraak van God sal niemand tref aleer die waarheid aan sy verstand en gewete tuisgebring is en hy dit verwerp het nie. Daar is vele wat nog nie 'n geleentheid gehad het om die spesiale waarhede vir hierdie tyd te hoor nie. Die verpligting van die vierde gebod is nog nooit in die ware lig voor hulle gebring nie. Hy wat in elke hart kan sien en wat al die beweegredes ken, sal nie toelaat dat enigeen wat begeer om die waarheid te ken, bedrieg sal word ten opsigte van die dinge waaroor die stryd gaan nie. Die dekreet sal nie blindelings op die mense afgedwing word nie. Elkeen sal genoeg lig ontvang om op intelligente wyse sy eie keuse te maak.

Die Sabbat sal die groot toets van getrouheid wees; want dit is die deel van die waarheid wat veral betwis word. Wanneer alle mense voor die finale toets te staan kom, dan sal die skeidslyn getrek word tussen diegene wat God dien en tussen diegene wat Hom nie dien nie. Terwyl die viering van die valse sabbat in gehoorsaamheid aan die staatswette en in botsing met die vierde gebod, 'n betuiging van trou is aan 'n mag wat in stryd is met God, sal die viering van die ware Sabbat in gehoorsaamheid aan Gods wet die bewys wees van getrouheid aan die Skepper. Terwyl die een klas, deur die aanvaarding van die teken van onderwerping aan aardse magte die merkteken van die dier ontvang, ontvang die ander klas, deur die teken van getrouheid aan goddelike gesag te verkies, die seël van God.

Voor hierdie tyd is diegene wat die waarhede van die derde engel
[684] se boodskap verkondig het, dikwels beskou as blote alar- miste.
[685] Hulle voorspellings dat godsdienstige onverdraagsaamheid weer die oorhand sal kry in die Verenigde State, en dat kerk en staat sal verenig om diegene te vervolg wat die gebooie van God bewaar, is bestempel as belaglik en sonder enige grond. Daar is met die grootste vertroue verklaar dat hierdie land nooit iets anders kan word as wat dit in die verlede was nie — naamlik die beskermer van godsdiensvryheid. Maar namate die saak van verpligte Sondagsviering wyd en syd bespreek word, sal ons die gebeurtenis wat solank betwyfel is, sien nader, en die derde engel se boodskap sal 'n uitwerking he wat dit nie voorheen kon gehad het nie.

In elke geslag het God Sy diensknegte uitgestuur om die sonde te bestraf, beide in die wêreld en in die kerk. Maar die mense wil strelende dinge hoor, en die reine, naakte waarheid is nie aanneemlik nie. Baie hervormers, het in die aanvaarding van hulle werk, besluit om groot versigtigheid aan die dag te lê in hulle bestraffing van die sondes van die kerk en die volk. Hulle het gehoop om deur die voorbeeld van 'n reine Christelike lewe die volk terug te lei na die leerstellings van die Bybel. Maar die Gees van God het op hulle gekom soos dit op Elia gekom het toe dit hom beweeg het om die sondes van die bose koning en die afvallige volk te bestraf; hulle kon nie help om die duidelike waarhede van die Bybel te verkondig nie — naamlik die leerstellings wat hulle huiwerig was om voor te stel. Hulle is beweeg om die waarheid ywerig te verkondig en op die

gevaar van siele te wys. Die woorde wat die Here aan hulle gegee het, het hulle gespreek, sonder vrees vir die gevolge, en die volk is gedwing om te luister na hulle waarskuwing.

So ook sal die boodskap van die derde engel verkondig word. Wanneer die tyd aanbreek om dit met die grootste krag te verkondig, sal die Here deur eenvoudige werktuie werk, en diegene wat hulle harte aan Hom toegewy het, sal Hy in Sy diens lei. Die werkers sal vir hulle werk berei word deur die salwing van Sy Gees, liewer as deur opleiding in inrigtings. Manne van geloof en gebed sal gedwing word om met heilige ywer uit te gaan en die woorde te verkondig wat God aan hulle gee. Die sondes van Babilon sal geopenbaar word. Die vreeslike gevolge wat daar sal wees wanneer die gebruike van die kerk deur die bur- gerlike gesag verpligtend gemaak word, die [686]
verwoesting van Spiritisme, die ongemerkte maar vinnige vooruitgang van die pouslike mag — alles sal aan die kaak gestel word. Deur hierdie ernstige waarskuwings sal die mense wakker gemaak word. Duisende en duisende wat nog nooit woorde soos hierdie gehoor het nie, sal luister. Met verbasing sal hulle aanhoor dat Babilon die kerk is wat geval het weens sy dwalings en sonde, omdat hy die waarheid verwerp het wat aan hom uit die hemel gestuur is. Wanneer die mense na hulle vorige leraars gaan en gretig vra, Is hierdie dinge so? sal die predikante fabels verkondig, en strelende dinge profeteer om hulle vrees weg te neem en hulle opgewekte gewetes stil te maak. Maar omdat baie nie tevrede sal wees met blote menslike gesag nie, en sal aandring op 'n duidelike "So sê die Here," sal die predikante, net soos die Fariseërs vanouds, en woedend omdat hulle gesag in twyfel getrek is, die boodskap uitskel as die boodskap van Satan, en hulle sal die massas wat die sonde liefhet aanhits om diegene wat die boodskap verkondig te belaster en te vervolg.

Namate die stryd uitbrei tot nuwe velde, en die aandag van die mense gevestig word op Gods vertrede wet, word Satan baie bedrywig. Die krag waarmee die verkondiging van die boodskap gepaard gaan, sal diegene wat dit weerstaan, woedend maak. Die geestelikes sal byna bomenslike pogings aanwend om die lig uit te sluit sodat dit nie op hulle gemeentes skyn nie. Deur alle middels tot hulle beskikking sal hulle trag om die bespreking van hierdie allerbelangrikste vraagstukke te onderdruk. Die kerk sal hom beroep op die sterk arm van die burgerlike owerheid, en in hierdie werk sal Katolieke en

Protestante verenig. Namate die beweging vir verpligte Sondagsviering stoutmoediger en beslister word, sal die wet ingeroep word teen die bewaarders van die gebooie. Hulle sal bedreig word met boete en tronkstraf; sommige sal verantwoordelike betrekkings aangebied word, en ander sal beloning en ander voordele ontvang om hulle te beweeg om hulle geloof te versaak. Maar hulle onverbiddelike antwoord is, "Oortuig ons van ons dwaling uit die woord van God"—dieselfde antwoord as wat Luther onder dergelike omstandighede gegee het. Diegene wat voor die hof gebring word, sal die waarheid
[687] sterk verdedig, en sommige wat hulle hoor, sal gelei word om ook uit te staan vir al die gebooie van God. Cp hierdie manier sal die lig aan duisende gebring word wat andersins niks van hierdie waarhede sou geweet het nie.

Nougesette gehoorsaamheid aan Gods woord sal beskou word as rebellie. Verblind deur Satan, sal ouers kras en wreed optree teenoor hulle kinders; die huisheer of huisvrou sal hulle bediendes wat die gebooie bewaar, verdruk. Die liefde sal afkoel; kinders sal onterf en uit die huis gejaag word. Die volgende woorde van Paulus sal letterlik vervul word: "Almal wat Godvrugtig wil lewre in Christus Jesus, sal vervolg word." 2 Tim. 3: 12. Sommige van die verdedigers van die waarheid wat weier om die Sondag-sabbat te vereer, sal in die tronk gestop word, sommige sal verban word, en ander sal as slawe behandel word. Vir ons lyk dit vandag alles onmoontlik; maar namate die Gees van God aan die mense onttrek word, en hulle deur Satan beheers word wat die goddelike gebooie haat, sal daar vreemde verwikkelings wees. Die menslike hart kan baie wreed wees wanneer vrees en liefde gewyk het.

Namate die storm nader, sal 'n groot aantal van diegene wat voorgegee het om in die derde engel se boodskap te glo, maar wat nie geheilig is deur gehoorsaamheid aan die waarheid nie, hulle geloof opgee en aansluit by die geledere van die teenstanders. Deur met die wêreld te verenig en met sy gees besiel te word, sal hulle sake beskou net soos die wêreldlinge; en wanneer die toets kom, sal hulle gereed wees om die maklike, populêre kant te kies. Talentvolle en innemende mense wat hulle eenmaal in die waarheid verbly het, sal hulle kragte gebruik om siele te bedrieg en te mislei. Hulle sal die bitterste vyande word van hulle gewese broeders. Wanneer Sabbathouers voor die howe gebring word oor hulle geloof, sal

hierdie afvalliges die beste werktuie van Satan wees om hulle te beskuldig en vals voor te stel; en hulle sal deur vals rapporte en beskuldigings die owerheid teen hulle ophits.

In hierdie tyd van vervolging sal die geloof van Gods diensknegte op die proef gestel word. Getrou het hulle die waarskuwing gegee en opgesien tot God en Sy woord alleen. Gods Gees wat in hulle harte gewerk het, het hulle gedwing om te spreek. Besiel met heilige ywer, en sterk onder goddelike invloed, het hulle hulle pligte aanvaar [688]
sonder om te dink aan die gevolge wat daar sou ontstaan as hulle tot die mense die woord spreek wat God aan hulle gegee het. Hulle het nie gedink aan hulle tydelike belange of gesoek om hulle reputasie en lewens te beveilig nie. En nogtans, wanneer die storm van teenstand teen hulle losbars, sal sommige, oorweldig deur vrees, gereed wees om uit te roep, "As ons vooraf die gevolge van ons woorde kon geweet het, sou ons stilgebly het." Aan alle kante is hulle omring deur moeilikhede. Satan val hulle aan met heftige versoekings. Dit lyk vir hulle of die werk wat hulle gekies het te moeilik is. Hulle word bedreig met vernietiging. Die geesdrif wat hulle besiel het, is weg; maar hulle kan nie teruggaan nie. En dan, onder 'n besef van hulle magteloosheid, neem hulle hulle toevlug tot die Almagtige om krag. Hulle onthou dat die woorde wat hulle gespreek het nie hulle s'n was nie, maar die van Hom wat hulle gebied het om die waarskuwing te gee. God het die waar-heid in hulle harte geplaas, en hulle kon nie anders as om dit te verkondig nie.

Ervare Godsmanne het in die verlede met dieselfde moeilikhede te kampe gehad. Wycliffe, Huss, Luther, Tyndale, Baxter, en Wesley — hulle almal het aangevoer dat alle leerstellings aan die Bybel getoets moet word, en hulle het verklaar dat hulle alles sou versaak wat deur die Bybel veroordeel word. Teen hierdie manne het vervolging heftig gewoed; maar hulle het nie opgehou om die waarheid te verkondig nie. Verskillende tydperke in die geskiedenis van die kerk is gekenmerk deur die openbaring van die een of ander spesiale waarheid volgens die behoeftes van Gods volk in daardie tyd. Elke nuwe waarheid het te kampe gehad met haat en teenstand; en diegene wat deur die lig daarvan geseën is, is versoek en beproef. In tye van nood gee God aan Sy volk spesiale waarhede. Wie durf weier om sulke waarhede te verkondig? Hy beveel Sy diensknegte om die laaste genadeboodskap aan die wêreld te verkondig. Hulle kan nie

sonder gevaar vir hulle eie siele stilbly nie. Christus se gesante het niks te doen met die gevolge nie. Hulle moet hulle plig nakom en die gevolge aan God oorlaat.

Namate die teenstand heftiger word, is die diensknegte van God
[689] weer verbyster; want dit skyn vir hulle asof hulle die krisis laat ontstaan het. Maar hulle gewete en die woord van God verseker hulle dat hulle die regte weg ingeslaan het; en ofskoon die beproewings voortduur, ontvang hulle krag om dit te verdra. Die stryd word swaarder en heftiger, maar hulle ontvang geloof en moed namate die nood hoër styg. Hulle getuig: "Ons durf nie die hand aan Gods woord slaan of Gods heilige wet verdeel deur een deel belangrik en die ander deel onbelangrik te noem om die guns van die wêreld te win nie. Die God wat ons dien is magtig om ons te verlos. Christus het die aardse magte oorwin, en sal ons bang wees vir 'n wêreld wat reeds oorwin is?"

Vervolging in sy verskillende vorms is die ontwikkeling van 'n beginsel wat sal bly solank as Satan bestaan en die Christelike godsdiens lewenskrag het. Niemand kan God dien sonder die teenstand van dié leërskare van die duisternis te verwek nie. Bose engele sal hom aanval, omdat hulle bevrees is dat sy invloed hulle prooi uit hulle hande sal verlos. Bose mense, bestraf deur sy voorbeeld, sal saamwerk met die bose engele in hulle poging om hom van God af
[690] te skei deur hulle verloklike versoekings. As dit nie geluk nie, word daar tot geweld oorgegaan om die gewete te forseer.

Maar solank as Jesus in die heiligdom daarbo optree as middelaar van die mens, sal die weerhoudende invloed van die Heilige Gees gevoel word deur regeerders en volk. In 'n sekere mate beheers dit nog die wette van die land. As dit nie vir hierdie wette was nie, sou die toestand van die wêreld baie erger wees as wat dit tans is. Terwyl baie van ons regeerders aktiewe werktuie van Satan is, het God ook Sy werktuie onder die leiers van die volk. Die vyand beïnvloed sy diensknegte om maatreëls voor te stel wat Gods werk baie sal verhinder; maar godvresende staatsliede word deur heilige engele beïnvloed om sulke maatreëls te bestry met onweerlegbare argumente. Op hierdie manier sal 'n paar manne die sterk stroom van onheil terughou. Die teenstand van die vyande van die waarheid sal bedwing word, sodat die derde engel se boodskap sy werk kan doen. Wanneer die finale waarskuwing gegee word, sal dit die aandag trek

van hierdie vooraanstaande manne deur wie die Here tans werk, en sommige van hulle sal die boodskap aanneem en saam met Gods volk staan in die tyd van benoudheid.

Die engel wat help met die verkondiging van die derde engel se boodskap, sal die hele wêreld verlig met sy heerlikheid. Hier word daar 'n wêreldwye werk met ongekende krag voorspel. Die Adventboodskap van 1840-44 was 'n heerlike openbaring van die krag van God; die eerste engel se boodskap het na elke sendingstasie in die wêreld gegaan, en in sommige lande is daar die grootste godsdienstige belangstelling opgewek wat nog ooit gesien is sedert die Hervorming van die sestiende eeu; maar dit sal oortref word deur die magtige beweging in verband met die finale waarskuwing van die derde engel.

Die werk sal gelyk wees aan die wat op Pinksterdag gedoen is. Net soos die "vroeë reën" gegee is tydens die uitstorting van die Heilige Gees aan die begin van die evangelie om die kosbare saad te laat ontkiem, so sal die "laat 'reën" gegee word aan die einde om die oes ryp te maak. "En laat ons ken — laat ons dit najaag om die Here te ken; Sy opgang is so seker soos die dagbreek, en Hy sal tot ons kom soos reën, soos die laat reëns wat die aarde besproei." Hosea 6: 3. "En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in die Here julle [691] God, want Hy gee julle die leraar van geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns." Joël 2: 23. "En in die laaste dae, sê God, sal Ek van My Gees uitstort op alle vlees." "En elkeen wat die naam van die Here aanroep, sal gered word." Hand. 2: 17, 21.

Die groot werk van die evangelie sal nie afgesluit word met 'n geringer openbaring van die krag van God as by sy opening nie. Die profesieë wat vervul is in die uitstorting van die vroeë reën tydens die opening van die evangelie, sal weer vervul word in die laat reëns aan die einde. Hier het ons "die tye van verkwikking" waarna Petrus uitgesien het toe hy gesê het, "Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus." Hand. 3: 19, 20.

Diensknegte van God, met hulle gesigte stralende van heilige toewyding, sal hulle van plek tot plek haas om die boodskap van die hemel te verkondig. Deur duisende stemme oor die aarde sal

die boodskap gegee word. Wonderwerke sal verrig word, siekes sal genees word, en daar sal tekens en wonders wees. Satan sal ook werk met wonders van die leuen, en hy sal selfs vuur uit die hemel laat neerdaal voor die mense. (Openb. 13: 13.) Op hierdie manier sal die bewoners van die aarde bewceg word om uit te staan.

Die boodskap sal verkondig word, nie soseer deur argumente nie, as deur ‘n diepe oortuiging van die Gees van God. Die argumente is reeds aangevoer. Die saad is gesaai, en nou sal dit opkom en vrugte afwerp. Die leesstof wat versprei is deur sendingwerkers, het sy invloed laat geld, maar baie wat onder die indruk daarvan gekom het, is belet om die waarheid ten voile te verstaan en te gehoorsaam. Nou sal die ligstrale orals deurdring, en die waarheid sal in sy helderheid gesien word en die opregte kinders van God sal die bande verbreek wat hulle vashou. Familiebetrekkinge en kerklike bande, is nou magteloos om hulle vas te hou. Die waarheid is vir hulle dierbaarder as alle ander dinge. En nieteenstaande die magte wat teen die waarheid verenig is nie, sal ‘n groot getal uitstaan aan
[692] die kant van die Here.

[693]

## Hoofstuk 39—"Die Tyd van Benoudheid"

"EN in die tyd sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op die tyd nie; maar in die tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan." Dan. 12: 1.

Wanneer die derde engel se boodskap afgesluit word, sal daar nie meer genade wees vir die skuldige aardbewoners nie. Die volk van God het hulle werk afgedaan. Hulle het "die laat reëns," "tye van verkwikking van die aangesig van die Here," ontvang en hulle is berei vir die beproewingsuur voor hulle. Engele haas heen en weer in die hemel. 'n Engel wat terugkeer van die aarde kondig aan dat sy werk klaar is; die eindtoets is aan die wêreld gegee, en almal wat hulle getrou betoon het aan die goddelike gebooie het die "seël van die lewende God" ontvang. Nou staak Jesus Sy voorbidding in die heiligdom daarbo. Hy hef Sy hande op, en met 'n luide stem sê Hy, "Dit is verby;" die leërskare van engele haal hulle krone af terwyl [694]
Hy die volgende plegtige aankondiging doen: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word." Openb. 22: 11. Elke saak is beslis vir die lewe of die dood. Christus het versoening gedoen vir Sy volk, en hulle sondes uitgedelg. Die getal van Sy onderdane is vol; "Die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel" sal eerlank gegee word aan diegene wat die saligheid beërf het, en Jesus sal regeer as Koning van die konings en Here van die here.

Wanneer Hy die heiligdom verlaat, bedek donkerheid die aardbewoners. In daardie vreeslike tyd moet die regverdiges voor 'n heilige God leef sonder 'n middelaar. Die bedwang wat die goddelose weerhou het, is nou opgehef en Satan het volkome beheer oor die verharde onboetvaardiges. Gods lankmoedigheid is beëindig. Die wêreld het Sy genade verwerp, Sy liefde versmaai, en Sy wet

vertrap. Die goddelose het die grense van hulle genadetyd oorskry; die Gees van God, wat hulle so hardnekkig weerstaan het, is eindelik onttrek. Sonder die beskerming van goddelike genade, is daar vir hulle geen beskerming teen die bose nie. Satan sal nou die aardbewoners in die laaste groot stryd dompel. Namate die engele van God die woeste winde van menslike drifte los, sal al die elemente van stryd vry woed. Die hele wêreld sal gewikkel word in 'n verwoesting baie erger as die van Jerusalem vanouds.

Een engel het al die eersgeborenes van Egipteland vernietig en die land in rou gedompel. Toe Dawid teen God gesondig het deur die volk te tel, het een engel daardie ontsettende verwoesting aangerig wat gekom het as straf op sy sondes. Dieselfde verwoestende krag van die heilige engele, wat geskied het op bevel van God, sal uitgeoefen word deur bose engele wanneer God hulle toelaat. Reeds nou is daar magte gereed, hulle wag net op goddelike bevel, om orals verwoesting aan te rig.

Diegene wat Gods wet vereer, word beskuldig dat hulle die oorsaak is van die oordele wat die wêreld tref, en ook sal hulle beskou
[695] word as die oorsaak van die verskriklike stuiptrekkings van die natuur en die stryd en bloedvergieting wat die aarde met ellende vervul. Die krag waarmee die laaste waarskuwing gepaard gegaan het, het die bose woedend gemaak; hulle woede bars los teen diegene wat die boodskap aangeneem het, en Satan sal die gees van haat en vervolging tot groter heftigheid aanblaas.

Toe God sy teenwoordigheid eindelik aan die Joodse volk onttrek het, het die priesters en die volk dit nie besef nie. Hoewel hulle onder beheer van Satan gestaan het, en besiel was met die afskuwelikste en kwaadwilligste drifte, het hulle hulleself nogtans beskou as die uitverkorenes van God. Die diens in die tempel het voortgegaan; brandoffers is geoffer op die besoedelde altare, en daeliks is die goddelike seen afgesmeek op 'n volk wat skuldig was aan die bloed van Gods geliefde Seun, en wat steeds getrag het om Sy diensknegte en apostels om die lewe te bring. En so ook, wanneer die onherroeplike besluit in die heiligdom aangekondig en die lot van die wêreld vir ewig beslis is, sal die aardbewoners dit nie weet nie. Die volk aan wie die Gees van God finaal onttrek is, sal voortgaan met hulle vormdiens; en die sataniese ywer waarmee die vors van die bose

hulle besiel om sy kwaadwillige planne uit te voer, sal die skyn van ywer vir God dra.

Daar die Sabbat die spesiale twispunt geword het deur die ganse Christendom, en die godsdienstige en burgerlike owerhede verenig het om die viering van Sondag verpligtend te maak, sal die hardnekkige weiering van 'n klein minderheid om gehoor te gee aan die algemene vereiste, hulle die spesiale voorwerpe maak van algemene verfoeiing. Daar sal aangevoer word dat die paar wat in stryd is met 'n instelling van die kerk en 'n wet van die staat, nie gedoog moet word nie; en dat dit beter sou wees vir hulle om te ly as dat al die volke tot verwarring en wetteloosheid sou oorgaan. Dieselfde argument is agtienhonderd jaar gelede teen Christus aangevoer deur die "owerstes van die volk." Dit is voordelig vir ons, het die listige Kajafas gesê, "dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie." Joh. 11: 50. Hierdie argument sal oortuigend skyn; en daar sal eindelik 'n dekreet uitgevaardig word teen diegene wat die Sabbat van die vierde gebod heilig, wat hulle sal veroordeel as diegene wat die swaarste straf verdien, en wat na 'n tyd, met die [696]
goedkeuring van die volk, gedood sal word. Romanisme in die Ou [697]
Wêreld, en afvallige Protestantisme in die Nuwe, sal dieselfde weg inslaan teenoor diegene wat die goddelike gebooie eerbiedig.

Die volk van God sal dan gedompel word in daardie tonele van lyding en ellende wat deur die profeet beskryf word as die tyd van Jakob se benoudheid. "So sê die Here: Ons het 'n stem van verskrikking gehoor; daar is vrees en geen vrede nie! ... Waarom ... is alle aangesigte in bleekheid verander? Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word." Jer. 30: 5-7.

Jakob se nag van benoudheid, toe hy in die gebed geworstel het vir verlossing uit die hand van Esau, is 'n voorstelling van wat Gods volk sal deurmaak in die tyd van benoudheid. (Gen. 32: 24-30.) Weens die bedrog wat hy gepleeg het om die seen van sy vader te verkry wat vir Esau bedoel was, moes Jakob vir sy lewe vlug, omdat hy bang was vir die vreeslike dreigemente van sy broer. Nadat hy baie jare in ballingskap deurgebring het, het hy op Gods bevel die terugreis aanvaar met sy vrouens en kinders, kleinvee en grootvee, na sy geboorteland. Toe hy die grense van die land bereik, is hy met vrees vervul deur die tyding van Esau se aantog aan die hoof van 'n

kommando, ongetwyfeld met die doel om wraak te neem. Jakob se gevolg, ongewapend en weerloos, sou die magtelose slagoffers van geweld word, soos dit geskyn het. En by hierdie groot angs en vrees het nog die verpletterende gewig van selfverwyt gekom; want dit was sy eie sonde wat hom in hierdie gevaar gebring het. Sy enigste hoop was op die genade van God; sy enigste verdediging moes hy nou in gebed soek. Maar hy het niks nagelaat wat hy kon doen om die onreg aan sy broer goed te maak en om die dreigende gevaar af te weer nie. So ook moet die navolgers van Christus, namate hulle die tyd van benoudheid nader, alles in hulle vermoë doen om hulleself in die regte lig te stel voor die volk, vooroordeel te verwyder, en die gevaar af te weer wat hulle gewetensvryheid bedreig.

Nadat hy sy gesin weggestuur het sodat hulle nie sy ellende mag [698] aanskou nie, het Jakob alleen agtergebly om met God te pleit. Hy het' sy sonde bely, en met dankbaarheid die g:nade wat God aan hom bewys het, erken, terwyl hy met die grootste ootmoed die verbond met sy vaders gepleit het, asook die beloftes wat aan hom gemaak is in daardie naggesig op Betel en in die land van sy ballingskap. Die krisis van sy lewe het gekom; alles was op die spel. In die duisternis en eensaamheid bid en verneder hy hom steeds voor God. Skielik word daar 'n hand op sy skouer geplaas. Hy dink dat dit 'n vyand is wat hom wil doodmaak, en met wanhoopskrag worstel hy met sy aanvaller. Toe die dag begin breek, het die vreemdeling bomenslike krag gebruik; nou het dit geskyn of die sterk man verlam is, en hy val neer, 'n hulpelose, wenende smeker, voor sy geheimsinnige teenstander. Jakob het nou besef dat dit die Verbondsengel is met wie hy worstel. Hoewel hy magteloos was en die grootste pyn gely het, het hy nie moed opgegee nie. Lank het hy lyding, gewetenswroeging, en moeilikheid verduur vir sy sonde; nou moet hy die versekering kry dat dit vergewe is. Dit het gelyk asof die goddelike besoeker wou vertrek; maar Jakob het hom vasgehou en om 'n seën gesmeek. Die engel sê, "Laat my gaan, want die dag het gebreek;" maar die patriarg roep uit, "Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën." Watter vertroue, watter onwrikbaarheid en volharding, sien ons hier! As dit 'n vermetelde, aanmatigende eis was, sou Jakob oombliklik gedood gewees het; maar dit is gedoen met die versekering van een wat sy swakheid en onwaardigheid bely het, maar wat nogtans vertrou het op die genade van 'n Verbonds-God.

"Hy het met die Engel geworstel en die oorhand gekry." Hosea 12: 5. Deur verootmoediging, berou, en selfoorgawe, het hierdie sondige, dwalende sterweling die oorhand gekry by die Majesteit van die Hemel. Met bewende hande het hy die beloftes van God aangeneem, en die hart van Ewige Liefde kon nie die gesmeek van die sondaar afwys nie. As bewys van sy oorwinning en as bemoediging vir ander om sy voorbeeld na te volg, is sy naam verander van 'n naam wat hom gedurig herinner het aan sy sonde, tot een wat 'n gedenknaam was van sy oorwinning. En die feit dat Jakob die oorhand gekry het by God was ook 'n versekering dat hy die oorhand sou kry by mense. Hy was nie langer bang vir sy broer se [699] woede nie; want die Here was sy beskutting.

Satan het Jakob voor die engele van God beskuldig en aa.ispraak gemaak op die reg om hom weens sy sonde te vernietig; hy het Esau beweeg om teen hom op te trek; en gedurende die patriarg se lang nag van worsteling wou Satan hom onder 'n besef van sy skuld bring ten einde hom te ontmoedig en om hom los te maak van God. Takob was byna tot wanhoop gedryf; maar hy het besef dat hy, sonder hemelse hulp, sou vergaan. Hy het opregte berou gehad oor sy groot sonde, en hy het hom beroep op die genade van God. Hy sou nie van sy doel afgedwing word nie, maar het die engel vasgehou, en met ernstige angskrete gebid totdat hy oorwin het.

Net soos Satan Esau beïnvloed het om teen Jakob op te trek, so sal hy ook die goddelose opwek om Gods volk in die tyd van benoudheid te vernietig. En net soos hy Jakob beskuldig het, sal hy ook sy beskuldigings teen Gods volk inbring. Hy beskou die aardbewoners as sy onderdane; maar die klein klompie wat Gods gebooie hou, weerstaan sy heerskappy. As hy hulle maar net van die aarde kon uitdelg, sou sy oorwinning volkome wees. Hy sien dat heilige engele hulle beskerm, en daaruit lei hy af dat hulle sondes vergewe is; maar hy weet nie dat hulle sake reeds afgehandel is in die heiligdom daarbo nie. Hy het 'n noukeurige kennis van al die sondes wat hy hulle verlei het om te pleeg, en die stel hy baie vergroot aan God voor, en hy voer aan dat hierdie mense in dieselfde mate as hy verdien om van Gods guns uitgesluit te word. Hy voer aan dat God nie in regverdigheid hulle sondes kan vergewe, terwyl God hom en sy engele sal verdelg nie. Hy maak op hulle aanspraak as sy prooi,

en hy eis dat hulle in sy hande oorgegee moet word sodat hy hulle kan vernietig.

Terwyl Satan die volk van God aankla weens hulle sondes, laat die Here hom toe om hulle tot die uiterste toe te beproef. Hulle vertroue in God, hulle geloof en standvastigheid sal swaar beproef word. As hulle aan die verlede dink, sak hulle hoop; want in hulle hele lewe kan hulle nie veel goeds sien nie. Hulle is volkome bewus
[700] van hulle swakheid en onwaardigheid. Satan probeer om hulle bang te maak met die gedagte dat hulle saak hopeloos is, en dat hulle besoedeling nooit uitgewis kan word nie. Hy hoop om hulle geloof te vernietig, sodat hulle sal toegee aan sy versoekings en hulle trou aan God sal versaak.

Ofskoon Gods volk omring sal wees van vyande wat op hulle vernietiging uit is, is die angs wat hulle deurmaak egter nie 'n vrees vir vervolging oor die waarheid nie; hulle vrees is dat alle sondes nie uitgedelg is nie, en dat hulle, deur die een of ander fout in hulleself, nie die volgende belofte van die Heiland verwesenlik sal sien nie: "Ek sal jou ook bewaar vir die uur van beproewing wat oor die wêreld kom." Openb. 3: 10. As hulle maar net die versekering van vergifnis kon hê, sou hulle nie terugdeins vir marteling of die dood nie; maar as hulle onwaardig bevind word, en hulle lewens moet prysgee weens hulle eie karaktergebreke, sou Gods heilige naam gesmaad word.

Aan alle kante hoor hulle van sameswerings tot hoogverraad, en sien hulle rebellie; en in hulle ontstaan daar 'n sterk begeerte, 'n sielsverlange, dat die groot afval tot 'n einde moet kom, en dat daar 'n end gemaak moet word aan die goddelose en goddeloosheid. Maar terwyl hulle God smeek om die werk van rebellie teen te hou, doen hulle dit met 'n diepe besef van selfverwyt dat hulle op sigself nie meer krag het om die magtige vloedgolf van boosheid te weerstaan en terug te slaan nie. Hulle voel dat as hulle altyd al hulle vermoëns aan die diens van Christus sou bestee het, en van krag tot krag voortgegaan het, die magte van Satan minder krag sou gehad het om hulle te oorwin.

Hulle verootmoedig hulle siele voor God terwyl hulle verwys na die bekering van hulle sondes in die verlede en aanspraak maak op die Heiland se belofte, "Hulle moet My beskutting aangryp, vrede met My maak, vrede met My maak." Jes. 27: 5. Hulle versaak nie

hulle geloof omdat hulle gebede nie onmiddellik verhoor word nie. Hoewel hulle in die grootste angs, vrees, en ellende verkeer, staak hulle nie hulle voorbidding nie. Hulle neem die krag van God beet net soos Jakob die Engel beetgeneem het; en die taal van hulle hart is, "Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seen."

As Jakob hom nie voorheen bekeer het van sy sonde van bedrog [701] in verband met die geboortereg nie, sou God nie sy gebed verhoor en sy lewe gespaar het nie. So ook in die tyd van benoudheid; as daar sondes teen Gods volk staan wat nie bely is nie, terwyl hulle in die tyd van benoudheid gefolter word deur vrees en angs, sou hulle oorweldig word; wanhoop sou hulle geloof vernietig, en hulle sou geen vrymoedigheid hê om tot God te bid om verlossing nie. Maar terwyl hulle 'n diepe besef het van hulle onwaardigheid, is daar nie bedekte sondes wat geopenbaar moet word nie. Hulle sondes het vooruitgegaan na die gereg, en dit is uitgedelg; dit kan nie weer in herinnering gebring word nie.

Satan bring mense daartoe om te glo dat God hulle ontrouheid in die klein dingetjies sal oorsien; maar in Sy handeling met Jakob het die Here getoon dat Hy geensins sondes sal toelaat of gedoog nie. Almal wat trag om hulle sondes te bedek of verskoning daarvoor te maak, en wat daardie sondes in die boeke van die hemel laat bly, nie bely en nie vergewe nie, sal deur Satan oorwin word. Hoe groter hulle lig is en hoe meer verhewe die posisie wat hulle beklee, hoe emstiger beskou God hulle sondes, en hoe sekerder die oorwinning van hulle groot vyand. Diegene wat nalaat om voor te berei vir die dag van God, sal dit nie kan doen in die tyd van benoudheid of enige tyd daarna nie. Die sake van al diesulkes is hopeloos.

Daardie belydende Christene wat onvoorberei kom tot die laaste groot stryd, sal in hulle wanhoop, hulle sondes in die grootste angs bely, terwyl die bose hulle verheug oor hulle ellende. Hulle belydenis van die sonde is van dieselfde soort as die van Esau en Judas. Diegene wat die belydenis doen, is jammer oor die gevolge van hulle oortreding, maar nie oor hulle sonde self nie. Daar is nie ware berou en geen afsku van die sonde nie. Hulle bely hulle sonde uit vrees vir die straf; maar, soos Farao vanouds, sou hulle weer hulle uitdagende houding teen die Hemel aanneem as die oordele van God verwyder sou word.

Jakob se geskiedenis is ‘n versekering aan ons dat God nie diegene sal verwerp wat bedrieg, versoek, en tot die sonde verlei is, [702] maar wat in ware bekering tot Hom terugkeer nie. Terwyl Satan trag om hierdie klas te vernietig, sal God Sy engele stuur om hulle te vertroos en te beskerm in die tyd van gevaar. Die aanslae van Satan is woedend en vasberade, en sy verleidings is ontsettend; maar die oog van die Here is oor Sy volk, en Sy oor hoor hulle roepstem. Hulle lyding is groot; dit skyn of die vlamme van die smeltkroes hulle wil verswelg; maar die Een wat hulle louter, sal hulle te voorskyn bring soos goud wat deur vuur beproef is. Gods liefde vir Sy kinders gedurende die tyd van hulle grootste beproewing is net so sterk en teer as in die dae van hulle grootste voorspoed; maar dit is nodig dat hulle in die smeltkroes moet gaan; hulle aardse skuim moet verteer word, en hulle moet die beeld van Christus volkome weerkaats.

Die tyd van ellende en angs wat voor ons is, vereis ‘n geloof wat vermoeienis, vertraging, en honger sal verduur —‘n geloof wat nie sal verflou nie hoe heftig die beproewing ook is. Die genadetyd word aan almal toegestaan om hulle vir daardie tyd te berei. Jakob het oorwin omdat hy volhardend en vasberade was. Sy oorwinning is ‘n bewys van die krag van volhardende gebed. Almal wat aanspraak maak op Gods belofte soos hy, en wat so ernstig en volhardend is as hy, sal oorwin soos hy oorwin het. Diegene wat onwillig is om self te verloën, om in sielsangs tot God te bid, en lank en vurig te smeek om Sy seën, sal dit nie verkry nie. Worstel met God — hoe min is daar wat weet wat dit beteken! Hoeveel is daar wat met hulle ganse hart en met die vurigste begeerte en met alle kragte tot God bid? Wanneer bare van wanhoop, wat nie in woorde beskryf kan word, teen die smeker slaan, hoeveel is daar wat met ‘n onwrikbare geloof aan die beloftes van God sal vasklem?

Diegene wat nou min geloof het, loop gevaar om onder die invloed van Sataniese bedrog te kom, asook die dekreet om die gewete te dwing. En as hulle die toets kan deurmaak, sou hulle in die tyd van benoudheid in nog groter angs en ellende gedompel word, omdat hulle nie die gewoonte aangekweek het om op God te vertrou nie. Die lesse van geloof wat hulle verwaarloos het, sal hulle moet leer [703] onder vreeslike druk en ontmoediging.

Ons behoort God nou te leer ken deur Sy beloftes aan te neem. Die engele skryf elke ernstige en opregte gebed op. Ons behoort He-

wer die bevrediging van self te versaak as om gemeenskap met God te verwaarloos. Die grootste armoede, die grootste selfverloëning, is met Gods seën beter as rykdom, eer, gemak, en vriende sonder Sy goedkeuring. Ons moet tyd neem om te bid. As ons toelaat dat ons harte deur wêreldse belange in beslag geneem word, mag die Here ons tyd gee deur ons afgode van goud, of huise, of vrugbare landerye weg te neem.

Die jongmense sal nie tot die sonde verlei word as hulle sou weier om enige ander pad te bewandel as die een waarop hulle Gods seen kan vra nie. As die boodskappers wat die laaste plegtige boodskap aan die wêreld gee, om die seen van God sou bid, nie op 'n kille, lustelose en luie manier nie, maar vurig en in geloof soos Jakob, sou daar baie gevalle wees waar hulle kan sê, "Ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered." Gen. 32: 30. Die hemel sou hulle beskou as prinse, wat krag by God en by die mense het.

Die "tyd van benoudheid soos daar nie gewees het nie," sal gou aanbreek; en daarvoor sal ons 'n ondervinding nodig hê wat ons nie nou het nie, en wat vele te lui is om te verkry. Dikwels is dit die geval dat moeilikheid wat ons verwag groter skyn as wat dit werklik is; maar dit is nie die geval met die krisis voor ons nie. Die treffendste woorde sal nie die grootheid van die benoudheid kan beskryf nie. In daardie tyd van beproewing sal elke siel alleen moet staan voor God. "A1 was Noag, Daniel en Job daarin," naamlik in die land, "sowaar as Ek leef! spreek die Here HERE: Hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hulle geregtigheid red." Eseg. 14: 20.

Nou, terwyl ons groot Hoëpriester versoening vir ons doen, behoort ons te soek na volmaaktheid in Christus. Ons Heiland het selfs nie deur 'n enkele gedagte toegegee aan die krag van versoeking nie. In menslike harte vind Satan die een of ander plekkie waar hy kan vatkans kry; die een of ander gekoesterde sondige begeerte waardeur hy sy versoekings kan laat werk. Van Homself het Christus gesê, "Die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie." Joh. [704]
14: 30. Satan kon niks in die Seun van God vind waardeur hy die oorwinning kon behaal nie. Hy het Sy Vader se gebooie bewaar, en daar was geen sonde in Hom wat Satan tot sy voordeel kon gebruik

nie. Dit is die toestand waarin diegene moet verkeer wat in die tyd van benoudheid staande wil bly.

Dit is in hierdie lewe dat ons die sonde moet versaak deur geloof in die versoenende bloed van Christus. Ons dierbare Heiland nooi ons om onsself met Hom te verenig, ons swakheid met Sy krag, ons onkunde met Sy wysheid, en ons onwaardigheid met Sy verdienstes. Die voorsienigheid van God is die skool waarin ons die nederigheid en ootmoed van Jesus moet leer. Die Here stel gedurig voor ons, nie die weg wat ons graag kies nie, die aangenamer en makliker weg nie, maar die ware doel van die lewe. Dit hang van ons af of ons sal saamwerk met die werktuie wat die Hemel gebruik in die werk om ons karakters te vorm volgens die goddelike model. Niemand kan hierdie werk nalaat of afstel sonder die grootste gevaar vir sy siel nie.

In ‘n g.sig het die apostel Johannes ‘n luide stem in die hemel hoor uitroep, “Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.” Openb. 12: 12. Vreeslik is die tonele wat die hemelse stem hierdie woorde laat uitroep het. Namate die tyd van Satan korter word, neem sy woede toe, en sy werk van bedrog en verwoesting sal sy toppunt bereik in die tyd van benoudheid.

Vreeslike verskynsels van ‘n bonatuurlike aard sal eerlank in die hemele geopenbaar word as ‘n teken van die wonderwerkende mag van demone. Die geeste van duiwels sal na die konings van die aarde en die hele wêreld gaan, om hulle te bedrieg en hulle oor te haal om met Satan te verenig in sy laaste poging teen die regering van die hemel. Deur hierdie werktuie word sowel regeerders as onderdane bedrieg. Daar sal persone verskyn wat voorgee dat hulle Christus Self is, en hulle sal aanspraak maak op die titel en aanbidding wat die wêreld se Verlosser alleen toekom. Hulle sal wonderwerke van gesondmaking verrig, en hulle sal voorgee dat hulle openbarings uit
[705] die hemel ontvang het wat die getuienis van die Skrifte weerspreek.

As kronende toneel in die groot drama van bedrog, sal Satan hom voordoen as Christus. Lank reeds het die kerk uitgesien na die koms van die Heiland as die verwesenliking van sy hoop. Die groot bedrieër sal dit nou laat skyn asof Christus werklik gekom het. In verskillende dele van die aarde sal Satan homself onder die mense openbaar as ‘n majestueuse wese van skitterende heerlikheid,

wat voldoen aan die beskrywing van die Seun van God soos deur Johannes in Openbaring gegee. (Openb. 1: 13-15.) Die heerlikheid waarmee hy omring is, is onoortreflik—sterwelinge het nog nooit so iets aanskou nie. 'n Triomfkreet weergalm deur die lug. "Christus het gekom! Christus het gekom!" Die mense val in aanbidding voor hom neer, onderwyl hy sy hande ophef en 'n seen op hulle uitspreek net soos Christus Sy dissipels geseën het toe Hy op aarde was. Hy het 'n sagte, dog soetklinkende stem. In sagte, medelydende woorde verkondig hy sommige van dieselfde heerlike, hemelse waarhede wat die Heiland gespreek het; hy genees die siektes van die mense, en dan, in sy aangenome karakter van Christus, beweer hy dat hy die Sabbat verander het tot Sondag, en hy gebied almal om die dag te heilig wat hy geseën het. Hy verklaar dat diegene wat volhard in die heiliging van die sewende dag sy naam laster deur te weier om te luister na sy engele wat hy gestuur het met lig en waarheid. Dit is die groot, byna onweerstaanbare bedrog. Net soos die Samaritane wat deur Simon die towenaar bedrieg is, luister die skare, groot en klein, na hierdie towerye, en hulle sê, "Dit is die groot krag van God." (Hand. 8: 10.)

Maar die volk van God sal nie mislei word nie. Die leerstellings van hierdie valse christus stem nie ooreen met die Skrifte nie. Sy seen word uitgespreek op die aanbidders van die dier en sy beeld, juis die Idas op wie, volgens die Bybel, Gods ongemengde wraak uitgestort sal word.

En wat meer is, Satan word nie toegelaat om die wyse van Christus se koms na te maak nie. Die Heiland het Sy volk gewaarsku teen bedrog op hierdie punt, en Hy het die wyse van Sy koms duidelik voorspel. "Daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was ook die uitverkorenes te mislei. . . . Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, hy is in die woestyn — moet nie uitgaan [706]
nie. Kyk, hy is in die binnekamer — moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook wees die koms van die Seun van die mens." Matt. 24:24-27, 31; 25:31; Openb. 1: 7; 1 Thess. 4: 16, 17. Dit is onmoontlik om hierdie koms na te maak. Dit sal oor die hele wêreld bekend wees — deur almal gesien word.

Alleen diegene wat ywerige studente van die Skrifte is, en wat die liefde vir die waarheid aangeneem het, sal beskerm word teen die magtige bedrog wat die wêreld sal oorval. Deur die getuienis van die Bybel sal hulle die bedrieër in sy vermomming herken. Almal sal getoets word. Deur die sifting van versoeking sal die opregte Christen geopenbaar word. Is die volk van God nou so onbeweeglik bevestig op Gods woord dat hulle nie sal toegee aan die getuienis van hulle sintuie nie? Sal hulle, in so 'n krisis, vasklem aan die Bybel, en die Bybel alleen? Indien moontlik sal Satan hulle belet om die voorbereiding te maak sodat hulle kan staande bly in daardie dag. Hy sal sake so reel dat hulle weg versper word; hy sal hulle verstrik met aardse skatte, hulle swaar en vermoeiende laste laat dra, sodat hulle harte beswaar kan word met die sorge van hierdie lewe en dat die dag van beproewing hulle kan oorval soos 'n dief.

Wanneer die dekrete wat uitgevaardig word deur die verskillende owerhede van die Christendom die beskerming van die regering sal onttrek aan diegene wat die gebooie bewaar, en hulle oorgee aan diegene wat hulle wil vernietig, sal die volk van God wegvlug uit die stede en dorpe, en hulle sal in groepies saamkom en op afgeleë plekke gaan woon. Baie sal skuiling vind in bergvestings. Soos die Christene van die Piedmont valleie sal hulle van die hoë plekke van die aarde heiligdomme maak, en hulle sal God dank vir "die rotsvestings." (Jes. 33: 16.) Maar baie van die volke van alle klasse, hoog en laag, ryk en arm, swart en wit, sal in die onregverdigste en wreedste slawery geknel word. Die geliefdes van God sal lang vermoeiende dae moet deurmaak in kettings gebind, in tronke opgesluit, tot die dood gevonnis, sommige om miskien uitgehonger te word in afskuwelike donker kerkers. Geen menslike oor hoor hulle
[707] gekreun nie; geen menslike hand word uitgesteek om hulle te help nie.

Sal die Here Sy volk in hierdie uur van beproewing vergeet? Het hy getroue Noag vergeet toe die oordele die mense tydens die Sondvloed getref het? Het Hy Lot vergeet toe vuur uit die hemel neergedaal het om die stede van die vlakte te verwoes? Het Hy Josef vergeet toe hy in Egipte deur afgodedienaars omring was? Het Hy Elia vergeet toe Isebel gesweer het om hom die lot van die Baálsprofete te laat deel? Het Hy Jeremia vergeet in die vieslike

donker kuil waarin hy gewerp was? Het Hy die drie Hebreërs in die brandende vuuroond vergeet? of vir Daniël in die leeukuil?

“Sion sê: Die Here het my verlaat en die Here het my vergeet! Kan ‘n vrou haar suigeling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie! Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer.” Die Here van die leërskare het gesê, “Wie julle aanraak, raak Sy oogappel aan.” Jes. 49: 14-16; Sag. 2: 8.

Ofskoon vyande hulle in die tronk stop, kan die tronkmure hulle nie afsny van gemeenskap met Christus nie. Een wat hulle swakheid sien, wat bekend is met al hulle beproewings, staan hoër as alle aardse magte; en engele sal hulle besoek in hulle eensame selle, en die lig en vrede van die hemel aan hulle bring. Die gevangenis sal soos ‘n paleis wees; want diegene wat ryk is in geloof woon daar, en die sombere mure sal verlig word met ‘n hemelse lig, net soos toe Paulus en Silas gebid en lofsange gesing het te middernag in die tronk op Filippi.

Gods oordele sal diegene tref wat soek om Sy volk te verdruk en te vernietig. Sy groot lankmoedigheid teenoor die goddelose verstout hulle in hulle oortreding, maar hulle straf is desnieteenstaande nie minder gewis en verskriklik omdat dit lank uitgestel word nie. “Die Here sal Hom gereed maak soos by die berg Pérasim; Hy sal aanstorm soos in die dal van Gibeon om Sy werk te doen — vreemd is Sy werk!” Jes. 28: 21. Vir ons genadige God is die uitoefening van straf ‘n vreemde daad. “Sowaar as Ek leef! spreek die Here HERE: Gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie.” Eseg. 33: 11. Die Here is “‘n barmhartige en genadige God, lankmoedig [708]
en groot van goedertierenheid en trou. . . . Wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe.” Maar Hy sal die skuldiges “nooit ongestraf laat bly nie.” “Die Here is lankmoedig, maar groot van krag en nooit laat die Here ongestraf bly nie.” Exod. 34: 6, 7; Nahum 1:3. Deur vreeslike dinge in geregtigheid sal die Here die gesag van Sy vertrede wet wreek. Die ontsettende vergelding wat die oortreder wag, blyk uit die Here se huiwering om die reg uit te voer. Die volk wat Hy lank verdra en wat Hy nie wil straf totdat die beker van hulle ongeregtigheid vol is nie; sal uiteindelik die beker van Gods wraak moet drink wat ingeskink is sonder genade.

Wanneer Christus Sy voorbidding in die heiligdom staak, sal die wraak van God ongemeng uitgestort word op diegene wat die dier en sy beeld aanbid en sy merkteken ontvang. (Openb. 14: 9, 10.) Die plae wat Egipte getref het net voordat God Israel verlos het, stem ooreen met die nog verskrikliker en uitgebreider oordele wat die
[709] wêreld sal tref net voor die finale verlos- sing van Gods volk. Waar Hy hierdie vreeslike gésels beskryf, sê Johannes: "Kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het." Die see "het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe." Die riviere en die waterfonteine "het bloed geword." Yreeslik soos hierdie strawwe is, is Gods oordele volkome regverdig. Die engel van God het verklaar: "Ja, Here God, die Almagtige, waaragtig en regverdig is U oordele. Want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het vir hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien." Opsnb. 16: 2-6, 8, 9. Deur die volk van God op die aarde tot die dood te veroordeel, het hulle net so gewis die skuld op hulle hals gehaal asof hulle met hulle eie hande die bloed vergiet het. Net so ook het Christus die Jode van Sy tyd skuldig verklaar aan die bloed van al die heiliges wat vergiet is van die dae van Abel af; want hulle was besiel met dieselfde gees, en hulle het getrag om dieselfde werk te doen as die moordenaars van die profete.

In die plaag wat volg, word daar krag aan die son gegee "om mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte." Openb. 16: 8. Die profete beskryf die toestand van die aarde gedurende daardie vreeslike tyd, as volg: "Die veld is verwoes, die aarde treur; . . . Al die bome van die land het verdor; want verwelk het die vreugde, weg van die mensekinders." "Die graankorrels het weggekrimp onder die kluite, die voorraadkamers is verwoes. . . . Hoe sug die vee! Die troppe beeste is onrustig, want daar is geen weiveld vir hulle nie. . . . Die waterstrome het opgedroog, en 'n vuur het die weivelde van die woestyn verteer." "En die liedere van die paleis sal in die dag weeklaag, spreek die Here HERE: 'n menigte lyke gooi hulle oral neer in stilte." Joël 1: 10-12, 17-20; Amos 8: 3.

Die plae is nie algemeen nie, anders sou die aardbewoners almal uitgeroei word. Hulle is nogtans die vreeslikste gésels wat sterwelinge ooit geken het. Voor die afsluiting van die genadetyd, was al die oordele van God op die mense met genade vermeng. Die plei-

tende bloed van Christus het sondaars beskerm teen die volle straf [710]
op hulle sonde; maar in die eindoordeel word die grimmigheid van God uitgestort sonder genade.

In daardie dag sal menigtes smag na die genade van God wat hulle solank verag het. “Kyk daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek ‘n honger in die land stuur, nie ‘n honger na brood nie, en nie ‘n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor. En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos om na die woord van die Here te soek, maar hulle sal dit nie vind nie.” Amos 8: 11, 12.

Die volk van God sal nie vry wees van lyding nie; maar hoewel hulle vervolg word en in ellende verkeer, en terwyl hulle ontberings sal ly en voedselgebrek sal hê, sal hulle nie verlaat word om te sterf nie. Die God wat vir Elia gesorg het, sal nie een van Sy selfopofferende kinders verbygaan nie. Hy wat die hare van hulle hoof tel, sal vir hulle sorg; en in die tyd van hongersnood sal hulle versorg word. Terwyl die goddelose sterf van honger en die pes, sal engele die regverdiges beskerm en in hulle behoeftes voorsien. Aan hom wat in geregtigheid wandel is die belofte, “Sy brood word hom gegee, sy water is gewis.” “Die ellendiges en behoeftiges soek water, maar daar is nie; hulle tong verdroog van dors; Ek, die Here, sal hulle verhoor; Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie.” Jes. 33: IS, 16; 41: 17.

“Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie;” nogtans sal diegene wat die Here vrees “juig in God”—die God van hulle heil. Hab. 3: 17, 18.

“Die Here is jou bewaarder; die Here is jou skaduwee aan jou regterhand. Die son sal jou bedags nie steek nie, nog die maan by nag. Die Here sal jou bewaar vir elke onheil; jou siel sal Hy bewaar.” “Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. Hy sal jou dek met Sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; Sy trou is jou skild en pantser. Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! Al [711]
val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand — na

jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien. Want U, HERE, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie." Ps. 121:5-7; 91:3-10.

Uit 'n menslike oogpunt beskou, sal dit lyk of die volk van God spoedig hulle getuienis met hulle bloed sal moet verseël net soos die martelare voor hulle. Selfs hulle begin vrees dat die Here hulle oorgelaat het aan die genade van hulle vyande. Dit is 'n tyd van verskriklike sielsangs. Dag en nag roep hulle tot God om verlossing. Die goddelose is verheug en honend vra hulle, "Waar is nou julle geloof? As julle werklik Gods volk is, waarom verlos Hy julle nie uit ons hande nie?" Maar hierdie wagtendes onthou hoedat Jesus aan die kruis van Golgota gesterf het, en hoedat die owerpriesters en owerstes spottend gesê het, "Ander het Hy gered, Homself kan Hy nie red nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo." Matt. 27: 42. Soos Jakob, worstel almal met God. Die tekens van hulle innerlike stryd kan op hulle gelaat gesien word. Elke gesig is bleek. Maar nogtans hou hulle nie op met hulle smeking nie.

As die oë van die mense kon geopen word, sou hulle groepe magtige engele rondom diegene sien wat die woord van Christus bewaar het. Met medelydende teerheid het die engele hulle ellende gesien en hulle gebede gehoor. Hulle wag nou op bevel van hulle Aanvoerder om die mense uit hulle gevaar te red. Maar hulle moet nog 'n bietjie langer wag. Die volk van God moet die beker drink, en met die doop gedoop word. Juis die talming wat vir hulle so swaar is, is die beste antwoord op hulle gebede. In hulle poging om met vertroue te wag op die Here om te werk, moet hulle hulle geloof, hoop, en lydsaamheid beoefen — dinge wat hulle so min beoefen het in hulle Christelike lewe. Maar vir die ontwil van die uitverkorenes sal die tyd van be-noudheid verkort word. "Sal God dan nie reg doen
[712] aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie? . . . Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen." Lukas 18: 7, 8. Die einde sal spoediger kom as wat die mense verwag. Die koring sal bymekaar gemaak en in gerwe gebind word vir die skuur van God; die onkruid sal in bondeltjies gebind word vir die vure van verwoesting.

Die hemelse wagters, hou steeds getrou wag. Hoewel 'n algemene dekreet die tyd bepaal het waarop die bewaarders van die

gebooie gedood moet word, sal hulle vyande in sommige gevalle voorbarig optree en voor die bepaalde tyd probeer om die mense dood te maak. Maar nie een van hulle sal kan verbykom by die magtige wagters rondom elke gelowige siel nie. Sommige word aangeval terwyl hulle uit die stede en die dorpe vlug; maar die swaarde wat teen hulle opgehef word, sal verbreek word en soos ‘n strooitjie val uit die hande van diegene wat hulle hanteer. Ander word deur engele in die gedaante van krygsliede beskerm.

Deur die eeue heen het God deur heilige engele gewerk vir die bewaring en verlossing van Sy volk. Hemelse wesens het ‘n aktiewe rol gespeel in menslike sake. Hulle het verskyn in klere wat blink soos die weerlig; hulle het gekom in die vorm van manne gekleed as reisigers. Engele het in menslike ge-daante verskyn aan die kinders van God. Hulle het, soos mense wat moeg is, in die middagkoelte van akkerbome gerus. Hulle het die gasvryheid van mense aangeneem. Hulle het opgetree as gidse vir verdwaalde reisigers. Met hulle eie hande het hulle die vuur op die altaar aangesteek. Hulle het die deure van gevangenisse oopgemaak en Gods diensknegte vrygestel. In die gewaad van die hemel het hulle gekom om die klip voor die Heiland se graf weg te rol.

In die vorm van mense verskyn engele dikwels op die byeenkomste van die regverdiges, ook besoek hulle vergaderings van die goddelose, soos byvoorbeeld toe hulle na Sodom gegaan het om aantekeninge te maak van die Sodomiete se dade ten einde vas te stel of hulle die grens van Gods verdraagsaamheid oorskry het. Die Here het behae in genade; en vir die ontwil van die paar wat Hom in opregtheid dien, hou Hy rampe terug en Hy laat die vrede van die menigtes voortduur. Hoe min besef son- daars dat hulle hulle eie [713]
lewens te danke het aan die paar getroues wat hulle so graag bespot en verdruk.

Hoewel die regeerders van hierdie wêreld onbewus is daarvan, het engele dikwels in hulle raadsvergaderings opgetree as sprekers. Menslike oë het hulle gesien; menslike ore het geluister na hulle oproepe; menslike lippe het hulle voorstelle bestry en hulle raad verag; menslike hande het hulle beledig en mishandel. In die raadsale en geregshowe het hierdie hemelse boodskappers ‘n intieme kennis aan die dag gelê van die menslike geskiedenis; hulle het bewys gelewer dat hulle beter in staat is om die saak van die verdruktes te

bepleit as die bekwaamste en welsprekendste verdedigers. Hulle het planne in die war gestuur en onheile verhoed wat die werk van God baie sou benadeel, en groot lyding sou veroorsaak het aan Sy volk. In die uur van gevaar en ellende, trek die engel van die Here "'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit." Ps. 34: 8.

Verlangend wag Gods volk op die tekens van hulle komende Koning. Waar daar aan die wagter gevra word, "Wat van die nag?" kom die antwoord, "Die more kom, en ook die nag." Jes. 21: 11, 12. Bokant die wolke op die bergtoppe breek die lig deur. Eerlank sal Sy heerlikheid geopenbaar word. Die Son van Geregtigheid sal gou in voile heerlikheid skyn. Die more en die nag is op hande — die aanbreking van die eindelose dag vir die regverdiges, en die koms van die ewige nag vir die goddelose.

Waar die kinders van God in gebed met Hom worstel, skyn dit of die gordyn wat hulle van die onsienlike skei, byna weggetrek is. Die hemele gloei met die aanbreking van die ewige dag, en soos die melodie van engelliedere word die woorde gehoor, "Staan onwrikbaar in jou getrouheid. Hulp kom." Christus, die almagtige Oorwinnaar, reik aan Sy afgematte soldate 'n kroon van onverganklike heerlikheid, en Sy stem word gehoor deur die half-oop poorte: "Kyk, Ek is met julle. Moenie vrees nie. Ek is bekend met al julle droefheid; Ek het julle droefheid gedra. Julle veg nie teen onbekende vyande nie. Ek het die stryd vir julle gestry, en in My naam is julle meer as
[714] oorwinnaars."

Die dierbare Heiland sal hulp stuur juis wanneer ons dit nodig het. Die weg na die hemel is geheilig deur Sy voetspore. Elke doring wat ons voete steek, het Syne verwond. Elke kruis wat ons moet dra, het Hy reeds voor ons gedra. Die Here laat stryd toe om die siel te berei vir vrede. Die tyd van benoudheid is 'n groot beproewing vir Gods volk; maar dit is die tyd wanneer elke ware gelowige na bo moet kyk, sodat hy deur geloof die boog van belofte kan sien.

"So sal dan die losgekooptes van die Here teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry; kommer en gesug vlug weg. Ek is dit wat julle troos! Wie is jy, dat jy bevrees is vir die mens wat moet sterwe, en vir die mensekind wat oorgegee word soos gras? Dat jy vergeet die Here wat jou gemaak het, . . . Dat jy gedurigdeur die hele dag bewe vir die grimmigheid van die verdrukker as hy dit

daarop toelê om te verwoes? Waar is dan die grimmigheid van die verdrukker? Die geboeide word gou losgelaat en sal nie sterwend in die kuil neerdaal nie, en sy brood sal nie ontbreek nie. Maar Ek is die Here jou God wat die see in beroering bring, sodat Sy golwe bruis; Here van die leërskare is Sy Naam! En Ek het My woorde in jou mond gelê en in die skaduwee van My hand jou verberg. . . .

Daarom hoor tog dit, ellendige, en jy wat dronk is, maar nie van wyn nie! So sê die Here, die Here, en jou God wat die saak van Sy volk verdedig: Kyk, Ek neem die beker van bedwelming uit jou hand, die kelk van My grimmigheid; jy sal dit verder nie meer drink nie. Maar Ek sal dit in die hand gee van die wat jou droefheid aandoen, wat vir jou gesê het: Buig, dat ons oor jou kan gaan; en jy moes jou rug maak soos die grond, en soos 'n straat vir die wat daaroor gaan." Jes. 51: 11-16, 21-23.

Die oog van God, deur die eeue heen kykende, is gevestig op die krisis waardeur Sy volk moet gaan wanneer aardse magte teen hulle sal opstaan. Soos 'n banneling sal hulle 'n hongerdood en 'n gewelddood vrees. Maar die Heilige wat die pad deur die Skelf See gemaak het vir Israel, sal Sy mag openbaar en hulle verlos. "Hulle
sal My tot 'n eiendom wees, sê die Here van die leërskare, op die [715]
dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man met sy seun wat hom dien, medelyde het." Mai. 3: 17. As die bloed van Christus se getroue getuies in hierdie tyd moes vergiet word, sou dit nie soos die bloed van die martelare soos saad wees wat 'n oes vir God sou afwerp nie. Hulle getrouheid sou nie getuig om ander van die waarheid te oortuig nie; want die verharde hart het die strome van genade so baiekeer geweier dat hulle nooit meer sal terugkom nie. As die regverdiges nou die prooi sou word van hulle vyande, sou dit 'n oorwinning wees vir die vors van duisternis. Die Psalmis sê, "Hy steek my weg in Sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van Sy tent; Hy verhef my op 'n rots." Ps. 27: 5. En Christus sê: "Kom, My volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik totdat die grimmigheid verbygaan. Want kyk, die Here sal uit Sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle te besoek." Jes. 26: 20, 21. Heerlik sal die verlossing wees van diegene wat geduldig gewag het op Sy koms, en wie se name geskryf staan
in die boek van die lewe. [716]

[717]

## Hoofstuk 40—Gods Yolk Yerlos

Wanneek die beskerming van menslike wette onttrek sal word aan diegene wat Gods wet eer, sal daar in verskillende lande 'n gelyktydige beweging vir hulle vernietiging wees. Namate die tvd van die dekreet nader, sal die mense saamsweer om die gehate sekte met wortel en tak uit te roei. Daar sal 'n besluit geneem word om in een nag 'n beslissende slag te slaan wat die stem van afkeuring en bestraffing vir ewig sal stilmaak.

Die volk van God, sommige in gevangenisse en sommige in eensame skuilplekke in die bosse en berge, sal nog om goddelike beskerming smeek, terwyl gewapende manne, aangehits deur leërskare van bose engele, aan alle kante klaarmaak vir hulle werk van vernietiging. Dit is nou, in die uur van hulle benoudheid, dat die God van Israel tussenbei tree om Sy uitverkorenes te verlos. Die Here sê:
[718] "Liedere sal julle sing soos in die nag as fees gevier word, en vrolik wees van hart soos die wat met die fluite loop, om te kom op die berg van die Here, na die Steenrots van Israel. En die Here sal Sy stem vol majesteit laat hoor en die neerdaling van Sy arm laat sien, met grimmige toorn en die vlam van 'n verterende vuur, storm en stortreën en haelkorrels." Jes. 30: 29, 30.

Met triomfkrete, spotredes en verwensings, begin skares van bose mense afstorm op hulle prooi; maar skielik word die aarde oorval met 'n stikdonkerheid wat donkerder is as die donkerste nag. Daarna word daar 'n reënboog gesien in die lug, blinkende met die heerlikheid van die troon van God, en dit skyn asof dit elke biddende groep omring. Die bose skare staan skielik stil. Hulle spottende stemme sterf weg. Die voorwerpe van hulle haat word vergeet. Met ontsettende voorgevoelens aanstaar hulle die simbool van Gods verbond, en hulle een begeerte is om beskerm te word van die oormeesterende glans daarvan.

Gods volk hoor 'n stem, duidelik en welluidend wat sê, "Kyk op," en hulle oë na die hemel opheffende, sien hulle die boog van belofte. Die grimmige swart wolke wat die uitspansel bedek het, gaan oop, en

soos Stefanus kyk hulle op na die hemel en hulle sien die heerlikheid van God, en die Seun van die mens sittende op Sy troon. In die goddelike vorm sien hulle die merke van Sy vernedering; en van Sy lippe verneem hulle die versoek wat Hy rig aan Sy Vader en voor die heilige engele, "Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees." Joh. 17:24. Weer word daar 'n stem gehoor, welluidend en oorwinnend, wat sê: "Hulle kom! Hulle kom! Heilig, argloos, en onbesoedeld. Hulle het die woord van My lydsaamheid bewaar; hulle sal onder die engele wandel;" en die bleek bewende lippe van diegene wat hulle geloof vasgehou het hef die oorwinningskreet aan.

Dit is middernag wanneer God Sy krag openbaar vir die verlossing van Sy volk. Die son verskyn in sy voile krag. Tekens en wonders volg vinnig op mekaar. Met vrees en verbasing aanskou die goddelose die toneel, terwyl die regverdiges met heilige vreugde die tekens van hulle verlossing sien. Dit skyn of alles in die natuur ontwrig is. Riviere vloei nie meer nie. Swaar donker wolke kom op, en hulle bots met mekaar. Maar in die mid- del van die onstuimige [719]
hemele is daar een helder oopplek van onbeskryflike heerlikheid, vvaaruit die stem van God gehoor word soos die geraas van baie waters, wat sê, "Dit is verby!" Openb. 16: 17.

Die stem skud die hemele en die aarde. Daar kom 'n magtige aardbewing, "soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde is nie — so 'n geweldige groot aardbewing." Openb. 16: 18. Dit skyn of die uitspansel oop en toe gaan, en asof die heerlikheid van die troon van God daar deurbiits. Die berge skud soos 'n riet wat deur die wind beweeg word, en geskeurde rotse val aan alle kante. Daar word 'n gedreun gehoor soos van 'n geweldige wind. Die see bruis. Die gedruis van 'n rukwind word gehoor soos die stemme van demone op hulle vernietigingswerk. Die aarde beweeg op en neer soos die bare van die see. Die oppervlakte daarvan breek op; dit skyn of die fondamente wegsak. Bergkettings sak weg. Bewoonde eilande verdwyn. Die hawestede wat soos Sodom geword het weens hulle goddeloosheid, word opgeswelg deur die woeste waters. Die grote Babilon is in gedagtenis voor God gebring, "om haar te gee die beker van die wyn van die grimmigheid van Sy toorn." Openb. 16: 19, 21. Groot haelstene van omtrent 'n talent in gewig doen hulle vernietigingswerk. Die trotsste stede van die aarde word verwoes.

Die heerlike paleise waaraan die groot manne van die wêreld hulle rykdom bestee het om hulleself te verheerlik, lê in puin voor hulle oë. Gevangenismure val om, en Gods volk wat daar opgesluit was vir hulle geloof, word vrygestel.

Grafte word geopen, "en baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik." Dan. 12: 2. Almal wat in geloof in die derde engel se boodskap gesterf het, kom verheerlik voort uit die graf om Gods verbond van vrede te hoor met diegene wat Sy wet onderhou het. "Ook hulle wat Hom deursteek het," diegene wat Christus bespot en uitgeskel het in Sy doodsangs, en die geweldigste teenstanders van Sy waarheid en Sy volk, word opgewek om Hom in Sy heerlikheid te sien, en om die eer te aanskou wat die getroues
[720] en gehoorsames ontvang. (Openb. 1:7.)

Donker wolke bedek nog die lug; maar die son breek nou en dan deur, en dit lyk soos die wraaknemende oog van Jehova. Kwaai blitse omhul die aarde in vuurvlamme. Bokant die vreeslike gedonder, word stemme, geheimsinnig en vreeslik, gehoor wat die verdoemenis van die goddelose uitspreek. Die woorde wat gespreek is word nie deur almal verstaan nie; maar hulle word duidelik verstaan deur die valse leraars. Diegene wat nog 'n rukkie tevore so onverskillig, grootpraterig, en uitdagend was, en wat hulle so verheug het in hulle wreedheid teenoor Gods gebooiebewarende volk, is nou oorweldig deur 'n verskriklike, ontsettende vrees. Bokant die gedreun van die elemente, word hulle angskrete gehoor. Demone erken die godheid van Christus, en hulle bewe voor Sy mag, terwyl mense in die grootste vrees neerval en om genade smeek.

Toe hulle in 'n heilige gesig die dag van God gesien het, het die profete vanouds dit as volg beskryf: "Huil julle, want die dag van die Here is naby; Hy kom as 'n verwoesting van die Almagtige." Jes. 13: 6. "Gaan in die rots en steek jou weg in die grond vanweë die skrik van die Here en om die heerlikheid van Sy majesteit ontwil. Die hoë oë van die mense sal verneder word, en die hoogheid van die manne neergebuig word; en die Here alleen sal in die dag verhewe wees. Want 'n dag is daar vir die Here van die leërskare oor al wat trots en hoog is, en oor al wat verhewe is, sodat dit verneder kan word." "In die dag sal die mens sy silwer afgode en sy goue afgode wat hy vir hom gemaak het om voor neer te buig, weggooi vir die

molle en die vlermuise; om te gaan in die skeure van die rotse en in die klowe van die kranse vanweë die skrik van die Here en om die heerlikheid van Sy majesteit ontwil, as Hy Hom klaarmaak om die aarde te verskrik." Jes. 2: 10-12, 20, 21.

Deur 'n opening in die wolke skyn daar 'n ster waarvan die glans viermaal vermeerder is in teenstelling met die duisternis. Dit spreek van hoop en vreugde tot die getroues, maar van hardheid en wraak teen die oortreders van Gods wet. Diegene wat alles opgeoffer het vir Christus is nou veilig, weggesteek in die skuilplek van die Here se tent. Hulle is getoets, en voor die wêreld en die veragters van die waarheid het hulle hulle getrou- heid getoon aan Hom wat vir [721]
hulle gesterf het. Daar het 'n wonderbaarlike verandering gekom oor diegene wat hulle opregtheid gehandhaaf het in die teenwoordigheid van die dood. Hulle is skielik verlos van die donkerheid en die verskriklike tirannie van mense wat in demone verander is. Hulle aangesigte, wat kort gelede nog so bleek, angstig, en vervalle was, straal nou van verbasing, geloof, en liefde. Hulle sing 'n oorwinningslied: "God is vir ons 'n toevlug en 'n sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef. Daarom sal ons nie vrees nie, al wankel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see. Laat sy waters bruis, laat hulle skuim; laat die berge bewe deur sy verheffing." Ps. 46: 2-4.

Terwyl hierdie woorde van heilige vertroue opstyg tot God, open die wolke en die sterrehemel word gesien, onuitspreeklik heerlik in teenstelling met die swart en toornige uitspansel aan albei kante. Die heerlikheid van die Godstad stroom deur die half-oop poorte, en in die lig verskyn daar 'n hand wat twee kliptafels wat toegevou is, vashou. Die profeet het gesê, "Die hemele verkondig Sy geregtigheid, want God staan gereed om te oordeel." Ps. 50: 6. Daardie heilige wet, Gods geregtigheid, wat te midde van donder en bliksem as lewensreël op Sinai verkondig is, word nou aan die mense geopenbaar as die maatstaf van die oordeel. Die hand vou die tafels oop, en die gebooie van die Dekaloog staan daar geskryf soos met 'n pen van vuur. Die woorde is so duidelik dat alle mense hulle kan lees. Dit kom in herinnering, die duisternis van bygeloof en dwaalleer word weggeveeg uit alle harte, en Gods tien woorde, kort en bondig en gesaghebbend, word geopenbaar aan al die aardbewoners.

Dit is onmoontlik om die verskrikking en wanhoop te beskryf van diegene wat Gods heilige gebooie vertrap het. Die Here het Sy wet aan hulle gegee; hulle kon hulle karakters daaraan getoets en die gebreke gesien het terwyl daar nog geleentheid was vir bekering en hervorming; maar om die guns van die wêreld te win, het hulle die gebooie verwerp en ander geleer om ook te oortree. Hulle het pogings aangewend om Gods volk te dwing om Sy Sabbat te ontheilig. Nou staan hulle veroordeel deur daardie wet wat hulle verag het. [722] Met ontsettende helderheid besef hulle dat hulle sonder verskoning staan. Hulle het gekies wie hulle wou dien en aanbid. "Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie." Mai. 3: 18.

Die vyande van Gods wet, van die predikante tot by die minste onder hulle het nou 'n nuwe begrip van waarheid en plig. Te laat sien hulle dat die Sabbat van die vierde gebod die seel van die lewende God is. Te laat besef hulle die ware aard van hulle valse sabbat, en die fondament van sand waarop hulle gebou het. Hulle ontdek dat hulle teen God geveg het. Godsdienstige leiers het siele tot die verderf gelei terwyl hulle voorgegee het om hulle na die poorte van die Paradys te lei. Eers in die dag van finale afrekening sal dit bekend word hoe groot die verantwoordelikheid is van diegene wat die heilige amp beklee, en hoe vreeslik die gevolge is van hulle ontrouheid. Eers in die ewigheid sal ons in staat wees om te besef wat die verlies van een enkele siel beteken. Vreeslik sal die verdoemenis wees van die aan wie God sal sê, Gaan weg van My, jou bose dienskneg.

Die stem van God word uit die hemel gehoor wat die dag en uur van Jesus se koms aankondig, en wat die ewige verbond aan Sy volk oorhandig. Soos die hardste donderslae dreun Sy woorde oor die aarde. Die Israel van God staan en luister met hulle oë omhoog. Hulle aangesigte is verlig met Sy heerlikheid, en hulle blink soos die gelaat van Moses toe hy van Sinai afgekom het. Die goddelose kan hulle nie aanskou nie. En wanneer die seen uitgespreek word op diegene wat God vereer het deur Sy Sabbat te heilig, word daar 'n magtige oorwinningskreet gehoor.

Kort daarna verskyn daar in die ooste 'n klein swart wolkie, omtrent so groot as 'n man se hand. Dit is die wolk rondom die Heiland, en wat in die verte lyk asof dit in duisternis gehul is. Die volk van God weet dat dit die teken van die Seun van die mens is.

In plegtige stilte staan hulle en kyk terwyl dit nader aan die aarde kom, en steeds ligter en heerliker word totdat dit naderhand 'n groot wit wolk is, die onderkant daarvan lyk soos 'n verterende vuur, en daar bokant is die reënboog van die verbond. Jesus ry voort soos 'n magtige oorwinnaar. Nou is Hy nie meer die "man van smarte [723] nie," om die beker van skande en ellende te drink nie; Hy kom nou, as oorwinnaar van hemel en aarde om die lewende en die dode te oordeel. "Getrou en waaragtig . . . en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid." "En die leërs in die hemel het Hom gevolg." Openb. 19: 11, 14. Met hemelse lofliedere vergesel die engele Hom —'n leërskare van engele wat ontelbaar is. Die uitspansel is bedek met heerlike gedaantes — tienduisendmaal tienduisend en duisende van duisende. Geen pen kan die toneel beskryf nie; Geen menseverstand kan die heerlikheid besef nie. "Sy majesteit bedek die hemel, en die aarde is vol van Sy lof. En glans soos sonlig is daar." Hab. 3:3, 4. Namate die wolk steeds nader kom, sien elke oog die Vors van die lewe. Geen doringkroon skend nou Sy heilige hoof nie, maar Hy dra 'n kroon van heerlikheid. Sy aangesig oortref die verblindende heerlikheid van die middagson. "En Hy het op Sy kleed en op Sy heup die naam wat geskrywe is: DIE KONING VAN DIE KONINGS EN DIE HERE VAN DIE HERE." Openb. 19: 16.

Voor Sy aangesig, "is alle aangesigte in bleekheid verander;" diegene wat Gods genade verwerp het, verkeer in ewige wanhoop. "Die hart versmelt, en knieë wankel, . . . en die aangesig van hulle almal word bleek." Jer. 30: 6; Nahum 2: 20. Die regverdiges roep bewend uit, "Wie kan bestaan?" Die engele hou op met sing, en daar is 'n onheilspellende stilte. Daarna word die stem van Jesus gehoor, wat sê, "My genade is vir jou genoeg." Die aangesigte van die regverdiges word verlig en vreugde vervul elke hart. Die engele sit hulle lied hoër in en begin weer sing terwyl hulle steeds nader aan die aarde kom.

Die Koning van die konings daal neer op 'n wolk, in vuurvlamme gehul. Die hemele word toegerol soos 'n boek, die aarde sidder voor Hom, en elke berg en elke eiland word uit hulle plekke verskuif. "Onse God kom en kan nie swyg nie. Vuur verteer voor Sy aangesig, en rondom Hom storm dit geweldig. Hy roep na die hemel daarbo en na die aarde om Sy volk te oordeel." Ps. 5O: 3, 4.

"En die konings van die aarde en die grotes en die rykes en
[724] die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van Sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" Openb. 6: 15-17.

Die gespot het opgehou. Leuenagtige lippe is stil. Die gekletter van wapens, en die rumoer van oorlog, "Met gedreun, en die kleed wat in bloed gerol is," is stil." Jes. 9: 4. Daar word nou niks gehoor nie behalwe stemme wat bid en mense wat ween en weeklaag. Van lippe wat so kort gelede nog gespot het, word die kreet nou gehoor, "Die groot dag van Sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" Die goddelose bid tot die rotse om hulle te bedek, liewer as om die aangesig te sien van Hom wat hulle verag en verwerp het.

Die stem wat selfs tot die ore van die dode deurdring, ken hulle. Hoe dikwels het daardie pleitende, tere stem hulle nie tot bekering geroep nie. Hoe dikwels is dit gehoor in die smekings van 'n vriend, 'n broeder, 'n Verlosser. Vir die verwerpers van Sy genade is daar geen stem so vol veroordeling, en so vol afkeuring as die stem wat solank met hulle gepleit het, "Bekeer julle, bekeer julle van julle verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe." Eseg. 33: 11. O dat dit vir hulle die stem van 'n vreemdeling was! Jesus sê: "Omdat Ek geroep en julle geweier het, Ek My hand uitgestrek en niemand geluister het nie; en julle al My raad nie opgevolg en van My teregwysing nie wou geweet het nie, daarom sal Ek ook lag by julle ondergang, Ek sal spot as julle verskrikking kom." Spreuke 1: 24, 25. Daardie stem bring dinge in herinnering wat hulle graag uitgedelg wil sien — waarskuwings wat verag is, uitnodigings wat geweier is, voorregte wat verwaarloos is.

Daar is diegene wat Christus bespot het in Sy vernedering. Met krag word hulle nou herinner aan die Lyer se woorde toe Hy, nadat Hy deur die hoëpriester besweer is, plegtig verklaar het, "Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel." Matt. 26: 64. Nou sien hulle Hom in Sy heerlikheid, en later sal hulle Hom sien sit aan
[725] die regterhand van krag.

Diegene wat Sy aanspraak bespot het dat Hy die Seun van God is, staan nou spraakloos. Daar staan die trotse Herodes wat Sy koninklike titel gehoon het, en sy soldate gebied het om Hom te kroon as koning. Daar staan die manne wat met duiwelse hande die purper kleed vir Hom aangetrek het, die doringkroon op Sy hoof geplaas het, en in Sy weerlose hand die spotsepter gegee het en wat met godslasterende gespot voor Hom neergekniel het. Die manne wat die Vors van die lewe geslaan en bespuug het, deins nou terug voor Sy deurdringende blik, en maak pogings om weg te vlug van die oorweldigende heerlikheid van Sy teenwoordigheid. Diegene wat die spykers deur Sy hande en voete geslaan het, die soldate wat Hom in die sy gesteek het, aanskou die merktekens met verskrikking en verwyt.

Met die grootste helderheid herinner die priesters en owerstes hulle die tonele op Golgota. Met grillende afsku onthou hulle hoe hulle uitgeroep het, terwyl hulle hulle hoofde met Sataniese vreugde geskud het: "Ander het Hy gered, Homself kan Hy nie red nie. As Hy die koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo. Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou red as Hy behae in Hom het." Matt. 27: 42, 43.

Helder kom nou voor hulle gees die Heiland se gelykenis van die landbouers wat geweier het om die vrugte van die wingerd aan hulle heer te lewer, en wat sy diensknegte mishandel het en sy seun gedood het. Ook kom die vonnis in herinnering wat hulle self uitgespreek het: naamlik die eienaar van die wingerd "sal hulle 'n slegte dood laat sterwe." In die sonde en die straf van daardie ontroue mense, erken die priesters en die ouderlinge hulle eie handelwyse en hulle eie regverdige verdoemenis. En nou word daar 'n kreet van doodsangs gehoor, luider as die geroep toe hulle geskree het, "Kruisig Hom! Kruisig Hom!" en wat op die strate van Jerusalem gehoor is; dit weergalm, 'n wanhopige geweeklag, "Hy is die Seun van God! Hy is die ware Messias!" Hulle maak pogings om te vlug van die teenwoordigheid van die Koning van konings. In die diep skeure van die aarde, wat oopgeskeur is deur die botsende elemente, trag hulle tevergeefs om weg te kruip. [726]

In die levvens van almal wat die waarheid verwerp, kom daar oomblikke wanneer die gewete wakkerskrik en wanneer die kwellende herinnering aan 'n lewe van geveinsdheid helder voor die gees

kom en die siel geteister word deur ‘n vergeefse gewetenswroeging. Maar wat is hierdie dinge vergeleke met die verwyte op daardie dag wanneer “verskrikking kom soos ‘n onweer, en julle ondergang soos ‘n stormwind”! (Spreuke 1: 27.) Diegene wat Christus en Sy getroue volk wou uitroei, aanskou nou die heerlikheid wat op hulle rus. Te midde van hulle verskrikking hoor hulle die stemme van die heiliges wat met vreugde uitroep, “Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos.” Jes. 25: 9.

Terwyl die aarde waggel, die weerligte uitslaan en die gadreun van donder gehoor word, roep die Seun van God die slapende heiliges te voorskyn. Hy kyk na die grafte van die regverdiges, en dan met Sy hande uitgestrek na die hemel roep Hy, “Staan op, staan op, staan op, julle wat in die stof slaap, staan op!” Oor die lengte en breedte van die aarde sal die dode Sy stem hoor; en hulle wat hoor sal lewe. En oor die hele aarde sal die voetstappe gehoor word van die groot skare bestaande uit alle nasies, en geslagte, en tale, en volke. Uit die gevangenis van die dood kom hulle, met onsterflike heerlikheid beklee, en roepende, “Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?” 1 Kor. 15: 55. Dan verenig die lewende regverdiges en die opgew’ekte heiliges hulle stemme in ‘n groot, blye oorwinningskreet.

Almal kom uit hulle grafte voort met dieselfde grootte as toe hulle gesterf het. Adam, wat ook onder die verrese skare is, is lank en van pragtige liggaamsbou, maar hy is ‘n bietjie kleiner as die Seun van God. Hy vorm ‘n treffende teenstelling met die mense van later geslagte; en hierin kan die groot agteruitgang van die mens gesien word. Almal staan op in die lewenskrag van ewige jeug. Die mens is in die begin geskape in die ewebeeld van God, nie alleen wat karakter betref nie, maar ook in vorm en gelaatstrekke. Die sonde het die goddelike beeld geskend en byna uitgewis; maar Christus het gekom om te herstel wat verlore was. Hy sal ons vernederde liggame
[727] van gedaante verander om gelyk- vormig te word aan Sy verheerlikte liggaam. Die sterflike, verganklike vorm, sonder enige skoonheid, en wat eenmaal deur die sonde besoedeld was, is nou volmaak, heerlik, en onsterflik. Alle smette en gebreke word in die graf agtergelaat. Met vrye toegang tot die boom van die lewe in Eden wat so lank verlore was, sal die verlostes ontwikkel tot die voile grootte van die menslike geslag voor die sondeval. Die laaste spore van die vloek

van die sonde sal weggeneem word, en die getroues van Christus sal verskyn in die heerlikheid van die Here onse God, en verstandelik, geestelik. en liggaamlik sal hulle die volmaakte ewebeeld van hulle Here weerkaats. O wonderbare verlossing! —die verlossing waarvan so lank gepraat is, waarop so lank gehoop is, en wat so lank verwag is, maar wat nooit ten voile begryp is nie.

Die lewende regverdiges word verander "in 'n oomblik, in 'n oogwink." Op Gods magwoord word hulle verheerlik; nou is hulle onsterflik, en saam met die verrese heiliges word hulle opgeneem, die Here tegemoet in die lug. Engele maak die uitverkorenes bymekaar uit die vier windstreke. Klein kindertjies word deur engele gedra na hulle moeders se arms. Vriende wat lank deur die dood geskei is, word herenig om nooit weer te skei nie, en met vreugdeliedere vaar hulle saam op na die Godstad.

Aan elke kant van die wa van wolke is daar vlerke, en onderaan lewende wiele; en terwyl die wa hemel-toe ry, roep die wiele uit, "Heilig," en die vlerke, terwyl hulle beweeg roep ook, ,.Heilig," en die gevolg van engele roep "Heilig, heilig, heilig, Here God Almagtig." En die verlostes roep uit "Halleluja!" terwyl die wa voortry na die Nuwe Jerusalem.

Voordat hulle die Godstad binnegaan gee die Verlosser aan Sy navolgers die tekens van oorwinning, en Hy beklee hulle met die kentekens van hulle koninklike status. Die glinsterende geledere val in, in die vorm van 'n vierkant, rondom hulle Koning wie se majestueuse gestalte die van die heiliges en die engele ver oortref, en wie se gelaat vol van liefde op hulle skyn. Die blik van die ontelbare leërskare van verlostes is op Hom gerig, en elke oog sien die heerlikheid van Hom van wie gesê is, "so misvormd was Sy voorkomste, geen mens meer nie, en Sy gestalte was nie soos die van 'n mensekind nie." Op die hoofde van die oorwinnaars plaas [728]
Jesus met Sy eie regterhand die kroon van heerlikheid. Vir elkeen is daar 'n kroon met Sy eie "nuwe naam" daarop, en met die opskrif, "Heilig aan die Here." Elkeen ontvang die oorwinnaarspalm en 'n glinsterende siter. En wanneer die engele wat lei die snare aanraak, bespeel elke hand op behendige wyse sy siter, wat die heerlikste en soetste melodie voortbring. Elke hart verkeer in onuitspreeklike verrukking, en elke stem hef die danklied aan: "Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in Sy bloed en ons

gemaak het konings en priesters vir Sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid.” Openb. 1:5, 6.

Voor die verloste skare is die heilige stad. Jesus maak die pêrelpoorte wyd oop, en die nasies wat die waarheid bewaar het, gaan binne. Daar sien hulle die paradys van God, die tuiste van Adam in sy onskuld. Dan hoor hulle daardie stem, wat soeter klink as die heerlikste musiek wat die menslike oor nog ooit gehoor het, wat sê, “Julle stryd is op ‘n end.” “Kom, julle geseëndes van My Vader, beërf die koninkryk wat vir julle toeberei is van die grondlegging van die wêreld af.”

Nou is die Verlosser se gebed vervul vir Sy dissipels, wat Hy gebid het, “Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees.” Christus stel diegene wat Hy met Sy bloed gekoop het, aan Sy Vader voor, “Sonder gebrek voor Sy heerlikheid met gejuig,” terwyl Hy sê, “Hier is Ek en die kinders wat U My gegee het.” “Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak.” O, die wonder van verlossende liefde! Die verrukking van daardie uur wanneer die ewige Vader die verlostes aanskou en Sy beeld in hulle sal sien; wanneer die wanklanke van die sonde weg is, die vloek daarvan verwyderd, en die mens weer in ooreenstemming is met God!

Met onuitspreeklike liefde verwelkom Jesus Sy getroue kinders in die vreugde van hulle Here. Die Heiland se vreugde bestaan in die aanskouing, in die koninkryk van heerlikheid, van die siele wat verlos is deur Sy lyding en vernedering. En die verlostes sal deel in Sy vreugde, wanneer hulle, onder die verlostes, diegene sien wat tot Christus gewin is deur hulle gebede, hulle arbeid, en hulle
[729] opoffering van liefde. Waar hulle om die groot wit troon vergader, sal hulle harte met onuitspreeklike blydskap vervul wees wanneer hulle diegene sien wat hulle tot Christus gewin het, en sien hoedat hulle weer ander gewin het, en daardie nog weer ander wat na die hawe van rus gebring is om daar hulle krone aan Jesus se voete neer te lê en Hom deur die ewigheid heen te loof.

Wanneer die verlostes in die Godstad verwelkom word, weergalm daar deur die lug die blye kreet van aanbidding. Die twee Adams staan op die punt om mekaar te ontmoet. Die Seun van God staan met uitgestrekte arms om die vader van ons geslag te ontvang — die wese wat Hy geskape het, wat teen Sy Maker gesondig het, en vir wie se sonde die Heiland die tekens van die kruisiging dra.

Wanneer Adam die merktekens van die wrede spykers sien, val hy nie sy Here om die hals nie, maar in vernedering werp hy homself aan Sy voete neer, terwyl hy uitroep, “Waardig, waardig is die Lam wat geslag is!” Tederlik rig die Heiland hom op, en Hy gebied hom om weereens die Eden-tuiste te aanskou waaruit hy solank verban was.

Na sy verbanning uit Eden was Adam se lewe op die aarde met droefheid vervul. Elke blad wat verwelk het, elke offerdier wat geslag is, elke smet op die heerlike natuur, elke vlek op die reinheid van die mens, het hom opnuut herinner aan sy sonde. Groot was die sielsangs en wroeging waar hy die toenemende sonde gesien het, en toe sy w’aarskuwings met verwyte begroet is dat hy die oorsaak van die sonde was. Met geduldige ootmoed het hy vir byna ‘n duisend jaar die straf op die oortreding gedra. Getrou het hy hom van sy sonde bekeer en sy vertroue gestel in die verdienstes van die beloofde Verlosser, en hy het gesterf in die hoop op die opstanding. Die Seun van God het die mens se neerlaag en val vergoed; en nou, deur die versoening, is Adam herstel tot sy vorige heerskappy.

Weggevoer deur geluk, sien hy die bome wat eentyd sy vreugde was — daardie selfde bome waarvan hy die vrugte gepluk het in die dae van sy onskuld en vreugde. Hy sien die wingerde wat sy eie hande bewerk het, en dieselfde blomme wat Hy eentyd met vreugde versorg het. Sy verstand besef die werklikheid van die toneel; hy sien dat dit inderwaarheid die werklike her- stelde Eden is, baie liefliker [730]
nou as toe hy daaruit verban is. Die Heiland lei hom na die boom van die lewe, pluk van die heerlike vrugte, en sê hy moet eet. Hy kyk rond en hy sien ‘n groot menigte van sy gesin wat verlos is, staande in die paradys van God. Hy gooi sy blink kroon aan Jesus se voete neer en hy omhels sy Verlosser. Hy begin sy goue siter te bespeel, en die hemel weergalm van die triomflied, “Waardig, waardig, waardig, is die Lam wat geslag is en weer lewe!” Die gesin van Adam begin saamsing, hulle werp hulle krone aan die Here se voete terwyl hulle in aanbidding voor Hom neerbuig.

Hierdie hereniging word deur die engele aanskou wat geween het by Adam se val, en wat hulle verbly het toe Jesus, na Sy opstanding, in die hemel opgevaar het nadat Hy die graf geopen het vir almal wat in Sy naam sou glo. Nou sien hulle die verlossingswerk voltooi, en saam hef hulle ‘n loflied aan.

Op die see van kristal voor die troon, daardie see van glas met vuur gemeng — so glinsterend is dit van die heerlikheid van God — is die skare vergader wat, "die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken en oor die getal van sy naam," is. Openb. I5: 2. Die honderd-vier-en-veertig-duisend wat onder die mense verlos is, staan saam met die Lam op die berg Sion, met die siters van God; en daar is 'n geluid gehoor soos die geluid van baie waters en soos van 'n harde donderslag van siterspelers wat speel op hulle siters. (Openb. 14: 1-5.) En hulle sing 'n nuwe lied voor die troon. 'n lied wat niemand kan leer behalwe die honderd-vier-en-veertig-duisend nie. Dit is die lied van Moses en die Lam —'n verlossingslied. Niemand behalwe die honderd-vier-en-veertig-duisend kan daardie lied leer nie, want dit is 'n ondervindingslied —'n ondervinding soos geen ander groep mense ooit gehad het nie. "Dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan." Hierdie mense, na hulle verheerliking van die aarde, van onder die lewendes, word beskou as die "eerstelinge vir God en die Lam." "Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom;" hulle het die tyd van benoudheid deurgemaak soos daar nie was vandat daar 'n volk was nie; hulle het die angs van Jakob se benoudheid deurgemaak; en tydens die uitstorting van Gods
[731] oordele op die aarde het hulle sonder middelaar gestaan. Maar hulle is verlos, omdat hulle "hulle klere gewas en hulle klere witgemaak het in die bloed van die Lam." "In hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God." "Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in Sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal Sy tent oor hulle oopspan." Openb. 7: 14-17. Hulle het gesien hoedat die aarde verwoes is deur hongersnood en pestilensies, hoedat die son die mense met groot hitte geskroei het, en hulle het self lyding, honger en dors verduur. Maar "hulle sal nie meer honger en meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle lei na lewende waterfonteine en God sal alle trane van hulle oë afvee." Openb. 7: 16, 17.

Deur die eeue heen is die Heiland se uitverkorenes opgevoed en gedissiplineer in die skool van beproewing. Hulle het die smal pad op die aarde bewandel; hulle is gelouter in die smeltkroes van beproewing. Vir die ontwil van Jesus het hulle teenstand, haat, en

hoon verduur. Hulle het Hom deur swaar beproewings gevolg; hulle het selfverloëning en bitter teleurstellings verduur. Uit bittere ondervinding het hulle die afskuwelikheid van die sonde, en die krag en die skuld en die ellende daarvan leer ken en dit met verfoeiing beskou. ‘n Besef van die vreeslike prys wat daar betaal is vir die verlossing van die sonde, het hulle nederig gemaak en hulle harte vervul met ‘n dankbaarheid wat diegene wat nooit in die sonde geval het, nie kan verstaan nie. Hulle het baie lief omdat daar baie aan hulle gegee is. Omdat hulle deelgenote was van Christus se lyde, is hulle geskikgemaak om deelgenote te wees van Sy heerlikheid.

Die erfgename van God het gekom uit solders, pondokke, kerkers, galge. berge, woestyne, spelonke, en grotte. Op die aarde was hulle, gestenig, verdruk, mishandel.” Miljoene is na die graf met hoon omdat hulle standvastig geweier het om toe te gee aan die verleidelike aansprake van Satan. In aardse howe is hulle skuldig bevind as die laagste misdadigers. Maar nou “staan God gereed om te oordeel.” Ps. SO: 6. Nou sal die uitsprake van aardse howe omgekeer word. “Hy sal die smaad van Sy volk van die hele aarde af [732]
wegneem.” Jes. 25: 8. “Hulle sal genoem word: Die heilige volk, die verlostes van die Here.” Jes. 62: 12. Dit is beskik dat aan hulle gegee sal word “sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, ‘n gewaad van lof vir ‘n verslae gees.” Jes. 61: 3. Nie meer is hulle swak, gekasty, verstrooi, en verdruk nie. Van nou af sal hulle altyd by die Here wees. Hulle staan voor die troon gekleed in gewaad wat heerliker is as die klere wat die geëerdstes van die aarde ooit gedra het. Hulle is gekroon met krone baie heerliker as wat nog ooit op die hoof van aardse konings geplaas is. Die dae van lyding en geween is vir ewig beëindig. Die Koning van heerlikheid het alle trane van hulle aangesigte afgevee; elke oorsaak van droefheid is verwyderd. Terwyl hulle met palmtakke waai, sing hulle ‘n loflied, helder, soet, en welluidend; elke stem neem deel, totdat die loflied deur die hemel weergalm, “Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!” En die bewoners van die hemel antwoord, “Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid!” (Openb. 7: 10, 12.)

In hierdie lewe begin ons eers die wonderbare verlossing te verstaan. Met ons beperkte verstand mag ons die skande en die heerlikheid, die lewe en die dood, die geregtigheid en genade, wat die

kruis as middelpunt het, oorpeins; maar nooit, met al ons verstandelike kragte, sal ons die voile betekenis daarvan besef nie. Die lengte en die breedte en die diepte en die hoogte van verlossende liefde word maar baie flou besef. Die verlossingsplan sal nie ten voile verstaan word selfs wanneer die verlostes kan sien soos hulle gesien word nie, en ken soos hulle geken is nie; maar deur die ewigheid sal daar gedurig nuwe waarhede ontplooi voor die verbaasde en blymoedige verstand. Hoewel die droefheid en pyn en versoekings van die aarde beëindig en die oorsake verwyder is, sal die volk van God steeds 'n duidelike, intelligente kennis hê van wat hulle verlossing gekos het.

Die kruis van Christus sal die wetenskap en die lied wees van die verlostes deur die ewigheid heen. In Christus die verheerlikte
[733] sal hulle Christus die gekruisigde sien. Nooit sal hulle vergeet dat Hy, deur wie se krag die ontelbare wêrelde geskape en in die groot ruimtes in stand gehou word, die geliefde van God, die Majesteit van die hemel, wat deur heerlike gerubs en serafs aanbid word — Homself verneder het om die gevalle mens op te hef nie; dat Hy die skuld en die skande van die sonde gedra het, die verberging van Sy Vader se aangesig verduur het, totdat al die ellendes van 'n verlore wêreld Sy hart verbreek het en Sy lewe aan die kruis van Golgota uitgepers het. Dat die Skepper van al die wêrelde, die Beskikker van alle lotgevalle, Sy heerlikheid afgelê het en Homself verneder het om die mens lief te hê, sal gedurig die verbasing en die aanbidding van die heelal uitlok. Waar die verlostes hulle Verlosser aanskou, en die heer-likheid van die Vader sien straal in Sy gelaat, waar hulle Sy troon sien wat van ewigheid tot ewigheid is, en weet dat Sy koninkryk nooit tot 'n einde sal kom nie, hef hulle 'n verruklike lied aan, "Waardig, waardig is die Lam wat geslag is en wat ons verlos het deur Sy eie dierbare bloed!"

Die verborgenheid van die kruis verklaar alle ander verborgenhede. In die lig wat straal van Golgota is die eienskappe van God wat ons eers met vrees en bewing vervul het nou heerlik en aantreklik. Ons sien hoedat genade, teerheid, en ouerlike liefde saamsmelt met heiligheid, geregtigheid, en krag. Terwyl ons die majesteit van Sy troon aanskou wat hoog en verhewe is, sien ons Sy karakter in al Sy heerlike openbarings, en ons besef soos nooit tevore nie, die betekenis van daardie dierbare naam, "Onse Vader."

Daar sal gesien word dat Hy wat oneindig is in wysheid, geen ander plan vir ons verlossing kon uitgewerk het behalwe deur die opoffering van Sy Seun nie. Die vergoeding vir hierdie opoffering is die vreugde om die aarde te bevolk met verloste wesens, heilig en gelukkig en onsterflik. Die gevolg van die Heiland se stryd met die magte van duisternis, is vreugde vir die verlostes wat strek tot die heerlikheid van God deur die ewigheid heen. En so groot is die waarde van 'n siel dat die Vader tevrede was om die prys te betaal; en Christus ook, waar Hy die vrugte van Sy groot opoffering aanskou, is tevrede. [734]

[735]

## Hoofstuk 41—Die Verwoesting van die Aarde

"HAAR sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou. . . .Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het. Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na die mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie, daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel. En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar rou bedrywe wanneer hulle die rook van haar verbranding sien, terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom!" Openb. 18: 5-10.

"Die handelaars van die aarde," wat "ryk geword het deur die
[736] mag van haar weelderigheid," "sal ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, terwyl hulle ween en rou bedrywe en sê: Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versier met goud en edelgesteente en pêrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is!" Openb. 18: 11, 3, 15-17.

Dit is die oordele wat Babilon sal tref in die dag van Gods grimmigheid. Sy het haar beker van ongeregtigheid volgemaak; haar tyd het gekom; sy is ryp vir verwoesting.

Wanneer die stem van God Sy volk verlos, is daar 'n vreeslike ontwaking van diegene wat alles verloor het in die groot stryd van die lewe. Terwyl die genadetyd geduur het, was hulle verblind deur Satan se verleidings en hulle het hulle sondige weg geregverdig. Die rykes was trots daarop omdat hulle hoër was as die minder bevoorregtes; maar hulle het hulle rykdom verkry deur die oortreding van Gods wet. Hulle het nagelaat om die hongeriges te voed, die naaktes te kleed, om regverdig te handel, en genade lief te hê. Hulle het getrag om hulleself te verhef en die aanbidding van hulle medemens te verkry. Nou is alles wat hulle grootgemaak het, aan hulle ontneem

en hulle staan behoeftig en weerloos. Met vrees aanskou hulle die vernietiging van die afgode wat hulle bokant hulle Maker verkies het. Hulle het hulle siele verkoop vir aardse rykdom en plesier, en hulle het nie rykdom tot God gesoek nie. Die gevolg is dat hulle lewens 'n mislukking is; hulle plesier is nou verander in gal, en hulle skatte in verderf. Die winste van 'n leeftyd word in een oomblik weggeveeg. Die rykes beween die vernietiging van hulle pragtige wonings, en die verstrooiing van hulle goud en silwer. Maar hulle geween word stilgemaak deur die vrees dat hulle self ook saam met hulle afgode sal vergaan.

Die goddelose is met spyt vervul, nie weens hulle verwaarlosing van God en hulle medemens nie, maar omdat God oorwin het. Hulle beween die gevolge, maar hulle bekeer hulle nie van hulle goddeloosheid nie. Hulle sou alle middele aanwend om die oorwinning te behaal as hulle maar kon.

Die wêreld sien nou die mense wat hulle bespot en verag het en wat hulle wou uitroei, en hulle staan ongeskend deur pessiekte, storm, en aardbewing. Hy wat vir die oortreders van Sy wet 'n verterende vuur is, is vir Sy volk 'n veilige vertrek. [737]

Die predikant wat die waarheid opgeoffer het vir die guns van mense, sien nou die aard en invloed van sy leer. Dit is nou duidelik dat die alsiende oog hom gevolg het waar hy in die kansel gestaan, op die strate geloop, en onder die mense op verskillende lewenstonele gewandel het. Elke emosie van die siel, elke reel wat geskryf is, elke woord wat geuiter is, elke daad wat mense daartoe gebring het om op valsheid te vertrou, was soos saad wat gesaai is; en nou, in die ellendige verlore siele rondom hom, sien hy die oes.

Die Here sê: "Hulle genees die verbreking van die dogter van My volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! terwyl daar geen vrede is nie." "Omdat julle met leuens die hart van die regverdige droewig gemaak het, terwyl Ek hom geen smart aangedoen het nie — en die hande van die goddelose versterk het, dat hy van sy slegte weg nie sou terugkeer nie, om hom in die lewe te hou — daarom sal julle geen bedrieglike gesigte meer sien en geen waarsêery meer drywe nie." Jer. 8: 11; Eseg. 13: 22, 23.

..Wee die herders wat die skape van my weiding laat omkom. . . . Kyk, Ek besoek oor julle die boosheid van julle handelinge." "Huil, o herders, en skreeu, en wentel julle in die as, julle maghebbers van

die kudde; want vol is julle dae om geslag te word en die dae van julle verstrooiing, . . . dan sal toevlug ontbreek vir die herders en ontkoming vir die maghebbers van die kudde." Jer. 23: 1, 2; 25: 34, 35.

Predikante sowel as die volk sien dat hulle nie die regte verhouding teenoor God ingeneem het nie. Hulle sien dat hulle gerebelleer het teen die Gewer van alle regverdige wette. Die verwerping van die goddelike gebooie het duisende sondes as gevolg gehad, ook tweedrag, haat, boosheid, totdat die aarde omgeskep is in een groot strydperk, een poel van verrotting. Dit is wat diegene nou sien wat die waarheid verwerp en dwaalleer gekies het. Geen woorde kan die verlange beskryf wat die ongehoorsames en ontroues voel vir wat hulle vir ewig verbeur het — naamlik die ewige lewe. Mense wat deur die wêreld aanbid is weens hulle talente en welsprekendheid sien sake nou in hulle ware lig. Hulle besef nou wat hulle verbeur
[738] het deur hulle oortreding, en hulle val neer aan die voete van diegene wie se getrouheid hulle bespot en verag het, en hulle bely dat God hulle liefgehad het.

Die mense sien dat hulle bedrieg was. Die een beskuldig die ander dat hy hom tot die verderf gelei het; maar almal tesame veroordeel die predikante. Ontroue leraars het strelende dinge verkondig; hulle het hulle hoorders gelei om die wet van God tot niet te maak en diegene te vervolg wat dit geheilig het. In hulle wanhoop erken hierdie leraars nou voor die wêreld dat hulle werk 'n bedrog was. Die skare is met woede vervul. "Ons is verlore!" skree hulle, "en julle is die oorsaak van ons ondergang;" en dan val hulle die valse herders aan. Diegene wat eers die meeste van die predikante gedink het, sal hulle nou die heftigste vervloek. Dieselfde hande wat hulle eentyd met louerkranse gekroon het, sal nou opgehef word om hulle te verwoes. Die swaarde wat Gods volk moes dood, word nou gebruik om hulle vyande te dood. Orals is daar stryd en bloedvergieting.

"Oorlogsrumoer het gekom tot by die einde van die aarde, want die Here het 'n twis met die nasies, Hy hou gerig oor alle vlees. Die goddelose — aan die swaard het Hy hulle oorgegee." Jer. 25: 31. Vir sesduisend jaar het die groot stryd gewoed; die Seun van God en Sy hemelse boodskappers het die stryd gevoer teen die bose om die mensekinders te waarsku, te verlig, en te verlos. Nou het almal hulle besluit geneem; die goddelose het nou ten voile aangesluit by

Satan in sy oorlog teen God. Die tyd het nou aangebreek vir God om die gesag van Sy vertrede wet te handhaaf. Die stryd is nou nie net teen Satan alleen nie, maar teen mense. “Die Here het ‘n twis met die nasies;” Hy sal hulle oorgee aan die swaard.

Daar is ‘n teken van verlossing gesit aan diegene “wat sug en steun oor al die gruwels wat daarin gedoen word.” Die doodsengel gaan nou uit, soos voorgestel in Esegiël se gesig deur manne met wapens aan wie bevel gegee is: “Slaan dood grysaards, jongmanne en jongdogters en kinders en vroue tot vernietiging toe; maar raak aan niemand op wie die teken is nie, en begin by My heiligdom.” Eseg. 9: 6. Die profeet sê, “Hulle het begin by die ou manne wat voor die huis was.” Die werk van verwoesting begin onder diegene [739]
wat voorgegee het dat hulle die geestelike beskermers van die volk was. Die valse wagters word eerste geslaan. Daar is niemand wat ontferming het of wat spaar nie. Mans, vrouens, meisies, en klein kindertjies — almal word doodgemaak.

“Die Here sal uit Sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle te besoek; en die aarde sal die bloed openbaar maak wat deur hom gedrink is, en die wat op hom dood gemaak is, nie langer toedek nie.” Jes. 26: 21. “Dit sal die plaag wees waarmee die Here al die volke sal tref wat oorlog-toe getrek het teen Jerusalem: Hy sal hulle vlees laat wegteer terwyl hulle nog op hulle voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond. En in die dag sal die Here ‘n groot verwarring onder hulle stig, sodat hulle mekaar by die hand sal gryp en teen mekaar die hand sal ophef.” Sag. 14: 12, 13. Die goddelose aardbewoners — priesters, owerstes, die volk, ryk en arm, hoog en laag, kom om in die stryd van hulle eie verwoede drifte en in die uitstorting van Gods grimmigheid. “Die wat deur die Here verslaan is, sal die dag lê van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklaag of versamel of begrawe word nie.” Jer. 25: 33.

By die koms van Christus word die goddelose oor die ganse aarde uitgedelg — verteer deur die gees van Sy mond, en verdelg deur die heerlikheid van Sy koms. Christus neem Sy volk na die Godstad, en die aarde is sonder bewoners. “Kyk, die Here maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners. . . . Die aarde word heeltemal leeggemaak en

heeltemal geplunder, want die Here het hierdie woord gespreek. . . . Want hulle het die wette oortree, die inseting geskend, die ewige verbond verbreek. Daarom verteer die vloek die aarde, en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer, en bly daar min mense oor." Jes. 24: 1, 3, 5, 6.

Die hele aarde is soos 'n woeste wildernis. Orals kan die puinhope van stede en dorpe wat deur aardbewings verwoes is, ontwor-
[740] telde bome, rotse wat uit die see gewerp of uit die aarde geskeur is, gesien word, terwyl groot skeure die plekke aanwys waar berge van hulle fondamente weggeskeur is.

Nou vind die gebeurtenis plaas wat voorafgeskadu is in die slotdiens van die versoendag. Toe die bediening in die Allerheiligste plek afgesluit is, en die sondes van Israel uit die heiligdom verwyder is deur die bloed van die sondoffer, is die sondebok lewendig voor die Here gestel; en in die teenwoordigheid van die vergadering het die hoëpriester oor hom belydenis gedoen "van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ookal mag wees; en hy moet die op die kop van die bok lê." Lev. 16:21. So ook, wanneer die werk van versoening in die hemelse heiligdom voleindig is, word die sondes van Gods volk in die teenwoordigheid van God en heilige engele op Satan geplaas; hy sal skuldig verklaar word aan al die boosheid wat hy die mense gelei het om te pleeg. En net soos die sondebok in die woestyn weggestuur is, sal Satan ook verban word tot die verwoeste aarde, 'n onbewoonde en troostelose wildernis.

Johannes voorspel die verbanning van Satan en die toestand van chaos en verwoesting waarin die aarde omgeskep sal word; en hy sê dat hierdie toestand vir 'n duisend jaar sal voortduur. Nadat hy die tonele van die Here se tweede koms en die vernietiging van die goddelose beskryf het, sê hy: "En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand en hy het die draak gegryp — die ou slang wat die duiwel en die Satan is—en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer kan verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy vir 'n kort tydjie ontbind word." Openb. 20: 1-3.

Die uitdrukking "afgrond" stel die aarde voor in sy toestand van verwarring en duisternis, soos afgelei kan word uit ander skriftuur-

plase. Die Bybel sê van die aarde in die begin, "die aarde was woes en leeg en duisternis was op die wêreldvloed." Gen. 1: 2. (Die woord wat hier vertaal is "wêreldvloed" is in die Septuaginta dieselfde as wat in die grondteks van Openbaring 20: 1-3 vertaal is "afgrond.") Die profesieë leer ons dat die aarde, gedeeltelik altans, weer in hier- [741] die toestand gebring sal word. Yooruitsiende na die groot dag van die Here, het die profeet Jeremia gesê: "Ek het na die aarde gekyk, en dit was woes en leeg; ook na die hemel, en sy lig was daar nie. Ek het na die berge gekyk, en hulle het gebewe, en al die heuwels het geskud. Ek het gekyk, en daar was geen mens nie, en al die voëls van die hemel het weggevlieg. Ek het gekyk, en die land van tuine was 'n woestyn, en al sy stede was afgebreek." Jer. 4: 23-26.

Hier het ons 'n beskrywing van die plek waar Satan en sy bose engele vir 'n duisend jaar sal woon. Beperk tot hierdie aarde, sal hy nie toegang hê tot die ander wêrelde om diegene w?at nooit in die sonde geval het, te versoek en lastig te val nie. Dit is in hierdie sin dat hy gebind word: daar bly geen mense oor op wie hy sy krag kan beoefen nie. Hy is heeltemal afgesny van sy werk van bedrog en verwoesting wat vir soveel eeue sy enigste vreugde was.

Waar die profeet Jesaja vooruit gesien het na die tyd van Satan se ondergang, het hy uitgeroep: "Hoe het jy uit die hemel geval, o morester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!—En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, . . . my gelykstel met die Allerhoogste! Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word in die diepste plekke van die kuil! Die wat jou sien, beskou jou, hulle let op jou en sê: Is dit die man vvat die aarde laat sidder het, koninkryke laat beef het? Die wêreld soos 'n woestyn gemaak en sy stede verwoes het, wat sy gevangene nie losgelaat het huis-toe nie?" Jes. 14: 12-17.

Vir sesduisend jaar lank het Satan se rebellie die aarde laat sidder. Hy het "die wêreld soos 'n woestyn gemaak en sy stede verwoes." En hy het nie die gevangenes "losgelaat huis-toe nie." Vir sesduisend jaar het hy die volk van God in sy gevangenis inganeem, en hy sou hulle vir ewig gevange gehou het as dit nie was dat Christus die bande verbreek het en die gevangenes vrygestel het nie.

Selfs die goddelose is nou buite bereik van Satan; en, alleen met sy bose engele, bly hy agter om die gevolge te sien wat die [742] vloek van die sonde gebring het. "Die konings van die nasies, hulle

almal rus met eer, elkeen in sy huis [die graf]; maar jy is gewerp, ver van jou graf, soos ‘n afskuwelike uitspruitsel. . . . Jy word nie met hulle in die graf verenig nie, want jy het jou land verwoes, jou volk doodgemaak.” Jes. 14: 18-20.

Vir ‘n duisend jaar sal Satan heen-en-weer op die verwoeste aarde ronddool om die gevolge van sy rebellie teen die wet van God te betrag. Gedurende hierdie tyd is sy lyding vreeslik. Sedert sy val, het sy lewe van onophoudelike bedrywigheid hom geen kans gegee vir oorpeinsing nie; maar nou is sy krag ontneem, en hy word alleen gelaat om sy werk sedert hy teen die regering van die hemel in opstand gekom het te betrag, en vooruit te sien met vrees en bewing na die ontsettende toekoms wanneer hy sal moet ly vir al die sonde wat hy gedoen het en gestraf sal word vir die sondes wat hy laat doen het.

Vir die volk van God sal die gevangenskap van Satan ‘n tyd van blydskap en vreugde wees. Die profeet sê: “Op die dag as die Here jou rus gee van jou smart en van jou onrus en van die harde diensbaarheid waarmee hulle jou laat dien het, dan sal jy hierdie spotlied aanhef oor die koning van Babel [hier word gesinspeel of Satan] en sê: Hoe het die drywer nou opgehou, opgehou die verdrukking! Die Here het die stok van die goddelose verbreek, die staf van die heersers wat die volke verwoes het in grimmigheid met slaan sonder ophou, wat in toorn oor die nasies geheers het met ‘n agtervolging sonder verskoning.” Jes. 14: 3-6.

Gedurende die duisend jaar tussen die eerste en die tweede opstandings, vind die oordeel van die goddelose plaas. Die apostel Paulus verwys na hierdie oordeel as iets wat na die tweede koms plaasvind. “Daarom moet julle nie voor die tyd oordeel voordat die Here kom nie, wat die verborge dinge van die duisternis in die lig sal bring en die bedoelinge van die harte openbaar sal maak.” 1 Kor. 4: 5. Daniel verklaar dat “aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is,” toe die Oue van dae gekom het. (Dan. 7: 22.) Gedurende hierdie tyd regeer die regverdiges soos konings en priesters van God. In Openbaring sê Johannes: “Ek het trone gesien, en hulle het daarop
[743] gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee. . . . Hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.” Openb. 20: 4, 6. Dit is in hierdie tyd, soos deur Paulus voorspel is, “dat die heiliges die wêreld sal oordeel.” 1

Kor. 6: 2, 3. Saam met Christus oordeel hulle die goddelose, hulle vergelyk hulle dade met die wetboek, die Bybel, en hulle beslis elke saak volgens die dade wat in die liggaam geskied het. Dan sal die straf wat die goddelose moet ly, afgemeet word, volgens hulle werke; en dit sal aangeteken word teenoor hulle name in die boek van die dood.

Ook Satan en die bose engele word deur Christus en Sy volk geoordeel. Paulus sê, "Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie." 1 Kor. 6: 3. En Judas sê dat, "die engele wat hulle eie beginsel nie bewaar het nie, maar hulle eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar." Judas 6.

Aan die einde van die duisend jaar vind die tweede opstanding plaas. Dan sal die goddelose uit die dode opgewek word, en hulle sal voor God verskyn vir die voltrekking van hulle vonnis. Daarom sê Johannes, nadat hy die opstanding van die regverdiges beskryf het, "Die ander dode het nie herlewe tot die duisend jaar voleindig was nie." Openb. 20: 5. En aangaande die goddelose verklaar Jesaja, "Hulle sal opgesluit word soos pevangene opgesluit word in 'n kuil, en bewaar word in 'n kerker; maar*na baie dae sal daar op /tulle ag gegee word.*" Jes. 24: 22. [744]

[745]

## Hoofstuk 42—Die Stryd Beeindig

AAN die einde van die duisend jaar kom Christus weer na die aarde toe terug. Hy word vergesel van ‘n leërskare van verlostes, asook deur ‘n gevolg van engele. Terwyl Hy in groot heerlikheid neerdaal, gebied Hy die goddelose dode om op te staan vir die uitvoering van hulle vonnis. Hulle kom voort, ‘n magtige leërskare, ontelbaar soos die sand van die see. Wat ‘n teenstelling is dit met diegene wat in die eerste opstanding opgewek is! Die regverdiges het opgestaan beklee met ewige jeug en skoonheid. Die goddelose staan op met die tekens van siekte en die dood.

Elke oog in daardie groot skare is gerig op die heerlikheid van die Seun van God. Soos met een stem roep die goddelose menigtes uit, “Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!” Dit is nie
[746] liefde vir Jesus wat aanleiding gee tot hierdie woorde nie. Die krag van die waarheid dwing die woorde van onwillige lippe. Net soos die goddelose in hulle grafte neergedaal het, so kom hulle voort, met dieselfde vyandigheid teenoor Christus en dieselfde opstandige gees. Vir hulle is daar nie ‘n nuwe genadetyd om die gebreke van die verlede aan te vul nie. Dit sou ook niks help nie. ‘n Lewe van oortreding het nie hulle harte versag nie. As daar ‘n tweede genadetyd aan hulle sou gegee word, sou hulle dit bestee net soos die eerste, in ‘n ontduiking van die vereistes van God en in opstand teen Hom.

Christus daal neer op die Olyfberg, van waar Hy, na Sy opstanding, opgevaar het en waar die engele die belofte van Sy wederkoms herhaal het. Die profeet sê: “Dan sal die Here my God kom, al die heiliges met U!” “In die dag sal Sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal in twee dele gesplyt word. . . . Sodat daar ‘n baie groot dal sal wees. . . . En die Here sal Koning wees oor die hele aarde; in die dag sal die Here een wees, en Sy Naam een.” Sag. 14: 5, 4, 9. Wanneer die Nuwe Jerusalem in skitterende heerlikheid uit die hemel neerdaal, sal dit te

ruste kom op die plek wat gereinig en gereed gemaak is daarvoor, en Christus, met Sy volk en die engele sal die heilige stad binnegaan.

Nou maak Satan hom klaar vir die laaste magtige poging om opperheerskappy. Terwyl sy mag ontneem en hy afgesny was van sy werk van bedrog, was die vors van boosheid bedroef en terneergedruk; maar wanneer die goddelose dode opgewek word, en hy die groot skare aan sy kant sien, herleef sy hoop, en hy besluit om nie die groot stryd gewonne te gee nie. Hy sal al die leërskare van die goddelose onder sy banier aanmonster, en deur hulle sal hy 'n poging maak om sy planne uit te voer. Die goddelose is Satan se gevangenes. Deur hulle verwerping van Christus het hulle die regering van die rebel-leier aangeneem. Hulle is gereed om sy planne aan te neem en sy bevele uit te voer. Maar, nog net so listig as ooit, erken hy nie dat hy Satan is nie. Hy maak daarop aanspraak dat hy die vors en die regmatige eienaar van die wêreld is, wat onwettig beroof is van sy erfdeel. Hy stel hom aan sy misleide onderdane voor as 'n ver- losser, en hy verseker hulle dat dit sy krag is wat [747] hulle uit hulle grafte opgewek het, en dat hy op die punt staan om hulle te verlos van die wreedste tirannie. In die afwesigheid van Christus verrig Satan wonders om sy aansprake te staaf. Hy maak die swakkes sterk, en hy besiel almal met 'n gees van bedrywigheid. Hy stel voor om hulle aan te voer teen die laer van die heiliges, en om die stad van God in te neem. Met sataniese vreugde wys hy na die ontelbare miljoene wat uit die dode opgewek is, en hy verklaar dat hy, as hulle leier, terdee in staat is om die stad in te neem en die troon van sy koninkryk te herwin.

Onder hierdie groot skare is daar menigtes van diegene wat so oud geword het voor die Sondvloed; manne van groot gestalte en reuseverstand, wat, nadat hulle hulle oorgegee het aan die beheer van gevalle engele, al hulle kennis en behendigheid bestee het aan die verheffing van self; manne wat weens hulle kunswrerke deur die wêreld aanbid is, maar wat weens hulle wreedheid en bose uitvindsels die aarde besoedel en die beeld van God geskend het, sodat God hulle van Sy skepping uitgedelg het. Daar is konings en generaals wat volke onderwerp het; helde wat nooit 'n veldslag verloor het nie; trotse stryders voor wrie koninkryke gesidder het. In die dood het hierdie mense geen verandering ondergaan nie. Wanneer hulle uit hulle grafte voortkom, hervat hulle hulle gedagtes net waar hulle

opgehou het. Hulle is besiel met dieselfde begeerte om te verower as toe hulle gesneuwel het.

Satan bespreek sake met sy engele, en daarna met hierdie konings en veroweraars en magtige manne. Hulle aanskou die mag en menigtes aan hulle kant, en hulle verklaar dat die leër binne-in die stad klein is vergeleke met hulle s'n, en dat hulle dit kan oorwin. Hulle beraam planne om die rykdom en heerlikheid van die Nuwe Jerusalem in besit te neem. Dadelik maak almal gereed vir die slag. Geskoolde arbeiders maak oorlogstuig. Militêre leiers, beroemd vir hulle sukses, organiseer die menigtes in afdelings en leers.

Eindelik word die bevel gegee om op te ruk, en die ontelbare leërskare beweeg —'n leër soos nog nooit deur aardse veroweraars
[748] op die been gebring is of wat deur die gesamentlike magte van alle eeue sedert die eerste oorlog op die aarde oortref is nie. Satan, die magtigste van alle stryders, is aan die voorpunt, en sy engele verenig hulle kragte vir die finale slag. Hy word gevolg deur konings en helde, wat gevolg is deur die menigtes in groot afdelings, elke afdeling onder sy eie aanvoerder. Met militêre reëlmatigheid ruk die linies op oor die aarde se gebroke oppervlakte na die stad van God. Op bevel van Jesus word die poorte van die Nuwe Jerusalem gesluit; die leers van Satan omsingel die stad en maak gereed vir die aanval.

Christus verskyn nou sodat Sy vyande Hom kan sien. Hoog bokant die stad, op 'n fondament van blink goud, is 'n troon, hoog en verhewe. Op hierdie troon sit die Seun van God, en rondom Hom is die onderdane van Sy koninkryk. Geen pen kan die mag en majesteit van Christus beskryf nie. Die heerlikheid van die Ewige Vader omring Sy Seun. Die Heerlikheid van Sy teenwoordigheid vervul die stad, maar dit strek buitekant die poorte en vervul die hele aarde met Sy glans.

Naaste aan die troon is diegene wat eenmaal ywerig vir die saak van Satan was, maar wat soos stukke brandhout uit die vuur geruk is en hulle Verlosser gevolg het met 'n vurige toegewydheid. Naas hulle is diegene wat hulle Christelike karakters volmaak het te midde van valsheid en ongeloof; diegene wat die wet van God geëer het toe die Christenwêreld dit tot niet verklaar het; en die miljoene van alle eeue, wat die marteldood vir hulle geloof gesterf het. En anderkant hulle is, "'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale . . . voor die troon en voor die Lam,

bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande." Openb. 7: 9, 10. Hulle stryd is beëindig, die oorwinning is behaal. Hulle het die loopbaan geloop en die prys gewin. Die palmtak in hulle hande is 'n simbool van hulle oorwinning, die wit klere is 'n simbool van die vlekkelose geregtigheid van Christus wat nou hulle s'n is.

Die verlostes hef 'n loflied aan wat deur die hemel weergalm, "Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!" Engele en serafs sing saam. Waar die verlostes die krag en kwaadwilligheid van Satan sien, besef hulle, soos nog nooit tevore nie, dat geen krag behalwe die van Christus, hulle oorwinnaars kon gemaak het. In [749] daardie ganse heerlike skare is daar nie een wat sy verlossing aan homself toeskryf asof hy deur sy krag en goedheid oorwin het nie. Daar word nie een woord gesê van wat hulle gedoen en gely het nie; maar die tema van elke lied en die hoofinhoud van elke loflied, is, Heil aan onse God en aan die Lam!

In die teenwoordigheid van die vergaderde bewoners van die aarde en die hemel, vind die finale kroning van die Seun van God plaas. En nou, beklee met die grootste majesteit en krag, spreek die Koning van die konings die vonnis uit op die rebelle teen Sy regering, en daar word regverdige straf uitgeoefen op diegene wat Sy wet oortree en Sy volk verdruk het. Die profeet van God sê: "Ek het 'n groot wit troon gesien, en Hom wat daarop sit voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat geskrywe is in die boeke, volgens hulle werke." Openb. 20: 11, 12.

Sodra die boeke geopen is en die oog van Jesus op die goddelose gevestig is, word hulle bewus van elke sonde wat hulle nog ooit gepleeg het. Hulle sien presies waar hulle voete afgedwaal het van die weg van reinheid en heiligheid, en presies hoe ver hoogmoed en opstand hulle gevoer het in die oortreding van die wet van God. Die verleidelike versoekings wat hulle aangemoedig het deur die sonde te doen, die seëninge wat hulle misbruik het, die boodskappe van God wat hulle verag het, die waarskuwings wat hulle verwerp het, die strome van genade wat hulle teruggehou het deur 'n halsstarrige, onboetvaardige hart — alles sien hulle nou soos met letters van vuur geskryf.

Bokant die troon verskyn die kruis; en soos in 'n panoramiese gesig word die tonele geopenbaar van Adam se versoeking en val en die agtereenvolgende stappe in die groot verlossingsplan. Die Heiland se nederige geboorte; sy kinderen jongelingsjare van eenvoud en gehoorsaamheid; Sy doop in die Jordaanrivier; Sy vas en versoeking in die woestyn; Sy openbare bediening waarin Hy aan
[750] die mense die hemel se kos- baarste seëninge geopenbaar het; die dae vol dade van liefde en genade, die nagte van gebed en die waghou in eensaamheid op die berge; die sameswerings van afguns, haat, en kwaadwilligheid waarmee Sy goedheid terugbetaal is; die ontsettende, misterieuse angs van Golgota onder die verskriklike las van die sondes van die ganse wêreld; Sy oorgawe in die hande van die moordlustige gepeupel; die vreeslike gebeurtenisse van daardie nag van verskrikking — die weerlose gevangene, verlaat deur Sy geliefde dissipels, bars deur die strate van Jerusalem voortgesleep; die Seun van God met voldoening gebring voor Annas, verhoor in die hoëpriester se paleis, in die geregsaal van Pilatus, voor die lafhartige en wrede Herodes, bespot, beledig, gemartel, en tot die dood veroordeel — al hierdie dinge word helder gesien.

En nou, voor die slingerende skare word die eindtonele geopenbaar— die geduldige Lyer betree die pad na Golgota; die Vors van die hemel hangende aan die kruis; die trotse priesters en die spottende gepeupel wat spot met Sy doodsangs; die bonatuurlike duisternis; die bewende aarde, die geskeurde rotse, die geopende grafte wat die oomblik aanwys toe die wêreld se Verlosser Sy lewe opgegee het.

Die vreeslike toneel word weergegee net soos dit was. Satan, sy engele, en sy onderdane, het geen mag om weg te draai van die prent van hulle eie werk nie. Elkeen herinner hom aan die rol wat hy gespeel het. Herodes, wat die onskuldige kindertjies van Betlehem laat doodmaak het sodat hy die Koning van Israel kon vernietig; die verlaagde Herodias, aan wie se skuldige siel die bloed van Johannes die Doper kleef; die swakke opportunis, Pilatus; die spottende soldate; die priesters en die owerstes en die rasende gepeupel wat uitgeroep het, "Laat Sy bloed op ons en ons kinders kom!"—almal sien hoe groot hulle skuld is. Tevergeefs trag hulle om hulle te verberg van die goddelike majesteit van Sy voorkomste wat die heerlikheid van

die son oortref, terwyl die verlostes hulle krone aan die Heiland se voete neerwerp en uitroep, "Hy het vir my gesterf!"

Onder die verloste skare is die apostels van Christus, die heldhaftige Paulus, die vurige Petrus, die geliefde en liefhebbende Johannes, en hulle opregte broeders, asook die groot leërskare van martelaars; [751] buitekant die stadsmure, met al die vuil en afskuwelike dinge, staan diegene deur wie hulle vervolg, gevang, en gedood is. Daar is Nero, die monster van wreedheid en sonde, aanskouende die vreugde en voldoening van diegene wat hy eenmaal gemartel het, en in wie se groot angs hy 'n sataniese behae geskep het. Sy moeder is ook daar, om die gevolge van haar eie handewerk te sien; om te sien hoedat die bose karakter wat haar seun van haar geërf het, die drifte wat aangemoedig en ontwikkel is deur haar invloed en voorbeeld, vrugte gedra het in die vorm van misdade wat die wêreld laat sidder het.

Daar is die pouslike priesters en prelate, wat voorgegee het dat hulle Christus se gesante was, maar wat die pynbank, die kerker, en die brandstapel gebruik het om die gewete van Gods volk te beheers. Daar is die trotse pouse wat hulle bokant God verhef en hulle aangematig het om die wet van die Allerhoogste te verander. Die sogenaamde kerkvaders moet rekenskap gee voor God, iets waarvan hulle baie graag vrygestel wil wees. Te laat besef hulle dat die Almagtige jaloers is op Sy wet, en dat Hy geensins die skuldiges ongestraf sal laat gaan nie. Hulle leer nou dat Christus Hom vereenselwig met die lyde van Sy volk; en hulle voel die krag van Sy eie woorde, "Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen." Matt. 25: 40.

Die ganse bose wêreld staan nou voor die regbank van God op die aanklag van hoogverraad teen die regering van die hemel. Hulle het niemand om hulle saak te bepleit nie; hulle staan sonder verskoning; en die vonnis van die ewige dood word op hulle uitgespreek.

Dit is nou duidelik vir almal dat die loon van die sonde nie 'n heerliker onafhanklikheid en ewige lewe is nie, maar slawerny, ondergang en die dood. Die goddelose besef nou wat hulle verbeur het deur hulle lewe van rebellie. Die allesoortreffende en ewige heerlikheid is verag toe dit vir hulle aangebied is; maar hoe begeer hulle dit nie nou nie. "Dit alles," roep die verlore siel uit, "kon ek gehad het; maar ek het al hierdie dinge verwerp. O, onverstaanbare

[752] dwaasheid! Ek het vrede, geluk, en eer verruil vir ellende, oneer, en wanhoop.” Almal sien dat hulle uitsluiting uit die hemel regverdig is. Deur hulle lewens het hulle verklaar, “Ons wil nie hê dat hierdie man oor ons koning moet wees nie.”

Soos in ‘n droom het die goddelose die kroning van die Seun van God aanskou. In Sy hande sien hulle die tafels van die goddelike wet, die bepalings wat hulle verag en oortree het. Hulle aanskou die verbasing, die verrukking, en die aanbidding van die verlostes; en terwyl ‘n golf van melodie oor die skare buitekant die stad sweef, roep almal soos met een stem uit, “Groot en wonderlik is U werke, Here God, die Almagtige; regverdig en waaragtig is U weë, o Koning van die heiliges!” En op hulle aangesigte neervallende, aanbid hulle die Vors van die lewe. (Openb. 15: 3.)

Dit skyn of Satan verlam is waar hy die heerlikheid en die majesteit van Christus aanskou. Hy wat eenmaal ‘n gerub was met uitgespreide vlerke, dink nou aan die plek vanwaar hy geval het. ‘n Blinkende seraf, “seun van die more;” hoe is hy verander en hoe is hy verlaag! Van die raadsitting waaraan hy eenmaal die eer gehad het om deel te neem, is hy nou vir ewig uitgesluit. Hy sien nou ‘n ander een naby die Vader staan, wat sy heerlikheid bedek. Hy het gesien hoedat die kroon op die hoof van Christus geplaas is deur ‘n magtige engel van groot gestalte en majestueuse voorkomste, en hy weet dat die verhewe posisie van daardie engel syne kon gewees het.

Hy dink terug aan sy tuiste van onskuld en reinheid, die vrede en tevredenheid wat syne was totdat hy begin murmureer het teen God en afgunstig geword het op Christus. Sy beskuldigings, sy rebellie, sy bedrog om die medelyde en ondersteuning van die engele te verkry, sy hardnekkige volharding in sy nalatigheid om geen poging te maak om homself reg te ruk toe daar nog kans was op die vergifnis van God —alles kom nou helder voor sy gees. Hy dink terug aan sy werk onder die mense en die gevolge daarvan — die vyandigheid van die mens teen sy medemens, die ontsettende verwoesting van lewe, die opkoms en ondergang van koninkryke, die omverwerping
[753] van trone, die lang reeks opstande, oorloë, en omwentelings. Hy dink terug aan sy gedurige pogings om die werk van Christus teen te staan en die mens laer en laer te laat sak. Hy sien dat sy helse komplotte magteloos was om diegene te vernietig wat hulle vertroue in Jesus gestel het. Waar Satan sy koninkryk aanskou, die vrugte

van sy werk, sien hy alleen mislukking en puin. Hy het die skares daartoe gebring om te glo dat dit maklik sou wees om die stad van God in te neem; maar hy weet dat dit bedrog is. Keer op keer, namate die stryd ontwikkel het, was hy verslaan en gedwing om in te gee. Hy ken die krag en die majesteit van die ewige God maar te goed.

Die hoofdoel van die groot rebel was maar altyd om homself te regverdig, en om te bewys dat die goddelike regering aanspreeklik was vir sy opstand. Met hierdie doel voor oë het hy al sy krag en sy reuseverstand ingespan. Stelselmatig en met voorbedagte rade het hy te werk gegaan, en met verbasende sukses, om die ontelbare skare te lei om sy verklaring aan te neem van die groot stryd wat solank reeds woed. Vir duisende jare het hierdie hoof van samesweerders valsheid vir waarheid afgesmeer; maar die tyd het nou aangebreek vir die finale onderdrukking van die opstand, en vir die openbaarmaking van die geskiedenis en karakter van Satan. In hierdie laaste groot poging om Christus te onttroon, Sy volk te vernietig, en die stad van God in te neem, word die aartsbedrieër ten voile ontmasker. Diegene wat met hom saamgestaan het, sien nou die totale mislukking van sy saak. Christus se navolgers en die lojale engele sien nou al sy gekonkel teen die regering van God. Hy is nou die voorwerp van algemene afsku.

Satan sien nou dat sy rebellie hom ongeskik gemaak het vir die hemel. Hy het sy kragte beoefen in oorlog teen God; die reinheid, vrede, en eensgesindheid van die hemel sou vir hom die grootste marteling wees. Sy beskuldigings teen die genade en regverdigheid van God is nou stilgemaak. Die smaad wat hy op Jehova wou werp val nou op hom. En nou buig Satan hom neer en hy erken die regverdigheid van sy vonnis.

"Wie sal U nie vrees nie, Here, en U naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat U regverdige dade openbaar geword het." Openb. 15: 4. Elke [754]
punt van waarheid en dwaalleer in die langdurige stryd is nou verduidelik. Die gevolge van rebellie, en die vrugte op die tersydestelling van die goddelike gebooie is nou geopenbaar aan al die geskape wesens. Die uitwerking van Satan se regering, in teenstelling met die regering van God, is aan die ganse heelal voorgestel. Satan se eie werke het hom veroordeel. Gods wysheid, Sy regverdigheid, en Sy goedheid staan volkome bewys. Daar is gesien dat al Sy handelwyse

in die groot stryd geskied het met die oog op die ewige welsyn van Sy volk en vir die beswil van al die wêrelde wat Hy geskape het. "Al U werke loof U o Here, en U gunsgenote prys U." Ps. 145: 10. Deur die ewigheid heen sal die geskiedenis van die sonde getuig dat saam met die wet van God ook die geluk van al Sy geskape wesens opgeslote is. Met al die feite van die groot stryd nou geopenbaar, verklaar die ganse heelal, beide die lojale en die opstandiges, soos met een stem, "Regverdig en waaragtig is U weë o Koning van die heiliges!"

Die groot opoffering wat gemaak is deur die Vader en die Seun ten behoewe van die mens, is duidelik voor die heelal gestel. Die uur het gekom vir Christus om Sy regmatige plek in te neem, en Hy word verheerlik bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word. Dit was vir die vreugde wat Hom voorgehou is, sodat Hy baie seuns tot heerlikheid kon bring, dat Hy die kruis verdra, en die skande verag het. En ontsettend groot soos die lyding en skande was, nog groter is die vreugde en heerlikheid. Hy aanskou die verlostes, wat herskep is in Sy ewebeeld, met die volmaakte beeld van die goddelike op elke hart afgedruk, terwyl elke aangesig die ewebeeld van sy Koning weerkaats. Hy sien in hulle die moeitevolle arbeid van Sy siel en Hy is versadig. En dan, met 'n stem wat deurdring tot die vergaderde menigtes van regverdiges en goddelose, verklaar Hy, "Kyk wat het Ek met My bloed gekoop! Vir hulle het Ek gely, en vir hulle het Ek gesterf, sodat hulle deur die ewigheid heen in My teenwoordigheid kan woon." En dan weergalm die loflied van die skare in wit gekleed rondom die troon, "Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en
[755] wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof." Openb. 5: 12.

Nieteenstaande die feit dat Satan gedwing is om die geregtigheid van God te erken en hom neer te buig voor die oppergesag van Christus, bly sy karakter onveranderd. Die opstandige gees, bars nou uit, soos 'n magtige stroom. Vervul met woede, besluit hy om nie die groot stryd gewonne te gee nie. Die tyd het aangebreek vir 'n laaste wanhopige poging teen die koning van die hemel. Hy haas hom na sy onderdane, en hy probeer om hulle aan te vuur met sy eie woede en om hulle op te wek om dadelik die stryd te begin. Maar onder die ontelbare miljoene wat hy tot rebellie verlei het, is daar nou nie een wat sy oppergesag erken nie. Sy mag is op 'n einde. Die goddelose is

met dieselfde haat teen God vervul wat Satan besiel; maar hulle sien dat hulle saak hopeloos is, en dat hulle nie teen Jehova kan staan nie. Hulle woede is nou opgewek teen Satan en sy werktuie in die bedrog, en met die woede van demone val hulle hulle aan.

Die Here sê: "Omdat jy jou hart gemaak het soos die hart van 'n god, daarom kyk, Ek bring vreemdes oor jou, die geweldigste nasies, en hulle sal hulle swaarde trek teen die skoonheid wat jou wysheid verwerf het, en jou glans ontheilig. In die kuil sal hulle jou laat neerdaal. . . . Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gerub wat beskut! . . . Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien. . . . Jy het 'n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie." Eseg. 28: 6-8, 16-19.

"Want elke soldateskoen wat daar wegstap met gedreun, en die kleed wat in bloed gerol is, is tot verbranding, 'n prooi van die vuur." "Want die toorn van die Here is oor al die nasies, en grimmigheid oor al hulle leërskare; Hy het hulle met die banvloek getref, Hy het hulle oorgegee om geslag te word." "Hy sal op die goddelose vangnette, vuur en swawel laat reën; en 'n gloeiende wind sal die deel van hulle beker wees." Jes. 9: 4; 34: 2; Ps. 11:6. Vuur daal neer van God uit die hemel. Die aarde word verbreek. Die wapens wat in sy dieptes weggesteek is, word geopenbaar. Verterende vlamme skiet by elke skeur uit. Selfs die rotse is aan die brand. Die dag wat brand soos 'n [756] oond het gekom. Die elemente versmelt weens die verskriklike hitte, en die aarde en die werke wat daarop is verbrand. Die oppervlakte van die aarde is een gesmelte massa —'n groot, kokende poel van vuur. Dit is die dag van oordeel en verderf vir die goddelose, "'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding in die regsaak van Sion." Mal. 4: 1; 2 Pet. 3: 2; Jes. 34: 8; Spreuke 11: 31.

Die goddelose ontvang hulle vergelding op die aarde. Hulle sal "'n stoppel wees; en die dag wat kom sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare." Mal. 4: 1. Sommige word soos in 'n oomblik vernietig, terwyl ander baie dae ly. Almal word gestraf volgens hulle dade. Daar die sondes van die regverdiges op Satan oorgeplaas is, ondergaan hy nie alleen straf vir sy eie opstand nie, maar ook vir al die sondes wat hy Gods volk gelei het om te pleeg. Sy straf sal baie groter wees as wat diegene ontvang wat hy verlei het. Nadat almal vernietig is wat ten gronde gegaan het weens sy

bedrog, sal sy straf nog steeds voortduur. In die reinigende vlamme word die goddelose eindelik verdelg, wortel en tak — Satan die wortel, en sy volgelinge die takke. Die voile straf van die wet word uitgevoer; daar word voldoen aan die vereistes van geregtigheid: en die hemel en die aarde, waar hulle dit aanskou, getuig van die geregtigheid van Jehova.

Satan se werk van verwoesting is vir ewig beëindig. Mr sesduisend jaar lank het hy sy wil uitgevoer, die aarde met ellende vervul, en droefheid oor die ganse heelal veroorsaak. Die hele skepping het gesug en tesame in barensnood verkeer. Nou word Gods skepsels vir altyd verlos van sy teenwoordigheid en versoekings. "Die hele aarde rus, is stil; hulle [die regverdiges] breek uit in jubel." Jes. 14: 7. 'n Kreet van oorwinning en dank styg op van die ganse lojale heelal. "Die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae," word gehoor, wat sê, "Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar." Openb. 19: 6.

Terwyl die aarde omhul is met die vlamme van verwoesting. is die regverdiges veilig in die heilige stad. Oor diegene wat in die
[757] eerste opstanding opgestaan het, het die tweede dood geen mag nie. Terwyl God vir die goddelose soos 'n verterende vuur is, is Hy vir Sy volk beide 'n son en 'n skild. (Openb. 20: 6; Ps. 84: 11.)

"Ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan." Openb. 21: 1. Die vuur wat die goddelose verdelg, reinig die aarde. Elke spoor van die vloek word uitgewis. Daar sal nie 'n ewigbrandende hel wees om die verlostes gedurig te herinner aan die vreeslike gevolge van die sonde nie.

Daar sal net een herinnering aan die sonde wees: ons Verlosser sal altyd die tekens van Sy kruisiging dra. Op Sy hoof, aan Sy sy, en aan Sy hande en voete is die tekens van die wrede werk van die sonde. Waar die profeet Christus in Sy heerlikheid aanskou, sê hy, "'n Gians soos sonlig is dáár, ligstrale aan Sy sy; en daar is die omhulsel van Sy krag." Hab. 3: 4. Die deursteekte sy waaruit die rooi stroom gevloei het wat die mens met God versoen het — daar is die Heiland se heerlikheid, ..daar is die omhulsel van Sy krag." Magtig om te red deur die offer van verlossing, daarom was Hy sterk om diegene te oordeel wat Gods genade verag het. En die tekens van

Sy vernedering is die tekens van Sy hoogste eer; deur die ewigheid heen sal die wonde van Golgota Sy lof verkondig en Sy mag.

"En jy, Skaapstoring, Heuwel van die dogter van Sion, na jou sal dit kom, ja die vroeëre heerskappy." Miga 4: 8. Die tyd het nou gekom waarna heilige manne uitgesien het van die tyd af dat die vlammende swaard die eerste mensepaar uit Eden verban het — die tyd om "Sy eiendom te verlos." Efe. 1: 14. Die aarde wat in die begin aan die mens gegee is, wat hy in die hande van Satan oorgegee het, en wat so lank deur die magtige vyand beset is, is teruggebring deur die groot verlossingsplan. Alles wat as gevolg van die sonde verlore gegaan het, is weer herstel. "Want so sê die Here, . . . wat die aarde geformeer en dit gemaak het — Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word." Jes. 45: 18. Waar die aarde nou die ewige tuiste gemaak is van die verlostes, word Gods oorspronklike doel met die skepping daarvan vervul. "Die regverdiges sal die aarde besit en vir ewig daarop woon." Ps. 37: 29. [758]

Uit vrees dat hulle ons toekomstige erfenis te materialisties sal voorstel, is baie daartoe gebring om die waarhede in verband daarmee te vergeestelik. Christus het Sy dissipels verseker dat Hy vir hulle wonings in Sy Vader se huis gaan berei. Diegene wat die leer van Gods woord aanneem, sal nie heeltemal onkundig wees aangaande die hemelse tuiste nie. En tog word daar gesê, "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet." 1 Kor. 2: 9. Menslike taal is nie in staat om die loon van die regverdiges te beskryf nie. Alleen diegene wat dit eendag sien sal dit ken. Die beperkte menslike verstand kan nie die heerlikheid van die paradys van God besef nie.

In die Bybel word die erfdeel van die verlostes 'n vaderland genoem. (Heb. 11: 14-16.) In daardie land sal die hemelse Herder Sy kudde na fonteine van lewende waters lei. Die boom van die lewe gee elke maand sy vrugte, en die blare van die boom is vir die genesing van die nasies. Daar is strome wat nooit opdroog nie, so helder as kristal, en langs hulle groei bome wat hulle skaduwees werp op die paaie wat vir die verlostes van die Here berei is. Daar is wyduitgestrekte vlaktes begrens deur pragtige heuwels en deur die berge van God met hulle hoë spitse. Op daardie vreedsame vlaktes,

langs daardie lewende strome, vind Gods volk, wat so lank pelgrims en swerwelinge was, ‘n tuiste.

“My volk sal woon in ‘n plek van vrede en in veilige wonings en in plekke van onbesorgde rus.” “Van geweld sal in jou land nie meer gehoor word nie — van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie; maar jy sal jou mure Heil noem en jou poorte Lof.” “En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet: Hulle sal nie bou dat ‘n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat ‘n ander dit eet nie. . . . My uitverkorenes sal die werk van hulle hande self opgebruik.” Jes. 32: 18; 60: 18; 65: 21, 22.

“Die woestyn en die dor land sal [daar] bly wees; en die wildernis sal juig en bloei soos ‘n herfslelie.” “Vir ‘n doringboom sal ‘n sipres
[759] opgaan; vir ‘n distel sal ‘n mirteboom op- gaan.” “Dan wei die wolf
[760] by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie. . . . En ‘n klein
seuntjie sal hulle drywe.” “Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op My heilige berg nie,” sê die Here. Jes. 35:1; 11:6, 9; 33:24; 63:3; 65:19.

In die atmosfeer van die hemel kan daar geen pyn w’ees nie. Daar sal nie meer trane wees nie, geen begrafnisse, en geen tekens van rou nie. “Daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.” “En geen inwoner sal sê: Ek is siek nie; vir die mense wat daarin woon, is die skuld vergewe.” Openb. 21: 4, 11, 24, 3; Jes. 33: 24.

Daar is die Nuwe Jerusalem, die hoofstad van die verheerlikte nuwe aarde, “‘n sierlike kroon in die hand van die Here en ‘n koninklike tulband in die hand van jou God.” “Sy lig was soos ‘n baie kosbare steen, soos die kristalheldere jaspissteen.” “En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin.” Die Here sê, “Ek sal juig oor Jerusalem, en bly wees oor My volk.” “Die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal Sy volk wees; en God Self sal by hulle wees as hulle God.” Jes. 65: 19; Openb. 21:4, 11, 24, 3.

In die stad van God sal daar geen nag wees nie. Niemand sal behoefte hê aan slaap nie. Daar sal geen vermoeienis wees in die uitvoering van die wil van God of in die toebringing van lof aan Sy naam nie. Ons sal gedurig die frisheid van die more voel, en dit sal

steeds more bly. "En hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig." Openb. 22: 5. Die lig van die son sal vervang word deur 'n glans wat, hoewel dit nie so verblindend is nie, nogtans die heerlikheid van die middag sal oortref. Die heerlikheid van God en die Lam verlig die heilige stad met 'n lig wat nooit verflou nie. Die verlostes sal wandel in die sonlose heerlikheid van ewige daglig.

"En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige is Sy tempel, en die Lam." Die volk van God het die voorreg van openlike gemeenskap met die Vader en die Seun. "Nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel." Openb. 21: 22; 1 Kor. 13: 12. [761] Ons sien die beeld van God weerkaats soos in n spieël in die natuur en in Sy handelinge met die mense; maar op die nuwe aarde sal ons Hom van aangesig tot aangesig sien sonder 'n sluier tussenin. Ons sal in Sy teenwoordigheid staan, en die heerlikheid van Sy aanskyn sien.

Dáár sal die verlostes ken, net soos hulle geken is. Die liefde en medelyde wat God in die siel ingeskape het, sal daar ware en volle uitdrukking vind. Die reine gemeenskap met heilige wesens, die eenstemmige sosiale lewe saam met die geseënde engele en die getroues van alle eeue, wat hulle klere gewas en witgemaak het in die bloed van die Lam, die heilige bande wat die geslag "in die hemele en op die aarde" saamsnoer — al hierdie dinge sal bydra tot die geluk van die verlostes.

Dáár sal onsterflike verstande met nimmereindigende vreugde die wonders van die skepping oorpeins, en die verborgenheid van verlossende liefde. Dáár sal geen wrede, verleidende vyande wees om die mense te lei om God te vergeet nie. Alle vermoëns sal vermeerder. Die verkryging van kennis sal nie die verstand of die energie uitput nie. Dáár sal die heerlikste ondernemings voortgesit word, die hoogste ideale bereik en die hoogste ambisies vervul word. En nog sal daar nuwe hoogtes wees om te bereik, nuwe wonders om te bewonder, nuwe waarhede om te verstaan, en nuwe voorwerpe om die vermoëns van liggaam, siel en verstand besig te hou.

Al die skatte van die heelal sal oop wees vir die studie van die verlostes van God. Ongebonde deur sterflikheid, sal hulle na verafgeleë wêrelde vlieg — wêrelde wat met droefheid vervul was by die aanskouing van menslike ellende, en wat weergalm het met

liedere van blydskap waar hulle verneem het van ‘n siel wat verlos is. Met onuitspreeklike vreugde deel die kinders van die aarde in die blydskap en wysheid van wesens wat nooit geval het nie. Hulle deel in die skatte van kennis en wysheid wat verkry is deur die eeue heen in die oorpeinsing van Gods handewerk. Met ‘n onbelemmerde gesig aanskou hulle die heerlikheid van die skepping — sonne en sterre en stelsels, wat almal op hulle vasgestelde bane rondom die troon van die Godheid beweeg. Op alle dinge, van die geringste tot
[762] die grootste, staan die Skepper se naam geskrywe, en in almal word die rykdom van Sy mag tentoongestel.

En namate die eeue verloop, sal daar steeds ryker en heerliker openbarings van God en Christus wees. Net soos kennis progressief is, sal ook liefde, eerbied, en geluk vermeerder. Hoe meer mense van God leer, hoe groter sal hulle bewondering van Sy karakter wees. Waar Jesus voor hulle die rykdom van die verlossing en die verbasende prestasies in die groot stryd met Satan openbaar, sal die harte van die verlostes met groter toewyding tril, en met nog heerliker vreugde sal hulle die siters van goud bespeel; en tienduisendmaal tienduisend en duisende van duisende stemme sal verenig in die magtige koor van lof.

“En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!” Openb. 5: 13.

Die groot stryd is beëindig. Sonde en sondaars bestaan nie meer nie. Die ganse heelal is skoon. Een pols van eensgesindheid en blydskap klop deur die groot skepping. Van Hom wat almal geskape het, vloei lewe en lig en blydskap deur die onbeperkte ruimtes. Van die kleinste atoom tot die grootste wêreld, alle dinge, lewendig en lewenloos, en in hulle volmaakte skoonheid en vreugde, verklaar dat
[763] God liefde is.

# AANHANGSEL

## Algemene Opmerkings

Bladsy 57. Titels.— In ‘n paragraaf wat deel uitmaak van die Roomse kanonieke wet, verklaar Pous lnnocentius III dat die Roomse opperpriester “die onderkoning op die aarde, nie van ‘n gewone mens nie, maar van God Self” is; en in ‘n verklaring van die paragraaf word daar verduidelik dat dit so is omdat hy die onderkoning van Christus is, “waaragtig God en waaragtig mens.” (Sien Decretal. D. Gregor. Pap. IX. lib. 1. de translat. Episc. tit. 7. c. 3. Corp. Jur. Canon, ed. Parys, 1612; tom. II. Decretal, col. 205.)

Vir die titel, “Here God die Pous,” sien ‘n uitleg van die “Extravagantes” van Pous Johannes XXII, titel 14, kap. 4, ‚Declaramus” In ‘n Antwerpse uitgawe van die “Extravagantes,” gedateer 1584, staan die volgende woorde in kolom 153: ‚Dominum Deum nostrum Paparn” (“Onse Here God die Pous”). In ‘n Paryse uitgawe, gedateer 1612, kom die woorde in kolom 140 voor. In verskillende uitgawes wat sedert 1612 verskyn het, word die woord “Deum” (“God”) weggelaat.

Bladsy 58. Aanbidding van Beelde.—“Die aanbidding van beelde . . . was een van die vorms van bederf van die Christendom wat heimelik en byna ongemerk en onsigbaar die kerk binnegesluip het. Die bederf het nie, soos ander ketterye nie, plotseling ontwikkel nie; want in daardie geval sou dit besliste veroordeling en bestraffing uitgelok het; maar onder ‘n mooi dekmantel is die een gebruik na die ander so geleidelik in verband daarmee ingevoer, dat die kerk diep in werklike afgodediens gedompel was, en dit nie alleen sonder enige doeltreffende teenstand nie, maar byna sonder enige beswaar; en toe daar eindelik wel ‘n poging gemaak is om dit uit te roei, is daar gevind dat die kwaad te diep wortel geskied het om uit te roei ... die oorsprong daarvan moet gesoek word in die afgodiese neiging van die menslike hart en in sy geneigdheid om die skepsel meer te dien as die Skepper. . . .

“Eers was daar beelde en skilderye in die kerk ingevoer, nie om aanbid te word nie, maar of in die plek van boeke om diegene wat nie

kon lees nie te leer, of om die gees van toewyding by ander op te wek. Hoe ver hulle ooit aan hierdie doel beantwoord het, is twyfelagtig; maar selfs waar ons toegee dat dit vir 'n tyd die geval was, het dit spoedig opgehou om die geval te wees, en daar is bevind dat die skilderye en beelde wat in die kerk gebring is, die verstand van die onkundiges eerder benewel as verlig het —dat dit die godsdiens van die aanbidder eerder verlaag as verhoog het. Hoeseer hierdie dinge ook bedoel was om die mens se hart op God te vestig, het hulle eindelik die mens weggelei van die aanbidding van God tot die aanbidding van geskape voorwerpe."—*J. Mendham, "The Seventh General Council, the Second of Nicaea," Inleiding, bis. iii-vi.* [764]

Vir 'n verslag van die handelinge en besluite van die Tweede Konsilie van Nicea, 787 n.C. wat belê is om die aanbidding van beelde in te stel, sien BaroniuS, "Ecclesiastical Annals," Deel IX, bls. 391-407 (1612 Antwerp ed.); J. Mendham, "The Seventh General Council, the Second of Nicaea," Ed. Stillingfleet, "Defence of the Discourse Concerning the Idolatry Practised in the Church of Rome (Londen, 1686); "A Select Library of Nicene and Post-Nicene Fathers," tweede serie, Deel XIV, bls. 521-587 (N. Y., 1900); C. J. Hefele, "History of the Councils of the Church, from the Original Documents," boek 18, hoofstuk 1, afdeling 332, 333, hoofstuk 2, seksie 345-352 (T. & T. Clark ed., 1896, Deel V, bis. 260-304, 342-372).

Bladsy 59. Edik van Constantyn.— Die wet wat deur Constantyn uitgevaardig is op 7 Maart 321 n.C., aangaande 'n rusdag, lui as volg:

"Laat alle regters, en al die stadbewoners, en alle handelaars, op die eerbiedwaardige dag van die son rus. Maar laat diegene wat op die platteland woon vry hulle aandag skenk aan die bewerking van hulle landerye; want dit gebeur dikwels dat geen ander dag so geskik is vir die saai van graan, of vir die plant van wingerde nie; daarom moet die gunstige tyd nie toegelaat word om verby te gaan sodat die voorsiening van die hemel nie verlore gaan nie."—*A. H. Lewis, "History oj the Sabbath and the Sunday," bls. 123, 124 (2de hersiene ed. 1903).*

Die oorspronklike (in die "Codex of Justinian," lib. 3., tit. 12, leg 3) word aangehaal deur Dr. J. A. Hessey in sy Bampton-lesings oor Sondag, lesing 3, par. 1, en deur Dr. Philip Schaff in sy "History of the Christian Church, " Deel III, afdeling 75, par. 5, opm. 1. Sien

ook Mosheim, “Ecclesiastical History,” eeu 4, deel 2, hoofstuk 4, afd. 5; Chamber se Ensiklopedie, art. Sabbat; Encyclopedia Britannica, negende uitgawe, art. Sondag; Peter Heylyn, “History of the Sabbath,” deel 2, hoofstuk 3, (tweede hers, uitgawe, Londen, 1636, bls. 66, 67).

Bladsy 60. Profetiese Datums.— Sien aantekening vir bladsy 375.

Bladsy 62. Vervalste Geskrifte.— Onder die stukke wat vandag algemeen as vervalsings erken is, is die “Donation of Constantine,” en die “Pseudo-Isidorian Decretals,” van die grootste belang.

In sy gegewens van feite oor die vraag, “Wanneer en deur wie is die Donation oj Constantine vervals?” sê M. Gosselin, die Bestuurder van die seminarie van St. Sulpice (Parys) :

“Hoewel hierdie dokument ongetwyfeld vals is, sou dit moeilik wees om die datum van die vervalsing presies vas te stel. M. de Marca, Muratori, en ander geleerde kritici is van mening dat dit in die agtiende eeu opgestel is, voor die regering van Karel die Grote. En wat meer is, meen Muratori dat dit waarskynlik is dat dit die koning en Pepyn beïnvloed het in hulle milddadigheid teenoor die Heilige Stoel.” Gosselin, “The Power of the Pope during the Middle
[765] Ages,” Deel I, bl. 321(ver- taal deur Eerw. Matthew Kelly, St. Patrick se Kollege, Maynooth; Baltimore, J. Murphy & Co., 1853).

Oor die datura van die “Pseudo-Isidorian Decretals,” sien Mosheim, ..Ecclesiastical History,” bk. 3, eeu 9, deel II, hoofstuk 2, afd. 8. Soos Dr. Murdock, die vertaler, in ‘n aantekening aantoon, sê die geleerde Katolieke Geskiedskrywer, M. L’Abbé Fleury, in sy ..Ecclesiastical History” (diss. 4, sek. 1), oor hierdie decretals, dat “hulle in die lig gekom het teen die einde van die agtste eeu.” Fleury, wat geskryf het teen die einde van die sewentiende eeu, sê verder dat hierdie “valse decretals as eg beskou is vir ‘n tydperk van agthonderd jaar; en dit was eers na groot moeite dat hulle in die laaste eeu opgegee is. Dit is waar dat daar tans byna niemand is wat maar die geringste begrip het van hierdie sake, wat nie erken dat hierdie decretals vals is nie.”— *Fleury, “Ecclesiastical History,” bk. 44, par 54.*(G. Adam se vertaling, Londen, 1732, Deel V, bl. 196). Sien ook Gibbon. ..Decline and Fall of the Roman Empire,” hoofstuk 49, par. 16.

Bladsy 63. Diktate van Hildebrand (Gregorius VII).— Sien Baronius, ..Ecclesiastical Annals," an. 1076 (Antwerp ed., 1608, Deel XI, bl. 479). 'n Afskrif van hierdie ..Diktate," in die oorspronklike, kan gesien word in Gieseler sc ..Ecclesiastical History," tydperk 3, sek. 47, aantekening 4 (ed. 1836, vertaling deur F. Cunningham), 'n Engelse vertaling word gegee in Mosheim se ..Ecclesiastical History," bk. 3, eeu 11, Deel 2, hoofstuk 2, sek. 9, aantekening 8 (Soames se ed., vertaling deur Murdock).

Bladsy 66. Die VAEUUR.— Dr. Joseph Faa Di Bruno definieer die vaevuur as volg: "Die vaevuur is 'n toestand van lyding na hierdie lewe, waarin die siele vir 'n tydlank gehou word, wat gesterf het nadat hulle dodelike sondes vergewe is wat betref die vlek van die sonde en die ewige straf wat hulle sou moes ondergaan, maar wat weens daardie sondes nog enige straf van 'n tydelike aard moet ondergaan; en ook daardie siele wat hierdie wêrcld verlaat skuldig aan sonde wat nie dodelik is nie."— "*Catholic Belief," bl. 196 (ed. 1884; imprimateur Aartsbiskop van New York).*

Sien ook K. R. Hagenbach, ..Compendium of the History of Doctrines," Deel I, bls. 234-237, 405, 408; Deel II, bls. 135-150, 308, 309 (T. & T. Clark ed.); Chas. Elliott, ..Delineation of Roman Catholicism," bk. 2. hoofstuk 12; ..Catholic Encyclopedia," art. "Purgatory."

Bladsy 66. Aflate.— Vir 'n breedvoerige beskrywing van die leerstelling van aflate, sien die ..Catholic Encyclopedia," art. ..Indulgence" (Bygedra deur W. H. Kent, O. S. C., of Bayswater, Londen); Carl Ullmann, "Reformers Before the Reformation," deel 1, bk. 2, afdeling 1, hoofstuk 2; M. Creighton, ..History of the Papacy," Deel V, bis. 56-64, 71; L. von Ranke, ..History of the Reformation in Germany," bk. 2, hoofstuk 1, para. 131, 132, 139-142, 153-155 (2de Londen ed., 1845, vertaal deur S. Austin, Deel I, bis. 331, 335-337, 343-346); Chas. Elliott, "Delinea tion of Roman Catholicism," bk. [766] 2, hoofstuk 13; H. C. Lea, "A History of Auricular Confession and Indulgences;" G. P. Fisher, "The Reformation," hoofstuk 4, par. 7.

Oor die praktiese uitwerking van die leer van die aflate gedurende die tydperk van die Hervorming, sien 'n geskrif van die pen van Dr. H. C. Lea, getitel, "Indulgences in Spain," uitgegee in "Papers of the American Society of Church History," Deel I, bis. 129-171. Oor die waarde van hierdie historiese inligting sê Dr. Lea, in sy

eerste paragraaf: “Ongehinderd deur die stryd wat gewoed het tussen Luther en Dr. Eck en Silvester Prierias, het Spanje rustig voortgegaan op die ou afgebakende pad, en hy verskaf aan ons die onweerlegbare offisiële dokumente wat dit vir ons moontlik maak om die saak in die suiwere lig van die geskiedenis te ondersoek.”

Bladsy 66. DIE MIS.— Oor die leer van die mis sien Kardinaal Wiseman se werk, “The Real Presence of the Body and Blood of Our Lord Jesus Christ in the Blessed Eucharist”; ook “Catholic Encyclopedia, art. Eucharist (contributed by J. Pohle, S. T. D., Breslau); “Canons and Decrees of the Council of Trent,” sitting 13, hoofstuk 1-8 (Londen ed., 1851, vert, deur T. A. Buckley, bis. 70-79); K. R. Hagenbach, “Compendium of the History of Doctrines,” Deel I, bis. 214-223, 393-398, en Deel II, bis. 88-114; J. Calvin, “Institutes,” bk. 4, hoofstuk 17, 18; R. Hooker, “Ecclesiastical Polity,” bk. 5, hoofstuk 67; Chas. Elliott, “Delineation of Roman Catholicism,” bk. 2, hoofstuk 4, 5.

Bladsy 73. Waldensiese VERTALINGS van die Bybel.— Oor vroeë Waldensiese vertalings van dele van die Bybel in die volkstaal, sien Townley, «Illustrations of Biblical Literature,” Deel I, hoofstuk 10, par. 1-13; E. Petavel, “The Bible in France,” hoofstuk 2, par. 3, 4, 8-10, 13, 21 (Parys ed., 1864); G. H. Putnam, “The Censorship of the Church of Rome,” Deel II, hoofstuk 2.

Bladsy 86. Edik Teen die Waldense.—‘n Aansienlike gedeelte van die teks van die pouslike bul teen die Waldense in 1487, deur Innocentius VIII (die oorspronklike waarvan in die biblioteek van die Universiteit van Cambridge is) is gegee in die Engelse vertaling van Dowling se “History of Romanism,” bk. 6, hoofstuk 5, sek. 62. (ed. 1871).

Bladsy 95. Aflate.— Sien aantekening vir bladsy 66.

Bladsy 96.— Wycliffe.— Vir die oorspronklike teks van die pouslike bulle teen Wycliffe, met die Engelse vertaling, sien J. Foxe, “Acts and Monuments,” Deel III, bls. 4-13 (Pratt-Townsend ed., Londen, 1870); Sien ook J. Lewis se “Life of Wiclif,” bis. 49-51, 305-314 (ed. 1820); Lechler, “John Wycliffe, and His English Precursors,” hoofstuk 5, sec. 2 (bls. 162-164, Londense ed. 1844, vertaling deur Lorimer); A. Neander, “General History of the Christian Church,” tydperk 6, sek. 2, deel I, par. 8.

Bladsy 97. Onfeilbaarheid.—Oor die leerstelling van onfeilbaarheid, sien "Catholic Encyclopedia," art. "lnfallibility" (bygedra deur [767]
P. J. Turner, S. T. D.); Geo. Salmon, "The Infallibility of the Church"; Chas. Elliott, ..Delineation of Roman Catholicism," bk. 1, hoofstuk 4; Kardinaal Gibbons, "The Faith of Our Fathers," hoofstuk 7 (49ste ed. 1897).

Bladsy 115. Aflate.— Sien aantekening vir bladsy 66.

Bladsy 117. Konsllie van Konstans.— Oor die belegging van die Konsilie van Konstans deur Pous Johannes XXIII, op aandrang van Keiser Sigismund, sien Mosheim, "Ecclesiastical History," bk. 3, eeu 15, deel 2, hoofstuk 2, sek. 3; J. G. Dowling, "History of Romanism," bk. 6, hoofstuk 2, pa. 13; A. Bower, "History of the Popes," deel 7, bis. 141-143 (Londen ed., 1766); Neander, "History of the Christian Religion and Church," tydperk 6, sek. 1 (1854, 5-dele ed., vertaling deur Torrey, Deel V, bls. 94-101).

Bladsy 147. Aflate.— Sien aantekening vir bladsy 66.

Bladsy 267. Jesuïtisme.— Vir 'n verklaring aangaande die oorsprong, die beginsels, en die doeleindes van die "Society of Jesus," soos uiteengesit deur die lede van hierdie Orde, sien 'n werk getitel, "Concerning Jesuits," geredigeer deur Eerw. John Gerard, S. J., uitgegee in Londen in 1902, deur die "Catholic Truth Society." In hierdie werk word daar gesê dat die "Hoofmotief van die hele organisasie van die genootskap 'n gees van algehele gehoorsaamheid is: ,Laat elkeen,' skryf St. Ignatius, .homself oortuig dat diegene wat onder gehoorsaamheid lewe hulleself moet toelaat om beweeg en gelei te word deur goddelike Voorsienigheid deur middel van hulle superieurs, asof hulle 'n lewenlose liggaam was wat toelaat dat hy orals gedra word en op enige manier behandel word, of soos die staf van 'n bejaarde, wat gebruik word deur die hand wat hom vashou net soos hy wil.'

"Hierdie absolute oorgawe word veredel deur sy motief, en dit behoort te wees, so skryf die . . . stigter, ,stip, blymoedig, en volhardend; . . . Die gehoorsame vrome verrig blymoedig wat sy superieurs aan hom toevertrou het vir die algemene welsyn, met die versekering dat hy daardeur waarlik in ooreenstemming is met die goddelike wil.' "— *Die Comtesse R. Decourson, in "Concerning Jesuits," bl. 6.*

Sien ook L. E. Dupin, "A Compendious History of the Church," eeu 16, hoofstuk 33, (Londen ed., 1713, Deel IV, bis. 132-135); Mosheim "Ecclesiastical History," eeu 16, sek. 3, afd. 1, hoofstuk 1, par. 10 (aantekening 5 en 6 inkluis); "Enclyclopedia Britannica" (negende ed.), art. "Jesuits"; C. Paroissien, "The Principles of the Jesuits, Developed in a Collection of Extracts from Their Own Authors," (Londen, 1860—'n vroeëre uitgawe het verskyn in 1839); W. C. Cartwright, "The Jesuits, Their Constitution and Teaching," (Londen, 1876); E. L. Taunton, "The History of the Jesuits in England, 1580-1773" (Londen, 1901).

Bladsy 268. Die Inkwisisie.— Sien "Catholic Encyclopedia,"
[768] art. "Inquisition" (bygedra deur J. Blotzer, S. J., Munich); H. C. Lea, "History of the Inquisition in the Middle Ages;" Limborch, "History of the Inquisition," Deel 1, bk. 1, hoofstuk 25, 27-31 (Londen ed. 1731, vertaal deur S. Chandler, Deel 1, bis. 131-142, 144-161); L. von Ranke, "History of the Popes," bk. 2, hoofstuk 6.

Bladsy 304. Oorsake van die Franse Rewolusie.— Oor die verreikende gevolge van die verwerping van die Bybel, en die godsdiens van die Bybel, deur die Franse volk, sien H. von Sybel, "History of the French Revolution," bk. S, hoofstuk 1, par. 3-7; H. T. Buckle, "History of Civilisation in England," hoofstuk 8, 12 (N. Y. ed., 1895, Deel I, bis. 364-366, 369-371, 437, 550, 540, 541); Blackwood's Magazine, Deel XXXIV, No. 215 (Nov. 1833, bl. 739); J G. Lorimer, "An Historical Sketch of the Protestant Church in France," hoofstuk 8, par. 6, 7.

Bladsy 305. Profetiese Datums.— Sien aantekening vir bladsy 375.

Bladsy 305. Pogincs om die Bybel te Onderdruk en te Vernietig. — Verwysende na die langdurige pogings in Frankryk om die Bybel te onderdruk — vemaamlik vertalings daarvan in die volkstaal, sê Gaussen die volgende: "Die dekreet van Toulouse, 1229," waardeur die "regbank van die Inkwisisie teen alle lesers van die Bybel in die volkstaal opgerig is, . . . was 'n edik van vuur, bloedvergieting, en verwoesting. In die 3de, 4de, 5de, en 6de hoofstukke daarvan is die volkome verwoesting verordineer van die huise, die nederigste skuilplekke, en selfs die onderaardse verblyfplekke van mense wat veroordeel is weens die besit van die Skrifte; en dat hulle moes vervolg word tot in die bosse en grotte van die aarde; en dat selfs

diegene wat aan hulle herberg verleen het streng gestraf moes word." As gevolg hiervan is die Bybel "orals verbied; hy het, as 't ware, onder die grond verdwyn; hy het in die graf neergedaal." Hierdie dekrete is vir "vyfhonderd jaar lank opgevolg deur tallose strawwe, waardeur die bloed van die heiliges soos water gevloei het."-—L. Gaussen, "The Canon of the Holy Scriptures," Deel II, hoofstuk 7, sek. 5, prop. 561; en hoofstuk 13, sek. 2, prop. 641, par. 2.

Aangaande die spesiale pogings wat aangewend is om die Bybel te vernietig gedurende die Skrikbewind aan die einde van die jaar 1793, sê Dr. Lorimer: "Waar 'n Bybel ookal gevind is, kan mens sê dat dit tot die dood toe vervolg is; so erg was dit, dat verskeie agtenswaardige Bybelverklaarders die doodmaak van die twee getuies in die elfde hoofstuk van Openbaring toegepas het op die algemene onderdrukking, nee die vemietiging van die Ou en die Nuwe Testamente in Frankryk in daardie tyd." —J. G. Lorimer, "An Historical Sketch of the Protestant Church in France," hoofstuk 8, par. 4, 5.

Sien ook G. P. Fisher, "The Reformation," hoofstuk 15, par. 16; E. Petavel, "The Bible in France," hoofstuk 2, par. 3, 8-10, 13, 21 (Parys ed., 1864); G. H. Putnam, "The Censorship of the Church of Rome," Deel I, hoofstuk 4 (1906 ed., bis. 97, 99, 101, 102); Deel II, hoofstuk 2 (bis.15-19); S. Smiles, "The Huguenots: Their Settlements, Churche:. and Industries," ens., hoofstuk 1, par. [769]
32, 34; hoofstuk 2, par. 6; hoofstuk 3, par. 14; hoofstuk 18, par. 5 (met aantekening); S. Smiles, "The Huguenots in France After the Revocation," hoofstuk 2, par. 8; hoofstuk 10, par. 30; hoofstuk 12, par. 2-4; J. A. Wylie, "History of Protestantism," bk. 22, hoofstuk 6, par. 3.

Bladsy 316. Die Skrikbewind.— Oor die verantwoordelikheid van misleide leiers, in beide die kerk en die staat, veral in die kerk, vir die tonele van die Franse Rewolusie, sien W. M. Sloane, "The French Revolution and Religious Reform," voonvoord, en hoofstuk 2, par. 1, 2, 10-14 (1901 ed., bis. vii-ix, 19, 20, 26-31, 40); P. Schaff, in "Papers of the American Society of Church History," Deel I, bls. 38, 44; S. Smiles, "The Huguenots After the Revocation," hoofstuk 18, par. 4, 6, 9, 10, 12-16, 27; J. G. Lorimer, "An Historical Sketch of the Protestant Church of France," hoofstuk 8, par. 6, 7; A. Galton, "Church and State in France, 1300-1907," hoofstuk 3, sek. 2 (Londen

ed., 1907); Sir J. Stephen, ..Lectures on the History of France," lesing 16, par. 60.

Bladsy 320. Die Volk en die Bevoorregte Klasse.— Aangaande die sosiale toestande wat in Frankryk geheers het voor die Rewolusie, sien H. von Holst, "Lowell Lectures on the French Revolution," lesing 1; en ook Taine, .Ancient Regime," en A. Young, "Travels in France."

Bladsy 324. Wedervergeldinc.— Oor verdere besonderhede aangaande die wedervergeldende aard van die Franse Rewolusie, sien Thos. H. Gill, "The Papal Drama," bk. 10; E. de Pressensé, "The Church and the French Revolution," bk. 3, hoofstuk 1.

Bladsy 326. Die Gruwels van die Skrikbewind.— Sien M. A. Thiers, "History of the French Revolution," Deel III, bis. 42-44, 62-74, 106 (N. Y. ed., 1890, vertaal deur F. Shoberl); F. A. Mignet, "History of the French Revolution," hoofstuk 9, par. 1 (Bohn se ed., 1894); A. Alison, ..History of Europe," 1789-1815, Deel I, hoofstuk 14, (N. Y. ed., 1872, Deel I, bls. 293-312.)

Bladsy 329. Die Verspreidinc van die Skrifte.— Volgens Mr. William Canton, van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, in 1804, is al die Bybels in die wêreld, in manuskrip of in druk, al die vertalings in alle lande bygereken, vasgestel op nie veel meer as vier miljoen nie. . . . Die verskillende tale waarin die vier miljoen geskryf is, met sulke tale bygereken soos die ou spreektaal bekend as die Moeso-Gothiese van Ulfilas en die Angel-Saksies van Bede, word vasgestel op sowat vyftig."— "*What is the Bible Societyt" bl. 23 (hers, ed., 1904.)*

'n Honderd jaar later, aan die einde van die eerste eeu van sy bestaan, was die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in staat om te rapporteer dat daar deur die genootskap altesame 186,680,101 Bybels, Testamente, of gedeeltes daarvan versprei is—'n totaal wat in 1910 gestyg het tot 220,000,000 eksemplare in byna vier honderd
[770] verskillende tale.

By hierdie totaal moet die miljoene eksemplare van die Skrifte, of gedeeltes daarvan, in baie tale, toegevoeg word, wat deur die ander Bybelgenootskappe en deur verskillende handelsagentskappe versprei is. Die Amerikaanse Bybelgenootskap — die grootste van die vertakkings van die oorspronklike Britse genootskap — het gedurende die eerste vier-en-negentig jaar van sy bestaan 'n totale

verspreiding van 87,296,182 eksemplare gerapporteer. (Sien "Bible Society Records," Junie 1910.) Volgens matige berekening word daar jaarliks ongeveer ses miljoen eksemplare van die Bybel gedruk deur handelshuise, wat, as dit bygetel word by die van die Bybelgenootskappe, op 'n jaarlikse verspreiding van meer as vyftien miljoen te staan sou kom.

Die Skrifte in sy geheel, of in gedeeltes, word in meer as vyfhonderd verskillende tale gedruk. (Hierdie berekening is gemaak toe hierdie boek geskryf is. Vandag word die Bybel in byna agthonderd tale gedruk.)

Bladsy 329. Die Buitelandse Sending.— Dr. G. P. Fisher, beskryf in 'n hoofstuk oor "Die Christelike Sending" in sy "History of the Christian Church," die begin van die sendingbeweging, wat "teen die einde van die agtiende eeu tot 'n skitterende tydperk van sendingbedrywigheid gelei het, 'n tydperk wat in die geskiedenis van die sending alleen oortref is deur die eerste eeue van die Christelike bedeling." In 1792 "Is die Baptiste Genootskap gestig, met Carey as sy eerste sendeling. Carey het na Indie vertrek waar hy met behulp van ander lede van dieselfde genootskap die sending van Serampore gestig het." In die jaar 1795 is die Londense Sendinggenootskap gestig; in die jaar 1799 is daar 'n genoot skap gestig wat in 1812 bekend geword het as die "Church Missionary Society." Kort daarna is die Wesleyaanse Sendinggenootskap gestig.

"Terwyl die werksaamheid op sendinggebied in Groot-Brittanje toegeneem het, was die Christene van Amerika met 'n gelyksoortige ywer besiel." In 1812 is die ..American Board of Commissioners" vir die Buitelandse Sending gestig; in 1814 is die "American Baptist Missionary Union" gestig. Adoniram Judson, een van die eerste sendelinge van Amerika het in die jaar 1812 na Calcutta vertrek, en hy het op 20 Julie 1813 in Birma aangekom. In die jaar 1837 is die Presbyteriaanse Bestuur gevorm. (Sien Fisher, "History of the Christian Church," tydperk 9, hoofstuk 7, par. 3-25).

In 'n artikel gepubliseer in die Missionary Review of the World, van Januarie 1910, sê Dr. A. T. Pierson: "'n Half eeu gelede het China, Mantsjoerye, Japan, Korea, Turkye, Arabië, en selfs ook die ontsaglike vasteland van Afrika nog geslaap — kluisenaars-volke — toegesluit in die sel van lang afsondering en isolasie. Sentraal-Asië en ook Sentraal-Afrika was so-te-sê nog onbekend vir ontdekkings-

reisigers. In baie lande was Satan se lang besetting onbestry en sy ryk het ongehinderd voortgeduur. Die pouslike lande was net so onverdraagsaam as die heidense; in Italië, en Spanje is mense in die tronk gestop omdat hulle 'n Bybel verkoop of die evangelie verkon-
[771] dig het. Frankryk was so-te-sê heidens, en Duitsland was deurtrokke van rasionalisme; in 'n groot gedeelte van die sendingveld was die deure gesluit deur 'n min of meer algehele uitsluiting en 'n kastestelsel. Nou is die verandering aan alle kante so merkwaardig en verreikend dat die wêreld, vir iemand wat skielik uit die helfte van die laaste eeu mag kom, onherkenbaar sal wees. Hy wat die sleutels van die dubbeldeurpoorte het, het hulle ontsluit, en alle lande vir die Boodskapper van die kruis oopgestel. Selfs in die "Ewige Stad" waar 'n reisiger, 'n half eeu gelede, sy Bybel buitekant die mure moes laat, is daar vandag talle Protestantse kapelle en 'n vrye verspreiding van die Skrifte."

Bladsy 373. Profetiese Datums.— Sien aantekening vir bladsy 375.

Bladsy 375. Profetiese Datums.— Die historiese en kronologiese feite in verband met die profetiese tydperke van Daniel 8 en 9, wat op onmiskenbare wyse verwys na die jaar 457 v.C. as die regte datum wat as aanvangspunt moet dien vir die berekening van hierdie tydperke, is duidelik beskryf deur baie ondersoekers van die profesie. Sien Stanley Leathes, "Old Testament Prophecy," lesings 10, 11 (Warburton Lesings vir 1876-1880); W. Goode, "Fulfilled Prophecy," preek 10, insluitende aantekening A (Waburton Lesings vir 1854-1858); A. Thom, "Chronology of Prophecy," bis. 26-106 (Londen ed., 1848); Sir Isaac Newton, "Observations upon the Prophecies of Daniel, and the Apocalypse of St. John," hoofstuk 10 (Londen ed., 1733, bis. 128-143); Uriah Smith, ..Thoughts on Daniel and the Revelation," Deel I, hoofstuk 8, 9. Oor die datum van die kiesing sien Wm. Hales, ..Analysis of Chronology," Deel I, bls. 94-101; Deel III, bls. 164-258 (2de Londen ed., 1830).

Bladsy 385.— Die Ondercang van die Ottomaanse Ryk.— Om verdere besonderhede aangaande die voorspelde ondergang van die Ottomaanse Ryk gedurende Augustus 1840, sien J. Litch, "The Probability of the Second Coming of Christ About A.D. 1843" (uitgegee in Junie 1838); J. Litch, "An Address to the Clergy," (uitgegee in die herfs van 1840; 'n tweede uitgawe, met historiese gegewens ter

stawing van die juistheid van vorige berekenings van die profetiese tydperk tot by die ondergang van die Ottomaanse Ryk, het verskyn in 1841); die Advent Shield and Review, Deel I (1844), No. 1, art. 2, bls. 56, 57, 59-61; J. N. Loughborough, “The Great Advent Movement,” bls. 129-132 (1905 ed.); J. Litch, artikel in die Signs of the Times, and Expositor of Prophecy, 1 Augustus 1840. Sien ook artikel in Signs of the Times, and Expositor of Prophecy, 1 Feb. 1841.

Bladsy 390. Onthoudinc van die Bybel aan die Volk.— Oor die houding van die Rooms-Katolieke Kerk teenoor die verspreiding van die Heilige Skrifte in die volkstaal onder die volk, sien ..Catholic Encyclopedia,” art. ..Bible”; ook J. P. Fisher, “The Reformation,” hoofstuk 15, par 16 (ed. 1873, bis. 530-532); J. Cardinal Gibbons, “The Faith of Our Fathers,” hoofstuk 8 (49ste ed., 1897, bis. 98-117); J. Dowling, ..History of Romanism,” bk. 7, hoofstuk 2, sek. 14, en ook bk. 9, hoofstuk 3, sek. 24-27 (1871 ed. bls. 491-496, 621-625); L. F. Bungener, ..History of the Council of Trent,” bls. 101-110 (2de Edinburgse uitgawe 1853), vertaling deur D. D. Scott; J. H. Putnam, [772]
“Books and Their Makers During the Middle Ages,” Deel I, afd. 2, hoofstuk 2, par. 49, 54-56.

Bladsy 426. He.melvaartsklere.— Die storie dat Adventiste klere gemaak het om op te vaar om die Here in die lug te ontmoet, is ‘n verdigsel van diegene wat smaad oor die saak wou bring. Dit is so ywerig versprei dat baie dit geglo het; maar noukeurige ondersoek het bewys dat dit vals is. Vir baie jare is daar beloning uitgeloof aan enigeen wat bewys kon lewer van ‘n enkele geval, maar nooit is daar bewys aangevoer nie. Niemand wat die verskyning van die Heiland liefgehad het, was so onkundig aangaande die leer van die Skrifte as om te verwag dat klere wat hulle kon maak nodig sou wees vir die koms van die Here nie. Die enigste kleed wat die heiliges sal nodig he om hulle Heiland te ontmoet, is die geregtigheid van Christus. Sien Openb. 19:8.

Bladsy 427.—Die Tydrekeninc van Profesie.— Dr. Geo. Bush, professor van Hebreeuse en Oosterse Literatuur by die Universiteit van New York, het in ‘n brief aan Mnr. Miller, wat gepubliseer is in die*Advent Review and Signs of the Times Reporter*, Boston, 6 en 13 Maart 1844, belangrike punte erken in verband met sy berekening van die profetiese tye. Mnr. Bush het geskryf:

"Ook kan daar nie, volgens my mening, enigiets teen u en u vriende ingebring word omdat u veel tyd en aandag bestee het aan die ondersoek van die tydrekening van die profesie, en veel moeite gedoen het om die aanvangsen sluitingsdatums van die groot tydperke vas te stel nie. As hierdie tydperke werklik deur die Heilige Gees in die profetiese boeke aangegee word, was dit ongetwyfeld met die bedoeling dat hulle ondersoek moes word, en waarskynlik aan die einde volkome verstaan sal word; en niemand wat eerbiedig trag om dit te doen, kan van aanmatigende dwaasheid beskuldig word nie. . . . Deur 'n dag te neem as die profetiese simbool vir 'n jaar, glo ek dat u gesteun word deur die gesondste eksegese, sowel as die groot name van Mede, Sir Sir Isaac Newton, Kirby, Scott, Keith, en baie ander wat lank reeds daartoe gekom het om u gevolgtrekkings op hierdie punt te bevestig. Hulle almal stem ooreen dat die vernaamste tydperke waarvan Daniel en Johannes melding maak, werklik ongeveer in*hierdie eeu van die wêreld*tot 'n einde sou loop, en dit sou vreemde logika wees wat u van kettery wil beskuldig omdat u inderdaad dieselfde insigte het as wat so 'n opvallende plek ingeneem het in die opmerkings van hierdie groot godgeleerdes." "Wat u op hierdie gebied van ondersoek sê dat u ontdek het, skyn vir my nie so buitengewoon as om invloed uit te oefen op enige van die groot punte van belang wat waarheid en plig betref nie." "U dwaling vrees ek, lê in 'n ander rigting as dié van u tydrekening." "U het uself heeltemal vergis aangaande*die aard van die gebeurtenisse,*wat sou plaasvind wanneer hierdie tydperke vervul sal word. Dit is die begin en die einde van u verkeerde uitleg."

Bladsy 456. Profetiese Datums.—Sien aantekening vir bladsy
[773] 375. Bladsy 498.—'n Drievoudige Boodskap.— Openbing 14: 6, 7 voorspel die verkondiging van die eerste engel se boodskap. Dan gaan die profeet voort: "En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon die groot stad, . . . En 'n derde engel het gevolg." Die woord wat hier "gevolg" vertaal is beteken, soos in die sinsbou van hierdie teks, "mee te gaan, te vergesel." Liddell en Scott verklaar die woord as volg: " *om een te volg, agter hom aan te gaan, oj saam met hom te gaan*." Robinson sê: " *Om te volg, saam te gaan, of iemand te vergesel*." Dit is dieselfde woord wat in Markus 5:24 gebruik word: "Hy het saam met hom gegaan. En 'n groot menigte het Hom gevolg en Hom verdring." Dit word ook gebruik in verband

met die verloste honderd vier en veertig duisend waar daar gesê word, "Dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan." Openb. 14:4. In hierdie skriftuurplase is dit duidelik dat hulle saamgegaan, Hom vergesel het. So is dit ook in 1 Kor. 10:4, waar ons van die kinders van Israel lees dat hulle "almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het;" die woord "gevolg" is vertaal van dieselfde Griekse woord, en in die kanttekening staan daar "saam met hulle gegaan." Hieruit leer ons dat die idee in Openbaring 14:8, 9 nie is dit die tweede en die derde engel die eerste een gevolg het wat tyd betref het nie, maar dat hulle saam met hom gegaan het. Die drie boodskappe is dus maar een drievoudige boodskap. Hulle is drie net wat die orde van hulle opkoms betref maar nadat hulle opgekom het vlieg hulle saam, en hulle is onafskeidelik.

Bladsy S09. Die Oppermag van die Biskoppe van Rome.— Sommige van die vemaamste omstandighede in verband met die aanmatiging van oppergesag deur die biskoppe van Rome, word beskryf in Mosheim se "Ecclesiastical History," eeu 2, afd. 2, hoofstuk 4, sek. 9-11. Sien ook G. P. Fisher, ..History of the Christian Church," tydperk 2, hoofstuk 2, par. 11-17 (1890 ed., bls. 56-58); Gieseler, "Ecclesiastical History," tydperk 1, verdel. 3, hoofstuk 4, sek. 66, par. 3, insluitende aantekening 8 (N. Y. ed., 1836, vertaal deur F. Cunningham); J. N. Andrews, "History of the Sabbath," bis. 276-279 (3de ed., hers.).

Bladsy 648. Die Edik van Constantyn.— Sien aantekening vir bladsy 59.

Bladsy 652. Die Abessynse Kerk.—Oor die viering van die Bybelse Sabbat in Abessinië, sien Dean A. P. Stanley, "Lectures on the History of the Eastern Church," lesing 1, par. 15 (N. Y. ed., 1862, bis. 96, 97); Michael Geddes, "Church History of Ethiopia," bis. 87, 88, 311, 312; Gibbon, ..Decline and Fall of the Roman Empire," hoofstuk 47, par. 37-39; Samuel Gobat, .Journal of Three Years' Residence in Abyssinia," bis. 5558, 83, 93, 97, 98 (N. Y. ed., 1850); A. H. Lewis, "A Critical History of the Sabbath and the Sunday in the Christian Church," bis. 208-215 (2de ed., hers.).

Bladsy 655. Diktate van Hildebrand.— Sien aantekening vir bladsy 63.